Die bydrae van nie-artistieke praktyke tot die literêre sukses van eksemplariese Afrikaanse tekste. ’n Ondersoek na beeldvorming

JOANITA ERASMUS-ALT

1988135909

B.Mus.(Ed.), B.Mus.(Hons.), M.Mus., M.A., Ph.D.

Proefskrif voorgelê vir die graad

PHILOSOPHIAE DOCTOR

in die Fakulteit Geesteswetenskappe

Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans

aan die Universiteit van die Vrystaat

Promotor: Prof. H.P. van Coller

Bloemfontein

2019

Ek, Joanita Erasmus-Alt, verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die graad *Philosophiae Doctor* aan die Universiteit van die Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir ’n graad aan ’n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van die outeursreg op die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Vrystaat.

J. Erasmus-Alt **Datum**

Veronderstel jy is alleen in ’n groot saal. Jy lig jou hande vir jou beminde. Jy is geklee in ’n uniform. Jy is bevrees, maar jy het die geloof. Jy dobbel met jou geloof. In jou uniform van die engele gaan jy na vore, jy lig jou hande, en met volkome vertroue wag jy op die beeld van waarheid in gelid van die liefde (Leroux, 1974:155–156).

DANKBETUIGINGS

By die voltooiing van hierdie proefskrif is dit die behoefte van my hart om persone en instansies wat my op een of ander wyse behulpsaam was, opreg te bedank:

My promotor, prof. H.P. van Coller, wat my vir ’n tweede keer op hierdie reis vergesel het. Die wetenskaplike benadering en hoë intellektuele en akademiese standaarde wat van hom uitgegaan het, was vir my ’n onontbeerlike bron van inspirasie en onderskraging.

Proff. Ronel Foster, Thys Human en Ena Jansen, wat as eksterne eksaminatore opgetree het. Hul aanbevelings voeg waarde by tot hierdie finale weergawe van die proefskrif.

My jarelange vriendin, prof. Engela Pretorius, vir haar ondersteuning, haar waardevolle raad, die rolmodel wat sy vir my is en ook vir die taalkundige en tegniese versorging van die teks.

Mev. Hesma van Tonder, vir haar hulp met die opspoor van bronne.

Die personeel by die Nasionale Afrikaanse Letterkundige Museum in Bloemfontein wat my altyd so vriendelik ontvang het en vir die kopiëring van dokumente.

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, vir finansiële ondersteuning.

Dr. Linda Brink en mev. Nellie Engelbrecht van Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, asook prof. Henning Pieterse vir waardevolle inligting rakende prystoekennings.

Hilary Matthee, Marita van der Vyver, Francois Smith en Bibi Slippers wat almal dadelik op navrae reageer het en wat, waar dit nodig was, bykomende inligting verskaf het.

My eggenoot, Heinrich, vir sy liefde, ondersteuning en geduld – veral gedurende die afgelope jare waartydens ek deurentyd met studies besig was.

My moeder, Lozya, vir haar onderskraging waarop ek te alle tye kon staatmaak en vir haar begrip dat vakansies en kuiertye meermale plek moes maak vir studies.

My buurvrou en vriendin, Belinda Grobbelaar, vir al die kere wat ek kon omhardloop vir tee en ’n kort geselsie.

My kollegas, koorlede en musiekleerlinge by Hoërskool Fichardtpark, vir al hul ondersteuning.

My vriendin Salomé Janse van Rensburg, wat ’n ware reisgenoot is.

Met hierdie studie eer ek die nagedagtenis van my vader, Johan, wat in sy lewe ’n groot bron van inspirasie vir my was. Ek dink met dankbaarheid daaraan terug dat hy nooit enige moeite of koste ontsien het om my te onderskraag in die verwesenliking van my drome nie.

Al die dank aan my Hemelse Vader.

INHOUDSOPGAWE

LYS VAN TABELLE xiii

LYS VAN SKEMATIESE VOORSTELLINGS xiv

OPSOMMING xv

SUMMARY xvii

SLEUTELWOORDE xviii

KEYWORDS xviii

HOOFSTUK 1 – INLEIDING

1.1 Agtergrond 1

1.2 Navorsingsprobleem en -doelwitte 3

1.3 Navorsingsfokus 4

1.4 Voorafstudie 4

1.5 Navorsingsmetodologie en -ontwerp 5

1.6 Navorsingsvrae 9

1.7 Hoofstukindeling 10

HOOFSTUK 2 – DIE SKRYWER IN DIE LITERATUURWETENSKAP

2.1 Die vroegste vorme van literatuurwetenskap tot en met die oorgang na die literatuurwetenskaplike beskouings van die negentiende eeu 13

2.2 Wetenskaplike kritiekbeoefening in die negentiende eeu 16

2.2.1 Die positivisme 16

2.2.2 Die '*geistesgeschichtliche'* metode 19

2.3 Literatuurwetenskaplike benaderings in die twintigste eeu 20

2.3.1 Russiese formalisme 20

2.3.2 Strukturalisme 22

2.3.3 Die New Criticism 24

2.3.4 Resepsiestudie 26

2.3.5 Dekonstruksie en intertekstualiteit 28

2.3.6 Die Nuwe Historisme 30

2.4 Samevatting 34

HOOFSTUK 3 – VELD- OF SISTEEMTEORIEË

3.1 Die formalistiese en strukturalistiese tradisie: Itamar Even-Zohar 36

3.1.1 Vervaardiger(s) 38
3.1.2 Verbruikers 38
3.1.3 Die instelling 38
3.1.4 Die mark 39
3.1.5 Repertorium 39
3.1.6 Produk 39
3.2 Die konstruktivistiese variant: Siegfried J. Schmidt en Niklas Luhmann 41
3.2.1 Literêre akteurs 43
3.2.2 Kommunikasie 43
3.2.3 Sosiale strukture en instellings 43
3.2.4 Media-aanbiedings 44
3.2.5 Die simboliese ordening van kulturele kennis 45
3.3 Die sosiologiese benadering: Pierre Bourdieu 45
3.3.1 Vorme van kapitaal 46
3.3.1.1 Simboliese kapitaal 46
3.3.1.2 Kulturele kapitaal 47
3.3.1.3 Sosiale kapitaal 48
3.3.1.4 Ekonomiese kapitaal 48
3.3.2 Genres 49
3.3.3 Produksiesiklusse 50
3.3.4 Habitus 51
3.3.5 Strategie 52
3.3.6 Trajek 54
3.4 Nederlandse veldteoretici: Kees van Rees en Gilles Dorleijn 55
3.4.1 Die rekonstruktiewe benadering 56
3.4.2 Die institusionele benadering 59
3.5 Nathalie Heinich se kunssosiologie: ’n sosiologie van die uitsonderlike 62
3.6 Jérôme Meizoz se begrip *postuur* 67
3.7 ’n Evaluering van en vergelyking tussen die verskillende veld- of sisteemteorieë. 69
3.8 Samevatting 74

HOOFSTUK 4 – BEELDVORMING

4.1 Die produksie van ’n geloofwaardige beeld: etos en postuur 75
4.2 ’n Meervoudige waarnemingsveld 79
4.2.1 Niediskursiewe etos 80
4.2.1.1 Die skrywer as handelsmerk 80

4.2.1.2 Die literêre glanspersoon 81
4.2.2 Diskoers 83
4.2.3 Selfvoorstelling 83
4.2.3.1 Rekonstruksie van etos op grond van die teks 83
4.2.3.2 Versluierde outobiografie 86
4.2.3.3 Sosiale kommentaar 87
4.2.4 Heterovoorstelling 88
4.2.4.1 Rolspelers 88
4.2.4.2 Die kritikus se kanoniseringstaak en -vermoëns 102
4.2.4.3 Argumente by die skryf van literêre kritiek 104
4.2.4.4 Literêre pryse 107
4.2.4.5 Literatuurgeskiedenisse 117
4.2.4.6 Bloemlesings 125
4.2.4.7 Vertalings en ander vorme van herskrywing 126
4.2.5 Die wisselwerking tussen self- en heterovoorstelling 130
4.3 Posisionering binne die literêre veld 130
4.4 Samevatting 133

HOOFSTUK 5 – DALENE MATTHEE: *KRINGE IN 'N BOS* (1984)

5.1 Inleiding 134
5.2 Die institusionele inkadering van literatuuropvattings 136
5.2.1 Die ideologie van die tagtigerjare en die wisselwerking tussen literatuur en sosiale werklikheid 136
5.2.1.1 Verhouding met die leser 140
5.2.1.2 Betrokkenheid en die skrywer se waarheidsbeskouing 140
5.2.2 Die opkoms van middelmootliteratuur 142
5.3 Rolspelers en kanoniseringsinstrumente binne die instelling 143
5.3.1 Die skrywer: Dalene Matthee 144
5.3.1.1 Biografiese besonderhede 144
5.3.1.2 Matthee se toetrede tot die Afrikaanse literêre sisteem 145
5.3.1.3 Self- en heterovoorstelling op grond van lewenstyl, gewoontehandelinge en sosiale kommentaar 145
5.3.1.4 Rekonstruksie van etos op grond van die teks 151
5.3.2 Die uitgewery: Tafelberg 153
5.3.2.1 Titelseleksie en die kulturele bruidskat van die uitgewery 153
5.3.2.2 Teksversorging 154

5.3.2.3 Die optimale ontginning van Matthee se oeuvre 155
5.3.2.4 Beïnvloeding van die resepsie 155
5.3.3 Resensies 161
5.3.4 Artikels in vakwetenskaplike tydskrifte 169
5.3.5 Literatuurgeskiedenisse 176
5.3.6 Literêre pryse 178
5.3.7 Vertalings 180
5.3.8 Films en toneelstukke 182
5.3.9 Opvoedkundige instellings 184
5.3.10 Intertekstualiteit 184
5.4 Samevatting 186

HOOFSTUK 6 – MARITA VAN DER VYVER: *GRIET SKRYF 'N SPROKIE* (1992)

6.1 Inleiding 189
6.2 Biografiese skets 192
6.3 Marita van der Vyver se *fin de siècle* 195
6.3.1 Die vroeë negentigerjare: die politiek-ideologiese situasie in Suid-Afrika en die konstruksie van die self 196
6.3.2 'n Nuwe era in die beskrywing van erotiek 200
6.3.3 Markfaktore en die simboliese uitruiling en sirkulering van verskillende vorme van kapitaal 202
6.3.3.1 Die uitruiling van sosiale kapitaal 202
6.3.3.2 Die uitruiling van kulturele kapitaal 205
6.3.3.3 Die uitruiling van ekonomiese en simboliese kapitaal 206
6.4 Die sprokie as beeldingsmiddel: identiteit en ideologie 208
6.5 Mimesis van die sprokiesverhaalmotief 209
6.5.1 Persona 211
6.5.2 Die literêre werk 214
6.5.2.1 Fiksionalisasie van die skrywer 214
6.5.2.2 Die tema van bevryding 216
6.6. Intertekstualiteit 222
6.7 Samevatting 225

HOOFSTUK 7 – FRANCOIS SMITH: *KAMPHOER* (2014)

7.1 Inleiding 229
7.2 Habitus 229
7.2.1 Vroeë kinderjare en inprenting 229

7.2.2 Naskoolse studies: die uitbreiding van kognitewe vaardighede 230
7.2.3 Vakmanskap 233
7.2.4 Hexis-habitus 233
7.3 Strategie 234
7.3.1 Met 'n ompad na die uiteindelike doel – 'die skryfbesigheid' 235
7.3.2 Verhouding tot ander agente 235
7.3.3 Bemarkingstrategie 237
7.3.3.1 Die voorsiening in 'n bepaalde behoefte 238
7.3.3.2 Paratekstuele gegewens 245
7.3.3.3 Die optimale ontginning van 'n skrywersoeuvre 247
7.4 Trajek 247
7.4.1 Literêre verwerking 247
7.4.1.1 Teksredakteur 247
7.4.1.2 Vertaler 248
7.4.2 Literêre produksie 249
7.4.2.1 (Literêre) navorsingsuitsette 249
7.4.2.2 Kreatiewe uitsette 250
7.4.3 Literêre verspreiding 250
7.4.4 Resepsie 251
7.5 Hekwagters 253
7.5.1 Die uitgewery: bemarkingstrategieë 253
7.5.5.1 Resensies, artikels en (gepubliseerde) onderhoude 253
7.5.5.2 Televisieoptredes en YouTube-videos 256
7.5.2 Die redakteur: Linda Rode 257
7.5.3 Resensente en/of literêre akademici 257
7.5.3.1 Bydraes in koerante, vaktydskrifte en op ander platvorms 257
7.5.3.2 Bydrae by 'n simposium 262
7.5.4 Vertalers 264
7.5.5 Filmvervaardigers 264
7.5.6 Akteurs en regisseurs 264
7.5.7 Verwysings na ander dominante agente in die plaaslike en internasionale literêre veld 265
7.6 Literêre pryse en benoemings as 'n vorm van simboliese kapitaal en (in sommige gevalle) ekonomiese kapitaal 266
7.7 Samevatting 267

HOOFSTUK 8 – BIBI SLIPPERS: *FOTOSTAATMASJIEN* (2016)

8.1 Inleiding 272
8.2 Literêre akteurs 273
8.2.1 Skrywer 273
8.2.2 Elite 279
8.2.2.1 Studieleiers 279
8.2.2.2 *Resensente en/of literêre akademici 280*
8.2.2.3 Prystoekenningsinstansies, beoordelaars en borge 280
8.2.3 Literêre akteurs se sosiale handelinge 282
8.3 Mediasisteme en -aanbiedings 285
8.4 Kommunikasie 287
8.5 Mediakultuur 287
8.5.1 Skrywer 288
8.5.1.1 Bibi Slippers as skrywershandelsnaam 288
8.5.1.2 Bibi Slippers as literêre glanspersoon 293
8.5.2 Ontvanger 299
8.5.3 Verspreiding 299
8.5.4 Kreatiwiteit 301
8.6 Die simboliese ordening van kulturele kennis 302
8.6.1 Simboliese ordening op grond van die skrywer se poëtika 302
8.6.2 Simboliese ordening deur die elite 303
8.7 Samevatting 308

HOOFSTUK 9 – VERGELYKING EN SAMEVATTING

9.1 Habitus 311
9.2 Bemarking 312
9.2.1 Rolspelers, instellings en mediaprodukte betrokke by die voorstelling en resepsie 312
9.2.2 Faktore betrokke by die verkoop en aankoop van literêre produkte 313
9.2.3 Bemarkingstrategie ten opsigte van die materiële aanbieding van die boek 313
9.2.4 Die verband tussen rolspelers 314
9.3 Resepsie 314
9.3.1 Rolspelers betrokke by die voorstelling en resepsie 314
9.3.2 Literatuuropvattings wat in die resepsie gebruik is 315
9.3.3 Die houding van die skrywer ten opsigte van die leser 316

9.3.4 Verband tussen skrywer en rolspelers betrokke by die voorstelling en resepsie 317
9.4 Selfvoorstelling 317
9.5 Kanonaansluiting: aansluiting by literêre tradisies 319
9.6 Die bestendiging en behoud van ’n posisie binne die veld 320
9.7 Gedeelde kenmerke 322

BRONNELYS 325

LYS VAN TABELLE

Tabel 1.1: Hoofkenmerke van triangulasie, 'n navorsingsontwerp met gemengde metodes en 'n hibriede benadering 7

Tabel 4.1: 'n Opsomming van Franssen (2010:92–94, 97) se uitwysing van die verskille tussen die literêre skrywer en die literêre glanspersoon 82

Tabel 5.1: *Kringe in 'n Bos*: wisselwerking tussen Tafelberg en ander rolspelers 157

Tabel 5.2: *Kringe in 'n Bos:* opsomming van argumente, waardeoordele en literêre posisionering 175

Tabel 5.3: Dalene Matthee en *Kringe in 'n Bos:* pryse en toekennings 179

Tabel 5.4: *Circles in a Forest*: opsomming van argumente, waardeoordele en literêre posisionering 181

Tabel 5.5: Dalene Matthee en *Kringe in 'n Bos*: intertekstualiteitsverhoudings 185

Tabel 6.1: *Griet skryf 'n sprokie:* resensies en artikels in die jaar van publikasie (1992) 203

Tabel 6.2: Marita van der Vyver (*Griet skryf 'n sprokie*): uitruiling van kulturele kapitaal 205

Tabel 6.3: Marita van der Vyver (*Griet skryf 'n sprokie*): uitruiling van ekonomiese en simboliese kapitaal 206

Tabel 6.4: *Griet skryf 'n sprokie*: intertekstualiteitsverhoudings 223

Tabel 7.1: *Kamphoer:* resensies, artikels en onderhoude in die jaar van en ná publikasie (2014–2015) 253

Tabel 7.2: Digitale media: boekaankondigings en onderhoude met Smith in die jaar van publikasie (2014) 256

Tabel 7.3: *Kamphoer*: opsomming van argumente, waardeoordele en literêre posisionering (2014–2016) 263

Tabel 7.4: *Kamphoer*: intertekstualiteitsverhoudings 265

Tabel 8.1: *Fotostaatmasjien*: resensies, artikels en onderhoude met die skrywer in die jaar van en ná publikasie (2016–2017) 285

Tabel 8.2: *Fotostaatmasjien*: opsomming van argumente en waardeoordele 306

LYS VAN SKEMATIESE VOORSTELLINGS

Figuur 3.1: Faktore betrokke is by die literêre (poli-)sisteem 37

Figuur 3.2: Jakobson (1987:66, 71) se kommunikasiemodel 57

Figuur 5.1: *Kringe in 'n Bos*: wisselwerking tussen Tafelberg en ander rolspelers binne die Naspers-groep 160

Figuur 6.1: Marita van der Vyver: habitus 194

Figuur 6.2: Marita van der Vyver en Naspers: sosiale netwerke 207

Figuur 7.1: Francois Smith: habitus 252

Figuur 7.2: Francois Smith: vorme van kapitaal 269

Figuur 8.1: Sosiale handelinge tussen Slippers en (literêre) akteurs betrokke by die waardetoekenning aan die boek 284

OPSOMMING

Kuns, as een van die simboliese aspekte van menslike bestaan, is onlosmaaklik verbonde aan die materiële aspekte van hierdie bestaan. Daarom gedy kuns lank nie meer in isolasie nie, maar vorm dit deel van ’n groter sisteem waarin ook ekonomiese beginsels ’n belangrike rol speel. Die literêre veld is dus gestruktureer rondom twee opponerende pole: die ekonomiese pool, waarin dit gaan oor die verkryging van ekonomiese kapitaal en waarin veral die media ’n belangrike rol speel, en die artistieke pool, waarin gestreef word na simboliese kapitaal as die kapitaal van legitimasie. Hierin speel die skrywer se prestige, roem, verering, literêre pryse en vertalings ’n belangrike rol.

Op grond van verskillende literatuuropvattings word daar tussen twee vorme van beoordeling onderskei. *Intrinsieke beoordeling* vind plaas aan die hand van sekere artistieke oorwegings wat betrekking het op die onderskeiding van formele eienskappe ingevolge waarvan ’n teks as letterkunde geklassifiseer word. *Ekstrinsieke beoordeling* behels dat daar op ander oorwegings gefokus word, soos die teks se plek binne ’n tradisie en die ontvangs van die werk. In hierdie proefskrif val die klem op ekstrinsieke beoordeling, dit wil sê, op daardie elemente en rolspelers wat by die kanoniseringsproses betrokke is. Aangesien die beeld wat van ’n boek of ’n skrywer geskep word as’t ware vóór die teks en die skrywer gaan staan, is die vorming van ’n geloofwaardige beeld van groot belang in die evalueringsproses.

As gevolg van toenemende medialisering, is die ikoniese waarde van inligting – waarin dit gaan om sensasie en beeldvorming – net so belangrik as die boodskap. Daarom lei die vraag na dit wat die waarde van ’n literêre werk bepaal, tot ’n afwysing van die bewering dat sogenaamde nie-artistieke oorwegings geen rol speel in die uitsprake wat teoretici en kritici oor literatuur maak nie. Om hierdie tendens te illustreer, is vier skrywers wie se werke feitlik onmiddellik na publikasie ongekende gewildheid geniet het, geïdentifiseer, naamlik Dalene Matthee (*Kringe in ’n Bos,*[1] 1984), Marita van der Vyver (*Griet skryf ’n sprokie,* 1992), Francois Smith (*Kamphoer,* 2014) en Bibi Slippers (*Fotostaatmasjien,* 2016). Hierdie tekste verteenwoordig verskillende dekades in die Afrikaanse letterkunde – dekades waarin verskillende artistieke (én kritiese) paradigmas en poëtikas heers. ’n Vergelyking van die verskillende tekste, beeldvorming, bemarking én ontvangs bied dus ’n groter empiriese basis vir veralgemenende afleidings.

[1] Die titel van die roman word op die voorblad van die boek (in hoofletters) as KRINGE IN ’N BOS aangedui. Vanweë die noue band wat Matthee (ook in haar godsdiensbelewing; kyk 5.3.1.3) met die bos gehad het, word “die Bos” in wese deel van Matthee se postuur en sal die titel van die roman in hierdie proefskrif, soos in talle resepsieprodukte, ook as *Kringe in ’n Bos* aangedui word.

Die onderhawige studie is ’n beskrywende studie wat deur middel van sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe metodes ondersoek ingestel het na die versterkende invloed van beeldvorming – as ’n vorm van simboliese kapitaal – op die sukses van die gekose tekste.

In hierdie proefskrif is ’n empiries-institusionele benadering as uitgangspunt geneem wat deur ’n teoretiese oriëntering en die bestudering van tersaaklike gepubliseerde navorsingsdata en beskikbare digitale materiaal voorafgegaan is. Een van die doelstellings van die studie is ’n ondersoek na die produksie van simboliese waarde. Aangesien literatuuropvattings as ideologiese, maatskaplikgebonde standpunte gewens blyk te wees in sodanige ondersoek, is daar, in aansluiting by die institusionele benadering, ook van ’n rekonstruktiewe benadering gebruik gemaak. Die rekonstruktiewe benadering is gerig op die rekonstruksie en sistematisering van denkbeelde oor literatuur wat deur skrywers of ’n bepaalde samelewing op ’n bepaalde moment gehuldig word.

Die bestudering van bemiddeling in die beeldvormingsproses, met spesifieke verwysing na die rol van verskillende agente (die redakteur, die uitgewery, literêre kritici, die media), literêre prystoekennings, vertalings en ander kulturele strategieë, kan dus lig werp op die mate waartoe, asook die wyse waarop, verskillende rolspelers in die stelsel tot die sukses van die gekose tekste meegewerk het.

SUMMARY

As one of the symbolic aspects of human existence, art is inextricably linked to the material aspects of this existence. The result is that art has, for quite some time now, no longer been flourishing in isolation; rather, it has become part of a larger system in which economic principles also have an important part to play. The literary field is thus structured around two opposing poles: the economic and the artistic. Whereas the economic pole is engaged in a struggle to obtain economic capital – the struggle in which particularly the media play an important part – the artistic pole, for its part, strives to gain symbolic capital, which is the capital of legitimation. In this pole the prestige, fame, esteem, literary prizes and translations of the author's work are decisive factors.

Based on the premise that critics' literary views differ, there are two main kinds of adjudication, namely intrinsic evaluations and extrinsic evaluations. *Intrinsic evaluations* are conducted in terms of specific artistic considerations that have a bearing on those formal characteristics that qualify a text to be classified as literature. The *extrinsic evaluation*, on the other hand, focuses on considerations, such as the standing of the text within a tradition and how the work is received. In this thesis the focus has been on extrinsic adjudication, that is, on the elements and role players that were involved in the process of literary canonisation. Because the image that is created of a book or an author must, as it were, take precedence over either the texts or the authors themselves, the creation of a credible image is of cardinal importance in the adjudication process.

As a result of increasing mediatisation, the iconic value of information that is both sensational and serves to construct a particular image of an author, is just as important as the message itself. Therefore, the issue as to precisely what it is that determines the value of a literary work leads to a rejection of the allegation that so-called non-artistic considerations have no role to play in theorists and critics' statements about literature. To illustrate this trend, the researcher identified four authors whose work enjoyed unparalleled popularity almost directly after publication: Dalene Matthee (*Kringe in 'n Bos,* 1984), Marita van der Vyver (*Griet skryf 'n sprokie,* 1992), Francois Smith (*Kamphoer,* 2014) and Bibi Slippers (*Fotostaatmasjien,* 2016). These texts represent different decades in Afrikaans literature – decades during which different artistic (and critical) paradigms and poetics were current. Comparison of the different texts, the image construction process involved, their marketing and their reception thus provided a broader empirical base from which to generalise inferences.

This study is a descriptive study that has endeavoured, by means of both quantitative and qualitative methods, to investigate the strengthening influence of image construction as a form of symbolic capital in enhancing the success of the chosen texts.

The thesis was premised on an empirical-institutional approach, one that was preceded by a theoretical orientation and a study of the relevant published research data and available digital material. One of the aims of the study was to investigate the production of symbolic value. In that conceptions of literature as ideological, socially bound viewpoints were deemed to be desirable in a study of this nature, a reconstructive approach was coupled with the institutional approach. The aim of the reconstructive approach is to reconstruct and systematise authors' or a particular society's conceptions of literature at a particular juncture.

The study of mediation in the process of image construction – with specific reference to the role of various agents (the editor, the publishing organisation, literary critics, the media), literary prizes/awards, translations and other cultural strategies – can potentially throw light not only on the extent to which the various role players in the system have contributed to the success of the chosen texts but also on the particular ways in which these role players have done so.

SLEUTELWOORDE

Beeldvorming / Postuur / Etos / Literêre veld / Dalene Matthee / *Kringe in 'n Bos* / Marita van der Vyver / *Griet skryf 'n sprokie* / Francois Smith / *Kamphoer* / Bibi Slippers / *Fotostaatmasjien*

KEYWORDS

Image construction / Posture / Ethos / Literary field / Dalene Matthee / *Kringe in 'n Bos* / Marita van der Vyver / *Griet skryf 'n sprokie* / Francois Smith / *Kamphoer* / Bibi Slippers / *Fotostaatmasjien*

HOOFSTUK 1

INLEIDING

1.1 Agtergrond

Reeds in 1928 skryf Paul Valéry in ’n essay getiteld “The conquest of ubiquity” (1928:s.bl.) dat die ontwikkeling van kuns en die onderskeiding tussen verskillende kunsvorme plaasgevind het in ’n totaal ander era deur mense wie se hulpmiddels onbeduidend was vergeleke met dit wat later beskikbaar sou word. In sy essay voorspel hy dat die verstommende toename in tegnieke – wat groter presisie en die uitvoering van nuwe idees moontlik maak – beslis tot ingrypende veranderinge in die antieke ambag van die skoonheid sou lei.

Kuns is een van die simboliese aspekte van menslike bestaan, maar is onlosmaaklik verbonde aan die materiële aspekte van bestaan. Daarom word die waarde van ’n kunsproduk deur sowel simboliese as materiële faktore bepaal (Bourdieu, 1993:37). As sodanig is dit lank nie meer iets wat in isolasie gedy nie, maar vorm dit deel van ’n groter sisteem waarin ook ekonomiese beginsels ’n belangrike rol speel (Van Coller, 2010:491). Die literêre veld is derhalwe gestruktureer rondom twee opponerende pole, naamlik die ekonomiese pool (die subveld van grootskaalse produksie) en die artistieke pool (die subveld van beperkte produksie). In eersgenoemde is die stryd uiteraard oor die verkryging van ekonomiese kapitaal waarin veral die media ’n groot rol speel (Bourdieu, 1994:182; Johnson, 1993:7,15,16). In die artistieke pool gaan dit om simboliese kapitaal as die kapitaal van legitimasie. Hierin speel die skrywer se prestige, roem, verering, literêre pryse en vertalings ’n belangrike rol (Bonthuys, 2016:24; Johnson, 1993:7; Van Coller, 2010:486). Die agente in hierdie pool van die veld is ingestel op spesifieke legitimiteit en op dit wat algemeen as ‘hoë’ kuns beskou word (Johnson, 1993:15). Hierdie pool is die outonome gedeelte van die veld en daarbinne word veral op die literêre veld se *doxa* (algemeen aanvaarde feite, gekonstrueerde en vasgelegde persepsies) gesteun. Die kategorisering van ’n teks as letterkunde geskied op grond van die spesifieke waarde wat op ’n bepaalde moment daaraan toegeken word. Dit is die resultaat van ’n komplekse proses wat deur ’n hele aantal instellings uit die literêre veld gereguleer word en geskied in wisselwerking met die skrywers van tekste. Sedert die agtiende eeu speel die literatuurkritiek ’n dominante rol in hierdie proses (Van Rees & Dorleijn, 1993:4), omdat literatuurkritici in die waardetoekenning en ordening van die literêre aanbod van literatuuropvattings gebruik maak.

Abrams (1953:3–29) onderskei vier basiese komponente waarop gewoonlik in die meeste literêre teorieë gefokus word: die literêre werk self; die werklikheid (as wêreld van die literêre werk); die skrywer; en die leser (as ontvanger). Op grond van watter een van hierdie komponente in 'n bepaalde teorie domineer, identifiseer Abrams gevolglik vier hoofgroepe teorieë: mimetiese teorieë, wat werklikheidsgerig is; pragmatiese teorieë, wat lesergerig is; ekspressiewe teorieë, wat skrywergerig is; en outonomistiese teorieë, wat teksgerig is.

Die verskille tussen bogenoemde literatuuropvattings hang saam met die verskillende vorme van beoordeling, naamlik intrinsieke of ekstrinsieke beoordeling. *Intrinsieke beoordeling* word op grond van sekere artistieke oorwegings gemaak en het betrekking op die onderskeiding van formele eienskappe – die sogenaamde *intrinsieke* eienskappe (soos die stilistiese en komposisionele linguistiese eienskappe) – wat aan 'n teks 'n bepaalde (literêre) karakter gee (Van Coller, 2010:492; Van Rees, 1983:399; Verdaasdonk, 1983:384). Die *ekstrinsieke metode*, ook bekend as die kontekstuele metode, fokus op ander oorwegings, soos die plek van 'n teks binne 'n tradisie, kanon of sisteem en die ontvangs van die werk, selfs onder die breë publiek (Van Coller, 2010:492).

As elemente wat 'n rol in die kanoniseringsproses[2] speel, identifiseer Van Coller (2001a:67) die volgende: herskrywing (kyk 4.2.4.7), uitgewerspraktyke, mediapraktyke, prys-toekennings en institusionele praktyke. Die bydrae wat elk van die bogenoemde tot die graderingsproses maak, is komplementerend en het 'n verstewigende effek op die relatief outonome en dominante posisie van kritiek binne die literêre veld (Dorleijn, De Geest, Rymenants & Verstraeten, 2009:32; Van Rees, 1983:397, 400). 'n Belangrik aspek van die graderingsproses is beeldvorming: "Critici ontwerpen een beeld van een boek, een schrijver, een groep schrijvers. Dit beeld gaat als het ware voor de tekst en de schrijver(s) van de tekst(en) staan; het bepaaldt de verdere discussie over die werken en auteurs; zowel binnen de kritiek als daarbuiten" (Van Rees & Dorleijn, 1993:6).[3]

[2] Bestaande navorsing oor kanonisering in die Afrikaanse literêre veld sluit onder andere in die werk van Adendorff (2003; 2006); Barnard (1998); Bonthuys (2016); De Wet (1994); Heyns (1995); Human-Nel (2009); Jacobs (2016); Kleyn (2013); Lourens (1996; 1997a; 1997b); Marais (1993); Nolte (1994); Ohlhoff (1993; 1995); Smuts (2005); en Van Coller (2001a; 2001b; 2002a; 2002b; 2010).

[3] Die fokus van hierdie studie is dus nie gerig op die 'beelde' wat deur 'n skrywer in sy/haar werk tot stand gebring word nie, maar wel op die beeld wat van 'n bepaalde skrywer binne die literêre sisteem gevorm word.

1.2 Navorsingsprobleem en -doelwitte

Soos uit die voorafgaande bespreking blyk, berus die problematiek met betrekking tot waardetoekenning op die keuse van gestelde waardes, asook op die tyds- en groepsgebonde aard van die gekose waardes. Die probleem verdiep egter wanneer die aspek van bemiddeling ter sprake kom. Volgens Verdaasdonk (1983:386–387) lei die vraag na dit wat die waarde van 'n literêre werk bepaal tot 'n afwysing van die bewering dat sogenaamde nie-artistieke oorwegings geen rol speel in teoretici en kritici se uitsprake oor literatuur nie. Die rol wat nie-artistieke oorwegings in die waardetoekenning speel, is veral toe te skryf aan toenemende medialisering ingevolge waarvan die ikoniese waarde van inligting – waarin dit gaan om sensasie en beeldvorming – van ewe veel belang is as die boodskap (De Geest, 2013:47–48). Wanneer literatuur as 'n komplekse vorm van kommunikatiewe gedrag beskou word, verkry die skrywersbeeld nuwe kontoere binne die literatuurgeskiedenis (De Geest, 2013:57; vergelyk Codignola, 2003:76). Sodanige beeld is grotendeels 'n retoriese konstruksie, "[d]ie wordt opgebouwd met behulp van uiteenlopende componenten: uitspraken over auteursintenties, maar ook opsommingen van werken, citaten van anderen, verwijzingen naar verwante en/of gezaghebbende figuren, naar tijdgenoten en vertegenwoordigers uit een bepaalde traditie, courante beelden en topoi, enzovoort" (De Geest, 2013:61). Alhoewel literatuurwetenskap in die nuwe paradigmas dus 'n sosiale dimensie bygekry het, is daar volgens De Geest (2013:62) steeds 'n uitdaging: "[o]m – in een tijd van voortdurende anonimisering en globalisering van de communicatie – te laten zien hoe een 'individuele signatuur' als ideaal herleeft (maar tegelijk sociaal en cultureel wordt bepaald of zelfs opgelegd)". Ook Berensmeyer (s.j.:s.bl.) se stelling "when confronted with the mass-like proliferation of authors, one is driven to ask how and for whom an author, or even 'the' author, can still become an event in modernity" beklemtoon die feit dat, alhoewel beeldvorming in die era van globalisering (met nuwe vorme van media-aanbiedings) universele kenmerke vertoon, dit binne elke literatuursisteem (met 'n eie sosiokulturele bestel) op 'n unieke wyse geskied.

Die verreikende impak van beeldvorming, as 'n nie-artistieke praktyk, op die sukses van literêre werke, beteken dat dit 'n belangrike ondersoekterrein vir akademici behoort te wees. In ooreenstemming met Berensmeyer (s.j.:s.bl.) se beskouing rakende ondersoeke na skrywersbeelde, is die onderhawige navorsingsprojek nie gerig op 'n vernuwende beskrywing van die begrip *skrywer* nie, maar eerder op die vraag na die wyse waarop skrywersbeelde in die Afrikaanse letterkunde manifesteer. In die woorde van Berensmeyer, "the more fundamental, perhaps more provocative, question [is] whether a figure of literary and cultural history, in its historical manifestations, can be legible as a 'concept' and how

this could be achieved". Aangesien die rol van beeldvorming nie langer in die sukses van literêre tekste negeer kan word nie, maar dat dit selfs kan eskaleer – ook binne die eietydse Afrikaanse letterkunde – is die kandidaat van mening dat 'n ondersoek na beeldvorming, met spesifieke verwysing na die *wie* (die rolspelers betrokke by die beeldvormingsproses), die *wat* (die beeld wat gekommunikeer word) en die *wyse* waarop dit geskied (dus die omgaan met hierdie meervoudige waarnemingsveld) die bepaalde ondersoekterrein binne die Afrikaanse literêre sisteem aansienlik kan verryk.

1.3 Navorsingsfokus

Dorleijn (2007:252) noem dat 'n skrywer veral in die beginfase van sy/haar loopbaan daarna streef om 'n eie posisie te verwerf. Beeldvorming geskied grotendeels in hierdie stadium van 'n skrywer se loopbaan en dit is gewoonlik gedurende hierdie tyd wat die meeste invloed uitgeoefen kan word. Om hierdie tendens te illustreer, is vier skrywers wie se werke feitlik onmiddellik na publikasie ongekende gewildheid geniet het, geïdentifiseer.[4] Hierdie gewildheid is toe te skryf aan die rekordverkope van die boeke, die aantal oplae, positiewe resensies en literêre pryse, asook algemene mediablootstelling Die gekose skrywers is Dalene Matthee (*Kringe in 'n Bos;* 1984), Marita van der Vyver (*Griet skryf 'n sprokie;* 1992), Francois Smith (*Kamphoer;* 2014) en Bibi Slippers (*Fotostaatmasjien*; 2016). Hierdie tekste verteenwoordig drie verskillende dekades in die Afrikaanse letterkunde – dekades waarin verskillende artistieke (én kritiese) paradigmas en poëtikas die botoon gevoer het of steeds voer. Al vier die bogenoemde tekste word kontekstueel as belangrik geag omdat hulle aansluit by die oorheersende temas van die literêre diskoers van die afgelope jare. 'n Vergelyking van die verskillende tekste, van die skrywers se beeldvorming, en van die bemarking én ontvangs van die tekste bied dus 'n groter empiriese basis vir veralgemenende afleidings. 'n Verkennende literêr-dokumentêre ondersoek dien as basis vir 'n breër institusionele beskrywing van die beweging van die gekose skrywers en hul werke binne die Suid-Afrikaanse literêre veld.

1.4 Voorafstudie

In 2006 verwerf die navorser 'n M.Mus.-graad in Musikologie en in 2014 voltooi sy 'n M.A.-studie in kreatiewe skryfkuns (met lof). Teen die agtergrond van die topologiese aard van postmoderne literatuur en ná die bestudering van tendense in 'n groot aantal moderne Afrikaanse kortverhale, resulteer laasgenoemde studie in 'n kortverhaalbundel getiteld *Die*

[4] Deur gebruik te maak van 'n vergelykende model sou 'n ondersoek na soortgelyke skrywers in Nederland (bv. Kristien Hemmerechts, Ester Naomi Perquin, Ilja Pfeijffer, Connie Palmen en Adriaan van Dis) interessant wees. Die omvang van die proefskrif laat egter nie ruimte daarvoor nie.

reisgenoot. Sentraal tot die studie was die bestudering van die kortverhaalsiklus as literêre subgenre, asook die bestudering van literêre kritiek, met spesifieke verwysing na in- en uitsluiting tot die Afrikaanse literêre kanon. In 2016 verwerf die navorser 'n Ph.D.-graad in Afrikaanse letterkunde met die titel "Grensoorskryding in *Alfabet van die voëls* deur S.J. Naudé en *Sondag op 'n voëlplaas* deur Johann Nell". Die vertrekpunt in hierdie proefskrif was die konsepte van grensoorskryding en liminaliteit, waarvan eersgenoemde uiteraard ook betrekking het op die resepsie van die teks. Hierdie aspek is bepaald van belang vir die huidige studie.

1.5 Navorsingsmetodologie en -ontwerp

Die onderhawige studie sou beskryf kon word as 'n beskrywende studie (Babbie, 2007:89; Mouton & Marais, 1992:46–47) wat deur middel van sowel kwantitatiewe as kwalitatiewe metodes poog om ondersoek in te stel na die versterkende invloed wat beeldvorming, as 'n vorm van simboliese kapitaal, op die sukses van die gekose tekste gehad het. Mouton en Marais (1992:46) identifiseer twee invalshoeke in beskrywende studies:

> Enersyds, kan die klem val op die indiepte beskrywing van 'n spesifieke individu, situasie, groep, organisasie, stam, subkultuur, interaksie of sosiale voorwerp. Andersyds kan die klem val op 'n beskrywing van die frekwensie waarmee 'n eienskap of veranderlike in 'n steekproef [in hierdie geval, vier gevallestudies] voorkom.

Aangesien die fokus in hierdie proefskrif nie net op spesifieke individue en hul interaksie met ander rolspelers in die literêre veld is nie, maar ook op die frekwensie van resepsieprodukte en ander kanoniserende aktiwiteite, kom albei hierdie invalshoeke aan bod.

Mouton en Marais (1992:46) wys voorts op verskillende domeinverskynsels in beskrywende studies wat kan wissel tussen meer verhalende beskrywings tot hoogs gestruktureerde vorme van statistiese opsomming. Alhoewel daar periodiek van tabelle en skematiese voorstellings gebruik gemaak word om die frekwensie van spesifieke verskynsels aan te toon, is die aanbieding in hierdie proefskrif oor die algemeen meer narratief van aard. Kolparagrawe en numererings is deurgaans die navorser se eie, tensy anders vermeld.

In die produksie van 'n geloofwaardige beeld speel diskoers, wat volgens Korthals Altes (2014:5; kyk ook 4.1) as die uitdrukking van 'n spreker se karakter verstaan kan word, 'n belangrike rol. Daarom sal daar in sowel die ondersoek na diskursiewe selfvoorstelling (deur middel van interne tekste wat deur die skrywer self geskryf is) as heterovoorstelling (deur middel van eksterne tekste oor die skrywer) soms aangehaal word.

Op grond van die gebruik van kwantitatiewe (hoofsaaklik positivistiese) navorsingsmetodes, sal ’n positivisties-funksionele paradigma gebruik word om die waarnemings te organiseer. Aangesien die positivistiese benadering metodologies veral op kwantitatiewe ondersoekmetodes steun (P.J. Fourie, 2009:180), is kwantitatiewe inhoudsontledings (waaronder sisteemteorie en -analise) relevant vir die onderhawige studie.

In aansluiting by die positivistiese beskouing van Sainte-Beuve (kyk Kaltenbrunner, 2010:77), wat van die standpunt uitgaan dat die skrywer en sy/haar literêre werk ’n analitiese eenheid vorm, is talle navorsers, waaronder Dirk de Geest (2013) en Gilles Dorleijn (2007), dit eens dat ’n ondersoek na beeldvorming sowel teks as konteks moet betrek. In sy verduideliking van literêre persoonlikhede fokus Sainte-Beuve op drie aspekte, te wete natuurlike predisposisies; opvoeding of intellektuele sosialisering in ’n spesifieke milieu; en die historiese (literêre) konteks (Kaltenbrunner, 2010:77; kyk 2.2.1).

Soos uit die proefskrif sal blyk, funksioneer verwysings na die Bos (in die geval van Dalene Matthee), na die sprokie (in die geval van Marita van der Vyver), na trauma (in die geval van Francois Smith) en na die fotostaat (in die geval van Bibi Slippers) as merkers van ’n bepaalde posisie. Volgens Dorleijn (2007:244) is sodanige verwysings ’n onderdeel van die *option esthétique* (kyk 4.2.3.1) en dra dit by tot die selfvoorstelling van die skrywer. Aangesien daar in die ondersoek na die beeldvorming van die gekose skrywers dus ook op tekstuele aspekte gefokus sal word, is daar sprake van die ‘vertaling’ van die literêre teks na die literêre veld – ’n werkswyse wat deur Meizoz (2010) se begrip *postuur* geakkommodeer word (Dera, 2012:465). Gevolglik betrek die ondersoek na beeldvorming sowel kwalitatiewe as kwantitatiewe navorsingsmetodes, dit wil sê, ’n navorsingsontwerp met gemengde metodes. Springer (2010:438) onderskei tussen navorsingsontwerpe met gemengde metodes waarin kwalitatiewe én kwantitatiewe data van dieselfde databron verkry word en studies waarin kwalitatiewe en kwantitatiewe data-insameling apart uitgevoer en later geïntegreer word. Elke afsonderlike kwalitatiewe en kwantitatiewe komponent staan as ’n fase bekend. Volgens Springer (ibid.) kan fases ewewydig (op dieselfde tyd op verskillende wyses) of opeenvolgend uitgevoer word. Afhangende van die tydreëling van die fases, onderskei Springer (2010:439–440) tussen drie tipes ontwerpe met gemengde metodes:

- Verklarende ontwerpe, waarin kwantitatiewe data-insameling deur die inwinning van kwalitatiewe inligting gevolg word
- Ondersoekende ontwerpe, waarin die inwinning van kwalitatiewe inligting deur die insameling van kwantitatiewe inligting gevolg word

- Triangulasie, waarin kwantitatiewe en kwalitatiewe data gelyktydig ingesamel word

Met betrekking tot die aanwesigheid van kwalitatiewe en kwantitatiewe aspekte in tekstuele data, meen Raich, Müller en Abfalter (2014:737) dat inhoud, evaluerings en emosies in ’n teks kwalitatief is, maar dat die frekwensie en ruimtelike nabyheid van verwysings kwantitatiewe aspekte van die data is. As aanduiders van ’n bepaalde literêre posisionering is die voorkoms van die genoemde verwysings (die Bos, die sprokie, trauma en die fotostaat), asook die frekwensie en die emotiewe aspekte daarvan, belangrik in die ondersoek na die gekose skrywers se beeldvorming. Daarom is die literêre tekste (*Kringe in ’n Bos, Griet skryf ’n sprokie, Kamphoer* en *Fotostaatmasjien*) belangrike databronne. Volgens Raich et al. (2014:738) maak die standaardanalise van tekstuele data nie voorsiening vir die gelyktydige vervlegting van kwalitatiewe en kwantitatiewe analise op grond van dieselfde databron nie en vestig hulle dus die aandag op ’n hibriede benadering in sodanige analise. In Tabel 1.1 word die vernaamste kenmerke van triangulasie, ’n navorsingsontwerp met gemengde metodes en ’n hibriede benadering uiteengesit (Raich et al., 2014:740):

Tabel 1.1 Hoofkenmerke van triangulasie, ’n navorsingsontwerp met gemengde metodes en ’n hibriede benadering

	Metodologiese triangulasie	Navorsingsontwerp met gemengde metodes	Hibriede benadering
Fokus	Holistiese beskouing van die verskynsel	Holistiese beskouing van die verskynsel	Holistiese beskouing van (tekstuele) data
Datastelle wat gebruik word	Meervoudige datastelle	Meervoudige datastelle	Een of meer (tekstuele) datastelle
Analitiese metode	Kwalitatiewe en/of kwantitatiewe metodes	Kwalitatiewe en/of kwantitatiewe metodes	Kwalitatiewe en kwantitatiewe metodes
Mate van integrasie van analitiese metode wat gebruik word met betrekking tot dieselfde datastel	Laag (analitiese metode word gekies op grond van elke datastel)	Matig (integrasie geskied nie tydens analise nie, maar wanneer gevolgtrekkings gemaak word)	Hoog (gelyktydige aanwending van verskillende analitiese metodes)

Aangesien die rekonstruksie van die skrywer se etos op grond van die teks ’n holistiese beskouing van die literêre werk betrek, sal daar van ’n hibriede benadering gebruik gemaak word. ’n Hibriede benadering is daarop gerig om een stel tekstuele data in al sy fasette te ondersoek. Gevolglik word kwalitatiewe en kwantitatiewe ondersoekmetodes tegelyk onderneem en word paradigmagrense oorskry (Raich et al., 2014:740).

In hierdie proefskrif is daar dus sprake van ’n tradisioneel poëtikale, literatuursosiologiese, teksgerigte en kontekstuele ondersoek (Dorleijn, 2007:252). Daarom bied Kees van Rees en Gilles Dorleijn se geïntegreerde benadering (kyk 3.4) ’n bruikbare kompromis, enersyds

tussen ’n institusionele analise met ’n ondersoek na die heersende opvattings in die literêre veld en, andersyds, die rekonstruksie van etos op grond van die teks. Die oorkoepelende uitgangspunt is ’n empiries-institusionele benadering. Fokkema en Ibsch (1992:120) identifiseer twee hooftipes ondersoeke wat deur empiriese navorsers onderneem word:

> Het empirische onderzoek naar de cognitieve en emotionele reacties van de literatuurrecipiënten en -producenten, in het kort aangeduid als *lezersonderzoek*, waarbij, zoals de meer volledige omschrijving aangeeft, auteurs niet zijn uitgesloten.
>
> Het empirische onderzoek naar het functioneren van het literaire system, hetzij op basis van eigentijds documentair materiaal; kortweg, *institutioneel* onderzoek [Fokkema se kursivering].

In ooreenstemming met die tweede tipe, is die empiriese navorsing deur ’n teoretiese oriëntering en die bestudering van tersaaklike gepubliseerde navorsingsdata en beskikbare digitale materiaal voorafgegaan. In die ondersoek na die beeldvorming van die gekose skrywers is gebruik gemaak van diskursiewe[5] interne[6] en eksterne[7] tekste (metatekste soos resensies, artikels in vaktydskrifte, koerantberigte, tydskrifartikels en gepubliseerde onderhoude) en niediskursiewe[8] voorstellings (beskikbare digitale beeldmateriaal). Volgens Mouton en Marais (1992:47) is die belangrikste metodologiese oorweging in ’n beskrywende studie die akkurate insameling van inligting of data oor die domeinverskynsel wat ondersoek word. In ’n poging om die tersaaklike data so volledig moontlik in te samel, is gebruik gemaak van die versamelings in die Nasionale Letterkundige Museum in Bloemfontein, verwysings op internetprofiele van die betrokke skrywers en soektogte deur die biblioteekpersoneel van die Universiteit van die Vrystaat. Aanvullende resepsieprodukte is deur Hilary Matthee, Dalene Matthee se jongste dogter, asook deur die ATKV (die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging), ARCA (Archive for Contemporary Affairs) en die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns verskaf.

Ten opsigte van die produksie van geloofwaardigheid word daar spesifiek gefokus op die samespel in beeldvorming tussen die gekose skrywers self en die resepsie daarvan deur ander agente in die literêre veld. Vir hierdie studie bied die sisteemteoretiese benaderings van Pierre Bourdieu, die konstruktivistiese variant van sisteemteorie soos voorgestel deur Siegfried J. Schmidt en Niklas Luhmann, asook Kees van Rees en Gilles Dorleijn se reeds genoemde geïntegreerde benadering dus waardevolle teoretiese raamwerke waarbinne die ondersoek aangebied kan word. Deur middel van hierdie sisteemteoretiese benaderings, aangevul met Stephen Greenblatt se begrip van selfvorming, Nathalie Heinich se sosiologie

[5] Kyk 4.2.2.
[6] Kyk 4.2.3.
[7] Kyk 4.2.4.
[8] Kyk 4.2.1.

van uitsonderlikheid, Dirk de Geest se funksionalistiese perspektief, Jérôme Meizoz se konsep van postuur, asook Dorleijn (2007) se gebruik van bepaalde verwysings as 'n onderdeel van die *option esthétique*, is daar in die geval van elk van die vier gekose skrywers 'n raamwerk ontwerp waarvolgens die beeldvorming van die betrokke skrywer nagevors is.

1.6 Navorsingsvrae

Volgens P.J. Fourie (2009:179 [oorspronklike kursivering]) word die positivisties-funksionele paradigma waarna in 1.5 verwys is, gerig deur 'n vraag wat deur Harold Lasswell – een van die klassieke Amerikaanse grondleggers van kommunikasiekunde – geformuleer is: "*Who says what to whom in what channel with what effect?*" Fourie (ibid.) verduidelik soos volg:

> Die *who*, dit wil sê die *kommunikator*, word ondersoek met vrae oor media-eienaarskap, kommunikasiedoelwitte, metodes en tegnieke, asook ekonomiese doelstellings en resultate. Die *what*, dus *wat* hulle doen, is die boodskap (of dit nuus, inligting, opvoeding, vermaak, propaganda, of wat ook al is) en die effektiwiteit van die boodskap. […]. Die *whom (aan wie)* is *die ontvanger* wat hoofsaaklik as 'n 'mark' bestudeer word. Die fokus is dus hoofsaaklik op die demografie van die mediamark of potensiële mark en op die effek van die media op mense se denke en gedrag [oorspronklike kursivering].

Om tot die konstruksie van die postuur van 'n skrywer te kom, is aan die hand van die benaderings en teorieë in 1.5 genoem, aandag aan die volgende vrae geskenk:

Habitus:

- Hoe sien die skrywer se habitus, as die resultaat van 'n lang proses van inprenting wat reeds in die kinderjare begin, daar uit?

Bemarking:

- Watter rolspelers was betrokke by die verkoop en aankoop van literêre produkte?
- Watter faktore was betrokke by die verkoop en aankoop van literêre produkte?
- Watter bemarkingstrategieë is gevolg?
- Is daar sprake van 'n verband tussen rolspelers wat dalk op 'n magspel kan dui?

Resepsie:

- Watter rolspelers, instellings en mediaprodukte was betrokke by die voorstelling en resepsie?
- Watter literatuuropvattings is in die resepsie gebruik?
- Wat is die skrywer se houding ten opsigte van die leser?
- Is daar sprake van 'n verband tussen die skrywer en die persone of instellings betrokke by die voorstelling en resepsie?

Selfvoorstelling:

- Op watter wyse geskied selfvoorstelling? Hierdie vraag word aan die hand van die volgende vrae ondersoek:
  - Wat is die skrywersbeeld wat uit die skrywer se werk na vore tree?
  - Is daar sprake van 'n versluierde outobiografie?
  - Watter beeld skep die skrywer van hom-/haarself deur sy/haar sosiale kommentaar?
  - Sluit die skrywer aan by die sosiopolitieke kwessies van die dag en is daar dus sprake van betrokkenheid?
  - Geskied die skrywer se selfvoorstelling op grond van mimesis en indien wel, op watter wyse?
  - Deur watter kanale laat die skrywer van hom-/haarself hoor?

Kanonaansluiting:

- Is daar aanduidings van aansluiting by die literêre tradisie as werkwyse om die eie werk te kanoniseer?
- Wat is die skrywer se verhouding tot ander agente (literêre akteurs) in die veld?

1.7 Hoofstukindeling

Die hoofstukindeling van hierdie proefskrif is soos volg:

Hoofstuk 2 bied 'n teoretiese uiteensetting van die verskillende literêre teorieë – vanaf die vroegste vorme van literatuurkritiek tot die twintigste-eeuse benaderings. Die spesifieke klem is op die skrywersbeskouing in die verskillende literatuurwetenskaplike benaderings. Hierdie benaderings sluit in die positivistiese en *geistesgeschichtliche* metodes van die wetenskaplike kritiekbeoefening in die negentiende eeu en die literatuurwetenskaplike benaderings van die twintigste eeu, waaronder die Russiese formalisme, strukturalisme, die New Criticism, resepsiestudies, dekonstruksie, intertekstualiteit en die Nuwe Historisme.

Hoofstuk 3 bied 'n oorsig van die verskillende vertakkings binne die sisteemteoretiese benaderings. Ter aanvang word Itamar Even-Zohar se formalistiese en strukturalistiese teorie en die verskillende rolspelers soos deur hom beskryf, uiteengesit: vervaardigers, verbruikers, die instelling, die mark, repertorium en die produk. Daarna word Pierre Bourdieu se veldteorie bespreek. Aangesien die verskillende vorme van kapitaal en die begrippe *habitus*, *strategie* en *trajek* van groot belang is in 'n ondersoek na beeldvorming, is die toeligting van hierdie begrippe onontbeerlik. In die bespreking van Siegfried Schmidt en Niklas Luhmann se konstruktivistiese variant van die sisteemteorie – waarin kommunikasie

as die bron van sosiale sisteme beskou word – word aandag aan vyf strukturele dimensies geskenk, naamlik (literêre) akteurs en hul kognitiewe terreine; kommunikasie; sosiale strukture en instellings; media-aanbiedings; en die simboliese ordening van kulturele kennis. Vervolgens kom die geïntegreerde benadering van die Nederlandse veldteoretici Kees van Rees en Gilles Dorleijn met 'n toespitsing op die institusionele inkadering van literatuuropvattings, aan die beurt. As uitvloeisels van veral die werk van Pierre Bourdieu, word daar, ná die bespreking van die verskillende veldteorieë, gefokus op Nathalie Heinich se sosiologie van die uitsonderlike en Jérôme Meizoz se begrip *postuur*. Die hoofstuk word afgesluit met 'n evaluering van en vergelyking tussen die verskillende veld- of sisteemteorieë.

In **Hoofstuk 4** word nadere ondersoek ingestel na die wyses waarop 'n geloofwaardige skrywersbeeld gevorm word. Binne die raamwerk van 'n meervoudige waarnemingsveld word eerstens gefokus op die niediskursiewe en die diskursiewe aspekte van 'n skrywer se postuur. Daarna word die wyses waarop selfvoorstelling geskied, naamlik die skrywersbeeld wat uit die skrywer se werk na vore tree, versluierde outobiografie en sosiale kommentaar, onder die loep geneem. In die bespreking van heterovoorstellings word aandag geskenk aan die rolspelers betrokke by beeldvorming, asook aan kanoniserende aktiwiteite.

In die daaropvolgende vier hoofstukke word die beeldvorming van elk van die vier gekose skrywers bespreek. Ten einde patroonmatigheid te vermy, word elke ondersoek binne 'n ander teoretiese raamwerk aangebied.

Aangesien Dalene Matthee in sowel haar sosiale kommentaar as in haar teks op natuurbewaring (as een van die ideologiese kwessies van die tagtigerjare) gefokus het, bied Kees van Rees en Gilles Dorleijn se geïntegreerde benadering – waarin die institusionele inkadering van literatuuropvattings as ideologiese, maatskaplikgebonde standpunte as vertrekpunt dien – 'n waardevolle raamwerk vir die ondersoek na hierdie skrywer se beeldvorming in **Hoofstuk 5**. Aspekte wat onder die soeklig kom, sluit in die ideologie van die tagtigerjare, die opkoms van middelmootliteratuur en die self- en heterovoorstelling van Matthee as 'verteller van waarheid'. Voorts word ondersoek ingestel na hoe die uitgewery, resensies, artikels in vakwetenskaplike tydskrifte, literatuurgeskiedenisse, die verslae van keurders vir literêre pryse, vertalings en ander vorme van herskrywing die resepsie van haar roman *Kringe in 'n Bo*s (1984) beïnvloed het. Op grond van die prominensie wat die tema van natuurbewaring geniet, word daar ook aandag geskenk aan die wyse waarop kritiese denke oor mens-natuurverhoudings, dit wil sê die ekokritiek, neerslag vind in Matthee se beeldvorming as 'veranderingsagent' en 'natuuronderskrywer'.

In **Hoofstuk 6** word ondersoek ingestel na die wyse waarop Marita van der Vyver die tradisionele sprokiegegewe dekonstrueer tot beeldingsmiddel. Stephen Greenblatt, een van die grondleggers van die Nuwe Historisme, se beskouing van selfvorming as ’n kunstig-manipuleerbare proses bied die ideale raamwerk vir die ondersoek na Van der Vyver se beeldvorming. Aangesien die gebruik van metafore soos ‘uitruiling’ en ‘sirkulering’ tipies van die Nuwe Historisme is, word daar binne hierdie raamwerk ook aandag geskenk aan die faktore wat betrokke was by die bemarking van Van der Vyver se trefferroman, *Griet skryf ’n sprokie* (1992).

Francois Smith, wie se beeldvorming in **Hoofstuk 7** ondersoek word, is nie net ’n bekroonde skrywer nie, maar ook ’n teksredakteur, vertaler en joernalis. In Pierre Bourdieu se veldteorie word hierdie reeks aktiwiteite binne die literêre veld deur die begrip *trajek* beskryf. Daarom bied Bourdieu se veldteorie ’n nuttige raamwerk vir die ondersoek na hierdie skrywer se beeldvorming, asook dié van sy debuutroman, *Kamphoer* (2014).

Die beeldvorming van Bibi Slippers, wat in talle resepsieprodukte as ’n literêre glanspersoon beskryf word en haar debuutdigbundel, *Fotostaatmasjien* (2016), word in **Hoofstuk 8** binne die raamwerk van Niklas Luhmann en Siegfried Schmidt se konstruktivistiese variant van die sisteemteorie ondersoek. Aangesien die beeldvorming van Slippers en van haar boek gekenmerk word deur die gebruik van nuwe media, bied Luhmann se kommunikatiewe beskouings waardevolle uitgangspunte vir die ondersoek. Deur die gebruikmaking van die vyf genoemde strukturele dimensies in Schmidt se agentgeoriënteerde benadering, word voorts gefokus op Slippers se beeldvorming as skrywershandelsnaam en as literêre glanspersoon.

In **Hoofstuk 9**, die slothoofstuk, word die gevolgtrekkings van Hoofstukke 5 tot 8 vergelykenderwys bespreek en word ’n aantal tendense in die beeldvormingsproses geïdentifiseer. Deur die bestudering van hierdie tendense – met spesifieke verwysing na die rol van verskillende agente (die skrywer, die redakteur, die uitgewersorganisasie, literêre kritici en die media), literêre prystoekennings, vertalings en ander kulturele strategieë – word gepoog om lig te werp op sowel die mate waartoe as die wyse waarop verskillende rolspelers in die sisteem meegewerk het tot die sukses van die gekose tekste – iets wat onder andere deur die rekordverkope van die boeke, die aantal oplae, asook algemene mediablootstelling weerspieël word.

HOOFSTUK 2

DIE SKRYWER IN DIE LITERATUURWETENSKAP

Kuns en kultuur word deur middel van kommunikasie gedeel en vir toekomstige geslagte bewaar (Erguc, 2018:s.bl.). Soos in Hoofstuk 1 vermeld, is die wyse waarop inligting gekommunikeer word, asook die beeld van dit wat gekommunikeer word – dit wil sê, die ikoniese waarde van die inligting – van net soveel belang as die boodskap. Volgens Codignola (2003:77) word die begrip van 'n *kunstenaarsbeeld* sigbaar in waarnemingsareas soos herkenbaarheid, bekendheid en herhaling. Wanneer die etiket *beroemd* aan 'n skrywer toegedig word, het dit, volgens Codignola, in die breër sin betrekking op die oordeel en waardering van die publiek – 'n begrip wat ooreenkomste vertoon met die korporatiewe beoordeling en bewustheid van die kwalitatief-kwantitatiewe eienskappe van handelsmerke en beeldvorming. Alhoewel die rol van die skrywer self in die beeldvormingsproses nooit onderskat kan word nie, is beeldvorming 'n veelkantige proses wat deur verskillende rolspelers of bemiddelende agente beïnvloed word. Deur middel van hul kritiek bied kritici 'n bepaalde beeld van sowel die literêre werk as van die skrywer daarvan. In die waarderingsproses maak kritici van literatuuropvattings gebruik. Daarom is dit uiteraard nodig om aan die begin van hierdie proefskrif die belangrikste literêre benaderingswyses, met spesifieke fokus op die aandag wat die skrywer in die literatuurwetenskap en in poëtikale manifeste ontvang het, onder die loep te neem.

2.1 Die vroegste vorme van literatuurwetenskap tot en met die oorgang na die literatuurwetenskaplike beskouings van die negentiende eeu

Gedurende die vyfde en vierde eeue voor Christus was Athene die mekka van literêre aktiwiteit. Dit is daarom geen verrassing dat die vroegste bewyse van kritiek, en dus ook van literatuurwetenskap, in die Griekse literatuur gevind word nie (Bhat, 2014:12). Die grondleggers van kritiese aktiwiteite was Plato en Aristoteles. Hierdie preliminêre era van kritiek staan ook as die Hellenistiese era bekend. Plato se werk *The republic of Plato* (kyk 1968-uitgawe), waarin idees oor die literêre en poëtiese proses uitgedruk word, word as die eerste kritiese werk beskou. Dit is egter Aristoteles se werk *Poetics* (kyk 1902-uitgawe) wat algemeen as die hoeksteen vir kritiese werk vir die daaropvolgende eeue beskou word en wie se begrippe *mimesis* en *katarsis* steeds die onderwerpe van bespreking en debat is. Waar Plato kuns slegs as 'n illusie van die werklikheid beskou het, het Aristoteles *mimesis* nie as blote nabootsing beskou nie, maar as 'n kreatiewe proses waardeur iets nuuts geskep kan word (Van Coller, 1983:103). Soos later in hierdie proefskrif aangetoon sal word, maak

skrywers – en hiervan is Marita van der Vyver en Bibi Slippers by uitstek voorbeelde – dikwels juis van *mimesis*, as kreatiewe nabootsing, gebruik in hul beeldvorming.

Ná die Griekse meesters volg daar ’n tydperk bekend as die periode van Grieks-Romeinse kritiek. Alhoewel die meeste konsepte wat gedurende hierdie tydperk onderskryf is, afgeleid en assimilerend van aard was, was daar tog invloedryke kritici waarvan Horatius, Quintillianus en Longinus die invloedrykste was (Bhat, 2014:12).

Die term *Renaissance* verwys na die geboorte van die moderne wêreld ná die Middeleeue. Dit is die era van die opkoms van onbelemmerde individualisme ten opsigte van leefwyse, denke, godsdiens en kuns.

Tydens die *Verligting* wat, om histories korrek te wees, die hele tydperk vanaf die Hervorming in die sestiende eeu tot die hede dek, was François-Marie d’Arouet (beter bekend as Voltaire) een van die belangrikste filosowe. Benewens filosofiese werke, het Voltaire ook dramas, romans, historiese werke, gedigte, essays en wetenskaplike tekste die lig laat sien. Van groot belang vir hierdie studie is Voltaire se beeld as skrywer. Voltaire dien as voorbeeld van hoe skrywers van ’n posisie van afhanklikheid van ’n weldoener na ’n finansieel onafhanklike posisie oorgegaan het. Toenemend is die skrywer met die figuur van ’n genie, ’n visionêr of profetiese dienaar van skoonheid, ’n onbegrepene en ’n marginale figuur geassosieer (Sergier, Vandevoorde & Van Zoggel, 2014:6; Van Coller, 2018:2).

Sergier et al. (2014:5) voer die huidige betekenis van die woord *outeur* (skrywer) terug na die sewentiende eeu:

> […] aan het einde van de ‘Querelle des Ancient et des Modernes’, die komaf maakte met de opvatting van de auteur als iemand die modellen navolgde en die dus meer naar het genie van het verlede was gericht, zoals het genie van de renaissance herontdekte oudheid. Vanaf de zeventiende eeuw verwijderde de auteur zich bijgevolg van een schriftuur die de imitatie als norm had. Voortaan was er ook sprake van een eigen genie, zoals we dat kennen in de achttiende-eeuwse opvattingen van het schrijverschap.

Hierdie opvatting van die skrywer is tipies van die *Romantiek* – die beweging wat vanaf die middel van die agtiende eeu tot en met die opkoms van die *Modernisme* aan die einde van die negentiende eeu in literatuur, musiek, kuns en filosofie floreer het (Grayling, 2009:454). Die romantiese ideaal van individuele vryheid en vrye uitdrukking sonder voorafbepaalde beperkinge is deur die Franse Revolusie (1789) aan die gang gesit (Bhat, 2014:13). Van Coller (2018:2) noem dat die vryheidsideaal (vergelyk De Deugd, 1966) nie net geïmpliseer het dat die romantici hulle wou ontwortel aan klassieke modelle en opvattings ten opsigte van die letterkunde en kuns nie, maar dat hulle hulself ook wou bevry van die beperkinge wat deur die Christelike godsdiens opgelê is. In ’n poging om emosie bo rede te stel en die

subjektiewe, die visionêre,[9] die persoonlike en die nierasionele te verheerlik (Grayling, 2009:161), is die onbewuste direk aan die woord gestel, onder meer deur *scripture automatique*, wat dikwels met die hulp van verdowende instrumente meegebring is (Van Coller, 2018:2). Volgens Van Coller (ibid.) het die vryheidsideaal ook sosiale gevolge gehad en het baie digters, soos Byron, hulle doelbewus van die sosiale moraal[10] losgemaak deur 'n boheemse leefstyl na te volg.

Afhangende van die perspektief van die benadering was kritiek gedurende die periodes vóór die twintigste eeu moralisties, humanisties, beskrywend en biografies (Golban, 2014:54). Die skeiding tussen kritiek en literatuur, wat in die negentiende eeu in die nadraai van die Romantiek plaasgevind het (die tydperk wat in Brittanje as die Victoriaanse periode bekendgestaan het), dui op die oorgang van die genoemde subjektiewe, voorskriftelike, strydlustige en afhanklike kritiek na die moderne, onafhanklike, objektiewe, wetenskaplike en metodologies kritiese teorieë van die twintigste eeu (Golban, 2014:55). As eienskappe van Victoriaanse kritiek, wat spesifiek op die skrywersbeskouing betrekking het, noem Golban (2014:55–60) die volgende:

- Die ontwikkeling en uitbreiding van 'n eie tipologie (impressionisties, realisties, esteties, histories, moreel-humanisties, biografies en sosiologies) wat nie meer net verteenwoordigend van 'n spesifieke literêre tradisie was nie. Volgens Golban (2014:56) was die belangrikste teoretiese en metodologiese benaderings tot kritiek die beginsels van demokrasie, feminisme, sosialisme, Darwin (1809–1882) se evolusieteorie, Comte (1789–1857) se samelewingsbeskouing, Marx (1818–1883) se geskiedenisbeskouing, Taine (1828–1893) se beskouing van literatuur, Ruskin (1819–1900) en Pater (1839–1894) se beskouings van kuns, Nietzche (1844–1900) se beskouings oor die funksie van taal, subjektivisme in menslike persepsie en die soeke na waarheid in mitiese teorie, Freud (1856–1939) se beskouings omtrent die menslike psige en Jung (1875–1961) se idees met betrekking tot geheue, die persoonlike onbewuste, die kollektiewe onbewuste en argetipes.
- Die biografiese metode in literêre kritiek, soos ontwikkel deur Sainte-Beuve

[9] Van Coller (2018:2) wys op die invloed wat die opvatting van die digter as profeet op die Nederlandse Tagtigers gehad het (vergelyk Winkels, 1985:11–18). As voorbeelde haal hy twee frases aan – die eerste uit 'n gedig van Willem Kloos (1859–1938): "Ik ben een god in het diepst van mijn gedachten […]" (Kloos, 1894:s.bl.), en tweedens Odendaal (2016a:9) se gebruik van W.E.G. Louw (1942:57) se frase "'hiperindiwiduele gewaarwordinge wat alleen die subjek só, presies só, kan voel […]'". Hierdie aanhaling dien as aanduiding daarvan dat dit vir sensitiviste soos Herman Gorter en sy volgelinge eerder oor die digter as die taal gegaan het.

[10] Verset teen vorige geslagte en hul poëtikale opvattings is ook later in Suid-Afrika bespeur. As voorbeeld hiervan noem Van Coller (2018:2) die Afrikaanse Dertigers se verset teen sosiale opvattings: "Poësie was nie meer primêr […] 'volksdiens' nie, maar diens aan die Skoonheid."

- Die skryfondervinding wat in 'n 'besigheid' verander met baie skrywers wat 'n lewe daaruit maak

Soos wat uit die voorafgaande deel van die bespreking blyk, was daar dus in die negentiende eeu 'n wending na wetenskaplike kritiekbeoefening. Hiervan was die positivisme en die *geistesgeschichtliche* metode die belangrikste.

2.2 Wetenskaplike kritiekbeoefening in die negentiende eeu

2.2.1 Die positivisme

Die term *positivisme* is ontleen aan die Latynse word *posita* (Mouton, 1992:389) en word verbind met die Franse filosoof Auguste Comte (1798–1857), wat algemeen as die vader van die moderne sosiologie en die grondlegger van die positivistiese teorie beskou word. Vir Comte was positivisme 'n teenvoeter vir die onsekerhede wat na die Franse Revolusie geheers het (Trombley, 2013:50). Gedurende hierdie tyd is alles – van die kerk as instelling, individuele geloof in God, die monargie en die staat, tot die rol van die mens – bevraagteken (ibid.).

Dit is egter Émile Durkheim (1858–1917), en nie Comte nie, wat as die vader van moderne sosiologie beskou word. In navolging van Comte se positivistiese filosofie het Durkheim sosiologie as 'n volwaardige akademiese dissipline gevestig. Vir Durkheim berus sosiologie op die verstaan van sosiale feite: die instellings, oortuigings en gedeelde praktyke waardeur die sosiale bestel omskryf word (Trombley, 2013:133). Volgens Trombley (2013:134) is die positivistiese aspek van Durkheim se metode gesetel in die identifisering van sosiale feite, die omskrywing van morele voorskrifte inherent aan hierdie sosiale feite en uiteindelik die bestudering van die effek van die oorskryding van hierdie morele voorskrifte. Dus beskou Durkheim die sosiologie as veranker in die etiek.

Die positivistiese beskouing van die literatuur vind veral uitdrukking in die literatuurgeskiedskrywing van die negentiende eeu, asook in die naturalisme (Mouton, 1992:390). Ohlhoff (1984:111) wys daarop dat die positiviste, onder wie sielkundiges, die kunswerk beskou het as 'n uiting, gevolg of weerspieëling van verskillende invloede, waaronder die skrywer se psigiese samestelling en milieu. Hiervolgens word literatuur-geskiedenis as 'n gevolg van veranderinge in sosiale, historiese en kulturele faktore beskou. Die groot en omvangryke literatuurgeskiedenisse van die negentiende eeu kan direk teruggevoer word na die neiging om die studie van die literatuur op positiewe feite te baseer. In die samestelling van hierdie literatuurgeskiedenisse is 'n magdom feite oor die skrywer se herkoms, sy/haar omgewing en die epog waarbinne hy/sy gewerk het, versamel.

Die waardebepaling van ’n skrywer se werk was afhanklik van die mate waartoe dit as leidrade kon dien vir die rekonstruksie van die skrywer se lewe en die sentrale morele kenmerke van die epog (Mouton, 1992:390).

Aangesien daar dus ’n kousale verband tussen die skrywer en sy/haar werk bestaan, gee dit aanleiding tot die volgende veronderstellings (Van Coller, 1983:104):

- Vanuit die werk kan ’n rekonstruksie van die skrywer gemaak word.
- Vanuit die feite wat bekend is omtrent die skrywer, kan ’n verklaring of interpretasie van die werk gemaak word.

In ’n artikel getiteld “Literary positivism? Scientific theories and methods in the work of Sainte-Beuve (1804–1869) and Wilhelm Scherer (1841–1886)” ondersoek Kaltenbrunner (2010) die wyses waarop hierdie twee invloedryke intellektuele positivistiese metodes in hul joernalistieke werk toegepas het. Die lering van Sainte-Beuve se benadering is dat ’n skrywer en sy/haar literêre werk ’n analitiese eenheid vorm. Soos wat later in Hoofstuk 8 aangetoon sal word, is daar veral by Bibi Slippers in meer as een opsig ’n verband tussen haar lewensbeskouing, haar ars poetica en haar debuutbundel, *Fotostaatmasjien* (2016) (kyk 8.5.1.1v; 8.7). Ten einde die literêre teks te verstaan, is dit, aldus Sainte-Beuve, nodig om goed bekend te wees met die skrywer se persoonlikheid. Kaltenbrunner (2010:74) beskryf hierdie deterministiese biografisme soos volg: “the attempt to explain the personality of a writer as expressed in his writings by recourse to determining biographical factors”. In ’n poging om die totstandkoming van literêre persoonlikhede te verduidelik, maak Sainte-Beuve van drie kategorieë van bepalende faktore gebruik (Kaltenbrunner, 2010:77):

(i) Natuurlike predisposisies, wat betrekking het op die invloed van familiale predisposisie, klimaat, geboortegrond en nasionale karakter op ’n skrywer se karakter

(ii) Opvoeding of intellektuele sosialisering in ’n spesifieke milieu (in hierdie verband word gewys op die belang van die artistieke of intellektuele milieu waarin ’n skrywer se kreatiwiteit gevorm word)

(iii) Die historiese (literêre) konteks wat betrekking het op spesifieke literêre gebeurlikhede soos die status van ’n taal as ’n middel tot poëtiese uitdrukking (die verskeidenheid van rymskemas, woordeskat), populêre motiewe, genres, die invloed van dominante skrywers en die morele *Zeitgeist* van ’n epog

’n Belangrike fokus van Sainte-Beuve se navorsing was die klassifikasie van individue in psigologiese families of tipes. Kaltenbrunner (2010:78) stel dat, volgens hierdie morele natuurstudie, alle mense in ooreenstemming met hul morele karakter geklassifiseer word. Terwyl Sainte-Beuve se klassifikasie die gevolg van psigologiese karakterisering van individue was, stel Kaltenbrunner (ibid.) dat die voorraad van tersaaklike empiriese bronne vir hierdie antropologiese navorsing aangevul word uit literêre, private en biografiese dokumente wat betrekking het op ’n individu, asook uit die historiese totaliteit van hierdie tipe tekste. Soos in Hoofstuk 1 genoem, is die vertrekpunt in hierdie proefskrif ’n empiries-institusionele benadering wat deur ’n teoretiese oriëntering en die bestudering van soortgelyke, tersaaklike, gepubliseerde navorsingsdata voorafgegaan is.

Ten einde wetenskaplike metodes daar te stel waardeur die identiteit van ’n jong Duitse ryk as een van die toonaangewende industriële supermoonthede in die toekoms ontwikkel kon word, het Scherer, op sy beurt, ’n ideale nasionale identiteit uit linguistiese en literêre geskiedenis afgelei (Kaltenbrunner, 2010:76). Die doel van Scherer se navorsing was om die samestelling/vorming/ontstaan van taal te koppel aan ’n onveranderlike, Duitse, nasionale karakter (Kaltenbrunner, 2010:78). Sy aanname was dat die ontwikkeling van die Duitse taal en literatuur oor die eeue heen deur die wisselwerking van psigiese, sosiale, ekonomiese, politieke en etiese faktore bepaal is (Kaltenbrunner, 2010:80). Metodologies het Scherer sy literêre navorsing op die model van die empiriese induktiewe wetenskappe geskoei, en, in ooreenstemming met Taine se terminologie van *ras*, *milieu* en *moment*, het Scherer die terme *Ererbtes*, *Erlebtes*, *Erlerntes* voorgestel (Kaltenbrunner, 2010:76, 78).

In Suid-Afrika het die positivistiese benadering tot ongeveer 1950 heelwat aanhang geniet en veral Adriaan Francken het sterk aansluiting daarby gevind (Ohlhoff, 1984:110, 1985:32). Volgens Ohlhoff (1984:111) is daar ook trekke van die positivisme raak te lees in Dekker (1950) se uitsprake. As ’n voorbeeld hiervan word gewys op stellings soos “‘Netsomin as die Driemanskap of die geslag van 1920 vorm (die Dertigers) ’n homogene groep of beweging … Maar elkeen vertolk op eie wyse en in verskillende grade van intensiteit sekere trekke van ’n nuwe gees wat op ander lewensterreine nog nie so duidelik en bewus tot uiting gekom het nie […]’” (Ohlhoff, 1984:111).

Grayling (2009:386) voer aan dat die neo- of logies-positivistiese beskouing, soos verklaar deur Hume in sy bekende opmerking rakende ‘sophistry and illusion’, ten beste beskryf kan word as ’n teorie wat betekenisloosheid konstitueer. Volgens Grayling is slegs logiese of wiskundige stellings, dit wil sê stellings wat empiries bewys kon word, deur die logiese positiviste as betekenisvol geag en is die res (etiese, religieuse en estetiese stellings) in die

letterlike betekenis van die woord as 'non-sense' beskou.[11] Sowel Karl Popper (1902–1994) as Willard Van Orman Quine (1908–2000) verwerp egter die logiese positivisme, en in die besonder die fokus wat die Weense Kring, gelei deur Moritz Schlick (1882–1936), op die kontroleerbaarheid van stellings as 'n toetsing van hul betekenis geplaas het (Trombley, 2013:258, 301). In sy beskrywing van Quine se wetenskap maak Trombley (2013:302) gebruik van Otto Neurath (1882–1945) se metaforiese verwysing na 'n boot:

> Science, he taught, was like a boat to which alterations must be made while it is at sea; there is never the comfort or safety of returning to shore and a dry dock. He taught that the passengers in the boat (who were also its captains and engineers) were philosophers and scientists. Philosophy and science are in the same boat; their work is interchangeable. The philosopher of the day inherits a system of knowledge devised by his predecessors, and uses scientific methods to develop that system and modify it to suit new discoveries.

Die logiese (of neo)positivisme is dus 'n holistiese,[12] allesomvattende eerder as 'n eksklusiewe benadering: "It rests upon the application to literature of concrete values, standards and principles that are in turn based upon decorum or ideals of personal and social life" (Aldridge, 1996:77). Volgens Van Coller (2018:3) is daar derhalwe aanvanklik ook binne hierdie benadering van literatuur op die skrywer se biografie gefokus en is sy/haar werk dikwels herlei of geïnterpreteer in terme van sy/haar lewensverloop, leefruimte en die totale *Geistesgeschichte* waarbinne die skrywer hom-/haarself bevind het.

2.2.2 Die 'geistesgeschichtliche' metode

As 'n reaksie teen die positivistiese metodes wat, soos hierbo aangedui, kultuur-historiese en histories-filosofiese metodes ingesluit het en waarin gepoog is om die kunswerk deur middel van universele wette te verklaar, het Wilhelm Dilthey en Heinrich Ricker die *geistesgeschichtliche* metode, ook bekend as die geskiedenis van die intellek, geïnisieer. Dit was veral prominent in Duitsland gedurende die laat negentiende eeu tot ongeveer 1925 (Kaltenbrunner, 2010:76; Kleinbauer, 1970:148). Verteenwoordigers van die *geistes-geschichtliche* metode het die uniekheid van 'n bepaalde kunswerk beklemtoon en was van oordeel dat ware literêre meesterstukke, as 'n onverklaarbare produk van die genie of uitsonderlike individu, slegs deur middel van intuïsie, belewenis en begrip van die tydsgees verstaan kon word (Du Plooy & Viljoen, 1992:26; Kaltenbrunner, 2010:76).

---

[11] In hierdie verband berig Popper (2009:13–14) soos volg: "If by the words 'nonsensical' or 'meaningless' we wish to express no more, by definition, than 'not belonging to empirical science', then the characterization of metaphysics as meaningless nonsense would be trivial; for metaphysics has usually been defined as non-empirical. But of course, the positivists believe they can say much more about metaphysics than that some of its statements are non-empirical."

[12] As 'n holistiese benadering vertoon Quine se beskouing dus ooreenkomste met dié van die poststrukturalistiese denker Jacques Derrida (Trombley, 2013:303, 304).

As reaksies teen hierdie keurslyfbenadering is daar in die twintigste-eeuse benaderings groter klem gelê op die teks, die linguistiek en die leser. Eers in die referensiële benaderings het die skrywer weer as studie-onderwerp tot die letterkundige dissiplines en die literatuurwetenskap toegetree. Dit is noodsaaklik om oorsigtelik na hierdie benaderings te verwys vanweë die talle benaderings in die literatuurwetenskap, omdat poëtikas[13] nie altyd in 'n suiwer vorm voorkom[14] nie en omdat die institusionele inkadering (kyk Hoofstuk 3) van literatuuropvattings as ideologiese, maatskaplikgebonde standpunte gewens blyk te wees in 'n ondersoek na 'n skrywer se postuur (Van Rees & Dorleijn, 1993:1; 3.4).

2.3 Literatuurwetenskaplike benaderings in die twintigste eeu

2.3.1 Russiese formalisme

Die Russiese formalisme is 'n skool in Russiese literêre vakkundigheid wat in die tweede dekade van die twintigste eeu tot stand gekom en floreer het, maar teen omstreeks 1930 onder druk van die Kommunistiese regering doodgeloop het toe dit amptelik in Rusland verbied is (Venter, 1992a:458). Dit het bestaan uit onortodokse filosowe en literêre historici, waaronder Boris Eichenbaum, Roman Jakobson, Viktor Shklovsky, Boris Tomashevsky en Yury Tynyanov (Erlich, 1973:627; Schmitz, 2007:18–19). Volgens Erlich (1973:628) het die formaliste min belang geheg aan gesprekke oor 'die instelling', 'verbeelding' en 'genialiteit'. Vir hierdie teoretici was die lokus van literariteit nie in die skrywer of die leser se psige gesetel nie, maar in die werk self. Russiese formalisme word gevolglik beskryf as 'n teksgeoriënteerde teorie wat op vorm en tegniek in literatuur fokus: "According to formalists, when literature is examined by [sic] based upon form, it becomes more scientific rather than author-oriented, reader-response and context-driven theories" (Saraç, Özel, Akyürek & Gökçeel, s.j.:s.bl.). Volgens die formalistiese beskouing moet literariteit nie bepaal word deur die vakinhoud en die sfeer van realiteit waarmee die skrywer hom/haar besig hou nie (Erlich, 1973:628), maar deur 'n spesifieke gebruik van linguistiese materiaal: "hence it has to develop its methodology and formulate its questions and problems by deriving its inspiration from linguistics: this was a lesson that was to be important for the course of literary scholarship during all of the twentieth century" (Schmitz, 2007:20).

[13] Die begrip *literatuuropvatting* word ook soms as wisselterm vir die term *poëtika* gebruik (Van Rees & Dorleijn, 2005:2).

[14] "Most approaches do not start at some zero point – even if some adherents of new ideas want to convince us that their methodology will take us where no man has gone before" (Schmitz, 2007:17).

In die outonome benadering is ’n literêre werk as ’n talige artefak beskou. Ohlhoff (1985:33) voer die herkoms van die benaming *outonomiebewegings* terug na die feit dat die teks in hierdie benaderings selfstandig staan as ’n “wêreld in woorde”[15] wat aan sy eie wette onderhewig is; in die woorde van Wimsatt (1970:62), “a separately existent and in some sense autonomous or autorelic entity”.

Erlich (1973:631) wys op die feit dat die formaliste teen die vroeë 1920’s dus besef het dat poësie nie net van klank afhanklik is nie, maar dat die kenmerk van poësie, as ’n unieke vorm van diskoers, in die veelvuldigheid van betekenisse geleë is waarin sowel die semantiese as die fonetiese aspekte van taal betrek word.

Volgens die formalistiese beskouing gebruik literatuur sekere tegnieke ten einde vervreemding/defamiliarisasie te bereik. Mettertyd word hierdie tegnieke self geoutomatiseerd en tree nuwe gebruike na vore. In hierdie verband blyk veral parodie, as ’n meganisme van literêre verandering waardeur die oue in ’n nuwe toonsoort aangebied word (Erlich, 1973:633), uiters suksesvol te wees. Uit die latere bespreking van Bibi Slippers se beeldvorming (kyk 8.5.1.2) sal dit blyk dat sy sowel parodie as pastiche in haar selfvorming gebruik.

Die proses waardeur bestaande vorme getransformeer of verbreek word en nuwe betekenisse sodoende ontsluit word, is reeds aan die begin van die 20ste eeu in Viktor Shklovsky se begrip *ostranenie* (vervreemding/defamiliarisasie) vervat. Volgens Shklovsky (2007:778) se beskouing is die *doel* van kuns gesetel in die sensasies wat dit oordra en dan veral “to impart the sensation of things as they are perceived and not as they are known”. Die *tegniek* van kuns is daarin geleë dat dit voorwerpe ‘onbekend’ en moeilik maak, en “to increase the difficulty and length of perception because the process of perception is an aesthetic end in itself and must be prolonged” (ibid.).

In Suid-Afrika is formalistiese beskouings ook raak te lees in Nienaber (1963:14–15) se beskouings dat die literêre kritikus hom/haar op ’n literêre standpunt plaas wanneer hy/sy uitsprake moet lewer, en begrippe soos ‘eie samehang’, ‘eiewetlikheid’, ‘outonome karakter van die kuns’ en ‘objektiwiteit’ word telkens gebruik. Formalistiese beskouings blyk ook uit

[15] Odendaal (2010:3) noem dat daar uit die Romantiese siening van die verskuns “in die twintigste eeu ’n outonomistiese en oorwegend taalpragmatiese of retoriese fokus op die ‘wêreld in woorde’ van veral die enkelwerk voortgevloei” het. Hierdie opvatting, wat byvoorbeeld in Nederland groot aanhang geniet het (vergelyk Van Oostrom, 2013), het “waarskynlik verder bygedra tot die onderbeligting van die vertellende/verhalende samehange in enkelgedigte, gedigreekse en bundelgehele in die grootste deel van die twintigste-eeuse literatuurstudie” (Odendaal, 2010:3).

die literatuurbeskouings van Van Wyk Louw wat groot klem op vernuwing geplaas het (Van Coller, 2009:133–136).

Opsommenderwys kan gestel word dat formalistiese kritiek literatuur as ’n unieke vorm van menslike kennis beskou wat volgens sy eie wette bestudeer moet word (Kennedy & Gioia, 1995:s.bl.). Hiervolgens is alle elemente wat nodig is vir die verstaan van die werk, in die werk self vervat. Van spesifieke belang vir formalistiese kritiek is die elemente van vorm wat in die teks aangetref word. Dit sluit aspekte soos styl, struktuur, toon en verbeelding in. Een van die primêre doelstellings van formalistiese kritici is dus om te bepaal hoe hierdie elemente met die teksinhoud saamwerk ten einde die effek te vorm wat op die leser uitgeoefen word.

2.3.2 Strukturalisme

As interdissiplinêre literatuurwetenskaplike benadering wat die ontwikkeling van die geesteswetenskappe in die twintigste eeu ten diepste beïnvloed het, het die strukturalisme ’n sterk posisie aan Franse universiteite ingeneem ná die onrus van 1968. Hierdie beweging het veral gebaat by die werk van Ferdinand de Saussure, wie se insigte verder ontwikkel is deur die Franse antropoloog Claude Lévi-Strauss (1908–2009) en die Franse filosoof Roland Barthes (1915–1980) (Habib, 2005:631; Mudzanani, 1990:6–7; Schmitz, 2007:27; Venter, 1992b:510). Ná die onderdrukking van die Russiese formalisme het baie van die aanhangers daarvan uit Rusland na Praag gevlug. Die mees invloedryke teoretici van hierdie skool was Roman Jakobson (1896–1982), Jan Mukařovský (1891–1975) en Felix Vodička (1909–1974). Sowel Mukařovský as die Poolse fenomenoloog Roman Ingarden onderskei tussen die materiële artefak en die estetiese objek (Fokkema & Ibsch, 1995:37). Ingarden (Fokkema & Ibsch, 1995:37, 38) beskou die literêre werk as ’n geïsoleerde en statiese entiteit waarin dit moontlik sou wees om die voorwaardes van estetiese konkretisering in die materiële kunswerk waar te neem. Hierteenoor glo Mukařovský – in die tradisie van Viktor Shklovsky en Yury Tynyanov – in die dinamiese konsep van ’n literêre geskiedenis (Fokkema & Ibsch, 1995:37). Volgens Mukařovský (2015:301) behoort enige objektiewe estetiese waarde, in soverre dit bestaan, in die materiële artefak gesoek te word. Slegs die materiële artefak kan sonder verandering bly voortbestaan. Daarteenoor is die estetiese objek onderworpe aan verandering:

> […] an aesthetic object is changeable, being defined not only by its organic structure and the properties of the material artefact, but also by the given stage of development of the non-material structure of art. The independent aesthetic value inherent to a material artistic artefact, assuming that there is one, is, in comparison to the actual value of an aesthetic object, merely potential: a material artistic artefact constructed in such and such a way has the ability – irrespective of the stage of development of

> the whole structure of art – to evoke in the minds of observers aesthetic objects with a positive *hic et nunc* aesthetic value. So any questions as to the existence of an objective aesthetic value can only be framed in terms of whether such an organic structure of a material artistic artefact is possible (Mukařovský, 2015:301 [oorspronklike kursivering]).

Aangesien aspekte van die Russiese formalisme (veral die klem op tegnieke van vervreemding) deur die strukturaliste ontplooi word, is dit te verstane dat die skrywer deur die strukturaliste na die agtergrond verskuif word. Jefferson en Robey (1982:84) verwoord dit soos volg: "The exclusion of the author from critical analysis, the attention to form, the claims of scientificity are themes which have all been voiced before, but not in the same theoretical context, and so they acquire a different significance." Volgens Habib (2005:632–633) het strukturalisme afgewyk van die romantiese idee van die skrywer as die bron van betekenisaanduiding. Gevolglik is die klem vanaf die skrywersintensie verskuif na die breër en onpersoonlike linguistiese struktuur waarvan die teks deel uitmaak en waardeur die teks in wese móóntlik gemaak word.

Die Praagse strukturalisme, waarvan Juri Lotman (1922–1993) die bekendste verteenwoordiger is, was uiteindelik een van die brûe tussen die strukturalisme en die semiotiek (Du Plooy & Viljoen, 1992:29). In die semiotiek, of tekenleer – gebaseer op die werk van 'n Amerikaanse pragmatiese filosoof Charles Sanders Peirce (1839–1914) – word die metodes van die strukturaliste gebruik om kulturele prosesse as kommunikasieprosesse te bestudeer. Van Jaarsveld (1990:32) verduidelik die kommunikatiewe proses as een waarlangs 'n sein (en nie noodwendig 'n teken nie) vanaf 'n bron (deur 'n sender en 'n kanaal) na 'n eindbestemming geneem word. Wanneer die eindbestemming 'n persoon is, is daar sprake van betekenisaanduiding. Dit gebeur egter slegs as die sein nie bloot 'n stimulus is nie, maar 'n interpretatiewe reaksie by die ontvanger ontlok. Van Jaarsveld gaan voort deur te verduidelik dat hierdie proses slegs deur die bestaan van kodes moontlik gemaak word. Sy beskryf 'n kode as 'n sisteem van betekenisaanduiding wat "huidige entiteite en eenhede wat nie aanwesig is nie, aan mekaar verbind": "Wanneer iets aan die ontvanger voorgehou word en in die plek staan van iets anders is daar sprake van betekenisaanduiding" (ibid.).

In sy semiotiese literêre teorie, waarin hy die klem op kreatiewe lees en die onderskeid tussen die oop en geslote teks plaas, beskryf Umberto Eco (1989:3) die rol van die skrywer as die rangskikker van 'n sekwens wat oor 'n kommunikatiewe effek beskik. Eco verduidelik dat die skrywer 'n voltooide produk daarstel en dat hy/sy van die standpunt uitgaan dat die samestelling daarvan in dieselfde terme as wat hy/sy dit bedink het, ontvang sal word. Op grond van bepaalde stimuli, individuele perspektiewe en die leser se eie reaksie op die rangskikking, word die oorspronklike artefak egter altyd gewysig.

Deur middel van die pragmatiek, waarin dit in die eerste plek om taal as sosiale middel gaan, het linguiste gepoog om weg te beweeg van taal as geslote gesteem soos wat dit in die strukturalistiese tradisie ná Ferdinand de Saussure en Noam Chomsky voorgestaan is (Van Niekerk & Olivier, 2014:1–2). Aangesien die skrywer sowel die teken as die kode skep en omdat taalhandelinge beeldvorming beïnvloed, is dit uiteraard nodig om kennis te neem van taalhandelingsteorie. Hierdie teorie sal in 4.1 (kyk ook 4.2.4.2) breedvoeriger bespreek word.

2.3.3 Die New Criticism

Ook in die beskouings van die New Critics, wat terugdateer na die twintiger- en dertigerjare van die vorige eeu (Schmitz, 2007:91) en wat ontleen is aan John Crowe se boek *The New Criticism* (1941),[16] word die skrywer op die agtergrond geskuif en word die aandag slegs by die literêre kunswerk bepaal (Hellinga & Scholtz, 1955:79). Schmitz (2007:91–92) verduidelik dat die literêre kunswerk volgens hierdie benaderingswyse as 'n organiese geheel, waarvan die verskillende onderdele in 'n harmonieuse verhouding tot mekaar staan, beskou word. Ten einde hierdie harmonie te herken en te interpreteer, het die New Critics gebruik gemaak van ondersoekmetodes wat as't ware 'bepeinsend' van aard was. In die sogenaamde *close reading* of stiplees word die teks losgemaak van die omgewing en omstandighede waaronder dit geskep is, hetsy histories, biografies, sosiaal of polities – 'n isolasie wat ten beste beskryf is deur die slagspreuk 'just the words on the page'.

In die publikasie *Understanding poetry*, wat algemeen as 'n manifes vir die New Critics se benadering beskou word, waarsku Brooks en Warren (1938:iv) teen die volgende 'plaasvervangers' wat soms in die bestudering van 'n literêre werk gebruik word: parafrasering van logiese en narratiewe inhoud; interpretasie op grond van biologiese aspekte en historiese kontekste; en interpretasies wat inspirerend en diktaties van aard is. Alhoewel Brooks en Warren (ibid.) die noodsaaklikheid erken van parafrasering as 'n voorbereidende stap in die lees van 'n gedig, asook die bydrae wat 'n studie van die biografiese en historiese agtergrond tot die verklaring en interpretasie kan lewer, moet dit as middele tot 'n doel en nie as einddoel beskou word nie. Volgens die New Critics bly die

[16] Ook Pokrivčák (2017:35) voer die eerste werklike pogings om die bestudering van literatuur op wetenskaplike kriteria te baseer, terug na die werk van John Crowe Ransom (1937; oorspronklik 1935). Hierdie kriteria het verskil van die impressionistiese, biografiese en etiese benaderings wat in daardie tyd aan die orde van die dag was. Volgens Ransom (1937:s.bl.) is dit makliker om die vraag na wat kritiek nié is nie, te beantwoord as om te probeer verwoord wat dit wel is. Daarom is die volgende, volgens Ransom, nie van toepassing op 'n literatuurstudie nie: persoonlike verklarings met betrekking tot die effek wat die kunswerk op die kritikus as leser het, sinopsis en parafrasering, historiese studies, linguistiese studies, morele studies en enige ander spesiale tipe studie wat te doen het met die abstrakte of prosaïese inhoud van die werk.

literêre werk sélf steeds die objek wat bestudeer word. Die New Critics het dus 'n aanval op die standaardbegrip van ekspressiewe realisme geloods, naamlik "the romantic fallacy that literature is the efflux of a noble soul" (Rohit, 2013:5) en was dus glad nie skrywergerig nie:

> The goal then is not the pursuit of sincerity or authenticity, but subtlety, unity, and integrity – and these are properties of the text, not the author. The work is not the author's; it was detached at birth.[17] The author's intentions are 'neither available nor desirable' (nor even to be taken at face value when supposedly found in direct statements by authors). Meaning exists on the page. Thus, New Critics insist that the meaning of a text is intrinsic and should not be confused with the author's intentions[18] nor the work's affective[19] dimension (its impressionistic effects on the reader) (Rohit, 2013:5 [my voetnote]).

Volgens Rohit (2013:8) het die New Critics, soos reeds genoem, van *close reading* (stiplees) gebruik gemaak as middel tot die ontdekking van aspekte ánderkant die tematiese van 'n teks ("what comprised its 'form' – which in their view constituted the dimensions of it that made it distinctively 'literary', and thus in need of specifically literary analytical and interpretative practice"). Ten opsigte van die skrywersbeskouing in hierdie stroming noem De Geest (2013:46) dat dit taboe was om 'n beroep te doen om biografiese inligting van die skrywer of uitsprake van die skrywer oor sy/haar eie werk te bekom ten einde (elemente uit) die literêre werk te interpreteer. Dit was die geval omdat daar in stiplees gepoog word om alle detail in die teks in die lig van die geheel as 'n samehangende struktuur te verklaar.

In Suid-Afrika is trekke van die New Criticism raak te lees in die werk van Schulze (Ohlhoff, 1984:111). Laasgenoemde outeur wys op die klem wat Schulze op klankaspekte, die "gepaste gebruik van gevoelgedrenkte woorde", die funksie van hiperbool, metafoor, personifikasie, maat, ritme, woordvorm en sinsbou geplaas het. Ook in Scholtz (1956:72, 74, 77) se werk word kernmomente van New Criticism en die Russiese formalisme saamgevat om tot die gevolgtrekking te kom dat "die literêre suiweringsbeweging vergesel is deur die insig dat die literêre kunswerk 'n taalkunswerk is". Hierdie suiwering dui onder meer daarop dat die gedig as outonoom beskou word, "alleen aan die woord is" en dat die kritiek nie subjektivisties-impressionisties behoort te wees nie. Veel later, in 1982, verwys

[17] Dit blyk dat hierdie uitspraak dié van Wimsatt en Beardsley (1946:470) is: "The poem is not the critic's own and not the author's (it is detached from the author at birth and goes about the world beyond his power to intend about it or control it). The poem belongs to the public."

[18] In hierdie verband is daar dus sprake van die *intentional fallacy*. Wanneer die betekenis van 'n werk verwar word met die skrywer se beweerde bedoeling (soos wat dit in briewe, dagboeke en onderhoude uitgespreek word), word daarna verwys as die *intentional fallacy* (Rohit, 2013:5). Wimsatt en Beardsley (1946:471) noem dat, aangesien die *intentional fallacy* nóg 'n empiriese of analitiese oordeel, nóg 'n historiese stelling is, dit dus per definisie romanties van aard is.

[19] Terwyl die *intentional fallacy* dus op 'n verwarring tussen die gedig en die oorsprong daarvan dui, verwys die *affective fallacy* na die foutiewe praktyk om tekste na aanleiding van die psigologiese of emosionele reaksies van lesers te interpreteer (Habib, 2005:626; Wimsatt & Beardsley, 1949:31).

Cloete (1982:149) in sy artikel oor literêre geskiedskrywing na 12 "fundamentele kommunikatiewe aspekte" van die literêre werk, waaronder klank, metrum, ritme en sintaksis.

Teen die einde van die 1960's moes New Criticism plek maak vir 'n nuwe benadering toe die aandag na die leser se rol in literêre tekste verskuif het (Schmitz, 2007:92) en resepsiestudie, as die "'objektiewe' ondersoek na leesverslae, die 'subjektiwiteit' onderliggend aan die stiplees-metode moes teëwerk" (Van Coller, 2018:3).

2.3.4 Resepsiestudie

Die doel van resepsiestudie is om aan die leser sy/haar regmatige plek in die kommunikasieproses terug te besorg. Gevolglik staan die teks nie meer sentraal in die ondersoek nie, maar wel die teksverwerking deur die leser. Ondersoek is dus gerig op die vraag na "hoe de teksverwerking gestuurd wordt door teksteigenschappen die op hun beurt weer bepalend geacht kunnen worden voor de literaire […] karakter van de tekst" (Segers, 1985:204). Schmitz (2007:87) wys op twee onderskeibare benaderings waarin ondersoek ingestel word na die wyse waarop die literêre werk in die leser se gees geaktualiseer word, te wete die pragmatiese benadering en resepsie-estetika. Die pragmatiese benadering ondersoek die wyses waarop literêre tekste deur verskillende lesers in verskillende periodes, sosiale klasse en nasionaliteite gekonkretiseer word. Die Konstanz-skool aan die Baden-meer, waarvan Robert Jauss (1921–1997) en Wolfgang Iser (1926–2007) deel was, was nie in hierdie empiriese benadering geïnteresseerd nie en het gevolglik 'n benadering bekend as die estetika van resepsie bekendgestel. In teenstelling met die pragmatiese benadering wat op individuele of kollektiewe historiese lesers fokus, is die hooffokus van hierdie benadering drievoudig: die interaksie tussen literêre tekste en die lesers van die werk, die potensiële betekenis wat die teks vir die leser inhou en die rol wat aan die leser toegewys word (Schmitz, 2007:88).

Volgens Jauss (1982:22) word die kriteria vir estetiese waardering van literatuur deur die verwagtingshorison van die leser verskaf. Die agtergrond waarteen bepaalde verwagtings geskep word, sluit in die tyd waarin die literêre werk gepubliseer is, voorkennis van die genre, kennis van die vorm en temas van werke waarmee die leser reeds bekend is, en die teenstellings tussen poëtiese en alledaagse taal (ibid.). In hierdie proefskrif, waarin die rekonstruksie van die skrywer se etos op grond van die teks een van die wyses is waarop die gekose skrywers se beeldvorming ondersoek sal word, is dit belangrik om rekening te hou met die leser se (voor)kennis. Aspekte wat ondersoek sal word is of hierdie leidrade

herlei kan word na die skrywer self en hoe dit tot die vorming van die skrywer se beeld bydra (kyk 4.2.3.1).

Soos genoem, was Wolfgang Iser nie geïnteresseerd in individuele historiese lesers nie. Deur sy begrip van die *implisiete leser* omskryf Iser die rol van die leser soos dit in die teks beskryf word en verduidelik hy die implisiete leser in terme van die spanning wat die leser tydens die leesproses ervaar: 'n spaning tussen die leser se eie subjektiwiteit en die subjektiwiteit van die skrywer. Hierdie spanning neem dan die geestesgesteldheid van die leser oor – "a tension between two selves that directs the reader's ability to make sense of the text" (Habib, 2005:730). Vir Iser is die literêre teks 'n produk van die skrywer se doelbewuste skryfdaad en hoewel dit die leser se reaksie deels beheer, bevat dit ook gapings of vae elemente (Shi, 2013:985). Tog is die gapings byna altyd steeds vir die rekening van die skrywer, al is dit die implisiete outeur.

In Amerika het David Bleich, Norman Holland, Michael Riffaterre en veral Stanley Fish (Mailloux, 2018:57) belangrike werk gedoen om aan te toon dat die verantwoordelikheid vir die waardebepaling en interpretasie van die teks na die leser daarvan oorgedra word: "the meaning of the lines at stake coincides with the experience of the readers. Meaning is not somehow contained in the text but is created within the reader's experience" (Habib, 2005:733). Dit was egter veral die poststrukturalis Roland Barthes (1915–1980) wat met sy essay *The death of the author* (1968; kyk Barthes, 1977) alle opvattinge oor die belang van die skrywer as bron van gesag in 'n teks omvergewerp het. In sy stelling dat die skrywer 'dood' is, neem Barthes as vertrekpunt 'n aanhaling uit Balzac (1830; kyk 2013-uitgawe) se novelle *Sarrasine*: "This was woman herself, with her sudden fears, her irrational whims, her instinctive worries." Op die vraag na wie die spreker van hierdie woorde is, naamlik Balzac wat as fokaliseerder vanuit die oogpunt van vroue skryf, of Balzac, die skrywer, wat literêre idees oor vroulikheid betuig, óf dat dit dalk universele wysheid is, antwoord Barthes (1977:142) met die volgende stelling: "writing is the destruction of every voice, of every point of origin. Writing is that neutral, composite, oblique space where our subject slips away, the negative where all identity is lost, starting with the very identity of the body writing." Vir Habib (2005:645) herinner die argument van die stem wat sy oorsprong verloor, of die skrywer wat sy/haar eie dood betree aan Horatius se uitlating dat, wanneer die stem uitgestuur word, dit nooit kan terugkeer nie. Volgens Barthes (1977:176) dui die verwydering van die skrywer op 'n totale transformasie van die moderne teks – ook ten opsigte van die temporaliteit:

> The Author, when believed in, is always conceived of as the past of his own book: […]. The Author is thought to *nourish* the book, which is to say that he exists before it,

> thinks, suffers, lives for it, is in the same relation of antecedence to his work as a father to his child. In complete contrast, the modern scriptor is born simultaneously with the text, is in no way equipped with a being preceding or exceeding the writing, is not the subject with the book as predicate; there is no other time than that of the enunciation and every text IS eternally written *here* and *now*. […] the hand, cut off from any voice, borne by a pure gesture of inscription (and not of expression), traces a field without origin – or which, at least, has no other origin than language itself, language which ceaselessly calls into question all origins (Barthes, 1977:145-146 [oorspronklike kursivering en hooflettergebruik]).

Alhoewel die denkbeeld van die skrywer as finale betekenisaanduider nuttig is vir literatuurkritiek waarin die skrywer as die sleutel tot die literêre werk beskou word, werk die idee van 'n skrywer, volgens Barthes (1977:147), beperkend in op 'n teks. Barthes (1977:148) gaan van die standpunt uit dat 'n teks uit veelvoudige 'geskrifte' uit verskillende kulture bestaan wat dan toetree tot gedeelde verhoudings van dialoog, parodie en geskille. Al hierdie veelvuldighede is op die leser en nie op die skrywer gefokus nie. Hiervolgens is 'n teks se eenheid in die bestemming daarvan en nie in die oorsprong te vind nie. Barthes (ibid.) wys voorts op die feit dat hierdie bestemming nie meer persoonlik van aard is nie: "the reader is without history, biography, psychology; he is simply that someone who holds together in a single field all the traces by which the written text is constituted". In 'n artikel getiteld "De ene schriver is de andere niet: het beeld van de auteur in een functionalistisch perspectief" vat De Geest (2013:46 [oorspronklike kursivering]) Barthes se beskouing soos volg saam:

> […] dat het Barthes niet zozeer ging om een algemeen verschijnsel (*de* literatuur) als wel om een specifiek type literatuur, dat hoofzakelijk wilde registreren en waaruit de auteur (het alter ego van de verteller) als gezaghebbende stem van een overkoepelende waarheid en weten was verdwenen.

Aangesien Barthes se latere werk, soos ook dié van Umberto Eco, die New Critics en die resepsieteoretici op kreatiewe en vrye lees gerig was, openbaar dit reeds elemente van die benaderingswyse bekend as dekonstruksie.[20]

2.3.5 Dekonstruksie en intertekstualiteit

Alhoewel Derrida nie self die term gebruik het nie, het hy die dekonstruktiewe benaderingswyse – met as vertrekpunt dat tekste 'ontwykend' van aard is (Derrida, 2009:11) – in verskeie van sy publikasies soos *Of grammatology* (1977/1967) en *Writing and difference* (2009/1967) voorgestel. Volgens Derrida (1977:91) beskik 'n betekenisaanduider vanuit die staanspoor oor die moontlikhede tot herhaling of

[20] Aangesien hierdie benaderingswyse reeds breedvoerig in 'n vorige proefskrif beskryf is (kyk Erasmus-Alt, 2016:145–147), word sekere aspekte van hierdie benaderingswyse opsommend herhaal.

ooreenkomsstelling. Hy gebruik die term *différance* om die wyse te beskryf waarop enige enkele betekenis of konsep slegs deur uitwissing van ander moontlike betekenisse ontstaan.

Viljoen (1989:45) interpreteer dekonstruksie as die manier waarop 'n teks herskryf word. Volgens hierdie beskouing ontstaan betekenis "kragtens 'n vreemde en teenstrydige logika wat eintlik in die teks verswyg of weggesteek word". Vir Viljoen (ibid.) beteken dit "uitmekaar haal (destrueer) en weer (maar anders) inmekaarsit (konstrueer)". Hiervolgens poog dekonstruksie om vas te stel "waar die teks op homself terugvou, homself ondermyn en weerspreek". Viljoen se beskouing is dus in ooreenstemming met dié van Derrida (2009:31) waarvolgens betekenis, in 'n poging om dit te onthul, eerder verbloem kan word. Vir Derrida hou dit 'n metafisiese bedreiging vir enige strukturalisme in.

Ander teoretici wat dekonstruktief te werk gegaan het, is Michel Foucault (1926–1984) en Julia Kristeva (1941–). Vir Kristeva, sóós vir Derrida, setel die betekenis van tekste in die verskil van en ooreenkoms met ander tekste. Die beskouing dat tekste uit ander tekste ontstaan en dat dit dus binne 'n tekstuele domein beskou behoort te word, staan algemeen as intertekstualiteit[21] bekend (Van Coller, 1983:109). Kristeva (1980:36) beskryf intertekstualiteit as "the specificity of different textual arrangements by placing them within the general text (culture) of which they are part and which is in turn, part of them". Hiervolgens verkry tekste sowel historiese as sosiale koördinate.

In navolging van Barthes was Foucault – wat nie net literatuur nie, maar alle samelewingstrukture gedekonstrueer het – van mening dat die belang van literatuur in die teks en nie in die skrywer te vinde is nie (Trombley, 2013:325). Ná Barthes is die skrywer "op zijn hoogt [als] een 'functie', zoals Foucault (1969)" beskou (Sergier et al., 2014:6). Op grond van hierdie beskouing maak Sergier et al. (2014:6–7) die afleiding dat daar in elke teks 'n reeks funksionaliteite aan 'n bepaalde 'ouktorialiteit' (nie noodwendig aan een individu nie) toegeken word en dat die teks dus 'n reeks posisies konstrueer wat deur die trefwoord *skrywer* beset word.[22] In 'n opsomming van Foucault (1970:s.bl.) se skrywersfunksies (of outeursfunksies, soos wat Bonthuys daarna verwys),[23] word die volgende beklemtoon (Bonthuys 2016:51 [oorspronklike numerering]):

[21] Vir 'n meer volledige bespreking van intertekstualiteit, kyk Erasmus-Alt (2016:147–152).
[22] Sergier et al. (2014:7) wys daarop dat, in navolging van Pierre Bourdieu, 'n hele reeks literêre studies op die institusionele posisie van die skrywer fokus.
[23] In hierdie proefskrif word voorkeur aan die term *skrywer* bó *outeur* gegee, behalwe in gevalle waar wetenskaplike terme (soos bv. die *implisiete outeur*) ter sprake is.

(1) Die eienaarskap van die diskoers is baie spesifiek en histories gekodifiseerd. Die outeursfunksie kan dus verbind word tot die institusie se reëls.
(2) Die outeursfunksie beïnvloed nie alle diskoerse op dieselfde wyse nie.
(3) Die outeursfunksie ontwikkel nie spontaan as eie aan 'n individu nie, maar is eerder 'n komplekse proses wat lei tot die konstruksie van die 'outeur'.
(4) Die outeursfunksie verwys nie eenvoudig na 'n enkele reële individu nie, maar na verskeie subjekte.

Sergier et al. (2014:7) beweer dat die skrywer sedert die sestigerjare van die vorige eeu byna uit hoofstroom-literêre ondersoek verdwyn het en dat baie handboeke van die afgelope twintig jaar steeds gebaseer is op die strukturalisme en die werk van byvoorbeeld Gérard Genette: "En die enkele keer dat er wel sprake is van schrijverschap, wordt een problematisch concept gebruikt dat van de Amerikaanse theoreticus Wayne C. Booth werd geleent: dat van de 'implied author'."[24] Van Coller (2018:4) ag die begrip van die *implisiete outeur* as 'n bruikbare heuristiese konsep en beskou dit ook as "veel minder problematies as die gebruik van 'outeur' óf die totale negering van hierdie instansie". In sy boek *Renaissance self-fashioning: from More to Shakespeare* (1980) stel Stephen Greenblatt – algemeen beskou as een van die grondleggers van die Nuwe Historisme – egter 'n nuwe benadering tot die bestudering van literatuur bekend en word dit duidelik dat die skrywer nooit totaal buite rekening gelaat kan word nie.

2.3.6 Die Nuwe Historisme

In aansluiting by die werk van Michel Foucault, Roland Barthes, Louis Althusser en Edward Said, gaan die Nuwe Historici van die standpunt uit dat daar 'n magstryd in die samelewing bestaan en dat literatuur deur daardie magstryd bepaal word en deel daarvan vorm (Van der Merwe & Viljoen, 2012:160). Greenblatt (1982:2253) het die term *new historicism* gemunt in sy inleiding tot "The power of forms in the English Renaissance", 'n spesiale uitgawe van die tydskrif *Genre* waarvan hy die redakteur was. In die artikel "Towards a poetics of culture" rapporteer Greenblatt (1989:1) soos volg oor die ontstaan van die term: "I collected a bunch of essays and then, out of a kind of desperation to get the introduction done, I wrote that the essays represented something I called a 'new historicism'." Sy beskouing van 'n *poetics of culture* gaan van die standpunt uit dat letterkunde binne sy kulturele omgewing bestudeer moet word. Opsommend wys Van der Merwe en Viljoen (2012:161 [oorspronklike kolparagrawe]) op drie wyses waarop literatuur bepaal word deur die kulturele kodes van die samelewing waarin dit ontstaan het:

- die gedragskodes van die besondere samelewing het 'n uitwerking op die persoonlikheid van die skrywer;

[24] Kyk 4.2.3.1.

- die literêre teks is die uitdrukking van die kodes en reëls van die samelewing; en
- in die literatuur is daar kritiese nadenke oor bestaande gedragskodes.

Ten spyte van die heterogeniteit onderliggend aan die Nuwe Historisme, stel Veeser (1989:xi; Afrikaanse opsomming deur Van der Merwe en Viljoen, 2012:163 [oorspronklike kolparagrawe]) die volgende vyf aannames as fundamenteel van die Nuwe Historisme:

- Elke literêre teks is ingebed in 'n hele reeks sosiale en ekonomiese praktyke, wat weer verbonde is aan magsinstellings van die tyd.
- Elke kritiese ondersoeker is noodwendig gedeeltelik aangewese op die ondersoek-metodes wat hy/sy kritiseer. […].
- Literêre en nieliterêre tekste kan moeilik van mekaar onderskei word. […].
- Geen teks openbaar universele en onveranderlike waarhede nie.
- Nuwe ekonomiese omstandighede vereis 'n nuwe benadering tot letterkunde.

Van groot belang vir hierdie studie is Greenblatt se werk oor die Shakesperiaanse tydperk. Greenblatt se benadering is geskoei op die sestiende-eeuse gedagte dat mense oor die vermoë beskik om hul eie identiteit te vorm. Hierdie identiteit en selfbeeld staan in 'n noue verband met magsinstansies en gesag in die samelewing (Van der Merwe & Viljoen, 2012:161).

In die inleiding tot die genoemde publikasie oor selfvorming stel Greenblatt (1980:1) sy uitgangspunt: "my starting point is quite simply that in sixteenth-century England there were both selves and a sense that they could be fashioned". Greenblatt (ibid.) verduidelik dat daar altyd een of ander persoonlike 'orde' waarneembaar is – "a characteristic mode of address to the world, a structure of bounded desires" – wat op 'n doelbewuste vorming van identiteit dui – dít wat hy self-fashioning noem. In sy navorsing oor sestiende-eeuse skrywers kom Greenblatt (1980:2) tot die gevolgtrekking dat daar gedurende hierdie tydperk 'n toenemende *self*bewustheid met betrekking tot die vorming van die mens se identiteit as 'n manipuleerbare, kunstige proses was – 'n proses wat ook waargeneem kan word in die georkestreerde selfvorming van Marita van der Vyver (kyk Hoofstuk 6) en Bibi Slippers (kyk Hoofstuk 8). Greenblatt wys daarop dat die genoemde selfbewustheid wydverspreid onder die elite van die klassieke wêreld voorgekom het, maar dat die Christelike godsdiens tot die groeiende vermoede bygedra het dat die mens oor die vermoë beskik om identiteit te vorm.

Volgens Greenblatt (1980:2) was die term *fashion* lank reeds in gebruik en wel as verwysend na die skeppingshandeling of -proses, na spesifieke kenmerke of 'n voorkoms, of na 'n spesifieke styl of patroon. Die term het egter gedurende die sestiende eeu ook in omloop gekom as 'n aanduiding vir die vorming van die self. Vir die doel van hierdie en soortgelyke navorsing, dui die term *fashioning,* volgens Greenblatt (1980:2), op die

bereiking van ’n minder tasbare vorm (‘less tangible shape’): “a distinctive personality, a characteristic address to the world, a consistent mode of perceiving and behaving”.

Waar Christus aanvanklik as die fundamentele model vir hierdie tipe vorming beskou is, is daar voorbeelde in die Nuwe Testament waar Christus nié as die enigste rolmodel voorgehou word nie. As voorbeeld hiervan verwys Greenblatt (1980:3) na 1 Kor. 9:22 waarin Paulus homself as voorbeeld stel. ’n Wegbreek van die nabootsing van Christus het, volgens Greenblatt, allerlei nuwe betekenisse tot selfvorming toegevoeg. In hierdie verband noem Greenblatt die voorbeeld van ouers en onderwysers, die handelswyses van die elite, selfvorming wat misleidend is deurdat dit skynheiligheid vertoon en op uiterlike vertoon steun, asook selfvorming waarin die voorstelling van die persoon se aard en intensies hoofsaaklik deur spraak en handelswyse geskied.

In sy navorsing oor die selfvorming van Engelse Renaissance-skrywers het Greenblatt (1980:8–9 [oorspronklike numerering]) tot die gevolgtrekking gekom dat sekere beherende omstandighede algemeen in die meeste gevalle van selfvorming voorkom – in sowel die selfvorming van die skrywer as in die vorming van sy/haar literêre karakters:

1. Eerstens word daarop gewys dat weinig van hierdie figure ’n oorgeërfde titel gehad het en dat die skrywers oor die algemeen uit die middelklas afkomstig was.
2. Vir hierdie Renaissance-skrywers het selfvorming onderwerping aan ’n absolute krag of outoriteit, gedeeltelik buite die self, beteken. As voorbeelde word genoem ’n heilige boek, ’n instelling soos ’n kerk, ’n hof of ’n koloniale of militêre administrasie.
3. Selfvorming is voorts bereik in verhouding tot iets wat as vreemd of vyandig waargeneem word. Ten einde sodanige “threatening Other” aan te val en te vernietig moet dit, volgens Greenblatt, eers ontdek word.
4. Hierdie vreemde verskynsel of vyandigheid word deur die outoriteit waargeneem óf as iets wat chaoties is (“the absence of order”), óf as iets wat vals of negatief is (“the demonic parody of order”) (Greenblatt, 1980:9).
5. Een persoon se outoriteit kan deur ’n ander persoon as ’n vreemde of vyandige verskynsel ervaar word.
6. Wanneer een outoriteit of vreemd-vyandige verskynsel vernietig word, word dit deur ’n ander vervang.
7. Daar is altyd meer as een outoriteit of vreemd-vyandige verskynsel op ’n gegewe moment aanwesig.

8. Wanneer sowel die outoriteit as die vreemd-vyandige verskynsel buite die self geleë is, word hierdie verskynsels tegelyk as geestelike noodsaaklikhede ervaar, met die gevolg dat sowel onderwerping as vernietiging altyd reeds geïnternaliseer is.
9. Selfvorming geskied altyd, maar nie uitsluitlik nie, deur taal.
10. Die krag wat nodig is om die vreemde verskynsel in die naam van die outoriteit aan te val, word in oormaat geproduseer. Uiteindelik word die outoriteit self deur hierdie oormaat – aanvanklik gerig op die verdediging daarvan – bedreig. Selfvorming geskied gevolglik altyd deur die ervaring van bedreiging, ondermyning en verlies aan die self.

'n Ander aspek van Greenblatt (1997:12) se beskouing van belang vir die ondersoek na beeldvorming, is sy bewering dat alle kulturele praktyke oor 'n inherente vorm van sosiale energie beskik. Dit bring die teoretikus by die vraag na die wyses waarop sosiale energie onderhandel en uitgeruil word. In 'n poging om hierdie vraag te beantwoord, moet die volgende wanopvattings, volgens Greenblatt (ibid. [oorspronklike kursivering en numerering]), eers uit die weg geruim word:

1. Genialiteit kan nie as die enigste bron van energie in die ontstaan van groot kunswerke beskou word nie.
2. Geen skepping vind sonder 'n beweegrede plaas nie.
3. Daar bestaan nie iets soos oortreffende of tydlose of onveranderlike uitbeelding nie.
4. Geen kunsuitdrukking kan plaasvind sonder 'n oorsprong en 'n voorwerp – 'n *van* wie en 'n *vir* wie – nie.
5. Sonder sosiale energie sal daar geen kuns wees nie.
6. Daar bestaan nie iets soos die spontane generering van sosiale energie nie.

Hand aan hand met hierdie wanopvattings is daar sekere algemene beginsels betrokke by die onderhandeling en uitruiling van sosiale energie. Greenblatt (1997:12 [oorspronklike numerering]) stel die volgende:

1. Mimesis word altyd vergesel – asook geproduseer – deur onderhandeling en uitruiling.
2. Die uitruilingstransaksies waarby kuns betrokke is, mag geld betrek, maar ook ander ruilmiddels. Greenblatt wys daarop dat geld slegs een vorm van kulturele kapitaal is.
3. Alhoewel die agente wat by uitruilingstransaksies betrokke is na individue mag lyk, is daardie individue sélf produkte van kollektiewe uitruiling.

Op grond van die feit dat die gebruik van metafore soos 'uitruiling' en 'sirkulering' tipies van die Nuwe Historisme is en markfaktore, soos in literêre veldteorieë, 'n fundamentele rol in die ekonomiese magspel van sowel die samelewing as in die literatuur speel (Van der Merwe & Viljoen, 2012:163), is daar dus ooreenkomste tussen die metodologiese beskouings van die aanhangers van Nuwe Historisme en van dié van die veldteoretici:

> Like Bourdieu, the New Historicism has attempted to develop a methodology that would be the reductionism both of internal, formalist and of external, more frankly sociological or Marxian paradigms of criticism. It has sought to refigure the literary field, especially that of the English Renaissance, by resituating works not only in relationship to other genres and modes of discourse but also in relationship to contemporaneous social institutions and non-discursive practices. It posits, again like Bourdieu, that formal and historical concerns are inseparable, that human consciousness and thought are socially constituted, and that possibilities of action are socially and historically situated and defined (Johnson, 1993:19).

Uit die bostaande uiteensetting van Greenblatt se opvattings oor die literatuur is dit duidelik dat, aangesien die skrywer se optrede altyd in verband met 'n bepaalde historiese tyd (en die onderliggende kodes daarvan) beskou behoort te word (Van Coller, 2018:4), die skrywer nooit buite rekening gelaat kan word nie. Dit is egter veral in die literêre pragmatiek en die werk van Pierre Bourdieu – wat in sy institusionele benadering die verhouding tussen denksisteme, sosiale instellings en verskillende vorme van materiële en simboliese mag ondersoek het (Johnson, 1993:1) – waar die skrywer weer sy/haar regmatige plek ingeneem het. Hierdie aspek word breedvoeriger in die volgende hoofstuk behandel.

2.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is klem gelê op verskillende literêre teorieë – vanaf die vroegste kritiese denke tot die twintigste-eeuse benaderings en meer spesifiek op die aandag wat die skrywer in die literatuurwetenskap ontvang het.

Vanuit 'n posisie waarin hy/sy van 'n weldoener afhanklik was, het die skrywer na 'n finansieel-onafhanklike posisie oorgegaan en is die skrywer gedurende die Romantiek toenemend as 'n genie en 'n visionêr beskou. Met die opkoms van wetenskapsbeskouings is besondere aandag aan die rol van die skrywer en die kousale verband tussen die skrywer en die literêre werk, en die ras, milieu of moment waarbinne die werk ontstaan het, geskenk. Daar is genoem dat die positiviste, onder wie sielkundiges, die kunswerk beskou het as 'n uiting, gevolg of weerspieëling van verskillende invloede, waaronder die skrywer se psigiese samestelling en milieu. Vanweë hul positivistiese aard het die sendergerigte benaderings van die ouer paradigmas egter mettertyd in onguns verval. In die outonomiebewegings, waarvolgens die teks as selfgenoegsaam, outonoom, staties en afgeslote beskou is (Mudzanani, 1990:24), is die beoordeling van die literêre werk op grond van óf die

bedoelings van die skrywer, óf gegewens wat verband hou met die biografie van die skrywer, as ’n ernstige dwaling beskou.

Alhoewel die verhouding tussen sender en boodskap nooit in die ouer paradigmas ontken is nie, is dit, volgens Van Coller (1983:108), vereenvoudig tot ’n 1:1-verhouding. Deurdat die verantwoordelikheid vir waardebepaling en interpretasie van die teks in die nuwer paradigmas, soos die resepsie-estetika, leserresponskritiek en dekonstruksie na die leser daarvan oorgedra is, het die leser ’n toenemend belangrike rol in die nuwer paradigmas gespeel (Mudzanani, 1990:27).

Sergier et al. (2014:5) noem dat, toe Roland Barthes en Michel Foucault gedurende die sestigerjare van die vorige eeu ’n aanval op die idee van die skrywer “als begin van alle literatuurstudie” geloods het, dit wou voorkom asof die skrywer vir altyd as studie-onderwerp binne die letterkundige dissiplines en die literatuurwetenskap verdwyn het. Dit was dit egter nie die geval nie. Die ‘ontmanteling’ van die tradisionele skrywerskonsep het, volgens Sergier et al. (ibid.), weliswaar ’n einde aan die status van die skrywer as “almachtig subject” gebring. In die lig daarvan dat literatuurstudie in die nuwer paradigmas egter ’n sosiale dimensie bygekry het (deurdat die konteks van die teks deur sowel die teks as die leser betrek is) word literêre werk en literatuur “in die wêreld – en nie parallel met die wêreld nie – geplaas” (Mudzanani, 1990:27 [oorspronklike beklemtoning]) en het daar dus nuwe perspektiewe vir ondersoeke na die skrywersbeskouing na vore getree. Hierdie perspektiewe word in die volgende hoofstuk verder ontsluit.

HOOFSTUK 3

VELD- OF SISTEEMTEORIEË

In hierdie hoofstuk word die belangrikste veld- of sisteemteorieë onder die loep geneem. Alvorens dit egter kan geskied, is dit noodsaaklik om eers oor die oorkoepelende aard en taak, asook oor die verskillende vertakkings van hierdie teorieë te besin. Reinfandt (2001:276) se bondige beskrywing bied 'n goeie oorsig oor die aard en taak van sisteemteoretiese benaderings: "systems-theoretical approaches to literature tend to concur that literature should be viewed as a complex mode of systemic interaction or communication in a multi-dimensional systemic environment".

Binne die sisteemteoretiese benaderings word verskillende vertakkings onderskei. Fokkema (1997:177) identifiseer drie sodanige vertakkings in veld- of sisteemteorieë,[25] naamlik die formalistiese en strukturalistiese tradisie soos voorgestel deur Itamar Even-Zohar, die sosiologiese benadering van Pierre Bourdieu, en die konstruktivistiese variant van Siegfried J. Schmidt. Op hulle beurt onderskei De Zepetnek en Sywenky (1997:2) vyf vertakkings in veld- of sisteemteorieë: Pierre Bourdieu se literêre veldteorie, Jacques Dubois se teorie van die literêre instelling, Itamar Even-Zohar se polisisteemteorie, Niklas Luhmann se kommunikatiewe sisteemteorie en Siegfried J. Schmidt se empiriese studie van literatuur. Tyulenev (2013:160–161) onderskei tussen twee oorkoepelende sosiaal-sistemiese paradigmas. Die eerste is dié wat op sisteme as makrostrukture bokant menslike vlak fokus (soos die teorieë van Bourdieu en Luhmann). Die tweede paradigma is toegespits op sisteme en netwerke as mikrostrukture wat deur menslike (literêre) akteurs deur middel van sosiale interaksies gevorm word (soos die akteur-netwerk-teorie van Bruno Latour en Michel Callon). Vervolgens val die soeklig op die belangrikste van hierdie vertakkings.

3.1 Die formalistiese en strukturalistiese tradisie: Itamar Even-Zohar

Gebore uit die behoefte om sekere probleemaspekte rakende vertalingsteorie en die ingewikkelde historiese struktuur van die Hebreeuse literatuur te verken, het Itamar Even-Zohar (1990:1) sy polisisteemteorie – geskoei op die Russiese formalistiese en strukturalistiese tradisies – voorgestel. Volgens hierdie polisisteemteorie kan die literêre sisteem soos volg gedefinieer word:

[25] In haar proefskrif getiteld "'n Vergelykende ondersoek na die toekenning van debuutpryse vir Afrikaanse en Nederlandstalige poësie, 1990–2009", poog Bonthuys (2016:13–14) om, deur haar verwysings na verskeie definisies van die literêre veld- en sisteemteorie, 'n onderskeid tussen die genoemde terme te tref. Haar gevolgtrekking is egter dat die terme wel verwisselbaar aangewend word en dat "die konsepte sisteem en veld min of meer op dieselfde verskynsel slaan".

> The network of relations that is hypothesized to obtain between a number of activities called 'literary', and consequently these activities themselves observed via that network.
>
> Or:
>
> The complex of activities, or any section thereof, for which systemic relations can be hypothesized to support the option of considering them 'literary' (ibid.).

Op die vraag na watter aktiwiteite deur literêre sistemiese verhoudings beheer word, wys Even-Zohar (1990:28) op die feit dat die literêre sisteem nooit buite die verhoudings waarin dit veronderstel is om te funksioneer, kan bestaan nie. Daarom is daar nie 'n *a priori*-stel van 'waarneembaarhede' in die sisteem nie en word daar eerder gekyk na watter uitgangspunte, wanneer dit teenoor mekaar opgeweeg word, teoreties doelmatig is in die bereiking van sukses.

In sy skematisering van die literêre sisteem, leen Even-Zohar (1990:31) by Jakobson (kyk 2.3.1; 2.3.2) se bekende kommunikasiemodel en identifiseer die onderstaande as faktore wat by die literêre (poli-)sisteem betrokke is:

Figuur 3.1: Faktore betrokke by die literêre (poli-)sisteem

Even-Zohar (1990:32) noem dat, benewens die toepaslikheid van Jakobson se skema as grondslag vir sy eie teorie, die polisisteemteorie veral aansluiting vind by Jabobson se opvatting dat al die verskillende funksies van taal ondersoek behoort te word.

Vroeër in hierdie bespreking is genoem dat die polisisteem, aldus Even-Zohar, nie op 'n *a priori*-hiërargie van vermeende faktore berus nie, maar eerder op die interafhanklikheid tussen die faktore wat dit vir die sisteem moontlik maak om te funksioneer. Even-Zohar (1990:34–43) identifiseer die volgende rolspelers in hierdie verband, naamlik vervaardigers, verbruikers, die instelling, die mark, repertorium en die produk:

3.1.1 Vervaardiger(s)

Even-Zohar (1990:34) verkies die term *vervaardiger* aangesien die idee van die *skrywer* misplaasde beelde kan oproep. In Hoofstuk 2 is reeds genoem dat die sentrale plek wat tydens die Romantiek aan die skrywer toegeken is, in die twintigste eeu deur teksgerigte benaderings vervang is. In sisteemteorieë word die skrywer egter aan die bedryfsfaktore in die sisteem verbind en is daar, by wyse van die begrip van die vervaardiger, dus nuwe skrywersbeskouings moontlik: "To successfully link the producer to the other factors operating in the system as both a conditioning and a conditioned force has made it possible to attempt to correlate understander-based theories with maker-based ones" (Even-Zohar, 1990:35). Die skepping van die teks is dus slegs een van die produksie-elemente in die literêre netwerk (ibid.). Voorts is produsente nie beperk tot 'n enkele rol in die netwerk nie, maar kan hulle aan verskeie uiteenlopende aktiwiteite deelneem (kyk ook 3.3.6 vir Bourdieu se begrip van *trajek*). In hierdie verband konstitueer die (literêre) akteurs dus sowel die literêre instelling as die literêre mark.

3.1.2 Verbruikers

Even-Zohar (1990:36) onderskei tussen indirekte en direkte verbruikers van literêre tekste. Alle lede van enige samelewing is ten minste indirekte verbruikers van literêre tekste wat deur verskeie agente deel van daaglikse diskoers gemaak word. As voorbeelde van sodanige tekste noem Even-Zohar ou verhale, idiome en sinspelings, gelykenisse en handelsterme. Direkte verbruikers word beskryf as mense wat uit eie keuse en oortuiging in literêre aktiwiteite geïnteresseerd is. Wanneer na 'n groep verbruikers verwys word, word algemeen van die publiek gepraat – 'n groep wie se rol in die sisteem uiteraard van groot belang is.

3.1.3 Die instelling

Even-Zohar (1990:37) beskryf die instelling as die versameling van faktore wat betrokke is by die instandhouding van literatuur as 'n sosiokulturele aktiwiteit. Voorts oefen die instelling beheer uit oor die heersende norme in hierdie aktiwiteite. Dit is ook die instelling wat bepaal watter agente en produkte vir 'n langer tydperk deur die samelewing onthou sal word. As deel van die instelling noem hy kritici, uitgewerye, tydskrifte, klubs, skrywersgroepe, staatsinstellings (soos ministeriële kantore en akademies), opvoedkundige instellings (soos skole en universiteite) en die massamedia.

3.1.4 Die mark

Die mark word verduidelik as die versameling faktore betrokke by die aankoop, verkoop en bemarking van literêre produkte. Hierdie faktore behels nie slegs handelaars (soos boekwinkels) en instellings betrokke by uitruiling (boekklubs of biblioteke) nie, maar al die faktore betrokke by die semiotiese of simboliese uitruiling van literêre produkte (Even-Zohar, 1990:38).

3.1.5 Repertorium

Volgens Even-Zohar (1990:39) verwys die begrip *repertoire* (*repertorium*) na die reëls en materiaal waardeur sowel die skepping as die gebruik van ’n gegewe produk bestuur word. Die kulturele repertorium verwys weer na ’n gereedskapskis van vaardighede waaruit mense konseptuele strategieë konstrueer – strategieë op grond waarvan mense tot ’n ‘verstaan van die wêreld’ kan kom. Slegs op grond van ’n gedeelde repertorium kan ’n groep mense met mekaar kommunikeer en hul lewens organiseer sodat dit aanvaarbaar en betekenisvol binne die groep kan wees. Met verwysing na Stuart Hall (1997:2), wat *kultuur* as die gedeelde waardes van ’n groep of samelewing – dus ’n stel praktyke – beskryf, wys Van Coller en Van Jaarsveld (2018:s.bl.) op die verband tussen repertorium en kultuur. Volgens laasgenoemde outeurs is kultuur gemoeid met die produksie en uitruiling van betekenis tussen lede van ’n groep of samelewing. Die stelling dat twee mense tot dieselfde kultuur behoort, beteken dus dat hulle die wêreld op min of meer dieselfde wyse interpreteer en dat hulle hul gedagtes en gevoelens met betrekking tot die wêreld op maniere wat deur ander lede verstaan sal word, kan uitdruk. Ingevolge linguistiese terminologie is ’n *repertorium*, volgens Even-Zohar (1990:39), dus ’n kombinasie van die ‘grammatika’ en ‘woordeboek’ van ’n gegewe ‘taal’. Hy wys voorts op die verband tussen die konsep *repertorium* en Jakobson se gebruik van die term *kode* (kyk 3.4.1): “code, could have served the same purpose were it not for existing traditions for which a ‘code’ applies to ‘rules’ only, not ‘materials’ (‘elements,’ ‘items,’ i.e., ‘lexicon’)”.

Met betrekking tot die sosiaal-gegenereerde repertorium en die prosedures van individuele inprenting en internalisering, ag Even-Zohar (1990:42) Bourdieu se habitusteorie (wat in Afdeling 3.3.4 bespreek word) as betekenisvol.

3.1.6 Produk

In sy polisisteemteorie gebruik Even-Zohar (1990:43) die term *produk* as verwysend na ’n voorgestelde of uitvoerbare stel tekens. Hiervolgens kan enige uitkoms of aktiwiteit, wat ook al die ontologiese manifestasie daarvan mag wees, as ’n produk beskou word. Op die

vraag na wat die produk van literatuur is en of die teks, soos in baie beskouings, die énigste produk van 'literatuur' is, verduidelik Even-Zohar (ibid.) dat die antwoord van die vlak van analise afhang.

Een van die aanwinste van Even-Zohar se polisisteemteorie is sy onderskeiding tussen literatuurnavorsing en literêre en/of kritiese aktiwiteite (Jacobs, 2016:22). Volgens Lambert (1997:9) poog Even-Zohar om, deur die waarneming en beskrywing van literêre manifestasies, die onderliggende kenmerke daarvan bloot te lê. Eerder as om essensiële en normatiewe waardes te aanvaar, dring hy aan op die beskrywing van die funksies wat binne gegewe tradisies, spesifieke tegnieke en middele aan literatuur toegeskryf word. Lambert noem voorts dat Even-Zohar nie bloot aanvaar dat 'n literatuur met 'n nasie of 'n taal ooreenstem nie – hy evalueer die mate waartoe skrywers, lesers, verspreiders, tekste en mikroskopiese tekstuele kenmerke binne 'n groter karakteristieke geheel (makroskopiese raamwerke) geplaas word. Die genoemde beskouing dat 'n literatuur nie met 'n nasie of taal ooreenstem nie, is aanvegbaar, veral met betrekking tot byvoorbeeld die Oos-Duitse, Russiese en Marxistiese literatuur waar 'n Marxistiese benadering[26] tot die letterkunde ter sake sal wees. In hierdie verband is Fokkema (1997:180) se stelling dat sisteme konstruksies is wat in ooreenstemming met 'n spesifieke perspektief kan verander (kyk 3.2) dus ook relevant. Volgens Viljoen (2017b:136) is poësie enersyds, "vanweë die verknooptheid daarvan met die uniekheid van die taal waarin dit geskryf is onhebbelik lokaal". Andersyds "teer dit op 'n uitgebreide stoorkamer van poëtikale opvattings, denkraamwerke, vorme, tegnieke, trope, beelde en verwysings wat nie gebonde is aan bepaalde grense nie en [wat] wêreldwyd sirkuleer". In haar ondersoek na grensoorskrydende Afrikaanse literatuur maak Viljoen gebruik van Ramazani (2009) se term *transnasionaal.* Hierdie term verwys na kulturele werke wat nasionale grense oorsteek: "hetsy op stilistiese, topografiese, intellektuele of enige ander vlak" (ibid.). Soos later in Hoofstuk 8 aangetoon sal word, is daar in die beeldvorming van sowel Slippers se persona as in die bundel *Fotostaatmasjien* aanduidings van 'n transnasionale poëtika.

Uit die bespreking van die polisisteemteorie, blyk dit duidelik dat sosiokulturele aktiwiteite uit 'n netwerk van verwantskappe bestaan en dat die funksionele elemente wat deur die sistemiese benadering veronderstel word, interafhanklik en in korrelasie met mekaar is: "The specific role of each element is determined by its relational positions vis-à-vis all other

[26] "A Marxist approach to literature includes, amongst others, a critique of ideology, which unmasks the ways in which bourgeois ideology maintains itself. It also offers an explanatory model for understanding literary phenomena in terms of their relations to the rest of society" (Liebenberg, 1990:246).

(hypothesized) elements" (Even-Zohar, 1990:85). Reinfandt (2001:277) se definisie van polisistemiese studie bied 'n goeie oorsig van die aard van hierdie benaderings. Hiervolgens word literatuur beskou as 'n komplekse geheel van strukture, soos taal en kulturele repertoriums van norme en waardes. Laasgenoemde strukture kom voor binne 'n nóg groter komplekse geheel van strukture (soos nasie, tradisie en kultuur) waarbinne die klem op aspekte soos dinamiese deursigtigheid, wedersydse interafhanklikheid en heterogeniteit geplaas word.

3.2 Die konstruktivistiese variant: Siegfried J. Schmidt en Niklas Luhmann

Siegfried J. Schmidt (1944–) se beskouings wentel rondom die vraag na die invloed van nuwe benaderings soos resepsie-estetika, polisisteemteorie, empiriese literatuurstudie, konstruktivisme of dekonstruksie op literêre navorsers se beskouings met betrekking tot onderwerpe, probleme, metodes en doelstellings. Ten einde te bevestig dat daar wel 'n invloed uitgeoefen is, moet aan die volgende voldoen word (Schmidt, 1997:119 [oorspronklike kolparagrawe]):

- Dit is ontoereikend om literêre tekste geïsoleerd van hul konteks (literêre akteurs, kultuur en die samelewing) te bestudeer. Schmidt wys derhalwe op die belang daarvan dat 'n wetenskaplike rekonstruksie van literêre verskynsels as model moet dien vir 'n netwerk van interaktiewe items – die sisteem.
- Betekenis kan nie as 'n ontologiese eienskap van literêre tekste beskou word nie, maar verrys binne 'n bepaalde sosiokulturele konteks en wel uit een of ander vorm van interaksie tussen teks en leser.
- Literêre konsepte ontwikkel uit ingewikkelde sosiokulturele prosesse van kanonisering, sosialisering en ideologiese oriëntasie.
- Literêre navorsing word beoefen deur (literêre) akteurs in 'n sosiale sisteem en in ooreenstemming met spesifieke en toepaslike reëls en norme, doelwitte en belangstellings.
- In 'n tydperk waarin begrotings kleiner word, word die geesteswetenskappe die meeste deur besnoeiings geraak en moet daar dus goeie redes verskaf word waarom literêre studie institusioneel lewend gehou behoort te word.

In 'n poging om bogenoemde aspekte op 'n wetenskaplike wyse te ondersoek, stel Schmidt (1997:120) twee konsepte voor, naamlik *sisteem* en *waarnemer*. Vir hom (ibid.) bly die eis om tekste binne konteks te beskou onbeantwoord totdat daar gespesifiseer word watter (dele van) kontekste van toepassing is en watter verhoudings daar tussen die konsepte gevestig kan word: "The concept of 'system' seems to be a useful tool to organize the

relevant sections from the infinity of contextual 'bits and pieces' […]". Die feit dat tekste, soos hierbo genoem, nie meer in isolasie bestudeer word nie, bevestig die belang daarvan dat enige vorm van tekstuele analise 'n waarnemingsisteem voorveronderstel. Sodanige sisteem beskik oor die kommunikatiewe hoedanighede om binne 'n empiriese sosiokulturele situasie te kan funksioneer.

Schmidt (1997:121 [oorspronklike kolparagrawe]) baseer sy uitgangspunte op dié van Niklas Luhmann[27] (1927–1998) en som dit soos volg op:

- Sosiale sisteme ontstaan uit kommunikasies, dit bestaan uitsluitlik uit kommunikasies en reproduseer en onderhou sigself outopoëtikaal[28] ten opsigte van kommunikasie.
- Kommunikasie is die drievoudige seleksie van boodskap, inligting en begrip.
- Uit bogenoemde twee punte volg dat individue (literêre akteurs en onderwerpe) nie deel uitmaak van enige deel van kommunikasie óf van sosiale sisteme nie, maar dat individue tot die omgewing van sosiale sisteme (en dus van kommunikasie) behoort.

Vir Fokkema (1997:180) lê die waarde van Luhmann se uitgangspunte in sy beskouing dat sisteme uit 'n netwerk van interne verhoudings tussen die elemente daarvan bestaan, dat sisteme van hul omgewings onderskei kan word en dat sisteme 'n kenmerkende funksie relatief tot ander sisteme vervul. Hieruit maak Fokkema (ibid.), soos in 3.1.6 vermeld, die stelling dat sisteme konstruksies is wat in ooreenstemming met 'n spesifieke belangstelling of perspektief kan verander: "if we wish to talk about the literary system at a particular juncture of, for instance, Wes-European history, we must make explicit what our specific interest or perspective is".

Met betrekking tot die literêre sosiale sisteem stel Schmidt (1997:124) vyf strukturele dimensies of subsisteme voor: (literêre) akteurs en hul kognitiewe terreine; kommunikasie; sosiale strukture en instellings (wat mediasisteme insluit); media-aanbiedings (van literêre tekste en ander literêre verskynsels); en uiteindelik die simboliese ordening van kulturele kennis.

[27] Aangesien die navorser nie Duits magtig is nie, word Schmidt (1997) en Fokkema (1997) se besprekings van Luhmann se teorie as bronne gebruik.

[28] Reinfandt (2001:276) beskryf selforganisasie en outopoëse as twee verskillende aspekte van selfverwysing: "Autopoiesis describes self-reference with regard to a system's ongoing and strictly immanent (re-)production of its elements. Accordingly, the term refers to a mode of organization which is characteristic of a system and determines its identity. Self-organization, on the other hand, describes self-reference with regard to a system's translation of impulses from its environment into immanently produced structures which are constantly modified while the basic organization/identity of the system remains unchanged."

3.2.1 Literêre akteurs

In sy verwysing na die optrede van (literêre) akteurs, noem Schmidt (1997:123) dat akteurs se sosiale handelinge altyd 'gekleur' word deur sosiale verhoudings, oriëntasies en beperkinge. In hierdie verband maak Schmidt gebruik van Sterbling (1991) se elite-teorie en beskryf hy die elite as individue of (min of meer georganiseerde) groepe wat, teen die agtergrond van sistemies-bepaalde doelwitte en moontlikhede, saamwerk of in stryd met mekaar verkeer. Volgens Schmidt speel die elite 'n deurslaggewende rol in die sosiale konstruksie van realiteit, in die beskrywing van spesifieke situasies en in besluitneming. Voorts stel die elite sosiaal-relevante idees, verklarings en oriëntasies, asook simboliese sisteme wat die verkryging van kulturele kapitaal verteenwoordig voor en bekend, en stabiliseer en verander hulle ook die genoemde aspekte. Op grond van die bevoorregte posisies waar vanuit hulle optree, het die elite 'n groot invloed op die algemene publiek. Schmidt (1997:124) noem dat (literêre) akteurs in die reël in twee groepe verdeel word, naamlik professionele en nieprofessionele akteurs. Albei hierdie groepe kan deel van die elite vorm.

Volgens Schmidt (ibid.) word die handelingsmoontlikhede van (literêre) akteurs binne die sosiale sisteem institusioneel in vier handelingsdimensies versprei, naamlik produksie, bemiddeling, resepsie en die postprosessering van literêre verskynsels. Hierdie vier handelingsdimensies is die hoofargumente in Schmidt se teoretiese en metodologiese raamwerk waarna kortweg as ESL (empiriese studie van literatuur) verwys word. In ESL word daar op onderwerpe gekonsentreer wat 'n (bewysbare) sosiale impak sou kon hê en word vrae gestel oor die funksie van die literêre instruksie – wat die langtermyngevolge daarvan is en hoe studente hierdie deel van hul opvoeding verstaan (Schmidt, 2010:5).

3.2.2 Kommunikasie

Schmidt (1997:121) verduidelik dat kommunikasie (teoreties) dus self tot (literêre) akteur gemáák word deurdat kommunikasie sigself waarneem, deurdat kommunikasie verdere kommunikasies op grond van verbindingsmoontlikhede 'kies' en deurdat kommunikasie sigself deur outopoëse reproduseer.

3.2.3 Sosiale strukture en instellings

Twee ontwikkelinge gedurende die tagtiger- en negentigerjare van die vorige eeu het veranderinge in ESL genoodsaak (Schmidt, 2010:6). Schmidt wys op die invloed wat die bekendstelling van private uitsaaidienste (1980's) en die vinnige groei van die internet (sedert 1994) gehad het om industriële samelewings in mediasamelewings te verander.

Deur hierdie nuwe media is globalisering bevorder, die arbeidsituasie is verander en persoonlike en sosiale verhoudings is beïnvloed: "Media systems served as instruments by which societies observed themselves and by which media systems observed one another" (ibid.). Voorts het sosiale veranderinge met 'n filosofiese verandering gepaardgegaan. Hierdie verandering, bekend as radikale konstruktivisme, het 'n invloed op die toekoms van ESL uitgeoefen: "This philosophical school's designations include the constitutive role of observation and description, of self-organization and self-reference, and of autopoiesis" (ibid.). As die belangrikste uitgangspunt in hierdie benadering noem Schmidt dat die mens self sy/haar wêreld konstrueer: "what we experience as objects in our world of experience results from processes we perform according to our conditions of actions" (ibid). Met betrekking tot die waarneming van realiteit as 'n konstruksie, skryf Fokkema (1997:179) dat die mens die wêreld konstrueer tot dié mate waartoe hy/sy dit kan waarneem en wel op maniere wat deur die beperkte kapasiteit van sy/haar eie biologiese sisteem moontlik is. In sy teorie stel Schmidt die wêreld dus as 'n menslike skepping voor.

3.2.4 Media-aanbiedings

Ten opsigte van die mediakultuur noem Schmidt (2010:6) dat in die behandeling van literatuur daar binne enige mediakulturele samelewing rekening gehou moet word met die feit dat literatuur slegs een medium tussen ander is en dat dit in kompetisie met ander media is.[29] Voorts moet onthou word dat die beheer van media-aanbiedings deur die totale mediasisteem van 'n samelewing vasgestel word. Ter verduideliking van hierdie stelling noem Schmidt dat die literêre in die mediasisteem van 'n samelewing ingebed is. Nuwe media poog om tradisionele konsepte van die skrywer, die ontvanger, betekenis, verspreiding, inligting, kreatiwiteit, fiksie, ensovoorts te transformeer. Binne die literêre sisteem kan die betekenis van konsepte slegs verstaan word ooreenkomstig 'n beskrywing van die betekenisverskil vis-à-vis ander mediasisteme. Aangesien die beeldvorming van Bibi Slippers, veral deur die gebruik van nuwe media, 'n uitstekende voorbeeld van die genoemde transformasies is, word haar beeldvorming later in hierdie proefskrif (kyk Hoofstuk 8) binne die raamwerk van Luhmann se kommunikatiewe sisteemteorie (soos aangepas deur Schmidt met sy akteur-georiënteerde benadering) ondersoek.

[29] Soos uit die bespreking in Hoofstuk 8 sal blyk, is Bibi Slippers intens hiervan bewus en benut sy ook ander media om byvoorbeeld literatuur (en ook haar eie werk en haar postuur) te 'dien'.

3.2.5 Die simboliese ordening van kulturele kennis

Volgens Schmidt (2010:7) voorveronderstel die opkoms van 'n samelewing 'n raamwerk van kategorieë waardeur die semantiese oriëntasie van die lede met betrekking tot belangrike aspekte van sosiale lewe moontlik gemaak kan word. Hierdie model staan as die model van die realiteit van 'n samelewing bekend en word in spesifieke terme as die kollektiewe kennis van die lede van 'n samelewing beskryf.[30] Met betrekking tot kulturele kennis spreek Fokkema (1997:180–181) die mening uit dat hierdie soort kennis die grondslag van estetiese konvensie vorm: "if texts are intended to be read as literature or for other reasons elicit a literary response, the text processing is not to be geared towards a testing of factual truth or towards immediate practical application, but rather towards the cognitive and emotive assimilation of general beliefs or models of behavior". Ter verduideliking wys Fokkema (1997:182) op drie stadia van lees:

- Die historistiese poging tot kontekstualisasie
- Die toeskrywing van simboliese betekenis wat saamhang met dekontekstualisering (algemene oortuigings en gedragsmodelle word uit die teks afgelei)
- Rekontekstualisering, wat verwys na die verbinding van algemene oortuigings en gedragsmodelle met die leser se eie leefwêreld (algemene oortuigings word spesifieke oortuigings terwyl gedragsmodelle oorgaan in konkrete aksie)

Teen die agtergrond van hierdie drie leesstadia maak Fokkema (ibid.) die afleiding dat die sentrale aktiwiteite binne die literêre sisteem hoofsaaklik deur die estetiese konvensie gekenmerk word.

3.3 Die sosiologiese benadering: Pierre Bourdieu

Die Franse sosioloog Pierre Bourdieu (1930–2002) het 'n komplekse kunssosiologie ontwikkel waarin nie slegs op die rol van die direkte vervaardiger van die teks gefokus word nie, maar waarin die teks beskou word as 'n manifestasie van die totale veld waarin dit geskep is. Bourdieu se literêre veldteorie verskaf 'n analitiese model waarbinne enige sosiale formasie by wyse van 'n rangordelike, georganiseerde reeks velde (soos die ekonomiese veld, die opvoedkundige veld, die politieke veld en die kulturele veld) gestruktureer word. Elkeen van hierdie sosiale formasies word beskryf as 'n gestruktureerde ruimte met sy eie reëls ten opsigte van die funksionering daarvan en eie magsverhoudings wat onafhanklik is van dié van die politiek en die ekonomie. Johnson (1993:6) verduidelik dat elke veld relatief

[30] Kyk *repertorium* (3.1.5).

outonoom is, maar dat dit struktureel in ooreenstemming met ander velde is.[31] Hierdie ooreenstemming met ander velde word deur die term *homologie*[32] aangedui (Bourdieu, 1996a:250).

In sy verwysing na die verskillende rolspelers in die veld onderskei Bourdieu nie soos Even-Zohar tussen die verskillende rolspelers as *produsent*, *verbruiker* en *instelling* nie (kyk 3.1), maar gebruik die versamelnaam *agent* om enige (sosiale) rolspeler te beskryf (Bonthuys, 2016:22).

Binne die twee opponerende pole waaruit die literêre veld saamgestel is, naamlik die ekonomiese pool en die artistieke pool, word tussen vier vorme van kapitaal onderskei. 'n Vraag wat dikwels deur navorsers (kyk *ResearchGate,* s.j.:s.bl.) geopper word, is of simboliese kapitaal 'n sambreelterm vir sosiale en kulturele kapitaal is. In 'n debat op *ResearchGate* (ibid.) beskryf Lynch simboliese kapitaal as die kapitaal van legitimasie. Ander navorsers – Newton, Calderon-Almendros en Schneidhofer (ibid.) – dui aan dat Bourdieu die begrippe as wisselterme gebruik. Deurgaans word daar egter op die oorvleuende aard van die begrip gewys. Binne die oorvleuelende aard van die verskillende vorme van kapitaal ag die navorser Stych (2010) se beskrywing as die mees toepaslike vir hierdie studie.

3.3.1 Vorme van kapitaal

3.3.1.1 Simboliese kapitaal

Stych (2010:3) beskryf simboliese kapitaal as die wyse waarop of middele waardeur 'n persoon sy/haar fisiese of sosiale realiteit skep. Dit het ook betrekking op die wyse waarop prestige aangebied word, byvoorbeeld deurdat sekere handelsmerkklere gedra word ten einde 'n bepaalde beeld uit te dra. In die verkryging van simboliese kapitaal speel die skrywer se prestige, roem, verering, literêre pryse en vertalings 'n belangrike rol (kyk Johnson, 1993:7; Van Coller, 2010:486; Bonthuys, 2016:24). Hoe beter die skrywer se posisie in die literêre veld, hoe groter is hierdie simboliese kapitaal. Ten einde sodanige posisie in te neem, is kennis van die reëls en funksionering van die veld waarin die literêre produk geproduseer en gesirkuleer word, van kardinale belang (Bourdieu, 1993:75–76). In

[31] Bonthuys (2016:32) skryf dat die ideologiese oortuigings van die dominante agente in die politieke veld of die magsveld dikwels ooreenstem met dié van dominante agente in die literêre veld.

[32] Goldman (1980:33) gebruik die term wanneer hy na die verband tussen die literêre werk en ander strukture, soos die sosiale, verwys: "Society is such a whole, and, to understand the literary work, one cannot isolate it as a monadic element outside its context. It, too, is a construction within society, and the need to see its functional relatedness within large structures is the very description of the hypothesis of homology. […] a literary work is homologous to the collective consciousness of a class, or classes."

die verkryging van simboliese kapitaal is dit voorts belangrik dat agente op 'n aktiewe wyse vertroue in die waarde van hul kuns sal vestig. Met betrekking tot die produksie van vertroue wys Johnson (1993:11) op die belang daarvan dat die literêre werk herplaas word in die sosiale verhoudings waardeur die werk ondersteun word. Herplasing het betrekking op die erkenning van die funksies van artistieke bemiddelaars (uitgewerye, kritici, agente, boekhandelaars en akademici) as produseerders van die betekenis en waarde van die werk (Bourdieu, 1993:37). Volgens Bourdieu (1993:77–78) kan daar, in die trubeweging van die 'skepper' na die 'ontdekker' ('creator of the creator') 'n sirkel van vertroue waargeneem word. Binne hierdie sirkelgang onderskei en beskryf hy die volgende rolspelers:

- Talentsoekers, wat deur hul passie vir 'n kunswerk die kunstenaar 'maak' of wat tot die selfvestiging van die kunstenaar bygedra het
- Uitgewerye, wat verantwoordelik is vir die publikasie, en wat die betrokke skrywer deel van sy/haar katalogus en handelsmerk maak
- Kritici, wat tot die bekendstelling en waardebepaling van die werk bydra en deur wie die keuses van boekkopers en -verkopers gerig word
- Die publiek, wat tot sowel die materiële as die simboliese waarde van die kunswerk bydra

Vertroue in die werk is dus nie net die taak van die individuele skrywer nie, maar van die veld as geheel (Bourdieu, 1993:37, 76; 1996a:167; Johnson, 1993:11).

Hand aan hand met die vestiging van vertroue in die waarde van hul kuns, is die verkryging van beheer oor die belange en die hulpbronne wat eie is aan die betrokke veld. Aangesien die literêre of artistieke veld, soos reeds genoem, 'n veld van strydende kragte en struwelinge is (Bourdieu, 1993:30), is agente voortdurend in kompetisie met mekaar (Johnson, 1993:6). Elke posisie-inname word beskryf in verhouding tot die moontlike beskikbare posisies (ook ten opsigte van temas, style en genres). Op enige gegewe moment word die struktuur van die veld dus bepaal deur die posisies wat die agente in die veld beklee (ibid.).

3.3.1.2 Kulturele kapitaal

Kulturele kapitaal verwys na sosiale vaardighede, spraakpatrone, opvoeding en die mens se smaak na aanleiding van sy/haar posisie in die samelewing. Aangesien dit van kardinale belang is, nie net in die aanleer van sosiale en linguistiese vaardighede nie, maar ook in die handhawing van klas binne die samelewing, kan die waarde van opvoeding nooit onderskat

word nie (Stych, 2010:4). Jacobs (2016:62) wys op vier bestaanvorme waarin kulturele kapitaal aangetref word:

(i) ’n Geobjektiveerde toestand, waarvan boeke of skilderye voorbeelde is
(ii) ’n Geïnkorporeerde toestand wat betrekking het op verskillende agente se kulturele vermoëns, vaardighede en kennisvorme
(iii) ’n Liggaamsgebonde toestand (liggaamlike *hexis*) as verwysend na die fisieke, geïnkorporeerde houdings en ingesteldhede by individue vanweë die verhoudings tussen bepaalde velde en die individu se habitus. Die habitus van ’n agent is die gevolg van ’n langdurige proses van inprenting waardeur die agent toegerus word met die nodige vaardighede ten einde die veld te betree. Die habitusbegrip word in 3.3.4 breedvoeriger bespreek.
(iv) ’n Geïnstitusionaliseerde vorm (habitus)

Kulturele kapitaal hang dus, aldus Bonthuys (2016:24), “oënskynlik af van kennis van die literêre veld, heel dikwels ook akademiese kennis”. Soos reeds genoem, is die produsente in die kulturele veld ingestel op spesifieke legitimiteit en daarom word daar in hierdie outonome gedeelte van die veld veral op die literêre veld se *doxa,* reeds in 1.1 beskryf as algemeen aanvaarde feite, gekonstrueerde en vasgelegde persepsies, gesteun.

3.3.1.3 Sosiale kapitaal

Volgens Stych (2010:3) word sosiale kapitaal ten beste beskryf deur die spreekwoord “Dis nie wát jy ken nie, maar wíé jy ken”. Sosiale kapitaal verwys dus na die sosiale netwerke waarvan die mens deel is en na die status wat mens op grond van daardie netwerke verkry. Jacobs (2016:63) beskryf sosiale kapitaal as kapitaal wat na “die min of meer standhoudende relasies wat agente binne ’n bepaalde veld met mekaar handhaaf” verwys “en wat op ’n stelsel van uitruiling van materiële sowél as gesogte en uitsonderlike simboliese goedere berus”.

3.3.1.4 Ekonomiese kapitaal

Die ekonomiese pool word soms as die massa- of populêre kultuur beskryf. In die ekonomiese (en politieke) veld gaan die stryd oor die verkryging van ekonomiese kapitaal, waarin veral die media ’n belangrike rol speel (P.J. Fourie, 2009:184; Johnson, 1993:7, 15, 16).[33] Ekonomiese kapitaal is konkreet van aard, “het met alle vorme van materiële besit te make en berus op ’n stelsel van uitruiling van goedere” (Jacobs, 2016:62). Hier gaan dit oor

[33] Van Coller (2009:143) wys op Van Wyk Louw se “bewuswees van die belangrikheid van die massamedia as potensiële kultuurdraers”.

watter agente oor die grootste finansiële bates of steun beskik. Volgens die outonome beginsel van hiërargisering, word produseerders en produkte onderskei op grond van die mate van sukses wat met die gehoor bereik word. In die subveld van grootskaalse produksie is die klante (of gehoor) hoofsaaklik die algemene publiek. Daarom is uitgewerye en skrywers gerig op verkope (Bourdieu, 1996a:147). Op grond van hierdie gerigtheid is dit vanselfsprekend dat die media, soos reeds genoem, 'n belangrike rol speel. Volgens P.J. Fourie (2009:184) het die media "'n kommersiële instrument geword en is [dit] as sodanig 'n kommersiële mag wat oop is vir kommersiële magsmisbruik en vir kommersiële misbruik van die mediapubliek". Ekonomiese en politieke wins is derhalwe uiteraard 'n aanduiding van hierdie sukses: "at the other pole of the field, that of the market and of economic profit, authors who manage to secure 'high-society' successes and bourgeois consecration are opposed to those who are condemned to so-called 'popular' success" (Bourdieu, 1993:46). Met betrekking tot die opposisie tussen kommersiële produkte (wat op groot skaal geproduseer word) en nie-kommersiële literêre produkte (wat op 'n kleiner skaal geproduseer word), wys Bourdieu (1993:82) op die uitgestelde, blywende sukses van 'klassieke' werke teenoor die onmiddellike, tydelike sukses van topverkopers:

> […] between a production based on denial of the 'economy' and of the profit (sales targets, etc.) which ignores or challenges the expectations of the established audience and serves no other demand than the one it itself produces, but in the long term, and a production which secures success and the corresponding profits by adjusting to a pre-existing demand.

Volgens Bourdieu (1993:125) is dit heeltemal geoorloof om middelmootliteratuur[34] as die produk van grootskaalse produksie te beskou, "because these works are entirely defined by their public". Gevolglik definieer hy (1993:126) middelmootliteratuur as die produk van 'n produksiesisteem wat deur die vraag na beleggingsvoordeligheid gedomineer word; "this creates the need for the widest possible public". Die vraag is egter of Bourdieu se digotomie nie te radikaal is binne 'n postmodernistiese samelewing nie. In die evaluering en vergelyking van die verskillende veld- of sisteemteorieë (kyk 3.7) sal die feit dat elemente van sy werk nie na 'n eietydse situasie getransponeer kan word nie, juis as 'n punt van kritiek genoem kan word.

3.3.2 Genres

Vanuit 'n ekonomiese perspektief beskou, bring die genres wat die hoogste posisie in die hiërargie van genres beklee, uiteraard die grootste wins mee. In 'n artikel getiteld "Genre and literary canon" gee Alistair Fowler (1979) 'n breedvoerige oorsig van die historiese

[34] Vir 'n bespreking van middelmootliteratuur, kyk Erasmus-Alt (2016:161–164; kyk ook 5.2.2 van hierdie proefskrif).

ontwikkeling van literêre genres en toon aan dat bepaalde genres op bepaalde tye hoog gewaardeer was. Die roman – wat in wese nie een van die klassieke vorme was nie en wat eintlik ’n produk van die sewentiende en agtiende eeue was – beklee die sentrale posisie in albei dimensies van die literêre ruimte, met poësie (behalwe vir enkele uitsonderings) aan die onderkant van die skaal (Bourdieu, 1993:47, 51). Van Coller (2014:s.bl.) stel die vraag of daar ook in die Afrikaanse letterkunde sodanige genrehiërargie bestaan en kom tot die gevolgtrekking dat die roman skynbaar ook hier ter plaatse die hoogste posisie beklee.

3.3.3 Produksiesiklusse

’n Ander aspek wat verband hou met kommersiële en niekommersiële produkte is kort en lang produksiesiklusse. Wat die kommersiële pool betref, is die produksiesiklus kort en spesifiek daarop gemik om risiko’s te minimaliseer. Van belang aangaande hierdie pool is die identifisering van ’n bepaalde behoefte en die daarstelling van bepaalde bemarking-strategieë met die oog op spoedige wins (kyk ook later in 3.3.5). Ten opsigte van hierdie pool word sterk gesteun op konstante en volgehoue bemarking. Daarteenoor is die produksiesiklus van die niekommersiële pool toekomsgerig en bestaan daar uiteraard die risiko van voorraad wat kan ophoop (Bourdieu, 1993:97, 100). Dat daar egter altyd ’n verband tussen simboliese en ekonomiese kapitaal bestaan, blyk uit die onderstaande aanhaling:

> ‘Symbolic capital’ is to be understood as economic or political capital that is disavowed, misrecognized and thereby recognized, hence legitimate, a ‘credit’ which, under certain conditions, and always in the long run, guarantees ‘economic’ profits (Bourdieu, 1993:75).

Aangesien ’n agent se posisie binne die veld kan verander – iets wat dus ’n verandering in die struktuur van die veld tot gevolg het – is ’n *veld* noodwendig ’n dinamiese konsep.

Posisie-inname het uiteraard betrekking op sowel nuwelinge as op posisies wat reeds gevul is. Daar is dus ’n ontmoeting tussen twee geskiedenisse, “the history of the positions they occupy and the history of their dispositions” (Bourdieu, 1993:61). Volgens Bourdieu (1993:60) het die stelling ‘om naam te maak’ – as verwysing daarna dat ’n nuwe epog ingelui word – betrekking op die verwerwing van erkenning. Enersyds word die verskil met ander produsente erken. Andersyds is daar die erkenning van ’n moontlike nuwe posisie, vóór die posisies wat reeds beset is: “Each author, school or work which ‘makes its mark’ displaces the whole series of earlier authors, schools or works” (ibid).

3.3.4 Habitus

'n Praktyk wat van groot belang in hierdie rangordening is, is die begrip *habitus.* Dit verwys na 'n sosiale eienskap waaroor individue beskik en wat hul gedrag oriënteer, maar nie bepaal nie. Habitus is dus 'n 'gevoel vir die spel' of 'n 'praktiese begrip' wat agente se optrede en reaksies – op wyses wat nie altyd berekend of selfs bewustelik en in navolging van reëls is nie – in spesifieke situasies gunstig laat neig (Johnson, 1993:5). Habitus word beskryf as die gevolg van 'n langdurige proses van inprenting wat in die vroeë kinderjare begin en met verloop van tyd 'n durende tweede natuur word. Die ingesteldhede wat deur die habitus na vore kom, maak deelname aan veelvoudige en diverse aktiwiteite binne die veld moontlik. Hierdie ingesteldhede word as 'gestruktureerde strukture' beskou, aangesien dit onvermydelik die sosiale gesteldhede wat deur die inprenting ten doel gestel is, inkorporeer (ibid.). In 'n artikel getiteld "The indigenous Afrikaans film: representation as a nationalistic endeavor" wys Van Coller en Van Jaarsveld (2018:s.bl. [oorspronklike kursivering]) op die samehang tussen 'intuïtiewe' kennis van kultuur en die historiese raamwerk:

> There is thus a neo-positivistic, deterministic trait in the writings of Foucault (1970) when one scrutinises his views on epistemes (world views). In his introduction to *The order of things: An archeology of the human sciences*, he postulates that our thoughts are regulated by our historical position, embedded in what he calls a *discursive formation* of which the individual is usually oblivious […].

Ten einde die veld te betree en aan die spel deel te neem, moet die agent oor die habitus beskik wat hom/haar predisponeer om die veld te betree (Johnson, 1993:8). Hierdie predisposisie veronderstel 'n minimum vlak van kennis, vaardigheid of talent. Die genoemde vaardighede staan as kulturele kapitaal bekend en word beskryf as 'n vorm van kennis, 'n geïnternaliseerde kode of 'n kognitiewe verwerwing. Hierdeur word die agent toegerus om kulturele verhoudings en artefakte met waardering en empatie te bestudeer. Agente wend dan hierdie vaardighede aan ten einde die maksimum voordeel of 'wins' uit die deelname aan die spel te verkry (Johnson, 1993:7). Volgens Bourdieu se beskouing is habitus ook, soos wat hy in sy publikasie *Distinction: a social critique of the judgement of taste* (1984:170) verduidelik, 'n voortbrenger van smaak – "a structuring structure, which organises practices and the perception of practices". Van Coller (2018:3) wys op die verband tussen die habitusbegrip en Even-Zohar se begrip *repertoire* (repertorium) (kyk 3.1.5) deur die stelling dat die skrywer "se skryfwerk ook gereguleer word deur die historiese raamwerk waarbinne hy werk" en dat hierdie historiese raamwerk volgens "reëls en kodes" gestruktureer word en "verwant [is] aan enige kode waarvan mense onbewus is". In sy verwysing na "die beliggaamde self, die individu se voortdurende liggaamlike

ingesteldhede/handelinge van 'staan, praat, loop, voel en dink'" wat "outomaties deel van die natuurlike sosiale orde is" (Jacobs, 2016:30), gebruik Bourdieu die terme *hexis-habitus* (Asimaki & Koustourakis, 2014:123) en *liggaamlike hexis (*Bourdieu, 1996b:35, 36, 180, 295).

As produkte van die habitus, stel Bourdieu die begrippe *strategie* en *trajek* bekend.

3.3.5 Strategie

Strategie word beskryf as 'n spesifieke oriëntasie of praktyk en het te make met 'n agent se plan[35] aangaande sy/haar trajek (kyk ook 3.3.6) binne die literêre veld (Bonthuys, 2016:23; Johnson, 1993:18). Soos in die geval van Viljoen (2019:s.bl.) se ondersoek na Antjie Krog as kulturele bemiddelaar van Suid-Afrika en Afrikaans in die Lae Lande, is dit ook in hierdie proefskrif belangrik om Viala se waarskuwing in gedagte te hou dat die term *literêre strategie* nie noodwendig op 'n kliniese berekendheid dui nie, maar eerder op "'n onbewuste proses wat binne die beperkings gedikteer deur 'n bepaalde konteks ontvou" (Viljoen, 2019:s.bl.).

Die kwessie van vernuwing is in meer as een opsig van groot belang in 'n agent se strategie. Volgens Bourdieu (1996a:239) kan die inisiatief van vernuwing feitlik sonder uitsondering teruggevoer word na nuwe toetreders tot die veld: "the ones who are also the most deprived of specific capital". Aan die een kant is daar die dominante figure wat kontinuïteit, identiteit en reproduksie nastreef, terwyl die nuwelinge, aan die ander kant, diskontinuïteit, deurbreking, verskil en revolusie voorstaan. Om 'naam te maak' beteken dus die erkenning (in albei opsigte) van sy/haar verskil ten opsigte van ander produsente: "it means *creating a new position* beyond the positions presently occupied, *ahead* of them, in the *avant-garde*" (Bourdieu, 1993:106 [oorspronklike kursivering]). Die toetrede van nuwe produseerders en produkte bevestig die temporale struktuur van die literêre veld, wat op sy beurt die temporale status van *smaak* (Bourdieu, 1993:108; 1996a:160) en behoefte onderstreep.

Een van die strategieë wat in hierdie studie onder die loep geneem word, is die feit dat daar, deur die aansluiting by aktuele temas, 'n bepaalde behoefte geïdentifiseer is: die bewaring van olifante in *Kringe in 'n Bos*; die seksuele bevryding van die vrou in *Griet skryf 'n sprokie*; en geweld teenoor vroue, asook (rasse)versoening in *Kamphoer*. Tradisioneel berus die sogenaamde bemarkingskonsep op vier pilare (Bennet & Boshoff, 1992:39; Jansen van Rensburg, 2003:8–9):

[35] Van Coller (2016d:3) wys op T.T. Cloete "se *volgehoue arbeid* om tekste deur, onder meer, sy rubrieke aan mense beskikbaar te stel […]" [my kursivering].

- *'n Verbruiker- of kliënteoriëntasie*

'n Ware bemarkingsgeoriënteerde benadering begin by die identifisering van die verbruiker se behoeftes (Bennet & Boshoff, 1992:39). Met sodanige benadering "verklaar die onderneming dat die verbruiker baie belangrik is en dat die bevrediging van die werklike en realistiese behoeftes van die verbruiker, bepalend vir die sukses van die onderneming is" (Jansen van Rensburg, 2003:8).

- *'n Geïntegreerde benadering*

Jansen van Rensburg (2003:8) wys op die belang daarvan dat die totale onderneming op die mark en op wins toegespits moet wees. Hy verduidelik dat aankopers daarvan bewus moet wees dat, as hulle nie doeltreffend aankoop nie, bemarkers nie hulle beloftes kan nakom nie. Voorts noem hy dat indien die finansiële afdeling in gebreke bly om belangrike syferkundige inligting betyds bekend te maak, dit effektiewe besluitneming in die wiele ry. Alle werknemers moet dus verantwoordelikheid aanvaar vir die onderneming se sukses in die markplek.

- *Winsgewendheid*

'n Onderneming het 'n verantwoordelikheid teenoor sowel die eienaars as die werknemers. Daarom moet winsoptimalisering op lang termyn nagestreef word (Jansen van Rensburg, 2003:9).

- *Sosiale verantwoordelikheid*

Jansen van Rensburg (ibid.) wys ook daarop dat die tradisionele bemarkingskonsep, indien dit in sy suiwerste vorm toegepas word, probleme kan veroorsaak. As voorbeeld noem hy die verkoop van dwelms aan mense met 'n behoefte daaraan. Tog is so 'n onderneming nadelig vir die breë gemeenskap. Gevolglik is dit nodig om die beginsel van sosiale verantwoordelikheid by die tradisionele bemarkingskonsep te voeg.

As algemene definisie van bemarking, stel Jansen van Rensburg (2003:19) dat bemarking 'n sosiale en 'n bestuursproses is waardeur groepe en individue dit kry waaraan hulle 'n behoefte en/of begeerte het deur die ontwikkeling, aanbieding en ruil van waardevolle produkte.

Met betrekking tot die voorsiening in 'n bepaalde behoefte, spreek Bourdieu (1996a:249) die volgende mening uit:

> When a work 'finds' […] an audience which understands and appreciates it, this is almost always the effect of a coincidence, of a meeting between causal series which are partially

> independent, and is almost never – and, in any case, never completely – the result of a conscious search for adjustment to the expectations of customers, or to the constraints of command or demand.

Ooreenstemmig tussen vraag en aanbod dui op 'n voorafbepaalde harmonie. Sodanige harmonie is die gevolg van 'n bykans perfekte homologie tussen twee strukture wat in kruisverbintenis tot mekaar staan: die veld van kulturele produksie en die kragte binne die veld (Bourdieu, 1996a:250).

3.3.6 Trajek

Die tweede produk van 'n agent se habitus is die konsep van *trajek*. Trajek het betrekking op die reeks posisies wat opeenvolgens deur dieselfde agent (of skrywer) beklee kan word (Johnson, 1993:18). Aangesien die dinamiese posisionering van agente 'n voortdurende kompetisie om beheer van die veld veronderstel, is 'n agent se trajek dus onlosmaaklik verbonde aan sy/haar deelname aan die magstryd wat binne die literêre veld bestaan.

As gevolg van die dinamiese aard van die literêre veld kan 'n agent heelwat verskillende posisies in die literêre veld beklee, waaronder literêre produksie, verspreiding, resepsie en literêre verwerking (Schmidt, 1997:124). 'n Aspek wat in hierdie verband besondere aandag verdien, is die gelyktydige vervulling van verskillende rolle binne die literêre sisteem. 'n Voorbeeld hiervan is T.T. Cloete[36] wat as skrywer van belletristiese werke in al drie hoofgenres, as essay- en rubriekskrywer, as bloemleser, literêre vertaler, resensent, literatuurkritikus, literatuurwetenskaplike, literêre geskiedskrywer en terminoloog 'n rol in bykans alle terreine van die literêre veld gespeel het (Van Coller, 2016d:2).

Veral interessant – vanuit die oogpunt van die konsentrasie van simboliese kapitaal en mag binne die kulturele veld – is die kombinasie van 'n produseerder van letterkunde en die bemiddelingsrol (Dović, 2010:169). In Suid-Afrika is die gelyktydige vervulling van verskillende rolle ook 'n gevolg van die feit dat bedryfsfunksies gesentraliseer is, maar dat drukkersname en die inherente kenmerke wat met elke drukkersnaam verbind is, behou is (Van Zyl, 2007:95). Voorts is 'n mate van onderlinge mededinging behou en is daar aan individuele redakteurs ruimte gegee om uitgewers te word en in eie reg publikasiebesluite te neem met die oorhoofse verantwoordelikheid vir die finansiële risiko en bemarking van 'n bepaalde titellys. Hier te lande is verskeie uitgewerye (Tafelberg, Human & Rousseau, Kwela en Queillerie, asook die algemene lys van J.L. van Schaik en die woordeboekuitgewery,

[36] Vergelyk ook Barnard (1998) en Van Coller (2009:123–148) vir 'n bespreking van Van Wyk Louw wat as gekanoniseerde figuur ook as kanoniseerder opgetree het.

Pharos) ná 1998 onder een naam, naamlik NB Uitgewers byeengebring (ibid.; kyk ook 4.2.4.1i).

'n Skrywer se publikasiegeskiedenis is uiteraard van groot belang ten opsigte van die posisie wat hy/sy in die veld beklee. Bonthuys (2016:33) is van mening dat 'n lang, gerekende publikasiegeskiedenis tot 'n hoër status in die literêre veld lei as 'n debuut – "nie net op simboliese vlak nie, maar ook vanuit 'n kommersiële hoek". Sy verduidelik dat 'n skrywer met 'n langer publikasierekord outomaties meer publikasies het as die debutant en dat 'n skrywer wie se werk in die verlede heelwat resensies ontlok het, met 'n nuwe publikasie ook meer resensies sal ontlok as die onbekende skrywer, wat op sy beurt tot meer verkope kan lei.

Volgens Bourdieu (1993:104) is die reeds genoemde teenstelling tussen die ekonomiese pool en die kulturele pool eintlik geleë in die twee tipes verhoudings wat met betrekking tot die ekonomiese pool bestaan – in wese 'n teenstelling tussen twee lewensiklusse in die kulturele produksiebedryf: enersyds die avant-garde lewensiklus van gesanksioneerdheid en andersyds dié van die klein firma tot 'n groot firma – albei ewe eksklusief. Voorts is die kans dat 'n klein kommersiële firma 'n groot gevestigde firma sal word en 'n groot 'kommersiële' skrywer 'n erkende posisie binne die 'gewyde' avant-garde sal inneem, ewe skraal.

Om die bespreking van Bourdieu se veldteorie af te sluit, kan genoem word dat beeldvorming, soos uit die voorafgaande afdeling blyk, as 'n vorm van simboliese kapitaal uiteraard 'n groot rol in die strategie van die onderskeie agente speel. Volgens Bourdieu (1993:75) is die enigste billike wyse waarop 'n agent simboliese kapitaal kan opbou, om 'n herkenbare 'naam' te maak: "a capital of consecration implying a power to consecrate objects (with a trademark or signature) or persons (through publication, exhibition, etc.) and therefore to give value, and to appropriate the profits from this operation". Die konsep van beeldvorming word breedvoeriger in Hoofstuk 4 bespreek.

3.4 Nederlandse veldteoretici: Kees van Rees en Gilles Dorleijn

Kees van Rees (1942–2018) en Gilles Dorleijn (1951–) is Nederlandse teoretici wat veral fokus op instellings en die sentrale rol daarvan in die Nederlandse literêre veld gedurende die negentiende en twintigste eeue. As een van die doelstellings van 'n institusionele ondersoek noem Van Rees en Dorleijn (2006:18) die verkryging van insig in die produksie van simboliese waarde. Hul navorsing spruit uit die behoefte aan 'n nadere ondersoek van die institusionele inkadering van literatuuropvattings, aangesien aandag aan

literatuuropvattings as ideologiese, maatskaplikgebonde standpunte gewens blyk te wees in sodanige ondersoek (Van Rees & Dorleijn, 1993:1).

Vir die ordening van die komplekse denkbeelde wat gedurende die afgelope eeu oor literatuur ontwikkel het, maak Van Rees en Dorleijn gebruik van twee benaderings, naamlik die rekonstruktiewe en die institusionele:

- Die rekonstruktiewe benadering is gerig op die rekonstruksie en sistematisering van denkbeelde oor literatuur wat ’n skrywer of groep skrywers of ’n bepaalde samelewing op ’n bepaalde moment huldig. Hierdie benadering is dus histories van aard.
- In die institusionele benadering (as onderdeel van die kulturele veld) word van die standpunt uitgegaan dat die spesifieke waarde wat aan literatuur en kuns toegeken word, die resultaat is van die interaksie tussen (literêre) instellings wat saam die literêre veld vorm. Hierdie aktuele benadering stel dus ondersoek in na die werkverrigting van die diverse instellings en persone wat in onderlinge wisselwerking betrokke is by die materiële en simboliese produksie en verspreiding van (literêre) werke.

Vir Van Rees en Dorleijn lê die sukses van sodanige tweeledige ondersoekterrein in die feit dat hierdie benaderings komplementêr tot mekaar is en dat ondersoekperspektiewe geïntegreer word. Hierdeur word wetenskaplike navorsing moontlik gemaak. Die benadering is komplementêr in die sin dat kennis van die instelling waarbinne ’n literatuuropvatting ontwikkel het, nodig is alvorens ’n rekonstruksie daarvan kan plaasvind (Van Rees & Dorleijn, 1993:8–9).

3.4.1 Die rekonstruktiewe benadering

Soos vroeër genoem (kyk Hoofstuk 1), koppel Van Rees en Dorleijn (1993:2) die term *literatuuropvatting* – ook soms deur die begrip *poëtika* aangedui – aan idees met betrekking tot die doel, funksie, aard, middele, gevolge en ontstaan van literatuur. Literêre teorieë kan op verskillende wyses geklassifiseer word. Van Rees en Dorleijn (1993:9–10) se klassifikasie[37] berus op Abrams (1953) se teorieë aangaande die rekonstruksie van literatuuropvattings. In Hoofstuk 1 is verwys na Abrams (1953:3–29) se onderskeiding tussen vier basiese komponente waarop daar algemeen in die meeste literêre teorieë gefokus word, naamlik die literêre werk self (outonomistiese teorieë); die werklikheid (as wêreld van die literêre werk); die skrywer; en die leser (as ontvanger). Dienooreenkomstig

[37] Kyk ook Van der Merwe en Viljoen (2012:86).

hierdie komponente word daar, soos genoem, vier hoofgroepe teorieë onderskei: outonomistiese teorieë wat teksgerig is; mimetiese teorieë wat werklikheidsgerig is; ekspressiewe teorieë wat skrywergerig is; en pragmatiese teorieë wat lesergerig is.

Benewens die gebruikmaking van Abrams se klassifikasie, word die onderstaande kommunikasiemodel van Roman Jakobson (kyk 2.3.1) ook dikwels as grondslag vir die klassifikasie van literêre teorieë en benaderingswyses gebruik.



Figuur 3.2: Jakobson (1987:66, 71) se kommunikasiemodel[38]

Soos in die diagram aangedui, het Jakobson ook 'n linguistiese funksie aan elk van die bogenoemde elemente gekoppel. Van Jaarsveld (1990:27) verduidelik dat die gevoels-emosie byvoorbeeld teenoor die sender staan, terwyl die konatiewe funksie ter sprake kom wanneer die boodskap tot die ontvanger gerig word. Voorts noem sy dat wanneer daar

[38] In haar publikasie *Toward a speech act theory of literary discourse* (1977) gebruik Pratt 'n aanpassing van Jakobson se kommunikasiemodel, maar spreek haar uit teen die idee dat literêre taal kwalitatief van nieliterêre taalgebruik verskil. Pratt (1977:15) se standpunt is dat poëtiese strukture nie bykomend tot dié van nieliterêre uitings is nie: "They are structures in addition to those which structural grammar describes." Enkvist (1980:110) verduidelik soos volg: "Thus, in Pratt's reading, Roman Jakobson's famous principle that 'the poetic function projects the principle of equivalence from the axis of selection into the axis of combination' merely explains 'what makes a verbal work of art'. If the difference between poetry and non-poetry does not reside in language as such, where then does it lie?" Volgens Pratt (1977:86) lê dit in die gebruik van taal: "speech act theory provides a way of talking about utterences not only in terms of their surface grammatical properties but also in terms of the context in which they are made, the intentions, attitudes, and expectations of the participants, the relationships existing between participants, and generally, the unspoken rules and conventions that are understood to be in play when an utterance is made and received. […]. Literature itself is a speech context" (vergelyk ook Botha in Van Coller & Van Jaarsveld, 1984:21).

sprake van die konteks is, die referensiële funksie oorheers en wanneer die boodskap sentraal staan, die estetiese funksie van taal oorheers.

In aansluiting by Abrams se beskouings het die ondersoek na poëtikale opvattings veral gestalte gekry in die werk van die Utrechtse skool onder leiding van A.L. Söteman. Söteman se 'verskuilde' poëtikamodel bestaan uit vier poëtikale tradisies: die mimetiese, die pragmatiese, die ekspressiewe en die outonomistiese tradisie (Van den Akker & Dorleijn, 1991:509). Op grond van hierdie poëtikale tradisies onderskei Söteman vier literêre strominge of literêr-teoretiese rigtings: die Romantiek, simbolisme, klassisisme en realisme.

- *Die Romantiek*

Daar is reeds genoem (kyk 2.1) dat die klem in die Romantiek op die verband tussen 'n skrywer en sy/haar werk val: "[w]at die skrywer voel, kom dus tot uiting in sy/haar kuns; die literatuur word beskou as 'n ekspressie van die genialiteit van die skrywer. Dit is derhalwe 'n *ekspressiewe* of *emotiewe* opvatting" (Van der Merwe & Viljoen, 2012:87 [oorspronklike kursivering]). Hier is dus sprake van 'n skrywersgerigte benadering.

- *Simbolisme*

In simbolisme staan die kunswerk as outonome artefak voorop. Simbolisme is dus 'n teksgerigte benadering. Van der Merwe en Viljoen (ibid.) onderskei drie variante in hierdie benadering:

(i) Die literariteit van die teks self: aandag word veral aan die elemente van metrum, metafore, rym en herhalingspatrone, en hul samehang geskenk.
(ii) Soorte taalgebruik (poëtiese taalgebruik) wat betreking het op hoe iets gesê word: die klem op elemente en hul rangskikking, of te wel die struktuur van 'n teks, word die strukturalistiese benadering genoem.
(iii) Klem op tekens en kodes – as die ontologiese opvatting – staan as die semiotiek bekend.

- *Klassisisme*

Klassisisme is 'n lesergerigte benadering. Lesergerigte benaderings sluit in taalhandelingsteorie (kyk 4.1; 2.3.2; 4.2.4.2) en resepsiestudie (kyk 2.3.4).

- *Realisme*

In realisme val die klem op die weerspieëling van die werklikheid. As voorbeelde van

benaderings waarin die verhouding tussen literatuur en die samelewing beklemtoon word, wys Van der Merwe en Viljoen (2012:88) op afspieëlings- of mimetiese teorieë en ideologiekritiek, waaronder feministiese kritiek, Nuwe Historisme en postkolonialisme.

In ’n hoofstuk getiteld “Literaire kritiek in Nederland en Vlaanderen tijdens de jaren dertig: een panorama” onderskei Dorleijn et al. (2009:28–31) tussen drie tipes poëtikas:[39]

- Die *klassieke poëtika* wat veranker is in die humanistiese mens- en wêreldbeskouing en wat die eis van eenheid, ewewig (tussen die estetiese en die etiek, tradisie en vernuwing, vorm en inhoud), harmonie en sintese op diverse vlakke behels en wat in meer konkrete, genregebonde poëtikale kriteria manifesteer
- *Modernistiese literatuuropvattings* wat kontemporêre maatskaplike gebeurtenisse of politieke situasies en die rol wat literatuur daarin speel, reflekteer: Die humanistiese mensbeeld word bevraagteken deurdat die mens nie meer as ’n vas omlynde persoonlikheid beskou word wat deur sy/haar maatskaplike rol en plasing binne ’n metafisiese perspektief bepaal word nie, maar eerder as ’n eensame soeker geskets word wat kan twyfel en faal.
- Die *volksverbonde poëtika* wat, in teenstelling met die klassieke poëtika, nie soseer op die humanistiese persoonlikheidsideaal steun nie, maar eerder op die konsep van die volk, wat ingevul word met die ‘gemeenskap’ en ‘ras’ (hierdie poëtika sluit dus tot ’n mindere of meerdere mate by politieke ideologieë aan).

Volgens Van Rees en Dorleijn (1993:10) bied die gekose ‘faktore’ waarvolgens literatuuropvattings georden word (skrywer, publiek, afgebeelde werklikheid en teks) “een goede kapstok om hetgeen binnen de literatuurbeschouwing als hoogtepunten van de geschiedenis van de literatuurkritiek geldt, met het nodige reliëf in de tijd en in de historische ontwikkeling te situeren”.

3.4.2 Die institusionele benadering

In Hoofstuk 1 en in die inleiding tot hierdie bespreking van Van Rees en Dorleijn se geïntegreerde benaderingswyse is reeds melding gemaak van die feit dat waardetoekenning deur ’n hele aantal instellings uit die literêre veld gereguleer word. Hierdie instellings (biblioteke, boekhandelaars en boekklubs, asook owerheidsinstellings wat adviserend optree ten opsigte van kunstebeleid) het nie slegs betrekking op die materiële produksie en verspreiding van literatuur nie, maar vervul ook ’n belangrike rol in die simboliese produksie,

[39] Soos reeds vermeld, kom hierdie poëtikas egter nie altyd in ’n suiwer vorm voor nie en daar word baie tussenvorme en variante aangetref (Dorleijn et al., 2009:31).

dit wil sê die spesifisering en propagering van bepaalde opvattings oor literatuur (literatuurkritiek). Volgens Van Rees en Dorleijn (1993:5–6) stel die termpaar *materiële* en *simboliese produksie* die ondersoeker in staat om die verband tussen aspekte wat gewoonlik van mekaar geskei word, te ondersoek: aan die een kant die menings wat oor kunswerke en kunstenaars uitgespreek word en die gevolglike beeld wat van die kunswerk en kunstenaar geskep word, en, aan die ander kant, die netwerke van persone op wie die uitsprake en beeldvoming betrekking het. Soos reeds in die bespreking van ander teorieë oor die literêre veld genoem is, vorm al hierdie aspekte gesamentlik die literêre veld – 'n voortdurend veranderende sisteem van magsverhoudinge (Van Rees & Dorleijn, 1993:4). Belangrik in Van Rees en Dorleijn se benaderings is hul gebruik van die literêre veld as metafoor, naamlik "een institutie als de literatuurbeschouwing". Met hierdie metafoor beskryf hulle die wyse waarop kritici, deur hul joernalistieke, essayistiese en akademiese kritiek (dit wil sê die instelling), die gehalte en aard van literêre tekste in terme van literatuuropvattings beskryf (Van Rees & Dorleijn, 1993:5, 6). Die volgende stelling is dus sentraal in Van Rees en Dorleijn (1993:6) se geïntegreerde benaderingswyse: "Literatuuropvattingen worden deur de literatuurkritiek gebruikt om het literaire aanbod te ordenen en er waarde en betekenis aan toe te kennen." Literatuuropvattings is egter nie slegs instrumenteel in die waardepaling en klassifikasie van literêre werke nie. Elke kreatiewe en kritiese aktiwiteit, ook die beeld wat kritici van die boek, die skrywer of van 'n groep skrywers skep (Van Rees & Dorleijn, 1993:6), word deur literatuuropvattings gerig (Van Rees & Dorleijn, 2006:97). Daarom kan die rol van literatuuropvattings in die produksie van vertroue en in beeldvorming as 'n vorm van simboliese kapitaal nooit ontken word nie (ibid.).

In die bespreking van Bourdieu se veldteorie (kyk 3.3.4) is gewys op die belang van die begrip *habitus* as 'n bepalende praktyk in rangordening. Met betrekking tot die verband tussen literatuuropvattings en habitus skryf Van Rees en Dorleijn (2006:94–95 [my voetnoot]) die volgende:

> 'Habitus' is het sociale zoals dat in het individu geïncorporeerd is, om het kort te zeggen; het zijn de verworven 'disposities' in de vorm van waarnemingsschema's – classificatieschema's, waarderingsschema's – die het individueel gedrag in het veld bepalen; het individu, of liever de actor, heeft zich een praktisch gevoel voor de regels van het spel eigen gemaakt.[40] Explicieter in de richting van literatuuropvattingen geformuleerd: de poëtica van een auteur is een belangrijk bestanddeel van zijn habitus […].

Skrywers speel uiteraard 'n belangrike rol in beeldvorming deurdat hulle deurgaans self materiaal vir die beeldvorming voorstel (Van Rees & Dorleijn, 1993:6). Om aandag op hul

[40] Soos wat dit uit die bespreking in Hoofstuk 7 sal blyk, is Francois Smith, op grond van sy rol as uitgewer, deeglik bewus van die "reëls van die spel".

werk te vestig, kan verskeie strategieë ingespan word. Volgens Van Rees en Dorleijn (1993:7–8) kan skrywers die fokus op vernuwende aspekte plaas en gevestigde skrywers as "ouderwets" en "voorbij" karakteriseer. Van Coller (2009:124) herinner aan die hewige stryd wat met die vestiging van die Dertigers en die Sestigers, die twee belangrikste skrywersgroeperinge in die Afrikaanse letterkunde, gepaardgegaan het. Volgens Van Coller geskied "[d]ie skeppende figuur se kanoniseringsaktiwiteite […] ook nie altyd met presies dieselfde doel as die van die 'gewone' kanoniseerder nie" en is daar dikwels as "'n versweë doelwit" die skepping "van 'n klimaat waarbinne die eie kuns sou kon gedy" (Van Coller, 2009:129). Daarom word daar "veral aanvanklik standpunt ingeneem teen die onmiddellike voorgangers" (ibid.).[41]

Ander strategieë waardeur die skrywer aandag op sy/haar werk kan vestig, is om hom-/haarself, deur die gebruik van bepaalde literatuuropvattings, in poëtikale geskrifte soos programnotas, manifeste, essays en tydskrifte herkenbaar te manifesteer (Van Rees & Dorleijn, 1993:8). Die aanvanklike beeld wat van die skrywer gestel is, word dan deur kritici aangepas of gereproduseer. Die leiding en invloed van kritici kring dan ook uit na ander instellings en veral die literatuuronderrig. Van Rees en Dorleijn (ibid.) maak derhalwe die afleiding dat prosesse van beeldvorming dus tot 'n groot mate deur literatuuropvattings bepaal word.

In hul navorsing oor beeldvorming skenk Van Rees en Dorleijn, in navolging van Viala (vergelyk Van Rees & Dorleijn, 1993:16–17; kyk ook 4.1), nougeset aandag aan die konteks waarbinne skrywers funksioneer. Voorts gaan hulle van die standpunt uit dat die gebruik van literatuuropvattings instrumenteel in beeldvorming is. Die skrywers verduidelik dat literatuur, soos ander kunsvorme, uit meer as slegs 'n versameling materiële objekte bestaan en dat, sonder die tussenkoms van die literatuurbeskouing (die kommentaar oor die artistieke kwaliteit van die boek), die boek nog nie literatuur is nie. Van Rees en Dorleijn (1993:17) herinner daaraan dat, wanneer die leser vir die eerste keer met die boek in aanraking kom, hy/sy nouliks kan ontkom aan kommentaar oor die boek. Voorbeelde van sodanige kommentaar sluit in die advies van kennisse, flaptekste,[42] resensies, uittreksels uit boeke of dele in literatuurgeskiedenisse, literêre rubrieke in tydskrifte, artikels in literêre en vakwetenskaplike tydskrifte en die verslae van keurders vir literêre pryse (asook wie die keurders is). Sonder dat hy/sy die boek gelees het, beskik die leser dus reeds oor 'n beeld

[41] Vergelyk ook Van Coller (1999a:9) se verwysing na die polemiek tussen Opperman en Van Wyk Louw.
[42] 'n Voorbeeld is flaptekste waarin 'kenners' (elite) aangehaal word.

van die gehalte van die boek en die skrywer daarvan. Daarom is die beeld op sigself 'n sosiale realiteit.

Alhoewel publikasie 'n noodsaaklike voorwaarde vir skrywerskap is, onderstreep Van Rees en Dorleijn (1993:18) die feit dat dit nie die enigste doel is waarna die literêre skrywer of kritikus streef nie. Daar is ook 'n strewe na erkenning: "erkenning van zijn kwaliteiten als literair auteur of als deskundige die in staat is de hoedanigheid en waarde van (nieuw) werk te beoordelen". Hierna word algemeen as die simboliese produksie van literatuur verwys.

Aangesien absolute en eenduidige kriteria ontbreek, is waardetoekenning altyd relatief van aard en hang dit saam met die waarde wat aan ander tekste toegeken word. In die geval van 'n debuut is die naam van die uitgewer 'n belangrike aanduiding. Ander aspekte wat as waardebepalend genoem word, is die name van reeds gevestigde skrywers wat op die uitgewery se fondslyste figureer, die uitsprake van gewaardeerde en hoogaangeskrewe kollegas en, soos reeds genoem, die reputasie van die uitgewer (ibid.)

Beeldvorming van literêre werke word ook gekenmerk deur orkestrasie, wat beteken dat die kommentaar en waardeoordele wat deur verskillende literatuurbeskouers oor die werk van dieselfde skrywer uitgespreek word, mettertyd toenemend ooreenstem (Van Rees & Dorleijn, 1993:18; vergelyk ook Van Rees & Dorleijn, 2006:91).[43] Voorts rig kritici hulle dikwels op die uitsprake van die skrywer self: "Binnen de ideologie van de auteur als schepper, wordt de auteur in staat geacht om de achterliggende motieven, intenties en betekenissen van het eigen werk te kunnen doorgronden of althans te kunnen controleren" (Van Rees & Dorleijn, 1993:19). Daarom kan die rol van die skrywer self in die beeldvorming nooit onderskat word nie.

3.5 Nathalie Heinich se kunssosiologie: 'n sosiologie van die uitsonderlike

Nathalie Heinich (1955–) se teorie, waarin individualiteit en buitengewoonheid die maatstawwe is waaraan sukses gemeet word, is gebaseer op die kunstenaarsmodel (waarin die uniekheid van die kunstenaar voorop staan) van die Romantiek (Heinich, 2000:161). Sy baseer haar teorie van uitsonderlikheid op die belang van die artistieke gebeurtenis: "[t]he cultural world – meaning here the world of art and literature – is filled with events" (Heinich, 2000:159). Sy sluit dus aan by Bourdieu (1993:80) wat in sy publikasie *The field*

[43] "[E]en positieve of negatieve waardering van een boek wordt gewoonlijk door de meest zelfverzekerde recensent in gang gezet om daarop door de collega's volgzaam bezegeld te worden […]" (Van Alphen & Meijer, 1991:7–8).

of cultural production hom soos volg oor die artistieke gebeurtenis uitlaat: "Art cannot reveal the truth about art without snatching it away again by turning the relevation into an artistic event." Met betrekking tot die artistieke gebeurtenis is daar veral ooreenkomste tussen Heinich se teorie en die werk van die strukturalis Juri Lotman (kyk 2.3.2). Volgens die tradisionele strukturalisme word die teks as 'n geslote, outonome, sinchroniesgeordende sisteem beskou wat nie slegs in tyd (tussen die verlede en die toekoms) geïsoleer is nie, maar ook ten opsigte van ruimte – "from the audience and to everything located outside of the text" (Lotman, 2009:13). Laasgenoemde outeur skryf oor oomblikke van uitbarsting en verduidelik die verhouding daarvan tot die hede en die toekoms soos volg:

> The present – this is the outbreak of the as yet space of meaning generation. It includes within itself the potential of all possible future paths of development. It is important to emphasise that the selection of any one of these is determined by neither the laws of causality nor those of probability: at the moment of explosion these mechanisms are wholly inactive. Future choice comes about by chance. Consequently, it possesses a very high level of informativity. The moment of choice and the cut-off point for potential paths of possibility and the moment whereby the laws of cause-effect once again come into play exist simultaneously. The moment of explosion is also the place where a sharp increase in the informativity of the entire system takes place (Lotman, 2009:13–14).

Oor die voorkoms en rol van eksplosiewe prosesse in kultuur is Lotman van oordeel dat kultuur 'n komplekse geheel is, bestaande uit elemente wat teen verskillende tempo's ontwikkel. Gevolglik is daar gelyktydig verskillende stadia aanwesig: "[e]xplosions in some layers may be combined with gradual development in others" (Lotman, 2009:12). Hiervolgens beklee geleidelike en eksplosiewe prosesse 'n gelykwaardige rol binne 'n sinchroniese struktuur deurdat sommige prosesse afwisseling en ander vernuwing of verandering tot gevolg het: "[e]ach 'great' event not only opens new pathways but also intercepts a whole host of future possibilities" (Lotman, 2009:60).

Ten einde die verband tussen gebeurtenisse en die kulturele wêreld, asook die aard van kunswerke te verstaan, vestig Heinich (2000:160) die aandag op die begrippe *outografies* en *allografies.* Outografiese kunswerke verwys na unieke kunswerke waarvan enige reproduksie wat die naam van die skrywer dra ("a unique occurring work"), vals is. Dit is veral die geval in die visuele kunste. Allografiese kunswerke verwys na kunswerke bestaande uit voorstellings wat 'n oneindige aantal kere gereproduseer kan word sonder dat die waarde of outensiteit daarvan verlore gaan ("multiply [sic] occurring work"). Letterkundige werke (soos musikale werke) is dus sowel allografies (ooreenkomstig die teks of 'n partituur wat aan die publiek aangebied word) as outografies (die uitvoering self wat nooit identies gereproduseer kan word nie). Hierdie temporale veranderlike is 'n belangrike eienskap van die artistieke wêreld, "no longer depending on the nature of the works […] but

the period" (Heinich, 2000:161). In samehang hiermee het waardebepalingskriteria verander en aanleiding gegee tot 'n nuwe paradigma van artistieke waardebepaling, naamlik die uitsonderlike in teenstelling met die gemeenskaplike. Volgens Heinich (2000:165) bied die teorie van 'gebeurtenis' 'n totale navorsingsprogram, wat nie slegs betrekking het op kunstenaarsidentiteit en die loopbaan van die kunstenaar nie, maar ook op belangrike momente wat 'n rol daarin speel.

Vroeër in hierdie bespreking is verwys na Lotman se stelling dat geleidelike en eksplosiewe prosesse 'n gelykwaardige rol binne 'n sinchroniese struktuur beklee. As voorbeelde van periodieke gebeurtenisse noem Heinich (2000:159) kuns- en literatuurfeeste, boekmarkte en onderhoude. Ander gebeurtenisse is afhanklik van uitsonderlike prestasies: "becoming eventful owing to their rarity or even uniqueness" (ibid.). Met betrekking tot hierdie "becoming eventful", wys Berensmeyer (s.j.:s.bl.) op die rol wat sosiale energie in die onderskeiding tussen die 'uitsonderlike' en 'gewone' speel: "What is now needed is a surplus of energy to be invested in the staging and presentation of authors in the media, in order to secure a successful marketing of faces and signatures." Hierdie stelling is in ooreenstemming met Greenblatt (1997:12) se bewering dat alle kulturele praktyke oor 'n inherente vorm van sosiale energie beskik en dat nie slegs skrywers by uitruilingstransaksies (soos "becoming eventful") baat nie, maar dat individue sélf produkte van kollektiewe uitruiling is (vergelyk 2.3.6). In hierdie proefskrif word die klem veral op die volgende as aanduiders (en gebeurtenisse) van uitsonderlike prestasies geplaas: die skrywer se debuut, literêre pryse en herskrywings (bv. vertaling, verfilming en/of verwerking) van 'n skrywer se werk. Voorts word daar, soos reeds genoem, ondersoek ingestel na die rolspelers wat, deur die uitruiling van sosiale energie, hierdie gebeurtenisse moontlik gemaak het. In 'n artikel wat oor pryse in die wetenskap en literêre kuns handel, skryf Heinich (2009:3) dat daar in die kunstenaarsberoepe 'n groter behoefte aan erkenning is as in meer markgeoriënteerde professies: "A prize often involves a certain amount of money – especially in the case of scientific prizes and Nobel Prizes. It also generates a worldwide reputation that may be transformed into more material facilities." Tog kan die voordele wat erkenning inhou, in teenstelling met wat Marxistiese en post-Marxistiese teorieë verkondig, volgens Heinich, nooit tot die materiële gereduseer word nie. Heinich (2009:4) koppel hierdie beroepe aan Bourdieu se konsep van *omgekeerde ekonomie* waarvolgens vergoeding benodig word om die aktiwiteit uit te voer eerder as dat die aktiwiteit vergoeding produseer.

In die teenstrydigheid wat daar tussen die mark ('prys') en die veronderstelde (intrinsieke of ekstrinsieke) 'waarde' bestaan, identifiseer Heinich (2009:5-6) die behoefte aan ander vorme van erkenning: "the need for an adequate system for the 'estimation' of the quality of the work as well as for a process serving to determine an appropriate level of 'esteem' to be granted to the work's creator". In hierdie verband wys Heinich op drie vervlegte eienskappe van erkenning, naamlik verpersoonliking, temporaliteit en bemiddelings-prosesse:

- *Verpersoonliking*

Hierdie eienskap van erkenning het betrekking op die verband tussen mense en hul werk. As voorbeeld word genoem die verwantskap tussen die taksering van die prys van 'n boek en die vlak van erkenning wat die skrywer geniet.

- *Temporaliteit*

Temporaliteit dui op die komplekse dinamiek van tydsraamwerke in die bereiking van erkenning, asook op 'n toename in respek. Heinich (2009:6-7) verduidelik dat die temporaliteit in roepingsgeoriënteerde aktiwiteite eerder op die toekoms as op die hede gerig is. Voorts stel Heinich dat, in teenstelling met gewone goedere wat hoofsaaklik op grond van materiële bestaansduur of trefkrag gewaardeer word, artistieke goedere veronderstel is om 'n gehoor ver anderkant die onmiddellike mark te bereik – selfs ná die afsterwe van die skrywer.

Aspekte wat dikwels in die artistieke en wetenskapsberoepe aangetref word, is twyfel en suspisie. Volgens Heinich (2009:7) is kunstenaars en wetenskaplikes dikwels in vertwyfeling oor hul gevoel van eiewaarde omdat dit nie onmiddellik deur beloning geobjektiveer word nie. Daarteenoor is daar suspisie wanneer onmiddellike sukses en wye erkenning behaal word. Heinich noem voorts dat die temporale spesifisiteit van die evalueringsproses, waarvolgens *greatness* aan sowel langtermyn- as langdurige erkenning gekoppel word, hand aan hand gaan met die regime van uitsonderlikheid wat sedert die Romantiek die botoon in die kunste gevoer het.

- *Bemiddelingsprosesse*

Dit is veral wanneer die aktiwiteit outononoom van aard is en die waarde daarvan aan uitsonderlikheid gekoppel word, dat bemiddelingsprosesse tussen werke en gehore van groot belang is. As voorbeelde van sodanige bemiddelaars word genoem spesialiskritici,

handelaars, kurators en uitgewerye. Daarom is dit nodig om, ook in die onderhawige studie, nie slegs die objek van erkenning (werke, skrywers, ens.) en die instrumente wat gebruik word (respek, agting, geld, prestige, eerbewyse, ens.) te ondersoek nie, maar ook die bemiddelaars wat dit moontlik maak: "Social scientists have to focus on the identity of those who grant recognition, because the quality of the recognition depends on the quality of those who grant it" (Heinich, 2009:7).

In 'n vergelyking tussen die kunste en wetenskapsbeoefening noem Heinich dat kunstenaars se status baie minder stabiel is as dié van wetenskaplikes. Wat die kunste betref, is daar "no formal recruitment procedure, no regular permanent salary, no career marked out in advance, no official titles and ranks, no regular collaborators and no work premises to go to every morning to meet with one's colleagues" (Heinich, 2009:9). Daarom kan 'n groot literêre prys 'n baie belangrike gebeurtenis in 'n skrywer se lewe wees (kyk ook 4.2.4.4).

'n Ander aspek waaraan Heinich (2009:21) aandag skenk, is die konsep van *interafhanklikheid*: "We certainly depend on those who have the power to recognize us, but this power is itself subordinate to our capacity to recognize it as relevant." In haar ondersoek na erkenning kom Heinich tot die slotsom dat die konsep van interafhanklikheid meer toepaslik as dié van mag, dominansie en legitimasie is. Terwyl talle analiste, veral deur die lens van Amerikaanse multikulturalisme en demokratiserende teorieë, erkenning as 'n vorm van *respek* beskou, ag Heinich (ibid. [oorspronklike kursivering]) dit eerder as 'n saak van *agting*: "*esteem* […] stresses the antagonistic, competitive and unequal dimensions of recognition. […]. Without this very dimension of esteem, one could not understand why an award inevitably raises such problems of justice and envy".[44] Heinich (ibid.) verduidelik dat die idee van *respek* (waardigheid) meestal aan wette en waardes, en aan persoonlike of kollektiewe identiteit (burgerskap, geslag, ras, geloof, ens.) verbonde is, terwyl die idee van *agting* eerder op werklike interaksies en feite dui, soos wat dit in die sfeer van roepingsgerigte aktiwiteite na vore kom: "Far from aiming at equality, artistic, literary and scientific worlds are strongly sustained by a need to rank orders of greatnesses: that is, an individualistic and meritocratic mode of recognition, instead of a collective and egalitarian one." Op die vraag of erkenning 'n saak van *respek* (soos in die vraag na burgerlike regte) of eerder van *agting* is (soos in die geval van prystoekennings), antwoord Heinich (2009:21–22) dat respek op die fundamentele waardigheid van elke mens betrekking het, dat dit enige vormvergelyking te bowe gaan en (soos morele waardes) in

[44] Heinich baseer haar beskouing op Axel Honneth (1992) se teoretiese werk.

onbeperkte hoeveelhede beskikbaar is. Hierteenoor is *agting* aan vergelyking onderworpe en kan dit in beperkte hoeveelheid uitgedeel word.

3.6 Jérôme Meizoz se begrip *postuur*

Met betrekking tot 'n skrywer se beeldvorming – wat nie slegs die skrywer se eie konstruksie behels nie,[45] maar deel is van 'n interaktiewe proses waarby verskeie bemiddelaars betrokke is (Korthals Altes, 2014:53–58; Meizoz, 2010:84) – word daar in hierdie studie veral op die werk van Jérôme Meizoz gesteun.

In navolging van Bourdieu en Viala gebruik Meizoz die term *postuur* om te verwys na een van die komponente waaruit die *etos* (die karaktereienskappe wat aanleiding gee tot 'n geloofwaardige beeld van die skrywer; kyk 4.1) of 'skrywerwees' in die algemeen saamgestel is (Meizoz, 2010:83; kyk ook 3.4.2, 4.1.). Vir Dera (2012:463) het die begrip *postuur* betrekking op die wyse waarop (literêre) akteurs hul posisie in die literêre veld bestendig. Daarom kan postuur ook beskryf word as 'n posisioneringsmeganisme in die literêre veld (Meizoz, 2010:84). 'n Postuur word egter nie slegs gebruik om 'n bepaalde posisie in die veld te verwerf nie, maar ook om daardie staat te behou. Volgens Dera (2012:463) dui die Franse werkwoord *occuper* hierdie veelsinnigheid (*ambigu*) op gepaste wyse aan deurdat dit sowel "'bezetten' als 'veroveren'" beteken. In ooreenstemming met Viala se eis, maak postuur dus slegs sin wanneer dit in die konteks van die literêre veld beskou word.

In sy besinning oor die wyse waarop 'n bepaalde postuur gevorm word, noem Bongers (2011:12) dat postuur nie 'n 'houding' is wat 'n skrywer na willekeur aanneem nie, maar dat dit in samehang met reeds bestaande modelle geskied. Daar word dus uit 'n bepaalde repertorium[46] geleen. Soos vroeër genoem (kyk 3.1.5) gebruik Even-Zohar (2010:17–18) die term *repertorium* as 'n gereedskapskis van vaardighede waaruit mense konseptuele strategieë konstrueer om hul lewens op aanvaarbare en sinsvolle wyses binne die groep waartoe hulle behoort, te organiseer. Met betrekking tot sodanige repertorium noem Meizoz (2010:85) dat die literêre veld inderdaad oorloop van navolgenswaardige voorbeelde: "an author is socialised in literary practice in reference to whose impressive ancestors [or]

[45] 'n Interessante geval van beeldvorming deur die skrywer self, is dié van die Nederlands-gebore skrywer Arnon Grunberg wat onder die skuilnaam Marek van der Jagt publiseer en wat die Anton Wachter-prys vir sy debuutroman, *De geschiedenis van mijn kaalheid* (2003), gewen het *(arnongrunberg.com,*s.j.:s.bl.*).*

[46] Vroeër (kyk 3.1.5; 3.3.4) is verwys na die verband tussen Even-Zohar se begrip *repertorium* en Bourdieu se habitusbegrip.

whose beliefs, motives, forms, and postures he borrows. The field's memory thus has a range of postures on offer".

In 'n poging om 'n onderskeibare, herkenbare openbare beeld te bekom, maak skrywers soms van 'n pseudoniem gebruik (Meizoz, 2010:84). Vir Meizoz verwys 'n pseudoniem na die openbare selfbeeld van 'n skrywer wat, volgens Viljoen (2019:s.bl.), vergelykbaar is met 'n bepaalde persona, "'n term wat oorspronklik verwys het na die masker wat akteurs op die verhoog gedra het en wat etimologies verband hou met die nosie 'van waar/waardeur 'n mens spreek'". In die spel genaamd "[p]ubliseer, publisiteit, publiek" (De Jager, 1993b:4) maak skrywers dus dikwels van sodanige 'maskers' gebruik:

> Etienne Leroux se eenrigtingsonbril; die smetlose gesig van Garbo. Die groot Portugese digter Pessoa het dié effek geantisipeer, en deel van hom gemaak deur hierdie naam aan te neem wat persona of masker beteken, en natuurlik persoon: 'n Gesig vir elke figuur wat hy slaan.

In die vorige afdeling (kyk 3.5) is verwys na Heinich se sosiologie van die uitsonderlike. Bongers (2011:12–13) vestig die aandag op die feit dat, alhoewel elke postuur uniek en uitsonderlik is, dit steeds binne die artistieke veld van produksie en resepsie en binne 'n maatskaplike bestel figureer. As voorbeelde van sodanige manifestasies word genoem die herkoms en opleiding van die skrywer, literêre groepe, die bestaande netwerk van hedendaagse en vroeëre skrywers, literêre genres, professionele en ander waardetoekenennende instansies, asook die algemene publiek (Bongers, 2011:13).

Viljoen (2019:s.bl.) wys op die verband wat Meizoz (2010:81, 85) tussen sy begrip *postuur* en Even-Zohar se begrip *repertorium* trek "in dié sin dat daar oor jare 'n bepaalde repertoire van literêre posture opgebou word". As voorbeelde word genoem dié van "die betrokke skrywer, die vervloekte digter ('poète maudit'), die nar, die anti-establishment figuur […] die werkersklasskrywer, die 'skrywer-burger' ('writer-citizen') met 'n bepaalde rol en verantwoordelikheid, die Romantikus wat 'n gemartelde genie is of die beskeie en onafhanklike ambagsman soos verteenwoordig deur Jean-Jacques Rousseau".

Op 'n metodologiese vlak beskryf Meizoz (2010:85) die begrip *postuur* as die verband tussen gedrag en die effek van tekstuele gegewens in die literêre veld. Hierdie metodologie word in Hoofstuk 4 verder onder die loep geneem. Alhoewel die begrip *postuur*, soos aan die begin van hierdie afdeling genoem, funksioneel is in die skrywer se posisionering in die literêre veld, stem die werklike posisie van 'n skrywer in die veld egter nie noodwendig altyd ooreen met die skrywer se postuur (in terme van die wyse waarop die skrywer hom-/haarself deur

sy/haar literêre werk en uiterlike gedrag, dit wil sê sy/haar beeldvorming voorstel) nie (Bongers, 2011:8).

3.7 'n Evaluering van en vergelyking tussen die verskillende veld- of sisteemteorieë

In hul bespreking van vyf veld- of sisteemteorieë (kyk inleiding tot Hoofstuk 3) identifiseer De Zepetnek en Sywenky (1997:3) 'n skeidingslyn tussen drie groeperinge: Bourdieu en Luhmann, wat versigtig is in hul argumentering teen die hermeneutiese tradisie in literêre navorsing;[47] Even-Zohar, wat sy teoretiese raamwerk in 'n bemiddelingsposisie plaas; en Schmidt, wat daadwerklik 'n breuk met die hermeneutiese tradisie verdedig en sowel sisteemteorie as die konsep van die empiriese inspan.

Soos wat uit die bespreking van veld- of sisteemteorieë na vore gekom het, blyk dit dat navorsing met betrekking tot postuur en beeldvorming in die besonder op die werk van Bourdieu, Heinich en Meizoz steun. Waar Meizoz voortbou op die veldteorie, verwerp Heinich dit op grond daarvan dat Bourdieu, volgens haar, 'n sosiaalreduksionis is wat te veel klem plaas op die objektiewe en onpersoonlike met weinig aandag aan juis dít wat van belang is in die wêreld van die kunste, naamlik die uitsonderlike, die buitengewone of die unieke (Bongers, 2011:15).

Alhoewel Bourdieu se veldteorie 'n nuttige analitiese model verskaf waarbinne sosiale strukture by wyse van 'n rangordelike, georganiseerde reeks velde ondersoek kan word, is dit tog nie bo kritiek verhewe nie. Die onderstaande word as die vernaamste punte van kritiek genoem:

- Daar is elemente van Bourdieu se werk wat nie "getransponeer kan word na 'n eietydse situasie in 'n ander letterkunde nie" (Bonthuys, 2016:35). Dit was veral Bourdieu, wat ook bekendgestaan het as die 'smaaksosioloog', wat smaak as 'n kriterium vir die tref van 'n klasonderskeid beskou het. Bourdieu se teorieë oor die homologie van klas, habitus en smaak hou nie rekening met die beskouing (ibid.; vergelyk Verdaasdonk, 2008:75) dat hoër opgeleide persone geneig is tot kulturele 'omnivoor'-gedrag nie. In hierdie verband wys Van Coller (2011:72)[48] op die belangrike kulturele verskuiwings wat gedurende die negentigerjare van die vorige

[47] In hierdie verband skryf Reinfandt (2001:278) soos volg: "Perhaps the most distinctive feature of the approach is its programmatic anti-hermeneutical stance, which problematizes many of the traditional pursuits of literary studies, such as reading texts and the writing of literary history based exclusively on the reading of texts."

[48] Kyk ook 4.2.4.4iv.

eeu plaasgevind het – van die "'highbrow snob'", wat slegs in hoë kultuurvorme belangstel, na die sogenaamde omnivoor, wat oop is vir verskeie kultuuruitinge. Volgens Van Coller (ibid.) beteken laasgenoemde nie dat onderskeidings tussen kultuurvorme geminag word nie, maar dui dit eerder op "'n houding van kultuurrelativisme" waarbinne dinge binne eie verband en volgens eie voorwaardes begryp en geniet word. Daar is dus 'n teenstrydigheid in Bourdieu se werk met betrekking tot habitus, klas en legitieme smaak. Bonthuys (2016:35) wys op Bourdieu se verklaring dat dit doelloos sou wees om die agent se sosiale agtergrond direk te knoop aan sy/haar habitus en posisie in die veld: "One ceaselessly has to combat the tendency to reduce an explanation relying on the *relation between a habitus and a field* to a direct and mechanical explanation by 'social origin'" (Bourdieu, 1996a:83 [oorspronklike kursivering]). Tog is Bourdieu soms geneig "om dieselfde praktyk voor te staan as dit gaan om smaak, aangesien hy heelwat skryf oor die homologie tussen die sosiale hiërargieë en subvelde binne die literêre velde" (Bonthuys, 2016:35–36).

- 'n Tweede punt van kritiek is dat Bourdieu Aquinas – van wie hy die begrip *habitus* geleen het – se onderskeid tussen *habitus corporis* en *habitus animae* buite rekening laat: "the former but *not* the latter being outside the individual's will and control. […]. In consequence, the *habitus*, in Bourdieu's conception of it, appears both exigent and unchangeable to an excessive degree" (Goldthorpe, 2007:6 [oorspronklike kursivering]).
- In haar kommentaar op Bourdieu se habitusbegrip wys Jacobs (2016:30) op Sheffy (1997:37) se beswaar dat Bourdieu se siening van habitus as "verinnerlikte stelle ingesteldhede" eensydig en meganies is omdat sy beskouings "die heterogeniteit en dinamika van kulturele repertoriese keuses en individuele variasies binne die gegewe sosiale formasies buite rekening laat". Gevolglik is daar 'n negering van "die moontlikheid dat 'n agent verskillende verhoudings (byvoorbeeld familie, beroep, etnisiteit) met betrekking tot sy *habitus* kan gebruik":

> What lacks in this view is the understanding, so integral to the notion of cultural repertoires in the Polysystem theory, of the *conventional* nature, and hence the relative *autonomy*, of repertoric options (subject to the dynamic of models formation […]), which, once established, may not only endure beyond the social conditions which initiated them, but also *constrain* – or even *initiate* – other social formations (Sheffy, 1997:38 [oorspronklike kursivering]).

Anders as by Bourdieu, in wie se veldteorie daar weinig ruimte vir die uitsonderlike is (Bongers, 2011:15), laat Meizoz en veral Heinich se teorieë ruimte vir buitengewoonheid. In

'n kritiese evaluering van Heinich se kunssosiologie, identifiseer Laermans (2000:4-5) egter die volgende leemtes:

- Aan die een kant bepleit Heinich 'n neutrale en beskrywende sosiologie wat op (literêre) akteursinterpretasies en -evaluerings fokus. Hierdie metodologie gee aanleiding tot empiries-meervoudige, sosiologiese interpretasies van kontemporêre kuns. Daarteenoor identifiseer Heinich met slegs een evalueringsregister binne die breë spektrum van akteursinterpretasies, naamlik dié van individualiteit (die professionele register).
- 'n Tweede punt van kritiek is die feit dat Heinich nie 'n duidelike onderskeid tussen individuele gedagtes en publieke kommunikasies tref nie: "In line with Emile Durkheim's sociology of collective consciousness, Heinich assumes that the observed positive or negative communicative reactions to works of art, refer to personal beliefs and conscious moral attitudes or to individual mental representations […]" (Laermans, 2000:5). Laermans is van oordeel dat Heinich die sosiologie van die kunste beperk tot die analise van artistieke werksaamhede en in die besonder metakommunikasie oor artistieke kommunikasie.
- Derdens weerhou Heinich haar daarvan om 'n eenvoudige ontologiese definisie van die konsep *artistieke gebeurtenis* te verskaf. Volgens Laermans is die wêreld vol gebeurtenisse, maar moet sodanige gebeurtenisse waargeneem en gekommunikeer word om as gebeurtenisse bestempel te kan word. Op grond van die kommunikatiewe aard van sosiaalgekonstrueerde gebeurtenisse, is daar verskillende vorme of formate waarin oor gebeurtenisse gepraat kan word. Die individualisering van 'n kunswerk as 'n gebeurtenis sal dus nie dieselfde in interaktiewe situasies geskied as in die media of in ander artistieke organisasies met hul openbare kommunikasie nie.

Soos wat dit uit die bespreking in 3.6 blyk, is Meizoz se begrip *postuur* funksioneel in die beskrywing van 'n skrywer se posisionering in die literêre veld. Alhoewel De Geest die waarde en belang van Meizoz se navorsing erken, identifiseer hy tog die volgende tekortkominge:

- Meizoz se ontledings van die skrywer as 'n tekstuele kategorie laat 'n hibriede en intuïtiewe indruk: "Meizoz blijft immers hoofdzakelijk geïnteresseerd in de analyse van individuele posturen, waardoor die individualiteit en vermeende originaliteit onvoldoende gethematiseerd en geproblematiseerd worden" (De Geest, 2013:61).

- Ahoewel Meizoz (2010:85), soos reeds genoem (kyk 3.6), die verband tussen sy begrip *postuur* en 'n *repertorium* van verskillende literêre posture erken, is sy betoog, volgens De Geest, uiteindelik gerig op die rekonstruksie van een soort homogene en konsekwente skrywersportret. Volgens De Geest (ibid.) heg Meizoz te veel waarde aan die uitsprake van skrywers oor hul eie skrywerskap – uitsprake wat nie altyd samehangend en teoreties begrond is nie.
- Voortspruitend uit die genoemde neiging tot homogenisering, skenk Meizoz nouliks aandag die spesifieke oogmerk van 'n uitspraak: "Poëticale informatie in een manifest is iets totaal anders als dezelfde uitspraak in de loop van een recensie (als reactie op het werk van anderen), en een interview verschilt fundamenteel van privé-briefwisseling of ongepubliceerde kladaantekeningen" (ibid.). In hierdie verband is Even-Zohar (kyk 3.1) se stelling dat daar binne die sisteem altyd gekyk moet word na watter uitgangspunte teoreties doelmatig is, dus ter sake.

Wanneer daar oor die verwerwing van 'n posisie in die veld gepraat word, kan die belang van die skrywer se debuut nooit genoeg beklemtoon word nie. Alhoewel Meizoz 'n debuut beskryf as die moment waartydens die (literêre) akteur "na buite tree" en vir die eerste keer, deur die inname van 'n postuur, 'n akteur in die literêre veld word, bestee hy, volgens Bongers (2011:13), weinig aandag aan hierdie belangrike moment. Dit is in teenstelling met Bourdieu wie se navorsing rakende die rol van debutante as een van sy grootste bydraes beskou word (Janssen, 1994:16).

Soos in die openingsparagraaf van hierdie afdeling genoem, is Luhmann (en Bourdieu), in teenstelling met Schmidt – wat daadwerklik 'n breuk met die hermeneutiese tradisie verdedig en sowel sisteemteorie as die konsep van die empiriese inspan – versigtig in sy argumentering teen die hermeneutiese tradisie in literêre navorsing. As die belangrikste verskil tussen sy eie en Luhmann se beskouing, noem Schmidt (1997:126) die feit dat Luhmann uitsluitlik op kommunikasies fokus. Luhmann is van mening dat sistemiese kommunikasie onafhanklik van (menslike) aksie beskou moet word (Reinfandt 2001:278). Daarteenoor is Schmidt se belangstelling op die onderlinge samestellende interafhanklikheid van sosiale (literêre) akteurs, sosiale kommunikasies, kollektiewe kennis en die media gerig (ibid.). Terwyl Luhmann se beskouings dus kommunikasiegeoriënteerd is, is Schmidt se benadering agentgeoriënteerd (Fokkema, 1997:184). As kritiek teen Luhmann se teorie noem Fokkema (1997:177) dat eersgenoemde die stelling maak dat die sisteme bestaan, maar dat hy 'n belangrike vraag vermy, naamlik wat presies bedoel word wanneer die woord *sisteem* in verskillende gevalle gebruik word: "What it should tell us is 1) how to distinguish a particular system from its environment; 2) how to investigate the functions of a system

with respect to adjacent systems; and 3) how to study the constitutive elements of a system, including their mutual relations."

Vroeër in hierdie afdeling is verwys na Schmidt se beskouing van realiteit as 'n menslike skepping. Fokkema (1997:179) vestig die aandag op die universalisme in Schmidt se denke: "All that he says must be applicable under all circumstances, which prevents him from commenting on specific cultural phenomena since cultural activities cannot be discussed in terms of universals." In sy kritiek noem Fokkema (ibid.) dat konstruktiviste, soos Schmidt, hulle tot die gevolgtrekking verbind dat menslike kommunikasie moontlik is op grond van ooreenstemmende ervarings wat ooreenstemmend geïnterpreteer word: "In their terminology communication is possible, not because it refers to a reality which is somewhere out there, but because people apparently refer to similar experiences (synreferentiality)." Konstruktiviste verwerp dus die hipotese dat daar 'n realiteit onafhanklik van die mens se begrip daarvan bestaan. Ten einde sy universalistiese perspektief te staaf, gaan Schmidt van die standpunt uit dat alle waarnemings relatief is. Hierdie siening is aanvegbaar. Fokkema (ibid.) wys op die feit dat sodanige beskouing empiriese navorsing in wese onmoontlik maak, aangesien empiriese navorsing slegs onderneem kan word onder omstandighede waar alle mense wesenlik dieselfde idees oor die sosiale realiteit huldig. As antwoord op die vraag of hy homself as 'n realis ten opsigte van sy verstaan van die wêreld beskou, antwoord Simon Blackburn, professor in filosofie aan die Universiteit van Cambridge, soos volg:

> Yes, I would. I think that as far as our central basic understandings are concerned – the understanding of myself as having an occupation in space, a special location, as being surrounded by objects which are reasonably stable and enduring in space, and everything else that might be considered within the common-sense view of the world – I don't think there's any serious option except to be a realist (Blackburn, 2009:6).

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit duidelik dat, ten spyte van die waarde en belang van die werk van Even-Zohar en Bourdieu (en in navolging van Bourdieu ook die werk van Heinich en Meizoz), asook die teorieë van Luhmann en Schmidt, daar steeds 'n behoefte bestaan aan 'n wetenskaplike benadering waarbinne die komplekse denkbeelde wat gedurende die afgelope eeu oor literatuur ontwikkel het, ondersoek kan word. Vir hierdie doel het die Nederlandse veldteoretici Kees van Rees en Gilles Dorleijn (soos in Afdeling 3.4 uiteengesit) 'n tweeledige ondersoekterrein voorgestel waarin komplementêre benaderings en ondersoekperspektiewe geïntegreer word. Die rekonstruksiemodel is egter nie sonder leemtes nie en Van Rees en Dorleijn (1993:11) identifiseer self twee probleemgebiede, naamlik die rekonstrueerbaarheid van die poëtika of literatuuropvatting en die toepas-baarheid daarvan. Hulle maan navorsers derhalwe tot versigtigheid wanneer verbande

tussen ’n bepaalde tipe literatuuropvatting en literêre werke gelê word (Van Rees & Dorleijn, 1993:12). Vanweë die normatiewe en spekulatiewe aard van literatuuropvattings, waarsku hierdie outeurs dat literatuuropvattings as literêre ideologieë (dus ook as hipotetiese (re)konstruksies) en nie as teorieë behandel moet word nie (Van Rees & Dorleijn, 2006:25). Een van die doelstellings van die onderhawige studie is die ondersoek na die produksie van simboliese waarde. Op grond daarvan dat ideologiese, maatskaplikgebonde standpunte onderliggend aan literatuuropvattings is, bied Van Rees en Dorleijn se geïntegreerde benaderingswyse ’n waardevolle oorkoepelende raamwerk vir hierdie studie.

3.8 Samevatting

Soos in die voorafgaande twee hoofstukke aangetoon, word die skrywer in die werk van Roland Barthes, Michel Foucault (kyk 2.3.4; 2.3.5) en Pierre Bourdieu (kyk 3.3) losgemaak van sy/haar werk – by Barthes en Foucault deurdat die skrywer as ’n betekenisgewende konstruksie buite spel geplaas word. Bourdieu (1993:42), op sy beurt, plaas die skrywer as ’n agent in die literêre veld en noem dat “[t]he established definition of the writer may be radically transformed by an enlargement of the set of people who have a legitimate voice in literary matters”. In Nathalie Heinich se kunssosiologie, waarin individualiteit en buitengewoonheid die maatstawwe is waaraan sukses gemeet word, word die aandag toegespits op die kunstenaarsidentiteit, op die loopbaan van die kunstenaar en op belangrike momente wat ’n rol daarin speel – aspekte van posisionering wat deur Jérôme Meizoz se begrip *postuur* saamgevat kan word. In die nuwer paradigmas het die sender dus weer sy/haar regmatige aandeel in die literêre proses verkry en is die sogenaamde ‘senderkode’ gerekonstrueer, veral aan die hand van teoretiese en persoonlike geskrifte deur die sender self (Van Coller, 1983:108).

HOOFSTUK 4

BEELDVORMING

In Hoofstukke 1 en 3 is daarna verwys dat die kategorisering van ’n teks as literatuur onderworpe is aan sowel die spesifieke waarde wat op ’n bepaalde moment aan ’n teks toegeken word as die wyse waarop die teks binne ’n bepaalde (literêre) verwagtingshorison ontvang word. Voorts is genoem dat hierdie waardetoekenning aan die hand van bepaalde literatuuropvattings geskied, dat dit die resultaat van ’n komplekse proses is wat deur ’n hele aantal instellings uit die literêre veld gereguleer word en dat die ontstaan, instandhouding en aanpassing van die literêre kanon dus nooit slegs as ’n literêre aangeleentheid beskou kan word wat slegs op *intrinsieke beoordeling* (beoordeling op grond van artistieke oorwegings) berus nie. Die kanon is ook afhanklik van sogenaamde *ekstrinsieke* aspekte wat op ander oorwegings fokus (Van Coller, 2010:492). Een van hierdie aspekte is die produksie van ’n geloofwaardige beeld. In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na die rol wat ekstrinsieke praktyke, en veral beeldvorming, in die sukses van ’n literêre werk speel.

4.1 Die produksie van ’n geloofwaardige beeld: etos en postuur

Die analise van beelde staan as imagologie bekend en word teruggevoer na die werk van veral Franse en Nederlandse teoretici soos Marius-François Guyard en Jean-Marie Carré, Hugo Dyserinck, René Wellek en Austin Warren[49], asook Joep Leerssen.[50] Die hooftaak van imagologie, as ’n vertakking van die vergelykende literatuur, is die analise van stereotipiese beelde oor ander en oor die self (Dukić, 2009:73). In die imagologie is die begrip van kulturele beeldvorming van groot belang. Identiteitstoeëiening geskied immers in samehang met ’n bepaalde maatskaplike bestel (T’Sjoen, 2015:47).

Soos wat uit die besprekings in Hoofstukke 2 en 3 aan die lig gekom het, was daar ná 1980 ten opsigte van die literatuurwetenskaplike vakbeoefening ’n hernieude belangstelling in die skrywer,[51] asook in ander rolspelers in die literêre veld en blyk dit dat die skrywer as ’n alomteenwoordigheid in die literêre veld beskou word. Volgens De Geest (2013:47) ontvang skrywers nie net baie aandag in populêre tydskrifte en in die media nie, maar het die aandag wat skrywersbeelde in die beriggewing oor literatuur ontvang, ook eksponensieel

[49] Kyk Wellek en Warren (1949).
[50] Kyk Leerssen (2000).
[51] Vergelyk Honings en Bax (2017:15–19).

toegeneem. Onderhoude neem toenemend die plek van resensies in. Sodoende is die skrywer, meer as die kritikus, die gesaghebbende stem rakende sy/haar werk (ibid.).

Daar is reeds by herhaling verwys na die samehang tussen hierdie evolusie en die era van globalisering (met nuwe vorme van media-aanbiedings) – 'n era waarin dit duidelik is "dat een aantal auteurs zich aan die nieuwe situatie heeft aangepast door onafgebroken de media strategisch te bespelen" (De Geest, 2013:47). Volgens hierdie outeur (2013:49) word die wisselwerking tussen die skrywer en sy/haar werk in die populêre media op 'n sjabloonagtige manier as 'n vanselfsprekendheid beskou. In hierdie verband stel Korthals Altes (2014:10 [oorspronklike kursivering]) die volgende:

> Though author images have always functioned in combinations of a commercial logic and that of disseminating aesthetic, moral, or intellectual values, the foregrounding and exploitation of the author's persona, the effect of his or her actual *presence* (auratic connotations intended), have gained unprecedented momentum thanks to the availability and impact of broadcasting media and podia. […] marketing strategies exploit codified effects of presence and authenticity, core ingredients of an author image that sells, while authors' names and postures are fashioned and exploited as a kind of branding.

Alhoewel Pierre Bourdieu die term *postuur* by geleentheid gebruik het, was Alain Viala (Meizoz, 2010:83; kyk 3.4.2; 3.6) die eerste persoon om dit in die sin van posisie-inname in die literêre veld te beskryf. 'n Posisie kan op verskillende maniere ingeneem word. Sommige skrywers doen dit beskeie en ander met groot vertoon. Daarom bied Meizoz se begrip *postuur*, wat verwys na die wyse waarop dit geskied, 'n bruikbare beskrywing vir hierdie proses. 'n Agent se strategie het dus betrekking op die verbandlegging tussen sy/haar trajek en die verskillende posisies wat daarin gemanifesteer word, of tussen sy/haar trajek en die mate van kontinuïteit binne dieselfde postuur, wat dan die skrywer se stempel of sy/haar algemene manier van 'skrywerwees' (ook bekend as die skrywer se etos) word.

Viljoen (2019:s.bl.) wys daarop dat dit wat deur Meizoz as *gedrag* en *diskoers* getipeer word, deur Korthals Altes as *niediskursiewe etos* en *diskursiewe etos* beskryf word. Hierdie meervoudige waarnemingsveld word in 4.2 breedvoeriger bespreek, maar voordat dit geskied, is dit nodig om eers die begrip *etos* te beskryf.

In Afdeling 3.6 is genoem dat die begrip *etos* dikwels gebruik word in verwysings na die kenmerke wat aanleiding gee tot 'n geloofwaardige beeld van die skrywer (Korthals Altes, 2014:3). Die begrip word teruggevoer na die tyd van die Antieke Grieke en het verwys na 'n persoon of 'n gemeenskap se karakter of kenmerkende gees of houding (Korthals Altes, 2014:vii). Hierdie outeur (2014:vii–viii) wys daarop dat die begrip *etos*, wat ooreenstem met die woord in die retoriek, gedurende die afgelope dekades in institusionele

kunssosiologie en diskoersanalise deur akademici soos Pierre Bourdieu, Ruth Amossy en Dominique Maingueneau hersien is. Met betrekking tot die verband tussen die etos en postuur van 'n skrywer is reeds verwys na Meizoz (kyk 3.6) se gebruik van die term *postuur* as synde een van die komponente van 'n skrywer se etos of "algemene manier van skrywerwees".[52]

Aristoteles beskou retoriek as die ekwivalent van dialek. In *The art of rhetoric* (oorspronklik 4BC) voorsien hy die vroegste sistematiese beskrywing van retoriek:

> ***Rhetoric*** is the counterpart of Dialectic. Both alike are concerned with such things as come, more or less, within the general ken of all men and belong to no definite science. Accordingly all men make use, more or less, of both; for to a certain extent all men attempt to discuss statements and to maintain them, to defend themselves and to attack others. Ordinary people do this either at random or through practice and from acquired habit. Both ways being possible, the subject can plainly be handled systematically, for it is possible to inquire the reason why some speakers succeed through practice and others spontaneously; and every one will at once agree that such an inquiry is the function of an art (Aristoteles, 2008:4 [oorspronklike vetdruk en kursivering]).

Vir Aristoteles is etos, naas patos en logos, een van drie hoofwyses van oorreding (Korthals Altes, 2014:vii). Korthals Altes verduidelik dat, terwyl patos 'n beroep doen op emosies en logos betrekking het op objektivering en rasionele argumente, etos, soos hierbo genoem, na karaktereienskappe verwys wat aanleiding gee tot 'n geloofwaardige beeld van die spreker. Volgens Aristoteles se beskouings bestaan etos op sigself uit drie komponente, naamlik praktiese wysheid, deugsaamheid en welwillendheid. Korthals Altes (2014:3) stel dat goeie begrip of praktiese wysheid (*phronesis*) mens in staat stel om 'n situasie op te som. Voorts het goeie begrip ook betrekking op die idee van vaardigheid uit ondervinding. Welwillendheid (*eunoia*) verwys na dit wat nodig is vir 'n gehoor om van 'n spreker se goeie bedoelinge oortuig te word. Ten einde *eunoia* te demonstreer, meen Korthals Altes dat 'n spreker sy/haar gehoor moet ken en ook bekend moet wees met die styl en argument wat aanklank sal vind by die betrokke openbare sektor. Aangesien diskoers dus as die uitdrukking van 'n spreker se karakter verstaan kan word, kan die belang daarvan in die beeldvorming van die spreker nooit onderskat word nie: "discourse is likely to determine deep down what message is conveyed, superseding actual semantic content […] to strategically fashion one's discursive ethos is crucial" (Korthals Altes, 2014:5).

[52] "Describing a writer's ethos clearly implies a vast operation of 'sociopoetics', because it allows for thinking at once the writer's 'strategy' in the field and his formal options, so as to understand his personal poetics" (Meizoz, 2010:83).

Oor die trefkrag van etos, patos en logos as die drie hoofmiddele van oorreding, meen Korthals Altes (2014:4) dat emosies inderdaad die oorredingsvermoë van 'n diskoers kan versterk. Etos, patos en logos ondersteun mekaar en werk saam ten einde die betroubaarheid en gesag van die spreker en dus van sy/haar diskoers, te verseker.

Korthals Altes (2014:vii) wys daarop dat 'n skrywer se persona net so ontwykend (misleidend) as sy/haar werk kan wees en dat vrae met betrekking tot vertroue en wantroue nie slegs tot literatuur beperk is nie, maar dat dit in alle lewensterreine aangetref word: "From childhood on, people develop a workable, but clearly fallible, capacity to detect and estimate in a split second shades of seriousness, irony, or deception in a speaker's utterances, on the basis of all kinds [of] clues […]. What counts as an appropriate ethos also varies according to the social situation and changes over time." Vanweë die ontwykende of misleidende aard van die skrywer se persona is taalhandelingsteorieë uiteraard van belang.[53] Taalhandelingsteorie – wat betrekking het op die vlakke van handeling waarop uitsprake werksaam is (kyk 2.3.2; 4.2.4.2) – is deur J.L. Austin in sy publikasie *How to do things with words* (1962) voorgestel. In Suid-Afrika het Van Rensburg en Van Coller (1982:215–233) en Lategan (1992) baanbrekerswerk gedoen ten opsigte van die toepassing van die taalhandelingsteorie op die Afrikaanse letterkunde. In Amerika het die filosoof J.R. Searle taalhandelingsteorie uitgebou. In die eersgenoemde publikasie onderskei Austin (1962:108) tussen lokutiewe, illokutiewe en perlokutiewe aksies. Hiervolgens is *lokutiewe* aksies in wese ekwivalent aan die uiting van 'n sekere sin met 'n spesifieke verwysing of betekenis (in die tradisionele sin van die woord). *Illokutiewe* aksies het betrekking op meedeling, ordening, waarskuwing en onderneming, dit wil sê, op uitings wat oor 'n bepaalde oortuigingskrag beskik. *Perlokutiewe* aksies verwys na dit wat tot stand gebring word deur wat gesê word, byvoorbeeld oortuiging, oorreding, afskrikking en selfs verrassing of misleiding. Binne die lokusie is daar Austin se onderskeidings van die fonetiese, fatiese en retiese taalhandelinge. Die *fonetiese* taalhandeling het betrekking op die uiting van bepaalde geluide, die *fatiese* taalhandeling verwys na die uiting van spraakklanke of woorde wat tot 'n bepaalde woordeskat behoort en die *retiese* taalhandeling verwys na die gebruik van spraakklanke ten einde betekenis te skep en verwysing moontlik te maak (Austin, 1962:5).

[53] Coppa (2004:73) gaan van die standpunt uit dat gedrag, soos spraak, 'n vorm van taal is: "Performance studies recognizes that behavior, as well as speech, is a language that has rules and is structured by a grammar, and, as with any other language, comprehension depends on re-cognition or knowing something when we see it." Daarom sou 'n skrywer se beeld ook binne die raamwerk van uitvoeringstudie nagevors kon word.

Cloete (1984: Inleiding) noem dat daar in alle kommunikasie sprake is van ’n spreker/skrywer en hoorder/leser waarin bepaalde gespreksvoorwaardes in ag geneem moet word. Hy verskaf die volgende opsomming van Grice (1975:47) se onderskeiding van vier gespreksvoorwaardes:

> (a) *Kwantiteit*: Wees so informatief as wat nodig is; (b) *Kwaliteit*: Praat die waarheid en sê net dinge waarvoor jy bewyse het; (c) *Relevansie*: Wees relevant; en (d) *Wyse*: Praat so duidelik en ondubbelsinnig as moontlik [oorspronklike kursivering].

Aangesien die sosiale kommentaar in ’n skrywer se literêre werk uiteraard verband hou met sy/haar etos (kyk 4.2.3.3) en die gespreksvoorwaardes van opregtheid, eerlikheid en moraliteit van groot belang is in die produksie van ’n geloofwaardige beeld, is Malan (1984:50–54) se verwysing na ’n gestruktureerde verhouding tussen sender en leser in die geëngageerde literatuur ter sake vir hierdie deel van die bespreking. Volgens Malan is die basiese illokusie dié van versoek tot nadenke, “omdat die *status quo* bevraagteken word en die leser gewoonlik op ’n verrassende wyse ideologies gekonfronteer word” [oorspronklike kursivering]. Malan verduidelik voorts dat die basiese, implisiete taalhandeling gewoonlik op die primêre vlak van die diskoers voltrek word sodat dit direk tot die spreker kan spreek. Dit geskied deur middel van mimetiese enkodering waardeur daar ten nouste by die leser se ervaringswêreld aangesluit word en het spesifieke engage-perlokusies soos instemming, kritiese bevraagtekening en simpatieke meelewing tot gevolg. Die openheid aan die kant van die leser maak dit vir die spreker moontlik om in ’n gestruktureerde verhouding met hom/haar te tree (ibid.)

Op grond van die genoemde elemente waaruit etos saamgestel is (praktiese wysheid, vaardigheid uit ondervinding, styl en argument), blyk dit dus duidelik dat beeldvorming ’n meervoudige waarnemingsveld is.

4.2 ’n Meervoudige waarnemingsveld

Soos in die vorige afdeling genoem, betrek postuur (as een van die komponente van ’n skrywer se etos) sowel dit wat buite die teks staan (kleredrag, optredes tydens onderhoude of tydens handtekeningsessies, die manier van praat) as die tekstuele aanbieding van die skrywer (Sergier et al., 2014:10). Benewens hierdie onderskeid, is daar ’n verdere onderskeiding ten opsigte van voorstelling of uitbeelding, naamlik selfvoorstelling (outovoorstelling) en heterovoorstelling. Daarom voorveronderstel ’n ondersoek na postuur ’n meervoudige waarnemingsveld.

4.2.1 Niediskursiewe etos

Gedrag, as die niediskursiewe (teksesterne) aspek van postuur, omvat in die openbare aanbieding van die skrywer. As voorbeelde hiervan noem Meizoz (2010:85) mediaverskynings, die diskoers van literêre prystoekennings, reaksies op resensies, kleredrag, haarstyl, spesifieke gebare, 'n bepaalde voorkoms en bykomstighede.[54]

4.2.1.1 Die skrywer as handelsmerk

'n Aspek wat toenemend belangrik word in beeldvorming (veral as bemarkingstrategie) is die vestiging van skrywers as handelsmerke. Sodanige strategieë is egter nie uniek aan die een-en-twintigste eeu nie. Reeds in die 1850's het daar 'n nuwe tipe verering vir die literêre persoonlikheid op die voorgrond getree. As voorbeelde van skrywers wat as ikone bewonder is, noem Sobol (2015:3) Ernest Hemingway, Mark Twain en F. Scott Fitzgerald. Die opkoms van die literêre glanspersoon en handelsnaamskrywers, soos Walter Scott en Robert Louis Stevenson, het daartoe aanleiding gegee dat hierdie skrywers, op grond van hul roem, 'n groter inkomste verdien het (Bold, 2016:4). Dit was in teenstelling met skrywers wat werk van 'n middelmatige of laer standaard gelewer het. Sedert die aanbreek van die huidige eeu is uitgewerye toenemend ingestel op literêre glanspersone en op die uitkyk vir potensiële topverkopers en skrywers wat as bemarkbare handelsprodukte gebruik kan word (ibid.).

In die bespreking van Foucault se begrip *skrywersfunksie* (1970:s.bl.; kyk 2.3.5) is aangetoon dat, aangesien die eienaarskap van die diskoers baie spesifiek en histories gekodifiseerd is, die skrywersnaam 'n klassifiserende funksie het:

> Having a recognisable author name is essential to defining the *author-function*: Foucault asserts that there are differences in discourses that contain an author-function and those who do not. Consequently, the *author-function* is linked to status and privilege (Foucault, 1977). The role of the author, in particular the author brand name, operates in a specific framework within the contemporary publishing industry, especially for promotional purposes. The brand of an author's name is developed from the author's reputation, and the quality of their work, therefore any work published by the author is usually associated with their previous work (Bold, 2016:16 [oorspronklike kursivering en verwysing na Foucault]).

Uit 'n ondersoek na wat uitgewerye as vereistes vir 'n skrywershandelsnaam stel, lys Sobol (2015:63–64) die volgende: vaardigheid en talent; die werklikheid wat in die literêre werk nageboots word; die genre waarin die skrywer werk en waarmee hy/sy geassosieer word; 'n onderskeibare skryfstyl; prestasies en toekennings; posisie op topverkoperlyste; vernuwing en beïnvloeding (van byvoorbeeld 'n genre); 'n sekere 'platvorm' ('n reeds bestaande

[54] Enkele voorbeelde sluit in Etienne van Heerden se serp en Etienne Leroux se swart klere en donkerbril.

menslike handelsmerk); 'n bemarkbare karakter (interessante voorkoms en/of persoonlikheid); demografiese beeld (ouderdom, afkoms); leefstyl; die skrywer se verlede, wêreldbeskouing en verhouding met verbruikers (hoe sosiaal en sosiaal-aantreklik die skrywer is); en algemene sigbaarheid.

In die bemarking van die skrywer as handelsmerk speel die sosiale media (waarby diskoers as 'n diskursiewe aspek van 'n skrywer se beeldvorming betrek word; kyk 4.2.2) 'n toenemend belangrike rol. Deur die gebruik van sosiale platvorms soos facebook, Twitter en Instagram kan die skrywer (soms met die medewerking van ander agente) – soos later in die bespreking van Marita van der Vyver en Bibi Slippers se beeldvorming sal blyk – sy/haar reikwydte uitbrei en word sosiale kapitaal verhoog. Bold (2016:20) meen dat, alhoewel 'n herkenbare naam kan help om aanhangers te werf, betrokkenheid van die kant van die skrywer van groot belang is in die totstandkoming van sowel 'n leser- as 'n bewonderaarskorps.

4.2.1.2 Die literêre glanspersoon

In 'n artikel wat handel oor die terugkeer van die skrywer in die Nederlandse studieveld, wys Honings en Bax (2017:15) op navorsing wat oor die sogenaamde literêre glanspersoon gedoen is en kom hulle tot die gevolgtrekking dat skrywers (in verskillende lande, nie net in Amerika nie) deel is van 'n literêre sisteem wat toenemend ingebed is in die vermaaklikheidsbedryf. Skrywers ding nie net mee met televisiepersoonlikhede wat hulself ook tot skryfwerk wend nie; daar is ook baie skrywers, gewoonlik dié wat die meeste sukses behaal, "who shape their reputation through various media performances. This has made the author the main contemporary lens through which the media look at literature" (ibid.).

As 'n bemarkbare handelsmerk is die literêre glanspersoon, soos genoem, geen nuutjie in die literêre wêreld nie. In die geskiedenis is daar talle voorbeelde van skrywers wat sterstatus geniet het, byvoorbeeld Lord Byron, Charles Dickens, Oscar Wilde, Louis Couperus en, meer onlangs, Bret Easton Ellis, Haruki Murakami en J.K. Rowling (Honings & Bax, 2017:16). Franssen (2010:94) voer die opkoms van die verskynsel van die skrywer as glanspersoon terug na die drukkerswese wat gedurende die romantiese periode voorsiening moes maak vir 'n massamark. Met die opkoms van die kultuurindustrie, die revolusie ten opsigte van die massamedia en die toenemende invloed wat die populêre (verbruikers)kultuur in die negentiende en twintigste eeue uitgeoefen het, het die sisteem van 'die beroemde', aldus Franssen (ibid.), 'n integrale deel van die literêre kultuur geword.

Oor die opkoms van 'n soms kontroversiële figuur op die terrein van die literatuur noem Franssen (2010:92) dat die literêre glanspersoon dikwels ongemaklikheid veroorsaak en met sterk weerstand bejeën word – die gevolg van die botsing tussen twee verskillende, skynbaar onversoenbare sosio-estetiese stande, naamlik literêre skrywerskap en populêre roem. 'n Gedeelde kenmerk van die (literêre) skrywer en die glanspersoon is dat albei geproduseer/medegeproduseer word deur rolspelers en instellings wat vir hul voorstelling en resepsie verantwoordelik is. Daarom is albei, volgens Franssen (ibid.), produkte van sosio-estetiese diskoers. Tog is daar 'n hele aantal verskille te bemerk.

Tabel 4.1: 'n Opsomming van Franssen (2010:92–94, 97) se uitwysing van die verskille tussen die literêre skrywer en die literêre glanspersoon

Literêre skrywerskap	Literêre glanspersoon
Literêre skrywerskap hou verband met Bourdieu se begrip *anti-ekonomiese logika* (*logic*) (Bourdieu, 1996a:142). Alhoewel dit nie die enigste logika is wat 'n skrywer kan aanneem nie, het hierdie anti-ekonomiese houding, wat dominant is in die literêre veld, deel van die konvensionele diskoers oor literêre skrywerskap geword.	Die literêre glanspersoon is die produk van 'n diskoers wat ondubbelsinnig kommersieel van aard is.
In 'n baie letterlike sin word van die skrywer verwag om 'onselfsugtig' te wees. Sedert die modernisme is die begrip van die 'uitwissing' van die skrywer se persoonlikheid ten opsigte van die literêre werk, 'n inherente element van die diskoers oor literêre skrywerskap. In hierdie verband word verwys na die New Critics se pleidooi vir objektiewe kritiek en Roland Barthes se aankondiging van die 'dood van die skrywer'.	Beroemdes word as openbare figure beskou. Die publiek se bekoring deur hierdie figure strek verder as hul artistieke meriete tot by hul private lewens – in werklikheid 'n soeke na die 'ware', die 'self' agter die beeld van die glanspersoonlikheid.
Die literêre skrywer word vereenselwig met vernuwing.	Die beroemde word (soms ten onregte) met herhaling vereenselwig. Massaproduksie en die massamedia, wat primêr verantwoordelik is vir die grootskaalse reproduksie en hersirkulering van die glanspersoon se beeld, steun in 'n baie algemene sin op repetisie.
Enkele kenmerke van die literêre skrywer: • 'n Verwerping van die kommodifisering van die kulturele industrie • Die modellering van die identiteit van 'n outonome, intellektuele skrywer • 'n Skeptiese houding ten opsigte van die kunstenaar in populêre massakultuur • 'n Waardering vir oorspronklikheid	*Enkele kenmerke van die literêre glanspersoon:* • Die materiële produksie (ontwerp) en reklame van sy/haar werk word met erns benader. • Die werk en lewensverhale van ander 'ware' skrywers en beroemdes word in sy/haar werk verweef. • Daar is spottende verwysings na die stereotipiese beeld van 'ware skrywers'. • As deel van die diskoers oor beroemdheid is daar 'n wisselwerking tussen die selfvorming 'spesiaal' versus 'gewoon'.

Op grond van die bogenoemde kom Franssen (2010:92) tot die volgende gevolgtrekking: Terwyl literêre roem die klassieke, tipies hoogmoderne konstruksie van skrywerskap omverwerp en transformeer, word laasgenoemde egter ook deur die literêre glanspersoon onthul.

4.2.2 Diskoers

Diskursiewe tekste omvat onder andere essays, programmatiese geskrifte en werksekstерne poëtikale uitsprake, maar ook (die keuses in) die literêre teks self (Dorleijn, 2007:244; Meizoz, 2010:85). Soos vroeër genoem (vergelyk ook Bourdieu, 1983:317; Van Rees, 1983:398), is die produksie van diskoers oor die kunswerk op sigself een van die voorwaardes onderliggend aan die (simboliese) produksie van die werk.

Aangesien postuur nie slegs 'n skrywer se eie unieke konstruksie is nie, maar 'n interaktiewe proses waarby sowel die skrywer as ander medewerkers betrokke is (Meizoz, 2010:84; kyk 3.6), is daar, benewens die onderskeid niediskursief/diskursief, 'n verdere onderskeiding ten opsigte van voorstelling of uitbeelding, naamlik selfvoorstelling (outovoorstelling) en heterovoorstelling.

4.2.3 Selfvoorstelling

Selfvoorstelling verwys na beeldvorming deur die skrywer self. Wanneer die selfvoorstelling diskursief van aard is, word gepraat van interne tekste. Interne tekste word deur die skrywer self geskryf. Voorbeelde hiervan sluit in outobiografieë en dagboeke, die literêre werk self (romans/kortverhaalbundels/digbundels), essays, kolomme, vertalings en voorwoorde by werke van ander skrywers (Bongers, 2011:23–24; Dorleijn, 2007:244; Meizoz, 2010:85).

4.2.3.1 Rekonstruksie van etos op grond van die teks

Alhoewel die fokus in hierdie proefskrif hoofsaaklik geplaas word op buitetekstuele faktore wat 'n invloed op die beeldvorming van die gekose skrywers gehad het, is dit tog belangrik om daarvan kennis te neem dat, benewens die genoemde diskursiewe tipe selfvoorstellings, dit ook moontlik is om die etos van 'n skrywer (gedeeltelik) op grond van die teks te rekonstrueer (Sergier et al., 2014:10). Vanuit 'n suiwer institusionele beskouing is die inhoud van die teks nie die belangrikste element nie. De Geest (2013:54) wys daarop dat (literêre) identiteit grotendeels saamval met die skrywersbeeld wat uit die skrywer se werk na vore tree. Die figuur van die skrywer word gebruik as 'n verklarende faktor of sleutel tot die literêre werk. Soos De Geest, is talle ander navorsers dit eens dat 'n ondersoek na beeldvorming sowel teks as konteks moet betrek (vergelyk Bongers, 2011; Dera, 2012; Dorleijn, 2007; Meizoz, 2010). In hierdie verband wys Dorleijn (2007:252) op die belang daarvan dat 'n ondersoek na postuur aansluiting sal vind by 'n tradisioneel-poëtikale, literatuursosiologiese, teksgerigte en kontekstuele ondersoek. Hierdie siening resoneer met Sainte-Beuve (kyk 2.2.1) se positivistiese beskouing dat die skrywer en sy/haar literêre

werk 'n analitiese eenheid vorm. As voorbeeld van sodanige ondersoek kan na Dorleijn se artikel "De muzikale verwijzing als positioneringsmiddel" (2007) gekyk word. Hierin gebruik Dorleijn musikale verwysings as 'n onderdeel van die *option esthétique* en toon die wyses aan waarop sodanige verwysings bydra tot die selfvoorstelling van die skrywers oor wie die artikel handel. Deur hierdie werkswyse word tekstuele en institusionele aspekte met mekaar verbind (Dorleijn, 2007:244). Om die werkswyse kortliks te illustreer, word Dorleijn se interpretasie van Martinus Nijhoff se gedig "Kleine prelude van Ravel" as voorbeeld geneem. Volgens Dorleijn (2007:251) funksioneer verwysings na die komponis Maurice Ravel in die gedig as merkers van 'n bepaalde posisie, naamlik "modern, internasionaal, autonoom dichter in de voorhoede van zijn tijd". Dera (2012:465) wys op Dorleijn se gebruik van Meizoz se begrip *postuur* as 'n brug tussen Nijhoff se poësie en sy posisie as 'modernis' in die literêre veld – "en die vertaalslag van tekst naar veld is een van de bedoelingen die Meizoz met de begrip [posture] lijkt te hebben".

Volgens Sergier et al. (2014:9) word die bestudering van die skrywer binne die literêre teks – sonder dat die navorser die indruk skep "dat hij raakt aan dat wat, sinds Barthes en Foucault, een taboe geworden is" – veral deur die begrip *etos* moontlik gemaak. In hierdie verband noem Sergier et al. (2014:10) Maingueneau, Dhondt en Martens se gebruik van die begrip *ethos montré*, wat betrekking het op die woordkeuse, die skryfstyl, die argumentasie, die toon (humoristies, ironies, sinies, arrogant of naïef), asook selfbeskrywende passasies (*ethos dit*). In die geval van rekonstruksie van etos op grond van die teks, moet daar ook rekening gehou word met die (voor)kennis van die leser oor die skrywer – dít waarna Maingueneau as *ethos prédiscursif* verwys (Sergier et al., 2014:10). Met betrekking tot die begrip van 'n *prior ethos* tref Korthals Altes (2014:6) die volgende verdere onderskeidings:

- Watter leidrade kan afgelei word uit 'n skrywer se *prior ethos*?
- Kan hierdie leidrade herlei word na die skrywer self of word dit teruggevoer na ander wat tot die vorming van die skrywer se beeld bygedra het?
- Hoeveel krediet moet die onderskeie bemiddelingsfigure hiervoor kry?

In hierdie verband wys Van Coller (1990:44) op die konvensie wat vir dekades reeds bestaan "dat die verteller in die epiek die teksinterne vergestalting was van die 'konkrete outeur', tensy daar eksplisiete tekens ingebou is om hierdie gelykstelling onmoontlik te maak". In die beskrywing van die totale kommunikasieproses word van die sogenaamde 'degree zero' gebruik gemaak:

> Dit geld die konkrete outeur en sy senderkode, die teks en die produksiewyse, asook die reële leser daarvan: resensente van *Onse Hymie* se nulpuntverwagtings sou bv. verskil van dié van selfs ervare lesers van ontspanningsliteratuur. Daar bestaan egter ook wesenlike verskille by die verskillende ontvangers in die literêre kommunikasieproses wat hul onderskeie nulpuntverwagtings betref t.o.v. hul senderspendante.

Gevolglik wys Van Coller op die belang van die begrippe *implisiete*/*abstrakte*/*konkrete* outeur en verteller. Die werklike of reële outeur is die persoon wat die boek geskryf het en wie se naam (of skuilnaam) op die titelblad verskyn (Brink, 1989:147). Die implisiete of abstrakte outeur verwys na die "vormgewende instansie wat deur die leser gekonstrueer word uit spore en tekens *in* die vertelteks" (Brink, 1989:148 [oorspronklike kursivering]). Die konsep van die implisiete outeur word teruggevoer na die werk van Wayne C. Booth. In sy publikasie *Rhetoric of fiction* (1983; oorspronklik 1961) stel hy 'n kompromis voor tussen die New Critics – met hul ontkenning van die relevansie van die werklike outeur se bedoeling – en die biografiese kritici – wat die literêre werk in die lig van die lewe van die skrywer probeer verklaar, naamlik die implisiete outeur:

> We can be satisfied only with a term that is as broad as the work itself but still capable of calling attention to that work as the product of a choosing, evaluating person rather than as a self-existing thing. The 'implied author' chooses, consciously or unconsciously, what we read; we infer him as an ideal, literary, created version of the real man; he is the sum of his own choices (Booth, 1983:74–75).

Schmid (2010:48) is van mening dat die abstrakte outeur werklik, maar nie konkreet is nie: "S/he exists in the work only virtually, indicated by the traces left in the work by the acts of creation, and requires concretization by the reader." Sergier et al. (2014:7) beskryf die implisiete outeur as "een figuur die niet zozeer aanwezig is in de tekst (als personage of als verteller bijvoorbeeld) maar die wel een soort instantie is die garant staat voor de normen en waarden van wat men in het werk kan lezen, een soort ideologische reling". In die konstruksie van die beeld van die implisiete outeur speel genre-oorwegings, styl en toon 'n belangrike rol (Bongers, 2011:10). Hierbenewens is die keuses wat die implisiete outeur aangaande die plotverloop en die wedervaringe en karakterisering van die karakters maak, betekenisvol (Mikkonen, 2009:19). Ten opsigte van vertellingswyse en standpuntinname beskou Lanser (1981), aldus Van Coller (1990:51–52), die konsep *point of view* van groot belang: "Hierdie sg. 'textual voice (…) may not be a narrating presence within the fictional tale itself, but it is the voice responsible for the very existence of the fictional world …'." Van Coller (1990:52) verduidelik dat "[d]ie hele produksieproses, die literêre sisteem waarbinne die teks val, die verwagtingshorison en beantwoording daaraan of deurbreking daarvan", volgens Lanser se beskouing, meewerk in die "(re)konstruksie van wat sy 'the textual voice' noem".

Wanneer afleidings rakende diskursiewe etos uit ’n skrywer se fiksionele werke gemaak word, moet in gedagte gehou word dat onsekerhede met betrekking tot diskursiewe etos in geskrewe spraak verhoog: “Fictional narratives augment the risks, as by convention they would uncouple the work, as expression of intentions and beliefs, from its actual author” (Korthals Altes, 2014:viii). Laasgenoemde outeur is van mening dat, in die prosesse waarvolgens narratiewe tekste geïnterpreteer en geëvalueer word, idees oor die etos van karakters en vertellers, asook die skrywer se idees oor byvoorbeeld die karakters en vertellers se opregtheid, betroubaarheid, outoriteit of ironie, nie slegs die resultaat van interpretatiewe prosesse is nie, maar dat dit selfs voor en deur die loop van die leesproses ’n groot rol speel tydens beeldvorming (Korthals Altes, 2014:viii–ix). As ’n uitvloeisel daarvan dat etiese, ideologiese en retoriese narratiewe kritiek en teorie tans floreer, is die etos van die (geïmpliseerde) outeur, narratiewe stemme en karakters van groot belang (Korthals Altes, 2014:11).

4.2.3.2 Versluierde outobiografie

Vroeër (4.2.3) is verwys na outobiografieë as voorbeelde van diskursiewe etos. As gevolg van die invloed van die gewildheid van visuele en oudiomedia – soos selfone, kameras of blogs waardeur onmiddellike, onbemiddelde kommunikasie moontlik geword het – asook van ander kunsvorme en vorme van vermaak – soos films of speletjies – op die status van literatuur, gebeur dit toenemend dat skrywers nuwe argumente moet voorstel of tradisionele beskouings moet verlewendig ten einde die relevansie en legitimiteit van literatuur en hul eie skryfwerk te demonstreer. Skrywers moet derhalwe dikwels hul toevlug neem tot temas wat wye aanklank regoor die huidige sosiale bestel geniet (Korthals Altes, 2014:9–10). As voorbeelde noem sy werklike lewensgebeure, eerstehandse ervarings van swaarkry en getuienisse. Daarom leen skrywers toenemend uit niefiktiewe genres soos dokumentêre werk en outobiografieë – dít wat eens as esteties marginaal beskou is, maar wat toenemend in die letterkunde op die voorgrond tree:

> Teksten worden biografisch gesitueerd en geduid, via concrete anekdotes over hun ontstaansgeschiedenis, of meer algemeen vindt men de interesses en de overtuigingen (religieus, politiek, maatschappelijk, seksueel …) van de schrijver weerspiegeld in zijn werk, zelfs waar het gaat om uitgesproken fictionele teksten. Hetzelfde principe wordt gehanteerd om de evoluties in het oeuvre van een auteur te duiden. Vaak wordt zo een wending gerelateerd aan veranderde levensomstandigheden: familiaal (het overlijden van de ouders, het verlies van een geliefde, het vinden van een nieuwe liefde, de kwalen van de ouderdom …), professioneel, geografisch een reis naar het buiteland) of social (nieuwe contacten en invloeden binnen of buiten de literatuur) (De Geest, 2013:54).

Vir De Geest (2013:49) kan ’n skrywer se oeuvre óf as ’n versluierde outobiografie óf as die beliggaming van sy/haar persoonlikheid eerder as ’n outonome, fiktiewe konstruksie gelees

word. Volgens hierdie outeur (2013:53) word die skrywer se identiteit immers net aan literêre publikasies wat met sy/haar naam verbind word, geassosieer. Die verbinding van literatuur met ’n eienaam bring mee dat uitsonderlikheid en oorspronklikheid belangrike kategorieë is in moderne geskiedskrywing. Gevolglik is ’n oeuvre nóg belangriker en kan ’n individuele styl en tematiek ’n kenmerk van die skrywer word.

In ’n besinning oor die rol van versluierde outobiografie in diskursiewe selfvoorstelling, is die vraag na die oorvleueling tussen (hoof)karakter, verteller en werklike outeur – wat dus ’n ondersoek na die vertelinstansie (veral die afstand tussen die werklike outeur en die implisiete outeur; kyk 4.2.3.1) veronderstel – uiteraard ter sake. Dera (2012:464) verwys na Meizoz se uitspraak dat, alhoewel skrywersbeelde uit sowel fiksie as outobiografiese werke gekonstrueer kan word, dit veel moeiliker uit eersgenoemde geskied. Daarom is styl, tematiek en intertekstuele verwysings van groot waarde wanneer die skrywersbeeld wél in samehang met ’n fiktiewe werk bestudeer moet word.

4.2.3.3 Sosiale kommentaar

Die sosiale kommentaar in ’n skrywer se literêre werk hou uiteraard verband met sy/haar etos. Dus maak skrywers dikwels hul sosiale of etiese oortuigings deur middel van hul literêre werk openbaar: “Authors are definitely *in*, as are their ideological and ethical stances and, more often implicitly, their ethos” (Korthals Altes, 2014:15 [oorspronklike kursivering]). In die skrywer se protes teenoor – en bearbeiding vir – kwessies waartoe hy/sy geroepe voel, is ’n oortuigende etos van opregtheid en outoriteit wat op ondervinding gebaseer is, van groot belang (Korthals Altes, 2014:9).

Volgens Sergier et al. (2014:10) is Amossy se beskouings (sy verwys na *ethos préalable* wat gebaseer is op status, reputasie en vroeëre uitsprake van die skrywer) grootliks in ooreenstemming met dié van Maingueneau, Dhondt en Martens. Amossy plaas egter die klem op die wedersydse beïnvloeding van skrywer en leser soos wat dit deur hul sosiale funksies en dus institusionele posisie bepaal word (ibid.). In hierdie verband is die *prior ethos* – die beeld wat ’n gehoor reeds van die spreker het op grond van sy/haar reputasie, vorige dade en algemeen bekende karaktereienskappe, veral in die moderne samelewing waarin die media ’n toenemende rol speel – uiteraard van belang (Korthals Altes, 2014:5).

Op grond van hul sosiale kapitaal neem skrywers dikwels die beeld van openbare intellektueel aan (kyk ook die ‘skrywer-burger’ in 3.6). Heynders (2009:4-23) karakteriseer die openbare intellektueel as iemand wat van die kantlyn af aan openbare debatte deelneem en ’n morele standpunt stel: “the autonomy of the literary work is opened up by authors

who depict and rethink political issues and in doing this, demarcate specific places in the public sphere" (Heynders, 2009:8). As voorbeeld van so 'n openbare intellektueel, noem Honings en Bax (2017:18) Breyten Breytenbach: "If anyone has claimed a social role as a critical writer and public intellectual – against Apartheid – then surely it is Breytenbach."

Baert en Booth (2012:112) konstateer dat die wyse waarop intellektuele hulself posisioneer (asook die wyse waarop hulle deur ander geposisioneer word) nie slegs hul simboliese en institusionele erkenning beïnvloed nie, maar dat dit ook 'n invloed op die verspreiding en resepsie van hul idees het. Volgens hierdie outeurs het die beeld van die openbare intellektueel teen die einde van die negentiende eeu teenstrydighede bevat – teenstrydighede "wat in die afgelope eeu weer kopuitsteek [sic]" (Van Coller, 2018:6). Hierdie teenstrydighede sluit die volgende in (Baert & Booth, 2012:113–114; Van Coller, 2018:6):

(i) 'n Spanning tussen die outoriteit en die respek wat intellektuele hulself toeëien in die beoordeling van sosiopolitieke situasies, teenoor die progressiewe en gelykmakende waardes wat hulle bepleit

(ii) 'n Spanning tussen die kundighede van die intellektuele en die reg wat hulle hulself toeëien om ook hul opinies te lug oor kwessies wat buite hul spesialisgebiede val

(iii) 'n Spanning tussen passie en betrokkenheid, aan die een kant, teenoor 'n postuur van afsondering, aan die ander kant

(iv) 'n Spanning tussen die individuele plig en opvattings, teenoor die noodsaak vir kollektiewe optrede

4.2.4 Heterovoorstelling

Heterovoorstelling verwys na beeldvorming deur ander agente. Soos reeds in Hoofstuk 3 aangetoon, is skrywers se prestige en in- of uitsluiting by die kanon afhanklik van die agting van belangrike rolspelers of bemiddelende agente in die literêre veld.

4.2.4.1 Rolspelers

Rolspelers kan in twee kategorieë verdeel word:

- Bemiddelende agente (die sogenaamde intellektueel, die skrywer self en die kritikus) wat tot insluiting in die kanon bydra
- Hekwagters, wat gesien word as agente, persone of instansies wat skrywers of werke tydens die proses van kanonisering uit die kanon wil weer (Van Coller & Odendaal, 2005b:18–19).

Opsommenderwys noem Van Coller en Odendaal (2005a:4–5) die volgende as rolspelers in die kanoniseringsproses:

- Kurrikuleerders, voorskryfkomitees, individuele onderwysers of dosente betrokke by onderwysinstellings (skole, kolleges, universiteite) wat gebruik maak van kurrikula, voorgeskrewe boeke, bloemlesings of studiegidse
- Prysborge en -beoordelaars betrokke by prystoekenningsinstansies
- Boekeredakteurs en -keurders en vertalers betrokke by literêre uitgewerye
- Mediaredakteurs, resensente, joernaliste en kritici wat by die media (byvoorbeeld tydskrifte, koerante, die radio en televisie) betrokke is en wat artikels, resensies, onderhoude en voorlesings gebruik

Soos reeds in die inleiding tot hierdie proefskrif genoem (kyk 1.1), is die bydraes wat elk van hierdie rolspelers tot die graderingsproses maak, komplementerend en het hul rol 'n verstewigende effek op die relatief outonome en dominante posisie van kritiek binne die literêre veld.

Wanneer die heterovoorstelling tekstueel van aard is, word gepraat van eksterne tekste. Eksterne tekste handel oor die skrywer, maar is nie deur hom-/haarself geskryf nie. Soos in 4.2.3.1 genoem, is die inhoud van die teks, vanuit 'n suiwer institusionele beskouing, nie die belangrikste element nie. Van groter belang is die wyse waarop die uitgewer die skrywer probeer posisioneer. Hierin speel omslag (of agterflap), ander paratekstuele gegewens, asook reklametekste en webwerwe 'n belangrike rol. Ander voorbeelde van eksterne tekste is biografieë, lofredes en doodsberigte, tekste deur literêre en wetenskaplike kritici, jurieverslae en debatte waarvan die skrywer die onderwerp is, asook korter tekste in dagblaaie, soos die aankondiging van lesings en (voor)aankondigings van televisieprogramme (Bongers, 2011:10; 24).

(i) Magsinstansies binne die literêre veld

Al vier boeke onder bespreking in hierdie proefskrif (*Kringe in 'n Bos*, *Griet skryf 'n sprokie*, *Kamphoer* en *Fotostaatmasjien*) is deur Tafelberg Uitgewers gepubliseer. Daarom is dit nodig om kortliks die soeklig op hierdie uitgewery te plaas alvorens daar na bepaalde magsinstansies binne die literêre veld gekyk word.

Op Tafelberg Uitgewers se webblad word vermeld dat die organisasie in 1951 gestig is en dat dit veral bekend is vir die publikasie van Afrikaanse literêre fiksie, hoewel die uitgewery toenemend ook Engelse fiksie publiseer. Skrywers wie se werk voorheen en steeds deur Tafelberg Uitgewers gepubliseer word, sluit in Dalene Matthee, Marita van der Vyver,

Marlene van Niekerk, Etienne van Heerden, Eben Venter en Anoeschka von Meck. Die uitgewery publiseer ook niefiksie-boeke oor aktuele sake, geskiedenis en besigheidsverwante sake van skrywers soos Mamphela Ramphele, Edwin Cameron, Hermann Giliomee, Alf Kumalo, Adriaan Basson, Bill Nasson en Clem Sunter. Voorts word biografiese werke soos dié deur J.C. Kannemeyer (2004) en J.C. Steyn (1998) uitgegee. Benewens kinder- en jeugboeke, wat in die meeste Suid-Afrikaanse amptelike tale gepubliseer word, publiseer Tafelberg ook Afrikaanse romantiese verhale onder die drukkersname van Jasmyn, Melodie, Satyn en Hartklop (Tafelberg, s.j.-a:s.bl.).

Aangesien Tafelberg Uitgewers ’n drukkersnaam van die internetreus Naspers is, is dit uiteraard nodig om op die verband tussen hierdie uitgewery en ander Naspers-beheerde media-instellings te let.

Tot en met die negentigerjare van die vorige eeu het twee mediamaatskappye, naamlik Naspers en Perskor (albei met verskeie boekuitgewerye en drukkerye), meegeding om markdeelname in die publikasie van Afrikaanse fiksie (Galloway & Venter, 2005:64). Terwyl Naspers op sowel literêre as populêre fiksie fokus, het Perskor gedurende die tweede helfte van die 1990’s doelbewus ’n klemverskuiwing na populêre fiksie gemaak. Met betrekking tot die geskiedenis van uitgewerye in Suid-Afrika noem Galloway en Venter (ibid.) dat Perskor in 1997 aan Kagiso Uitgewers (’n swartbemagtigingsmaatskappy wat hoofsaaklik op die skoolhandboeksektor gefokus het en waarvan HAUM-Literêr, as deel van die groot opvoedkundige uitgewery HAUM, deel uitgemaak het) verkoop is. As gevolg van die krisis in die onderwys was Kagiso genoop om met die multinasionale uitgewery Maskew Miller Longman saam te smelt – ’n stap wat tot die beëindiging van hierdie uitgewery se fiksiepublikasie gelei het.

In haar oorsig oor die Suid-Afrikaanse uitgewersbedryf noem Moller (2013:s.bl.) dat die oorspronklike doel van Naspers – in 1915 gestig en tot 1998 bekend as Nasionale Pers – die bevordering van Afrikanerbelange was. Tafelberg Uitgewers en Human & Rousseau het onderskeidelik in 1959 en 1978 drukkersname van Naspers geword.

Deurdat Nasionale Pers, nádat die Nasionale Party in 1948 aan bewind gekom het, as ’n ondersteuner van die nasionalistiese regering beskou is, het die regering dus, ten spyte van die feit dat daar altyd skermutselings met joernaliste en uitgewers was, beheer oor die media en oor wat aan die publiek deurgegee word, verkry (Moller, 2013:s.bl.). In hierdie verband, en veral ten opsigte van die huidige situasie waarin Naspers bykans alle media-aanbiedings in Suid-Afrika beheer, is Van Coller (2009:128) se waarskuwing dus ter sake. Volgens hom is kanonisering ’n proses van insluiting en uitsluiting wat in ’n magspel

gegrondves is en betrek hierdie magspel alle verhoudings – hetsy intellektueel, institusioneel, sosiaal of polities. As eksterne faktore in die kanoniseringsproses noem Viljoen (1992:198) nasionalisme, markmeganismes en politieke druk. Van Coller (2009:127) waarsku daarom dat kanonisering "'n ingewikkelde en (soms) selfs bisarre proses" is wat net begryp kan word "wanneer besef word dat ook die literatuur in die breë, ondergeskik is aan groter sisteme: kultureel, ekonomies, polities, ens.". Teen die agtergrond van hierdie magspel en met inagneming van die rol wat media-aanbiedings (resensies, koerant- en tydskrifartikels en alle ander vorme van sosiale media) in die beeldvormingsproses speel, is dit uiteraard, soos hierbo genoem, nodig om ondersoek in te stel na die verband tussen die uitgewery, Tafelberg, as deel van Naspers, en ander media-instansies.

Van die eerste produkte wat deur Naspers uitgegee is, is *Die Volksblad* (nou *Volksblad*) in 1917. In 1925 het *Die Volksblad*, voorheen 'n weeklikse koerant, 'n dagblad geword. *De Huisgenoot* en die koerant *De Burger* is in 1916 deur Naspers geloods en 1949 ook die tydskrif *Sarie* (oorspronklik *Sarie Marais*). Geskoei op hierdie tydskrif het die Engelse tydskrif *Fairlady* in 1965 die lig gesien. In 1965 het *Die Beeld* ook onder die Naspers-vaandel die lig gesien (*fundinguniverse*. s.j.; Media24*,* s.j.:s.bl.; Moller, 2013:s.bl.: *South African History Online*. s.j.:s.bl.).

Nasionale Boekhandel (tans bekend as NB Uitgewers) is in 1950 as 'n aparte uitgewery gestig en het in 1973 deel van Nasionale Pers geword. NB Uitgewers het sewe drukkersname, naamlik Tafelberg, Human & Rousseau, Queillerie, Pharos, Kwela, Best Books en Lux Verbi (NB Uitgewers, s.j.-d:s.bl.).

Leserskring, oorspronklik bekend as *Leserskring Boekklub*, is deur Naspers in die lewe geroep om in die behoefte van baie Afrikaanse lesers wat buite die stedelike areas woon, te voorsien (Media24, s.j.:s.bl.).

In 1970 is aangekondig dat die Sondagkoerante *Beeld* en *Dagbreek* onder die naam *Rapport* saamsmelt (*fundinguniverse*. s.j.; Media24, s.j.:s.bl.; *South African History Online*. s.j.:s.bl.). In 1999 het Naspers die 50 persent aandele wat Caxton tot op daardie stadium in *Rapport* gehad het, bekom en so ook volle beheer oor hierdie koerant verkry (*iol.co.za*, 1999:s.bl.).

Met die bekendstelling van M-Net in 1985 het Naspers tot die TV-industrie toegetree. Hierdie toetrede tot 'n nuwe tipe media het daartoe aanleiding gegee dat die maatskappy reeds 'n voet in die deur gehad het toe die tegnologiese ontwikkeling vlamgevat het. Vir

Naspers was hierdie beslis ’n stap in die regte rigting – veral teen die agtergrond van die politieke veranderinge van die negentigerjare:

> After apartheid, publishers, newspapers, etc. was given a huge challenge: how to position themselves now that their once big ally was sunken? Should Afrikaans be criticised or still fought for? Should they be critical of the ANC and risk alienating readers, and could they so easily make the swing around? Should there be no criticism? And another big challenge: with the new director Koos Bekker, things were changing. There was a move towards embracing technology and going digital (Moller, 2013:s.bl.).

Te oordeel aan die wêreldwye verspreiding is die internet Naspers se belangrikste kernaktiwiteit. Die mees populêre internetdiens waarby Naspers betrokke is, is QQ deur Tencent, ’n geselsprogram wat ook waardetoevoegende dienste soos speletjies, websoektogte en ’n sosiale aanlynnetwerk tot internet en mobiele middele insluit (Sosedow, 2017:s.bl.). Alhoewel dit in wese ’n internetdiensverskaffer is, kategoriseer Naspers die MWEB Suid-Afrika maatskappy as ’n deel van sy betaal- TV-afdeling (ibid.).

Aangesien Naspers as mediamaatskappy ook by televisie, radio en die internet betrokke is, moes die gedrukte deel daarvan (tydskrifte, boeke, koerante) saamgegroepeer word (Moller (2013:s.bl.). Sedert 2000 staan hierdie afdeling as Media24 bekend. Toe die pos van ’n nasionale boekeredakteur (oorkoepelend vir *Die Burger, Beeld* en *Volksblad*) in 2011 deur Media24 geadverteer is, was daar hewige besware. Alhoewel die rede vir die sentralisering en afskaling moontlik ekonomies was, is dit, volgens Breyten Breytenbach, nie in belang van “die verryking van die literêre wêreld en die bevordering van diversiteit in opinies en uitdrukkingsvorme” nie (Versindaba, 2011:s.bl.) As redes vir die ontsteltenis is gewys op die feit dat “die boekeredakteur van ’n bepaalde publikasie volle seggenskap [het] oor watter boeke geresenseer gaan word; watter resensente betrek word en hoeveel woorde aan sodanige resensie toegestaan word” (ibid.). Uit die besprekings in Hoofstukke 5 tot 8 sal die afname in resensies sedert die publikasie van *Kringe in ’n Bos* (1984) en *Griet skryf ’n sprokie* (1992) duidelik waargeneem kan word en dien dit weer eens as ’n bevestiging van die (ekonomiese) magspel binne die literêre veld.

(ii) Die uitgewery[55]

In sy antwoord op die vraag, "Who creates the 'creator'", wys Bourdieu (1993:76–77) op die belangrike rol van die kulturele besigheidspersoon, waarvan die uitgewer(y) een is: "the publisher is one of those prestigious sponsors (together with preface-writers and critics) who effusively recommend their candidate". Op grond van die uitgewery se vertroue in die skrywer en deurdat hierdie organisasie die skrywer op materiële gebied ondersteun, 'maak' die uitgewery in wese die skrywer (Bourdieu, 1996a:168).

Aangesien 'n postuur op die oomblik van publikasie begin, speel die uitgewery en die aanbieding van die boek as materiële objek dus 'n belangrike rol in beeldvorming. Verskillende rolspelers is hierby betrokke. Brissette, Dozo, Glinoer, Lacroix en Pinson (2017:9) meen dat die onderhandelinge tussen bemiddelaars en die wesenlikheid van die boek amper onskeibaar is, "since the intervention of the former often reveals itself to be decisive in the transformation of the text into a book". 'n Manuskrip word deur anonieme keurders gelees en 'n redakteur van 'n uitgewery besluit of dit gepubliseer sal word al dan nie (Hambidge, 2014a:s.bl.). Daarna word dit gereklameer, geresenseer en gelees. Die naam van die uitgewery vorm reeds deel van die kanoniseringsproses. Hambidge (ibid.) noem dat 'n gesiene uitgewershuis teenoor 'n kleiner uitgewershuis of selfpublikasie uiteraard 'n rol in die resepsie van die teks speel.

Galloway en Venter (2005:62, 64 [oorspronklike kolparagrawe]) onderskei ses kategorieë waarin Afrikaanse uitgewerye en boekprodusente gegroepeer kan word (vergelyk ook Kleyn, 2013:53):

- Uitgewerye en drukkerye binne mediamaatskappye
- Onafhanklike uitgewerye wat hoofsaaklik op populêre fiksie fokus
- Onafhanklike uitgewerye wat hoofsaaklik op literêre fiksie fokus
- Voormalige alternatiewe uitgewerye
- Eenpersoons-, nieprofytgedrewe uitgewerye
- Skrywers wat self publiseer

As die belangrikste take van 'n uitgewery identifiseer De Glas (1992: Inhoudsopgawe) die volgende: titelseleksie; teksversorging (redigering); die kulturele bruidskat van die uitgewer; die optimale ontginning van 'n skrywersoeuvre; en die beïnvloeding van resepsie.

[55] Aangesien die term *uitgewer* soms met die term *redakteur* verwar word (Kleyn, 2013:61), gebruik die navorser die term *uitgewery* wanneer na die organisasie verwys word. Name van uitgewerye word egter aangedui soos dit deur die organisasie gebruik word, byvoorbeeld Tafelberg Uitgewers.

- *Titelseleksie*

Titelseleksie geskied aan die hand van twee deurslaggewende beslissings: (i) wie (in boekvorm) mag publiseer en dus die mark bereik; en (ii) wie 'deurgelaat' word om 'n oeuvre op te bou (De Glas, 1992:293). Uitgewerye is uiteraard op bestendigheid ingestel. Aspekte wat 'n rol hierin speel, is die fokus op 'n bepaalde segment of 'fondsprofiel', skrywersoeuvres (wat uiteraard die grondslag van kontinuïteit vorm) en risikoverspreiding (Bourdieu, 1993:97, 100; kyk ook 3.3.3). Vir Kleyn (2013:59) is daar twee aspekte wat 'n belangrike rol speel in die besluit of 'n manuskrip vir publikasie oorweeg sal word al dan nie, naamlik die uitgewery se profiel, asook die uitgewery se ideologiese uitgangspunte. Op sy beurt berus die skrywer se keuse van 'n uitgewery op aspekte soos sy/haar voorafkennis van die uitgewery se publikasielys (katalogus), asook die status, sukses, bekendheid en bemarkingstrukture daarvan.

Met spesifieke verwysing na NB Uitgewers, definieer Breytenbach (2002:s.bl.) die kontrakte of ooreenkomste van die uitgewery, die rol van die skrywer en van die uitgewer. Breytenbach vestig die aandag op die twee partye in 'n kontrak, naamlik die skrywer, "wat die skeppende werk — die rou materiaal — lewer, en die uitgewer, wat besluit of hy 'n belegging moet maak in 'n bemarkbare werk".

- *Teksversorging*

Teksversorging is 'n belangrike onderdeel van die uitgewery se bemoeienis en kan volgens De Glas (1992:295) meer of minder ingrypend wees. Dit word hoofsaaklik deur redakteurs, taalversorgers en ontwerpers onderneem (kyk 4.2.4.1iv, v, vi).

- *Die kulturele bruidskat van die uitgewery*

Daar is reeds verwys na die invloed wat die naam van die uitgewery op die resepsie van literêre werke het. 'n Gerekende uitgewery beïnvloed die latere beeldvorming van die literêre werk, asook die bemiddelende kulturele instellings wat by die waardebepaling van individuele kunswerke en die skeppers daarvan betrokke is (De Glas, 1992:296). Volgens hierdie outeur is dit veral die uitgewery se naam wat 'n rol speel in die keuseproses rondom onbekende skrywers en debutante, "waar een bekende imprint zowel aan recensenten en lezers enig houvast kan geven" (ibid.). Op grond van Venter (2008:14) se model en De Glas se beskouings met betrekking tot oeuvre-ontwikkeling (kyk volgende punt), identifiseer Kleyn (2013:59) drie moontlikhede vir die ontginning van manuskripte deur 'n gevestigde uitgewery: "(i) 'n skrywer nader 'n uitgewer met 'n produk; of (ii) 'n verwerwingsredakteur laat 'n teks vir 'n spesifieke nismark ontwikkel […] [of (iii)]: 'n uitgewery nader 'n skrywer vir

volhoubare nuwe produkte en bykans jaarliks of tweejaarliks word daar een teks deur die bepaalde outeur gepubliseer". Uiteraard kan 'n ander uitgewery of kritikus ook 'n manuskrip aanbeveel.

- *Die optimale ontginning van 'n skrywersoeuvre*

Ten opsigte van die optimale ontginning van 'n skrywersoeuvre identifiseer De Glas (1992:297–298) drie stelreëls: die voortgesette stimulering van 'n oeuvre; die voortgesette lewering en beskikbaarheid van titels; en die ontginning van aanvullende markte (lisensie-uitgawes, goedkoper herdrukke, ander neweregte). Sobol (2015:68–69) wys op die markreaksie wat die oorskakeling na 'n nuwe genre tot gevolg kan hê: "Entering into genres that are unusual for the author brand is a normal step in the brand stretch process. There are certain genres, switch from which and to which will seem more natural, and it won't dilute the author brand essence."

- *Die beïnvloeding van resepsie*

In hul beïnvloeding van resepsie fokus uitgewerye op drie groepe, naamlik die boekhandel, die 'bemiddelaars' en boekkopers/lesers. In hierdie proses word daar van die volgende instrumente gebruik gemaak (De Glas, 1992:298–300 [oorspronklike alfabetisering]):

(a) Werwingstekste (flaptekste en betaalde advertensies, advertensies in die gedrukte media, asook oor die radio en op televisie – alhoewel laasgenoemde meestal te duur is)
(b) Niebetaalde, verbruikergerigte publisiteit (resensies in die geskrewe pers en radioprogramme oor literatuur – alhoewel laasgenoemde meestal op eietydse skrywers of nuwe titels gerig is)
(c) Die begeleiding van die skrywer by bemarkings-aktiwiteite (onderhoude, lesings, handtekeningsessies)
(d) Die aanbieding van ruimte vir die letterkundige oordeelvorming in ander publikasies (literatuurwetenskaplike tydskrifte en resensiebundels)

Met betrekking tot 'die bemarkingsmengsel', wys Breytenbach (2002:s.bl.) op vier "P's":

(a) Produk: volgens aanvaarde (literêre) standaarde; formaat en voorkoms; verkoopbaarheid
(b) Plek: voorraad, verspreidingskanale, verkope aan die handel
(c) Promosie: advertensies, reklame, verkoopspromosies en direkte verkope

(d) Prys: verdienste op belegging, kortings, kredietterme, terugsendings, en so meer

Mense verwys dikwels na bemarking en het dan slegs advertensies, reklame en bemarking in gedagte, terwyl die begrip veel breër is. Breytenbach (2002:s.bl.) verduidelik dat die handelaars die uitgewers se kliënte is en dat uitgewers (in hierdie geval NB Uitgewers) daarna streef om 'n sensitiwiteit jeens handelaars se omstandighede en behoeftes te kweek.

Volgens Breytenbach (ibid.) is die beleggingsbesluit een van die belangrikste stadiums in die uitgeeproses: "Dit is die punt waar gekyk word na die meriete van die werk, dit opgeweeg word tov [sic] bemarkbaarheid, en bereken word hoe winsgewend die boek kan wees indien dit gepubliseer sou word." Die beraamde wins uit nuwe publikasies word gebaseer op 'n grondige kennis van die veld, die posisie van tydgenote, vorige voorstellings van die skrywer deur kritici, verkoopsyfers, die gewildheid van die genre waarin die skrywer werk en lesers se belangstelling in die betrokke tema (Van Rees & Dorleijn, 2006:26).

As uitvloeisel van die behoefte aan 'n ondersoek na "die uitgewer as agent, uitgee [sic] as funksie en boekproduksie as institusie", is daar sedert 2000 'n navorsingsprogram binne die Program Uitgewerswese van die Departement Inligtingkunde aan die Universiteit van Pretoria gevestig (Venter, 2008:9, 13). Volgens Venter (2008:9) het hierdie program 'n tweeledige fokus. Eerstens word kwantitatiewe en kwalitatiewe data versamel en herverpak met die doel om verskeie profiele te rekonstrueer. Daarna word patrone en tendense uit die profiele afgelei en geïnterpreteer deur dit in verband te bring met die impak wat polities-ekonomiese en institusionele sosiokulturele veranderinge op boekproduksie het. Tot op datum van skrywe (2008) het die program, aldus Venter, op twee oorkoepelende projekte uitgeloop: eerstens, die Produksie Tendense Databasis (PTD) wat ondersoek instel na die produksie-, uitgewery- en skrywersprofiele van spesifieke produksiekategorieë; en tweedens, jaarlikse opnames rakende die groei/inkrimping en diversifikasie/stagnasie van die Suid-Afrikaanse uitgewery- en boekhandelbedryf in Suid-Afrika – in opdrag van die Suid-Afrikaanse Uitgeweryvereniging (PASA) en die Suid-Afrikaanse Boekhandelaars-vereniging (SABA). 'n Belangrike bron van markinligting waardeur statistiese data oor verkope sedert 2003 deurlopend gemoniteer en direk aan rolspelers beskikbaar gestel kan word, is die Nielsen BookScan. Data wat gedurende 'n bepaalde jaar deur die BookScan-stelsel versamel word, word jaarliks in die *Book Sales Yearbook* gepubliseer (Venter, 2008:8).

Sosiale media speel ook 'n al groter rol in die uitgewerybedryf: "Social computing has created a shift from consumer culture to a culture of participation […]. This allows

consumers to contribute to social collaboration and production instead of, simply, passively consuming products" (Bold, 2016:1). Nie alleen word direkte verkope hierdeur moontlik gemaak nie, maar uitgewerye en skrywers kry ook 'n beter insig in lesers se behoeftes (Bold, 2016:2).

Vroeër is verwys na eenpersoons-, nieprofytgedrewe uitgewerye en skrywers wat self publiseer as alternatiewe kategorieë tot Afrikaanse uitgewerye en boekprodusente. Met betrekking tot die rol wat sosiale media in hierdie vorm van publikasie speel, skryf Bold (2016:2) dat lesers hul gunstelingskrywers en -uitgewerye direk deur middel van sosiale media kan kontak en self skrywers en uitgewers kan word. 'n Gevolg hiervan is dat digitale tegnologie tot die eksponensiële groei van digitale literêre inhoud bydra wat, op sy beurt, uiteraard 'n invloed op die hekwagtersfunksie van uitgewerye het: "writing is slowly becoming more open and democratic" (Bold, 2016:5).

(iii) Redakteurs

Met betrekking tot die term *redakteur* waarsku Kleyn (2013:61) dat die Afrikaanse term, waarvoor die term *uitgewer* ook soms gebruik word, nie met uitgewerye (kyk 4.2.4.1ii) verwar moet word nie. Redakteurs is "individue wat as kernbesluitnemers by die aanvaarding van 'n manuskrip vir publikasie optree, sowel as besluitnemers gedurende produksieprosesse". Tog vervul die redakteur, in sekere maatskappye, ook dié van uitgewer in eie reg (ibid.).

As die vernaamste taak van die redakteur noem Kleyn (ibid.) evaluering, besluitneming, ontwikkeling en bemiddeling – 'n rol wat dus "gelaai is met mag- [sic] en hekwagters-verantwoordelikheid". Alhoewel besluitneming een van die take van redakteurs is, is hulle nie die alleenbesluitnemers nie, maar maak hulle van keurders en evalueerders as raadgewers gebruik. Soos reeds in die vorige afdeling genoem, speel aspekte soos die uitgewery se ideologieë en publikasielys 'n groot rol in die besluitnemingsproses (Kleyn, 2013:62, 63).

In sy bespreking van die funksie van die redakteur, stel Dović (2010:168) die volgende: "We are interested in the 'editor' both as a theoretical model and as a historical figure in various social, political, and economic circumstances." Hy beskryf die redakteur as die ontmoetingspunt tussen die wêreld van die kunswerk en dié van die ekonomie. Die estetiese smaak van die redakteur speel uiteraard 'n belangrike rol in die keuse-aspek. 'n Ander belangrike aspek is die vraag na die mate waartoe die redakteur vrye keuses kan uitoefen

en of hy/sy aan die uitgewery se ekonomiese, ideologiese en poëtikale uitgangspunte gebonde is.

(iv) Keurders

Soos reeds genoem, maak uitgewerye van raadgewers gebruik om hulle met publikasiebesluite behulpsaam te wees. Kleyn (2013:63) wys op die feit dat, as kwaliteitsbeoordelaar, 'n keurder gewoonlik "iemand [is] wat geskool is in die letterkundige veld, aansien en status in die bedryf geniet en oor waardevolle kennis aangaande die ontwikkeling en verruiming van 'n bepaalde genre, tematiek of fondslys beskik". Keurders bly gewoonlik anoniem, alhoewel dit soms gebeur dat 'n skrywer en 'n keurder saamwerk aan die ontwikkeling van 'n manuskrip (ibid.). 'n Voorbeeld hiervan is J.C. Steyn se biografie oor Van Wyk Louw (1998). In die afdeling "Bedankings en opmerkings oor bronverwysings" vermeld Steyn dat die manuskrip na voltooiing deur sowel eksterne as interne keurders van Tafelberg gelees is. Name wat genoem word, is mnr. Danie Botha, prof. Elize Botha, mnr. J.J. Human, mnr. P.A. Joubert, dr. J.C. Kannemeyer, mnr. Peter Louw, mev. Reinet Kemp, prof. H.P. van Coller en prof. F.I.J. van Rensburg.

(v) Taal- of teksversorgers

Taalversorging het nie slegs betrekking op die korrigering van taal nie, maar op die versorging van die teks as geheel, "met ander woorde die totale *produk* en nie net 'n deel (taalgebruik) daarvan nie" (Du Plessis & Carsten, 2000:61 [oorspronklike kursivering]). Daarom word voorkeur aan die term *teksversorger* verleen. Volgens Du Plessis en Carsten (2000:71) omvat die aandagsgebied van die taal- of teksversorger die volgende:

- Die algemene taalbeheersingsmodel, wat insluit
  - 'n bewustheid van die skrywer se doelwitstelling, dit wil sê, wat die skrywer deur die teks wil bereik;
  - aandag aan die taal, styl en struktuur van die teks; en
  - 'n bewustheid van die toekomstige leser, en die voor- en afkeure van die lesers.
- Aandag aan tekslinguistiek, wat insluit kennis van die eienskappe van 'n teks, die onderskeie tekstipes en die beginsels van tekstualiteit
- Kennis van taalnorme

Met betrekking tot die rol van taal- of teksversorgers in die beeldvormingsproses, is Kleyn (2013:67) van oordeel dat benewens 'n verantwoordelikheid ten opsigte van die gehalte van 'n produk, daar ook 'n verantwoordelikheid met betrekking tot die instandhouding van status is.

(vi) Ontwerpers

Uitgewerye wend ontwerpers aan vir die daarstel van ’n bemarkbare produk. Ontwerpers se fokus is in hoofsaak die paratekstuele elemente van die boek as materiële objek.[56] Die belang van paratekstuele elemente in die sigbaarmaking van die teks – en dus ook van die skrywer – blyk duidelik uit die onderstaande aanhaling:

> […] the text is rarely presented in an unadorned state, unreinforced and unaccompanied by a certain number of verbal or other productions, such as an author’s name, a title, a preface, illustrations. And although we do not always know whether these productions are to be regarded as belonging to the text, in any case they surround it and extend it, precisely in order to *present* it, in the usual sense of this verb but also in the strongest sense: to *make present*, to ensure the text’s presence in the world, its ‘reception’ and consumption in the form (nowadays, at least) of a book […] that offers the world at large the possibility of either stepping inside or turning back (Genette, 1997:1–2 [oorspronklike kursivering]).

Met betrekking tot paratekstuele elemente word ’n onderskeid getref tussen die periteks, “wat met die lokaliteit van die teks in verband staan en steeds deel daarvan vorm”, en die epiteks, “wat alle inligting buite die teks insluit”. Die periteks sluit onder andere die omslag, kolofonbladsy, titel en subtitel in. Op die titelblad word die skrywersnaam en die titel van die werk gewoonlik herhaal. Dit bevat ook die naam van die uitgewery en die datum en plek van uitgawe (Smuts, 1982:118). Volgens Smuts (1982:122) bied ’n inhoudsopgawe en hoofstuktitels aan die skrywer die geleentheid om aanduidings te verskaf van wat die leser te wagte kan wees. Die epiteks verwys na resensies, onderhoude, ensovoorts, wat dan uiteraard “enige plek buite die boek” is (Genette, 1997:344). Aangesien die parateks van ’n manuskrip ’n boek maak, het dit ’n groot invloed op die leser se aanvanklike opvattings van die produk. Voorts speel die epiteks ’n belangrike rol in die insluiting van die teks in die kanon (R. Fourie, 2009:68).

- *Voorblad*

R. Fourie (2009:67) wys daarop dat die voorblad (of voorplat), as deel van die omslag, die eerste gegewe van ’n boek is waarmee die leser in aanraking kom en dus, as primêre beeld, die prominentste peritekstuele gegewe is. Benewens die feit dat die omslag die boek beskerm, kommunikeer veral die voorblad, as ’n tipe plakkaat, met voornemende kopers en lesers (R. Fourie, 2009:71; Genette, 1997:27). Volgens uitgewerskontrakte berus die finale seggenskap oor die omslag by die uitgewer en nie by die skrywer nie (Kleyn, 2013:70).

[56] Aangesien paratekstuele elemente reeds in ’n vorige proefskrif van die navorser bespreek is (kyk Erasmus-Alt, 2016:89–91), word slegs sekere aspekte herhaal.

- *Titel*

Brink (1989:124) beskou die titel as die drumpel tot die vertelteks. Aangesien die skrywer se naam gewoonlik saam met die titel op die buiteblad en titelblad aangedui word, word dit dikwels as deel van die 'outeursruimte' beskou. Tog 'behoort' die titel volgens Brink ook nie sonder meer aan die (werklike) skrywer nie: "dit is juis die eerste kennisgewing van 'n andersoortige – fiksionele, narratiewe – ruimte wat ons hier betree".

Die funksies van die titel kom kortliks op die volgende neer: om te benoem, om 'n aanduiding van die onderwerp te gee en om voornemende lesers se aandag te trek (Genette, 1997:76). Titels is dus altyd "in een of ander opsig en in mindere of meerdere mate informatief" (Bekker, 1970:11).

- *Agterblad*

Saam met die voorblad dien die agterblad (of agterplat) as 'n prikkel om die boek te lees (Spies, 2011:131). Voorts bevat die agterblad dikwels 'n aanprysing of opsomming van die werk, asook biografiese/bibliografiese inligting oor die skrywer.[57]

(vii) Bemarkers

Volgens Kleyn (2013:72) het die uitgewer se bemarkingsverantwoordelikheid teenoor die skrywer in hoofsaak te doen met die wyse waarop die uitgewer die resepsie van die skrywer, die skrywer se oeuvre en titels beïnvloed. In Afdeling 4.2.4.1ii is die volgende as faktore wat resepsie beïnvloed, genoem: werwingstekste; niebetaalde verbruikergerigte publisiteit; die begeleiding van die skrywer by bemarkings-aktiwiteite; en die aanbieding van ruimte vir die letterkundige oordeelvorming in ander uitgewerspublikasies. Ander vorme van bemarking sluit in boekuitstallings, boekbekendstellings, leesindabas, boekontbyte en voorlesings deur die skrywer self (Van der Westhuizen, 2004:146). Dit is veral by kunstefeeste dat sodanige vorme van bemarking aangegryp word.

(viii) Literêre agente

Uitgewerye maak van verteenwoordigers gebruik om boekverkopers en ander voornemende verbruikers soos dosente, komitees wat boeke voorskryf, asook biblioteke te besoek (ibid.).

Met verwysing na die internasionale mark, wys Kleyn (2013:75) op die gebrek aan aktiewe literêre agente in die Suid-Afrikaanse boekemark. Plaaslike skrywers wat vertaalde werke in die internasionale mark het, het egter wel agente, onafhanklik van die plaaslike uitgewer.

[57] Hierdie inligting verskyn ook soms op die kolofonbladsy agterin die boek.

As onderhandelaar tussen die skrywer en die uitgewer hanteer die agent sake soos kontrakte, voorskotte, publikasie- en vertaalregte, film- en opvoerregte, asook redaksionele kommentaar.

(ix) Boekverkopers

In Suid-Afrika word die taak van die verspreiding en bemarking aan boekverkopers deur die uitgewery self behartig. Die hekwagtersfunksie word dus hoofsaaklik deur die boekverkoper se boekkeuse beheer, aangesien voornemende kopers se keuse tot die items wat in die boekwinkel aangebied word, beperk is (Van der Westhuizen, 2004:147).

(x) Boekklubs

Deur selektiewe reklame en die samestelling van katalogusse, oefen boekklubs, soos die voormalige *Leserskring* (kyk 4.2.4.1i), 'n invloed op die aankoop van literêre werke uit (ibid.).

(xi) Leeskringe

Met betrekking tot die invloed wat leeskringe op boekaankope het, skryf Van der Westhuizen (2004:147–148) die volgende: "These groups have a limited gatekeeping function, as their influence is restricted to their own members who decide jointly which books to read." Sy toon wel aan dat leeskringe boekverkope beïnvloed.

(xii) Biblioteke

Bibliotekarisse in munisipale biblioteke kies boeke by uitstallings wat deur amptelike boekaankopers van munisipale biblioteke georganiseer word (Van der Westhuizen, 2004:148): "This indicates that these book buyers share the gatekeeping function of the librarians who make choices based on the broad selection the buyers offer." Op grond van haar navorsing maak Van der Westhuizen die afleiding dat daar in stedelike biblioteke 'n vraag na sowel opvoedkundige en literêre tekste as fiksie is, terwyl die aanvraag op die platteland veral daarop gerig is om geletterdheid onder alle ouderdomsgroepe te bevorder.

(xiii) Opvoedkundige instellings

Tot en met die tagtigerjare van die vorige eeu het opvoedkundige instellings in Suid-Afrika slegs ernstige romans in skole voorgeskryf (Van der Westhuizen, 2004:149). Ná die verskyning van Dalene Matthee se *Kringe in 'n Bos* (1984) het die situasie egter verander. Voorts is sekere tekste herhaaldelik voorgeskryf, ook in tersiêre inrigtings. In die huidige situasie kan instellings keuses uitoefen.

(xiv) Literêre kritici

Dorleijn et al. (2009:23–27) onderskei tussen drie tipes literêre kritici:

- Die joernalis, wie se literêre beriggewing (hoofsaaklik in die vorm van resensies) nie slegs uit die bespreking van onlangs verskene boeke bestaan nie, maar ook aankondigings, onderhoude met skrywers en nuusberigte na aanleiding van lesings behels
- Die essayis, wie se kritiek (besprekings), benewens 'n informatiewe literatuurbeskouing, ook 'n aktualiteitsgebonde funksie het en veral bespiegelend van aard is: "Anders dan de journalist is de essayist niet zonder meer de periodieke commentator van de literaire productie. Zijn vorm van literatuurbeschouwing is prestigieuzer dan dat en gaat zelf deel uitmaken van de literatuur" (Dorleijn et al., 2009:25).
- Die akademiese kritikus wat, veral in artikels, nie slegs 'n tradisioneel historiese en filosofiese benadering volg nie, maar ook 'n meer interpretatiewe manifestasie van die literatuurwetenskap

Hierdie indeling is egter problematies aangesien dit die literêre kritikus volgens sy/haar 'werk' kategoriseer. Joernalistieke resensies kan byvoorbeeld ook deur akademiese kritici geskryf word. Daarom sou daar eerder van die *funksie* van die literêre kritikus gepraat kon word.

Op sy beurt onderskei Van Coller (1984:1) tussen respondeerders (evalueerders) en eksegete (analiseerders en interpreteerders). Hy beskryf respondeerders as "persone wat onmiddellik reageer op 'n literêre werk en sodanige reaksie verwoord in resensies en besprekings onderhewig aan tyd- en ruimtebeperkinge". Eksegete verwys na "persone wat vanweë groter tyd- en ruimtelike vryheid die literêre werke analiseer en bespreek in groter besonderhede en ná verloop van tyd", dit wil sê in essays en artikels (ibid.).

4.2.4.2 Die kritikus se kanoniseringstaak en -vermoëns

Human-Nel (2009:78–79) wys op die verantwoordelikheidsfunksie van die kritikus in die kanoniseringsproses, naamlik dat hy/sy as beskermer van die tradisie optree en voorts verantwoordelik is vir die daarstelling van 'n standaard as nuwe tradisie. Ten einde hierdie funksie te kan vervul, word bepaalde vereistes aan die kritikus gestel: "Om verantwoord ('korrek') te kan oordeel, verg naas aanleg, ook deeglikheid, belesenheid, ewewigtigheid en fyn smaak. Dit is deugde wat deur 'n leeftyd se intieme omgang met literatuur verwerf word,

en hoewel dit nederigheid veronderstel, lei dit tot geen gemoedelike oordeel nie: dit is ’n harde slypsteen wat bydra tot die skerpste werktuig” (Van Coller, 2001a:66).

Die vernaamste vereiste wat aan ’n kritikus gestel word, is die vermoë tot estetiese beoordeling. Louw (1958:107) waarsku dat ’n opstapeling van feite en ’n beroep op ‘wetenskaplikheid’ nooit vir ’n gebrek aan hierdie vermoë kan vergoed nie. Terwyl dit belangrik is dat die kritikus tussen genialiteit en middelmatigheid sal kan onderskei, mag die kritikus se mag nooit misbruik word om lesers en die publieke opinie te beïnvloed nie (Greer, 2001:61). Desnieteenstaande is dit die taak van die kritikus om dit wat verkeerd waargeneem word, oor te dra. Na Greer (2001:60) se oordeel verskaf die ware kritikus ’n objektiewe aanduiding van sowel die artistieke gehalte van die werk as van die kommersiële waarde daarvan.

Soos uit die bespreking van literêre beskouings in Hoofstuk 2 na vore gekom het, bestaan daar ’n debat oor wat as die ‘waarheid’ met betrekking tot literêre gehalte beskou word en selfs filosowe debatteer reeds vir eeue oor hierdie onderwerp. James Retson van die *New York Times* word soos volg aangehaal: “You cannot merely report the literal truth. You have to explain it” (Hulteng, 1981:44). Greer (1999:19) voer aan dat, ten einde die waarheid te verduidelik, dit eerstens geïdentifiseer moet word. Laasgenoemde is egter problematies, indien enigsins moontlik. Daarom is dit die taak van die kritikus om die gebeure vir die leser te interpreteer en soveel moontlik agtergrond ten opsigte van die werk te verskaf (Greer, 2001:58). In hierdie opsig is skoling in redeneerkuns van groot belang vir die kritikus. Volgens Aucamp (Wasserman, 2006:s.bl.) sal so ’n skoling “die publiek beskerm teen gruwelike veralgemenings, vals gevolgtrekkings, pseudostatistiek”. Aucamp oordeel pseudostatistiese uitspraak as onbeskaamd reklametaal wat niks met wetenskaplike metodes gemeen het nie.

Alhoewel die kritikus se werk subjektief van aard is, is dit sy of haar taak om aan die gehoor (lesers) te kommunikeer wát die kunstenaar probeer doen (Greer, 2001:57). Aucamp (Wasserman, 2006:s.bl.) wys op die gevaar dat die resensent (kritikus) soms vergeet dat hy of sy bloot een van vele tussengangers tussen ’n teks en ’n leser is en dus nie die finale gesag wat ’n bepaalde teks betref nie. Daarom is die rol van die kritikus daarin geleë om die kunstenaar se uitgangspunt, styl, benadering en die wyses van uitdrukking uit te lig en dit op sodanige wyse onder die aandag van die leser te bring dat ’n regverdige oordeel ten opsigte van die werk (dus ook ten opsigte van die beeld van die skrywer) gevorm kan word (Greer, 2001:58). In hierdie verband wys Van Coller (1984:4) op die belang van ’n gedeelde verwysingsraamwerk tussen sender en ontvanger, met ander woorde dat “daar ’n

gemeenskaplike kode is en in Taalhandelingsterme, die *gespreksvoorwaardes* nie uit die oog verloor word nie" ([oorspronklike kursivering]; kyk 2.3.2; 4.1). Dit is dus belangrik dat die ontvanger die tekens in 'n teks moet gehoorsaam: "word die boodskap aangebied as roman, kroniek, verslag? Is dit fiksie of faksie? Indien die werk bv. gelees behoort te word in samehang met 'n literêre tradisie dan moet die ontvanger hom daarvan op die hoogte stel. Die teks moet derhalwe in konteks geplaas word: literêr, histories, maatskaplik, sosiaal, eties, ens." (ibid.). In die multikulturele Suid-Afrikaanse samelewing is dit dus belangrik dat kritici bewus moet wees van die kulturele konteks en sosiale realiteite waarin plaaslike kunswerke gewortel is ten einde geldige oordele uit te spreek (Greer, 2001:63).

4.2.4.3 Argumente by die skryf van literêre kritiek

Die studie van die klassifisering van waardeoordele blyk 'n omvattende een te wees. Toonaangewende studies op hierdie gebied is dié van Abrams (1953), Mooij (1973), Boonstra (1979), Praamstra (1984), De Moor (1993) en Joosten (2009, 2011). Gebaseer op die literatuurbeskouings wat in Hoofstukke 2 en 3 bespreek is, word 'n aantal argumente by die skryf of uitspreek van literêre kritiek onderskei. Aangesien die tipe argument wat gebruik word 'n bepaalde beeld van die skrywer daarstel, is dit belangrik om oorsigtelik op hierdie argumente te let:

(i) Realistiese argumente

Hierdie tipe argumente staan ook as mimetiese (nabootsende) argumente bekend en dui op die verband tussen die literêre teks en die werklikheid (feite, werklike omstandighede en gebeurtenisse) (Mooij, 1973:462). As voorbeeld van realitiese argumente noem Crous (2012:s.bl.) dat dialoog byvoorbeeld as onrealisties of ongeloofwaardig gesien word, of dat 'n plot as onwaarskynlik beskou word as dit teen die werklikheid gemeet word. Wright (1972:13) lewer 'n pleidooi dat, ten einde 'n argument oorredend te maak, dit altyd 'n rasionele grondslag moet hê en nooit op onvanpaste emosie moet berus nie. In hierdie verband verwys Greer (2001:59) ook na deduktiewe redenering wat op reeds gevestigde waarhede berus. Deduktiewe beredenering lei tot die formulering van 'n gevolgtrekking. Dit is egter voor die hand liggend dat wanneer 'n aanname op 'n vals argument berus, sodanige gevolgtrekking onbetroubaar is.

(ii) Emosionele argumente

Emosionele argumente dui op die gevoelsmatige uitwerking van 'n literêre werk (Mooij, 1973:462). Hierdie tipe argumente word gekenmerk deur taalgebruik wat die resensent (kritikus) se eie ervaring by die lees van die boek oordra (Crous, 2012:s.bl.).

(iii) Morele argumente

Kritiek ingevolge morele argumente gee daartoe aanleiding dat ’n kritikus ’n werk na gelang van sy of haar morele beginsels beoordeel (Mooij, 1973:462) en dat op inhoud eerder as vorm gefokus word (Adendorff, 2003:112). Morele argumente maak dikwels beswaar teen die inhoud van die teks, byvoorbeeld as ’n kritikus hom of haar nie kan vereenselwig met die teks nie, omdat dit teen sy of haar geloofsoortuigings indruis (Crous, 2012:s.bl.).

(iv) Strukturele argumente

Volgens Mooij (1973:462) verwys strukturele argumente na die eenheid van die teks of die wyse waarop eenheid verkry word. Dit het betrekking op die opbou of samestelling van die teks. As voorbeelde noem Crous (2012:s.bl.) die verskillende perspektiewe wat in ’n teks aangewend word, die verskillende vertellers wat aan die woord is, die afdelings waarin die bundel onderverdeel is, of die vorm van die gedig of verhaal. Op grond van strukturele argumente sal ’n teks as “ewewigtig, gebalanseerd, ekonomies en veral samehangend” geloof word en gaan dit dus veral om die “tegniese vaardigheid en die vermoë om ’n teks te slyp” (Bonthuys, 2016:75).

(v) Intensionele argumente

By intensionele argumente word die bedoelinge van die skrywer as norm geneem (Mooij, 1973:463). As voorbeeld hiervan noem Crous (2012:s.bl.) ’n opmerking soos: “Die skrywer poog met hierdie teks om die onregverdighede van die verlede reg te stel.”

(vi) Vernuwings- of tradisie-argumente[58]

Van Coller (2009:133) beskryf kanonaansluiting (“die doelbewuste aansluiting by voorgangers in die eie (en ander) literatuur, by ‘klassieke tekste’, by die literêre tradisie, ensovoorts”) as ’n werkwyse wat veral deur skeppende skrywers gevolg word as middel om hul eie werk te kanoniseer. In die woorde Van Coller (2001a:69) sal ’n “nuwe beweging […] kreatief soek na ’n ‘eie verlede’ of aansluiting by aspekte van die literêre tradisie”. Volgens hierdie outeur (2009:131) was die fokus eers retrospektief gerig, maar daar moet nou ook vorentoe gekyk word: “Nie net na die daarstelling van ’n ‘eie’ sinchrone kanon nie, maar ook na wat nodig is om dit as’t ware voor te berei. Hiervoor is persone nodig wat onderleg is in die eietydse literatuur en teorie en dit is opvallend dat elke nuwe ‘geslag’ skrywers in Afrikaans ook sy eie kritici gehad het.”

[58] Kyk ook Mooij (1973:463).

In die teenoorgestelde werkwyse (vernuwingsargumente) word "die afwyking van 'n bepaalde werk (van byvoorbeeld die literêre tradisie)" gebruik "as motivering vir die kanonisering daarvan" (Van Coller, 2009:134). Daarom vorm vergelyking die grondslag van die literatuurwetenskap (Hellinga & Scholtz, 1955:81). Daar moet egter gewaak word teen die problematiek dat beskrywing noodwendig en outomaties 'n verklaring word deurdat een werk met behulp van 'n ander verklaar word. Dan is dit nie meer 'n beskrywing van struktuurverhoudings binne 'n bepaalde werk nie, omdat die werk dan van buite aangevul en verklaar word. In die heen-en-weer lees tussen tekste is dit belangrik om te onthou dat dit wat in die eerste plek aangebied word, die enkelkunswerk is. Hierdie kunswerk moet eers in sy selfstandigheid geken word voordat vergelyking kan begin. Van Coller en Strauss (2007:5) wys op die belang van ooreenkomste en verskille in die identifiserings- en onderskeidingsproses: "Wie […] bepaalde gegewens wil *vergelyk* moet fasette na vore bring ten opsigte waarvan die betrokke gegewens met mekaar *in verband gebring* kan word" [oorspronklike kursivering]. Vergelyking kan dus slegs plaasvind as die kritikus weet wát vergelyk moet word. Dit is derhalwe baie belangrik dat daar tussen primêr- en sekondêr-gegewe gehele onderskei word (Hellinga & Scholtz, 1955:84–85). Volgens Van Coller (2009:132) veronderstel "*[v]erwysing*, *aanhaling* en *parodie* telkens kennis van tekste (die sogenaamde *brontekste*) buite die *doelteks*" [oorspronklike kursivering].

In die bespreking in 4.2.4.1 is die soeklig geplaas op die rolspelers of bemiddelende agente in die literêre veld. Die instrumente wat deur rolspelers gebruik word of waarmee gekommunikeer word, staan as kanoniserende aktiwiteite bekend (Van Coller, 2009:129). Hierdie aktiwiteite staan sentraal in die kanoniseringsproses. Die volgende word as kanoniseringsinstrumente gelys: die keuring van manuskripte; die skryf van blakerskrifte (*blurbs*) vir tekste; formele boekaankondigings en -besprekings (byvoorbeeld in die vorm van resensies of ander eksegetiese studies); asook informele boekaankondigings en boekbesprekings (soos in voorlesings en briewe aan die pers). Ander kanoniserings-instrumente sluit in deelname aan literêre prystoekennings; die saamstel van formele bloemlesings (soos 'n keur van gedigte); die saamstel van informele bloemlesings (soos byvoorbeeld 'n seleksie van gedigte vir 'n ad hoc-doel); ontlening vir vertaling uit 'n ander historiese tyd of taal; die skryf van literatuurgeskiedenisse of -oorsigte; die opstel van lyste van voorgeskrewe boeke; en enige evaluerende optrede, soos die skryf van inleidings by boeke en adviese by bloemlesingsamestelling, asook die skryf van kantaantekeninge (Van

Coller, 2009:129, 138–141). Kritiek kan ook in die vorm van satires,[59] parodieë,[60] persiflages[61] en hekeling[62] voorkom (Cloete, 1992:272).

4.2.4.4 Literêre pryse[63]

In die strewe na simboliese kapitaal, is die verwerwing van 'n literêre prys 'n uiters belangrike gebeurtenis in 'n skrywer se postuur. English (2005:10) stel dat literêre pryse die mees geskikte instrument is vir die onderhandeling van transaksies tussen kulturele en ekonomiese, tussen kulturele en sosiale en tussen kulturele en politiese kapitaal. Ook Dović (2010:169) wys op die belangrike rol wat nasionale en internasionale literêre pryse speel ten opsigte van die ikoonstatus wat skrywers, deur die toedoen van die media, verwerf. Hambidge (2008:s.bl.) noem tereg dat "[d]it wat bekroon word", deel raak van die "geheuebank". Hier is dus sprake van 'n skrywer se *sosiale kapitaal*. Benewens die aanmoediging wat 'n prys verskaf, bied dit ook "(broodnodige) finansiële steun aan pryswenners (deur prysgeld en/of verhoogde verkope)" (Galloway, 2014:s.bl.; kyk ook 3.5).

In sy bespreking van die rol wat literêre pryse binne die literêre veld vervul, maak Squires (2004:42) gebruik van Adams en Barker (1993) se skema waarvolgens die bestudering van 'n boek in vyf fases geskied, naamlik publikasie, produksie, verspreiding, resepsie en voortbestaan. Aangesien literêre prystoekennings veral met die resepsiefase verbind word, word die onderstaande bespreking nie in ooreenstemming met die oorspronklike volgorde (soos in Adams en Barker se model) aangebied nie.

---

[59] Die term *satura* is afgelei van die Latynse word *satira* wat "'n bont mengelmoes of 'n deurmekaarspul" beteken. Oorspronklik het die term verwys na 'n Latynse poëtiese vorm bestaande uit 'n lang gedig wat dialoog bevat. Dit was in heksameters geskryf en het met die swakhede en wanpraktyke van die gemeenskap gespot (R. Pretorius, 1992c:464).

[60] R. Pretorius (1992a:370) verduidelik dat die *parodie* as 'n soort 'newelied' (Grieks: *parodia*: para = langs; *ode* = 'n lied) oorspronklik op die lagwekkende nabootsing van 'n bekende, ernstige gedig gedui het. As 'n vorm van literêre kritiek, gewoonlik as 'n subtiele en indringende evaluering van die teikenteks, is die opvallendste kenmerk van die parodie, volgens Pretorius, die feit dat die wesenstrekke van die teikengroep op so 'n wyse nageboots kan word dat die foute oordryf word en dat gekunsteldheid, 'n uitspattige styl of ander gebreke onderstreep word. Soms word elemente uit die teikenteks herskep tot 'n nuwe rol en status.

[61] Volgens R. Pretorius (1992b:375) is die Franse begrip *persiflage* afgelei van *persifler* wat beteken om op 'n kwaadwillige wyse te skerts, te pla of gek te skeer. Dit kom ook voor wanneer daar op 'n lighartige, oneerbiedige wyse met 'n tema of onderwerp omgegaan word.

[62] Grové (1992:157) voer die term *hekeldig* terug na die Nederlandse woord *hekel* ('n vlaskam) wat verwys na 'n gedig wat ten doel het "om te 'roskam', 'n onreg te ontmasker en met spot, sarkasme of oordrywing 'n misstand uit die weg te probeer ruim".

[63] In haar proefskrif verskaf Bonthuys (2016) 'n omvattende bespreking van literêre pryse as 'n vorm van simboliese kapitaal. Daarom word daar in hierdie deel van die proefskrif slegs samevattend gefokus op aspekte wat nodig is vir die ondersoek na beeldvorming.

(i) Resepsie

Die belangrikste rol van pryse is die erkenning en beloning van gehalte. Daarom is die resepsiefase en die kriteria waarvolgens beoordeling plaasvind, asook die kriteria waarvolgens beoordelaars aangestel word, van groot belang in die evaluering (Squires, 2004:42). Omdat literêre pryse, net soos literêre kritiek, 'n vorm van literêre evaluering is, stem die argumente wat deur beoordelaars ingespan word, ooreen met dié wat in 4.2.4.3 bespreek is (vergelyk ook Bonthuys, 2016:90). Uit 'n analise van beskikbare commendatio's,[64] lys Kleyn (2013:108–109 [oorspronklike kolparagrawe]) die volgende as motiverings vir toekennings en die vereistes wat aan tekste gestel word:

- Tekste moet boeiend en leesbaar wees.
- Morele, etiese en filosofiese insigte in die tema van die boek moet sigbaar wees.
- Die wyse waarop die teks gestruktureer is
- Kompleksiteit en verwikkeldheid
- Oorspronklikheid, vreemdmaak van die alledaagse en 'n onderskeidende stem is 'n aanbeveling.
- Taalgebruik moet 'onparafraseerbaar' wees.
- Kreatiewe omgaan met die sintaksis en die vermyding van clichés
- Intieme kennis van dit wat aangeraak word in die teks
- Tematiese ruimheid
- Die gebruik van aktuele en relevante temas
- Die voortsetting van bestaande literêre tradisies
- Die gebruik van intertekstuele verwysings

Behalwe dat prystoekennings kanoniserende handelinge is wat reputasies vestig of versterk, vestig of versterk dit ook bepaalde poëtikale uitgangspunte (Van Coller, 2010:491).

Oor die keuse van beoordelaars skryf English (2005:122): "it is the first axiom among prize administrators that the prestige of a prize is reciprocally dependent on the prestige of its judges". Volgens De Nooy (1988:532) hou die aanstelling van beoordelaars direk verband met status:

> A prominent expert will not be inclined to accept seats in many juries for literary prizes deemed inferior; this might cost the expert his/her reputation. In contrast, the people forming juries will not like to hazard the reputation to their prize by recruiting many judges deemed insignificant.

[64] Individuele keurdersverslae is moeilik bekombaar in die Afrikaanse literêre sisteem. Mediavrystellings berus meestal op die commendatio of op 'n samestelling van grepe uit jurieverslae. 'n Jurieverslag kan ook anoniem deur een van die lede van die jurie opgestel word.

Die smaak van die beoordelaars word dikwels die oorkoepelende smaak van die prys: "for this reason the value of the prize's judges plays a very significant role in determining its prestige" (Kiguru, 2016:45). Laasgenoemde outeur noem voorts dat beoordelaars gewoonlik op grond van die simboliese kapitaal wat hulle aan die prys kan toevoeg, gekies word: "The symbolic value of a judge is sourced from their experience in the cultural field that they are expected to judge as well as from their participation in other prestigious prizes as juries or winners."

Aangesien die oorspronklike borgskappe dikwels nie genoeg is om al die uitgawes verbonde aan 'n prys te dek nie, word organiseerders dikwels genoop om van hul netwerke van professionele en persoonlike verbintenisse gebruik te maak in die aanstelling van beoordelaars (Bonthuys, 2016:95).

(ii) Verspreiding

Op grond van die prestige en die bydrae wat dit tot hul fiksielyste lewer, is pryse 'n groot bron van simboliese kapitaal vir uitgewerye (Galloway, 2014:s.bl.). Literêre pryse dra dus positief by tot die verspreiding van 'n boek (Squires, 2004:42). Die verskynsel van literêre glanspersone (kyk 4.2.1.2) speel eweneens 'n belangrike rol in verspreiding:

> [The fact that] authors and their lives are promoted as heavily as the books themselves, is closely connected to prize culture and the promotional circuit, to the glamour of the award ceremony and the public appearance of the literary creator. This role has a direct link to sales, and hence the economic capital accrued by the title, but it is also linked to the mediating journalistic capital referred to by English (Squires, 2004:43).

(iii) Voortbestaan

Na Squires (2004:43) se mening is 'n literêre prys een van die eerste stappe in sowel die kanoniseringsproses as die deurlopende aanwesigheid van sekere tekste in boekwinkels en biblioteke jare ná die aanvanklike publikasie. Die tydsverloop tussen publikasie en bekroning speel egter ook 'n rol in die voortbestaan van 'n werk. In 'n ondersoek na die gradering van 'n kunswerk kort na die produksie daarvan, na die ekonomiese sukses daarvan (ten opsigte van verkope), asook die langtermyn-reputasie van die werk, kom Ginsburgh (2003:100) tot die gevolgtrekking dat "prizes awarded shortly after the production of an artwork or rankings that result from competitions are correlated with economic success and may influence or predict it, but are poor predictors of true aesthetic quality or survival of the work".

(iv) Produksie

Alhoewel die finale rol wat Squires aan literêre pryse toedig direk met produksie skakel, hou dit verband met al vyf fases in Adams en Barker (1993) se model. In hierdie verband wys Squires (2004:43, 45) op die positiewe invloed van pryse op literêre produksie (vervaardiging, verspreiding, resepsie en uiteindelik oorlewing), op die ontwikkeling en stimulering van die uitgewerybedryf (op sowel streeks- as nasionale vlak), en op die totstandkoming en ontwikkeling van skrywers- en lesersgemeenskappe.

Ten spyte van die voordeel wat die verwerwing van 'n literêre prys vir die betrokke rolspelers inhou, staan heelwat invloedryke denkers skepties teenoor literêre pryse. Hierdie skeptisisme hou veral verband met prysborge – meestal korporatiewe borgskappe – asook pryse ter nagedagtenis aan 'n belangrike figuur (Bonthuys, 2016:93; Van Coller, 2010:487). Die vraag wat onwillekeurig opduik, is of "die 'beste' roman wat bekroon word nie dalk ook die 'beste' vir die bepaalde borg" is nie (Van Coller, 2010:487). Galloway (2014:s.bl.) is van oordeel dat die borge van toekennings baat by die "bemarkingswaarde via media-blootstelling". Van Coller (2010:487) wys op "die moontlikheid van subtiele sensuur waar die staat as borg optree en ander vorme van manipulering waar die borge van pryse en toekennings ekonomiese belange daarby het" (vergelyk ook Norris, 2006:144). 'n Ander vorm van magsverkryging is die daarstelling van nuwe pryse waardeur 'n persoon of 'n groep hul eie agenda of kriterium as die uitgangspunt van 'n prys stel om sodoende 'n posisie in die veld te vestig (Bonthuys, 2016:92).

Van Coller (2010:488) argumenteer dat "alles daarop gemik [is] om die magspel te laat lyk na 'n spel van verdienste":

> […] waar Bourdieu steeds glo aan 'n digotomiese model: kuns versus verstrooiing, anders gestel, tussen hoë en lae vorme van kuns, word vandag algemeen aanvaar dat selfs die onderhouers van die 'hoge' kuns besef dat die spelreëls verander het en dat kulturele kapitaal manipuleerbaar is.[65]

As kritiek teen Bourdieu se digotomiese model noem Van Coller (2010:490) dat dit enersyds "ietwat naïef sou wees" of andersyds dat die model "te veel gerig is op die Franse situasie waar duideliker onderskeidinge bestaan tussen 'hoër' en 'laer' vorme van kultuur". Tog is daar gevalle waar "ook ernstige skrywers wie se outonomie dan bedreig sou word deur kommersialisering, literêre pryse, en veral die finansiële voordele daarvan, gretig aanvaar het, [sonder] om hul artistieke integriteit op te offer" (ibid.).

[65] Kyk ook 3.7 vir kritiek teen Bourdieu se digotomiese model.

Van Coller (2010:491) is van mening dat borge nie bloot literêre pryse borg "omdat hulle altruïsties is óf as skutheer vir die kunste wil optree nie", maar dat hul ondersteuning van die kunste 'n ruiltransaksie is:

> Daarom het hierdie tendens ook toegeneem in die Suid-Afrikaanse boekewêreld: *Insig* (saliger)-boektafeletes met televisiepersoonlikhede, *Volksblad* en Exclusive Books se Boek- en teeklub, boekbekendstellings by kunstefeeste (dikwels met duur kos en drank) óf skrywers wat in televisiesepies optree, is almal voorbeelde van hierdie 'ruilhandel'.

Ander aspekte wat uiteraard 'n rol in beeldvorming speel, is die sigbaarheid van pryse en die status van die prys. Van Coller (2010:489–490) en Kleyn (2013:105) identifiseer 'n paar tendense wat tot groter sigbaarheid van 'n prys bydra:

- Die skep van skynskandale, dit wil sê, kontroversie en debat
- Geheimhouding van beoordelaars se keuses en die gevolglike fisiese teenwoordigheid van die genomineerdes
- Die insluiting van sogenaamde 'persoonlikhede' in die pryspanele
- Die weiering van 'n prys

Smuts (2005:2) koppel die status van 'n prys aan die volgende aspekte:

- Die tydperk wat die prys reeds bestaan
- Die feit dat dit geen bemarkings- of borgskapwaarde dra nie (hoewel dit in die jongste tyd nie meer die geval is nie)
- Die prys geen beperkinge stel ten opsigte van werke wat ingeskryf kan word nie (soos bv. van 'n bepaalde uitgewer)
- 'n Paneel bestaande uit professionele letterkundiges
- Ruimte vir uiteenlopende en onafhanklike standpunte
- Kontroleerbare en deursigtige resultate

In Suid-Afrika is die volgende pryse (in alfabetiese volgorde) in die onlangse dekades toegeken:

- Die APB-prys (Perskor-prys)

Deur die toekenning van die APB-prys (1963–1966), later bekend as die Perskor-prys (1973–1985), is titels van uitstaande gehalte uit die uitgewery se eie geledere beloon (Kleyn, 2013:106). In die laat tagtigerjare het die prysgeld R5 000 beloop (Heyns, 1995:32).

- Die ATKV-prys

Die ATKV bekroon jaarliks "uitsonderlike prestasies rondom die Afrikaanse woord" (ATKV, 2019:s.bl.). Die ATKV-prosaprys word toegeken aan 'n werk "met 'n boeiende storie waarby die leser emosioneel en intellektueel betrokke bly"; dit "moet ook geskik wees vir massaverspreiding en moet beskik oor goeie agtergrondnavorsing". Die wenner ontvang tans (2019) R25 000 en 'n ATKV-Woordveertjie. 'n Addisionele R5 000 word by die prysgeld gevoeg indien dit 'n debuutwerk is (eerste gepubliseerde teks in enige genre). In die ander kategorieë, naamlik poësie ("Inskrywings moet die mees verdienstelike bundels wees wat 'n positiewe bydrae tot die Afrikaanse poësie lewer"), romans, spanningslektuur en dramatekste ontvang die wenner R10 000 en 'n ATKV-Woordveertjie (ibid.).

- Die CNA-prys

Gedurende die tydperk 1961–1997 is dié prys jaarliks aan die beste Afrikaanse en Engelse letterkundige publikasie toegeken (Kleyn, 2013:104). Die prosedure wat in die toekenning van hierdie prys gebruik is, was dat elke beoordelaar vyf boeke in voorkeurorde moes plaas. Vyf punte is dan aan die eerste keuse toegeken, vier punte aan die tweede keuse, ensovoorts (Smuts, 2005:8). Alhoewel hierdie prosedure, volgens Smuts, 'n objektiewe indruk maak, kon dit gebeur dat die werk aan wie die prys toegeken is, nie deur een van die keurders in die eerste posisie geplaas is nie. Volgens Kleyn (2013:105) was die afskaffing van die CNA-prys te wyte aan beperkte mediablootstelling. In die laat tagtigerjare het die wenner 'n bedrag van R7 500 ontvang en die ander skrywers op die kortlys, elk R2 500 (Heyns, 1995:32).

- Die Elisabeth Eybers-prys

Nadat digbundels saam met kortverhaalbundels, dramas en romans om die W.A. Hofmeyr-prys meegeding het, het Ronel de Goede in 2013 namens die jurie van die WA Hofmeyrprys op die prystoekenningsgeleentheid van Media24 versoek dat daar 'n afsonderlike kategorie vir die toekenning van 'n poësieprys geskep word. Sedert 2014 word die Elisabeth Eybers-prys vir digkuns in Afrikaans of Engels jaarliks toegeken aan 'n digbundel wat deur Media24 se uitgewerye uitgegee is (Meyer, 2013:s.bl.). Die gesamentlike prysgeld vir die ses kategorieë in die Media24-boekprystoekennings beloop tans (2019) R210 000 (*Beeld*, 2019:s.bl.). Slegs oorspronklike werk (geen vertalings nie) kom in aanmerking vir die prys (Terblanche, 2015c:s.bl.). Die doel van die Elisabeth Eybers-prys is om "uitnemendheid en

vernuwing aan te moedig en erkenning te gee aan digters wat die grense van die digkuns deur hul werk verskuif".[66]

- Die Eugène Marais-prys

Dié prys, waarvan die prysgeld tans (2019) R17 500 beloop (Brink, 2019b), word jaarliks toegeken aan 'n skrywer vir 'n eerste of vroeë belletristiese werk binne enige van die drie hoofgenres. Van Coller (2010:499) wys daarop dat hierdie prys, wat uit 1961 dagteken en sedert 1971 onder die huidige naam bekend staan, as 'n "'aanmoedigingsprys'" dien "sodat die Hertzogprys gesien kon word as 'gehalteprys'".

- Die FAK-Helpmekaar-prys

Die FAK-Helpmekaar-prys is tussen 1983 en 1986 toegeken aan 'n werk in die genre *populêre fiksie* (Kleyn, 2013:106).

- Die Helgaard Steyn-prys

Hierdie prys word sedert 1987 in opdrag van 'n bemaking in die testament van regter J.H. (Jan) Steyn (1902-1983) toegeken. Die prys word vierjaarliks toegeken – om die beurt aan 'n komponis, skilder, skrywer of beeldhouer. Volgens boedelbepalings stel die rektore van die Noordwes-Universiteit en die Universiteit van die Vrystaat elk jaarliks 'n beoordelaar uit die betrokke dissiplines aan. In 2016, toe die prys aan Willem Anker toegeken is, het die prysgeld R575 000 beloop. In finansiële terme is dit dus die grootste Afrikaanse letterkundeprys in Suid-Afrika (Cilliers, 2016:s.bl.; Van Coller, 2010:493).

- Die Hertzog-prys

Die Hertzog-prys is vir die eerste keer in 1916 toegeken uit 'n skenking wat generaal J.B.M. Hertzog in 1914 aan die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns gemaak het (Kleyn, 2013:104). Sedertdien word hierdie prys jaarliks toegeken aan werke wat in die voorafgaande drie jaar in een van die hoofkategorieë, naamlik poësie, prosa en drama gepubliseer is. Van Coller (2010:493) verduidelik dat die hoofgenres dus beurtelings elke drie jaar vir bekroning aan die beurt kom. Die prysgeld, wat in 2018 'n bedrag van R50 000 beloop het, word gedeeltelik deur *Rapport* geborg (*Netwerk24*, 2018:s.bl.). In 2019 is aangekondig dat die prysgeld na R75 000 verhoog is. Die wenner ontvang ook 'n 18-karaat goue medalje (Brink, 2019b).

[66] Vernuwing as enigste kriterium is debatteerbaar. Soos reeds in 4.2.4.3vi genoem, vorm vergelyking (selfs wanneer vernuwingsargumente gebruik word) die basis van die literatuurwetenskap en is daar selfs in 'n "nuwe beweging" 'n kreatiewe soeke "na 'n 'eie verlede' of aansluiting by aspekte van die literêre tradisie" (Van Coller, 2009:131).

- Die Jan H. Marais-prys

Die Jan H. Marais-prys word sedert 2015 jaarliks toegeken vir ’n uitstaande bydrae tot Afrikaans as wetenskapstaal deur werk en publikasies op ’n hoë vlak en van hoë gehalte in Afrikaans. Die prysgeld beloop tans (2019) R500 000. Die wenner ontvang ook ’n beeldjie bekend as ‘Helpende Hand’ deur Coert Steynberg (Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 2019:s.bl.).

- Die L.W. Hiemstra-prys

Die L.W. Hiemstra-prys vir niefiksie word driejaarliks toegeken (Van Coller, 2010:499). Die prysgeld beloop tans (2019) R30 000 (Brink, 2019b).

- Die W.A. Hofmeyr-prys

Die W.A. Hofmeyr-prys is in 1954 ingestel as bekroning vir die beste literêre werk in die Naspers-stal (Kleyn, 2013:106). Jare lank is daar in die toekenning van hierdie prys van drie beoordelaars gebruik gemaak, naamlik ’n literator, ’n joernalis en ’n kenner van kinderboeke. Later is twee letterkundiges as beoordelaars benoem. In gevalle waar eenstemmigheid nie bereik kon word nie, is van ’n derde letterkundige gebruik gemaak (Van Coller, 2010:493). Die W.A. Hofmeyr-prys, wat vroeër onder die Via Afrika-groep (NB Uitgewers, Jonathan Ball Uitgewers, Lux Verbi-BM, NVA en Van Schaik Uitgewers) geval het (Kleyn, 2013:107), is een van die Media24-boekpryse. Die gesamentlike prysgeld vir die ses kategorieë in die Media24-boekprystoekennings beloop tans (2019) R210 000 (*Beeld*, 2019:s.bl.).

- Die Ingrid Jonker-prys

Die Ingrid Jonker-prys vir poësie word sedert 1965 jaarliks afwisselend aan ’n Engelse en ’n Afrikaanse debutant toegeken (Kleyn, 2013:106). Die prysgeld van R10 000 is ’n skenking deur die Dagbreek Trust (*LitNet*, 2019b:s.bl.).

- Die Louis Luyt-prys

Hierdie prys, wat op sy dag die grootste prysgeldbedrag ter wêreld beloop het (R15 000 in 1984), is van 1978 tot 1984 toegeken (Heyns, 1995:32; Kleyn, 2013:106).

- Die M-Net Boekprys

Die M-Net Boekprys – in 1990 deur M-Net (Electronic Media Network) ingestel – het ’n aanvanklike prysgeld van R30 000 en later R50 000 per kategorie gehad, wat dit een van die grootste literêre pryse in Suid-Afrika gemaak het. Die doel van die prys was om die

gehalte van romans deur Suid-Afrikaanse skrywers in enige van die elf amptelike landstale te bevorder. Daar was ook ’n filmkategorie, toegeken aan die roman wat die grootste belofte vir herskrywing tot ’n visuele medium ingehou het. Die prys word sedert 2013 nie meer toegeken nie (Kleyn, 2013:105; *revolvy.com*: s.j.:s.bl.; *Sunday Times Books LIVE,* 2014a:s.bl.).

- Die Nielsen Boekverkopersprys

Die Nielsen Boekverkopersprys word jaarliks aan ’n Suid-Afrikaanse skrywer toegeken. Die wenner is die skrywer wie se boek, op grond van verkope deur die jaar, plaaslike boekverkopers se gunsteling was (*Sunday Times books LIVE*, 2017a:s.bl.).

- Die Ou Mutual-prys

Hierdie prys is in 1985 ingestel ter viering van die uitgewery Human & Rousseau se vyf-en-twintigste bestaansjaar. Volgens Kleyn (2013:106) het die Ou Mutual-prys tot en met 1988 uitnemende werk in vyf afdelings van hierdie uitgewery se stal bekroon en geborg. In die laat tagtigerjare het die prysgeld R5 000 beloop (Heyns, 1995:32).

- Die Protea Poësieprys

Sedert 2004 poog Protea Boekhuis om, deur die instelling van hierdie prys met ’n prysgeld van R5 000, asook ’n goue protea, die status van Afrikaanse poësie te bevestig (Kleyn, 2013:106).

- Die kykNET-Rapport-pryse

Die Rapportprys is sedert 1986 aan die beste debuutwerk toegeken. As gevolg van die omstredenheid rondom die toekenning van die prys aan Koos Prinsloo in 1987 vir *Die hemel help ons*, is die prys beëindig totdat dit in 2003 as die Jan Rabie-Rapportprys heringestel is (Kleyn, 2013:105–106). Die kykNET-Rapport-boekpryse dien as “aansporing vir skrywers in Afrikaans om steeds vernuwend en verbeeldingryk gestalte te gee aan verhale wat erkenning verdien as bakens in die Afrikaanse letterkunde”. Die prysgeld beloop tans (2019) R250 000 elk vir die kykNET-Rapport-prys vir romans en niefiksie, R125 000 vir die kykNET-Rapport-filmprys en R125 000 vir die Jan Rabie-Rapport-prys (kykNET-Rapport-boekpryse, 2019:s.bl.).

- Die South African Literary Awards

Hierdie prys is in 2006 deur die National Arts Council in die lewe geroep met die volgende onderafdelings: die Lifetime Achievement Literary Award; die Posthumous Literary Award;

die K. Sello Duiker Memorial Literary Award; die Poetry Award; en die First-time Published Award (Kleyn, 2013:106–107). As sentrale kriterium vir die toekenning van hierdie prys, geld nasiebou en die uitbeelding van die nasionale identiteit (Bonthuys, 2016:107).

- Die *Sunday Times* Barry Ronge-fiksieprys

Die *Sunday Times* Barry Ronge-fiksieprys word toegeken vir 'n vollengte roman deur 'n Suid-Afrikaanse skrywer of iemand wat vir meer as drie jaar in die land woonagtig is. Die roman moet in Engels geskryf wees of binne vyf jaar ná publikasie in Engels vertaal wees, in welke geval die prys gelykop tussen die skrywer en die vertaler verdeel word. Die boek mag nie deur selfpublikasie gepubliseer wees nie. Uitgewerye nomineer 'n maksimum van vier titels vir die prys (*Sunday Times Books LIVE*, 2017b:s.bl.).

- Die UJ-prys

Die UJ-(Universiteit van Johannesburg)prys, vroeër bekend as die RAU-prys vir Skeppende Skryfwerk, is vir die eerste keer in 2001 toegeken (Bonthuys, 2016:127). Die prys word jaarliks in twee kategorieë toegeken vir uitsonderlike boeke, in enige genre, wat gedurende die vorige kalenderjaar gepubliseer is. In 2018 het die prysgeld vir die UJ-debuutprys R30 000 beloop en vir die UJ-prys R75 000 (*The JRB Daily*, 2018:s.bl.).

- Romankompetisies

Kleyn (2013:110) wys op die feit dat die publikasiemoontlikhede en prysgeld wat as deel van romankompetisies beskikbaar gestel word, groter as enige ander literêre prys is. Voorbeelde hiervan is die NB/Sanlam-GrootRoman-wedstryd en die Lapa-romankompetisie.

- Pryse vir jeugliteratuur

Pryse vir jeugliteratuur sluit in die Alba Bouwer-prys, met 'n prysgeld van R5 000 (Brink, 2019b); die C.P. Hoogenhout-medalje (sedert 1960); die M.E.R.-prys vir publikasies uit Nasionale Pers (tans Nasionale Boekhandel) se stal; die Sanlam-toekenning (sedert 1980), tweejaarliks toegeken vir die werwing van publiseerbare jeugliteratuur in Afrikaans en Engels, asook inheemse tale; die Scheepers-prys (sedert 1956) met 'n prysgeld van R5 000 (Brink, 2019b); asook die Tienie Holloway-medalje (sedert 1970) vir kleuterliteratuur met 'n prysgeld van R7 500 plus 'n silwermedalje met goud geplateer (Brink, 2019b). Al hierdie pryse word driejaarliks toegeken (Kleyn, 2013:106; Van Coller, 2010:499).

- Pryse vir vertaalwerk en literatuurwetenskap

Pryse vir vertaalwerk sluit in die Akademie-vertaalprys wat sedert 1948 vir vertaalde werk toegeken word (Kleyn 2013:104) en die Elsabé Steenberg-prys, met 'n prysgeld van R12 000 in 2019 (Brink, 2019b), vir die vertaling van kinder- en jeuglektuur. Die prys word sedert 2008 deur die Noordwes-Universiteit geborg (Greyling, 2018:s.bl.). Vir literatuurwetenskap is daar die Gustav Preller-prys vir literatuurwetenskap en letterkundige kritiek wat vir die eerste keer in 1968 toegeken is (Kleyn 2013:104).

- Die *Huisgenoot Tempo*-toekenning

Alhoewel die *Huisgenoot Tempo*-toekenning nie uitsluitlik 'n literêre prys is nie, word dit tog hier genoem aangesien een van die skrywers onder bespreking, Francois Smith, vir hierdie prys benoem was. Hierdie pryse word jaarliks toegeken vir kreatiwiteit (in die voorafgaande jaar) in die Afrikaanse vermaaklikheidsbedryf en wel in 17 kategorieë van musiek, literatuur en films. Wat hierdie pryse van ander onderskei, is die feit dat die publiek/*Huisgenoot*-lesers en nie 'n beoordelaarspaneel nie, die wenners kies (Breitenbach, 2014:s.bl.).

Soos hierbo gesien kan word, word pryse soms beëindig. Een rede hiervoor is meervoudige bekronings (Bonthuys, 2016:92; English, 2005:66–67). 'n Gekanselleerde prys gee egter weer aanleiding tot 'n nuwe prys wat daardie gaping kan vul en "[o]p sy beurt lei dit weer tot die ontstaan van 'n volgende prys as teenstaander van die volgende" (Bonthuys, 2016:92). Volgens Kiguru (2016:47) hou die daarstelling van nuwe pryse ook verband met die verplasing van simboliese kapitaal: "Sometimes, new and upcoming prizes have attempted to replace the symbolic capital that comes with the judging panel with the economic capital that the prize is associated with." Die skep van nuwe pryse is "dus uiteraard 'n vorm van magsverkryging, aangesien 'n persoon of groep hul bepaalde agenda of kriterium die uitgangspunt van 'n prys maak om hierdie posisie in die veld te vestig" (Bonthuys, 2016:115).

4.2.4.5 Literatuurgeskiedenisse

Aangesien 'n literatuurgeskiedenis as een van die belangrikste kanoniseringsinstrumente[67] in die literêre waardesisteem beskou word (Van Coller, 1998:viii; 2014:s.bl.), dra 'n skrywer se opname in literatuurgeskiedenisse uiteraard by tot sy/haar postuur.

[67] Van Coller (2009:95) wys ook op die belang van koerantresensies in literatuurgeskiedskrywing. Hy noem dat dit soms bykans onveranderd neerslag vind in literêre essays, literatuurgeskiedenisse en dus die kanon.

Volgens Kleyn (2013:160) is daar vier faktore wat die taak van die literatuurgeskiedskrywer bemoeilik:

- Die omvang van die materiaal wat vir insluiting oorweeg moet word
- Probleme met betrekking tot die sinvolle aanbieding of model wat die groter literêre konteks moet weergee sonder om skrywers se oeuvres te fragmenteer, maar terselfdertyd ook die genoemde genres in ag moet neem
- Die kwessie van die groter sisteem wat betrekking het op politieke veranderinge, ekonomiese knelpunte en publikasietendense
- Die probleem rondom die veldafbakening, teorie en metodes van aanbieding wat, volgens Kleyn, wissel van literêre kroniek en inventaris tot ensiklopedie en literatuuroorsig. In hierdie verband vra Van Coller (2016e:5) of die objek van 'n literatuurgeskiedenis skrywers en tekste is wat binne bepaalde periodes chronologies gerangskik moet word en of daar liefs op die resepsie gekonsentreer moet word.

Op grond van bogenoemde problematiek, bestaan daar uiteraard verskillende modelle van literêre geskiedskrywing. De Geest (2013:50) wys op die verskille tussen 'klassieke' literatuurgeskiedenisse en dié van die een-en-twintigste eeu. Klassieke literatuur-geskiedenisse was deurgaans op 'n oorsigtelike en veral didaktiese skema gebaseer. De Geest verduidelik dat daar, ná 'n algemene periodisering en breë kontekstualisering, gefokus is op 'n betrokke styl of stroming. Daarna is die gestelde kenmerke konkreet getoets aan die hand van die belangrikste verteenwoordigers. Deur die navolging van 'n min of meer vasgestelde skema, is skrywers nie slegs binne 'n bepaalde epog geplaas nie, maar is daar gelyktydig en hoofsaaklik op die noue verband tussen die lewe en persoonlikheid van die skrywer en sy/haar werk gefokus. De Geest (ibid.) meen dat resente literatuurgeskiedenisse in die praktyk dieselfde visie het, maar dat daar groter klem gelê word op die kontekstuele inbedding van literatuur. Volgens De Geest (2013:53) is dit teoreties moontlik dat genres, strominge (kodes) of motiewe die belangrikste struktureringsbeginsels in 'n literêr-historiese oorsig is, maar selfs dan tree skrywers steeds deurlopend op die voorgrond. Die konsep *literatuurgeskiedenis* is, volgens De Geest, blykbaar onlosmaaklik verbonde aan die begrip *skrywer*. Dit is ook die geval in sowel die postmodernisme as in vroeëre periodes waartydens 'n moderne skrywersbegrip nog nie aan die orde was nie.

Kleyn (2013:160–183) en Van Coller (2016e) verskaf waardevolle besprekings met betrekking tot die aanloop tot, geskiedenis van en benaderings in die Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing. Daar word verwys na Gerard Besselaar se *Zuid-Afrika in de letterkunde* (1914); Lydia van Niekerk se *De eerste Afrikaanse taalbeweging en*

letterkundige voortbrengselen (1916); E.C. Pienaar se *Taal en poësie van die twede Afrikaanse taalbeweging* (1920); P.C. Schoonees se *Die prosa van die tweede Afrikaanse beweging* (1922); F.C.L. Bosman se *Drama en toneel in Suid-Afrika* (1928); Elizabeth Conradie se *Hollandse skrywers uit Suid-Afrika* (1934, 1949); en Beukes en Lategan se *Skrywers en rigtings* (1952). As voorlopers tot die huidige tendense in die Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing word genoem G. Dekker se *Afrikaanse literatuurgeskiedenis* wat tussen 1935 en 1972 in twaalf drukke verskyn het; Rob Antonissen se *Schets van den ontwikkeling der Zuid-Afrikaansche letterkunde* (1946) en *Die Afrikaanse letterkunde van die aanvang tot hede* wat tussen 1955 en 1965 in drie uitgawes verskyn het; en P.J. Nienaber se *Perspekief en profiel* wat vyf keer hersien en twaalf keer vanaf 1951 tot 1982 herdruk is.

Soos vroeër genoem (kyk 2.2.1), het die positivistiese beskouing van die literatuur veral uitdrukking gevind in die literatuurgeskiedskrywing van die negentiende eeu. Omdat die positiviste, onder wie sielkundiges, die kunswerk as ’n uiting, gevolg of weerspieëling van verskillende invloede (waaronder die skrywer se psigiese samestelling en milieu) begryp het, is literatuurgeskiedenis as die gevolg van veranderinge in sosiale, historiese en kulturele faktore beskou.

Wat die huidige tendense in die Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing betref, word ’n hele aantal benaderings geïdentifiseer (Kleyn, 2013:162, 168; Van Coller, 2016e):

(i) Sendergerigte literatuurgeskiedenisse

Alhoewel Jansen (1981:18) op die bruikbaarheid van kommunikasieteorie (kyk Jauss se estetika van resepsie; 2.3.4) in literêre geskiedskrywing wys, spreek sy die mening uit dat sendergerigte literatuurgeskiedenisse neopositivistiese en dikwels Marxistiese trekke vertoon deurdat die geskiedenis van die letterkunde binne hierdie benadering maklik ’n sosiale en politieke geskiedenis kan word (vergelyk ook Michael Chapman se *Southern African Literature,* 1996, 2003 en Christopher Heywood se *A history of South African Literature,* 2004, 2006, 2010).

Oor die wenslikheid om periodes binne ’n skrywer se werk te definieer en elke periode dan te tipeer en besondere kenmerke daaraan toe te dig – ’n werkwyse waarna as “Spätstill” (laatstyl) of “Spätwerk” (laatwerk) verwys word (Van Vuuren & Snyman, 2014:s.bl.) – noem Van Vuuren dat die vertrekpunt van so ’n literêre perspektief ’n vergelyking van die vroeëre werk met die latere werk behels:

> Op grond van verskuiwings en verskille in styl, temas en aard word nuwe insigte oor die betrokke skrywer se werk verkry. So ’n onderneming berus op ’n diachroniese of historiese oorsig oor ’n groot skrywer se werk, eerder as ’n sinchroniese of tydgenootlike beskouing. So ’n historiese ordening in periodes is onmisbaar vir beter begrip van die aard van die oeuvre en die werke van enige belangrike skrywer […].

Volgens Van Vuuren (Van Vuuren & Snyman, 2014:s.bl.) is so ’n benadering “veral insiggewend in die geval van skrywers met besonder verwikkelde of moeilike oeuvres, soos James Joyce, TS Eliot, Friedrich Hölderlin of Paul Celan, oor wie al vier nog aan die lopende band biblioteke vol navorsing gepubliseer word”. As een van die voordele van enige literêre ordening of periodisering, ook vir die Afrikaanse letterkunde, noem Van Vuuren (ibid.) “’n groter begrip van die aard van, en ontwikkelings in, die werk van belangrike skrywers”. Ook die indeling in fases in ’n uitgebreide, voltooide of byna-voltooide oeuvre het, volgens Van Vuuren, “die nut dat dit [’n] groter greep op ontwikkelinge in die oeuvre uitspel, omdat dit verskille in die fases duidelik profileer”. Sodanige verskille het veral te make met “styl, temas en vormgewing en gaan dikwels – meestal? – met eksperimentering gepaard in groot kunstenaars of skrywers se werk, en het dus met oorspronklikheid of vernuwing te make”.

(ii) Boodskapgerigte benaderings

Van Coller (2016e:6) beskryf boodskapgerigte benaderings, waarin dit gaan oor die interpretasie van tekste, as hermeneuties subjektief. Daarom maak boodskapgerigte of outonomistiese benaderings, volgens Jansen (1981:20), literatuurgeskiedskrywing feitlik onmoontlik. Sy wys egter tog op die bruikbaarheid van ’n “[a]nder primêr boodskap-gerigte benadering” naamlik dié van literêre evolusie wat op die model van die Russiese formaliste geskoei is. In sy ondersoek na T.T. Cloete as literatuurhistorikus wys Van Coller (2016e:4) daarop dat normdeurbreking, ’n sentrale konsep in die denke van die Russiese formaliste, in Cloete se geskiedskrywing beslag gekry het: “Wat Cloete […] myns insiens doen, is om duidelik te stel dat literatuurgeskiedenis moet fokus op die inherente kenmerke van werke en moet probeer vasstel waarom sekere tekste die eie tyd oorlewe en steeds objekte bly van interpretasie en waardering.” Volgens Van Coller (ibid.) blyk Cloete se outonomistiese standpunt die duidelikste uit sy afwysing van biografiese besonderhede.

(iii) Resepsiebenaderings

Jansen (1981:20) beskou resepsiebenaderings, wat wetenskaplik-objektief is (vergelyk Van Coller, 2016e:3), as ’n brug tussen die historiese instelling van die Marxiste en die estetiese benaderingswyse van die Russiese formaliste.

(iv) Die integrasiemetode

Deur gebruikmaking van die integrasiemetode – wat veral neerslag gevind het in die werk van die Tseggiese strukturalis Felix Vodička (kyk 2.3.2) – word die voorgenoemde drie benaderings geïntegreerd gebruik (Jansen, 1981:20). Vir Van Coller (2016e:4 [oorspronklike kursivering]) lê die bruikbaarheid van hierdie benadering daarin dat Vodička die teks as 'n teken beskou: "Die literatuurhistorikus moet […] die teks as werk van *'n skrywer* sien wat in 'n bepaalde verhouding tot tydgenootlike literêre strukture staan en wat ook 'n verhouding onderhou met buiteliterêre tendense."[68]

(v) 'n Funksiegerigte literatuurgeskiedenis

Dit is veral Van Gorp (1985:247) wat 'n funksiegerigte benadering bepleit:

> De vraag naar het 'wat' bleek immers in de korte geschiedenis van de literaire historiografie telkens weer anders te zijn beantwoord: auteurs, teksten, sociale gegevens … en de selectie binne de ondersscheiden domeinen bleek al even discutabel: wie zijn de belangrijkste auteurs, wat zijn historisch waardevollen teksten, welke zijn de ingrijpende sociale fenomenen? Dit 'wat' – het materiaal voor een literatuurgeschiedenis – moest dan ook nog worden geordend tot een samehangend verhaal. Hoe konden die duizenden auteurs, resp. teksten of gebeurtenissen met het nodige relief aan elkaar worden gerelateerd zodat ze reeksen gingen vormen.

Uit die bostaande aanhaling blyk dit duidelik dat hierdie benadering sosiologies in pas is met die benaderings van Siegfried Schmidt (kyk 3.2), Pierre Bourdieu (kyk 3.3.) en die Nederlandse veldteoretici (kyk 3.4).

In die Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedskrywing word hoofsaaklik tussen twee modelle onderskei, naamlik die chronologiese, ensiklopediese model, en die perspektiewe- en profielemodel.

- *Die chronologiese, ensiklopediese model*

In 1978 verskyn J.C. Kannemeyer se *Geskiedenis van Afrikaans* met hersienings in 1983 en 1984. In Kannemeyer se literatuurgeskiedenis, wat geskoei is op die struktuur van Antonissen en waarin periodisering voorop staan, word belangrike biografiese gegewens van die skrywers toegevoeg; die teks word aangevul met voetnote, verwysings of sogenaamde vermeldings (ook na buitelandse skrywers by die besprekings van die skrywers); en die literatuur word in periodes eerder as in dekades opgedeel. Voorts word elke periode met 'n algemene historiese oorsig ingelei (Kleyn, 2013:169; Van Coller, 2016e:1–2).

[68] Kyk ook Jansen (1981:21–22) se morfologiese rekonstruksie.

In 1988 verskyn 'n hersiene en verkorte weergawe van *Die geskiedenis van die Afrikaanse literatuur* met bygewerkte literatuur uit die jare 1970 tot 1987, asook van die werk van debutante wat voor 1970 gedebuteer en sedertdien verdere tekste gepubliseer het (Kleyn, 2013:172). 'n Hersiene uitgawe getiteld *Geskiedenis van die Afrikaanse literatuur 1652–2004*, met byvoegings van die Afrikaanse letterkunde sedert 1976, verskyn in 2005.

Ten spyte daarvan dat Kannemeyer se literatuurgeskiedenis vir 'n lang tydperk as die belangrikste in die Afrikaanse literatuurgeskiedenis beskou is, was daar tog kritiek teen die inklusiewe, literatuurkronieke of ensiklopediese aard van die werk (Kleyn, 2013:170, 172–174; Van Coller, 2014; 2016e:2–3).

Van Coller (2008:155) vestig die aandag op die reperkussies wat politieke en ideologiese transformasies sedert 1990 vir die Afrikaanse literêre terrein ingehou het. Eerstens was daar 'n oproep vir 'n inklusiewe geskiedskrywing van die Suid(er)-Afrikaanse literatuur wat die diversiteit daarvan sou reflekteer. Tweedens was daar ook die vraag na groter verteenwoordiging van voorheen gemarginaliseerde stemme in die hoofstroom van die Afrikaanse literêre sisteem (Van Coller, 2008:155–156). In die derde plek wys Van Coller (2008:157) op die feit dat die voorrang wat Engels in postapartheid-Suid-Afrika geniet, daartoe aanleiding gegee het dat baie Afrikaanse skrywers hul werk gedeeltelik of selfs in die geheel in Engels laat publiseer het.

Twee Suid-Afrikaanse literatuurgeskiedenisse wat tekens van 'n politieke inslag vertoon, is Michael Chapman se *Southern African literature* (1996, 2003) en Christopher Heywood se *A history of South African literature* (2004, 2006, 2010). Volgens Kleyn (2013:175, 176) vertoon Chapman se literatuurgeskiedenis 'n duidelike politieke inslag en kan dit, volgens sommige kritici, eerder as 'n "literêr-historiese waarheids- en versoeningskommissie" bestempel word. Van Coller (2008:158–160) lys die onderstaande as punte van kritiek teen Chapman se literatuurgeskiedenis:

> - Chapman […] adopts the point of view that a direct link exists (or ought to exist) between a literature and its circumambient social reality. This assumption prompts him to evaluate literary works according to their intention to produce political change.
> - […] a naïve idealism apparent in his utopian vision of the rainbow nation […]
> - […] a chauvinist arrogance that belittles the experiences of many women and the value of these experiences as a matter for poetry […]
> - Chapman ostensibly favours the model of society above that of the nation and surmises that the whole of southern Africa shares the experience of colonialism, and that the theme of expression and liberation is a consequence thereof […]
> - He also relies too exclusively on one-sided critical texts in Afrikaans and has no intimate knowledge of the field of Afrikaans criticism in general.

Ook Heywood se literatuurgeskiedenis word gekritiseer op grond van die "hoogs polities (maar ook eensydige) posisie" wat dit inneem (Kleyn, 2013:177). Op sy beurt kritiseer Van Coller (2008:164) Heywood se onderliggende aanname dat Suid-Afrikaners 'n spesie van 'n Kreoolse samelewing is en dat 'n geskiedenis die integrasie van sy literatuur moet reflekteer. Volgens Van Coller stel hy die Suid-Afrikaanse literatuur voor as 'n *rites de passage* wat in elke fase van die oorgangsrite deur geweld gekenmerk word.

Jerzy Koch se literatuurgeskiedenis, *A history of South African Literature,* verskyn in 2015. As pluspunte van Koch se studie, noem Olivier (2016:s.bl.) die aandag aan verskuiwende teoretiese invalshoeke rondom letterkundige geskiedskrywing (in die eerste afdeling getiteld *Part One: From the 17th to the 19th Century*) en die uitwysing van ideologiese tekortkominge in bestaande (Suid-)Afrikaanse literatuurgeskiedenisse. As punte van kritiek noem Olivier (ibid.) die "verwarrende en onbevredigende gebruik van 'African' en sy variante" en aspekte wat buite verhouding aandag geniet: "Dit is dikwels dinge wat die 'kompendium'-aanslag bevestig: interessante en boeiende historiese en maatskaplike gebeure en omstandighede, maar wat met die eintlike ontwikkeling van Afrikaans en veral die Afrikaanse letterkunde nie altyd veel te make het nie." Tog ag Olivier Koch se literatuurgeskiedenis as 'n belangrike toevoeging tot die literêre kritiek rondom die Suid-Afrikaanse letterkunde, veral op grond van die nuwe inligting en perspektiewe wat dit na vore bring en bevestig.

- *Multiperspektivistiese benaderings*

Vroeër in hierdie bespreking is verwys na T.T. Cloete se outonomistiese standpunte. Tog identifiseer Van Coller (2016e:7) twee skynbaar onversoenbare benaderings in Cloete se literêre geskiedskrywing, naamlik wetenskaplik-objektief (die resepsie van tekste) en hermeneuties-subjektief (die interpretasie van tekste). In die genoemde artikel poog Van Coller om aan te toon dat hierdie skynbaar teenstrydige benaderings tog versoenbaar is binne die literatuurgeskiedenis. Vir Van Coller is multiperspektiwiteit "'n relatief unieke kombinasie van verskillende benaderings […] van diachronie en sinchronie".

In *Perspektief en profiel* van P.J. Nienaber (red.) (1951–1982), soos in die latere werke van Kannemeyer, word gebruik gemaak van perspektiefbesprekings oor bepaalde tydperke en genres en verskyn daar chronologiese perspektiewe van belangrike skrywers wat in die voorafgaande perspektiewe ter sprake gekom het. Onder die redakteurskap van H.P. van Coller, 'n oudstudent van Nienaber, verskyn die eerste uitgawe van *Perspektief en profiel* in 1998 en die tweede in 2006. In 2015 (2016) verskyn 'n nuwe, bygewerkte en uitgebreide weergawe van *Perspektief en profiel* – tot op hede die omvangrykste en mees onlangse literatuurgeskiedenis in Afrikaans (Van Coller, 2014:s.bl.). Met betrekking tot die

multiperspektiviese benadering wat in *Perspektief en profiel* gevolg word, skryf Van Coller (2014:s.bl.) dat dit ’n betreklik unieke kombinasie van ’n diachroniese benadering is waar daar in die verskeie perspektiewe gefokus word op die ontwikkelende aard wat kenmerkend van enige (literatuur)geskiedenis is. In die profiele word daar, volgens Van Coller, “poolshoogte geneem […] van die huidige stand van sake betreffende ’n bepaalde skrywer; kortom: die wyse waarop op die huidige tydstip die plek en statuur van ’n bepaalde skrywer ingeskat word”.

Van Coller (1999b:ix–x) noem dat die keuse met betrekking tot skrywersprofiele op ’n demokratiese wyse geskied. Hy verduidelik dat profiele in hoofsaak toegeken is aan skrywers wat op ’n bepaalde historiese moment ’n sleutelfunksie binne die destydse bestaande literatuursisteem (ook binne die verband van genre, stylsoort en skrywersgroepering) vervul het. Die gekose skrywers moes ’n minimum van drie boeke geskryf het en, as spilfigure, ook bepaalde normverskuiwings tot gevolg gehad het. Alhoewel status ’n vae begrip is, noem van Coller dat daar in hierdie verband gekyk is na literêre prystoekennings, die frekwensie van opname in bloemlesings, literatuuroorsigte, literatuurstudies, die aantal tale waarin die skrywer se werk vertaal is en of hulle ’n impak op die nuwe doelsisteem gemaak het.

Op die vraag of die profiele ooreenstem met biografieë, antwoord Van Coller (2014:s.bl.) dat die meerderheid profiele (in die 2015/2016-uitgawe) bestekopnames is van die wyse “waarop ’n skrywer se werk gelees is en kan word én van die waardering daarvan”.

In 2012 word *The Cambridge history of South African literat*ure, wat die literatuur van al die amptelike tale in Suid-Afrika dek, onder redakteurskap van David Attwell en Derek Attridge gepubliseer. In hierdie literatuurgeskiedenis word van ’n vergelykende, tematiese benadering gebruik gemaak. Drie-en-veertig medewerkers uit Suid-Afrika, die Verenigde Koninkryk, die VSA en Australië het tot die publikasie bygedra wat uit 39 essays bestaan (Attwell, 2012:s.bl.; Van Vuuren, 2012:s.bl.). Die werk is volgens historiese tydperke en temas gerangskik waarbinne vyf geperiodiseerde onderwerpe bespreek word, insluitend inheemse mondelinge kulture soos dié van die /Xam San (Attwell, 2012:s.bl.; Van Vuuren, 2012:s.bl.).

As pluspunte van die werk wys Van Vuuren (2012:s.bl.) op die kruisverwysing na skrywers en werke tussen verskillende hoofstukke; dikwels deur een Engelse en een Afrikaanse deskundige. Kritiek sluit in die afwesigheid van verwysings na die transnasionale kontak met

Nederlands en ’n wanbalans ten opsigte van twintigste-eeuse en huidige tekste in Afrikaans (Oliphant, 2012:s.bl.).

Teenoor die chronologiese, monotone en inventariese benaderings van vroeër, ag Kleyn (2013:163, 166) multiperspektivistiese benaderings, ten spyte van kritiek (Kleyn, 2013:163, 167–168) en vanweë die meervoudige stemme, as meer gebalanseerde benaderings.

Van Coller (2016e:6) se samevatting van die oorwegings wat, na sy oordeel, van belang is in literêre geskiedskrywing, bied ’n bondige uiteensetting van die aard en funksie van literatuurgeskiedskrywing:

- Die begrip *letterkunde* behoort nie normatief nie, maar deurgaans hipoteties en pragmaties hanteer te word.
- Tekste en skrywers mag nie die enigste fokus wees nie. Daar behoort ook op ander vorme (soos genres), prosesse van marginalisering en kanonisering, subvelde en affiliasies gefokus te word.
- Die literatuurhistorikus behoort bewus te wees van die eie historiese posisie en ideologiese voorkeure en vooroordele, veral ten aansien van vroeëre tydperke.
- Bogenoemde tydperke moet op ’n pragmatiese wyse afgebaken en gerekonstrueer word.
- Die onderskeid tussen literatuur en algemene geskiedskrywing of kultuurgeskiedenis mag nooit uit die oog verloor word nie.
- Aangesien enige literatuurgeskiedenis kanoniserend van aard is, kan daar nie totaal afstand gedoen word van estetiese oordeel nie.

4.2.4.6 Bloemlesings

Kleyn (2013:143) voer die herkoms van die woord *anthologise* terug na die Grieks wat “to collect flowers” beteken. Volgens haar is die bloemleser egter “eerder ’n blommerangskikker as ’n blommeplukker, want die proses hou verband met dit wat gevorm word, eerder as dit wat versamel word”.

Twee tipes bloemlesings word onderskei, naamlik dié wat op die algemene lesersmark gerig is en dié wat op ’n akademiese en/of opvoedkundige mark gerig is (ibid.). Laasgenoemde maak uiteraard ’n veel groter aanspraak op kanoniseringswaarde as dié wat vir die algemene mark aangebied word. Kleyn (2013:144) onderskei tussen die volgende kategorieë:

- Omvattende bloemlesings wat verteenwoordigend van die geheel optree. Oor die samestelling van sodanige bloemlesings, skryf Van Coller (2014:s.bl.) die volgende:

> Om 'n kurrikulum (of bloemlesing) saam te stel op basis van die feit dat tekste/skrywers 'verteenwoordigend' moet wees (kyk die inleiding van Poskaarte, waar dit duidelik gestel word dat dit nie bloot staan in die tradisie van die 'estetiese bloemlesing' nie, maar juis die verskeidenheid wil weergee – bl xxiv), lyk demokraties en regstellend.

- Periodewerke wat poog om verteenwoordigend van 'n bepaalde tydperk, bewind of geskiedkundige beweging te wees
- Formele en generiese samestellings wat op 'n bepaalde kategorie fokus, dus temagebonde is
- Bloemlesings wat krities deur interpretiewe of herinterpretiewe op sekere temas, periodes of genres fokus

4.2.4.7 Vertalings en ander vorme van herskrywing

Lourens (2011:s.bl. [oorspronklike kursivering]) beskryf André Lefevere se begrip *herskrywing* as "die verskynsel dat die nieprofessionele leser toenemend literatuur nié lees soos dit oorspronklik deur die outeur geskryf is nie, maar soos dit byvoorbeeld deur kritici *herskryf* is". Oor die belang van herskrywers "– onder wie kritici, vertalers, literatuur-historici, en die samestellers van bloemlesings –" skryf Lourens dat hulle "via hulle produkte 'n bepaalde *beeld* van 'n outeur, 'n teks, 'n periode, 'n genre, of selfs 'n literatuur" skep (ibid. [oorspronklike kursivering]). Lourens noem voorts dat, alhoewel hierdie kunsmatige beelde naas die realiteit bestaan, hulle dikwels "'n veel groter trefwydte as die Ware Jakob" het:

> Dit beteken in die praktyk dat wanneer nieprofessionele lesers daarop aanspraak maak dat hulle 'n bepaalde teks gelees het, dit dikwels eerder beteken dat hulle 'n sekere beeld of konstruk daarvan geïnternaliseer het – met ander woorde, ek het resensent X se beeld van teks Y geïnternaliseer. 'n Mens hoef maar slegs met ware lesers te gesels om die krag van hierdie beelde te besef.

Kleyn (2013:119) is van mening dat "verwerking (in verskeie vorme) verseker dat die meriete van die literêre werk behoue bly, maar ook dat dit 'n breë(r) publiek bereik deur byvoorbeeld kunswerke, opvoerings (teater, ballet, ens.), vertaling, verfilming, verwerking vir musiek, en andere". In hierdie verband is Van Coller (2014:s.bl.) se waarskuwing dat werke of skrywers kwalik aanspraak kan maak op 'n bevoorregte, permanente plek binne die literêre kanon, dus ter sake: "Dit blyk reeds uit die wyse waarop literêre kritici bykans angsvallig pogings aanwend om werke/skrywers in die kanon te hou deur kritiese én kreatiewe herskrywings." Voorbeelde van herskrywing is opsomming van intriges (plot) in literatuurgeskiedenisse of naslaanwerke; resensies in koerante en tydskrifte; verhoogproduksies en films (Lefevere, 1992:6); historiografie; bloemlesings; kritiese

geskrifte; redigering; herskrywing vir televisie (Lefevere, 1992:9); veelvoudige intertekstuele verwysings (of aanhalings); asook parodieë of literêre pastiche (as 'n vorm van intertekstualiteit) (Van Coller, 2014:s.bl.).

(i) Vertalings

T'Sjoen (2015:35) herinner aan die feit dat sowel skrywers as hul tekste nie uitsluitlik binne die taalgebied waarin die werk aanvanklik geproduseer, versprei en ontvang is, sirkuleer en funksioneer nie. As aanduidings van 'n skrywer se literêre status in die transnasionale domein, is die volgende veral van belang (Viljoen, 2014a:6): die aantal vertalings van die skrywer se werk; resensies in die internasionale media; die opname in bloemlesings en literatuurgeskiedenisse; nominering vir internasionale literêre pryse; akademiese studies oor die skrywer se werk in die transnasionale domein; en erkenings soos eredoktorsgrade, uitnodigings om buite Suid-Afrika op te tree, vermeldings en die aanwesigheid van hulle tekste op trefferboeklyste. Ten einde toegang tot 'n breë internasionale mark te verkry, "ongeag in watter taal dit oorspronklik geskryf is", wys Joubert (2015:s.bl.) op die belang daarvan dat daar 'n Engelse vertaling van die werk beskikbaar sal wees.

Even-Zohar (1990:49) vat die rol van vertaling in die voortbestaan van die werk – en derhalwe ook in die behoud van die skrywer se posisie in die (Afrikaanse) literêre sisteem – soos volg saam:

> A highly interesting paradox manifests itself here: translation, by which new ideas, items, characteristics can be introduced into a literature, becomes a means to preserve traditional taste. This discrepancy between the original central literature and the translated literature may have evolved in a variety of ways, for instance, when translated literature, after having assumed a central position and inserted new items, soon lost contact with the original home literature which went on changing, and thereby became a factor of preservation of unchanged repertoire. Thus, a literature that might have emerged as a revolutionary type may go on existing as an ossified *système d'antan,* often fanatically guarded by the agents of secondary models against even minor changes.

Soos reeds in Hoofstuk 3 genoem, speel literatuuropvattings en die habitus – dit wil sê, die skrywer se ideologiese habitat (kyk 3.3.4; 3.4) – asook repertorium (kyk 3.1.5) 'n belangrike rol in beeldvorming. Die rede hiervoor is dat alle herskrywing, ongeag die doel daarvan, 'n bepaalde ideologie reflekteer. Deur herskrywing word literatuur, volgens Bassnett en Lefevere (2003:xi), gemanipuleer om binne 'n bepaalde samelewing op 'n bepaalde wyse te funksioneer:

> Rewritings can introduce new concepts, new genres, new devices and the history of translation is the history also of literary innovation, of the shaping power of one culture upon another. But rewriting can also repress innovation, distort and contain, and in an age of ever increasing manipulation of all kinds, the study of the

> manipulation processes of literature as exemplified by translation can help us toward greater awareness of the world in which we live (Bassnett, 1992:vii).

Die probleem van verskille in literatuuropvattings in herskrywing kan op twee maniere oorkom word, naamlik deur die teks óf te pasifiseer[69] óf te akkultureer (Dinçel, 2007:150).[70] Vertaling tussen kulture noodsaak dus gewoonlik 'n keuse tussen twee basiese vertalingstrategieë: domestikering (*domestication*) of vervreemding (*foreignisation*).

Domestikering beteken om die teks sodanig te verander dat dit vir die leser bekend voorkom en dus ooreenkomste met die (eie) doelkultuur vertoon. Hieroor skryf Venuti (1995:5 [oorspronklike vierkanthakies]) in sy publikasie *The translator's invisibility: a history of translation* soos volg: "A fluent translation is immediately recognizable and intelligible, 'familiarised,' domesticated, not 'disconcerting[ly]' foreign, capable of giving the reader unobstructed 'access to great thoughts,' to what is 'present in the original'." Vreemdmaking beteken die teenoorgestelde. Hier is die doel om die vreemde kultuur te behou en die leser as't ware te dwing om die kultuurverskille te erken (Cloete & Wenzel, 2007:5).

Yurina, Borovkova en Shenkal (2015:579–580) wys op die feit dat die figuratiewe aspek van taaluitdrukkings as aanduiders van 'n nasionale beeld dien. Voorts reflekteer die skrywer se linguistiese wêreldbeeld sy/haar persoonlike beeld van die wêreld. Daarom is die vraag na die verhouding tussen vertaalde werke, wat veral betrekking het op die mate waartoe die vertaalde werk losgemaak is van die oorspronklike bedoeling en konteks (Even-Zohar, 1990:46), uiteraard ter sake in 'n ondersoek na beeldvorming. In die hoofstuk getiteld "Authorship" in sy publikasie *The scandals of translation: towards an ethics of difference* wys Venuti (1998:31) op die belangrikheid van die skrywerskonsep in vertaalstudie:

> Whereas authorship is generally defined as originality, self-expression in a unique text, translation is derivative, neither self-expression nor unique: it imitates another text. Giving the reigning concept of authorship, translation provokes the fear of inauthenticity, distortion, contamination. Yet insofar as the translator must focus on the linguistic and cultural constituents of the foreign text, translation may also provoke the fear that the foreign author is not original, but derivative, fundamentally dependent on pre-existing materials. […] In practice the fact of translation is erased by suppressing the linguistic and cultural differences of the original text, assimilating it to dominant values in the target-language culture, making it recognizable and therefore seemingly untranslated. With this domestication the translated text passes for the original, an expression of the foreign author's intention.

---

[69] Die *Merriam-Webster* aanlynwoordeboek (s.j.-b:s.bl.) definieer die term *pasifiseer* as die terugkeer na 'n toestand van kalmte, om 'n beroering tot bedaring te bring of om 'n onderdanige staat te verminder.

[70] Die *Merriam-Webster* aanlynwoordeboek (s.j.-a:s.bl.) definieer die term *akkultureer* as verandering deur middel van akkulturasie. Akkulturasie verwys na die kulturele verandering van 'n individu of groep deurdat daar van 'n ander kultuur geleen word. As gevolg van langtermynkontak is daar 'n ineensmelting van kulture.

Lefevere (1982:4) beskou enige vorm van vertaling as refraksie, dus "the adaptation of a work of literature to a different audience, with the intention of influencing the way in which that audience reads the work", of, volgens Birkan-Baydan (2015:148) se beskrywing, "the image of an author or a literary work projected into another literary system" (vergelyk ook Benjamin, 2004:19). Aangesien skrywers en hul werk dus altyd teen 'n spesifieke agtergrond ontvang en verstaan word, speel refraksies, volgens Lefevere (1982:4), uiteraard 'n rol in die vestiging van die reputasie van 'n skrywer en sy/haar werk.

In sy ondersoek na Edgar Allan Poe se reputasie in hervertalings, kom Birkan-Baydan (2015:157) tot die gevolgtrekking dat die buitetekstuele analise van metatekste, paratekste en die sosiale media tot groter insig in sodanige reputasie kan lei, maar ook dat die reputasie van die skrywer, alhoewel dit 'n rol kan speel, nie die belangrikste faktor is wanneer 'n skrywer op grond van sy/haar eie poëtikale opvattings vertaal word nie. Volgens Lefevere (1982:7) hang die mate waartoe 'n skrywer se werk in 'n ander literêre sisteem aanvaar word af van die behoefte in daardie sisteem binne 'n sekere fase van sy evolusie.

(ii) Ander vorme van herskrywing

Ander vorme van die verwerking van literêre tekste sluit in verwerking vir radiovoorlesings, die teater, toonsettings en films. Kleyn (2013:200) wys daarop dat die opkoms van kunstefeeste sedert 1994 'n groot bydrae tot die verwerking van literatuur in ander kunsvorme lewer.

Ten opsigte van die herskrywing van 'n teks as toneelstuk, wys Van der Westhuizen (2004:149) op die feit dat sodanige herskrywings dikwels met die oog op bemarking geskied: "When adapting novels for stage performance to attract the public, the former provincial performing arts councils often involved the authors of the works in the adaptations which were intended mainly for schools. Such adaptations were often performed in theatres too, so reaching a wider public and in turn increasing the sales of these novels."

As 'n vorm van verwerking waardeur boekverkope verhoog kan word, speel verfilming "'n al [hoe] belangriker rol in die Afrikaanse kanon" en word dit "as 'n belangrike bron van kulturele kapitaal, ideologiese motivering, ekonomiese waarde, en verhoogde status vir die outeur en literêre werk beskou" (Kleyn, 2013:208).

As maatstawwe in die keuse van tekste vir verwerking tot draaiboeke lys Kleyn (2013:207–208) die volgende: goeie verkopers; die bekendheid van skrywers en/of publikasies; literêre prysbekronings; literêre werk wat in vertaling beskikbaar is; die persoonlike voorkeure van

die draaiboekskrywer; die kompleksiteit van die literêre werk; die unieke Suid-Afrikaanse politieke tematiek; en universele tematiek.

4.2.5 Die wisselwerking tussen self- en heterovoorstelling

Aangesien die postuur van 'n skrywer 'n produk is van sowel die beeld wat die skrywer van hom-/haarself skets as die beeld wat deur die media van hom/haar oorgedra word, is self- en heterovoorstelling in voortdurende wisselwerking met mekaar (Dera, 2012:464). Uiteraard staan 'n skrywer nie onverskillig teenoor die beeld wat ander van hom/haar stel nie. Daarom sal hy/sy, volgens Dera (2012:463), die heterovoorstelling via sy/haar etos probeer kontroleer deur dit hetsy te bevestig of te verwerp. Ten opsigte van die verhouding tussen self- en heterovoorstelling, in gevalle van sowel ooreenstemming as van wrywing, argumenteer Bongers (2011:24) soos volg:

> Bij overeenstemming zou je kunnen stellen dat de auteur erin slaagt om zijn zelfbeeld aan de buitenwereld op te leggen: als beelden gekopieerd worden, duidt dat erop dat de zelfrepresentatie blijkbaar succesvol is. In het geval van frictie bestaat er een discrepantie tussen de autorepresentatie en de heterorepresentatie, in het uiterste geval gekarakteriseerd als een 'ontmaskering': het beeld van de auteur wordt dan niet geaccepteerd en men zet er een ander beeld voor in de plaats.

4.3 Posisionering binne die literêre veld

Soos by herhaling genoem, is die posisionering van 'n skrywer binne 'n bepaalde literêre tradisie belangrik in 'n ondersoek na beeldvorming. Op grond van self- en heterovoorstelling identifiseer Dera (2012) die onderstaande as aanduiders van onderskeidelik 'n outonoom en 'n referensiële literêre posisionering, asook van 'n geartikuleerde strewe na uitsonderlikheid en kanonisering:

(i) Aanduiders van 'n outonome literêre posisionering (Dera 2012:467–469):

- Die aandag word gevestig op die feit dat die skrywer se werk deur weinig gelees word – "Zo plaatst de dichter zich uitdrukkelijk in wat in bourdieuaanse termen 'het veld van de beperkte productie' wordt genoemd, wat typerend is voor dichters in autonome kringen" (Dera, 2012:467).
- Deur spesifiek 'n poëtika uit te dra waarin klem op die talige aspek van die literêre werk geplaas word – "die wordt ontdaan van emoties, anekdotes en andere verwijzingen naar de concrete ervaringswereld van de dichter" (Dera, 2012:468).
- Deur die houding wat die skrywer inneem ten opsigte van die leser – "Die is wat Faverey betreft vrij in een gedicht te lezen wat hij wil" (Dera, 2012:469).

- Deur sy/haar oeuvre binne die sfeer van die kognitiewe te plaas – Vir die skrywer is sy/haar skryfwerk dan as't ware 'n eksperiment ter aanduiding van kognitiewe strukture.
- Deur sy/haar skryfwerk binne die konteks van sowel nasionale as internasionale voorgangers uit 'n hoofsaaklik modernistiese tradisie te plaas.

(ii) Aanduiders van 'n referensiële posisionering (Dera, 2012:470–472):

- Die werklikheid en ervaringsaspekte speel 'n daadwerklike rol in die teks.
- Mimetiese en ekspressiewe invalshoeke

(iii) Aanduiders van 'n geartikuleerde strewe na uitsonderlikheid en kanonisering (Dera, 2012:472–475):

- Die klem wat op die feit geplaas word dat daar van 'vermeende' norme afgewyk word
- Deur die selfonderskeiding van of vergelyking met ander skrywers – 'n Voorbeeld hiervan is dat die skrywer hom-/haarself binne 'n bepaalde tradisie plaas, bv. 'n vergelyking met die Sestigers. Strukturele eienskappe kan byvoorbeeld die uitgangspunt vir die vergelyking wees. Soos vroeër genoem (kyk 1.1; 3.2), bestaan akteurs in die literêre veld nie in isolasie nie. Daar is altyd 'n bepaalde verhouding tot al die aanwesige akteurs uit sowel die verlede as die hede (Bongers, 2011:73). Deur middel van intertekstualiteit word hierdie verhouding eksplisiet deur 'n akteur aangedui. Deur die verwysing na (die werk van) ander akteurs dui die betrokke akteur aan hoe hy/sy graag ontvang (of voorgestel) sal wil word. Op grond van Dijkstra (1989:162–165) se identifikasie van duidelik meetbare kanonindikatore betreffende die literêre kritiek wat op empiriese wyse ondersoek kan word, som Bonthuys (2016:87 [oorspronklike numerering en vetdruk]) die wyses waarop vermeldings kan figureer soos volg op:

    1) **informerend** (inligting oor skrywer X, sy teks en konteks word in verband gebring met die agtergrond of werk van skrywer Y)
    2) **interpreterend** (die inhoud van skrywer X se teks word in verband gebring met die inhoud van die werk van skrywer Y)
    3) **evaluerend** (die waarde van skrywer X se teks word in verband gebring met die waarde van skrywer Y se werk)

    Vier tipes evaluerende vermeldings word onderskei (Bonthuys, 2016:87–88 [oorspronklike numerering]):

    i) implisiet waardetoekennend (skrywer X is byna so goed soos skrywer Y)
    ii) implisiet waardevergrotend (skrywer X is beter as skrywer Y)
    iii) implisiet waardeverkleinend (skrywer X is nie so goed soos skrywer Y nie)

iv) eksplisiet kanoniserend (skrywer X pas in die tradisie van skrywer Y en Z)

- Die drang tot navolging (*aemulatio*) – "De dichter stelt dat hij pas aan een nieuwe bundel begint op het moment dat hij zwakheden ziet in zijn eerdere werk […]. [De dichter] wil echter niet alleen zichzelf op een hoger plan brengen: ook de drang anderen te overtreffen maakt deel uit van zijn posture" (Dera, 2012:474). Vir René Girard (Van der Merwe & Viljoen, 2012:177) staan die konsep van begeerte of verlange (*desire*) sentraal in die struktuur van die psige. Dit is in ooreenstemming met Lacan – vir wie die gebruik van die woord *jouissance* 'n sleutelrol in die vraag, '*Wat is ek*?', speel. Uiteindelik verwys dit, deur middel van die vermeerderingsmetode waarop Lacan sy begrippe bou, na 'n 'plek': "This place is called *Jouissance*, and it is *Jouissance* whose absence would render the universe vain" (Trombley, 2013:253 [oorspronklike kursivering]). Girard[71] voeg egter die konsep van *mimetiese begeerte* by: "Dit is mimesis / nabootsing wat die mens menslik maak; dit is sentraal in die mens se sosialisering. Wat nageboots word, is die begeerte na die ander: dit wat die ander begeer, begeer jy ook" (Van der Merwe & Viljoen, 2012:177). Andrade (s.j.:s.bl.) verduidelik die begrip *mediasie* as die proses waartydens een persoon die begeertes en voorkeure van 'n ander beïnvloed. Wanneer 'n persoon se begeerte dus deur iemand anders nageboots word, word daardie persoon die bemiddelaar of model. Girard onderskei tussen twee tipes bemiddeling, naamlik eksterne bemiddeling en interne bemiddeling. Eersgenoemde verwys na wanneer die objekte tot verskillende wêrelde behoort en daar dus nie sprake van die gevaar van mededinging tussen die twee bestaan nie. In die geval van interne bemiddeling is die objekte op die oog af nie geskei nie en behoort hulle dus nie tot verskillende wêrelde nie: "In fact, they come to resemble each other to the point that they end up desiring the same things" (ibid.) (vergelyk ook Greenblatt, 1980, se beskrywing van selfvorming na aanleiding van die klassieke idee van imitasie in 2.3.6).
- 'n Artikulasie van die wens dat hul werk selfs na hul dood die toets van die tyd sal deurstaan

Aangesien hierdie onderskeiding die nadere toespitsing op die institusionele inkadering van literatuuropvattings as ideologiese, maatskaplikgebonde standpunte (Van Rees & Dorleijn, 1993:1; kyk 3.4) saamvat en akkommodeer, is dit waardevolle uitgangspunte in die

[71] Kyk onder andere Girard (1966).

ondersoek na die beeldvorming (op grond van sowel self- as heterovoorstelling) van die gekose skrywers.

4.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is aandag geskenk aan die begrip *postuur* wat beskryf is as een van die komponente van 'n skrywer se etos. Die begrip e*tos* word dikwels gebruik om te verwys na die karaktereienskappe wat aanleiding gee tot 'n geloofwaardige beeld van die skrywer. Aangesien beeldvorming nie slegs die skrywer se eie konstruksie is nie, maar deel is van 'n interaktiewe proses waarby verskeie bemiddelaars betrokke is, speel verskillende vorme van bemiddeling uiteraard 'n rol in die wyse waarop (literêre) akteurs hul posisie in die literêre veld bestendig. In hierdie hoofstuk is daar dus in die besonder aandag gegee aan die rol van verskillende agente (die redakteur, die uitgewery, literêre kritici, die media), literêre prystoekennings en verskillende vorme van herskrywing in die beeldvormingsproses. Ten slotte is daar aandag geskenk aan die posisionering van 'n skrywer binne 'n bepaalde literêre tradisie. Aangesien hierdie onderskeiding die nadere toespitsing op die institusionele inkadering van literatuuropvattings as ideologiese, maatskaplikgebonde standpunte (Van Rees & Dorleijn, 1993:1; kyk 3.4) saamvat en akkommodeer, is dit waardevolle uitgangspunte in die ondersoek na die beeldvorming (op grond van sowel self- as heterovoorstelling) van die gekose skrywers.

HOOFSTUK 5

DALENE MATTHEE: *KRINGE IN 'N BOS* (1984)

5.1 Inleiding

"Wie is hierdie Matthee? het ek heeltyd gewonder terwyl ek die elftal verhale in *Die judasbok* [sic] gelees het. Die naam is vir my onbekend, maar ek meen dat hierdie skryfster goed vergelyk met die bestes wat Hennie Aucamp en Abraham de Vries nog geskryf het." Só skryf Joan Hambidge (1983:5) in 'n resensie van die *Die Judasbok* (1982). Hierdie vraag sou egter nie lank onbeantwoord bly nie, want in die daaropvolgende jaar (1984) is Dalene Matthee se eerste van vier Bosboeke, naamlik *Kringe in 'n Bos* gepubliseer – 'n boek wat met meer toejuiging begroet is as enige wat tot in daardie stadium in Afrikaans gepubliseer is (Van der Westhuizen, 2004:149). Reeds vóór die publikasie van die boek is die vertaalregte vir 'n vyfsyferbedrag in Brittanje verkoop (Van der Westhuizen, 2004:150), asook tydens 'n boekefees op Frankfurt aan uitgewers van Amerika, Duitsland, Frankryk, Italië, Swede, Israel, Argentinië (Prinsloo, 1984a:1). Die roman is uiteindelik in Engels, Portugees, Nederlands, Frans, Yslands, Spaans, Hebreeus, Duits, Sweeds, Italiaans, Fins en Noorweegs vertaal (*dalenematthee.co.za,* s.j.:s.bl.). Die eerste oplaag van 10 000 is binne drie weke verkoop (Prinsloo, 1984a:1). Matthee is die enigste skrywer van wie meer as 'n miljoen[72] boeke in Afrikaans in Suid-Afrika verkoop is (Van der Merwe, 2018:40). *Kringe in 'n Bos* is die eerste roman wat met die ATKV-prys vir goeie, gewilde prosa bekroon is (Heyns, 1995:99). *Exclusive Books* se 2006-lys van *101 Books to Read Before You Die* het slegs drie Afrikaanse boeke bevat. *Kringe in 'n Bos* was een van hierdie boeke (*dalenematthee.co.za,* s.j.:s.bl.). Die boek is ook deur Philo Pieterse Produksies in 'n film verwerk as *Circles in a Forest* en is in braille en op band vir gesiggestremdes beskikbaar (ibid.). Matthee is vier keer met die ATKV-prosaprys bekroon. Voorts het sy die Departement van Kuns en Kultuur se Suid-Afrikaanse Letterkundeprys ontvang, is sy twee keer deur die Suider Afrikaanse Instituut van Boswese vereer en het sy die Switserse Stab-toekenning (Stiftung für Abendländische Besinnung) ontvang (Van der Merwe, 2018:40). Matthee is dus nie slegs as skrywer nie, maar ook as ekoloog gehuldig.

In 'n onderhoud met *Die Burger* (1990:s.bl.) sonder Nelson Mandela Matthee uit wanneer hy verwys na die waardevolle bydrae wat die Afrikaner tot Suid-Afrika gemaak het: "Afrikaans het waardevolle literatuur aan Suid-Afrika gelewer. Baie Afrikaners, soos prof. Chris Barnard

[72] Kyk ook "Mylpaal vir Dalene Matthee. Een miljoen boeke verkoop in Afrikaans" (SAUK, 2011).

en Dalene Matthee (die skrywer), het ook in die internasionale gemeenskap erkenning verwerf."[73]

Reeds uit hierdie inleidende opmerkings kan die aanname gemaak word dat die onderstaande aspekte tot die sukses van die boek bygedra het:

- Die toeganklikheid van die boek (wat bevestig word deur die rekordverkope van die boek)
- Die waardering van die boek as goeie, gewilde prosa en die bekroning met die ATKV-prosaprys
- Die feit dat die boek – tipies van middelmootliteratuur (kyk Van Coller, 2011:84) – teen die agtergrond van maatskaplike kwessies afspeel
- Die wyse waarop die boek bemark is (ondere andere dat daar eers gewag is vir die verkoop van die vertaalregte)
- Die verwysing na Matthee se bydrae tot natuurbewaring

Later in hierdie hoofstuk sal ook ánder strategieë wat in die bemarking en beeldvorming van sowel die boek as die skrywer gebruik is, onder die loep geneem word. As een van die ekstrinsieke faktore wat tot die sukses van *Kringe in 'n Bos* bygedra het, het die wyse waarop die boek bemark is nie net 'n belangrike rol in die materiële produksie en verspreiding van die boek gepeel nie, maar het dit, in wisselwerking met 'n hele aantal instellings uit die literêre veld, ook 'n rol gespeel in die simboliese produksie van die boek, dit wil sê, in die spesifisering en propagering van bepaalde opvattings oor die werk.

Die aspekte wat ter inleiding genoem is, is almal ten nouste verbonde aan bepaalde poëtikale tradisies:

- Toeganklikheid, wat vanuit 'n lesergerigte benadering bestudeer kan word (vergelyk die *Klassisisme* in 3.4.1 en resepsie-estetika in 2.3.4)
- Waardebepaling (en bekroning), wat vanuit 'n teksgerigte benadering bestudeer kan word en waarin literatuuropvattings uiteraard 'n rol speel (vergelyk *simbolisme* in 3.4.1 en die outonomistiese benaderings in 2.3.1; 2.3.2; 2.3.3)
- Genre-oorwegings, wat in hierdie geval vanuit benaderings waarin die verhouding tussen literatuur en die samelewing beklemtoon word, ondersoek kan word (vergelyk *realisme* in 3.4.1)

[73] Mnr. Mandela (in 'n onderhoud met *Die Burger,* 1990:s.bl.) vertel voorts dat hy die boeke van verskeie Afrikaanse skrywers in die gevangenis gelees het en dat hy veral van Dalene Matthee se boeke gehou en ook die rolprentweergawe (*Circles in a Forest*) van die boek in die gevangenis gesien het.

- Die verband tussen die skrywer en sy/haar werk (vergelyk die *Romantiek* in 2.1 en 3.4.1)

Volgens Van Rees en Dorleijn (1993:10) bied die gekose 'faktore' waarvolgens literatuuropvattings georden word (skrywer, publiek, afgebeelde werklikheid en teks) "een goede kapstok om hetgeen binnen de literatuurbeschouwing als hoogtepunten van de geschiedenis van de literatuurkritiek geldt, met het nodige reliëf in de tijd en in de historische ontwikkeling te situeren". Daarom bied Van Rees en Dorleijn (1993) se geïntegreerde benadering, wat betrekking het op die institusionele inkadering van literatuuropvattings (vergelyk 3.4), 'n waardevolle raamwerk vir die ondersoek na die beeldvorming van Dalene Matthee en haar roman *Kringe in 'n Bos.*

5.2 Die institusionele inkadering van literatuuropvattings

5.2.1 Die ideologie van die tagtigerjare en die wisselwerking tussen literatuur en sosiale werklikheid

In die bespreking van Van Rees en Dorleijn se sisteemteorie (kyk 3.4) is genoem dat die rekonstruktiewe benadering gerig is op die rekonstruksie en sistematisering van denkbeelde oor literatuur wat 'n skrywer of groep skrywers of 'n bepaalde samelewing op 'n bepaalde moment huldig en dat hierdie benadering dus histories van aard is. Met betrekking tot betrokke literatuur vra Heyns (1995:77) aandag vir die feit dat geen literatuur in 'n ideologiese vakuum ontstaan en bestaan nie: "Wanneer die literêre werk as sosiale tydsdokument bestudeer word, kan bepaalde betrokke sosiaal-historiese gebruike, sienings en ideologieë van die tyd en ruimte waarin die verhaal geskryf is, geïdentifiseer word." In sy proefskrif getiteld "'n Literatuursosiologiese ondersoek na 'n groep Afrikaanse Tagtiger-prosaskrywers", dui Heyns (1995:1) dan ook op die "duidelike tendens van 'n kontinue wisselwerking tussen literatuur en sosiale werklikheid" binne die Afrikaanse prosa:

> Ná die Sestigers se sterk wegbreek van die 'gemoedelike, lokale realisme' van sommige van die vroeëre skrywers, het outeurs soos André P. Brink in die sewentigerjare met politieke romans gevolg […]. Ook die Afrikaanse prosa van die tagtigerjare is tot 'n mate *betrokke* (om dié geykte term te gebruik) by die eiesoortige – kontinue veranderde – werklikhede van die gemeenskap [oorspronklike kursivering].

Rossouw (1991:1) wys daarop dat daar, met enkele uitsonderings, ook in die gekanoniseerde Afrikaanse romans wat gedurende die tagtigerjare verskyn het, "'n opvallende bewustheid is van die rasseproblematiek in Suid-Afrika" en dat "veral die Afrikaner se 'troetelideologie', apartheid (soms ook genoem Afrikaner- of wit nasionalisme), en die uitwerking daarvan op die Suid-Afrikaanse gemeenskap […] 'n kerngegewe in verskeie romans is". As voorbeelde van sodanige tekste (wat tot en met 1984, die jaar

waarin *Kringe in 'n Bos* verskyn het, gepubliseer is) kan genoem word André P. Brink se *Houd-den-bek* (1982), Elsa Joubert se *Die laaste Sondag* (1983), Etienne Leroux se *Onse Hymie* (1982), John Miles se *Blaaskans* (1983) en Etienne van Heerden se *Om te awol* (1984). Gedurende die tagtigerjare het sosiale vraagstukke soos apartheid, morele verval en werkloosheid, volgens Heyns (1995:109), "belangrike gesindheidsveranderings by die Afrikaner bewerkstellig".

Soos ook die geval in haar latere werk, sluit Matthee in *Kringe in 'n Bos* sterk aan by die realisme "deurdat sy deeglike navorsing oor die historiese werklikheid waarop sy haar boeke baseer, onderneem het" (Heyns, 1995:82). Laasgenoemde outeur is van oordeel dat die sorgvuldige navorsing wat Dalene Matthee oor die Knysnabos gedoen het die verwagting wek "dat bepaalde, histories-gefundeerde afleidings uit die roman gemaak kan word" (Heyns, 1995:77). In *Kringe in 'n Bos* word die illusie van werklikheid, benewens "'n baie realistiese en oortuigende ruimte", ook deur "direkte historiese verwysings na 'n werklike (koloniale) verlede deur middel van datums en persoonsname" geskep (Anker, 1989:98).[74]

In Matthee se werk is daar egter, in teenstelling met die politieke betrokkenheid van die sewentiger- en tagtigerjare, 'n ánder soort sosiale betrokkenheid. Matthee vertel self dat sy in haar boek "nie aan kleur geráák" het nie: "Ek het aan *mense* geraak. Ongeag. Party mense was per toeval gekleurd. Sommige was per toeval wit." (De Villiers, 1986:19 [oorspronklike kursivering]). As kommentaar op Black (s.j.:s.bl.) se verwysing na die "'wit-bruin' verhouding" in *Fiela se kind*, antwoord Matthee dat daar 'n band tussen bruin en wit Afrikaanssprekendes is "'wat dieper as diep is: Moenie vra waar dit vandaan kom nie. Dis net eenvoudig dáár. Persoonlik dink ek dis 'n enorme Kosmiese les wat hierdie twee groepe besig is om te leer.'" Matthee se sosiale kommentaar is hoofsaaklik geskoei op aspekte van gelykberegtiging. Volgens haar moet politiek "by die deur uitgesit word" (De Villiers, 1986:19). Wium van Zyl (Azar-Luxton, 2005:19) beskryf Matthee as "'n milde feminis[75] wat met aandag en respek na die arm mens gekyk het" [my voetnoot]. Hoewel Matthee se romans, volgens Cilliers (2000:6), "nooit kapstok geword het vir die betrokkenheid nie, was sy tog nog altyd in haar boeke iets of iemand ter wille: die bos en sy bome, soos in Kringe;

[74] Heydenrych (1991:66) noem dat, benewens die historiese aspekte, plantkundige aspekte ook van kardinale belang vir 'n begrip van die roman is.

[75] Jooste en Senekal (2016:778) wys daarop dat Matthee se roman *Susters van Eva* (1995) 'n duidelike feministiese boodskap bevat. [Die bron word volledigheidshalwe as Jooste en Senekal aangedui, alhoewel hierdie deel die bywerking deur Senekal is].

die onderdruktes, soos in Fiela; vrouevryheid,[76] soos in Susters van Eva; selfs Moerbeibos se immigrantekorps".

Matthee rig haar sosiale kommentaar, asook die fokus van haar literêre werk nie net op menseregte nie, maar (en veral ook) op natuurregte – 'n ánder kwessie wat in die tagtigerjare baie aandag geniet het. Van Zyl (Azar-Luxton, 2005:19) beskryf Matthee as 'n ekoloog. Aan De Villiers (1986:19) noem sy dat sy "sal help klip gooi", nie net vir menseregte nie, maar ook vir "planeetregte".

Die wisselwerking tussen literatuur en sosiale werklikheid (en tussen Matthee se *Kringe in 'n Bos* en natuurbewaring – spesifiek die bewaring van olifante) blyk duidelik uit die onderstaande gebeure gedurende die eerste helfte van die tagtigerjare:

- In 1981 word 'n olifantwerkgroep gestig om die afname in olifantgetalle in die Knysnabos te ondersoek (Louw, 2007:36).
- Die amptelike monitering van die Knysna-olifante word tussen 1983 en 1987 geïnisieer (Hampton, 2018:s.bl.) – 'n bewusmakingsveldtog wat uiteraard kon bydra tot die sukses van Matthee se teks.
- Die ondersoek na die oorblywende getal olifante in die bos het in 1983, die jaar voordat Matthee se boek gepubliseer is, nuwe impetus verkry toe varingplukkers die geraamte van 'n olifantkoei, wat aan natuurlike oorsake dood is, naby die Diepwalle-houtdepot en die Groot Boom, gevind het (ibid.).
- In die winter van 1983 het varingplukkers ook op die bykans volledige geraamte van 'n ou olifantbul afgekom. Die geraamte is deur 'n taksidermis gerestoureer en gemonteer waarna dit vir 'n hele klompie jare voor die Knysna Toerisme Buro gestaan het (ibid.).
- Die bewusmaking van besoekers aan die Knysnawoud is voorts, óók in 1983, verder verskerp deur die publikasie van 'n pamflet, *The Knysna elephants and their forest home*, deur Margo MacKay waarin daar veral op die feite, maar ook op die stories en die legendes rondom die Knysnawoud gefokus is.
- Op 8 Augustus 1984 verskyn daar 'n artikel in *The Times* met die opskrif "A forest killed for greed" (Franks, 1984:s.bl.).

[76] Met betrekking tot die vrou se plek in die samelewing, sê Matthee aan De Villiers (1986:20) dat sy nie graag 'n bevryde vrou sou wou wees nie: "'n Vrou het haar plek. Sy moenie probeer om 'n man te wees nie. Haar plek is belangrik genoeg. *As the power behind the throne*" [oorspronklike kursivering].

In Hampton se artikel "History of Knysna Elephants 1980–1999" wys hy dan ook spesifiek op die bydrae wat Matthee se teks tot die bewusmaking van die bewaring van die Knysna-olifant gelewer het:

> Hope was rekindled when local author Dalene Matthee published a book, 'Circles in the Forest' which became a bestseller both locally and internationally and prescribed as a set book for school which created understanding and appreciation of the forest and its elephants. In addition the television programme 50/50 screened a programme on the elephants which re-interested the public. This allowed the local Wildlife Society to mobilise its members and the public into action (Hampton, 2018:s.bl.).

Uit 'n ondersoek na die ekologiese kode in die Afrikaanse poësie, maak Malan (1996:154) die afleiding dat, alhoewel daar reeds gedurende die sestigerjare van die vorige eeu 'n bewustheid van die natuur en die omgewing ontstaan het, die digter hom/haar eers in die tagtigerjare geroepe gevoel het om meer omgewingsbewus te wees. Met betrekking tot die beantwoording van die skrywer aan 'n bepaalde 'roeping' word daar in die sogenaamde geëngageerde roman, volgens die Satreaanse beskouing, "'n bepaalde aktualiteit [ge]eksploiteer, 'n beeld daarvan [ge]gee en kommentaar daarop [ge]lewer met die doel om iets daaraan te probeer verander" (Malan, 1984:49). Volgens hierdie outeur (ibid.) is die geëngageerde roman die genre met die grootste potensiële sosiopolitieke invloed. Malan verduidelik soos volg:

> […] dit maak heftige gevoelens gaande en daar word openbare debatte daaroor gevoer. Rondom hierdie soort roman word daar geredelik oor leserreaksies, skrywer- en werksintensies en die interaksie tussen teks en gemeenskap veralgemeen. Dit het implikasies vir sake soos sensuur op literatuur, die sosio-kulturele invloed van letterkunde, en die stereotipering van sowel onderdele binne die romanwêreld as die genre self.

Op grond van die prominensie wat hierdie temas in *Kringe in 'n Bos* kry, word Matthee as "veranderingsagent" en as "natuuronderskrywer" beskryf (Loubser, 2017:14, 71). In 'n proefskrif getiteld "Die uitbeelding van omgewingskwessies in geselekteerde tekste uit die Afrikaanse kinder- en jeugliteratuur: 'n ekokritiese perspektief", spreek Loubser (2017:71) die mening uit dat daar talle gedeeltes in die verhaal van *Kringe in 'n Bos* is "wat hulle leen tot kritiese denke oor mens-natuur-verhouding en tot 'n geleentheid vir eko-opvoeding". Die teks leen hom dus tot 'n ekokritiese ondersoek. In die ekokritiek word daar op die verhouding tussen die fisiese omgewing en die literatuur gefokus (Glotfelty 1996:xviii). Aan die hand van die werk van Glotfelty (1996), Bennet en Teague (1999) en Marland (2013), beskryf Susan Meyer (2016:1203), wat heelwat navorsing oor natuurgesentreerde skryfwerk doen, ekokritiek as "'n sambreelterm vir 'n hele spektrum van literêr-teoretiese benaderings met behulp waarvan ondersoek ingestel word na die uitbeelding van die verhouding tussen die menslike en die niemenslike in die letterkunde en ander

kultuurvorms". Daar is veral twee aspekte van die ekokritiek wat duidelik neerslag vind in Matthee se teks, naamlik *pleksensitiwiteit* en *vreemde vreemdeling.* Lawrence Buell (2005:63–66) se begrip van *pleksensitiwitei*t het, aldus Smith (2016:1224), betrekking op 'n bewussyn van die fisiese plek. Timothy Morton (2010:165) se begrip *vreemde vreemdeling* verwys, volgens Smith (2016:1221) na "die dier waarvan die vreemdheid sodanig is dat die dier nie deur die mens verabsoluteer en gedefinieer kan word nie; die mens kan nie die dier van 'n etiket voorsien nie want die mens kan nooit die dier ten volle begryp nie".

In 'n artikel getiteld "Young adult readers as potential consumers of literary tourism sites: a survey of the readers of two of the Dalene Matthee forest novels" kom Fairer-Wessels (2010:146) tot die gevolgtrekking dat wanneer 'n boek aan 'n plek of bestemming gekoppel word, dit waarde tot die leser se ervaring van sowel die boek as die ruimtelike plasing – in hierdie geval, die Knysnabos – toevoeg. Fairer-Wessels (2010:142) beskryf literêre liggings as sosiale konstruksies wat geskep en geadverteer word met die doel om besoekers te lok (kyk ook 5.4 vir verwysings na die Dalene Matthee Big Tree en die Kringe in 'n Bos-staproete).

5.2.1.1 Verhouding met die leser

In die geëngageerde literatuur word die klem dus, soos wat dit die geval in Matthee se teks is, dikwels van die estetiese na die praktiese en veral etiese sake verplaas (Malan, 1984:50). Op grond van hierdie klemverskuiwing word daar in die geëngageerde werk "'n intieme verhouding met die leser nagestreef" (ibid.).[77] Malan (1984:60) beskou die beste geëngageerde roman as dié een waarin die verhouding tussen die etiese en die estetiese sodanig is "dat die leser intellektueel volkome geboei raak, maar ook tot so 'n ideologiese oorgawe verlei word, dat hy as vertroueling en gespreksgenoot geheel en al by die romanwêreld betrokke raak". By Matthee gaan dit inderdaad oor 'n houding van vertroue. In *Kringe in 'n Bos*, soos in Matthee se totale oeuvre, word die leser binnegenooi as 'aanskouer van die waarheid' – 'n aspek wat ooreenstem met die openbare beeld van Matthee as 'verteller van die waarheid' (kyk 5.2.1.2).

5.2.1.2 Betrokkenheid en die skrywer se waarheidsbeskouing

Volgens Weideman (1981:34) slaag die betrokke werk "wanneer die skrywer opstand teen 'n onreg vergestalt – nie sý persoonlike opstandjie nie, maar 'n verbondenheid wat op verantwoordelikheid gegrond is; nie net verantwoordelikheid teenoor 'n spesifieke groep nie,

[77] Kyk 4.1 vir 'n verduideliking van die basiese illokusie.

maar verantwoordelikheid teenoor die mens self" [oorspronklike beklemtoning]. Aangesien realistiese argumente die grondslag van betrokke literatuur vorm, is dit noodsaaklik dat hierdie skrywers "die werklikheid as vertrekpunt moet neem en 'die waarheid' moet praat" (Heyns, 1995:108). Soos wat dit telkens in hierdie hoofstuk aan bod sal kom, speel die waarheidsaspek (of realisme) deurgaans 'n belangrike rol in sowel die self- as die heterovoorstelling van Matthee en is die mees prominente beeldvorming dié van verteller van die waarheid. Sy beskryf die keuse "'[…] tussen waarheid en lieg […]'" as "'die grootste toets […]'" waarvoor sy te staan gekom het tydens die skryf van *Kringe in 'n Bos*: "'[…] om te moes besluit: Is ek 'n skelm of is ek 'n skrywer? Want elke vraag wat ek in daardie bos gevra het, het een of twee of drie of vier antwoorde gehad […]'" (Prinsloo, 1984b:s.bl.).[78] Vir Matthee sou dit "'[…] verskriklik wees om te weet jy het 'n lieg geskryf […]'" (Azar-Luxton, 2005:19). In 'n onderhoud met Smith (2003:s.bl.) word Matthee soos volg aangehaal: "'[…] ons sal onsself pootjie totdat ons by die waarheid uitkom, die waarheid agter die groot lieg.'"

Matthee se jongste dogter, Hilary (Van der Merwe, 2018:41), beaam dat haar ma altyd "'n ding oor die waarheid gehad" het: "'Mense is honger vir die waarheid,' het sy altyd gesê. En: 'Moenie 'n voetnota glo nie, gaan dit na.' As een feit bevraagteken word, word die hele boek met daai kwas geverf, het sy geglo."

Een van Matthee se ander dogters, Amanda (Roux, 2014:13), vertel dat dit vir Matthee belangrik was "om te skryf en dan 'daaroor te slaap […]'" omdat 'n mens se waarhede, volgens Matthee, in die oggend na jou toe kom. Ook die skrywer Anneli Botes, wat Matthee leer ken het toe sy veertien jaar oud was, onthou Matthee as iemand vir wie die waarheid baie belangrik was: "'Sy het my geleer dat uitgesprokenheid jou ongewild maak, maar solank jy jou uitspreek vir wat rég en wáár is, moet jy nooit ophou nie. By haar het ek geleer om te delf in die sielkunde en geskiedenis – énigiets.'" (ibid.).

Hand aan hand met die beelding as 'verteller van waarheid' (soos wat Matthee ook op die flapteks van *Kringe in 'n Bos* bekendgestel word; kyk 5.3.2.2), is die voorstelling van Matthee as soeker na geregtigheid: "As sy haar koprekening opgemaak het, sou sy dit tot die bitter einde verdedig. Sy kon ampertjies blindkwaad raak wanneer sy onreg en uitbuiting aanskou het" (ibid.).

In haar strewe om die waarheid, die realistiese, oor te dra, is daar die interessante teenstrydigheid dat Matthee baie sterk op haar instinkte staatgemaak het. Haar dogter

[78] Kyk ook "Bloubokkie se gal en goed of kwaad, waarheid of leuen" (SAUK, 2011).

Amanda vertel dat "[a]s sy eers kom met 'my maag sê so', het ons as kinders geweet dit help nie om te stry nie – maar partykeer dink ek sy was net koppig" (Roux, 2014:13). Matthee se geloof daarin dat die maag "vir jou [sê] as 'n ding nie reg is nie" word ook deur Charles Fryer (Azar-Luxton, 2005:19) onthou: "En dan het 'n vrou mos nog op haar solar plexus 'n spesiale sintuig. Jou maag sê vir jou as 'n ding nie reg is nie!"

5.2.2 Die opkoms van middelmootliteratuur[79]

Die publikasie van *Kringe in 'n Bos* val voorts saam met die erkenning van 'n nuwe genre, naamlik middelmootliteratuur. Van der Merwe (2018:40) skryf dat daar tydens die skrywersberaad van die Afrikaanse Skrywersgilde in 1984 op Gordonsbaai "'n nuwe beskrywende woord" geskep is: "middelmoot-lektuur [sic]":

> 'Ondergeskik aan hogere letterkunde en 'n kop hoër as klubboekskrywers. Duidelik sou Dalene in dié kategorie val. Dit is in die konteks van die hoogbloei van sogenaamde betrokke letterkunde. Waar politieke inhoud teen die establishment byna 'n vereiste was om werklik ernstig opgeneem te word.' Gróót name, soos André P. Brink, Etienne Leroux, Bartho Smit, Adam Small, Chris Barnard, Jan Rabie en Elsa Joubert. Dalene? Niemand het veel meer van haar geweet as dat sy twee jaar tevore met 'n kortverhaalbundel, Die judasbok [sic], gedebuteer het nie. 'Sy het daardie dag gepraat oor hoe belangrik dit is om stories te vertel, stories wat op werklikhede gebou word en mense aan die lees sal sit. Dat sy nie 'n snars omgee hoe haar boek geëtiketteer word nie. Trek maar neus op, dié wat wil […]' (Amanda Botha aangehaal in Van der Merwe, 2018:40).

Van Boven (2009:287) voer die term *middelmootliteratuur* terug na die dertigerjare van die vorige eeu toe Nederlandse kritici dit in navolging van die Engelse begin gebruik het. Sedert die twintigerjare is die term *middlebrow* as tussenvorm gebruik vir tekste wat tussen die intellektuele *highbrow* en die teenoorstaande *lowbrow* lê. In middelmootliteratuur staan vermenging sentraal: "vermenging van hogere en lagere elementen,[80] van kunst en commercie, van kunst en alledaags leven" (ibid. [my voetnoot]).

Van Coller (2011:71) wys daarop dat die verhouding van middelmootliteratuur tot die hoë literatuur binne enige bepaalde literêre sisteem egter problematies is aangesien "dit verband hou met die wyse waarop kultuur beskou word en watter waarde geheg word aan die onderskeiding van so 'n bepaalde kategorie wat in wese 'n tussenvorm (tussen 'hoog' en 'laag') veronderstel". Tog is daar, volgens Van Coller (2011:76), binne 'n bepaalde tyd en plek, egter wel 'n stabilisering van opvattings oor wat letterkunde is.[81]

---

[79] Aangesien hierdie genre reeds breedvoerig in 'n vorige proefskrif bespreek is, word enkele aspekte hier herhaal. Vir 'n meer volledige bespreking van middelmootliteratuur, kyk Erasmus-Alt (2016:161–167).

[80] Kyk ook Foster en Viljoen (1997:xxix).

[81] Kyk 1.1.

Teenoor die genoemde kenmerke van wat as 'letterkunde' beskou word, vertoon middelmootliteratuur, as populêre literatuur, dikwels die volgende kenmerke:[82]

- Dit is literêr gesproke "norm-bevestigend omdat dit grotendeels volgens 'n vaste patroon of 'resep' geskryf word" (John, 2010:36).
- Dit is oor die algemeen gerig "op ontvlugting van, eerder as konfrontasie met, die werklikheid" (John, 2010:42).
- Daar is bepaalde genderaannames soos tradisionele man/vrou- of held/heldin-verhoudings (Cochrane, 2004:133).
- Die storielyn is gewoonlik voorspelbaar en patroonmatig (Cochrane, 2004:138).
- Dit is (lokaal-)realisties (Van Coller, 2011:84).
- Dit beantwoord gewoonlik aan verwagtings (Van Coller, 2011:82).
- Dit is dikwels vol patos en patetiek (ibid.).
- Dit maak dikwels van blokkarakterisering gebruik (ibid.).
- Daar is gewoonlik 'n beduidende ooreenstemming tussen storie en verhaal (ibid.).
- Dit beantwoord gewoonlik nie aan heersende ideologiese en/of poëtikale opvattings nie (ibid.).
- Dit is toeganklike literatuur (ibid.).
- Dit is sosiaal-betrokke, aangesien dit dikwels teen die agtergrond van sosiale kwessies afspeel (Van Coller 2011:84).

Dit is in hierdie vroeë stadium van die bespreking reeds duidelik dat *Kringe in 'n Bos* – op grond van die held/heldin-verhouding, die lokale realisme in die teks, die toeganklikheid daarvan en die feit dat dit sosiaal-betrokke is – as middelmootliteratuur geklassifiseer kan word. In die res van hierdie hoofstuk sal aangetoon word dat kritici (op grond van die argumente wat in die beoordeling van die werk gebruik word – kyk 5.3.3) en ander rolspelers binne die literêre veld die voorlopige beeld van die boek (goeie, gewilde prosa) en die skrywer ('n referensieel literêre posisionering) bevestig en aanvaar.

5.3 Rolspelers en kanoniseringsinstrumente binne die instelling

In die bespreking van Van Rees en Dorleijn se sisteemteorie is genoem dat daar in die institusionele benadering van die literêre veld van die standpunt uitgegaan word dat die spesifieke waarde wat aan literatuur en kuns toegeken word, die resultaat is van die werksverrigtinge en interaksie tussen die diverse instellings en persone wat in onderlinge

[82] Baie van hierdie elemente is ook op die sogenaamde hoë literatuur van toepassing. Middelmootliteratuur is juis 'n vermenging van hoë en lae literatuur.

wisselwerking betrokke is by die materiële en simboliese produksie en verspreiding van (literêre) werke (kyk 3.4). Die eerste rolspeler is uiteraard die skrywer as die direkte produsent van die teks.

5.3.1 Die skrywer: Dalene Matthee

5.3.1.1 Biografiese besonderhede

Bongers (2011:29) herinner aan die feit dat daar agter die fasade van die skrywersbeeld en sy/haar posisie-inname, altyd 'n daadwerklike persoon 'skuil'. Dalena (Dalene) Matthee (née Scott) is op 13 Oktober 1938 op Riversdal in die Suid-Kaap gebore as die middelste van Danie en Hester Scott se vyf kinders. Danie was 'n bouer en Hester 'n huisvrou. 'n Stukkie inligting wat telkens in die biografiese besonderhede van Dalene Matthee opduik, is die feit dat haar vader, Danie, 'n direkte afstammeling van die bekende negentiende-eeuse Skotse skrywer sir Walter Scott was (*dalenematthee.co.za*, s.j.:s.bl.; Steenberg 1985:108; Van Schalkwyk, 1984:16; Zietsman, 1985:65; kyk ook 5.3.10). Matthee voltooi haar skoolloopbaan aan die Hoërskool Langenhoven op Riversdal waar sy, na bewering, reeds vroeg skryftalent getoon het (*dalenematthee.co.za*, s.j.:s.bl.).

In 1957, op agtienjarige ouderdom, tree sy in die huwelik met Larius Matthee, 'n klerk by Standard Bank op Riversdal. Kort daarna verhuis die egpaar na Oudtshoorn. Hier skryf Matthee, wat haar as 'n talentvolle pianis onderskei het, haar in vir verdere musiekopleiding by Van Zyl se musiekskool. Dit is ook hier waar die egpaar se eerste dogter, Amanda, in 1959 gebore is en 18 maande later (in 1961) hul tweede dogter, Toni. In 1962 word Larius na Darling verplaas, waar 'n derde dogter, Hilary, in 1964 gebore word. Om die gesin se inkomste aan te vul, begin Matthee kinderstories vir die SAUK se kinderradioprogram, *Siembamba*, skryf. In 1967 verhuis die gesin na Graaff-Reinet waar Matthee as kurator by die Hester Rupert-kunsmuseum begin werk. Sy sluit by dr. Anton Rupert se restourasiespan aan en is onder meer betrokke by die restourasie van Stretch's Court. In hierdie tyd begin Matthee om kortverhale vir tydskrifte soos *Huisgenoot* en *Sarie* te skryf. Sy sit ook haar musiekonderrig voort en behaal 'n klavierlisensiaat. Na 'n verblyf van ongeveer vier jaar in Graaff-Reinet, verhuis die gesin in 1971 na Uniondale, waar Larius 'n aanstelling as bankbestuurder van die plaaslike tak van Standard Bank aanvaar. Hier gebruik Matthee die ondervinding wat sy in restourasiewerk opgedoen het om twee historiese geboue te restoureer, naamlik die ou watermeul en 'n ou fort uit die Anglo-Boereoorlog (*dalenematthee.co.za*, s.j.:s.bl.).

Weens gesondheidsprobleme tree Larius in 1977 af en die gesin verhuis na Hartenbos. Hierdie verhuising lui 'n nuwe fase in Matthee se skryfloopbaan in met die publikasie van haar eerste kortverhaalbundel, *Die Judasbok,* in 1982, opgevolg deur twee romans, *'n Huis vir Nadia* (1982) en *Petronella van Aarde, burgemeester* (1983) (ibid.).

In 2000 sterf Larius aan kanker en drie jaar later, in 2003, verhuis Matthee na Mosselbaai waar sy tot haar dood woon. Op 20 Februarie 2005 sterf sy onverwags aan hartversaking in die Bayview Clinic in Mosselbaai (*dalenematthee.co.za,* s.j.:s.bl.; Jooste & Senekal, 2016:771).[83]

5.3.1.2 Matthee se toetrede tot die Afrikaanse literêre sisteem

Nadat Dalene Matthee vir meer as tien jaar kortverhale vir *Sarie* en *Huisgenoot*, asook kinderverhale vir die radio geskryf het, verskyn haar eerste kinderboek, *Twaalfuurstokkie*, in 1970. Daarna verskyn, soos reeds genoem, 'n kortverhaalbundel getiteld *Die Judasbok* in 1982. Vir Matthee was die skryf van kortverhale 'n belangrike leerskool in haar skrywerskap:

> 'Ek het eers gekruip vóór ek geloop het. Ek het nooit 'n roman teruggekry nie, maar in my kortverhaal-tyd is my stories wel teruggestuur. Ek is deur my leerskool in my kortkuns-tyd. Toe is ek deur die meul' (De Villiers, 1986:20).

In onderskeidelik 1982 en 1983 verskyn die genoemde romans, *'n Huis vir Nadia* en *Petronella van Aarde, burgemeester*, wat albei deur Tafelberg uitgegee is, uit Matthee se pen. In 3.7 is daarna verwys dat 'n skrywer se debuut daardie moment is wanneer onderhandelinge ten opsigte van sy/haar posisie in die literêre veld begin en dat dit ook die oomblik is waarop sy/haar postuur vir die eerste keer vorm begin aanneem (Bongers, 2011:26). Tog was dit eers met die verskyning van die eerste van drie Bosboeke, naamlik *Kringe in 'n Bos* (1984), dat Matthee ongekende gewildheid, sowel plaaslik as internasionaal, begin geniet het (Heyns, 1995:62). Daarom lui die publikasie van hierdie boek 'n nuwe tydperk in Matthee se skrywerskap in.

5.3.1.3 Self- en heterovoorstelling op grond van lewenstyl, gewoontehandelinge en sosiale kommentaar

Matthee bestempel haarself as iemand wat reguit en optimisties is (De Villiers, 1986:20, 23). Voorts beskryf sy haarself as rebels (De Villiers, 1986:18; Müller, 1984:30), iemand wat van korswel hou – "Daar is niks so lekker soos 'n skyngeveggie of twee nie" (Smith, 2003:s.bl.) – en as "'n ware befoeterde kunstenaar'" (Rautenbach, 1984:20). Op 'n stelling

[83] Die bron word volledigheidshalwe as Jooste en Senekal aangedui, alhoewel hierdie deel die bywerking deur Senekal is.

deur Izak de Villiers (Green, 2009:s.bl.) dat Matthee vir hom "[…] deeglik aweregs […]" klink, antwoord sy soos volg:

> 'Ja, mense sê ek is 'n ou heks. In een van my lewes is ek as 'n heks verbrand deur 'n spul priesters. Hulle was bang vir hekse. Ja, bang, niks anders nie. Priesters is ook mos politici. Politici vernietig alles wat hulle bangmaak. Politici maak my kwaad, omdat hulle so dom is. As dit nou ek was wat so dom is, kan mens dit nog verstaan …'

Matthee beskryf haar gesin as "eiesoortig" en as "eenvoudige mense" wat "in 'n A-raamhuis in 'n doodgewone straat" in Hartenbos bly (Müller, 1984:30). Sy is nie iemand wat van "fieterjasies" of "versiersels" hou nie en klere is ook nie vir haar belangrik nie (Truter, 1992a:50, 52). Volgens Van Schalkwyk (1984:16) is dit Matthee se persoonlikheid wat jou eerste tref: "She is comfortable [sic] family-size, with vivacity in likewise proportions." Katinka Heyns onthou Matthee as "die huisvrou van Uniondale" wat 'n kortverhaal aan haar gestuur het (Roux, 2014:13). Ten spyte van die nederige, beskeie beeld wat Matthee voorhou, het sy tog oor genoeg selfvertroue beskik om voor te stel dat Heyns 'n film van die kortverhaal maak. Hier is dus by uitstek 'n voorbeeld van die deursneehuisvrou wat tegelykertyd ook 'n bevryde vrou met haar eie ideale was.

Met betrekking tot roem[84] noem Matthee dat dit vir haar geen betekenis het nie (De Villiers, 1986:20; Van der Merwe, 2018:43). Amanda Botha, 'n Kaapse skrywer, joernalis en jarelange vriendin van Matthee, noem aan Van der Merwe (2018:43) dat Matthee nie deur roem verander is nie:

> As mense haar gevra het hoe dit voel om beroemd te wees, sou sy antwoord: 'Ek het net 'n gewone, moeilike man en stoute kinders. Wat help dit ek het die wêreld aan my voete en dink ek is wonderlik en verloor my siel in die proses? Want dit is met my siel waarmee ek skryf.'

Die aktrise Shaleen Surtie Richards (Van der Merwe, 2018:43) beaam dat Matthee "nie van fame gehou" het nie:

> As iemand swymel oor hoe wonderlik sy is, maak sy haar oë so groot en sê 'ag foeitog', sy was so nederig.

In hul herinneringe aan haar is daar egter vriende, insluitend Amanda Botha, wat 'n teenstellende beeld oproep:

> As ek dink aan haar 'spog' toe sy nog net met Kringe in 'n bos se manuskrip gestaan het, sou sy dalk heel uitdagend sê: 'nou moet julle maar jul woorde sluk en erken dat niemand 'n storie soos Matthee kan skryf nie!' (Botha in Van der Merwe, 2018:43).

[84] Kyk ook "Hoe voel jou kinders en jy oor jou beroemdheid?" (SAUK, 2011).

Daar word ook vertel dat Matthee, tydens haar spreekbeurt by die Afrikaanse Skrywersgilde se skrywersberaad in 1984 op Gordonsbaai, gespog het dat haar boek "'die mees gelese boek' in Afrikaans sou wees" (Van der Merwe, 2018:39).

Met betrekking tot haar finansiële posisie vóór die publikasie van *Kringe in 'n Bos* blyk dit dat die navorsing vir die boek "elke sent spaargeld wat sy gehad het, opgeëet het":

> 'Ek was heeltemal bankrot en het net 'n appelboks gehad vir 'n aktetas. My kinders het gesê: 'Here Ma, net nie met daardie ding Kaap toe nie' […]. 'My man het my jammer gekry en vir my 'n vliegtuigkaartjie gekoop – net 'n enkelkaartjie. Ek het toe die manuskrip in 'n OK-sak gesit en by Tafelberg-Uitgewers gaan aflaai. […]. Ek het darem geld genoeg gehad vir 'n tweedeklas treinkaartjie huis toe' (Prinsloo, 1984b:s.bl.; vergelyk ook Fryer, 2005:s.bl.; Zietsman, 1985:65).

Frederik de Jager, wat Matthee leer ken het in sy hoedanigheid as redakteur by Tafelberg Uitgewers, vertel dat Matthee "reguit gesê het sy is vreeslik bly oor die geld" toe sy die eerste van vier ATKV-pryse gewen het: "Sy was een van enkele Suid-Afrikaanse skrywers wat ook finansieel goed gevaar het […]. Sy het in Hartenbos 'n mooi huis gekoop en die laaste keer dat ek haar gesien het, het sy 'n Mercedes gery" (Louw, 2005:19). Op De Villiers (1986:20) se opmerking, "Ek het jou ook eenmaal op TV dopgehou. Toe sê jy: 'Ja, die geld is darem ook lekker'", antwoord Matthee dat mense haar na aanleiding van daardie opmerking as 'n geldwolf beskou het: "Nou wil ek weet wie werk verniet." Matthee se redakteur, Charles Fryer (2005:s.bl.), skryf dat sy soms met die aflewering van 'n manuskrip met kreef 'vergoed' wou word: "Sy het geglo sy as skrywer gee alles vir 'n boek en sy verwag om daarvolgens vergoed te word. Geen wonder dat haar outeursgeld altyd 'n twispunt was nie." Dat Matthee nie juis spaarsamig was ná die finansiële stabiliteit wat sy as gevolg van die sukses van *Kringe in 'n Bos* ervaar het nie, kan afgelei word uit Van Niekerk (Grundling, 2005:s.bl.) se vertelling dat Matthee "versot" was op dobbel: "of sy nou in Kaapstad of Europa was, het sy altyd graag 'n casino gaan opsoek".

Matthee (Azar-Luxton, 2005:20) beskryf haarself as 'n baie private mens wat nie van "'crowds'" hou nie: "'Eintlik moes ek in die veld gebly het.'" Oor die onvermydelike skrywersoptredes verklaar Matthee (ibid.): "'Ai jirre' […] 'ek soek nie al hierdie ander dinge nie. Ek wou maar net 'n boek geskryf het! […].'" Volgens Katinka Heyns (Louw, 2005:19) was daar 'n bepaling in die kontrak vir die verfilming van *Fiela se kind* dat Matthee nie 'n nuuskonferensie of die openingsaand sou hoef by te woon nie. Tog was sy met die openingsaand in Kaapstad wel teenwoordig "om die prent te sien waarin sy self 'n klein rol – dié van 'n bosvrou – vertolk het" – iets wat weer eens in teenstelling is met die beeld van 'n uiters private mens.

Dit blyk dat Matthee, in ’n poging om persoonlike vrae af te weer, dikwels eerder die onderhoudvoerder ondervra het. ’n Voorbeeld hiervan is die onderhoud wat Izak de Villiers, toe nog redakteur van *Sarie*, met Matthee gevoer het (Green, 2009:s.bl.). Feitlik onmiddellik nadat De Villiers en Annari van der Merwe (Matthee se uitgewer en vriendin en fotograaf vir die middag) hulself sitgemaak het, het Matthee, volgens De Villiers, die volgende aan Van der Merwe gesê: “‘Ek sal hóm graag wil ondervra. Ek het hom al op TV gesien en gedog: nie te sleg nie; ek wonder of hy ’n vrouejagter is …’ Toe draai sy na my […].”

Vroeër (kyk 4.2.3.3) is verwys na Baert en Booth (2012) se uitsprake rakende die rol van die openbare intellektueel binne posisioneringsteorie. Dit blyk dat Matthee doelbewus wegskram van sodanige selfposisionering. Wanneer Matthee na haar kinderjare verwys, skemer daar ’n gevoel van minderwaardigheid en ’n daaruitspruitende selfbejammering deur:

> Dalene has distinguished family connections but ruefully admits she has always been a black sheep. Her paternal grandmother was related to President Steyn and very conscious of her social standing. She found Dalene intractable: the child wouldn’t concentrate on her embroidery and had no aptitude for lady-like manners (Knox, 1984:71).

In ’n onderhoud met Zietsman (1985:65) antwoord Matthee die vraag na wat “die grootste enkele stukrag in die ontwikkeling van haar skryftalent” was, soos volg: “‘Die feit dat niemand vir my as kind ooit jammer was of gedink het daar steek iets goeds in my nie.’” Staaltjies uit Matthee se kinderjare skets egter ’n ander prentjie, naamlik dat sy reeds vroeg in haar lewe skryftalent openbaar het én dat dit inderdaad raakgesien is:

> In standerd drie het griep verhinder dat sy eksamen saam met die res skryf en ’n week later moes sy een middag na skool saam met twee ander kinders – een die skoolboelie – haar opstel skryf. Die volgende Maandag kondig die skoolhoof na die saalverrigtinge aan dat hy iets wil voorlees. En daar moet klein Dalene Scott toe mooi saam met die hele skool sit en luister na haar eksamensinne oor tant Miem se stompstertkat wat haar kleintjies opgevreet het (Van der Merwe, 1987:75).

In onderhoude beskryf Matthee haarself as “dom skrywer” (Nieman, 2002:8) en wys ook op haar beperkinge as vroueskrywer: “‘[…] Die Man [sal] altyd beter en slimmer […] skryf as ek. Die Muse trek hulle voor […]’” (Prinsloo, 1984b:s.bl. [oorspronklike hooflettergebruik]). Boonop beroep sy haar op haar “bloedmin kennis” (*Lantern,* 1990:80).

Tog word daar telkens in onderhoude en artikels verwys na Matthee se soeke na antwoorde – haar sogenaamde metafisiese kant (Knox, 1984:71). In die flapteks van *Kringe in ’n Bos* word ook daarna verwys dat Matthee “metafisiese geskrifte begin bestudeer” het, terwyl Müller (1984:33) na haar liefde vir filosofie verwys: “Op haar rakke staan die filosowe – van

Plato tot Steiner" (vergelyk ook Knox, 1984:71; Sboros, 1984:5). Daarby is sy "met die regte gene gebore":

> Sy is 'n regstreekse afstammeling van die romanskrywer, [sic] sir Walter Scott en is nie die enigste Scott van Riversdal wat hul voorsaat se talent geërf het nie. Haar pa, Daniël Scott, het 'n fyn aanvoeling vir musiek gehad en het nog tot op sewentig pragtig viool gespeel. Haar suster, Beatrice, wat op 38-jarige leeftyd gesterf het, sou dit nog ver kon bring – sy het haar eie radioprogram in Australië gehad en het kortverhale geskryf. Haar twee broers en twee susters se kinders presteer ook op kunsgebied (Zietsman, 1985:65).

Terwyl Matthee self, soos hierbo aangetoon, na haar verlangse verbintenis met Walter Scott verwys, vertel sy in 'n onderhoud met Van Schalkwyk (1984:16) dat hierdie verbandlegging haar soms verleë laat: "She is a little embarrassed that her publishers have made it known she is the descendant of sir Walter Scott."

Matthee beskryf haarself as 'n "briljante pianis", maar skryf hierdie talent toe aan haar vermoë "om te mimiek" (Nieman, 2002:8).

Volgens Van Coller (2018:6) posisioneer openbare intellektuele "hulleself binne die kulturele en groter sosio-politieke terrein en dikwels binne 'n herkenbare diskoers". Dat Matthee, soos hierbo genoem, skynbaar wegskram van 'n intellektuele posisionering, blyk ook uit haar ontkenning van 'n literêre posisionering: "Een ding wat sy egter nie kan verstaan nie is dat die 'geleerde mense' sê sy skryf literêr. 'Ek voel nog altyd ek skryf *common* […]'" (Prinsloo, 1984b:s.bl. [oorspronklike kursivering]).

Matthee noem aan De Villiers (1986:20, 23) dat godsdiens vir haar 'n persoonlike saak is, maar gee wel te kenne dat sy nie kerk toe gaan nie. Volgens Matthee self is daar net een wet – 'n "God-Wet: Wet met 'n groot W" (De Villiers, 1986:19). Voorts vertel Matthee aan De Villiers (1986:20 [oorspronklike kursivering]) dat sy "sommer 'n eenvoudige godsdiens moet hê": "*I love my 'Bosgodsdiens'. It works*. Man, ek verstaan nie eens ons katkisasieboek nie. Dis moeilik. En ek bedoel dit. Hulle maak dit te moeilik. Ek is te 'toe' om dit te verstaan." Die noue assosiasie tussen *die Bos* en Matthee se godsdiensbelewing word versterk deur haar gebruik van hoofletters in die woorde 'God-Wet' en 'Bosgodsdiens', asook die samestelling Bos+godsdiens. Alhoewel die titel van die roman as KRINGE IN 'N BOS op die voorblad van die boek verskyn (dus alles in hoofletters), word Matthee 'se bos' ook in talle onderhoude, resensies en artikels met 'n hoofletter aangedui (vergelyk Jooste 1998:675; Jooste & Senekal, 2016:774–775; Müller, 1984:33; I. van Zyl, 1984a:16).

Matthee se skeptisisme met betrekking tot Christenskap kom ook na vore in 'n onderhoud met Smith (2003:s.bl.): "'As jy 'n Christen sien, kom wys hom vir my. Ek het nog nie een

gesien nie. Maar oor fairies het ek nie twyfel nie.'" Smith noem dat hierdie opmerking van Matthee ook weerklank vind in *Toorbos* (2003) "deurdat die dominee daarin seker die karakter is wat die negatiefste uitgebeeld word". Oor hierdie "kwasterigheid" van Matthee brei Smith (2003:s.bl.) soos volg uit:

> Haar kwasterigheid hieroor het onder meer te make met wat sy as weerstand teen haar woudmistiek aanvoel, kom jy agter. Want terwyl sy praat oor haar skatpligtigheid teenoor die Bos, dat sy dit as haar plig sien om die mistiek van die Bos uit te lig, bars sy skielik uit: 'Die skade wat teoloë aanrig, is godskreiend!'

Uit haar optrede en die staaltjies wat oor haar vertel word, kan afgelei word dat Matthee 'n baie eksentrieke mens was. Katinka Heyns (Roux, 2014:13) beskryf Matthee as "'n storiemens wat in feë geglo en met die 'Bos' gepraat het".[85] Hieroor het haar dogters haar na bewering dikwels betig: "Ag ma, people will say you're mad" (Van Schalkwyk, 1984:16). Sy het na bewering ook met die see gepraat (Rautenbach, 2014a:24). Fryer (2005:s.bl.) vertel die volgende staaltjie:

> So het Danie van Niekerk (voormalige hoofbestuurder van Tafelberg) na Hartenbos gegaan om Dalene te besoek en hulle het eers 'n draai by die see gemaak. Toe sê sy vir hom: 'Vandag is dit springgety, die see se verjaarsdag.' Hy het toe maar skamerig gesê: 'Geluk, see!' (Fryer, 2005:s.bl.).

Riana Barnard, redakteur van Matthee se laaste Bosboek, *Toorbos* (2003), vertel dat die skrywer haar boeke op maat van musiek geskryf het (Louw, 2005:19; vergelyk ook Fryer, 2005:s.bl.). Volgens Smith (2003:s.bl.) was dit "[l]etterlik 'n musiekstuk waarna sy geluister het gedurende die skryf van 'n betrokke boek. En telkens het sy agtergekom dat dit 'n Rossini-wysie is. Sy het gaan nalees en agtergekom dat Rossini lief was daarvoor om in die woud te gaan stap."

'n Ander interessantheid wat in meer as een onderhoud met Matthee na vore gekom het, is die verwysing daarna dat sy soms mense se palms gelees het (Green, 2009:s.bl.; Smith, 2003:s.bl.).

Matthee en haar jongste dogter, Hilary, se groot liefde vir teddiebere was alombekend. Katinka Heyns (Louw, 2005:19) onthou "die boel teddiebere" wat haar met haar eerste besoek aan Matthee ingewag het:

> Dit was uit Dalene se dogter Hillary [sic] se versameling, en Dalene het dit as voorwaarde vir die verfilming van Fiela se kind in die kontrak laat skryf dat Katinka vir Hillary [sic] 'n spesiale teddiebeer moet gee. Daarna het 'n ander rolprentvervaardiger Dalene meer geld aangebied, plus 'n teddiebeer uit Disneyland. 'Hoe kompeteer 'n mens nou met 'n beer wat met 'n straler ingevlieg word' sê-vra Katinka. Gelukkig het Dalene besluit sy wil hê 'n vrou moet die rolprent maak en Katinka het die ooreenkoms met 'n 'dierbare, handgemaakte beertjie' beklink.

[85] Kyk ook "Is daar feëtjies in die Knysna Bos?" (SAUK, 2011).

Sommige van dié teddiebere het, volgens Amanda Botha (Van der Merwe, 2018:43), benydenswaardige "pedigrees" gehad. "Elke dag is hulle aangetrek vir watter geleentheid ook al. Die laaste keer dat ek haar [Matthee] gesien het, het sy gekla die een teddie vloek so, sy was genoodsaak om 'n Kinderbybel te koop wat sy langs hom staangemaak het."

Ten opsigte van die kwessie van sensuur, sê Matthee (Zietsman, 1985:65) dat, alhoewel haar karakters nie te preuts is om in bepaalde omstandighede te vloek nie, sy tog meen dat 'n mate van sensuur nodig is omdat 'n mens tog nie "vieslikhede op straathoeke" verkoop nie.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit duidelik dat daar in Matthee se selfvoorstelling byna geen verwysings na die literêre aspekte van haar skrywerskap en die intrinsieke eienskappe (soos die stilistiese en komposisionele, linguistiese eienskappe) van haar werk is nie. Vanuit 'n suiwer institusionele beskouing is die inhoud van die teks, soos reeds genoem (kyk 4.2.3.1) nie die belangrikste element nie. Aangesien Matthee in haar selfvoorstelling baie min na die intrinsieke eienskappe van haar werk verwys, kan De Geest (2013:54) se stelling dat (literêre) identiteit grotendeels saamval met die skrywersbeeld wat uit die skrywer se werk na vore tree, dus bydra tot die rekonstruksie van Matthee se etos. Die volgende deel van die besperking geskied derhalwe binne die rekonstruktiewe kant van Van Rees en Dorleijn se benadering (kyk 3.4.1) en maak, op grond van die verband tussen die skrywer en haar werk (vergelyk die *Romantiek* in 2.1) van 'n skrywersgerigte benadering gebruik.

5.3.1.4 Rekonstruksie van etos op grond van die teks

Die verhaal, wat hom in 1889 binne vyf dae in die Knysnabos afspeel, wentel om Saul Barnard, 'n houtkapper met 'n rustelose siel, wat, nadat hy besluit het om die Knysnabos vir goed te verlaat, vir oulaas terugkeer om Oupoot, die grootste en mees gevreesde olifant in die bos, te jag. Oupoot was na bewering verantwoordelik vir die dood van sy broerskind. Saul se terugkeer na die bos is letterlik 'n keerpunt: "en dit voel vir hom hy loop agteruit in homself in" (Matthee, 1984:3). Die verhaal dek egter meer as vyf dae. Deur 'n reeks terugflitse herleef Saul sy armoedige jeug as boskapperskind en die swaarkrybestaan wat die houtkappers onder die houtkopers gely het totdat hy uiteindelik, as taamlik welgestelde, maar verbitterde persoon, op die punt staan om die wêreld van sy jeug en ook vir Kate, die meisie wat hy liefhet, te verlaat. In die woorde van Brink (1984:31) word "die soek na die olifant ook al meer 'n soek na die self, na daardie her-kennis waarsonder die sirkel van mens-wees nooit voltooi kan word nie".

Alhoewel daar heelwat kritiek teen die karakterbeelding in *Kringe in 'n Bos* uitgespreek is (kyk 5.3.3), dien Saul tog as spreekbuis vir 'n bepaalde opvatting (Grobler, 1988a:6). Aan die een kant is Saul 'n leiersfiguur, "koning van die bos", wat in sy soeke na vrede en geluk bots teen "rykdom, onkunde en vooroordele" (Anker, 1989:98). Aan die ander kant is hy, as 'n gevolg van die wegbreek uit die bestaande ruimte, 'n buitestanderfiguur. Elsa Joubert (1984:12) beskryf die karakter Saul as "'n sonderlinge figuur in die bos. Hy is 'n soeker na waarheid".

As 'verteller van die waarheid' tree Matthee in *Kringe in 'n Bos*, soos Saul, dus as spreekbuis vir die onderdruktes op. In 'n tydskrifonderhoud met Petra Müller (1984:33) vertel Matthee dat die bosmense se "armoedbestaan" die impuls vir die skryf van die boek was:

> Want baie van hulle was aan houthandelaars verpand in 'n soort onbeskrewe feodale bestaan. Dit het daarop neergekom dat hulle die Bos moes uitroei om hul skuld by die handelaars afgewerk te kry en om aan die lewe te bly. Sy wou die waarheid vertel, […]. Want daar het 'n dag gekom dat een van hulle [die bosmense] vir haar gesê het: 'Sal iemand dan uiteindelik voor die Here ons storie vertel?' Dalene het haar boek voor die Here geskryf.

Volgens Matthee (Prinsloo, 1984a:1) is daar al baie in Engels oor Knysna geskryf, "maar skaars 'n woord uit die Afrikaner se gesigspunt".

Die oordra van sogenaamde 'waarhede' en die beïnvloeding van lesers se oortuigings deur middel van fiksie, word as een van die sentrale funksies van literêre praktyk erken (Mikkonen, 2009:19). Volgens Matthee (Knox, 1984:71) is 'n skrywer "obliged to pass on her special awareness."

In die bespreking in 4.2.3.1 het dit aan die lig gekom dat die oortuigings en houdings wat in narratiewe fiksie uitgedruk word, aan Booth se konsep van die implisiete outeur toegeskryf word. Aangesien literatuur 'n vorm van kuns is, hoef die werklike outeur nie dieselfde oortuigings te huldig as dít wat in die fiksionele werk aan bod kom nie. In *Kringe in 'n Bos* is dit egter wel die geval. In hierdie roman is daar 'n eksterne verteller in die karakter van Saul aan die woord. Deurdat hierdie verteller hoofsaaklik, vanuit 'n agternaperspektief, personaal fokaliseer, word die meeste waarnemings van ander karakters, die gebeure en ruimte deur sy visie bepaal en word hierdie fokuspunt, volgens Anker (1989:98), redelik konsekwent volgehou. Agtergrondsinligting word deur 'n alomteenwoordige verteller "wat die verhaal na willekeur betree en verlaat" en wat as "'n brug tussen die oorgang van hede na verlede" optree, verskaf (Grobler, 1988b:4). Aangesien die verteller/hoofkarakter hom, sóós Matthee, nadruklik as 'n soeker na die waarheid, maar ook as 'n buitestander manifesteer, betree die werklike outeur se perspektief die teks deurdat die skrywer self as 'n

transwêreld-identiteit tussen die werklike en die fiksionele wêreld optree (Hooti & Omrani, 2011:818).[86] Die implisiete outeur in *Kringe in 'n Bos*, wat beskryf kan word as "a narrative strategy, for instance, in illustrating a certain kind of way to see the world" (Mikkonen, 2009:28), asook die karakter-verteller, naamlik Saul, wat op grond van sy verbondenheid aan die Bos 'n pligsbesef teenoor die Bos openbaar, resoneer dus met die beeld van Matthee.

Alhoewel die afleiding gemaak word dat Matthee se (literêre) identiteit grotendeels saamval met die skrywersbeeld wat uit die skrywer se werk na vore tree (vergelyk ook De Geest, 2013:54), is dit belangrik om te onthou dat wanneer die leser vir die eerste keer met die boek in aanraking kom, hy/sy nouliks kan ontkom aan kommentaar oor die boek (Van Rees en Dorleijn, 1993:17). Die reeds genoemde voorbeelde van sodanige kommentaar sluit in beïnvloeding van die resepsie deur die uitgewery; resensies; artikels in literêre en vakwetenskaplike tydskrifte; literatuurgeskiedenisse; die verslae van keurders vir literêre pryse; vertalings; en ander vorme van herskrywing (kyk 4.2.4.1). Binne die institusionele kader van Van Rees en Dorleijn se model word daar vervolgens ondersoek ingestel na die wyse waarop die genoemde rolspelers bygedra het tot die beeldvormig van Matthee en haar roman *Kringe in 'n Bos.*

5.3.2 Die uitgewery: Tafelberg

5.3.2.1 Titelseleksie en die kulturele bruidskat van die uitgewery

Alhoewel keurdersverslae gewoonlik konfidensieel is, is daar in 'n berig in *Die Volksblad* (1984:s.bl.) genoem dat *Kringe in 'n Bos* uiters positief deur die keurders ontvang is. Tog sou sekere aspekte moontlik ook 'n rol speel in die titelseleksie en in Tafelberg Uitgewers se beslissing dat Matthee, in die woorde van De Glas (1992:293) "deurgelaat" sou word om 'n oeuvre op te bou. Hierdie aspekte sluit in die feit dat Matthee reeds 'n gepubliseerde skrywer was van wie twee romans (*'n Huis vir Nadia* in 1982 en *Petronella van Aarde, burgemeester* in 1983) voorheen deur Tafelberg Uitgewers gepubliseer is, die positiewe ontvangs van vroeëre publikasies,[87] asook die tematiese aansluiting van *Kringe in 'n Bos* by ideologiese kwessies van die tagtigerjare. Die feit dat Tafelberg Uitgewers 'n gerekende

[86] In 'n bespreking van die ruimtelike aspekte in *Kringe in 'n Bos* skryf Anker (1989:99) dat "'n [s]temming van verwondering, majesteit en naïewe bygeloof […] die sleur van bestaan [versag]" – iets wat ook in Matthee se naïewe geloof (in bv. feëtjies) sigbaar is.

[87] Vir positiewe waardeoordele oor *Die Judasbok* kyk Aucamp (1982:9), Botha (1982:35), Galloway (1985:213), Hambidge (1983:5); met betrekking tot *Petronella van Aarde, burgemeester*, kyk I. van Zyl (1984b:16).

uitgewery is, het uiteraard ’n invloed op die beeldvorming van sowel die literêre werk as die skrywer gehad.

5.3.2.2 Teksversorging

Charles Fryer, fiksieredakteur van *Kringe in ’n Bos* (ook redakteur van *Fiela se kind*, 1985; *Moerbeibos*, 1987; *Brug van die esels*, 1992; *Susters van Eva*, 1995 en *Pieternella van die Kaap*, 2000), vertel dat hy en Matthee dikwels koppe gestamp het (Fryer, 2005:s.bl.) en dat sy nie altyd geneë was om sy raad te aanvaar nie.[88] Ook Botes (Roux, 2014:13) wys daarop dat, alhoewel sy nooit ervaar het dat Matthee haarself as verhewe bo kritiek beskou het nie, Matthee nie daarvan gehou het as haar werk bevraagteken is nie: “Wat haar wel die bliksem in gemaak het, was as keurders haar navorsing afskiet of bevraagteken.”

Die stofomslag van *Kringe in ’n Bos* is deur Helmut Starcke (1935–2017) ontwerp. Starcke, ’n kunstenaar wie se werk in feitlik elke openbare kunsversameling in Suid-Afrika en in baie korporatiewe versamelings regoor die wêreld besigtig kan word, word as ’n pionier in die gebruik van kuns as ’n medium vir sosiale en politieke kritiek beskou (Proud, 2017:s.bl.). Sy werk reflekteer invloede van popkuns en fotorealisme. Die helder kleure en realistiese beelde wat Starcke in sy voorbladontwerp gebruik het, kan, volgens Street (1990:137), as tekens van toeganklikheid beskou word en as ’n aanduiding daarvan dat die algemene publiek, eerder as ’n geselekteerde groepie lesers, die teikenmark was.

Op die flapteks van die boek word Matthee soos volg aangehaal:

> Ek woon naby die Bos. Jy ry kilometers ver deur plase, denneplantasies en kreupelhout en jy vra jou af: Wat het van die oerbos geword wat hier gestaan het? In 1886 was daar tussen vier- en vyfhonderd olifante in die bos – die mooistes in die wêreld. In 1972 was daar twaalf oor. Waar is hulle heen? Wie het die uitroeiwerk gedoen, en waarom? Ek het Kringe geskryf om die waarheid daaroor te probeer vertel.

Deurdat die selfvoorstelling van Matthee as ‘verteller van waarheid’ (kyk 5.2.1.2) op hierdie manier ook deur die uitgewery bemark word, word dit vanuit die staanspoor deel van die skrywer se beeldvorming.

Jooste (1998:678) wys op die feit dat die groei in Dalene Matthee se statuur as Afrikaanse skrywer van die stofomslae van *Kringe in ’n Bos* (1984) en *Susters van Eva* (1995) afgelees kan word: “Op eersgenoemde verskyn die titel van die roman groter en duideliker as die

[88] Volgens Fryer (2005:s.bl.) het Matthee sy voorstelle met betrekking tot die tydshantering in *Fiela se kind* van die hand gewys omdat die temamusiek waarop Matthee die roman geskryf het, “iets van Rossini”, nie sou pas by haar teks indien sy dit sou aanpas nie. Ook met *Brug van die esels* het Fryer en Matthee “klippe gekou”: “Ek het later gehensop en gesê dit moet nou maar eenmaal ’n boek met ’n ‘flaw’ wees.”

outeur se naam. Die stofomslag van *Susters van Eva* (1995) spel die skrywer se naam met letters wat drie maal groter is as die titel van die roman. Die skrywer se naam beloof kennelik meer as die titel."

5.3.2.3 Die optimale ontginning van Matthee se oeuvre

Tafelberg Uitgewers se rol in die optimale ontginning van Matthee se oeuvre blyk duidelik uit die feit dat daar nog drie Bosboeke, *Fiela se kind* (1985), *Moerbeibos* (1987) en *Toorbos* (2003), en drie romans, *Brug van die esels* (1992), *Susters van Eva* (1995) en *Pieternella van die Kaap* (2000), deur hierdie uitgewery gepubliseer is.[89]

As 'n gevolg van die talle vertalings van *Kringe in 'n Bos* (kyk 5.3.7) is aanvullende (oorsese) markte betrek. André P. Brink, wat die manuskrip van *Kringe in 'n Bos* reeds twee jaar vóór die publikasie daarvan onder oë gehad het (Brink, 1984:31), het na bewering 'n groot rol in die bekendstelling van die boek aan oorsese uitgewerye gespeel. In 'n onderhoud met Petra Müller (1984:33) noem Matthee dat Brink "gaande oor die boek" was. Op Matthee se vraag aan Brink oor wat sy met die Engelse vertaling van die teks moet doen, was Brink se reaksie dat hy, volgens Matthee, "'[u]it die goedheid van sy hart […]'" vir sy persoonlike agent, Dinah Wiener, "'[…] by 'n groot ou Engelse letterkunde agentskap …'" geskryf het: "Daar's toorgoed in die manuskrip van jou, het Dinah Wiener kort daarna laat weet." Volgens Matthee het dit toe "ook 'n pad oop na die uitsoekerigste uitgewerye van Europa" geloop: "Redakteurs lees dit oornag. Dinah Wiener stuur teleksboodskappe met aanbiedinge." Vóórdat die manuskrip in Afrikaans verskyn het, is die vertaalregte, soos in 5.1 genoem, reeds aan 'n hele paar lande verkoop.

Benewens vertaalregte is die mark aangevul deur neweregte soos filmregte vir die verfilming van *Circles in a Forest* (kyk 5.3.8). Die plaaslike mark is uitgebrei deur opvoeringsregte (kyk 5.3.8), asook die goedkoper herdruk van die werk in sagtebandformaat in 1985 – ook deur Tafelberg Uitgewers (*Beeld*, 1985:8). In hierdie uitgawe, wat veral op die gebruik in skole gerig was, is min veranderinge aangebring en dieselfde voorblad is behou (Van der Westhuizen, 2004:152).

5.3.2.4 Beïnvloeding van die resepsie

In die beïnvloeding van die resepsie van *Kringe in 'n Bos* is van verskeie strategieë gebruik gemaak. Een hiervan was die maksimale gebruikmaking van werwingstekste, byvoorbeeld advertensies en artikels in tydskrifte soos *Fairlady* en *Sarie Marais* (kyk tabel 5.1 vir besonderhede van hierdie artikels en ook van ander resepsieprodukte wat in die jaar van

[89] Matthee se laaste roman, *Die uitgespoeldes*, is in 2005 deur Penguin uitgegee.

publikasie verskyn het). Voorts is *Kringe in 'n Bos* as verkorte vervolgverhaal in *Fairlady* gepubliseer (Heyns, 1995:117).

In Februarie 1984, drie maande vóór die publikasie van die boek, word daar in 'n redaksionele artikel in *Die Volksblad* onder die opskrif "Knysna-roman vol treffer-belofte" na die teks verwys en word daar melding gemaak van die oorsese vertalings daarvan:

> 'n Internasionale blitsverkoper! Dit gaan klassiek word in Afrikaans! Dié lofuiting word 'n nuwe opspraakwekkende Afrikaanse roman toegeswaai. En dit het nog nie eens verskyn nie. […]. By internasionale uitgewers is groot opgewondenheid oor die manuskrip. Op die boekefees in Frankfurt het dit soos soetkoek verkoop. […]. Nóg sewe ander lande het die boek gekoop […] (*Die Volksblad*, 1984:s.bl.).

Oor die bekendstelling van *Kringe in 'n Bos* is daar feitlik geen inligting beskikbaar nie en navrae aan Tafelberg Uitgewers het min opgelewer. In 'n skrywe aan Matthee se dogter Hilary, noem Annari van der Merwe (Matthee, 2018:s.bl.) dat sy dit betwyfel of daar ooit 'n bekendstelling was:

> Jou ma was toe nog nie juis bekend as skrywer nie, en nie alle boeke is (of word steeds) nie [sic] amptelik bekendgestel nie. Ek weet die verskyning van Kringe het groot persdekking geniet vanweë die baie vertaalregte wat toe reeds verkoop was. Danie van Niekerk het spesiaal die boek teruggehou totdat ons met die oorsese regteverkope kon spog. Met ander woorde, die nuuswaarde en reklame rondom die boek was so groot dat daar moontlik gedink is 'n bekendstelling is onnodig.

Op 9 Mei 1984 verskyn 'n volbladboekaankondiging onder die opskrif "Dalene Matthee se nuwe boek sal u end-uit boei" in die tydskrif *Sarie Marais*:

> 'n Jaar gelede was Dalene Matthee as skryfster vrywel onbekend. Vanjaar word haar boek *Kringe in 'n bos* in agt tale (benewens Afrikaans) uitgegee: Engels (aparte uitgawes in Amerika en Brittanje), Duits, Nederlands, Sweeds, Frans, Italiaans, Portugees, Hebreeus. Waarom het hierdie sukses 'n Afrikaanse skryfster uit Hartenbos te beurt geval? Ons kan aan net een antwoord dink: dat sy 'n *uitnemend leesbare* verhaal geskryf het.
>
> Die Knysna-bos *leef* in hierdie boek; die olifante *leef*; die leser *hoor* die loerie huil; die leser *glo* in die houtkappers en die seun Saul Barnard.
>
> Die Bos, die agtervolging van 'n olifant, 'n man in stryd met homself en sy medemens, die meisie wat hy nie durf liefhê nie – dit is die hoofelemente van hierdie merkwaardige roman.
>
> Dalene Matthee vertel 'n grootse verhaal: van miskende mense wat hul lewe moes verpand om te kan voortbestaan; van uitbuiters wat 'n erfenis – ook *ons* erfenis – vernietig (*Sarie Marais*, 1984:33 [oorspronklike kursivering]).

Naas die boekaankondiging verskyn 'n afbeelding van die voorblad van die roman, die naam van die uitgewer in 'n groot lettertipe, asook 'n bestelvorm vir die boek. In dieselfde uitgawe van *Sarie Marais* verskyn daar, vóór die boekaandiging, 'n onderhoud wat Petra Müller met Matthee gevoer het. Die opskrif van die onderhoud is "Dalene Matthee: haar boek veroorsaak in baie tale 'n opskudding". Die onderhoud word vergesel deur drie foto's van

Matthee, waarvan twee in die Knysnabos geneem is. Ook in verskeie ander artikels (en veral in die opskrifte van artikels) is die sentiment wat die bewaring van olifante en die bos by mense wek as reklame gebruik en dien verwysings na die misterie van die bos (én die skrywer) as middele om lesers se nuuskierigheid te prikkel. Voorbeelde hiervan is opskifte soos "The Knysna elephant mystery explained" (Smith, 1984:6) en "She talks to the forest" (Van Schalkwyk, 1984:16). As 'n vorm van niebetaalde, verbruikergerigte publisiteit het 'n groot aantal resensies in al die belangrikste koerante verskyn (kyk Tabel 5.1). Voorts was daar ook talle radio- en televisieonderhoude met die skrywer (Heyns, 1995:117; SAUK, 2011; Van der Westhuizen, 2004:150).

Van verdere belang vir hierdie deel van die bespreking is die feit dat daar, soos telkens reeds genoem, in die institusionele benadering van die standpunt uitgegaan word dat die spesifieke waarde wat aan literatuur en kuns toegeken word, die resultaat is van die interaksie tussen rolspelers in die veld. Daarom sal daar ook ondersoek ingestel word na die wisselwerking tussen rolspelers wat in die eerste jaar na publikasie betrokke was by die resepsie van *Kringe in 'n Bos*.

Tabel 5.1: *Kringe in 'n Bos*: wisselwerking tussen Tafelberg en ander rolspelers

	Datum[90]	**Media-produk**	**Koerant- of artikelopskrif**	**Resensent/ artikel-skrywer**	**Tipe**	**Media-maat-skappy[91]**	**Wisselwerking: resensent/ artikelskrywer**
1	13.02.84	*Die Volksblad*	Knysna-roman vol treffer-belofte	Redaksio-neel *Die Volksblad* (1984:s.bl.)	Resensie	Naspers	Geen
2	17.04.84	*The Star*	Unknown author an instant success	Le Grange, Carina (1984:6)	Resensie (Engelse vertaling)	Onafhanklik	Geen
3	09.05.84	*Sarie Marais*	Dalene Matthee: haar boek veroorsaak in baie tale 'n opskudding	Müller, Petra (1984:30–33)	Onderhoud	Naspers	Müller was vir drie jaar joernalis by *Die Burger*, 'n Naspers-koerant, vir 10 jaar verhaleredakteur. Van 1980 tot 1989 was sy redakteur by Tafelberg. Die meeste van haar boeke is deur Tafelberg gepubliseer (Breuer, s.j.-c: s.bl.).
4	27.05.84	*Rapport*	'Kringe in 'n bos': ryk en nuwe bydrae	Brink, André P. (1984:31)	Resensie	In 1984 het Naspers 50% aandele in *Rapport* gehad	Van Brink se boeke (of herdrukke) is rondom dieselfde tyd as *Kringe in 'n Bos* deur Tafelberg uitgegee: *Eindelose weë* (1960; 1983); *Bagasie: triptiek vir die toneel* (1965; 1985); *Die hamer van die hekse: 'n drama in ses episodes gebaseer op Die heks van C. Louis Leipoldt* (1976; 1983).

[90] In chronologiese volgorde

[91] Kyk 4.2.4.1i. Ander bronne: *fundinguniverse* (s.j.:s.bl.); Caxton en CTP (2015:s.bl.); *Independent* (s.j.:s.bl.); Media24 (2019:s.bl.); Media24 (s.j.:s.bl.); *South African History Online* (s.j.:s.bl.).

	Datum	Media-produk	Koerant- of artikelopskrif	Resensent/ artikel-skrywer	Tipe	Media-maat-skappy	Wisselwerking: resensent/ artikelskrywer
5	28.05.84	*Boeke-Beeld*	Verhaal bly lank sing in die geheue	Cilliers, Cecile (1984b:10)	Resensie	Naspers	Rubriekskrywer vir *Beeld* en *Sarie* (Naspers-produkte) (*Maroela Media*, 2018:s.bl.)
6	02.06.84	*Die Volksblad*	Grootse werk oor mens en natuur is …	Van Zyl, Anna (1984:4)	Resensie	Naspers	Van Zyl was vir meer as dertig jaar werksaam by (*Die*) *Volksblad* (Naspers-produk) (*mediamense.co.za,* s.j.:s.bl.).
7	02.06.84	*Die Volksblad*	… romantiek wat noop tot deurnaglees	Hattingh, Marion (1984:4)	Resensie	Naspers	Geen[92]
8	07.06.84	*Die Burger*	Een van ons genietlikste boeke	Smuts, J.P. (1984:16)	Resensie	Naspers	Smuts, 'n dosent aan die US, se boeke word deur Tafelberg en Human & Rousseau gepubliseer (kyk Bronnelys).
9	18.06.84	*The Star*	Speaking beyond Robben Island	Kromhout, Jan (1984:8)	Boek-aankon-diging	Onafhanklik	Geen
10	29.06.84	*Die Suid-wester*[93]	Kringe rekonstrueer-baar	Van Zyl, Ia (1984a:16)	Resensie	Onafhanklik	Geen[94]
11	02.07.84	*Die Vaderland*	Lees stadig sodat dié storie nie ophou nie!	Joubert, Elsa (1984:12)	Resensie	Perskor-koerant (kyk Hachten & Giffard, 1984:189)	Vroueredaktrise van *Huisgenoot*; haar eie boeke word deur Tafelberg gepubliseer (kyk Bronnelys).
12	25.07.84	*Fairlady*	The making of a novelist: Dalene Matthee	Knox, Cathy (1984:71)	Onderhoud	Naspers	Fotograaf en mode-illustreerder by *Fairlady* (Naspers-tydskrif) (Interchange threads connect, s.j.:s.bl.).
13	26.07.84	*Beeld*	Die gróót roman uit die stilte?	LIBertyn (1984:2)	Resensie	Naspers	Geen[95]
14	01.08.84	*The Cape Times*	Knysna woodcutters a century ago	Rabie, Jan (1984:8)	Resensie	Indepen-dent Media	Werke wat, soos Matthee se teks in die vroeë tagtigerjare deur Tafelberg gepubliseer is, is *Johanna se storie* (1981), *'n Boek vir Onrus* (1982) en *En oseaan* (1985).
15	12.08.84	*Sunday Express*	A major book: rich and compelling	Hobbs, Jenny (1984:15)	Resensie (Engelse vertaling)	Naspers	Geen[96]
16	14.09.84	*The Star*	An honest woman tracking down the truth	Sboros, Marika (1984:5)	Resensie	Onafhanklik	Geen[97]

[92] Onafhanklik; Hattingh was dosent in die Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Wes-Kaapland (Universiteit van die Wes-Kaap, s.j.:s.bl.).

[93] *Die Suidwester* se ontstaan word teruggevoer na 1945 toe die Nasionale Party, nadat hy tydens die verkiesing van 1940 deur die VNSWP (Die Verenigde Nasionale Suidwes Party) verslaan is, die behoefte aan 'n eie mondstuk vir Suidwes se Wetgewende Vergadering gevoel het (Krige, 1988:34).

[94] Onafhanklik; Ia van Zyl was 'n literator van Windhoek (Botma, 2018:105).

[95] Onafhanklik; LIBertyn (Gerrit Olivier) was 'n literator verbonde aan die Universiteit van die Witwatersrand en redakteur van *Stet* (Kannemeyer, 1983:243).

[96] Onafhanklik; Hobbs was 'n vryskutjoernalis (*jennyhobbs.co.za*, s.j.:s.bl.).

[97] Onafhanklik; Sboros was joernalis en later subredakteur by die *Rand Daily*, gesondheids- en leefstylredakteur by *The Star* en gesondheidsnuusredakteur by *Business Day* (Biznews, s.j.:s.bl.).

	Datum	Media-produk	Koerant- of artikelopskrif	Resensent/ artikel-skrywer	Tipe	Media-maat-skappy	Wisselwerking: resensent/ artikelskrywer
17	14.09.84	*The Citizen*	She talks to the forest	Van Schalkwyk, Angela (1984:16)	Onderhoud	Caxton (Caxton & CTP, 2015:s.bl.)	Geen[98]
18	27.09.84	*Rapport*	Sukses met ’n appelboks …	Prinsloo, Koos 1984b:s.bl.)	Onderhoud	In 1984 besit Naspers 50% aandele in *Rapport*	Joernalis by *Beeld* van 1983–1994 (Scheepers, 1997:329) Publiseer *Jonkmanskas* in 1982 by Tafelberg.
19	27.09. 84	*Die Burger*	Ná ‘Kringe’ wil Dalene Matthee in stilte verder	Rautenbach, Elmari (1984:20)	Onderhoud	Naspers	Verslaggewer by *Beeld* (Rautenbach, 2019)
20	27.09.84	*Rapport*	Geen	Onbekend (1984); getikte weergawe verkry van die webblad *dalene-matthee.co.za*	Onderhoud	In 1984 besit Naspers 50% aandele in *Rapport*	Geen
21	17.10.84	*Afrikaner*	Kringe in die [sic] Bos is ’n verheffende ervaring	J.A.M. (1984:11)	Resensie	Onafhanklik [99]	Geen
22	22.10.84	*Oosterlig*	Treffer ook in Engels	Cilliers, Cecile (1984a:6)	Resensie (Engelse vertaling)	Onafhanklik totdat dit in 1993 by *Die Burger* ingelyf is	Rubriekskrywer vir *Beeld* en *Sarie* (Naspers-produkte) (*Maroela Media*, 2018:s.bl.)
23	24.10.84	*Die Kerkbode*	Verhaal aangrypend	Redaksioneel *Die Kerkbode* (1984:11)	Resensie	Onafhanklik	Geen
24	01.11.84	*The Star*	Beauty – and stupidity	RNR (1984:12)	Kort resensie (Engelse vertaling)	Onafhanklik	Geen
25	04.11.84	*Sunday Times*	Moving historical novel set in SA	Ingle, Pauline (1984:12)	Resensie (Engelse vertaling)	Onafhanklik	Geen
26	10.12.84	*The Citizen*	The Knysna elephant mystery explained	Smith, Cyrus (1984:6)	Resensie	Caxton (Caxton & CTP, 2015:s.bl.)	Geen
27	31.03.85	*Die Hervormer*	Geloofwaardige roman ’n internasionale treffer	Redaksioneel *Die Hervormer* (1985:3)	Resensie	Onafhanklik	Geen

In die ondersoek na die media-aanbiedings waarin resensies oor *Kringe in ’n Bos*, asook artikels oor en onderhoude met die skrywer verskyn het, het dit aan die lig gekom dat 13 van die 27 resensies en artikels wat bekom kon word, in Naspers-produkte gepubliseer is en dat daar soms – alhoewel die navorser geensins te kenne wil gee dat dit die objektiwiteit van die resensent of artikelskrywer beïnvloed het nie – sprake was van ’n wisselwerking

[98] Onafhanklik; Van Schalkwyk was die stigter van *Screen Africa* (*Screen Africa*, 2018:s.bl.).
[99] Hierdie koerant is die mondstuk van ’n wegbreek-party, die Herstigte Nasionale Party, wat steeds bestaan, maar nie meer aan verkiesings deelneem nie (*Press-Reader*, 2017:s.bl.).

tussen rolspelers. Koerantberigte en artikels waarin daar reeds vóór die publikasie van die boek na die uitgebreide vertaalregte verwys is en/of waarin daar spesifiek op die bewaringsaspek van die boek gefokus is, dui egter wel op tekens van 'orkestrasie' in die bemarkinsproses. Alhoewel dit 'n oorvereenvoudiging is, kan die wisselwerking tussen rolspelers binne die Naspers-groep wat verantwoordelik was vir die aanvanklike resepsie van die boek, skematies soos volg voorgestel word:

Figuur 5.1: *Kringe in 'n Bos*: wisselwerking tussen Tafelberg en ander rolspelers binne die Naspers-groep[100]

[100] Slegs rolspelers wat een of ander vorm van (permanente) verbintenis met Naspers gehad het (in diens van 'n Naspers-produk was of wat by 'n drukkersnaam van Naspers gepubliseer het), word aangetoon.

5.3.3 Resensies[101]

Posisionering is nooit honderd persent objektief nie. Tog sal daar gepoog word om, met inagneming van die joernalis of resensent se eie literêre posisionering (soos dit uit die tipe argumentasie herkenbaar word), 'n oorkoepelende of veralgemeende (skrywers)beeld van Matthee te rekonstrueer.

- Brink, André P. 1984. 'Kringe in 'n bos': ryk en nuwe bydrae. *Rapport*, 27 Mei: 31

Sedert die sewentigerjare lewer André P. Brink, aldus Kannemeyer (1983:260), "van die insiggewendste kritiek", "al lei sy toegeeflike houding teenoor betrokke of eksperimentele werk soms daartoe dat hy aksente eensydig lê of tot 'n aanvegbare waarde-oordeel kom". Brink se loopbaan as kritikus was inderdaad polemies van aard. Terblanche (2015b:s.bl.) wys op kritiek (in 'n uitgawe van *Stet*, 1988)[102] teen Brink se werk as resensent in *Rapport*, naamlik dat "hy nie links genoeg sou wees nie en dat hy wins sou trek uit die stelsel wat hy so veroordeel het".[103] Tog word Brink se kritiese stukke gekenmerk deur "die raak formulerings, kriptiese stelwyse, verrassende verbandleggings met ander skrywers, vermoë om binne 'n kort bestek tot die essensie van 'n werk deur te dring en meestal trefseker oordeel" (Kannemeyer, 1983:260).

Soos vroeër genoem, het Brink die manuskrip van *Kringe in 'n Bos* reeds twee jaar vóór die publikasie daarvan onder oë gehad en "dadelik orent gesit met daardie gevoel van ontdekking wat mens kry as jy weet: hier *gebeur* iets in Afrikaans" (Brink, 1984:31 [oorspronklike kursivering]). Brink noem dat sy eerste indruk van die boek inderdaad met die publikasie daarvan bevestig is. In sy resensie maak Brink van vernuwings-, realistiese en strukturele argumente gebruik. Met betrekking tot die vernuwings- en mimetiese aspek skryf Brink dat Matthee se roman nie vernuwend in die sin van "'n nuwe groeipunt"[104] is nie, maar dat daar eerder 'n leemte in die prosa aangespreek is, naamlik die verband tussen die verhouding tussen mens en natuur, enersyds, en die literêre teks, andersyds: "Hoe vreemd dat Afrikaanse skrywers, vanuit 'n kultuur wat so 'n intieme samehang met die natuur

[101] Chronologies georganiseer, behalwe in die geval van redaksionele resensies deur anonieme resensente

[102] Die primêre bron kon ongelukkig nie opgespoor word nie.

[103] 'n Ander joernalis wat bekend was vir sy onvermoeide uitdaging van die apartheidsregering se standpunte was Schalk Pienaar: "It is widely regarded that, during this period, Die Beeld published a wider range of political opinions than had been allowed in government-supporting newspapers. Given the ferocity with which the regime dealt with its critics, Pienaar's opinions were generally regarded as an act of courage and bravery" (The Presidency, Republic of South Africa, s.j.:s.bl.).

[104] Later beskryf Brink (Grundling, 2005:s.bl.) Matthee se werk egter wél as 'n "groeipunt in Afrikaans" en vergelyk hy haar werk met dié van Dan Sleigh en Marlene van Niekerk (kyk Tabel 5.5).

ontwikkel het, nog so min werklik slaags geraak het met die magtige saam-lewe van mens en natuurkragte."

Wat die struktuur van die werk betref, noem Brink dat mens versigtig met die term *struktuur* moet omgaan en daarom is sy argumentasie eerder op *beweginge* as op temas en motiewe gerig. Ten opsigte van hierdie 'beweginge' identifiseer Brink heelwat pluspunte in *Kringe in 'n Bos*. Hy wys op die verband tussen die baie sirkels wat daar geloop word en die 'struktuur' van die werk. Met betrekking tot die tydstruktuur in die werk, noem Brink dat verskillende fases mekaar nie linêer opvolg nie, maar dat die roman enersyds "soos 'n groot, breë, rustige rivier onafwendbaar see toe [loop], met 'n gevoel van serene onkeerbaarheid daarin; andersyds is alles simultaan ('voorjare, gister en nou is skielik saamgebondel in die knip van 'n oog, een groot tydlose moment', 46)". Volgens Brink word "die 'strukturering' van een sirkel" tegelyk die dékonstruering van 'n ander. Hierdie dekonstruksie word soos volg deur Brink verwoord: "Want tot in die oneindige kan die voortbeweging van die sirkels – wat al meer die allure van spirale kry, sowel na binne as na buite – nagespoor word, elke keer met nuwe betekenisse-in-wording."

Vir Brink lê die "heerlikheid" van die roman daarin dat dit tegelyk modern is (die verwysing na die oop einde: die laaste sirkel wat nie op "'n konvensionele gelukkige einde uitloop" nie), maar tog ook aspekte van die negentiende-eeuse "Dickensiaanse liefdesverhouding" vertoon. Benewens die dekonstruksie, vind Brink ook 'n bepaalde intertekstualiteit in die roman: "die voorstelling van 'n 19de-eeuse held wat triomfeer oor alle struikelblokke (terwyl hy ook gedekonstrueer word tot 20ste-eeuse outsider, wat juis nié triomfeer nie, in die spanning tussen idealisme en 'n bedreigende sosiale bestel".

As punte van kritiek wys Brink op "goggas" in Matthee se taal, die verhouding tussen Saul en Kate wat "vaag en yl en soet" is, en geforseerde dramatisering.

Uit die bestudering van Brink se resensie blyk dit dat sy posisionering van Dalene Matthee en haar roman *Kringe in 'n Bos* op drie vlakke geskied. Deur sy verwysing na die feit dat werklikheids- en ervaringsaspekte 'n groot rol in die teks speel, asook deur die aandag wat hy aan ekspressiewe invalshoeke gee, is dit duidelik dat Brink die skrywer referensieel literêr posisioneer. Op grond van die feit dat Brink Matthee se teks binne die konteks van internasionale voorgangers uit 'n hoofsaaklik modernistiese tradisie plaas en dit ook binne die sfeer van die poststrukturalisme (die verwysing na intertekstualiteit en dekonstruktiewe aspekte) bespreek, poog hy om die skrywer outonoom literêr te posisioneer. Deur die vergelyking met ander skrywers (wat as eksplisiet kanoniserende vermeldings waardevergrotend is; kyk 4.3iii), gebruik Brink, soos genoem, hoofsaaklik die strukturele

eienskappe van die teks as uitgangspunt vir die vergelyking en skets hy die skrywer en die teks as uitsonderlik. Gevolglik het Brink, reeds op daardie stadium, kanonisering in die vooruitsig gestel.

- Cilliers, C. 1984b. Verhaal bly lank sing in die geheue. *Boeke-Beeld*, 28 Mei: 10

Die waardeoordele wat Cilliers in haar resensie oor *Kringe in ’n Bos* uitspreek, word hoofsaaklik deur vernuwings-, realistiese en strukturele argumente ondersteun. Vir Cilliers lê die vernuwende aspek van die teks veral op die vlak van die genre: “Net toe die leser begin hoop verloor het dat daar ooit ’n bevredigende ontspanningsroman in Afrikaans gepubliseer sou word, verskyn Dalene Matthee se *Kringe in ’n bos* op die literêre toneel.” Wat die teks vir Cilliers so realisties maak, is Matthee se deeglike “huiswerk” oor die bos, die mense en hul spreekwyse. Voorts wys Cilliers op die universaliteit van die tema: “die onderlinge verhoudinge is universeel, die pleidooi om bewaring oral geldig, die groeiende menslikheid altyd relevant”. Met betrekking tot die eenheid van die teks, asook die opbou en samestelling daarvan, lig Cilliers die volgende uit: die integrasie van (uiteenlopende) verhaalelemente tot ’n hegte eenheid, die “veelheid van karakters, van botsings, van beskrywings, van agtergronde” en die “tekenende taalgebruik”.

Cilliers se kritiek teen die roman is veral gerig op Matthee se karakterbeskrywing: ’n “oordrewe kras” beskrywing van die “inhalige Engelse geldbaronne en die karakterbeskrywing van Saul wat “te skielik, te maklik” is.

Alhoewel Cilliers hoofsaaklik van strukturele argumente gebruik maak in haar beeldvorming van Matthee se roman, is die argumente nie werklik aanduiders van ’n outonoom literêre posisionering nie (kyk 4.3i). Deur haar verwysing na Matthee se realistiese beskrywing van die Bos en sy mense, asook verwysings na die temas van selfontdekking en natuurbewaring, is daar eerder aanduidings van ’n referensieel literêre posisionering. Alhoewel die vernuwingsargument daarop sou kon dui dat Cilliers, op daardie stadium, kanonisering in die vooruitsig gestel het, is die navorser van mening dat, indien dít die beeld is wat Cilliers van Matthee en *Kringe in ’n Bos* sou wou skets, die argumentasie meer oortuigend sou wees.

- Hattingh, M. 1984. … romantiek wat noop tot deurnaglees. *Die Volksblad*, 2 Junie: 4

Die grootste gedeelte van hierdie resensie van *Kringe in ’n Bos* word aan ’n samevatting van die storie afgestaan. Die opsomming eindig met die volgende sin: “As dit nie die herlewing van die romantiek in die Afrikaanse letterkunde is nie!” Die positiewe waardeoordele wat Hattingh uitspreek, blyk veral uit die emosionele argumente en die taal waarmee sy haar

ervaring by die lees van die boek oordra. As voorbeelde hiervan dien frases soos "ons lees te heerlik" en "'n boek vir deurnaglees". Alhoewel emosionele argumente uiteraard kan bydra tot die bemarking van 'n boek, kan hierdie tipe argumente, myns insiens, nie werklik bydra tot die daarstelling van 'n bepáálde beeld of posisionering nie – dus nóg outonoom, nóg referensieel, nóg dié van 'n geartikuleerde strewe na kanonisering. Tóg sou Hattingh se beskrywing van die werk as "'n internasionale treffer", haar verwysings na die vertaling daarvan "op bykans tien plekke oor die hele wêreld", haar beskrywing van "die roman se verowering van oorsese uitgewers", asook die hoop wat sy uitspreek dat die werk verfilm sal word, benewens die klassifikasie as middelmootliteratuur, ook dié van 'n 'toekomstig'-gekanoniseerde werk kon oproep.

- Van Zyl, A. 1984. Grootse werk oor mens en natuur … *Die Volksblad*, 2 Junie: 4

Van Zyl se positiewe waardering van *Kringe in 'n Bos* word, soos in die resensies van Brink, Rabie en Smuts, ondersteun deur 'n verwysing na die feit dat vertalingsregte reeds vóór die publikasie van die Afrikaanse teks verkry is. In haar resensie maak Van Zyl deurlopend van realistiese argumente, soms in emosionele uitdrukkingsterme, gebruik. Verwysings na die leser as "medebelewer" van die gebeure is besonder opvallend: "Dis asof jy wil huil", "[e]en oomblik is jy in die bos en beleef jy die byna onmoontlike fisiese arbeid", "[s]aam met hulle", "maak jou medebelewer van pyn", "jy [word] medebelewer van 'n stuk Knysnageskiedenis". Ten opsigte van die struktuur van die roman, beskryf Van Zyl dit as "'n fyn stuk weefwerk waarin alles met alles kring ná kring, inmekaar skakel tot 'n kunstige gevoegde patroon". Uit Van Zyl se samevattende slotopmerkings, wat weer eens (deur haar gebruik van frases soos "die skryfster se oortuigende beeldvermoë" en "die verwerkliking deur die woord") rondom die werklikheid en ervaringsaspekte in die teks sentreer, is dit duidelik dat Van Zyl die skrywer referensieel literêr posisioneer.

- Smuts, J.P. 1984. Een van ons genietlikste boeke. *Die Burger*, 7 Junie: 16

Sóós van die ander resensente, begin Smuts sy resensie met 'n verwysing na die uitgebreide vertaalregte, wat reeds vóór die verskyning van die boek in Afrikaans, verkry is. Voorts word verwys na die meriete van Matthee se kortverhale in *Die Judasbok* (1982).

Op die vlak van die genre plaas Smuts, deur sy gebruik van woorde en sinsnedes soos "leesbaarste", "genietlikste", "wye publiek" en "nie deurgaans streng literêre eise deurstaan nie", die roman nie net binne die kader van goeie gewilde prosa nie, maar, deur sy samevatting van die verhalegebeure, plaas hy dit ook binne die kader van die ontwikkelingsroman.

Kritiek teen die roman is veral struktureel van aard. Alhoewel die talle terugflitse "'n boeiende panorama onthul", is die tegniek, volgens Smuts, nie in alle opsigte oortuigend nie. Verdere punte van kritiek is gerig op oorgange tussen die verlede en die hede wat dikwels te willekeurig is en nie deurgaans goed gemotiveer is nie; voorspelbare karakterisering (MacDonald); 'n onnatuurlikheid in die hantering van die verhouding tussen Kate en Saul ("Dit is ook hier waar die cliché van die tydskrifverhaal soms hinderlik deurslaan."); simbole wat soms "te opsigtelik uitgewerk word"; en die "beskrywing van die emosionele wêreld van die personasies" wat soms nie oortuig nie.

Vir Smuts lê die waarde van Matthee se roman veral in die behoefte wat aangespreek word, naamlik 'n "goed geskrewe" roman "wat ook vir die nie-literêre leser toeganklik is".

- Van Zyl, I. 1984a. Kringe rekonstrueerbaar. *Die Suidwester*, 29 Junie: 16

Ia van Zyl, 'n literator van Windhoek, het in 1997 'n polemiek begin toe sy in *Tydskrif vir Letterkunde* beswaar gemaak het "teen skrywers wat hul lesers geestelik aanrand met 'literêre pornografie op sy kruste'", met spesifieke verwysing na Johann de Lange se *Vreemder as fiksie* (1996) en Koos Prinsloo se *Slagplaas* (1992) (Botma, 2018:105).

Reeds uit die openingsparagraaf van die resensie kan die afleiding gemaak word dat Van Zyl, soos Brink, poog om Matthee outonoom literêr te posisioneer. Deurdat sy haar positiewe waardeoordele op Roland Barthes se benaderings grond, poog Van Zyl om die teks binne die kader van die poststrukturalisme te plaas:

> […] hier is 'n skryfster in Afrikaans wat oor die wysheid beskik wat haar in staat stel om 'n roman te skryf wat nie net, in die terme van Roland Barthes, *Lisible* (leesbaar) is nie, maar ook *scriptable* (letterlik: skryfbaar, dit wil sê deur die leser rekonstrueerbaar is tot 'n voller, ryker betekenis as die blote oppervlakverhaal) [oorspronklike kursivering en hooflettergebruik].

Vroeër (kyk 2.3.4) is genoem dat Barthes se latere werk in hoë mate gerig was op kreatiewe en vrye lees. Die opskrif van die resensie stel die vooruitsig dat Van Zyl haar waardeoordele van Matthee se roman teen die agtergrond van 'n dekonstruktiewe benaderingswyse sal motiveer. Myns insiens oortuig sommige verwysings nie werklik as aanduiders van 'n outonome (poststrukturalistiese) posisionering nie. Dit gaan hier om verwysings dat die verhaal "spannend" en "oortuigend" is; dat "[d]ie opposisie waarheid/leuen […] soos 'n *leitmotif* dwarsdeur die boek loop" [oorspronklike kursivering]; dat die Bos "een van die belangrikste 'personasies' in die boek" is; die vermelding van die drie parallelle verhaallyne wat mekaar voortdurend in die hede en verlede afwissel; en "'n te opsetlike voorstoot van taalidiosinkrasieë" (die enigste punt van kritiek). Die naaste wat Van Zyl daaraan kom, is die intertekstuele verbandlegging tussen Saul en Bart Nel.

- Joubert, E. 1984. Lees stadig sodat dié storie nie ophou nie! *Die Vaderland*, 2 Julie: 12

Joubert se verdediging (en haar referensieel literêre posisionering) "van die boek wat almal aan die praat het en oorsee ongehoorde opslae gemaak het", word eerstens deur 'n morele en realistiese argument ondersteun: "Ek dink eerstens die gevoel van waarheid in die boek. Die mense, veral in die eerste gedeelte, hulle is van vlees en bloed. Hulle ondervindinge en swaarkry gryp jou aan. Waar is arbeid al so beskrywe […]?" In die strukturele argumente waarop Joubert haar waardeoordele grond, word veral aandag geskenk aan die beskrywings in die roman: "deurleefde beskrywing met krag in elke sinsnede", "uitmuntende stukkie skryfwerk met die beskrywing" en "[n]og 'n stuk puik beskrywing". Vir Joubert is die beskrywings funksioneel en "treffend, nie op 'n 'mooi-skrywe' manier nie". As verdere pluspunte noem Joubert die karakterisering van Saul Barnard as "'n unieke figuur in ons letterkunde".

As punte van kritiek noem Joubert vertellings wat plek-plek "bloot vertelling van buite" is en "nie werklik deurleef" is nie, min karakters (veral die delwers en selfs Kate) "wat uitstyg tot ronde, volledige mense", die verhouding tussen Saul en Kate wat nie genoeg oortuig nie en "oorgange waar die vertelling terugglip na die verlede" wat as geforseerd oorkom. Vir Joubert is die grootste pluspunt in *Kringe in 'n Bos* egter die taal: "Uitdrukkings en segswyses van die bosmense wat sekerlik nou inslag in ons spreek-Afrikaans sal vind."

- LIBertyn. 1984. Die gróót roman uit die stilte? *Beeld*, 26 Julie: 2

Volgens Van Coller (2016d:7) het Gerrit Olivier, soms met medewerking van Markus de Jong, hom agter die skuilnaam 'LIBertyn' verberg. De Jong, "boekhandelaar, sporadiese uitgewer […] inspireerder en gespeksgenoot" (Kannemeyer, 1983:244), se styl kan, volgens Kannemeyer, met dié van Gerrit Bakker in die dertiger- en veertigerjare vergelyk word. Olivier, redakteur van *Stet* wat vanaf 1982 verskyn, was een van die resensente wat "militant teen sensuur en die politiek van die gesagsorde" gekant was (Kannemeyer, 1983:243). LIBertyn se styl word as "satiries-hekelend" beskryf: "met sy geestige, geestelike terrorisme" het hy "'die skrikbewind' van Kees Konyn in die veertigerjare 'waardig' voortgesit" (Kannemeyer, 1983:265).

LIBertyn begin sy resensie met verwysings na die bloeitydperk in die Suid-Afrikaanse letterkunde toe "die verlore seuns van Sestig […] een vir een huis toe gekom het". Uit die stilte daarná klink daar, volgens hom, "die nuwe geluid van Tagtig": dit is die era van literêre "samewerking en ontwikkeling", van "mededeelsaamheid en spanwerk", van

navorsing in die polisisteem, van "[k]atederkoors en publikasiepapelelle", maar ook "die era van geesdrif oor die Afrikaanse literatuur". LIBertyn gaan spottenderwys voort deur te wys op plaaslike kritici se soeke na 'n *Huck Fin* of *Moby Dick*: "Die meeste goud in die wêreld het ons al. Die grootste gat in die wêreld het ons ook al. Nou ontbreek nog net die gééstelike goud, die groot Suid-Afrikaanse katkisasieboek. Overgezet zijnde: 'the great novel'" en dan vra hy die vraag: "is Dalene Matthee se *Kringe in 'n bos* die groot Suid-Afrikaanse roman?"

LIBertyn beskryf die verhaalgebeure in ewe sarkastiese terme:

> Daar is 'n superheld (Saul Barnard) na wie almal opsien en 'n skurk (MacDonald) wat 'n versameling van slegte eienskappe is. Die een is so gebore en die ander een sal so sterwe. As jy MacDonald se kwaadaardige bakkies gesien het, weet jy sommer ook hoe die ander Engelse lyk. Hulle is gewetenlose uitsuiers – met die uitsondering van die lieflike Kate, op wie (hoe anders?) ons held verlief raak, en met wie hy na alle teenslae versoen raak. […]. 'n Mens weet dadelik wie gelyk het – en wie die onderspit gaan delf. Die loeries hou op tok-tok-tok, die olifant word geskiet.

Dat LIBertyn in sy resensie grotendeels van (skynbaar) emosionele argumente gebruik maak, blyk duidelik uit die taalgebruik waardeur hy sy ervaring van die teks oordra. Tog is die emosionele argumente in wese sarkasties-geskakeerde strukturele argumente. LIBertyn verwys na "[s]kematiese eenvoud, roerende romantiek" en beeldspraak waarop daar "geniaal voortborduur" word.

Teen die einde van sy resensie beantwoord LIBertyn die vraag of Dalene Matthee se *Kringe in 'n Bos*, na sy oordeel, die groot Suid-Afrikaanse roman is, soos volg: "Dis die Boek van die jare Tagtig, die jare waarin ons met al hoe minder tevrede is." Die beeld wat LIBertyn dus met hierdie resensie van Matthee skep, of poog om te skep, laat die indruk dat Matthee nie 'n skrywer is wat ernstig opgeneem kan word nie: "'n Mens weet nie wat die gediertes dink nie, maar jy weet dat hulle 'n meer gekompliseerde emosionele lewe as al die ander karakters saam móét hê."

Dit is interessant om daarop te let dat *Beeld* (as 'n Naspers-koerant) dus eintlik téén die belange van Naspers optree met die plasing van 'n negatiewe resensie oor 'n boek wat deur een van sy drukkersname, naamlik Tafelberg, gepubliseer is.

- Rabie, J. 1984. Knysna woodcutters a century ago. *The Cape Times*, 1 Augustus: 8

Oor Jan Rabie se werk as resensent vir *The Cape Ti*mes, 'n koerant van die Independent Media groep, skryf Kannemeyer (2004:264) dat Rabie op 'n kundige wyse nuwe Afrikaanse publikasies aan Engelse lesers bekendgestel het (*iol.co.za*, s.j.:s.bl.). Breuer (s.j.-b:s.bl.) vermeld dat die onreg van apartheid en die rol van sensuur die onderwerpe van baie van sy

geskrifte en polemieke was. Voorts was Rabie 'n ekokritikus wat baie besorg was oor die bewaring van die Suid-Afrikaanse kusstreke en die seelewe (ibid.).

Rabie begin sy resensie van *Kringe in 'n Bos* ("by a more or less unknown writer") met 'n verwysing na die geldelike gewin van die boek: "netting the author at least a quarter of a million in pre-publication fees". Die roman word beskryf as 'n "eminently bestseller", "an easily enjoyable book written in a straightforward, middlebrow way" en "a document inspired by love for the unspoilt forest and its creatures".

Wat strukturele aspekte betref, noem Rabie dat die kieskeurige leser wel "some glaring literary faults" in die boek mag aantref: newekarakters wat slegs karikature bly, oppervlakkige romantisering, simboliek wat nie tot sy reg kom nie en, op 'n ligter noot, "that she doesn't really know how to describe an elephant". Vir Rabie lê die sukses van die boek, wat hy in emosionele terme as "moving" en "more readable and enjoyable than any other Afrikaans novel I can think of" beskryf, in die mimetiese aspek, naamlik die beskrywings van die bos en die houtkappers, en die pleidooi vir natuurbewaring – 'n tema wat aanklank vind by Rabie se besorgdheid oor bewaring. Aangesien Rabie sy positiewe waardeoordele dus uitsluitlik op die tematiese grond, word die afleiding gemaak dat Rabie die skrywer referensieel literêr posisioneer.

- J.A.M. 1984. Kringe in die [sic] Bos is 'n verheffende ervaring. *Afrikaner*, 17 Oktober: 11

In dié resensie van ene J.A.M., oorheers verwysings na "die universaliteit van die historiese tema": "Dit is 'n tema wat in elke tydvak en elke land aktualiteit het." Ten opsigte van die struktuur van die teks wys die resensent op "'n afwisselende kyk op die hede en dan weer die verlede" as 'n tegniek waardeur spanning geskep word. Voorts word Matthee se "meesterlike beskrywing van die bos", asook haar beskrywing van die "mistieke, menslikerwys byna onmoontlike, verhouding" tussen Saul en Oupoot vermeld. Soos by die aanvang van die resensie, word daar ten slotte weer na die aktualiteit en die "historiese diepte" van die roman verwys – dus onteenseglik 'n referensieel literêre posisionering.

- Redaksionele resensies (eie beriggewer) in *Die Volksblad,* 13 Februarie 1984:s.bl., *Die Kerkbode,* 24 Oktober 1984:11 en *Die Hervormer,* 31 Maart 1985:3

In 'n resensie deur 'n onbekende beriggewer van *Die Volksblad* (1984:s.bl.) spreek die resensent die mening uit dat hy/sy min twyfel daaroor het "dat dié werk in Afrikaans die soort 'klassiek' sal word wat *Old Man and the sea* dit in Amerikaans is". Voorts word daar, deur die gebruik van emosionele uitdrukkings, melding gemaak van die "opgewondenheid oor die manuskrip" by internasionale uitgewerye, asook van die keurder (wat ongetwyfeld

Brink is) se reaksie op die boek: "'Ek is met soveel geesdrif oor die manuskrip vervul dat ek moeilik nugter en akademies daaroor kan praat […]'" (ibid.). Deur sy/haar vergelyking van die teks met 'n klassieke werk, tesame met die verwysing na die keurder, is daar aanduidings dat hierdie resensent kanonisering in die vooruitsig gestel het.

In 'n baie kort resensie wat in *Die Kerkbode* (1984:11) verskyn het, word *Kringe in 'n Bos* met nóg 'n klassieke werk vergelyk, in hierdie geval die Afrikaanse roman *Poppie Nongena* (1978) deur Elsa Joubert. Hierdie eksplisiet kanoniserende vermelding is uiteraard waardevergrotend (kyk 4.3iii).

In sy/haar positiewe beoordeling van Matthee se teks, maak *Die Hervormer* (1985:3) se resensent van vernuwings-, asook intensionele en realistiese argumente gebruik. Die boek word beskryf as "iets heeltemal nuuts". Voorts haal die resensent Matthee self aan wanneer hy/sy verwys na die intensie om die waarheid oor die bos te vertel en beskryf hy/sy die verhaal as "geloofwaardig". Ook hierdie resensent wys daarop dat die roman reeds vóór publikasie 'n treffer was.

Aangesien die meerderheid van die resensente, alhoewel sommige ook skrywers is, literêre akademici is, kan aanvaar word dat die kritiek wat deur hierdie agente uitgespreek word 'n redelik objektiewe aanduiding van die artistieke gehalte van die werk, die kommersiële waarde daarvan, asook van Matthee se (referensiële) posisionering binne die literêre veld is.

5.3.4 Artikels in vakwetenskaplike tydskrifte[105]

Aangesien die taak van die akademiese kritikus meer interpretatief van aard is (kyk 4.2.4.1xiv), word daar in hierdie deel van die proefskrif gepoog om, op grond van die wetenskaplike invalshoek van die artikelskrywer, vas te stel hoe die betrokke kritikus die skrywer (Matthee) posisioneer.

- Bosman, N. 1992. Ruimte as intertekstuele belewenis: Dalene Matthee en C.J. Langenhoven. *Tydskrif vir Letterkunde*, 30(4), November: 117–120

Inleidend tot haar artikel wys Bosman (1992:117) op vernuwings-, werklikheids- en morele aspekte in Matthee se teks: vernuwend in die sin dat "hierdie deel van die land nog nie voorheen in Afrikaanse romans beskryf is nie" en werklikheidsgetrou op grond van die navorsing wat Matthee oor die Bos gedoen het. Ten opsigte van die morele aspekte word verwys na "[d]ie mate waartoe Matthee die gewete van haar lesers geraak het oor die gevare van omgewingsvernietiging in die wêreld buite die romanteks". Hierdie argumente is

[105] Alfabeties volgens outeur gerangskik

egter nie genoeg om substansie aan ’n akademiese artikel te verleen nie en daarom bespreek Bosman, in ’n vergelyking met C.J. Langenhoven se *Brolloks en Bittergal* (1925), die roman binne die konteks van intertekstualiteit: “die manier waarop die ‘buitetalige’ werklikheid van die Knysnabos in die Langenhoven- en Mattheetekste geparafraseer word” (Bosman, 1992:118).

In die vergelyking van die twee tekste, kom Bosman (1992:118–119) tot die volgende gevolgtrekkings:

- Ánders as in die Langenhoven-verhale, is ruimte in *Kringe in ’n Bos* “nie los te dink van die verhaallyn nie”.
- *Kringe in ’n Bos* is meer op die volwasse leser gerig, terwyl “die volwasse leser implisiet deur die verteller in die Langenhoven-verhale uitgesluit” word. Matthee se teks is baie langer as dié van Langenhoven, “wat natuurlik implikasies het vir die hoeveelheid tyd wat aan ’n beskrywing van die ruimte gewy word”.
- *Kringe in ’n Bos* word as ’n realistiese roman beskryf, terwyl die Langenhoven-teks “‘wonderstories’” is.
- Daar is ’n bykomende dimensie in Matthee se teks, naamlik “die perspektief waaruit die beskrywing van die bos aangebied word”: “Die roman kyk van ’n afstand oor honderd jaar terug na die bos.”

Deurdat Bosman (1992) Matthee se teks op grond van ruimtelike eienskappe, in wat sy ’n intertekstuele ondersoek noem, met dié van Langenhoven vergelyk, poog sy om eerstens haarself, as kritikus, binne ’n postmodernistiese tradisie te plaas en daardeur die skrywer, Dalene Matthee, outonoom literêr te posisioneer. Soos wat dit uit Du Randt (1989) se artikel blyk (kyk later in hierdie subafdeling), is daar wel intertekstuele verwysings in *Kringe in ’n Bos.* Voorts kom intertekstualiteit – wanneer die teks self as tussenruimte beskou word – wel voor op die vlak van die *storie*, *die verhaal* en *die vertelproses*. Oor die verskynsel van ’n teks as tussenruimte, verduidelik Mertens (2008:15):

> *Liminaliteit* komt ook in de buurt van ‘intertekstualiteit’, de term waarmee Kristeva een toestand in geschriften aanduidt van wat ik hier maar hun ‘zelfbewustzijn’ noem: de toestand waarin een geschrift naar zijn eigen schriftuurlijke karakter verwijst. *Liminaliteit* is dan de benaming voor de toestand waarin een geschrift naar zichzelf verwijst als *de uitbeelding van een tussenruimte*. Een *liminale poëtica* behelst ideeën over de aard en functie van een tekst als overgangsruimte en over de procédés die voor die uitbeelding worden gebruikt [oorspronklike kursivering].

In haar artikel neem Bosman (1992) egter strukturele eienskappe as uitgangspunt vir die vergelyking. Miola (2004:13) identifiseer bepaalde intertekstualiteitstipes en -kategorieë, asook grade van intertekstualiteit:[106]

> […] first, the degree to which the trace of an earlier text is tagged by verbal echo; second, the degree to which its effect relies on audience recognition; third, the degree to which the appropriation is eristic.

Op grond van die afwesigheid van diepgaande, substansiële argumente is Bosman se intertekstuele analise van Matthee se teks en haar posisionering van die skrywer as outonoom literêr, na my mening, nie oortuigend nie.

- Cloete, W. & Wenzel, M. 2007. Translating culture: Matthee's Kringe in 'n bos as a case in point. *Literator*, 28(3):1–27

Cloete en Wenzel se artikel fokus op die vertaling van 'kulturele identiteit' in *Kringe in 'n Bos*. Die problematiek verbonde aan die vertaling as "produk van die sosiohistoriese konteks", asook Matthee as skrywer-vertaler, word in 5.3.7 breedvoeriger bespreek.

- Du Randt, W.S.H. 1989. Die tema van bevryding in *Kringe in 'n bos*. *Tydskrif vir Letterkunde*, 27(1), Februarie: 110–124

Die uitgangspunt van Du Randt se artikel is dat die roman "hom primêr met die ideologiese grondslae en strydvrae van ons bestaan bemoei" (Du Randt, 1989:110). Deur "die gevoel van bevryding wat 'weer' saam met Saul Barnard kom loop het" is *Kringe in 'n Bos* dus "die konkrete voorstelling en dramatisering van Saul Barnard se pelgrimsreis" (ibid.). Du Randt (1989:111) koppel hierdie mimetiese invalshoek aan (metaforiese) 'bevryding' as 'n belangrike element in die romanstruktuur: "dis die *grondidee* wat die veelheid van besonderhede tot binding bring en aan die 'storie' sy stukrag verleen" [oorspronklike kursivering]. Sy verwysing na die werkswyse waarvolgens "'n skrywer sy verhaal nie net letterlik in terme van 'n spesifieke ruimte en tyd aanbied nie maar dat daar 'epiese integrasie' plaasvind in die sin dat die oppervlakverhaal teen 'n wyer universele en algemeen-menslike agtergrond geprojekteer word", dien as bevestiging van die aanname dat Du Randt (1989:118–119) die skrywer nie net referensieel nie, maar ook outonoom literêr posisioneer. Du Randt se argumentasie ten gunste van 'n outonoom literêre posisionering, blyk veral uit sy bespreking van die onderliggende "allegoriese stramien" met die mites van Adam en Eva, Charles Dickens (en sy werk *David Copperfield*) en koning Saul (Du Randt, 1989:118–121).

[106] Kyk ook Erasmus-Alt (2016:150–151).

- Fairer-Wessels, F.A. 2010. Young adult readers as potential consumers of literary tourism sites: a survey of the readers of two of the Dalene Matthee forest novels. *Mousaion*, 28(2):134–151

Die bespreking in Fairer-Wessels (2010) se artikel geskied vanuit 'n plek-georiënteerde perspektief, naamlik die Knysnabos as die natuurlike en kulturele landskap waaruit Matthee haar inspirasie geput het. Aangesien die genoemde tekste 'n spesifieke faset van die 19de-eeuse plaaslike lewenstyl en van die Bos as habitat vir die plant- en dierelewe belig, kan hierdie toerismebestemmings ook die literêre nalatenskap van Matthee lewendig hou (kyk ook 5.4).

- Odendaal, B. 1988. *Bart Nel* (J. van Melle) en *Kringe in 'n bos* (Dalene Matthee). *Tydskrif vir Letterkunde*, 26(4), November: 120–134

In sy artikel tref Odendaal 'n vergelyking tussen die karakters Bart Nel (Van Melle) en Saul Barnard (Matthee), met spesifieke fokus op dít wat aanleiding daartoe gegee het dat Saul "byna oornag 'n huishoudelike naam in Suid-Afrika geword" het, terwyl "Bart Nel se opgang tot literêre roem, daarenteen […] veel langsamer en nie sonder terugslae" was nie (Odendaal, 1988:120). Odendaal identifiseer die volgende as moontlike redes vir hierdie toedrag van sake:

  - "[D]ie verskille in die aard van die betrokke twee personasies (en van hulle heldedom)" (Odendaal, 1988:120)
  - "[D]ie verskille in die vertellersperspektief": Terwyl Saul Barnard uitsluitlik die fokalisator is, word Bart Nel deur middel van ten minste drie personasies, naamlik Bart, Fransina en Basson, vertel (Odendaal, 1988:122).
  - "[D]ie wyse(s) waarop die werke periodekodes en leserverwagtings deurbreek of bevestig het": *Kringe in 'n Bos* kom nader aan "(tydgenootlike) populêre leesstof" as Bart Nel (Odendaal, 1988:123).
  - "[D]ie strategieë en kodes wat in die onderskeie tekste ingebou is": "die kodes in *Kringe* [spring] gouer in die oog […] en [is] makliker ontsyferbaar […] as dié in Bart Nel"; "die semantiese onderskeidings van die motiewe in Van Melle se roman [is] dikwels meer genuanseerd as dié in Matthee s'n" (Odendaal, 1988:131).

Volgens Odendaal (1988:131) vertoon "Matthee se roman dikwels trekke van die populêre/triviale literatuur" terwyl daar "aan die literêre waarde daarvan niks afgedoen word nie". Alhoewel die laaste deel van die stelling op 'n outonoom literêre posisionering kon dui, word sodanige posisionering nie oortuigend genoeg in die artikel bevestig nie en blyk dit dat Odendaal se posisionering van die skrywer eerder ook referensieel is.

- Smuts, R. & Smuts, J. 1996. Tydshantering in Dalene Matthee se *Kringe in ’n bos* en Elsa Joubert se *Ons wag op die kaptein*. *Tydskrif vir Letterkunde*, XXXIV(4):125–132

In hierdie artikel oor tydshantering in *Kringe in ’n Bos* plaas Johan en Ria Smuts die bespreking vanuit die staanspoor binne die raamwerk van die “gewilde literêre roman”. Die klassifikasie van ’n teks onder hierdie genre impliseer, volgens die artikelskrywers, “dat dit nie ’n besonder komplekse literêre teks is nie”, maar dat dit tog oor “tradisionele literêre kwaliteite” beskik. In *Kringe in ’n Bos* word daar dus “’n tipies literêre werkswyse, wat gewoonlik tot groter digtheid lei”, in die vooruitsig gestel, maar dit word aangebied “op ’n meer toeganklike en soms ook minder genuanseerde manier”. Sodanige werkswyse skep die gevoel dat die roman oor “’n onmiskenbaar literêr-tegniese aanslag” beskik (Smuts & Smuts, 1996:126–127).

Uit hul analise van die tydshantering in *Kringe in ’n Bos* kom hierdie outeurs (1996:128) egter onder die indruk van bepaalde leemtes, soos dat die roman “nie daarmee rekening hou dat ’n terugdink aan die verlede baie dikwels afgevuur word deur assosiasies nie” en dat “oorgange tussen hede en verlede dikwels baie willekeurig geskied” – iets wat gemanipuleerde oorgange tot gevolg het. Wanneer Matthee se hantering van die terugflits, wat as die skrywer se “sentrale tegniese greep” beskryf word, met dié van Elsa Joubert in *Ons wag op die kaptein* vergelyk word, kom die artikelskrywers tot die gevolgtrekking dat “Joubert se tegniek verfynder en ook natuurliker is as dié van Matthee” (Smuts & Smuts, 1996:131). Alhoewel die skrywers van oordeel is dat die kritiek teen Matthee se teks op grond daarvan dat dit as ’n “toeganklike roman” geklassifiseer word, “toeskietliker” behoort te wees, opper hulle tog die vraag “of die werk nie net so toeganklik sou gewees het as sy dié saak effens minder nadruklik gehanteer het nie” (Smuts & Smuts, 1996:132).

Alhoewel Smuts en Smuts se slotopmerking – “dat die tydshantering in sowel *Kringe in ’n Bos* as *Ons wag op die kaptein* die struktuur van die werke verryk en ’n groot bydrae lewer tot die interessantheid en ook geslaagheid van die twee tekste” – betrekking het op die gehalte van die teks, moet onthou word dat hierdie waardeoordeel betrekking het op ’n roman wat, ook deur hierdie artikelskrywers, as middelmootliteratuur geklassifiseer word. Daarom is die beeld wat Johan en Ria Smuts van hierdie teks daarstel, naamlik dié van “populêre verstrooiingsliteratuur” (Smuts & Smuts, 1996:126), na my mening, eerder referensieel as outonoom literêr.

- Steenberg, E. 1985. Kringe in ’n bos (Dalene Matthee). *Tydskrif vir Letterkunde*, November: 108–114

In Elsabe Steenberg se resensie-artikel oor *Kringe in ’n Bos* word daar eerstens ’n bepaalde beeld van die skrywer, Dalene Matthee, gestel. Tog is daar eerder sprake van selfvoorstelling deurdat die skrywer in haar eie terme beskryf word. Steenberg (1985:108) skryf: “Sy noem haarself ’n onvermoeide soeker na en najaer van die waarheid […]”. Daar is ’n verwysing na sir Walter Scott van wie Matthee, soos reeds genoem, ’n direkte afstammeling was, na die feit dat Matthee die N.G. Kerk verlaat het (“omdat die dogmatisme vir haar die gevoel van waarheid verhinder”), asook haar belangstelling in die klassieke, filosofie en metafisika.

Ná ’n oorsigtelike bespreking van “’n Bos”, wat “as ’n geestesruimte, ’n plek van onsekerheid en soeke na waarheid” (Steenberg, 1985:109) beskryf word, fokus Steenberg kortliks op tyd, ruimte, taal en die funksie van voëls in die ruimtelike beskrywing en atmosfeerskepping. In haar bespreking is daar verwysings na die kritiek van Brink en Ia van Zyl (kyk 5.3.3).

Die slotsom waartoe Steenberg (1985:114) kom, naamlik dat die boek tereg bestempel word “as ’n klassieke van ons tyd”, stel kanonisering in die vooruitsig. Tog is die argumentasie in die artikel, myns insiens, nie substansieel genoeg om sodanige posisionering te ondersteun en geloofwaardig te maak nie.

- Van der Westhuizen, C. 2004. Judging the book. *Journal for Language Teaching*, 38(1):144–157

In hierdie artikel, waarin Van der Westhuizen (2004) van die institusionele benadering gebruik maak, word gefokus op die ekstrinsieke faktore wat bygedra het tot die populariteit van romans met spesifieke fokus op Matthee se Bos-romans. Van der Westhuizen (2004:154) kom tot die volgende gevolgtreking: “The narrative of the forest novels illustrates the gatekeeping function and power of the institutions discussed and highlights the importance of public opinion in the popularization process of novels generally.”

Uit die voorafgaande bespreking kan die volgende opsomming van die tipes argumente/literatuurbeskouings, waardeoordele en posisionering deur resensente, joernaliste, essayiste en akademiese kritici in hul beoordeling van Dalene Matthee se *Kringe in ’n Bos* gemaak word:

Tabel 5.2: *Kringe in ʼn Bos:* opsomming van argumente, waardeoordele en literêre posisionering

RESENSIES

Resensent[107]	Tipe argument	Waardeoordeel	Posisionering
Brink, André P. (1984:31)	Realisties Struktureel Vernuwing	Oorwegend positief	Referensieel literêr Outonoom literêr Stel kanonisering in die vooruitsig
Cilliers, Cecile (1984b:10)	Realisties Struktureel Vernuwing	Oorwegend positief	Referensieel literêr
Hattingh, Marion (1984:4)	Emosioneel	Positief	Stel kanonisering in die vooruitsig
Joubert, Elsa (1984:12)	Moreel Realisties Struktureel	Oorwegend positief	Referensieel literêr
LIBertyn (1984:2)	Emosioneel	Negatief	Implisiete uitsprake oor die evalueringskriteria van die tagtigerjare wat, volgens LIBertyn, nie ingestel is op die artistieke gehalte van die teks nie (kyk 1.1; 3.3.1.2)
Rabie, Jan (1984:8)	Emosioneel Realisties Struktureel	Oorwegend positief	Referensieel literêr
Smuts, J.P. (1984:16)	Struktureel	In gelyke mate negatief en positief	Posisioneer as skrywer van middelmootliteratuur
Van Zyl, Anna (1984:4)	Realisties Struktureel	Positief	Referensieel literêr
Van Zyl, Ia (1984a:16)	Struktureel	Positief	Outonoom literêr
J.A.M. (1984:11)	Realisties Struktureel	Positief	Referensieel literêr
Eie beriggewer *Die Volksblad* (1984:s.bl.)	Emosioneel	Positief	Stel kanonisering in die vooruitsig
Redaksioneel *Die Kerkbode* (1984:11)	Geen duidelik onderskeibare argumentasie	Positief	Stel kanonisering in die vooruitsig
Redaksioneel *Die Hervormer* (1985:3)	Intensioneel Realisties Vernuwing	Positief	Referensieel literêr

ARTIKELS[108]

Kritikus	Argumente	Posisionering
Bosman, Nerina (1992:117–120)	Vernuwing Realisties Moreel	Outonoom literêr

[107] In alfabetiese volgorde

[108] Benewens die bronne wat in hierdie hoofstuk gebruik word, word *Kringe in ʼn Bos* ook in talle ander opvoedkundige publikasies, klasgidse, verhandelings en proefskrifte bespreek. Kyk Anker (1989:97–99); Crous (1994); Grobler (1987:9; 1988a:6; 1988b:4); Heyns (1995); Mouton (1985:71–81); Sonnekus (1988); Street (1990); Van der Westhuizen (1993); Venter (1993); Vermaak (2001:3–4); Vermoten (1988); Walters (2010:71).

Kritikus	Argumente	Posisionering
Cloete, Willie en Wenzel, Marita (2007:1–27)	Struktureel	Referensieel literêr
Du Randt, W.S.H. (1989:110–124)	Struktureel	Referensieel literêr Outonoom literêr
Fairer-Wessels, Felicity (2010:134–151)	Realisties	Referensieel
Odendaal, Bernard (1988:120–134)	Struktureel	Posisioneer as skrywer van middelmootliteratuur, d.w.s referensieel literêr
Smuts, Ria en Smuts, Johan (1996:125–132)	Struktureel	Posisioneer as skrywer van middelmootliteratuur, d.w.s referensieel literêr
Steenberg, Elsabé (1985:108–193)	Struktureel	Stel kanonisering in die vooruisig
Van der Westhuizen, Carol (2004:144–157)	Institusionele ondersoek	Referensieel literêr

Uit die besprekings in 5.3.3 en 5.3.4, asook uit die bostaande tabel is die groot mate van ooreenstemming in die kommentaar en waardeoordele wat deur die verskillende literatuurbeskouers oor die werk uitgespreek word, duidelik af te lees. Van Rees & Dorleijn (1993:18) verwys hierna as orkestrasie (vergelyk ook Van Rees & Dorleijn, 2006:91; 3.4.2). Die voorlopige gevolgtrekking wat gemaak word, is dat die beeld wat deur sowel die skrywer as die uitgewery aangebied word – naamlik dié van 'verteller van die waarheid', wat op 'n referensieel literêre posisionering dui – deur resensente en literêre akademici aanvaar word.

5.3.5 Literatuurgeskiedenisse

In sy literatuurgeskiedenis *Die Afrikaanse literatuur 1652–1987* wys Kannemeyer (1988:396) daarop dat *Kringe in 'n Bos*, wat die ruimtelike plasing betref, intertekstueel aansluit by die vroeëre werke van Helmüth Luttig en Jan H. du Preez. Tog is Matthee se teks, volgens Kannemeyer, op 'n veel hoër vlak. Op grond van "die mens se obsessionele preokkupasie met 'n olifant" in *Kringe in 'n Bos,* lok dit, volgens Kannemeyer (ibid.) "'n vergelyking uit met "die fassinasie wat 'n dier [wek]" in werke soos Melville se *Moby Dick* (1851), Hemingway se *The old man and the sea* (1951), Van Wyk Louw se gedig "Die swart luiperd" (1942) en Du Plessis se *Ballade van die eensame seeman* (1949).[109] Die realistiese aspekte van die teks word verder beklemtoon deur Kannemeyer se verwysing na die "negentiende-eeuse maatskaplike problematiek van die boswerkers". Strukturele aspekte wat (oorsigtelik) genoem word, sluit in die sametrekking van motiewe en karakter-ontwikkeling.

[109] Aangesien hierdie verbandlegging net op die storie fokus en nie op die simboliese lading van sodanige fassinasie nie, is die graad van die intertekstualiteitverhouding (kyk ook Miola, 2004:13; Tabel 5.5) nie oortuigend nie.

Die erkenning van Matthee se status as skrywer word bevestig deur die insluiting van haar profiel in *Perspektief en profiel* van 1998 (Jooste, 1998:672–682). Volgens Human-Nel (2009:259) was dié literatuurgeskiedenis egter daarop ingestel "om as 'n regstellende aksie te dien deur ook gemarginaliseerdes (vroueskrywers sowel as populêre literatuur) in te sluit". Human-Nel (ibid.) wys op die feit dat, alhoewel Matthee in daardie stadium (1995) alreeds verskeie ander romans die lig laat sien het en ook verskeie pryse ontvang het – "(almal vir die goeie gewilde-prosa as kategorie van Afrikaanse prosa)" – vyftig present van die profiel afgestaan word aan 'n bespreking van *Susters van Eva*, "wat 'n aanduiding is dat hierdie teks die grootste bydrae lewer tot die prestige wat sy op die stadium geniet".

In die perspektief-deel van *Perspektief en profiel* (1999) word daar in die afdeling "Die Afrikaanse vroueskrywer: van egotekste tot postmodernisme (18e eeu – 1996)"[110] ook ruimte aan Matthee afgestaan. Van Niekerk (1999:425–426) verwys kortliks na die verhaalgebeure in *Kringe in 'n Bos* (1984), *Fiela se kind* (1985), *Moerbeibos* (1987), *Brug van die esels* (1992) en *Susters van Eva* (1995), asook na die pryse wat Matthee ontvang het.

In Heywood se *History of South African literature* (2004) word daar slegs in 'n kort paragraaf na Matthee (en haar roman *Fiela se kind*) verwys. Heywood (2004:185) skets Matthee as iemand wat "from within the community but from a point nearer to its white margin" skryf. In die lig van Matthee se stelling dat sy in haar skryfwerk nie aan kleur nie, maar aan mense raak (De Villiers 1986:19; 5.2.1), is dit duidelik dat daar in hierdie geval teenstrydighede tussen self- en heterovoorstelling is.

Daar is 'n kort verwysing na "Dalene Matthee's tragic elephant-and-woodcutter pastorale" in Benson en Connoly (2004:841) se *Encyclopedia of post-colonial literatures in English* as die werk beskryf word as een van die "versions of paradise [that] continue to inform South African's inscriptions of their place on the land".

Warnes verwys in *The Cambridge companion to the African novel* (Irele, 2009:80) ook na Matthee as hy skryf dat vroueskrywers goed verteenwoordig was in die tydperk 1982–2003: "Dalene Matthee produced a number of very popular historical romances."

Die enigste verwysing na Matthee in Chapman en Lenta se literatuurgeskiedenis, *SA Lit beyond 2000* (2011), word aangetref in 'n paragraaf waarin Wylie (2011:366) Matthee se werk as voorbeelde noem van tekste waarin diere 'n sentrale rol speel.

[110] Hierdie hoofstuk kom onveranderd voor in die 2016-hersiene uitgawe van *Perspektief en profiel* (Deel 2) (kyk Van Niekerk, 2016:3–128).

In die 2016-hersiene uitgawe van *Perspektief en profiel* (Deel 2) (Van Coller, 2016a:770–786) is Jooste se bydrae oor Dalene Matthee deur Senekal hersien met onder meer die byvoeging van besprekings van Matthee se latere romans, *Pieternella van die Kaap* (2000), *Toorbos* (2003) en *Die uitgespoeldes* (2005), asook die kortverhaalbundel *Om 'n man te koop* (2007), wat uit 'n versameling van Matthee se eerste kortverhale bestaan. Hierdie verhale het in die 1960's en 1970's in *Huisgenoot* en *Sarie* verskyn (Jooste & Senekal, 2016:784).

Deur sy verwysing na haar intensiewe navorsing oor die Bos en die persoonlike verhouding wat sy met die Bos ontwikkel het, skets Jooste (1998:673) Matthee as ekoloog:

> In die vroeë dae van die bosromans het die brug tussen die werklike bos en die literêre tekste lesers geprikkel om die Knysnabos te leer ken. […]. Hierdie invloed wat van die literêre teks op die werklikheid uitgegaan het, is ongewoon in Afrikaans.

Wat die intrinsieke (stilistiese en strukturele) eienskappe van *Kringe in 'n Bos* betref, fokus Jooste (1998:674–675) hoofsaaklik op ruimtelike en mimetiese aspekte (die Bos as magiese ruimte) en die oorsteek van die grens tussen natuur ("die Bos as simbool van die geheimsinnige en gevaarlike natuur") en die mensgemaakte omgewing.

Die kanonisering van Dalene Matthee in *Perspektief en profiel* geskied aan die hand van 'n hoofsaaklik referensieel literêre posisionering, wat soos volg opgesom word:

> Binne die kader van 'goeie gewilde prosa' is Dalene Matthee een van die groot name in Afrikaans. Haar werk toon 'n volgehoue simpatie met die Afrikaanse mens en sy eienaardighede, en haar bydrae om leesbare Afrikaanse tekste te voorsien kan as 'n groot diens aan die Afrikaanse leeskultuur beskou word. Sy het ook deur die vertalings van haar werke 'n wêreldwye reikwydte: […] (Jooste & Senekal, 2016:784).

5.3.6 Literêre pryse

In die bespreking van Van Rees en Dorleijn (1993:18) se institusionele benadering is gewys op die belang van erkenning as 'n vorm van simboliese kapitaal (kyk 3.4.2). Die ATKV-prosaprys vir 1984 is op Saterdag 20 April 1985 in die Hotel Braamfontein, Johannesburg, aan Dalene Matthee oorhandig. Een-en-twintig boeke is deur sewe uitgewerye vir die prys genomineer. Die beoordelaarspaneel het bestaan uit twee letterkundiges (Hennie van Coller en Henriëtte Roos), 'n gevestigde skrywer (Dolf van Niekerk), 'n verteenwoordiger van die kommunikasiemedia (Ruda Landman) en 'n biblioteekkundige (J.C. Cronjé).

Op die program van die toekenningsaand is die keuringsprosedure soos volg uiteengesit:

> Die beoordelaars werk onafhanklik van mekaar. Elke beoordelaar nomineer vyf boeke en rangskik hulle in volgorde van meriete. Aan elkeen van die boeke word punte toegeken en die boek wat by die vyf beoordelaars gesamentlik die meeste punte behaal, is die pryswenner (ATKV, 1985:s.bl.).

Met ’n prysgeld van R10 000 was die ATKV-prosaprys, naas die Luyt-prys van R15 000, op daardie stadium die grootste literêre prys in Suid-Afrika (kyk 4.2.4.4). Die kontantbedrag van R10 000 is soos volg verdeel:

- R5 000 tydens die prysoorhandiging, en
- R5 000 by die goedkeuring deur die ATKV van ’n projek wat deur die wenner aangepak word en wat ten doel het die ontwikkeling van sy/haar skryfvermoë (ATKV, 1985:s.bl.)

Volgens ’n berig in *Die Burger* (1985:3) is *Kringe in ’n Bos* eenparig gekies omdat dit oorspronklik is, end-uit boei en omdat die verhaal op ’n leesbare wyse vertel word.[111]

In die onderstaande tabel word, benewens die ATKV-prosaprys vir *Kringe in ’n Bos*, ook die pryse wat Dalene Matthee vir haar werk as ekoloog ontvang het, aangedui.

Tabel 5.3: Dalene Matthee en *Kringe in ’n Bos:* pryse en toekennings

Jaar	Toekenning	Kriteria op grond waarvan prys of eerbewys toegeken is	Hoe lank na publikasie toegeken?
1985	Eerste ontvanger van die ATKV-prosaprys vir ligte, gewilde prosa	Vir die beste gewilde prosawerk wat gedurende die voorafgaande kalenderjaar verskyn het (ATKV, 1985:s.bl.)	1 jaar
1986	Erepenning, Studenteraad, Universiteit van Pretoria	"[V]ir haar beduidende bydrae tot die mense van Suid-Afrika" (*dalenematthee.co.za,* s.j.:s.bl.)	2 jaar
1986 2004	Die Departement Boswese van die Suider-Afrikaanse Instituut van Boswese-toekenning	"[V]ir haar werk oor die Knysna-bos, die vroeë houtkappersgemeenskap en die ontwikkeling van die houtbedryf op Knysna" (*dalenematthee.co.za,* s.j.:s.bl.)	2 jaar 20 jaar
1993	Stab-toekenning (Stiftung für Abendländische Besinnung), Zurich, Switserland	Hierdie toekenning word gemaak vir "beduidende bydrae tot die ontwikkeling van die Westerse kultuur" (*dalenematthee.co.za*, s.j.:s.bl.). Volgens ’n berig in *Die Burger* (1992:8) het Matthee hierdie toekenning in Switserland ontvang vir haar "vir haar warm en kragtige romans wat uitdrukking gee aan haar betrokkenheid by die bedreigde omgewing en iedere mens se fundamentele reg tot sy kulturele identiteit". Heyns (1995:62) noem dat hierdie prys van ongeveer R45 000 gewoonlik aan Switserse burgers toegeken word en dat die toekenning daarvan aan Matthee dus as ’n baie groot eer beskou kan word.	9 jaar
2007	Die SA literêre toekenning (postuum), Departement Kuns en Kultuur (postuum)		23 jaar
2015	Sanlam Knysna Awards (postuum)	"Ter erkenning van haar uitsonderlike bydrae tot Knysna se gemeenskap en die verstaan van sy geskiedenis en mense wat Suid-Afrika se letterkundige erfenis verryk het" (*dalenematthee.co.za,* s.j.:s.bl.*).*	31 jaar

[111] Volgens die ATKV (Naudé, 2019b:s.bl.) is die beoordelaarskommentaar van 1985, wat deur prof. H.P. van Coller gelewer is (Van der Westhuizen, 2004:152), ongelukkig nie meer beskikbaar nie.

Uit die bostaande tabel word die afleiding gemaak dat ook die keurders, prysborge en instansies wat Matthee as ontvanger van die bogenoemde toekennings benoem het, haar referensieel literêr (as 'verteller van waarheid') geposisioneer het.

5.3.7 Vertalings

Vroeër in hierdie hoofstuk (kyk 5.1; 5.3.2.4) is vermeld dat die vertaalregte van *Kringe in 'n Bos* op 'n boekefees in Frankfurt aan Amerika, Duitsland, Frankryk, Italië, Swede, Israel, Argentinië en Engeland verkoop is vóórdat die manuskrip in Afrikaans verskyn het (Prinsloo, 1984a:1). Drie Engelse weergawes is in Brittanje, Amerika en Israel gepubliseer (Van der Westhuizen, 2004:150).

Soos wat dit uit die bespreking in 4.2.4.7i aan die lig gekom het, is die vertaling van kulturele identiteit – 'n aspek nou verbonde aan beeldvorming – problematies (Cloete & Wenzel, 2007:2). Laasgenoemde outeurs (ibid.) konstateer dat aangesien Matthee self die Afrikaanse teks in Engels vertaal het, sy as vertaler dus "'n onverbeterlike begrip van die verskillende betekenisvlakke en die oogmerke van die bronteks gehad" het. Daar is ook nie sprake van "[d]ie normale afstand tussen outeur en verteller" nie en die kulturele erfenis van die Bos-etos vanuit die bronteks word derhalwe op geslaagde wyse na die Engelse vertaling oorgedra:

> As a native from this region, Matthee recreates or 'transposes' the natural forest into a language infused with cultural, regional and colloquial nuances. She thereby manages to capture the cultural idiosyncracies and ideological beliefs of the foresters and woodcutters and their environment (Cloete & Wenzel, 2007:2–3).

Cilliers (1984a:6) voel egter dat die Engels "kol-kol […] sonder die gemaklike gang van die Afrikaans" beweeg. Tog maak die vertaling, volgens haar, "dieselfde dwingende aanspraak op die leser se aandag as die oorspronklike".

Ten einde die teks meer toeganklik vir die Engelse teikenmark te maak (en ook om as bronteks vir ander vertalings te dien), het Matthee van verduidelikende voetnote gebruik gemaak (Cloete & Wenzel, 2007:16).

Die Engelse vertaling, wat op 14 September 1984 vrygestel is (Sboros. 1984:5), is deur 'n hele aantal boekaankondigings of kort resensies in Engelse koerante bekendgestel. Die mediaprodukte wat bekom kon word waarin resensies van die Engelse vertaling verskyn het, is reeds in Tabel 5.1 aangedui. In die onderstaande tabel word 'n opsomming van die tipes argumente/literatuurbeskouings, waardeoordele en posisionering deur resensente, joernaliste, essayiste en akademiese kritici in hul beoordeling van *Circles in a Forest* verskaf.

Tabel 5.4: *Circles in a Forest*: opsomming van argumente, waardeoordele en literêre posisionering

Resensent[112]	Tipe argument (of fokus van resensie)	Waardeoordeel	Posisionering
Cilliers, Cecile (1984a:6)	Vertalingsaspekte	Positief	Outonoom literêr ("dwingende aanspraak op die leser se aandag […]")
Hobbs, Jenny (1984:15)	Realisties Struktureel Kritiek teen sommige aspekte van die vertaling	Positief	Referensieel literêr
Karp, Mike (1985:2)	Intertekstualiteit Strukturele aspekte	Positief	Stel kanonisering in die vooruitsig ("Her novel is likely to be regarded as a modern classic of South African literature")
Le Grange, Carina (1984:6)	Realisties Verskaf ook inligting oor Matthee, die persoon	Positief	Referensieel literêr Stel kanonisering in die vooruitsig ("unknown author Dalene Matthee is set to become one of the most successful novelists in South Africa")
RNR [113](1984:12)	Realisties (natuurbewaring)	Positief	Referensieel literêr
Sboros, Marika (1984:5)	Realisties Verskaf ook inligting oor Matthee, die persoon	Positief	Referensieel literêr
Smith, Cyrus (1984:6)	Realisties (natuurbewaring	Positief	Referensieel literêr

In die Duitse vertaling, *Unter dem Kalanderbaum* (1985), word die kulturele realiteit (*realia*), volgens Cloete en Wenzel (2007), egter nie so suksesvol vertaal nie. Dat die vertaler verantwoordelik vir hierdie vertaling, Gisela Stege, 'n bewese reputasie as vertaler het, spreek uit die feit dat sy ook die vertaling van verskeie van Salman Rushdie se romans behartig het (Cloete & Wenzel, 2007:16). Soos in 4.2.4.7i genoem, noodsaak vertaling tussen kulture gewoonlik 'n keuse tussen twee basiese vertalingstrategieë, naamlik domestikering of vervreemding. In hul artikel kom Cloete en Wenzel (2007:2) tot die slotsom dat Stege "in probleemgevalle haar toevlug geneem het tot ontlening ten einde vertaling te vermy en dit blyk dat die meeste gevalle van definitiewe vertaalfoute […] toegeskryf kan word aan Stege se gebrekkige kennis van die Suid-Afrikaanse konteks":

> It is evident, though, that Stege lacks in-depth knowledge of both South African culture and the South African landscape; a fact that she admits when she claims to having had very little knowledge of Afrikaans and a 'little reading knowledge of Dutch' which enabled her to refer to the Afrikaans text for further validation […] (Cloete & Wenzel, 2007:16).

[112] In alfabetiese volgorde
[113] Onbekende joernalis vir *The Star* (kyk Tabel 5.1)

Majoor (1999:88–89) het heelwat kritiek uitgespreek teen die Nederlandse vertaling, *Kringen in een bos* (1999), deur Rika Vliek. Op grond van die gebruik van woorde wat vir "de lezer vreemd en een tikje ouderwets in de oren klinken", asook sinskonstruksies wat in sommige gevalle (te) dig aan Afrikaans is, maak Majoor (1999:89) die afleiding dat die vertaler nie daagliks in kontak met die Nederlandse taal is nie. Afgesien van die feit dat die dialek van die Knysnahoutkappers by die Nederlandse vertaling wegval, dra die "Afrikanisering" van die taal, volgens Majoor, tóg by tot die "sfeer" waarbinne die teks geskep is en kan die afleiding dus gemaak word dat die Nederlandse vertaling die etos van sowel die boek as die skrywer slegs in geringe mate beïnvloed aangesien die werklike outeur se perspektief die teks betree (kyk 5.3.1.4).

5.3.8 Films en toneelstukke

Kort na die publikasie van *Kringe in 'n Bos* skryf Slabber (1984:31) in *Rapport*: "As ek 'n filmmaker met genoeg geld was, sou ek nog vandag planne begin maak om Dalene Matthee se *Kringe in 'n Bos* te verfilm." As moontlike regisseur vir "so 'n ryk geskakeerde verhaal" noem Slabber "grotes" soos Annie Basson, Jan Scholtz, Manie van Rensburg, Elmo de Witt, Tommie Meyer, Regardt van den Bergh, Jamie Uys, Daan Retief, Emil Nofal, Jans Rautenbach, Katinka Heyns en die "nuwer garde" soos Nic de Jager, Merwede van der Merwe en Stephan Bouwer. As akteurs wat hy sou kies om die Bos-mense en die Knysnadorpsmense te speel, noem Slabber die name van Annelisa Weiland, Sandra Kotzé, Marius Weyers, Cobus Rossouw, Christo Gerlach, Babs Laker, Jana Cilliers, Amanda Strydom, Sandra Prinsloo, Wilna Snyman, Wilma Stockenström, Danny Keogh, Grethe Fox, Annie Basson, Trix Pienaar, Sam Marais, George Ballot, Ronnie Belcher, Paul Slabolepszy, Aletta Bezuidenhout, Anneline Kriel, Bill Flynn en Anette Engelbrecht. Vir die hoofrol van Saul Barnard sou die regisseur egter "'n heel nuwe gesig moe[s] gaan soek, want Dalene Matthee het hier vir ons 'n heel nuwe held in die Afrikaanse letterkunde gebring":

> Hy sal iemand wees met heelwat van die kwaliteite in hom van 'n Lochner de Kock, 'n skoot Hans Strydom en 'n sterk trek van Martin Dreyer. Maar was dit 'n dekade of twee gelede, dan was dit uitgeknip Marius Weyers se rol … (Slabber, 1984:31).

Die feit dat Matthee se naam só vroeg in haar skrywersloopbaan reeds in dieselfde asem as dié van gerekende akteurs genoem word, moes uiteraard 'n invloed op die beeldvorming van sowel die literêre werk, *Kringe in 'n Bos*, as die skrywer, Dalene Matthee, gehad het.

Nadat Philo Pieterse-produksies die rolprentregte verkry het (Vinassa, 1985:3), is *Kringe in 'n Bos* in 1989 onder die titel *Circles in a Forest* deur Fabrice Ziolkowski en Luli Bartzman onder die regisseurskap van Regardt van den Bergh verfilm (Heyns, 1995:168; Schoombie, 1988:2; Van der Merwe, 2018:40). In die rolverdeling was akteurs soos Arnold Vosloo (Saul

Barnard), Judi Trott (Kate MacDonald), Ian Bannen (MacDonald) en Brion James (Mr. Patterson) (Jooste & Senekal, 2016:773). In *Die Burger* van 29 Oktober 1987 word belangstellendes wat graag deel van die rolverdeling sou wou wees, aangemoedig om foto's met persoonlike besonderhede by die Knysna Publisiteitsvereniging in te lewer, "veral interessante gesigte en bebaarde mans" (*Die Burger*, 1987:21). Vir die verfilming, wat vier maande geduur het, is drie afgerigte olifante per skip uit Amerika ingevoer (Hough, 1987:25; *Lantern*, 1990:80). Ook die twee draaiboekskrywers, "lektore in die skryf van draaiboeke" (Hough, 1987:25), het uit Amerika gekom. Volgens Van den Bergh (Schoombie, 1988:2) is daar nie gepoog om 'n dokumentêr van die boek te maak nie: "Die fliek sal dalk 'n paar verrassende wendings inhou vir diegene wat die boek goed ken. Ek hoop dat 'n interessante polemiek daaruit sal kom. Die rolprentmedium stel sy eie eise, en dit is nie dieselfde as dié wat fiksie stel nie." Heyns (1995:168) noem dat die filmweergawe egter oorwegend negatief ontvang is – "hoofsaaklik weens die feit dat dit vir die oorsese mark verfilm is en heelwat van die teksinhoud daardeur verlore gegaan het".

Dit blyk dat daar nou wel die vooruitsig is om *Kringe in 'n Bos* as 'n Afrikaanse film uit te reik (Van der Merwe, 2018:40). Volgens Danie Bester (ibid.), medevervaardiger van 'n nuwe rolprentweergawe van *Fiela se kind*, sal Matthee se boeke dus aan 'n hele nuwe generasie bekendgestel word. Die verfilming van *Toorbos* het ook in Mei 2018 begin. Die vervaardiger van hierdie rolprentweergawe van die roman is André Scholtz (*artslink.co.za*, 2018:s.bl.).

Kringe in 'n Bos is ook op die verhoog opgevoer – die eerste keer tussen Julie en September 1987 in Bloemfontein en op die Vrystaatse platteland onder spelleiding van Peet van Rensburg. Van Rensburg (*Die Volksblad*, 1987:8) wys op die problematiek verbonde aan die verwerking van 'n roman vir die verhoog: "Die gevaar bestaan dat die verhoogweergawe daarvan die oorspronklike kunswerk struktureel so kan verwring dat die inherente trefkrag van die boek verlore gaan […]". Daarom is besluit dat die verhoogweergawe niks meer sal wees "as 'n tematiese oopsluiting van die boek nie". Van Rensburg (ibid.) verklaar dat 'n "realistiese voorstelling van die tydruimtelike van die verhaal […] nie net oorbodig [is] nie, maar ook onwenslik, veral omdat al die gebeure en karakters slegs as indrukke in Saul Barnard (Paul Lückhoff) se geheue bestaan".

Kringe in 'n Bos is in 1988 ook deur NARUK opgevoer. Met die 1989 speelvak by Truk, steeds met Paul Lückhoff in die hoofrol, was die stuk so gewild dat albei speelvakke so te sê uitverkoop was en 'n derde speelvak van sowat 130 opvoerings onder spelleiding van Louis van Niekerk in 1991 plaasgevind het (*Die Transvaler*, 1991:6; Groenewald, 1989:2). 'n

Bydraende faktor tot die gewildheid van die opvoerings was die feit dat die teks vir sowel Engels- as Afrikaanssprekende hoërskoolleerlinge voorgeskryf was (*Die Transvaler*, 1991:6).

5.3.9 Opvoedkundige instellings[114]

Die feit dat *Kringe in 'n Bos* herhaaldelik tussen 1984 en 2017 deur die Departement van Onderwys voorgeskryf is vir die literêre komponent van Afrikaans as eerste/huistaal in graad 11 en 12 (vroeër standerd 9 en 10), het uiteraard 'n reuse-invloed op verkope gehad. As redes vir die keuse van hierdie boek, noem Fairer-Wessels (2010:135) die feit dat die werk kwessies aanspreek wat hedendaags steeds ter sake is. Scholtz (2001:3) wys daarop dat die vroeëre Afrikaanse skrywers, ooreenkomstig samelewingswaardes, "baie spesifieke en beperkende identiteite volgens lidmaatskap tot 'n rassegroep aan mense toegeskryf het, of eintlik *voorgeskryf* het" [oorspronklike kursivering]. Daarom is dit, volgens haar (2001:7), "belangrik om in die huidige Suid-Afrikaanse konteks die 'streng sensuur van anti-rassisme' – en ook anti-seksisme, ens. […] op voorgeskrewe letterkunde toe te pas". In haar bespreking van die etnisiteit in *Kringe in 'n Bos* noem Scholtz (2001:23) dat die hooftema, ("die skewe sirkel") in die vorm van 'n klassestryd tussen twee etniese groepe belig word. Etnisiteit word hier deur taal begrens en slegs die onderskeid tussen Engelse en Afrikaners word eksplisiet bevraagteken (Scholtz, 2001:50). Verdere klasseverdelings kry, aldus Scholtz (2001:23), minder aandag en word nie bevraagteken nie. Die enigste groep wat nog 'n laer status as die blanke Afrikaners het, is die karakters van kleur. Benewens die feit dat die boek, as middelmootliteratuur, nie té moeilik is nie, is dit dus ook nie té polities betrokke nie.

5.3.10 Intertekstualiteit

In die besprekings in 3.2 en 4.3iii is reeds genoem dat akteurs in die literêre veld nie in isolasie bestaan nie en dat daar altyd 'n bepaalde verhouding tussen akteurs, uit sowel die verlede as die hede, bestaan. Deur middel van intertekstualiteit en vermeldings word hierdie verhouding eksplisiet deur 'n akteur aangedui, kan die kritikus 'n oordeel vel en kan 'n skrywer of teks gekarakteriseer word (Bonthuys, 2016:83).

Soos vroeër vermeld, is Matthee 'n regstreekse afstammeling van die Skotse skrywer sir Walter Scott. Deurdat hierdie stukkie inligting as paratekstuele element in die boek vermeld word en ook in talle onderhoude en artikels opgehaal word, word dit 'n onderdeel van Matthee se beeldvorming. Scott (1771—1832), wat sewentig romans geskryf het (Van der

[114] In 1986 verskyn daar 'n blokboek waarin *Kringe in 'n Bos* deur dr. G.A. Jooste behandel word (*Die Transvaler*, 1986:21). Kyk ook Scholtz (2001) se magisterverhandeling.

Westhuizen, 2004:151), word algemeen as die grondlegger van die moderne historiese roman aanvaar. In sy boek *The American historical romance* skryf Dekker (1987:62) die volgende: "Inspired by Scott's affectionate, indeed patriotic, evocations of the scenes and manners of old Scotland, American historical romancers turned to the histories of their own states and regions for the matter of their fictions." Daar is dus ook op die gebied van die genre[115] en tematiek – "the interweaving of fictional plots with historical events" (Dekker, 1987:8) – 'n verband tussen Scott en Matthee se werk. Soos haar voorsaat het Matthee ook graag die plekke besoek waaroor sy geskryf het (Van der Westhuizen, 2004:151).

Aangesien daar in die voorstelling van Matthee dikwels ook na ander skrywers en hul tekste verwys is, word sodanige verwysings in tabelvorm aangedui ten einde 'n beter oorsig te verkry.

Tabel 5.5: Dalene Matthee en *Kringe in 'n Bos*: intertekstualiteitsverhoudings

Intertekstualiteits-verhouding	**Deur wie word die verhouding aangedui?**	**Met watter skrywer of watter teks word Matthee en haar werk (*Kringe in 'n Bos*) vergelyk?**
Tematiek	Kannemeyer, J.C. (1988:396)	Herman Melville se *Moby Dick* (1851)
		Ernest Hemingway se *The old man and the sea* (1951)
		N.P. van Wyk Louw se gedig "Die swart luiperd" (1942)
		I.D. du Plessis se *Ballade van die eensame seeman* (1949)
	Brink, André P. (1984:31)	Jack London[116] se *Call of the wild* (1903)
		Ernest Hemingway se *The old man and the sea* (1951)
Ruimte	Kannemeyer, J.C. (1988:396)	Vroeë werke van Helmüth Luttig
		Vroeë werke van Jan H. du Preez
Plek in die Suid-Afrikaanse literêre sisteem	Van der Merwe, Annari (2018:39)	C.J. Langenhoven
Genre	Van Niekerk, Danie (Grundling, 2005:s.bl.)	Marita van der Vyver
		Etienne van Heerden
Literêre gehalte	Van Zyl, Wium (Azar-Luxton, 2005:19)	C.J. Langenhoven
	Hambidge, Joan (1983:5)	Hennie Aucamp
		Abraham H. de Vries
	Karp, Mike (1985:2)	Pauline Smith
Werk word as "groeipunt in Afrikaans" bestempel	Brink, André P. (Grundling, 2005:s.bl.)	Dan Sleigh[117]
		Marlene van Niekerk
Sukses Populariteit Verkoopsgetalle	Van der Merwe, Annari (2018:39). Helize van Vuuren (Grundling, 2005:s.bl.)	J.K. Rowling
	Van Niekerk, Danie (Grundling, 2005:s.bl.)	C.J. Langenhoven

[115] Fiedler (1960:164) wys op die "middlebrow imagination" in Scott se werk.

[116] Na bewering was dit Matthee se droom om 'n kortverhaal van dieselfde gehalte as dié van Jack London te skryf (Knox, 1984:71).

[117] Dan Sleigh was vir jare Matthee se hoofnavorser en hy het selfs saam met haar na Mauritius gereis. Volgens Botha (Grundling (2005:s.bl.) het die ondervinding om saam met Matthee te werk hom aangespoor om *Eilande* (2002) te skryf.

Uit die voorgaande tabel kan die volgende afleidings gemaak word:

- Alhoewel Matthee se skryfwerk binne die konteks van sowel nasionale as internasionale voorgangers geplaas word, is daar in die vergelykings nie werklik spesifieke verwysings na ’n poëtika waarin klem op die talige aspek van die literêre werk geplaas word nie en is die intertekstualiteitsverhoudings, na my mening, nie werklik aanduiders van ’n outonoom literêre posisionering nie.
- Die oorgrote meerderheid van die intertekstualiteitsverhoudings is gebaseer op gedeelde werklikheids- en ervaringsaspekte in die aangeduide tekste, wat dus aanduiders van ’n referensieel literêre posisionering is.
- Soos reeds genoem (kyk 4.3iii), is ’n positiewe posisionering in die veld ten nouste verbonde aan ’n geartikuleerde strewe na uitsonderlikheid en kanonisering. Die vergelyking met ander skrywers dien as bewys van sodanige strewe. Alhoewel die vergelyking, soos hierbo aangetoon, hoofsaaklik deur ander agente en nie deur die skrywer getref word nie, is daar tóg by Matthee self ook ’n drang tot *aemulatio* te bemerk. Hierdie drang om te oortref kan afgelei word uit twee insidente waarna vroeër in hierdie hoofstuk verwys is: Amanda Botha se verwysing na Matthee se “spog” dat “niemand ’n storie soos Matthee kan skryf nie” en ook die voorspelling “dat haar boek ‘die mees gelese boek’ in Afrikaans sou wees” (Van der Merwe, 2018:39).

5.4 Samevatting

Dalene Matthee se skrywersloopbaan ontwikkel aanvanklik stadig, maar met die verskyning van die eerste van haar vier Bosboeke, *Kringe in ’n Bos*, is daar ’n drastiese versnelling in die groei van haar postuur. Vir baie lesers was Matthee tot in daardie stadium ’n onbekende skrywer en het die feit dat sy as’t ware uit die niet verskyn het, tot die wegholsukses van die boek bygedra.

In ’n ondersoek na beeldvorming is die posisionering van ’n skrywer binne ’n bepaalde literêre tradisie – of juis die afwyking daarvan – van groot belang (Van Coller, 2009:134; kyk ook 4.2.4.3vi). Op grond van die toeganklikheid van die teks, die feit dat dit as anti-elitêre “demokratiese” kuns beskou kan word, dat dit ’n ánder soort betrokkenheid as die politieke betrokkenheid van die sestiger- en sewentigerjare vertoon en dat die werk, ten spyte van letterkundiges se kritiek (swart-wit karakterisering, helde-karakters, die liefdesverhaalgegewe) op alle vlakke leesbevrediging verskaf, word *Kringe in ’n Bos* as een van die groeipunte van middelmootliteratuur beskou. Die hoofsaaklik positiewe

waardeoordele wat in resepsieprodukte uitgespreek is, is ’n aanduiding daarvan dat die kritici simpatiek teenoor Matthee se poëtika staan.

As een van die aspekte wat belangrik is in literêre posisionering, is ’n fokus op die houding wat die skrywer vis-à-vis die leser inneem van groot belang (kyk 2.3; 4.3i). By Matthee gaan dit hoofsaaklik oor ’n houding van vertroue. In *Kringe in ’n Bos*, soos in Matthee se totale oeuvre, word die leser binnegenooi as ‘aanskouer van die waarheid’ – ’n aspek wat ooreenstem met die openbare beeld van Matthee as verteller van die waarheid.

Vroeër is verwys na Baert en Booth (2012:113) se bewering dat die moderne opvatting van die openbare intellektueel ’n klomp teenstrydighede bevat (kyk 4.2.3.3). In die geval van Dalene Matthee staan die idee van ‘spreekbuis vir die onderdruktes’ en ‘verteller van die waarheid’ sentraal. Wanneer die geval Matthee in ooreenstemming met die reeds genoemde vier teenstrydighede (Baert en Booth, 2012:113–114) ondersoek word, blyk die spanning tussen haar passie vir geregtigheid en betrokkenheid by bewaring, enersyds, en haar postuur van afsondering, andersyds, baie duidelik. Voorts is daar ook spanning tussen die individuele en die kollektiewe. Daar is ’n onmiskenbare neiging tot individualisme en selfs afsondering, maar terselfdertyd ook die plig om namens ’n groter (kollektiewe) ideaal op te tree.

Die erkenning wat Matthee gedurende haar skrywersloopbaan, en selfs daarná, geniet, is die resultaat van ’n vervlegting van die aspekte van bemiddeling, temporaliteit en verpersoonliking wat, volgens Heinich (2009:5–6), deel uitmaak van die artistieke gebeurtenis – ’n gebeurtenis wat afhanklik is van die uitsonderlikheid van die kunstenaar (kyk 3.5).

- Bemiddeling

Soos wat dit uit hierdie hoofstuk aan die lig gekom het, is daar maksimaal gebruik gemaak van bemarkingstrategieë – ook ten opsigte van die teksversorging – die optimale ontginning van Matthee se oeuvre en die beïnvloeding van resepsie. In die ondersoek na die resepsieprodukte wat na aanleiding van *Kringe in ’n Bos* verskyn het, het dit aan die lig gekom dat daar besliste aanduidings van ‘orkestrasie’ in die bemarkingsproses was. Voorbeelde hiervan is ’n koerantberig waarin daar reeds vóór die publikasie van die boek na die uitgebreide vertaalregte verwys is en artikels (met groot kleurfoto’s) waarin daar spesifiek op die bewaringsaspek van die boek gefokus is. Sodanige eksterne faktore dui uiteraard op ’n wisselwerking tussen verskillende rolspelers in die literêre veld, met spesifieke verwysing na die uitgewershuis en die media.

- Temporaliteit

Ná die sukses van *Kringe in ’n Bos* het Matthee haar posisie in die Afrikaanse literêre sisteem behou en is dit selfs verbeter deur die publikasie van nog drie Bosboeke. Indien *Kringe in ’n Bos* as ’n Afrikaanse film uitgereik word, ’n projek wat tans in die vooruitsig gestel word (Van der Merwe, 2018:40), sal Matthee se boeke weer aan ’n hele nuwe generasie bekendgestel word. Ná Matthee se dood word die posisie wat sy in die literêre sisteem ingeneem en beklee het nie net deur die voortgesette publikasie van haar werk verseker nie, maar ook deur die wyses waarop sy (as ekoloog) gehuldig word. Dalene Matthee se laaste rusplek is by Krisjan-se-Nek, een van haar mees geliefde plekke in die Knysnabos. Op ’n voorstel van mnr. Kitto Erasmus, voormalige streekdirekteur van Omgewingsake, is daar ’n gedenksteen vir Matthee in die bos opgerig. Die oprigting van die gedenksteen was ’n gesamentlike onderneming van die Matthee-kinders, SA Nasionale Parke (Sanparke) en Tafelberg Uitgewers. Die groot geelhoutboom by Krisjan-se-Nek, wat meer as 880 jaar oud is, staan nou bekend as die Dalene Matthee Big Tree en die roete wat voorheen as die Woodcutter’s Trail bekendgestaan het, is met die inhuldiging van die gedenksteen na die Kringe in ’n Bos-roete herdoop (*dalenematthee.co.za,* s.j.:s.bl.).[118]

- Verpersoonliking

Uit sowel self- as heterovoorstelling kan afgelei word dat daar groot ooreenstemming is tussen Dalene Matthee, die persoon, die ‘verteller van waarheid’ en haar poëtika, wat op grond van die realistiese en pragmatiese aspekte daarvan as mimeties-pragmaties geklassifiseer kan word. Van Coller (2018:13) stel dat lewe en skryf kwalik van mekaar geskei kan word. Uit die voorafgaande hoofstuk blyk dit duidelik dat Matthee veral deur die woord dien.

[118] Kyk ook “Dalene Matthee gedenksteen onthulling” (SAUK, 2011).

HOOFSTUK 6

MARITA VAN DER VYVER: *GRIET SKRYF 'N SPROKIE* (1992)

6.1 Inleiding

By geleentheid is aan Marita van der Vyver gevra wie haar fiksiehelde is. "*Hansie en Grietjie* se Grietjie", het sy geantwoord, "omdat sy nie 'n passiewe sprokiesheldin is nie, maar haarself en haar boetie red; Lewis Carrol se Alice omdat sy so nuuskierig is; Virginia Woolf se Orlando omdat hy/sy manlik en vroulik is en boonop in verskeie tydperke lewe" (*Beeld*, 2012:4).

Van der Vyver se fassinasie met sprokies begin reeds vóór die publikasie van haar trefferroman, *Griet skryf 'n sprokie* (1992). In 1983, toe sy by *Leserskring* gewerk het (Van der Vyver, 2019), moes sy ná ure vir Leon Rousseau navorsing oor sprokies doen: "Dit het my heeltemal 'oorgeneem', sodat ek later in sprokies begin droom het! […]. Dit het onder die oppervlak bly vassteek totdat dit later soos 'n damwal gebars het en in *Griet skryf 'n sprokie* geëindig het" (W. Pretorius, 1992b:6). Uit die aanhaling "*life often imitates art*" wat Van der Vyver in 'n onderhoud met Dempers (2010:11 [oorspronklike kursivering]) gebruik het, kan afgelei word dat sprokies nie slegs hul verskyning in haar werk maak nie, maar dat die lewe van die "vlees-en-bloed Marita" ook "'n koers ingeslaan het wat soos 'n storie klink" (ibid.). In die media word Van der Vyver se lewe dus dikwels in terme van 'n sprokie beskryf: "'n Mens kry die gevoel dat Marita se lewe dikwels regstreeks of onregstreeks verweef is met haar stories. […]. En jy kan vergewe word as jy dink dat sy 'n sprokieslewe lei" (Retief, 2006:14). In 'n onderhoud met Fitzpatrick (2008:11) word Van der Vyver soos volg aangehaal: "'[…] soms gebeur goed met my nadat ek dit geskryf het. Amper soos selfvervullende profesieë. Dit maak mens amper bang.'" Tog is dit juis 'n voorstelling wat deur die skrywer self gepropageer word en word dit een van die belangrikste selfvoorstellings in haar beeldvorming: die Franse held, die banneling uit die vreemde, die aantreklike kok en die toerleier en reisiger na eksotiese bestemmings.

In die rekonstruksie van Marita van der Vyver se beeld word van haar debuutroman, *Griet skryf 'n sprokie* (1992), gebruik gemaak. Aangesien daar in hierdie outobiografiese roman (Van Coller, 2016b:847) op vraagstukke met betrekking tot identiteit[119] gefokus word, bied hierdie teks 'n waardevolle blik op Van der Vyver se begrip van die self.

[119] Kyk Jansen (2003).

Die roman vertel die verhaal van Griet Swart, wat, as ’n gevolg van die traumatiese belewing van miskrame, kindersterftes en ’n egskeiding, daartoe gedryf word om een aand haar kop in ’n gasoond te druk. ’n Dooie kakkerlak in die oond red haar en vir die res van die aand maak sy die oond skoon. Griet se “shrink” raai haar aan om oor haar ervarings te skryf: “En só kry die storie van Griet gestalte, ’n storie van seerkry en woede, maar verlig deur haar onvernietigbare sin vir humor” (*Maroela Media*, 2011:s.bl.). Op haar pad na genesing bly Griet glo in ’n wonder – “dat sy, soos Grietjie, aan die behekste donkerbos sal ontkom, en dat sy haar prins sal vind” (ibid.). In die woorde van Van Coller (1992:6) speel die besoeker met die veelseggende naam, Adam, ’n belangrike rol in dié bevryding:

> Hy is nie net die *gestuurde Gabriël* wat haar leer wat ’n *Angel visit* (p.103) beteken nie. Saam met hom beleef sy ongekompliseerde seks, herwin sy vir ’n kortstondige wyle die paradyslike onskuld wat sy verloor het, maar vind veral weer vertroue in die manlike geslag omdat hy haar as vrou erken – ook as biologies gedetermineerde mens. Nou is sy psigies gereed om die miskende Jans te sien vir wat hy werklik is – ’n *prins* in die eietydse gedaante van die sprokiespadda […] (Van Coller, 1992:6 [oorspronklike kursivering]).

Met die woorde “Die prinses moenie in ’n kis lê en wag nie”, is die publikasie van Marita van der Vyver se debuutroman (vir volwassenes) in die *Vrye Weekblad* aangekondig (Terreblanche, 1991:12): “Volgens diegene wat dit reeds onder oë gehad het, voorspel dit groot dinge – vir die boek sowel as die skrywer.” Dit het nie lank geduur voordat hierdie voorspelling uit talle oorde en in talle resepsieprodukte[120] bevestig is nie. In die Afrikaanse uitgewersbedryf is geskiedenis gemaak toe 6 000 kopieë van die boek binne vier dae verkoop is (Greeff, 1993:42) en die boek vir ’n volle jaar lank op die toptientrefferlys vir Afrikaanse fiksie van die CNA gebly het (*Beeld*, 1993:4). Hambidge (2001:4) reken dat hierdie roman (tot in daardie stadium) waarskynlik die grootste “*bestseller*” nóg in Afrikaans was. In die aanvanklike aankondigings en in die eerste resensies is die boek veral om twee redes as uitsonderlik bestempel: eerstens, die feit dat die boek geskryf is “in ’n soort Afrikaans wat mense praat, wat nie maklik in boeke gevind word nie”, maar dan ook veral omdat daar in die roman “van dinge gepraat [word] wat nog nie voorheen in Afrikaans beskryf is nie” (Du Plooy, 1992:31). Volgens Hambidge (2001:4) is temas soos “vroulike masturbasie, ’n ongelukkige huwelik, trauma rondom persoonlike verhoudings en verliese […] nog nooit so oop en pront in Afrikaans beskryf nie”. Skielik was die naam Marita van der Vyver op almal se lippe en het sy “binne ’n paar maande [ge]vorder […] van ’n obskure kinderboekskrywer tot iemand wat as leidraad in ’n *Huisgenoot*-blokkiesraaisel gebruik word” (*Sarie*, 1997:36-37).

[120] Die boek is selfs in die *New Yorker*, wat in sy reklame as “‘the best magazine in the world’” aangebied word, in die rubriek “Recommended Reading” aangeprys en aanbeveel (*Boekewêreld*, 1995c:3).

Griet skryf 'n sprokie is bekroon met drie van die gesogste literêre pryse in Suid-Afrika, naamlik die M-Net-, ATKV- en Eugène Marais-prys (Pretorius, 1997: 8–9; kyk 4.2.4.4; Tabel 6.3). Op grond van die feit dat *Griet skryf 'n sprokie* "die Afrikaner weer aan die lees gekry" het (Hough, 1993b:20), het Van der Vyver ook 'n spesiale toekenning van die CNA ontvang. In 2004 is Van der Vyver aangewys as een van *Rapport/City Press* se "inspirerende vroue" (Grobler, 2004:25) omdat sy daarin geslaag het "om lesers bekend te stel aan wêrelde wat aanvanklik onbegaanbaar gelyk het en só lêplek gekry het in baie harte en siele" (Prins, 2004:3).

Die boek is in verskeie tale vertaal.[121] Die Engelse vertaling, *Entertaining Angels* (1994), is deur die bekende Kaapse joernalis Catherine Knox gedoen (Greeff, 1993:42) en deur die uitgewery Michael Joseph in Engeland en Suid-Afrika versprei (Dedekind, 1993:3). Daar was twee Nederlandse vertalings deur Riet de Jong-Goossens:[122] Eers *Ik zoek een domme man* (1994),[123] wat deur Arbeijderspers uitgegee is en later *Griet schrijft een sprookje* (2003), wat deur Mutinga uitgegee is. Voorts is die boek ook in Frans, Duits, Italiaans, Spaans, Hebreeus, Tseggies, Chinees (die eerste Afrikaanse roman wat in hierdie taal vertaal is) en Yslands vertaal (NB Uitgewers, s.j.-f:s.bl.).

In 1996 is die teks van *Griet skryf 'n sprokie* deur Pierre van Pletzen in 'n verhoogproduksie verwerk. Dit het in Februarie 1997 in die Stadskouburg in Johannesburg geopen en is ook in 1997 tydens die Klein Karoo Nasionale Kunstefees en die Grahamstadse Kunstefees opgevoer met Susan Coetzer in die hoofrol. Ander bekende akteurs wat in dié produksies te sien was, sluit in Christo Compion, Isadora Verwey, Judy le Roux en Hannes van Wyk. Die regisseurs was Lizz Meiring en Hannes Muller (Pretorius, 1997:9).

Die sukses van *Griet skryf 'n sprokie* lees inderdaad soos 'n sprokiesverhaal[124] – "'n soort 'Camelot'-oomblik" (Terreblanche, 1991:12) binne die Afrikaanse literatuurgeskiedenis. Aangesien sprokies soos 'n goue draad deur Van der Vyver se lewe en werk loop, val dit nie vreemd op dat dit deel van haar beeldvorming word nie – 'n voorstelling wat deur die skrywer self bevestig word: "In every article or interview that there is of me in newspapers and magazines in the past fifteen years the word 'fairy tale' (sprokie) always comes in, […]" (Visagie, 2008:169).

---

[121] Van der Vyver het die vertaalregte van die boek behou (Dedekind, 1993:3).
[122] Aangesien die tema van seksualiteit in die Nederlandse literatuur reeds vir 'n geruime tyd breedvoerig beskryf is, was die boek, wat die inhoudelike betref, nie so opspraakwekkend in Nederland nie (Van Beek, 1996:26; vergelyk ook De Jager, 1993a:16).
[123] Kyk ook De Lange (1998:48–55).
[124] Kyk ook kyknettv (2017). Die onderhoud word soos volg geadverteer: "Marita van der Vyver se lewe klink so vol en opwindend soos een van die karakters uit haar eie stories!"

In die ondersoek na Marita van der Vyver se beeldvorming word hoofsaaklik gesteun op Greenblatt (1980) se begrip van selfvorming. Hierdie konsep is reeds beskryf as die vorming van menslike identiteit as 'n kunstig-manipuleerbare proses. Volgens Greenblatt (1980:9) word selfvorming bereik wanneer dit in verhouding met iets wat as vreemd of vyandig beskou word, geplaas word – in die geval van Van der Vyver, persoonlike traumas en die politieke en ideologiese situasie in Suid-Afrika (ook met betrekking tot die patriargale bestel binne die Afrikaanse literatuursisteem; kyk 6.3.1). Ten einde hierdie "threatening Other" aan te val en te vernietig moet dit, volgens Greenblatt (1980:9), ontdek word. In hierdie hoofstuk sal ondersoek ingestel word na die wyse waarop Marita van der Vyver die tradisionele sprokiegegewe as Ander 'ontdek' en dit dekonstrueer in die daarstelling van 'n unieke beeld binne die Afrikaanse literêre veld.

6.2 Biografiese skets

Marita van der Vyver, die oudste kind van Danie en Yvonne van der Vyver, is op 6 Mei 1958 in Mowbray, Kaapstad gebore. Sy bring haar kinderjare in Boston en Welgemoed (Bellville), Lynnwood, Menlopark en Nelspruit deur. In 1975, haar matriekjaar (aan die Hoërskool Nelspruit) en ook die Afrikaanse Eeufeesjaar, wen Van der Vyver 'n landswye digkunswedstryd. As deel van haar prys kon sy vir drie jaar (wat later na vier jaar verleng is) aan 'n universiteit van haar keuse studeer (Van der Vyver, 1987a:1). Volgens Van der Vyver (ibid.) het sy stories geskryf vandat sy die eerste keer leer skryf het en het sy, sedert haar eerste radiostorie op twaalfjarige ouderdom in die program *Siembamba* uitgesaai is, geweet dat sy eendag 'n joernalis (en hopelik later 'n skrywer) sou word: "'Vandat ek 'n pen kon vashou, wou ek stories skryf. Ek was die kind in die straat wat die stories uitgedink het wat die ander kinders gespeel het. […]. As ek honderde jare terug in Afrika geleef het, was ek die storieverteller om die vuur.'" (Fitzpatrick, 2008:11). Dié stories "'[…] was vreeslik geborduur, met woude en woestyne.'" (R. van der Merwe, 1992:32). Reeds as dertienjarige skoolmeisie het Van der Vyver egter ontdek dat stories oor meer as woude en woestyne kan gaan toe sy en haar maats "gegiggel het oor die 'stout stukkies' in *Die Ambassadeur*" en sy "met verwondering" besef dat 'n mens ook in Afrikaans oor seks kan skryf (De Vries, 2015a:4).

Vroeg in haar lewe het Van der Vyver al "'n ding gehad vir Frankryk" (Schoeman, 2013:10). Op hoërskool het sy Frans geneem, maar toe die gesin trek en haar tweede hoërskool nie dié vak aanbied nie, het sy dit op haar eie, sonder 'n onderwyser, as een van haar matriekvakke aangebied (ibid.).

Van der Vyver het aan die Universiteit van Stellenbosch studeer, waar sy in 1978 'n B.A.-graad verwerf het. In 1979 verwerf sy 'n honneursgraad in joernalistiek en 'n paar jaar later, onder prof. Piet Cillie, 'n meestersgraad in joernalistiek met 'n verhandeling oor die groeiende rol van die vrou in die Afrikaanse pers (Greyling, 2011:s.bl.; Van der Vyver, 1987a:1). Ná haar studies het sy vir 'n jaar oorsee gewerk, onder andere as au pair in die suide van Frankryk en as skottelgoedwasser in Londen (ibid.). Met haar terugkeer na haar geboorteland werk Van der Vyver in 1981 en 1982 eers as verslaggewer by *Die Burger* – waar sy op drie-en-twintig eiehandig in beheer van die Stellenbosch-kantoor is – (Rosenthal, 1992:2), in 1983 as kopieskrywer by *Leserskring* en van 1984 tot 1987 as artikelskrywer by *Sarie*. In 1987 wend sy haar tot vryskutwerk om sodoende meer tyd vir haar skryfwerk te hê (Greyling, 2011:s.bl.).

Uit Van der Vyver se eerste huwelik is daar, ná 'n miskraam, 'n gestremde seuntjie gebore. Haar man het 'n hofsaak aanhandig gemaak om ondersoek in te stel na die breinbeserings van die seuntjie wat in 1990 op 'n jaar oorlede is. Weens al die spanning het die huwelik verbrokkel (Rautenbach, 1999:26) en is Van der Vyver en haar man uitmekaar toe die baba drie maande oud was (W. Pretorius, 1992b:6). 'n Seun, Daniël, is op 26 Januarie 1992 buite die eg gebore (R. van der Merwe, 1992:32). Sedert 1999 woon Van der Vyver permanent in Frankryk – tans in 'n klein dorpie in die suide van die land saam met haar Franse man, Alain Claisse, hul dogter, Mia, haar seun, Daniël, en Alain se twee seuns, Thomas en Hugo (Jacobs, 2002:s.bl.; *marita*, s.j.:s.bl.).

Op haar webblad word Van der Vyver beskryf as 'n "heeltydse en veelsydige skrywer vir alle ouderdomme […], met tientalle romans, 'n bundel kortverhale, twee versamelings van humoristiese essays, prenteboeke vir kleuters, talle kortverhale en essays in versamelbundels, en gereelde rubrieke in koerante en in tydskrifte" (*marita*, s.j.:s.bl.), soos byvoorbeeld die "Letterlik"-rubriek in *Vrouekeur*. In 2015 word haar radiodrama "Genade" met die tweede prys bekroon in RSG en Sanlam se radiodrama-skryfkompetisie (RSG, 2016:s.bl.). Sy tree soms self as beoordelaar van skryfwerk op (NB Uitgewers, 2012:s.bl.). Benewens haar eie skryfaktiwiteite, bied Van der Vyver kreatiewe skryfkursusse op die Griekse eiland Lesbos aan en ruim sy tyd in vir oefening (stap, fietsry, dans of joga), kosmaak saam met haar man, kuiertjies met vriende om die kostafel en reise na onbekende bestemmings (*marita*, s.j.:s.bl.).[125] Met sommige van hierdie selfvoorstellings plaas Van der Vyver haarself binne die ekonomiese pool van die literêre veld, waarna soms ook, soos

[125] Kyk ook "Marita van der Vyver gesels oor reis, kinders en kunstefeeste" (NB Uitgewers, 2010a).

reeds genoem (kyk 3.3.1.4), as die massa- of populêre kultuur verwys word en waarin veral die media ’n belangrike rol speel.

In die bespreking van Bourdieu se veldteorie is gestel dat die agent se habitus van groot belang is in hiërargisering (kyk 3.3.4). Uit die biografiese skets van Marita van der Vyver het dit geblyk dat sy inderdaad oor die habitus beskik het wat haar gepredisponeer het om die veld te betree. Ten einde ’n geheelbeeld van hierdie “gevoel vir die spel” te bied, word dit skematies weergegee.



Figuur 6.1: Marita van der Vyver: habitus

[126] Hier is dus ’n voorbeeld van oorvleueling tussen die twee produkte van habitus, naamlik strategie en trajek.

6.3 Marita van der Vyver se *fin de siècle*

In sy eenvoudigste vorm verwys die term *fin de siècle* na die einde van ’n eeu. Die Victoriaanse *fin de siècle*, wat soms ook as die era van dekadensie beskryf word, was ’n tyd van groot verandering. Die opkoms van nuwe teorieë en die uitdaging van tradisies het gelei tot groot omwentelinge in die kuns, die politiek, die wetenskap en die samelewing as geheel. Een van die grootste veranderinge het betrekking gehad op die rol van die vrou vir wie daar, in ’n wêreld wat deur mans gedomineer is, toenemend meer geleenthede beskikbaar geraak het (Buzwell, 2014:s.bl.).

Volgens Livesey (2017:s.bl.) is die gebruik van die term teen die einde van die negentiende eeu in Brittanje uitgebrei en het dit nie meer slegs na ’n stel datums verwys nie, maar ook na ’n hele stelsel van artistieke, morele en sosiale praktyke: “To describe something as a fin de siècle phenomenon invokes a sense of the old order ending and new, radical departures.” Soos wat dit deurlopend uit die ondersoek in hierdie hoofstuk aan die lig sal kom, is kenmerke van die ‘die nuwe vrou’ – deur Kavak (2016:1037) beskryf as ’n radikale figuur en ’n kontroversiële samestelling – in die werke van *fin se siécle*-vroueskrywers in Brittanje raak te lees in Marita van der Vyver se beeldvorming:

> The New Woman, who used literature as a potent medium for self-expression and self-representation, is in essence a radical figure defying gender inequality, women’s negligible role in the public life and patriarchal politics as well as masculine scientific discourse on female sexuality in the late-nineteenth century (ibid.).

Marita van der Vyver begin haar skryfloopbaan met tienerboeke. *Van jou jas* (1982) is bekroon met ’n beginnerprys in ’n wedstryd van Tafelberg Uitgewers en *Sarie*, terwyl *Tien vir ’n vriend* (1987) en *Eenkantkind* (1991), albei finaliste in die Sanlam-kompetisie was. Laasgenoemde is ook met die ATKV-prys vir jeuglektuur bekroon (Greyling, 2011:s.bl.).

Die publikasie van *Griet skryf ’n sprokie* (1992) deur Tafelberg Uitgewers,[127] wat as ’n “middelpuntvlietende moment” binne die Afrikaanse literatuurgeskiedenis beskryf is, het “aan die vooraand van die demokratisering van die Suid-Afrikaanse samelewing” geskied (Human-Nel, 2009:245):

[127] Danie van Niekerk, voormalige hoof van Tafelberg Uitgewers, vertel dat die manuskrip van *Griet skryf ’n sprokie* vir ’n lang ruk by Tafelberg gelê het voordat dit uitgegee is: “‘Marita (van der Vyver) was redelik bekend as jeugskrywer. En toe het sy op ’n dag by my in die kantoor gekom en gesê sy is baie ongelukkig, want haar manuskrip van die eerste volwasse roman wat sy geskryf het die lê nou al ’n hele ruk by Tafelberg en lyk my hulle kan nie besluit of hulle dit wil uitgee nie.’” (La Vita, 2008:10). Nadat sy weg is, het Van Niekerk gevra waar die manuskrip is, dit huis toe geneem dit gelees. Op Van Niekerk se reaksie dat die boek uitgegee moes word, is die beswaar geopper dat die struktuur nie heeltemal reg is nie, maar hy het voet by stuk gehou: “‘Gee uit. Publiseer. *Published and be damned*! En die res is geskiedenis. […]’” (ibid. [oorspronklike kursivering]).

> Hierdie teks verskyn in ’n tydvak wat elke Afrikaner en Suid-Afrikaanse burger begelei word na ’n postkoloniale periode binne die Suid-Afrikaanse bestel – uit die politieke bevrydingstryd van die tagtigs en met oorgang na die demokratisering (Human-Nel, 2009:252).

6.3.1 Die vroeë negentigerjare: die politiek-ideologiese situasie in Suid-Afrika en die konstruksie van die self

In terme van literêre gevoeligheid is die verdeling tussen die patriargale stelsel en apartheid, teenoor ’n demokratiese bestel, hoogs problematies en is identiteitsvraagstukke aan die orde van die dag. Van Coller (2016b:843) wys op die sentrale posisie wat die “interaksie tussen persoonlike traumas en die politieke-ideologiese situasie in Suid-Afrika … hoewel altyd in samehang met die beskrywing en uitpluis van persoonlike verhoudings” in Van der Vyver se vroeë werk ingeneem het. Van der Vyver se konstruksie van die self is gefokus op die skepping van ’n self waarin bevryding waarskynlik as die hoogste bereiking beskou word. Ook in kritiese besprekings van *Griet skryf ’n sprokie* staan die wyse waarop die konstruksie van die self geskied sentraal.

As ’n gevolg van die bemarking van die boek, waarin die openlike uitbeelding van erotiek in die boek (oor)beklemtoon is (C. van der Merwe, 1992:10), is Van der Vyver se literêre vermoëns verlees – iets wat uiteraard ’n invloed op ’n literêre posisionering kon hê. In baie boekaankondigings, soos in dié deur Rabie (1992:6), word *Griet skryf ’n sprokie* beskryf as “the most erotic novel yet published in South Africa”. Soos genoem, is die boek deur Tafelberg uitgegee, wat dit beskryf het as ’n “uitdagend erotiese Afrikaanse roman wat die wese van ’n Suid-Afrikaanse vrou van die jare negentig op ’n onthutsend eerlike wyse blootstel” (W. Pretorius, 1992d:2; kyk ook Pakendorf, 1992:52). Volgens sommige kritici het die stofomslag die beeld van die boek as ’n erotiese roman versterk:

> ’n Poedelkaal (op ’n paar halfmassykouse na) vroumens [Lady Godiva] sit uitdagend agterstevoor op ’n gestreepte mallemeuleperd. En wat Griet Swart … in dié boek doen, is genoeg om Tafelberg lag-lag bank toe te stuur, onderhoudvoerders oor mekaar te laat val om die skrywer keer op keer op die televisieskerm of oor die eter te laat optree … (Van Zyl, 1992:5).

Malan (1992:22) beskryf die stofomslag as “’n voortreflike gimmick, beginnende by die bloedige outeursnaam en Jacqui Colley se skildery, ‘If you go down to the woods tonight’”:

> Die sexy, naakte meisie met die uitbundige Grietse boudjies het niks met ’n perd as libidale simbool van sprokies in die donker woud te pleeg nie; nee, sy ry ’n mak hobbelsebratjie kaalstert en agterstevoor dat sy stertjie dáár staan. Literatuur as gefnuikte begeerte?

Van al die paratekstuele elemente is die biografiese flapteks, volgens Malan (ibid. [met Malan se “oorbodige kommentaar tussen hakies”]), die “meesterstuk” in die “gimmick”:

> Sy praat hier met ’n gans nuwe stem (soos die gans andere) onder ’n groeiende (Grietse boude!) geslag bevrydende (nie bevryde nie, hel, dis seksisties) vrouevertellers (nie skrywers nie, veral nie skryfsters nie). ’n Stem duidelik hoorbaar (!) danksy die skerpsinnige puntigheid (!!), humor en die sensualiteit (as jy oor daardie skerp puntigheid begin wonder het, weet jy nou) waarvan *Griet skryf ’n sprokie* onbedwingbaar (libidaal ongetem) gloei (menopouse mag onbevange bygelees word, maar lees gerus wat Griet laat gloei en wat Adam doen om haar stem selfs hoorbaarder te maak).

Die boek was uit die staanspoor in omstredenheid gedompel. Enersyds was daar teenkanting teen die “afkraking van moraliteit – moraliteit, soos deur die eeue heen daargestel deur die ‘beginselvaste Afrikaner’’’ (Human-Nel, 2009:246). Andersyds was daar “vanuit die Afrikanerkringe of die establishment, soos ook Van der Vyver hulle noem”,[128] teenkanting – ’n teenkanting “wat duidelik die gevolg is van ’n bewustheid van magsverlies en wat veral as verset teen verandering gesien moes word” en wat beskou is as ’n “[t]otale aanslag teen die patriargale bestel wat deur die literatuursisteem loop” (Human-Nel, 2009:250). Van der Vyver se debuutroman kan dus beskryf word as “’n boek wat die voortou neem in die emansipasie van die Afrikaanse mentaliteit” (Britz, 1992:13; kyk ook Scheepers, 1995:31). Ook in hierdie opsig kan tekens van die *fin de siécle* in Van der Vyver se teks raakgelees word: “[d]ecadence became a kind of writing which, although it remained *recherché* [exotic, rare][129] and complex, tended nonetheless to speak the illicit more clearly” (Robbins, 1996:46 [oorspronklike kursivering; my voetnoot]).

Op grond van die eersgenoemde oordele is Van der Vyver se morele waardes dus bevraagteken. Sy vertel dat sy ná die publikasie van die roman deur verskillende fases gegaan het:

> Die eerste maand het ek in ’n toestand van ongelowige oorbluftheid deurgebring terwyl ’n soort histeriese *hype* in die media ontstaan het. Selfs die Engelse pers is meegesleep deur die vreemde verskynsel van ’n ‘Boeremeisie’ wat nie net oor seks skryf nie, maar dit durf waag om oor seks te lag (*Sarie*, 1997:37 [oorspronklike kursivering]).

Daarna het Van der Vyver (*Sarie*, 1997:37) “geleidelik kwaad geword, omdat ek gevoel het asof ek geen beheer het oor die sensasionale beriggewing nie, omdat ek van immoralteit beskuldig is deur sedebewakers”. Die laaste emosies was dié van skuldgevoelens (“Miskien moes ek my maar eerder soos ’n ‘ordentlike meisie’ gedra het”) en droefheid (“toe dit eindelik tot my deurdring dat my lewe nooit weer dieselfde sou wees as vóór ek daai sprokie geskryf het nie”).

[128] In Duvenhage (1994:29) verwys Van der Vyver na letterkundiges, “met ’n hoofletter L”.
[129] Merriam Webster (s.j.-c:s.bl.)

Beskuldigings van immoraliteit en oordrewe feminisme ("'Ek het beslis nie probeer om die groot Suid-Afrikaanse roman te skryf nie, want dit is net mans wat dink hulle kan dit doen […]"; Terreblanche, 1991:12) het veral vanuit die geledere van literêre akademici heelwat kritiek ontlok: "Point is they have missed the point. So has everyone else who insists that primarily 'Griet' belongs in the dirty book category which deliberately sets out to shock and titillate" (Shafto, 1992:8). In hierdie verband skryf Van der Merwe (s.j.:s.bl.) die volgende:

> Diegene wat die vooraf bemarking van die boek gevolg het, sou gemeen het die boek handel oor seks. Vir diegene wat in seks belangstel, kan ek egter baie beter boeke as Griet aanbeveel. Die eksplisiete vertelling van Griet se seksuele verlangens en ervarings vorm maar 'n klein onderdeel van *Griet skryf 'n sprokie*.

Ook Scheepers[130] (1992:13) kritiseer die wyse waarop die boek bemark is:

> Wat my feministiese hare laat regop staan, is die hele reklame-splash rondom Van der Vyver se teks. Goed, goed, ek weet dat seks 'n goeie verkoopstegniek is en dat ons ou Afrikanernasie nie wil geld spandeer aan onnodige luukses soos 'boeke' nie. Die doel moet hier die middele heilig – maar, die reklametekste en al die bohaai oor seks en Barbarismes laat jou alles vermoed dat hierdie Griet en haar sprokies Pure Porno is.

In sy resensie van die boek spreek LIBertyn (1992:27) soortgelyke kritiek uit: "En toe het dit my skielik opgeval dat dit Griet se seksdrange en seksbelewenisse is wat haar uitgewer, die boekhandel en die pers op loop het. […] – verkeerdelik, maar 'n kolstoot vir die reklame." Van der Vyver (Shafto, 1992:8) self noem dat daar slegs drie relatief kort tonele is wat aan seksuele beskrywing afgestaan word (vergelyk ook Van Zyl, 1992:5).

Volgens kritici is die uitbeelding van erotiek ook in die paratekstuele gegewens oorbeklemtoon omdat dit nie binne die breër tematiese konteks van die teks beskou is nie. De Lange (1992:4) plaas die omslagkunswerk deur Jacqui Colley binne die "kreatiewe kode"

---

[130] Later bots Riana Scheepers en Van der Vyver heftig rondom *Dis koue kos, skat* (2010). Scheepers (2010a:9) se resensie in *Die Burger* het die vorm van 'n brief aan Marita aangeneem. Daarin wens sy Marita aanvanklik geluk met die feit dat sy haar storie in die vorm van 'n briefroman gepubliseer het – iets wat, volgens Scheepers, "'n uitstekende keuse was, aangesien dit 'n genre is wat Marita se skryfstyl uitstekend pas en die gebeure wat oor tien jaar strek, met 'n polsende pas aangee". Scheepers vind die omslag van die boek egter "pienkerig en koekerig", soos dié van 'n hygroman. Volgens Scheepers was daar ook "'n Ander Vrou in jou boeklewe wat jou 'n lelike streep getrek het". Die resensent verwys na Meryl Streep in die film *It's Complicated*, waarin Streep en Alec Baldwin die hoofkarakters vertolk en wat "bykans punt vir punt" 'n herhaling van Marita se teks is: "Bykans alle aspekte daarvan word in jou boek gedupliseer: die 10 jaar, 3 kinders, die jonger, ander vrou wat soos jou Anaïs vrugbaarheidsbehandeling kry, selfs die kosmakery is daar én die selfoon-onthulling van die eks-getroudes se ontrou ('n webkamera in die film). Ek dink allermins jy het die regisseur Nancy Meyers se verhaal oorgeneem, die film is Kersfees 2009 uitgereik. Die ergste ding wat egter kon gebeur het, het gebeur: Meyers se verhaal was eerste. Maak dit jou nou die Tweede Vrou? Al is dit onregverdig teenoor jou, is jou boek se kos nou koud. Of kan 'n mens wel glo dat die Tweede Vrou (soms) die oorwinnaar is?" Van der Vyver se verweer, ook in briefvorm, was dat haar manuskrip reeds by die uitgewers was toe *It's complicated* in Suid-Afrika begin vertoon is (Terblanche, 2014:s.bl.). In 2016 is die film *Dis koue kos, skat* vrygestel met Anna-Mart van der Merwe in die hoofrol (IMDb, s.j.-a:s.bl.).

en beskou dit as "'n soort parodie op Lady Godiva, kaal maar agterstevoor, op Pegasus – in dié geval 'n houtperd wat nêrens heen gaan nie. En in 'n donker bos waaruit Griet(jie) haarself moet losskryf. Seks en kreatiwiteit loop vir Griet saam, en haar obsessie met die een veronderstel 'n obsessie met die ander." Ook Beukes en Gouws (1999:92) meen dat die woud, "waarin die vrou aanvanklik simbolies verlore is", die soektog na 'n nuwe identiteit karteer: "Daarom word die grense van die woud paradoksaal verskuif sodat sy binne die domein van 'n vernuwende gestalte haarself op die rug van 'n hobbelperd in beheer van die seksuele proses (be)vind."[131] Voorts word ook die kleurkode van die omslagontwerp (geel) binne 'n kreatiewe skeppingsproses geplaas (Beukes & Gouws, 1999:92).[132] Ter verduideliking van die "nuwe gestalte van die mens uit *geel* aarde" (ibid. [oorspronklike kursivering]) word Shengheng (1992:221) aangehaal: "Nüwa, die Chinese godin, het mense gemaak 'by patting yellow earth together'". Alhoewel dit nie in enige van die bekombare artikels of resensies geopper is nie, kom die vraag na 'n moontlike assosiasie tussen die kleur van die omslag en die geelpers[133] onwillkeurig op – spesifiek ten opsigte van seks en sensasie.

'n Ander aspek wat (aanvanklik) 'n invloed op Van der Vyver se reputasie as 'n ernstige skrywer gehad het, is die plek van bekendstelling en beskikbaarheid van die boek. Die boek is in April 1992 by die CNA in die Tygervallei-inkoopsentrum, Bellville, bekendgestel – die eerste bekendstelling van 'n Afrikaanse boek in hierdie winkel (*Beeld*, 1993:4): "By die CNA, waar 'n mens nog eerder 'n kinderstootwaentjie as 'n Afrikaanse roman kan gaan soek" (LIBertyn, 1992:27). Voorts was die boek, luidens 'n ongewone ooreenkoms tussen Tafelberg Uitgewers en CNA (wat vyftig persent van die advertensiebegroting gedra het) aanvanklik slegs by takke van dié boekwinkel te koop (Rosenthal, 1992:1). Volgens Peter Martin, in daardie stadium die bemarkingsagent vir Tafelberg, was die rede hiervoor die feit dat CNA die grootste aantal takke gehad het en dat daar selfs in kleiner dorpe takke was. Hieroor skryf Roodt (1992:6): "Sonder sinisme: Ook die 'prinse van die handel' ken hulle sprokie." Aangesien die genoteerde maatskappy CNA Gallo Bpk verskeie CNA-maatskappye as filiale besit het, insluitend Exclusive Books (wat eksemplare van die boek by CNA gekoop en teen geen wins herverkoop het), The Literary Group (Edms) Bpk, Bargain Books, Bookwise, Cavendish Books, Children's Bookshop, Pilgrims Bookshops Group, Struik Holdings en Universitas, was die alleenreg aan CNA, volgens 'n artikel in *Die Burger*

[131] Vir opsommings van Lady Godiva se verhaal, die legende van Pegasus, asook die simboliek van die bos, kyk M. Brink (1995:110–112).

[132] Kyk ook na die bespreking in 8.5.1.2ii van Bibi Slippers se *Fotostaatmasjien* wat ook 'n geel omslag het.

[133] In haar magisterverhandeling getiteld "Die geelpers in Suid-Afrika: 'n analise van die *Kaapse Son*, *Daily Voice* en *Daily Sun*" stel Botha (2009) ondersoek in na die kenmerke van die geelpers.

(1992:5), blote "oëverblindery". Finansieel het hierdie ooreenkoms beslis vrugte afgewerp, alhoewel die vraag na watter invloed dit op Van der Vyver se reputasie as 'n ernstige skrywer gehad het, tog geopper is:

> Just a tiny bit? And not only by the *broedertwis* within the CNA Gallo group, but by the use of sex to market the book. *Griet Skryf 'n Sprokie* is selling well, but that is because it's a good story and a satisfying work of art (Rosenthal, 1992:1 [oorspronklike kursivering]).

6.3.2 'n Nuwe era in die beskrywing van erotiek

Soos reeds genoem, lui Van der Vyver met *Griet skryf 'n sprokie* 'n nuwe era in die beskrywing van erotiek in die Afrikaanse letterkunde in. In dié tydperk was Afrikaanssprekendes, volgens Van der Vyver (Engelbrecht, 1993:4), "nog nie volwasse op seksuele gebied nie": "Die Sestigers het die proses destyds aan die gang gesit, en ek en ander mense van my geslag het dit verder geneem. Ek meen heelwat Afrikaners kan nog verder ontwikkel op die gebied van seksuele openlikheid."

Alhoewel die Sestigers die proses aan die gang gesit het, is daar "'n onderskeid tussen seks en Sestiger-seks" (LIBertyn, 1992:27): "Sestiger-seks, veral by André P Brink, was byna altyd seks op soek na dieper betekenis. Seks as ontginning van die Ander, seks as ritueel (skaamhare in halflig), seks as kwelling, seks as opheffing van eksistensiële eensaamheid." Volgens LIBertyn (ibid.) is "[d]ie gedagte dat seks geniet kan word" wanneer dit met die seksuele beskrywings van die Sestigers vergelyk word, "dus 'n nuwe gedagte, wat soos alle nuwe gedagtes deur die ou verkalkte klubs raakgesien en uitgebuit word vir finansiële gewin". Die geweldige reaksie wat die seksuele beskrywings in die boek tot gevolg gehad het, word deur die skrywer self ook aan die humor toegeskryf: "Dis daardie kombinasie van die goeie boeredogter wat boonop nog grappies maak oor seks" (Truter, 1992b:26). Hier is dus sprake van dít waarna Robbins (1996:45) as "decadence as 'play'" verwys: "the pose need not be too serious".

In sy profiel oor Marita van der Vyver skryf Van Coller (2006:489) dan ook die vernuwing in haar werk toe aan die feit "dat Van der Vyver se roman verwagtings deurbreek het omdat die Afrikaanse letterkunde van die vroeë jare negentig in die teken gestaan het van die erns":

> 'n Kwessie wat dikwels na aanleiding van die verskyning van hierdie roman na vore getree het, is dié rondom die moontlike pornografiese aard van die roman. Bloot die stel van so 'n vraag bevestig die bekrompe aard van die (hopelik net destydse) Afrikaanse literêre sisteem (Van Coller, 2006:490).

Van Coller (ibid.) is van mening dat, binne die subgenre van die erotiese literatuur, Van der Vyver se roman "heel kuis" vertoon: "[d]ie vroulike karakter [bly] meestal die passiewe seksgenoot en [daar] word volstaan met tradisionele rolpatrone en situasies".

Van der Vyver, wat haarself as 'n "sensuele mens" beskryf (Nieuwoudt, 2000:19; Truter, 1992b:26), se begrip van die self is nou verbonde aan haar beskouings met betrekking tot seksualiteit. Sy vertel dat sy in 'n gelukkige huis sonder taboes grootgeword het. Vanuit 'n mediese agtergrond het haar moeder, wat 'n verpleegster was, openlik met haar kinders oor dinge soos seks en swangerskap gepraat (P. Breytenbach, 1992:7). Reeds op 'n jong ouderdom het sy, "soos die Rolling Stones, geglo in *sex and drugs and rock and roll"* (Van der Vyver, 1995:22 [oorspronklike kursivering]): "Die verskil is net, hulle het hulle geloof uitgeleef. Ek was 'n skaam skoolkind met 'n kop vol wilde idees, te beskimmeld om enige van hierdie idees te beproef, maar vol hoop dat ek dit wel eendag sou doen."

In 'n onderhoud met Willem Pretorius (1992b:6) vertel Van der Vyver dat sy ná die publikasie van haar roman "skrikkerig" was, omdat sy geweet het "daar is baie min mense wat so onverdraagsaam soos 'n Christen kan wees". Alhoewel Van der Vyver "soveel jare teen Calvinisme[134] gestry [het] dat [sy] dit nou al onbewustelik doen", het sy "nog nie die stryd oorwin nie"[135] (Fitzpatrick, 2008:11 [my voetnoot]).

In *Griet skryf 'n sprokie* word Freud se begrip van die *plesierbeginsel*[136] verkondig. Pankl (2001:11) haal Michel Foucault aan wat in sy publikasie *The care of the self* (1988) wys op die onderdrukking van hierdie aspek van menswees wat op die ondergang van die Hellenistiese kultuur en die opkoms van die Romeinse Ryk en die Christendom in die Westerse beskawing gevolg het. Uit hierdie twee kragte is daar, volgens Foucault (1988:39), 'n kultuur voortgebring wat die volgende eienskappe vertoon het:

---

[134] Op 'n interessante wyse word die publikasie van die boek met Christus en die Calvinisme verbind: "Ek is nou pas 33 en ek het nog altyd die ding gehad dat die 33e jaar belangrik is. Toe sê 'n vriend van my nou die dag, wel onthou, op 33 het Jesus die wêreld gered, dis 'n groot jaar vir jou as Calvinis. Ek wil nou nie die wêreld probeer red nie, […] maar dit is vir my 'n belangrike jaar. Dit gaan eintlik 'n bietjie té goed. 'n Goeie Calvinis sal wonder of hy nie moet skuldig voel nie" (Terreblanche, 1991:12).

[135] Die klem wat in die roman op hierdie aspek geplaas word, beteken nie dat Van der Vyver noodwendig self immoreel is nie. Volgens Van der Vyver (R. van der Merwe, 1992:30) het sy konserwatief grootgeword. Ook in 'n latere artikel wys sy op haar konserwatisme wanneer sy haar teen buite-egtelike verhoudings uitspreek (Louw, 1995:13). Met betrekking tot selfuitdrukking in dekadente kuns, skryf Robbins (1996:41): "The self which decadent art expresses is not the essential self, the expression of the 'spirits of great men'. Rather, it is a persona – a simulacrum which draws attention to its own artificiality through its dress, make-up and attitude."

[136] "[…] we believe that any given process originates in an unpleasant state of tension and thereupon determines for itself such a path that its ultimate issue coincides with a relaxation of this tension, i.e. with avoidance of 'pain' or with production of pleasure" (Freud, 1920:4).

> […] mistrust of the pleasures, an emphasis on the consequences of their abuse for the body and the soul, a valorization of marriage and marital obligations […]. A whole attitude of severity was manifested in the thinking of philosophers and physicians in the course of the first two centuries.

Volgens Pankl (2001:11) vertoon die ideale vorm van die seksueel-onderdrukkende self van die laaste twee millenniums van Westerse beskawing die kenmerke van "a self of one essence in order for that self to be monogamous, faithful and dependable". Tog is die plesierbeginsel vir die karakter Griet 'n integrale deel van (kreatiewe) menslike bestaan en skroom sy nie om dit deel van haar selfvorming te maak nie.

Binne die literêre veld is die seksualiteit in die boek dus "as deel van die tekstualiteit as vernuwend" ervaar (Human-Nel, 2009:247). Na aanleiding van die "skielike 'erotika' in Afrikaans", vra Le Roux (1994:1) aan Van der Vyver of sy "nie half teen haar neus af [kyk] en dink: Griet het dit mos al lankal gedoen?" Van der Vyver antwoord ontkennend:

> Nee, nogal nie. Minstens is die hele vroulike erotiek in Afrikaans nie meer op my nie! Ek's ook op 'n manier geamuseerd daardeur, want dis bietjie soos kinders wat 'n nuwe speelding – die klitoris, miskien – ontdek het. Ek self sou 'n bietjie wou wegkom van daai dinge … Watter soort seks kan mens in elk geval nóg oor skryf?

6.3.3 Markfaktore en die simboliese uitruiling en sirkulering van verskillende vorme van kapitaal

Anders as in die geval van die ander drie skrywers (Dalene Matthee, Francois Smith en Bibi Slippers) wie se beeldvorming binne die raamwerk van drie verskillende veldteorieë aangebied word (kyk 1.5; 1.7), word daar in die ondersoek na Marita van der Vyver se beeldvorming hoofsaaklik op Stephen Greenblatt se begrip van selfvorming gesteun. Die reeds genoemde gebruik van metafore soos 'uitruiling' en 'sirkulering' – tipies van die Nuwe Historisme en waarin markfaktore, sóós in literêre veldteorieë, 'n fundamentele rol speel (kyk 2.3.6) – laat dus ook in hierdie hoofstuk ruimte vir 'n ondersoek na die faktore betrokke by die bemarking van *Griet skryf 'n sprokie*.

6.3.3.1 Die uitruiling van sosiale kapitaal

In Afdeling 3.3.1.3 is sosiale kapitaal beskryf as sosiale netwerke, maar ook as die status wat op grond van daardie sosiale netwerke verkry word. Die groot aantal resensies en artikels wat in koerante en tydskrifte, asook sosiale netwerke oor die skrywer Marita van der Vyver en *Griet skryf 'n sprokie* verskyn het, het uiteraard bygedra tot die status van sowel die skrywer as die literêre werk. Die feit dat Van der Vyver 'n joernalis by *Die Burger,* kopieskrywer by *Leserskring* en artikelskrywer by *Sarie* was (kyk 6.2) en haar boek deur Tafelberg uitgegee is – almal mediaprodukte van die Naspers-stal (kyk 4.2.4.1i) – dra reeds

by tot die sosiale kapitaal van die skrywer. Die frekwensie van media-aanbiedings speel uiteraard ook 'n rol in die beeldvormingsproses. Naudé (2008:10–11) wys daarop dat die blote frekwensie van 'n naam in die pers as gesaghebbend aanvaar sal word. Ten einde tot sekere gevolgtrekkings te kom oor die uitruiling van sosiale kapitaal (en vas te stel hoeveel van die resensies in Naspers-beheerde mediaprodukte – die mediamaatskappy met wie Van der Vyver en haar uitgewer regstreekse verbintenisse gehad het – verskyn het), word die beskikbare resensies en artikels wat in die jaar van publikasie (1992) verskyn het, in tabelvorm aangebied. Hierdie samevatting bied terselfdertyd 'n oorsig oor wie die resensente en joernaliste was, asook die frekwensie van media-aanbiedings in die jaar van publikasie (1992). Dit is in hierdie tydperk dat onderhandelinge ten opsigte van 'n skrywer se posisie in die literêre veld begin en waartydens sy/haar postuur vir die eerste keer vorm begin aanneem (Bongers, 2011:26; kyk 3.7).

Alhoewel gepoog is om alle mediaprodukte te bekom, mag dit wees dat enkeles nie meer beskikbaar is nie. Tog kan die gevolgtrekkings wat gemaak is op grond van die groot hoeveelheid bronne wat wel gebruik is, reeds 'n aanduiding wees van die rol wat markfaktore in Marita van der Vyver se beeldvorming gespeel het.

Tabel 6.1: *Griet skryf 'n sprokie:* resensies en artikels in die jaar van publikasie (1992)

	Datum[137]	Media-produk	Koerant- of artikel-opskrif	Resensent/ Artikelskrywer	Tipe aanbieding	Media-maatskappy[138]
1	12.09.91	*Vrye Weekblad*	Die prinses moenie in 'n kis lê en wag nie	Terreblanche, Christelle (1991:12)	Onderhoud	Onafhanklik
2	02.04.92	*Die Burger*	'n Boeiende verslag van 'n versmade vrou	Hambidge, Joan (1992a:11)	Resensie	Naspers
3	12.04.92	*Rapport*	'n Sprokie oor die hart se seer en die lyf se lekker	Britz, Etienne (1992:13)	Resensie	Naspers
4	14.04.92	*Die Burger*	'Griet' kom lang pad aan onderdeur die sekelmaan	Botha, Johann (1992a:15)	Informele resensie	Naspers
5	16.04.92	*Beeld*	Uitdagend erotiese roman kafoefel lekker met Afrikaans	Pretorius, Willem (1992d:2)	Boekaankondiging	Naspers
6	24.04.92	*Beeld*	O Griet! Erotiese boek verkoop soos soetkoek	Pretorius, Willem (1992c:1)	Berig oor verkope van boek	Naspers
7	27.04.92	*Die Volksblad*	Belydenisroman gaan pryse én lesers wen. Beproef gerus Griet se resep!	Van Coller, Hennie (1992:6)	Resensie	Naspers
8	27.04.92	*Die Volksblad*	Onmin	*Die Volksblad* (1992b:6)	Berig oor onmin m.b.t. winkels waar boek verkoop mag word	Naspers
9	30.04.92	*Insig*	Sneeuwitjie skil 'n appeltjie	*Insig* (1992:1)	Uittreksel uit boek	Naspers

[137] In chronologiese volgorde

[138] Bronne: *fundinguniverse* (s.j.:s.bl.); *Independent* (s.j.:s.bl.); Media24 (s.j.:s.bl.); *Republikein (*s.j.:s.bl.); *South African History Online* (s.j.:s.bl.); *Vrye Weekblad* (s.j.:s.bl.)

	Datum	Media-produk	Koerant- of artikel-opskrif	Resensent/ Artikelskrywer	Tipe aanbieding	Media-maatskappy
10	30.04.92	*Die Volksblad*	O Griet, verkope een te veel	Dedekind, Nonnie (1992:6)	Berig oor verkope van boek	Naspers
11	30.04.92	*Oosterlig*	Winkeltwis woed oor Griet	*Oosterlig* (1992b:8)	Berig oor onmin m.b.t. winkels waar boek verkoop mag word	Onafhanklik tot in 1993 by *Die Burger* ingelyf is
12	01.05.92	*Die Volksblad*	CNA 'verloor' alleenreg op die omstrede Griet	*Die Volksblad* (1992a:4)	Berig oor onmin m.b.t. winkels waar boek verkoop mag word	Naspers
13	05.05.92	*Die Burger*	Die reg op oëverblindery met 'Griet'	Boekeredaksie *Die Burger* (1992:5)	Berig oor onmin m.b.t winkels waar boek verkoop mag word	Naspers
14	05.05.92	*Die Volksblad*	Vry vir die Springbokspan	Van Wyk, Johan (1992:8)	Rubriek	Naspers
15	06.05.92	*Rooi Rose*	Marita skryf 'sekssprokies' vir nou se vrou	Van der Merwe, Romi (1992:30–32)	Onderhoud	Onafhanklik
16	07.05.92	*Weekly Mail*	Griet se sprokies	De Lange, Johann (1992:4)	Resensie	Naspers
17	07.05.92	*Beeld*	'n Ritslose gerits in Afrikaans?	Hambidge, Joan (1992b:3)	Rubriek	Naspers
18	11.05.92	*Oosterlig*	Gewildheid van Griet se sprokie verstom skrywer	*Oosterlig* (1992a:7)	Berig	Onafhanklik tot dit in 1993 by *Die Burger* ingelyf is
19	16.05.92	*Die Burger*	Griet se dinge wil hulle hê	Botha, Johann (1992b:4)	Berig oor verkope van boek	Naspers
20	18.05.92	*Beeld*	Goeie Griet! Dié boek is soos meteoriet!	Pretorius, Willem (1992a:1)	Berig oor verkope van boek	Naspers
21	20.05.92	*Die Transvaler*	Grote Griet, dié reaksie is soos 'n sprokie!	Breytenbach, Phillippa (1992:7)	Berig oor verkope van boek	Perskor en Naspers
22	21.05.92	*Huisgenoot*	Sekskapades van die Afrikaner vrou	Louw, Elretha (1992:8)	Artikel	Naspers
23	22.05.92	*Die Volksblad*	Griet se verdriet ook skrywer s'n	Pretorius, Willem (1992b:6)	Onderhoud	Naspers
24	26.05.92	*Die Burger*	Marita se Griet het almal aan't praat	Nieuwoudt, Una (1992:8)	Onderhoud	Naspers
25	31.05.92	*Insig*	Sê dag vir dié Griet!	Müller, Petra (1992:3)	Resensie	Naspers
26	31.05.92	*The Sunday Star*	Frankly, this tale has a lot more to it than sex	Isaacson, Maureen (1992:3)	Onderhoud	Onafhanklik
27	04.06.92	*Weekly Mail*	An Afrikaans Erica Jong?	Rosenthal, Jane (1992:1–2)	Artikel	Naspers
28	06.06.92	*The Cape Times*	Griet skryf 'n sprokie by Marita van der Vyfer [sic]	Rabie, Jan (1992:6)	Resensie/ boekaankondiging (baie kort)	Independent Media groep
29	08.06.92	*Beeld*	Verrassings, humor op tog deur donker woud: 'Griet' 'n intelligente plesierboek wat uitstyg bo die ander	Roodt, P.H. (1992:6)	Resensie	Naspers
30	11.06.92	*Die Transvaler*	Marita se omstrede Griet … Vrou se bevryding	La Vita, Murray (1992:6)	Resensie	Perskor en Naspers
31	12.06.92	*Die Kerkbode*	Veel meer as seks in *Griet*	Van der Merwe, Chris (1992:10)	Resensie	Onafhanklik
32	12.06.92	*Die Kerkbode*	Waar lê die grens tussen kuns en pornografie?	Pienaar, Delene (1992:8)	Artikel	Onafhanklik
33	18.06.92	*Vrye Weekblad*	Die hype rondom Griet	LIBertyn (1992:27)	Artikel	Onafhanklik
34	30.06.92	*Woord en Daad*	No big deal, dog sê Griet iets	Du Plooy, Heilna (1992:31)	Resensie	Vaktydskrif
35	02.07.92	*Vrye Weekblad*	Pure grietse tragedie!	Malan, Charles (1992:22)	Artikel	Onafhanklik

	Datum	Media-produk	Koerant- of artikel-opskrif	Resensent/ Artikelskrywer	Tipe aanbieding	Media-maatskappy
36	22.07.92	*Sarie*	Marita van der Vyver: Party mense noem my Griet	Truter, Suzette (1992b:24–26)	Onderhoud	Naspers
37	31.07.92	*Die Suid-Afrikaan*	Politiek, werklikheid en seks – as 'n sprokie	Pakendorf, Gunther (1992:52)	Resensie	Onafhanklik DSA-publikasies
38	31.07.92	*Insig*	Ons het 'siek' woorde nodig om gesond te bly	De Vos, Reinhart (1992:11)	Artikel	Naspers
39	14.08.92	*Die Volksblad*	Seks, humor gee hupstoot	Korrespondent *Die Volksblad* (1992c:6)	Berig oor verkope van boek	Naspers
40	02.09.92	*The Star*	Fuss over bestseller fazes frank Marita	Shafto, Michael (1992:8)	Onderhoud	Onafhanklik
41	25.09.92	*Die Republikein*	*Griet skryf 'n sprokie*	Van Zyl, Ia (1992:5)	Resensie	Onafhanklik Namibiese koerant
42	30.09.92	*Die Suid-Afrikaan*	Griet gee (steeds) plesier	Redaksioneel *Die Suid-Afrikaan* (1992:60)	Berig oor verkope van boek	Onafhanklik
43	September 1992	*SA Literary Review*	Gefladder in die hoenderhok	Scheepers, Riana (1992:13)	Resensie	Vaktydskrif

Uit die tabel blyk dit dat 27 van die 43 (bekombare) mediaprodukte waarin resensies of artikels verskyn het, onder (of gedeeltelik onder) Naspers-beheer is, dit wil sê ongeveer 62,8%. Wat die frekwensie van die media-aanbiedings betref, het daar binne 'n tydperk van 171 dae (omtrent vyf en 'n halwe maand) 'n gemiddeld van ongeveer een media-aanbieding elke vierde dag verskyn.

6.3.3.2 Die uitruiling van kulturele kapitaal

Aangesien die mark nie slegs betrekking het op instellings nie, maar op al die faktore wat betrokke is by die semiotiese of simboliese uitruiling van literêre produkte (Even-Zohar, 1990:38; kyk 3.1.4) was daar, via resensies en kritici se waardeoordele, ook 'n uitruiling van simboliese goedere waardeur die skrywer se kulturele kapitaal verhoog is.

Tabel 6.2: Marita van der Vyver (*Griet skryf 'n sprokie*): uitruiling van kulturele kapitaal[139]

Resensent[140]	Tipe argument	Literatuurbeskouings	Waardeoordeel as toegevoegde kapitaal
Britz, Etienne (1992:13)	Vernuwing	Feministies	Oorwegend positief
De Lange, Johann (1992:4)	Vernuwing	Historiese geheue Intertekstualiteit	Positief
Du Plooy, Heilna (1992:31)	Struktureel Vernuwing	Feministies Intertekstualiteit	Oorwegend positief
Hambidge, Joan (1992a:11)	Struktureel	Dekonstruksie Intertekstualiteit	Positief

[139] Aangesien die beeldvorming van Marita van der Vyver nie soos dié van Dalene Matthee binne die raamwerk van die rekonstruksie van haar literatuuropvattings ondersoek word nie, word die argumente en literatuurbeskouings wat deur kritici gebruik is in hul beoordeling van *Griet skryf 'n sprokie* nie so breedvoerig bespreek nie. Beskouings met betrekking tot byvoorbeeld die vernuwende aspekte van die teks kom egter wel, binne die gekose raamwerk van beeldvorming as mimesis van die sprokie, deurlopend in die ondersoek aan bod.

[140] In alfabetiese volgorde

Resensent	Tipe argument	Literatuurbeskouings	Waardeoordeel as toegevoegde kapitaal
La Vita, Murray (1992:6)	Vernuwing	Feministies Intertekstualiteit Psigoanalities	Positief
Müller, Petra (1992:3)		Intertekstualiteit Sosiologies (kollektiewe speelding) Psigoanalities Resepsieteorie	Positief
Pakendorf, Gunther (1992:52)	Realisties	Feministies Intertekstualiteit Psigoanalities Sosiologies	Positief
Rabie, Jan (1992:6)		Intertekstualiteit	
Roodt, P.H. (1992:6)	Realisties Struktureel	Intertekstualiteit	Positief
Scheepers, Riana (1992:13)		Feministies Psigoanalities Intertekstualiteit	Positief
Van Coller, Hennie (1992:6)	Realisties Struktureel Vernuwing	Ideologies Psigoanalities	Positief
Van der Merwe, Chris (1992:10)	Moreel Realisties	Feministies Intertekstualiteit Psigoanalities	Positief
Van Zyl, Ia (1992:5)	Kommersiële aspekte Struktureel		Negatief

6.3.3.3 Die uitruiling van ekonomiese en simboliese kapitaal

Benewens die uitruiling van kulturele kapitaal, het sosiale kapitaal, wat deur Jacobs (2016:63; vergelyk 3.3.1.3) beskryf is as "die min of meer standhoudende relasies wat agente binne 'n bepaalde veld met mekaar handhaaf", ook betrekking op die uitruiling van sowel materiële as gesogte en uitsonderlike simboliese goedere. In die strewe na simboliese kapitaal is die verwerwing van 'n literêre prys, wat berus op die uitruiling van ekonomiese en simboliese kapitaal tussen die prysborge en beoordelaars, uiteraard van groot belang (vergelyk 4.2.4.4).

Tabel 6.3: Marita van der Vyver (*Griet skryf 'n sprokie*): uitruiling van ekonomiese en simboliese kapitaal

Prys en organisasie	Beoordelaars/keurders	Geldwaarde van prys	Kriteria op grond waarvan toekenning geskied het (vergelyk 4.2.4.4)
Spesiale toekenning van die CAN	Akademici en skrywers: André P. Brink en Daniel Hugo Omroeper:[141] Joy Cameron-Dow (Davis, 1993:2)	R15 000 (Davis, 1993:2)	Oplewing in verkope van Afrikaanse fiksie (Hough, 1993b:20)
M-Net-prys 1992–93	Adviseur: Prof. Elize Botha Voorsitter tydens beoordeling: Appèlregter Hendrik van Heerden (Hough, 1993a:2)	Op daardie stadium grootste literêre prys in die land; R50 000 (*Die Volksblad*, 1993a:3)	Beste gewilde roman in Afrikaans; "beloning […] vir Suid-Afrikaanse skrywers van gewilde romans, waarin hoë literêre standaarde met aangrypende en goed beplande temas deur 'n sterk verhalende inhoud ondersteun word" (*Oosterlig*, 1993b:3)

[141] Hier word verwys na die beroep van die betrokke beoordelaar.

Prys en organisasie	Beoordelaars/keurders	Geldwaarde van prys	Kriteria op grond waarvan toekenning geskied het (vergelyk 4.2.4.4)
ATKV-prys 1993	Skrywer en regisseur: Stephen Bouwer Letterkundige: Tom Gouws Joernalis: Johan van Wyk Biblioteekkundige: Mev. Elizabeth de Roubaix Drie lesers: Mev. Theresa Dreyer van Bloemfontein, mev. Hilda Kaiser van Verwoerdburg en mnr. Cas van Rensburg (kyk 7.5.3.1) van *Insig* (Oosterlig, 1993a:7)	R15 000 (R7 500 in kontant en R7 500 op aanvraag vir enige projek wat die wenner aanpak ter ontwikkeling van sy/haar skryfkuns) (*Oosterlig*, 1993a:7)	In haar toespraak by die oorhandigingsgeleentheid het Prof. Elize Botha die roman as "'n grensoorskryder, 'n bindingsmiddel en 'n heler" beskryf wat "die leser uit sy omgewing na lig, lewe en lag lei" (*Die Volksblad*, 1993b:5).
Eugène Marais-prys	Prof. Elize Botha Prof. F.R. Gilfillan Prof. A.P. Grové Prof. Réna Pretorius Prof. M.G. Scholtz Prof. J.P. Smuts Prof. D.H. Steenberg Prof. H.P. van Coller (Brink, 2019a:s.bl.)	R2 500 (Engelbrecht, 2019:s.bl.)	Vir 'n eerste of vroeë belletristiese werk binne enige van die drie hoofgenres (kyk 4.2.4.4)

Alhoewel in gedagte gehou moet word dat daar eenstemmigheid onder resensente was met betrekking tot waardetoekenning aan die literêre werk (kyk tabel 6.2) en dat ander faktore (sowel intrinsiek as ekstrinsiek) 'n rol in die sukses van *Griet skryf 'n sprokie* gespeel het, kan 'n skematisering van die sosiale netwerke betrokke by die publikasie en bemarking van die boek (wat óók 'n oorvereenvoudiging is), tóg aantoon dat daar wel sprake van sosiale netwerke tussen Naspers en ander rolspelers was.



Figuur 6.2: Marita van der Vyver en Naspers: sosiale netwerke

6.4 Die sprokie as beeldingsmiddel: identiteit en ideologie

Gegrond op De Saussure se beskouings het die antropoloog Lévi-Strauss waargeneem dat, ten spyte van die verskille in gebeure en karakter, alle mites 'n verbasende ooreenkoms vertoon. In sy resensie oor *Griet skryf 'n sprokie* maak Roodt (1992:6) van De Saussure en Lévi-Strauss se beskouings gebruik as hy skryf dat daar iets oerreligieus aan sprokies is en dat daar daarom so 'n merkwaardige ooreenkoms tussen sprokies uit verskillende lande is:[142]

> Dit het te doen met die mense [sic] se diepste verlange, behoefte aan geluk en volmaaktheid. Dit wat ons oorspronklik was. Adam en Eva. Voor die wonder verdwyn het, voor die Engel met sy vlammende swaard die ingang na die paradys vir ewig versper het.

De Lange (1992:4) beskryf die sprokie as "die historiese en kreatiewe geheue van die ganse mensdom". Daarom is die sprokie ideaal in die beskrywing van 'n soeke na kontinuïteit, soos wat dit die geval is in die karakter Griet se soeke na raakpunte tussen die vroue in haar familie. Ook in háár resensie van die boek beskryf Müller (1992:3) die sprokie as 'n "kollektiewe speelding" – 'n beskrywing wat ooreenkom met Even-Zohr se begrip van *repertorium* (kyk 3.1.5).

Benewens verwysings na "argaïese gevoelens", wys Pakendorf (1992:52) in sy resensie op die seksuele simboliek in sprokies (op grond van die tema van deurgangsrites), asook op sosiologiese en feministiese interpretasies van sprokies "wat oortuigend toon hoe dié blykbaar onskuldige kinderverhaal 'n spesifieke maatskaplike gegewe weerspieël wat geslagsrolle verdeel en mag en welstand en arbeid organiseer".

Alhoewel Van der Vyver haarself nie as 'n soort "redder" beskou nie (sien frase uit die aanhaling in die voetnoot by 6.3.2: "Ek wil nou nie die wêreld probeer red nie"), word sy tog in vele resepsieprodukte as "vryheidsvegter" voorgestel (Terreblanche, 1993:18)[143] – 'n beeld wat nouliks versoenbaar is met die tradisionele stereotipiese beeld van die passiewe vroulike sprokieskarakter: "Ek het so 'n 'love hate relationship' met die 'fairy-tales' ontwikkel. Want aan die een kant is dit vir my 'n wonderlike ding, maar aan die ander kant

[142] Habib (2005:631) noem dat, teen die agtergrond van antropologiese en psigologiese beskouings van universele mites, rituele en volksverhale, strukturaliste (kyk 2.3.2) die geestelike inhoud daarvan wou laat herleef. In 'n wêreld wat hulle as vervreemd, gefragmenteerd en beheers deur die wetenskap, empirisme, positivisme en tegnologie beskou het, sou die mite wat towerkrag, verbeelding, drome, intuïsie en die onbewustelike omvat, volgens hierdie teoretici, 'n groot rol kon speel.

[143] Jane Raphaely, redakteur van *Cosmopolitan*, het die skrywer, naas Steve Tshwete, as die land se voorste vryheidsvegter bestempel (*Sarie*, 1997:37).

[…] is daar ’n groot klomp leuens, wat passiewe vroulike heldinne skep” (Terreblanche, 1991:12).

In moderne sprokies is daar egter wel “aktiewe” sprokiesheldinne wat patriargale strukture uitdaag:

> The issue of passivity has been further explored through the modern interpretative texts, where there is often an active woman present, who can be seen to threaten the patriarchal structure. An active female nature is something that traditional fairy tales either warn against, as in *Bluebeard*, or ignore, as in other tales wherein submission and docility are required attributes in the female character. The representation of the active female is very much present in modern fairy tales, which threaten and dismantle the hierarchal power structure of patriarchy. One can see the progression of the female figure into a more dynamic presence throughout these revisions (Walsh, 2015:221).

In die volgende deel van die bespreking sal aangetoon word hoe Van der Vyver, deur die gebruikmaking van kreatiewe nabootsing, die sprokie aanwend in die daarstelling van haar beeld as bevryde vrou. In hierdie verband is daar ’n ooreenkoms tussen Van der Vyver se selfvorming en Walsh (2015:5) se beskouing waarvolgens die eens swygende vroulike karakters van die tradisionele sprokies in die moderne weergawes ’n eie stem ontdek. Deur die gebruik van dekonstruktiewe tegnieke, word ideologiese veranderinge met betrekking tot feministiese perspektiewe (ook in sprokies) in ’n nuwe lig beskou.

6.5 Mimesis van die sprokiesverhaalmotief

In sy boek *Once upon a time: on the nature of fairy tales* skryf Lüthi (1976:138) dat dit in die Europese sprokie eerstens gaan om die konfrontasie tussen die mens en sy/haar leefwêreld:

> In general, one can say that the fairy tale depicts processes of development and maturation. Every man has within him an ideal image, and to be king, to wear a crown, is an image for the ascent into the highest attainable realms. And every man has within him his own secret kingdom. […]. In any event, the fairy tale depicts over and over an upward development, the over-coming of mortal dangers and seemingly insoluble problems, the path toward marriage with the prince or princess, toward kingship or gold and jewels. The image of man portrayed in the fairy tale – or, rather, one aspect of this image – is that of one who has the capability to rise above himself, has within him the yearning for the highest things, and is also able to attain them (Lüthi, 1976:139–140).

In Marita van der Vyver se gebruik van die sprokie as beeldingsmiddel geld sowel Aristoteles as Ricoeur (1984, 1991) se begrip van *mimesis* (as kreatiewe nabootsing) en Girard se begrip van *mimetiese begeerte* – waarin dit wat nageboots word as “die begeerte na die ander” beskryf word (Van der Merwe & Viljoen, 2012:177; kyk 4.3iii). Terwyl Plato se beskouing van *mimesis* metafisies van aard was, naamlik dat “things imitate Ideas as works of art imitate things” (Vanhoozer, 2010:6 [oorspronklike hooflettergebruik]), is dít wat

nageboots word, volgens Aristoteles se beskouing, nie soseer 'n saak van syn nie, maar eerder van aksie. Soos vroeër genoem (kyk 2.1), het Aristoteles *mimesis* dus nie as blote nabootsing beskou nie, maar as 'n kreatiewe proses waardeur iets nuuts geskep kan word (Van Coller, 1983:103). *Mythos* is Aristoteles se term vir intrige: "*Mythos* is a mode of discourse that configures human action so as to create a form of wholeness (i.e., a unified action) out of a multiplicity of incidents" (Vanhoozer, 2010:6 [oorspronklike kursivering]). Volgens Ricoeur (1984, 1991) se beskouing is mimetiese aktiwiteit drievoudig van aard: *mimesis 1*, wat betrekking het op voorkennis; *mimesis 2*, wat betrekking het op vormgewing (imitasie, voorstelling van die aksie deur die teksformasie); en *mimesis 3*, wat betrekking het op hersamestelling deurdat dit verwys na die sfeer van die resepsie van die teks (Ivic, 2009:128).

Soos reeds genoem, word daar in hierdie hoofstuk ondersoek ingestel na die beeldvorming van Marita van Vyver in terme van die *mimesis* van die sprokiesverhaalmotief. Hierdie motief word deur M. Brink (1995:3) beskryf as die uiteindelike herstel van die miskende en nederige en kom dit dus in wese neer op bevryding – "'n hernuwing van identiteit as vrou en mens" (Jansen, 2003:50).[144] Die verwysing na bevryding en hernuwing van identiteit impliseer uiteraard dat beeldvorming in die geval van Van der Vyver nie in ooreenstemming met dié van die stereotipiese (passiewe) sprokiesheldin geskied nie, maar eerder op grond van die motief van selfvorming: "To be a king is an image for complete self-realization; the crown and royal robe which play such a great role in the fairy tale make visible the splendor and brilliance of the great perfection achieved inwardly" (Lüthi, 1976:139).

Van der Vyver se belangstelling in sprokies gee daartoe aanleiding dat sy dit reeds vroeg in haar loopbaan deel van haar beeld maak. Voordat sy haar debuut as romanskrywer gemaak het, het sy reeds 210 Grimm-sprokies in Afrikaans vertaal (Rautenbach, 1999:25). In die inleiding tot hierdie hoofstuk (kyk 6.1) is 'n aanhaling gebruik waarin Van der Vyver noem dat sprokies haar "heeltemal 'oorgeneem'" het (W. Pretorius, 1992b:6):

> The fact that she imbued the story with fairy tales was a subconscious process, she says, explaining that the same fairy tales were being told in Europe and Africa before they were written in book form, and that they came from 'a place so deep', what Jung calls the collective unconscious. 'In fairy tales we have a mixture of reality, what can really happen in life and what cannot. As with fantasy and magic, the borderlines between autobiography and fiction are not immediately clear" (Isaacson, 1992:3).

In haar bespreking van die psigologiese aspekte in sprokies, maak M. Brink (1995:82) gebruik van Aucamp (1980:74) se beskrywing van die sprokie as "'n veruiterliking van diep

[144] Die ontstaan of wording van die 'nuwe vrou' staan ook bekend as *ginogenese* (kyk Beukes & Gouws, 1999).

psigologiese magte wat in die gees van die mens werksaam is. Hierdie magte is direk voelbaar, maar nie direk kenbaar nie". In terme van Greenblatt (1980:9) se beskouing, naamlik dat "[s]elf-fashioning […] involves submission to an absolute power or authority situated at least partially outside the self", kan die sprokie dus beskou word as daardie "outoriteit" op grond waarvan Van der Vyver se selfvorming geskied.

6.5.1 Persona[145]

Wat voorkoms betref, vertoon Marita van der Vyver se publieke persona 'n doelbewuste ikonoklastiese vorm (nabootsing) van die boheemse. Die blonde, "lang, lenige" skrywer word beskryf as iemand met selfvertroue en "die rustigheid van: dis wie ek is. […] wêrelds en gesofistikeerd" (Rautenbach, 1999:23). Haar klerestyl is "boheems" en "Euro-sjiek": "'n Eksotiese vy hier tussen Aardklop se vetkoek en kerrie en rys" (Fitzpatrick, 2008:11). Reeds vanuit die staanspoor word Van der Vyver, wat haarself as 'n sensuele mens beskryf (Nieuwoudt, 2000:19; Truter, 1992b:26), se *persona practica*, waaronder haar fisiese voorkoms, "op 'n geraffineerde wyse benut in die bemarking van die merknaam 'Marita van der Vyver'" (Van Coller, 2016b:843). In 'n proefskrif getiteld "Exploring the ideologies and identities of female figures through a selection of classic and contemporary fairy tales", wys Walsh (2015:224) op die rol van die stereotipiese kriteria van skoonheid – soos deur die hedendaagse samelewing gedikteer – in kommersiële sukses. Alhoewel Van der Vyver se voorkoms moontlik nie dié van die stereotipiese sprokiesprinses is nie, is dit, soos in die geval van sprokiesheldinne, tóg deel van haar beeld. Van Coller (2016b:847) wys op 'n foto van die skrywer wat in Maart 1992 onder die titel "Die kuns van koketteer" in *De Kat* (Schoombie & Van der Vyver, 1992:46–49) verskyn het:

> Tussen al die koketteerders verskyn daar ook 'n foto van Marita van der Vyver self […]. Ewe blond en sensueel, geheimsinnig, half verborge agter 'n donkerbril met opgekamde hare á la Greta Garbo, […]. Die sorgvuldig gekose reklamefoto speel in op die sensuele aard van die teks (én by implikasie die sensuele aard van die skryfster).

Ook oor die "gewraakte rooi uitrusting" (*Boekewêreld*, 1995a:4) waarin Van der Vyver op die stofomslag van *Die dinge van 'n kind* (1994) verskyn, is daar heelwat bespiegel. As antwoord op die vraag oor wat "Marita (van der Vyver) se rooi pakkie en halslyn met die gehalte van die boek uit te waai" het, skryf Van Coller (*Boekewêreld*, 1995b:3): "Alles. Waarom dan anders die moeite doen om dit deel van die produk (die boek) te maak?" Alhoewel die sensasionele publisiteit (veral rondom *Griet skryf 'n sprokie*) haar baie ongemaklik laat voel het ("'n Skrywer is nou eenmaal nie 'n rolprentster nie en die skielike

[145] As een van die argetipes van die onbewuste verwys Jung se begrip van die *persona* na die wyse waarop die mens hom-/haarself aan die wêreld voordoen. Die woord is afgelei van die Latynse woord *persona* wat letterlik "masker" beteken (Erasmus-Alt, 2016:26; kyk ook 3.6).

fotosessies en onderhoude is 'n vreemde ervaring"; Nieuwoudt, 1992:8; kyk ook Truter, 1992b:24), besef Van der Vyver die belang van bemarking in kunspraktyke:

> Van der Vyfer [sic] says of the way the book has been marketed, with some emphasis on its erotic qualities, that she is 'extremely uncomfortable with all this hype' (and she is also speaking of the strong reaction to it) 'but pragmatic enough to know one can't divorce art from life – any art has a market value. I have to compromise' (Rosenthal, 1992:1).

As deel van haar bemarkingstrategie het Van der Vyver 'n webblad getiteld, "*marita*" en in April 2009 'n geslote facebookblad[146] onder die naam "Marita van der Vyver – official group", geskep. Alhoewel die facebookgroep, wat tans (Julie 2019) 4 290 lede het, sowel Van der Vyver as Lesa-Maré Harris as administrateurs aandui, blyk dit dat die skrywer meestal self alle nuusflitse deel en op groepslede se kommentaar en vrae reageer. Facebookinskrywings sluit in boekaankondigings, optredes by skrywersfeeste, aankondigings van nominasies en die uitslae van literêre prystoekennings, verwysings na artikels oor die skrywer, resensies van haar werk, foto's en video's, asook die bekendstelling van toere en skryfskole wat deur Van der Vyver gereël en/of aangebied word.

Op die vraag of sy dit geniet om oor haarself te praat en of sy 'n openbare gesig het, antwoord Van der Vyver egter ontkennend:

> Nee, ek praat nie graag oor myself nie. My openbare gesig? Ek probeer doelbewus toeganklik wees en behandel my lesers met respek en bedagsaamheid. Sonder om noodwendig heeltyd met 'n vals glimlag te sit. Die lesers voel dit aan en dis dalk hoekom hulle so is. Ek het skynbaar volksbesit geword (Van der Merwe, 2006:120).

Van der Vyver vertel dat dit vir haar maklik is om op bemarkingstoere te sosialiseer en "die skrywer te kom speel", maar dat sy nie gemaklik daarmee is om op straat herken te word nie (Dempers, 2010:11). Spottenderwys noem Van der Vyver (Van der Merwe, 2006:120) dat sy eers "*famous*" is vandat sy in 2005 in 'n episode van *7de Laan* te sien was.

In haar heterovoorstelling beskryf Van der Vyver haarself dus as 'n buitestanderfiguur ("which is probably beneficial for any creative person"; Greeff, 1993:42) wat haar privaatheid beskerm. Voorts noem sy dat sy met Groucho Marx, "die meesterbrein agter die onsterflike woorde 'I don't want to belong to any club that wants me as a member'", kan identifiseer (Retief, 2006:16). Volgens Lüthi (1976:143) is buitestanderskap 'n tipiese kenmerk van die sprokieskarakter, maar beskik hierdie karakters, soos in die geval van Marita van der Vyver, wel oor die vermoë om "universele verhoudings" te vorm.

[146] Die drie hoofverskille tussen openbare en geslote groepe is die volgende: In die geval van laasgenoemde moet (1) nuwe lede vra om tot die groep toegelaat te word en kan hulle nie hulself as lid byvoeg nie; (2) slegs huidige lede kan die inhoud van groepsinskrywings sien; en (3) slegs huidige lede kan die groep se aktiwiteite in hul nuusberigte volg (Gebhart, 2017:s.bl.).

Vir Grobler (2004:27 [oorspronklike kursivering]) is Van der Vyver die toonbeeld van "hoe 'n ware glanspersoonlikheid aanmekaargesit word": "Sy het nie nodig om 'n boek met 'n rock-konsert bekend te stel nie en sy jag nie *lables* nie. Sy lag byna altyd, maar is nooit silly nie. Sy is eenvoudig verdomp gaaf en aangenaam. Gewoon gelief." In die woorde van Retief (2006:16) is sy "daai tikkie Greta Garbo/rebel-met-'n-hart vir die duisende mense wat haar eintlik as beste vriendin sou wil hê". Hierdie heterovoorstelling is in ooreenstemming met Zipes (2006:42–43) se beskrywing van die sprokiesheldin Aspoestertjie:

> Cinderella displays all the graces expected from a refined, aristocratic young lady. Moreover, she has perfect control over her feelings and movements. She does not disgrace her sisters but treat [sic] them with dignity. Her composure is most admirable, and, when it comes time to depart, she demonstrates great self-discipline tempered with politeness.

Benewens die feit dat die heldinne in sprokies fisies aantreklik is, voldoen hulle ook aan die verwagtings wat daar aan hulle as voorbeeldige dogters gestel word. Sprokies eindig gewoonlik vóór die huwelik en moederskap. Tog bestaan daar geen onsekerheid daaroor dat sprokieskarakters goeie moeders sal wees nie (Kirkman & Letherby, 2008:198; vergelyk ook Van Coller, 2016b:848 oor die stereotipering van die sprokiesheldin). Alhoewel Van der Vyver in vele opsigte nie die beeld van die tradisionele, stereotipiese sprokiesheldin vertoon nie, maak sy vanuit die staanspoor ma-wees 'n deel van haar postuur en word daar in talle onderhoude en artikels na haar babaseun en haar enkelouerskap verwys (Isaacson, 1992:3; Rosenthal, 1992:1; *Sarie*, 1997:37; Shafto, 1992:8; Truter, 1992b:24).

Van der Vyver se lewe in Frankryk, haar huwelik met 'n Fransman, haar reise na eksotiese bestemmings en die kookkursusse en kreatiewe skryfklasse wat sy aanbied (óók dikwels op eksotiese plekke), roep noodwendig sprokiesbeelde op. Lüthi (1976:140–141) wys daarop dat die vroulike protagonis in die sprokie dikwels na 'n verafgeleë kasteel weggevoer word: "This wandering, or soaring, over great distances conveys an impression of freedom and ease that is further strengthened by other characteristics in the fairy tale which also convey a feeling of freedom." Volgens Van der Vyver is haar liefde vir Frankryk nie rasioneel nie: "Iets te doen met Hugenote-voorouers, iets met 'n verheerliking van kos en sensuele ervarings, iets met menseregte, iets met stylvolle vroue, iets met skerp intellek en 'n tradisie van filosofie as verpligte skoolvak! 'n Onweerstaanbare kombinasie, in elk geval" (Crawford, 2007:36). Benewens haar aangetrokkenheid tot die Franse kultuur het die skrywer selfs van 'n huwelik met 'n Fransman gedroom (Grobler, 2004:26): "Wie weet, eendag word my sprokie dalk ook waar en die ridder op die wit perd daag op" (Truter, 1992b:25):

> Jy weet, daardie Paryse dakkamerfantasie.[147] Maar teen my laat dertigs wou ek liewer na die platteland as Parys toe om te gaan rus en skryf. En daar ontmoet ek toe dié Fransman. Hy is sensitief en intelligent en my lewe is nie glansryk nie, maar ek veronderstel dis tog ongewoon (Grobler, 2004:26 [my voetnoot]).

Ná haar huwelik met Alain Claisse, wat uiteraard haar allure verhoog, word ook haar verblyf in Frankryk en haar "nuut saamgestelde 'laslappiegesin'" (Van Coller, 2016b:843) deel van haar postuur – nie net in artikels in onderhoude nie, maar ook in haar literêre tekste (ma-wees in *Mia se ma*, 2005; die gesinslewe in *Die hart van ons huis*, 2004; die leefwyse in Frankryk in *Franse briewe: pos uit Provence*, 2008 en *'n Fontein voor ons deur*, 2013; asook tradisionele sprokiesdeugde soos kosmaak in *Somerkos in Provence*, 2010 en *Winterkos in Provence*, 2014).[148] Op die agterplat van *'n Fontein voor ons deur* (2013) word hierdie selfvoorstelling eksplisiet vermeld:

> 'n Dekade of wat gelede het Marita van der Vyver soos 'n wafferse prinses van 'n verre land deur Frankryk gereis en 'n vreeslik verleidelike padda leer ken. Omdat sy so graag in sprokies wil glo, het sy gehoop dat as sy hierdie slim padda soen, hy in 'n prins gaan verander. Dis mos hoe sprokies werk. En wat gebeur toe? Saam met haar prins sit sy huis op in 'n Franse dorpie. Hulle gaan woon in 'n ou kliphuis in *Rue de l'église* – Kerkstraat. Dáároor skryf sy in *Die hart van ons huis*. En wat gebeur nou? Hulle trek … Na 'n plek wat bekend staan as Plek van die Paddas.

6.5.2 Die literêre werk

In Afdeling 4.2.3.1 is genoem dat, benewens self- en heterovoorstellings, ook die teks[149] (gedeeltelik) gebruik kan word in die rekonstruksie van 'n skrywer se etos. Deur die gebruik van sprokies fokus die teks van *Griet skryf 'n sprokie* – waarin daar, soos reeds genoem, sprake is van 'n personeteks waarin Van der Vyver self aan die woord is – op vraagstukke met betrekking tot identiteit. Derhalwe bied hierdie roman 'n waardevolle blik op Van der Vyver se begrip van die self.

6.5.2.1 Fiksionalisasie van die skrywer

M. Brink (1995:205–207) wys op die verband tussen die romankarakter, Griet Swart, en sprokiesheldinne met dieselfde naam. Die handelende Griet wat haar lot in haar eie hande neem, skakel met die "handelende Grietjie" in die tweede fase van die sprokie "Hansie en Grietjie". Griet Swart se "slimword" skakel met die sprokie "Die slim Griet", terwyl pogings "om die bose of onheil van haar huis af te weer" met 'n blomsoort, die wildemagriet ("wat volgens die swart mense beskerming teen die bose bied"), en Sint Magriet ("wat volgens oorlewering 'n draak met 'n kruis op die vlug laat slaan het") skakel.

---

[147] Soos die karakter Mart in *Die dinge van 'n kind* (1994) wat van 'n dakkamer in Parys gedroom het.
[148] Kyk ook "Marita van der Vyver makes a provencal ratatouille" (NB Uitgewers, 2010b).
[149] Dit geskied op grond van die feit dat (literêre) identiteit grotendeels saamval met die skrywersbeeld wat uit die skrywer se werk na vore tree (De Geest, 2013:54).

Daar is egter nie net ’n verband tussen die romankarakter, Griet Swart, en sprokiesheldinne met dieselfde naam nie. In ’n biografiese skets gedateer 1987 verwys Van der Vyver (1987a:1) na haar bynaam ‘Grietjie’:

> Aangesien my ma ’n broertjie dood het aan ’n string familiename wat nooit gebruik word nie, is ek net Marita gedoop en (amper) altyd net Marita genoem. Dis nou behalwe Grietjie, die bynaam waarvan ek blykbaar nie kan wegkom nie omdat verskillende mense uit verskillende tydperke van my lewe my uit die bloute Grietjie begin noem het. Die enigste antwoord wat ek tot dusver kon kry, is dat ek ‘soos Grietjie lyk’.

Terwyl Van der Vyver nog joernalis by *Sarie* was, het sy soms onder die skuilnaam Griet Swart vir *De Kat* geskryf (Truter, 1992b:24). Volgens Steenberg (2012:117) verteenwoordig “Sint Magriet, die vrou van Joris, die beskermheilige van Engeland” ook min of meer dieselfde soort feminisme as Marita van der Vyver.

In postmoderne literatuur gebeur dit soms dat die verteller, soos in die geval van die outobiografie, die skrywer se naam dra. Hierdeur word die afstand tussen die geïmpliseerde outeur en die gedramatiseerde verteller geminimaliseer: “This ploy is itself an instance of narrative rhetoric that is both esthetic and ideological in that the use of the author’s name for the narrator lends verisimilitude to the fictional events of the novel while relating those events to a historical reality” (Beauvais, 1993:20). Hooti en Omrani (2011:818) wys op voorbeelde in postmoderne literatuur waarin die skrywer self as ’n “transwêreldse identiteit” tussen die werklike en die denkbeeldige wêreld optree. In sodanige gevalle fiksionaliseer die skrywer dus ook hom-/haarself. Op ’n vraag na die mate waarin haar werk outobiografies is, maak Van der Vyver (*LitNet,* s.j.-g:s.bl.) die stelling dat alle skrywers uit hulle eie ervarings put: “Sommiges vermom hulle eie ervarings net beter as ander. Deur hulle karakters ’n ander ras of geslag te gee, in ’n ander eeu te laat lewe, dinge te laat doen wat hulle self te bang is om te doen.” Aangesien die roman nie ’n outobiografie is nie, behoort dit, volgens Van Coller (2016b:847), nie direk tot betekenisliteratuur “(’n soort prosavertelling waarin ’n persoon van hom- of haarself vertel nie)” nie, maar staan die werk, op grond van verskeie verwysings na die werklike skrywer, dig by die outobiografiese roman.

In *Griet skryf ’n sprokie* maak Van der Vyver van ’n derdepersoonsverteller gebruik: “Dit was ’n soort verwyderingsmeganisme. As dit ’n ‘ek’-vertelling was, sou ek en Griet té veel ooreengestem het. Veral die sogenaamde eksplisiete sekstonele sou my ongemaklik laat voel het” (Nieuwoudt, 1992:8). Alhoewel dit inderdaad, volgens Van Coller (2016b:849), ’n derdepersoonsvertelling is, is dit nie die bekende ouktoriële vertelling nie, maar veel eerder ’n personale vertelling “omdat die fokus intern is en die perspektief deurgaans beperk bly tot Griet”.

6.5.2.2 Die tema van bevryding

In *Griet skryf ’n sprokie* staan die bevrydingsmotief, as ’n kreatiewe proses waardeur iets nuuts geskep kan word, sentraal. Omdat Griet se dilemma vir haar só erg is “dat sy dit nie direk kan beleef of vertel nie, […] moet skerpsinnige humor en sprokiesmaskers tussen-in kom” (Du Plooy, 1992:31). Volgens laasgenoemde outeur is hierdie sprokiesmaskers (die vertelling) Griet se beskerming en bewapen sy haarself daarmee “tot tyd en wyl sy weer self en direk kan aangaan”. Du Plooy (ibid.) beskou “die diskrepansie tussen dit wat vertel word en die manier waarop vertel word” as die sterkse eienskap van die boek. Deurdat die sprokies telkens “in ’n banale konteks geplaas en humoristies vervorm” word, word “die kontras tussen die fantasie van die sprokie en die banaliteit van die werklikheid beklemtoon” (C. van der Merwe, 1992:10). Met betrekking tot hierdie teenstellings skryf Steenberg (2012:117) die volgende: “Mens vind gou uit die roman en sy wêreld is die beste beskryfbaar in paradoksale terme of deur middel van antonieme. Hierdie wêreld is tegelyk uiters eenvoudig en uiters verwikkeld, realisties maar vol fantasie, deursigtig en plat maar ook uiters ryk aan literêre kultuur, banaal maar vol skoonheid, geestig geskryf maar tog met lewenserns.” Volgens Roodt (1992:6) ontstaan daar gevolglik ’n boeiende mosaïek: “stories roep mekaar op, verenig, staan teenoor mekaar, skakel; dit word ’n dinamiese netwerk wat die leser meesleur. Waar die goeie en die bose in sprokies ’n duidelike opposisie vorm, loop dit hier dikwels deurmekaar: engele word hekse en andersom of daar is iets van albei in almal.” Hierdie oorvleueling van die goeie en die bose is in ooreenstemming met Greenblatt (1980:9) se beskrywing van die outoriteit op grond waarvan selfvorming uiteindelik geskied: “If both the authority and the alien are located outside the self, they are at the same time experienced as inward necessities, so that both submission and destruction are always already internalized.” In die roman word hierdie “[m]assas stories en kennis van hekse tot engele, van prinse tot towenaars” dus gebruik om die “boekwêreld iets te laat word […]. Van belang is dat die doel nie is om die verwikkeldheid van ’n bekende wêreld óór te maak nie maar om iets nuuts te maak in ’n nuwe sprokie, waarin Slimgriet en haar prins in liefdesekstase kan vlieg (198)” (Steenberg, 2012:119). Hierdie outeur (ibid.) toon aan dat dié “sprokies-maak, opgaan in verbeeldingsvlugte van die kuns”, wat “die teenkant van die munt van die dekadente literatuur is, reeds byna ’n eeu al versier is met ’n eie isme-term: estetisisme”:

> Toevlug tot die fantasie van die sprokie – grieselsprokies, raaiselsprokies, duiselsprokies – omskep stap vir stap die bose in die dekadensie tot blomme (in die woorde van die Franse dekadentis Charles Baudelaire van 1857) of, in die wêreld van Griet, ’n kakkerlak in die mikrogolfoond tot die klank van ’n kriek.

Scheepers (1992:13) beskryf Griet as "'n vrou wat leer om op verskillende maniere te vlieg". Al verrys sy nie "so triomfantelik soos die legendariese feniks uit die as nie" (Pakendorf, 1992:52), is daar altyd hoop of nuwe moed as jy "geleer het om vry soos 'n heks en lig soos 'n engel te wees, en boonop 'sprokies' [kan] spin" (Scheepers, 1992:13 [oorspronklike blokhakies]). Van der Merwe (s.j.:s.bl.) noem dat, waar die sprokie vroeër in die roman telkens deur die werklikheid ontluister is, die omgekeerde nou gebeur: "die fantasie en die droom dring die werklikheid binne om dit tot iets verrassend moois te omskep".

Volgens Muller (1993:143) is daar ooreenkomste tussen die seksualiteit en die "kreatiwiteit" in die boek, naamlik die neerskryf van die eie verhaal wat uiteindelik genesing en vernuwing bewerkstellig:

> […] vernuwing in die sin dat daar uit die klassifisering en kategorisering van tradisionele denke weggebreek word, en gevolglik word daar binne die *onsekerheidsbeginsel* geland. Die ingeligte leser sien in dat die openlike uitbeelding van seksualiteit voortdurend binne die parodiërende lag van vernuwing plaasvind (Muller, 1993:148 [oorspronklike kursivering]).

In terme van die groei of transformasie wat hierdie kreatiwiteit teweegbring, maar ook op grond van die genoemde oorvleueling van die goeie en die bose, vertoon die teks dus tóg ooreenkomste met die begrip *dekadensie*, wat 'n sentrale kenmerk van die laat negentiende eeuse *fin de siécle* was:

> The operation of difference and deferral, brought together in Jacques Derrida's coinage *différance* undermines the boundaries which definition is supposed to mark. The operations of *différance* are particularly acute in attempting to define a word such as decadence, since decadence is bound up with transgression – with the willful crossing of limits (Robbins, 1996:36 [oorspronklike kursivering]).

In haar ondersoek na die identiteitskonstruksie van Griet Swart in *Griet skryf 'n sprokie* maak Jansen (2003:17) gebruik van Ricoeur se beskouing van mimesis.[150] Vir Ricoeur (1991:32) is narratief 'n vorm van mimesis in die sin dat dit die nabootsing van 'n handeling is:

> Our life, when embraced in a single glance, appears to us as the field of a constructive activity, borrowed from narrative understanding, by which we attempt to discover and not simply impose from the outside the narrative identity which constitutes us.

Jansen (2003:1) verduidelik dat "[t]aal, en spesifiek die verhalende aanwending van taal" dus nie bloot 'n medium is "waardeur mense hulself uitdruk en interpreteer nie", maar dat dit ook beskou word "as die voertuig waarin en waardeur persoonlike identiteit" vasgestel word: "Die verband tussen narratiewe en persoonlike identiteit word waargeneem in die

[150] Kyk 6.4.

mens se byna ingebore neiging om alles wat met hom gebeur met die verstand te orden. Narratief verskaf aan persoonlike identiteit kontinuïteit en kohesie."

In *Griet skryf 'n sprokie* (Van der Vyver, 1992: 63) word Griet en die karakter Sjeherazade uit *'n Duisend en een nagte* gelykgestel: "Daardeur verkry haar vertel-van-stories 'n veel dwingender motivering: dit is nie slegs vermaak nie, maar ook oorlewingstrategie" (Van Coller, 2016b:847). Dat die neerskryf van die eie verhaal nie net vir Griet nie, maar vir Van der Vyver self ook 'n oorlewingstrategie is, blyk duidelik uit die volgende aanhaling:

> Griet sê iewers in die boek haar rolmodel is Sjeherazade van *1001 Nagte*. […]. Sy moes die oggend ná haar huweliksnag met die koning doodgemaak word, maar toe begin sy vir hom 'n storie vertel en sy hou elke keer op 'n spannende oomblik op. Só het sy nag na nag stories vertel totdat die koning só lief geword het vir haar dat hy haar nie kon doodmaak nie. Sy sou doodgegaan het as sy opgehou het om stories te vertel. Ek voel amper soos sy oor skryf. Ek kan nie daarsonder nie (Truter, 1992b:26).

Vir Van der Vyver geskied die verwerking van trauma deur herskepping. Sy vertel dat sy as kind baie eensaam was en dat dit die dryfveer was wat daartoe gelei het dat sy begin skryf het (Britz, 1996:8). Iets wat moontlik aanleiding tot hierdie eensaamheid gegee het, is die voorval toe sy as negejarige kind deur 'n maatjie se een-en-twintig-jarige studentebroer seksueel geteister is: "Ek het die voorval omtrent twee dekades lank so diep onderdruk dat ek 'vergeet' het dit het ooit gebeur. Eers in my laat 20's het die herinnering deurgebars en het ek 'n kortverhaal geskryf om dit te verwoord en te verwerk" (Van der Vyver, 2017:4). Daar was ook ander voorvalle van seksuele teistering – toe Van der Vyver twaalf jaar oud was en deur 'n jong man in die duine van Franskraal vasgekeer is en later, tydens haar rugsakreis deur Europa (ibid.). In 'n onderhoud met Le Roux (1994:1) noem Van der Vyver dat haar tienerjare "nie lekker" was nie en dat sy haar ouers jare lank verkwalik het omdat hulle haar in die koshuis gesit het. Ook as volwassene het Van der Vyver trauma as gevolg van verliese beleef. *Griet skryf 'n sprokie* is geskryf as reaksie op "'n uitbarsting in 'n tydperk toe dit baie sleg" met haar gegaan het (W. Pretorius, 1992b:6). Sy vertel dat sy fantasie gebruik het "om te ontvlug van die aakligheid en om die werklikheid beter te verstaan" (ibid.). Volgens Greenblatt (1980:9) is dit juis in die ervaring van bedreiging of verlies aan die self dat selfvorming geskied.

Alhoewel die karakters in haar roman fiktief is, "is die gebeure met persoonlike ervarings verweef – soos Griet het Marita ook 'n egskeiding deurgemaak en moes sy ook 'n kind aan die dood afstaan" (Nieuwoudt, 1992:8):

> 'Ek het reeds lank voordat ek geskei is met Griet in my kop rondgeloop. Maar Griet sou aanvanklik net 'n gebroke verhouding gehad het. Toe ek skei, het ek besluit om haar ook te laat skei. Dis amper soos lewensgetroue kuns. Dit was eers suiwer fiksie, maar toe gebeur dít wat ek met Griet wou laat gebeur met my'.

Volgens Malan (1992:22) probeer Van der Vyver om die leser op "'n eienaardige manier" te paai, iets wat volgens hom nie werk nie omdat alle lesers oor die oerkennis van sprokies beskik: "Selfs in 'n postmodernistiese, mitelose en gefragmenteerde wêreld is dit die een soort gruwelike waarheid wat oorleef omdat slinkse mammas dit snags eenkant fluisterend aan bang kleuters bly oordra." Tog is die meeste kritici dit eens dat Van der Vyver wél op vernuftige wyse die sprokiesgegewe in diens van die bevrydingsmotief gebruik.[151] Só word dit wat in wese vreemd of vyandig is – in ooreenstemming met Greenblatt (1980:9) se beskouing – die outoriteit. In die ontluistering van die 'vyandige', maak Van der Vyver van dekonstruktiewe tegnieke gebruik: "Deur die huwelik tussen die 'ligsinnige', speelse vorm van die sprokie met die trauma van aborsie, dood en verwerping word die trivialiteit van Griet (en die méns as sodanig) se lewe en sorge blootgelê, dekonstrueer en ontluister sy ook die mites van haar kindertyd" (De Lange 1992:4). Ook Hambidge (1992a:11) toon die dekonstruktiewe werkswyse aan:

> En ek meen dat sy in hierdie roman iets van die dilemma van die vrou in haar dertigerjare raakvat: elke mite/droom/sprokie wat sy aan moedersknie gehoor het, word deur die seksuele rewolusie, Freud, politieke onrus, ensomeer gedekonstrueer.

In *Griet skryf 'n sprokie* word die bevrydingsmotief egter nie slegs deur die dekonstruktiewe werkswyse tot uitdrukking gebring nie. Daar is ook 'n verband tussen ander aspekte van die vertelteks – by name struktuur, tydruimtelike plasing en die narratiewe proses – en bevryding.

- *Struktuur*

Van Coller (2016b:850) wys op die verband tussen die struktuur van die roman en die bevrydingsmotief. Die roman bestaan uit drie subafdelings ("soos dit die sprokie volgens Pakendorf (1992:52) klaarblyklik betaam") wat elk weer uit nege afdelings bestaan. Van Coller (2016b:850) skakel die simboliek van die getal drie aan geestelike sintese, naamlik "kruisiging (selfmoord), sterwe (ook van haar huweliksverhoudings) en opstanding. Die getal nege simboliseer dalk iets van groei en geboorte".

Volgens Isaacson (1992:3) is dit nie sonder rede dat Van der Vyver die Tsjeggiese skrywer Milan Kundera (1996:203) in die voorwoord van haar boek aanhaal nie:

> The union of a frivolous form and a serious subject lays bare our dramas (those that occur in our beds as well as those that we play out on the great stage of History) in all

[151] La Vita (1992:6) beskou bevryding as die opvallendste motief in *Griet skryf 'n sprokie*, terwyl Müller (1992:3 [oorspronklike kursivering]) die boek as "'n bevestiging van *egte* bevryding" in die Afrikaanse romankuns beskryf. Een van die min resensente wat nie oortuig is van die bevrydingsmotief nie, is Van Zyl (1992:5) wat meen dat Griet "eintlik van niks bevry is nie".

> their terrible significance. On the surface, the form may appear frivolous, with its myriad fairy tales. It may be difficult to classify. But the content is profound.

Ook Britz (1992:13) wys op die verband tussen die struktuur en die bevrydingsideaal:[152]

> Elke hoofstuktitel verwys na 'n sprokie, bv. 'Sneeuwitjie skil 'n appeltjie' of "Fie-faai-fou, ek ruik bloed'. Dit gaan hier om 'n 'union of a frivolous form and a serious subject'. Griet het 'n bloedige persoonlike ervaring van die werklikhede waaroor sprokies dikwels handel. En sy self is 'n soort kind, 'n leser en skrywer van sprokies, wat in 'n ontnugterende grootmensgeskiedenis beland.

Tydens die ALV-kongres wat in 1996 in Bloemfontein gehou is, vra Hans Ester (1996:198) aandag vir die "ongekende vitaliteit" wat die gebruik van sprokies in daardie stadium in die Afrikaanse letterkunde geniet het:

> Geijkte vormen worden beproefd op hun draagkracht voor de juiste weergave van andere menslijke ervaringen en belevingen van de werklijkheid. Heel in het bijzonder geldt dit toetsen van vertelpatronen de mogelijkheden om het grote complex van eros en seksualiteit in taal te geven. […]. Ook Marita van der Vyver gaat buitengewoon creatief met de van de gebroeders Grimm vertrouwde gegevens om. Maar by haar is dit spel onderdeel van haar afrekening met sociale rollen zoals die door sprookjes zijn vastgelegd en op hun beurt in de werkelijke samenleving een rol spelen. […]. In Van der Vyver's *Griet skryf 'n sprokie* is de ondermijning van bekende sprookjes gericht op zelfverwezenlijking van de verteller Griet. Zij is door haar man verworpen en probeert nu, door de afbraak van het oude heen vertellend, een nieuw gevoel van eiegenwaarde op te bouwen.

- *Tydruimtelike plasing*

Die sprokie is voorts ook funksioneel ten opsigte van die tyds- en ruimtelike aspekte in die roman. De Lange (1992:4) beskryf Van der Vyver se debuutroman as "'n teks waarin die sprokie ingespan word om teen die agtergrond van politieke onrus, die seksuele revolusie en die sielkunde 'n baie moderne (selfs postmoderne) verhaal te vertel". In sy resensie wys Roodt (1992:6) op die plasing van die boek binne die tweede helfte van 1989 tot Februarie 1990:

> […] 'n tyd waarin ideologieë in duie stort: die Kommuninisme in Oos-Europa en apartheid in Suid-Afrika. Dwarsdeur die teks is daar ook sprake van die durende geweld daar buite. Griet se wêreld is klein binne dié groter konteks. Sy skryf en leef egter daardeur. So word sy nie net voorbeeld van al die Grietjies van hierdie wêreld wat deur hekse bedreig word nie, maar ook van die Hansies. Sy word soos ons almal. Mens.

Volgens Van Coller (2016b:850) word die aktuele tyd egter "netjies in bedwang gehou deur die tydloosheid van die sprokie wat die aktuele oorstyg". Hy beskryf dit as "die tydlose pendant van die tydgebonde ervaringe van Griet". Pakendorf (1992:52) skryf dat "die verhaal van Griet se ontreddering in 'n sekere sin ook 'n metafoor [word] vir die nagmerrie wat hierdie 'veelkleurige land' terselfdertyd beleef". Ook Chris van der Merwe (1992:10)

[152] Kyk ook Muller (1993).

wys op die tyd waartydens die verhaal afspeel, maar meen dat, ten spyte van ’n aantal verwysings na die politieke bevrydingstryd van die jare tagtig, politiek nie die kernbestanddeel van die roman is nie: “[i]nteendeel. Dit is asof die werk ’n ‘vroulike perspektief’ op die tydperk wil gee, waarin die politiek nie sentraal is nie, maar die bestaanstryd van die vrou en haar soeke na identiteit.” Volgens Beukes en Gouws (1999:86) herower die vrou nie alleen “die plek van haar liggaam” nie, maar “ook die teks as metafoor van die liggaam”. Só word Van der Vyver “eksemplaar van die Nuwe Vrou in die Afrikaanse letterkunde” (Beukes & Gouws, 1999:87).[153]

- *Narratiewe proses*

Op grond van die feit dat vertelling as “psigologiese sublimasie (verwant aan Freud se siening van literatuur)” beskryf kan word, spreek Van Coller (2016b:848) die mening uit dat “die belangrikste […] redding opgesluit [is] in die narratiewe proses”. Ook in die vertelproses speel die sprokie, wat “[v]anweë die rykdom van simboliek in hul vervat”, dikwels “op allegoriese of psigo-analitiese wyse verklaar word”, ’n rol (Van Coller, 1992:6). Gevolglik word die vertelproses in *Griet skryf ’n sprokie* “algaande ’n manier om dinge te orden en te begryp en word “[*s*]*prokie* […] algaande ’n trefwoord vir dié roman wat as deurlopende narratologiese skering die sprokie het van Griet” (ibid.). Deur deurlopend gebruik te maak van sprokiestitels is daar, volgens Müller (1992:3), “’n superbewussyn aan die werk” wat as brug tussen die leser en die “ervarende Griet” optree:

> Die skryfster het met die sprokieskrummels langs die bospaadjie ’n slim ding gedoen: nie net Griet en Hansie nie (ja, o ja, daar is ’n Hansie ook!) vind hul weg nie, maar die leser ook. Want dit is onmoontlik vir enigeen van ons om te ontsnap uit hierdie webwoud van ’n duisend verwysings. Jy moet met hulp van ’n Goeie Opgeefsel uit die wêreld van fantasie beweeg, al met die krummels langs, tot by die outobiografiese oomblik waar die inheemse pyn hanteerbaar word.

Britz (1996:8) beskryf *Griet skryf ’n sprokie* as ’n boek wat die leser innooi en waarin die “leser se eensaamheid […] opgehef [kan] word”. In hierdie verband wys Van Coller (2016b:844) op ’n doelbewuste verkleining in die vertelafstand sodat daar gefokus kan word “op die binnelewe van personasies, wat dikwels liries verwoord word”.[154] Deur haar gebruikmaking van “die verteller as protagonis én as getuie, deur ’n retrospektiewe blik, as openbare belydenis of ‘uitflap’” (Van Coller, 2016b:844), verkry Van der Vyver dus ’n sosiale

[153] Van der Vyver (*Die Burger*, 2018:s.bl.) wys op die uitsluiting van vroue “uit die macho Grensoorlog én uit die macho Grensliteratuur wat dit opgelewer het”.

[154] In haar resensie van die boek spreek Van Zyl (1992:5) egter kritiek uit teen die kommunikasie met die leser en verwoord sy dit as “Griet se storievertellersafsydigheid, wat […] tussen haar en die leser kom staan en ’n mens later saam met haar sielkundige […] laat smeek dat sy minder moet lag”.

rol as spreekbuis vir die bevryding van die vrou. Vir baie vroulike lesers kon die boek as 'n openbaring dien:

> Tot my verbasing lyk dit of baie vroue hulself met dele uit die boek kan identifiseer. Baie vroue wat dieselfde skuldgevoelens oor kinderloosheid of 'n egskeiding en inhibisies oor seks het, maar nooit daaroor kon praat nie, beskou dalk die boek as 'n openbaring (Nieuwoudt, 1992:8).

In 'n bestel waarin lees hoofsaaklik as 'n vroulike tydverdryf beskou is, slaag Van der Vyver, volgens Human-Nel (2009:248), daarin om selfs "'die gewone man op straat' by die kommunikasieproses te betrek". In hierdie kommunikasieproses gebruik Van der Vyver die spreektaal wat mense in informele gesprekke gebruik: "Dinge word gesê op die natuurlikste manier en Afrikaans word in al sy variasies gebruik" (Du Plooy, 1992:31). Ook Van Coller (2016b:844) wys op Van der Vyver se (uitmuntende) weergawe van outentieke dialoog – "dialoë en monoloë wat deurspek was van kragwoorde, handelsname, sleurtaal en Engelse uitdrukkings".

6.6 Intertekstualiteit

Benewens die feit dat die skrywers van sprokies sulke verhale gebruik om sosiale toestande en konflikte aan te spreek, is daar ook 'n interaksie tussen storievertellers en ander skrywers (Zipes, 2006:3). In *Griet skryf 'n sprokie* word daar ryklik van intertekstualiteit gebruik gemaak.[155] Aldus verwys Isaacson (1992:3) na " classic fairy tales, cross references to literature, experts from modern newspapers, popular psychological insights and a commentary on post modern [sic] life".

Miola (2004:14–24) identifiseer bepaalde intertekstualiteitskategorieë en -tipes:[156]

- *Hersiening,* wat betrekking het op 'n noue verhouding tussen vroeëre en latere tekste
- *Vertaling,* waarvolgens 'n latere teks die identiteit van die eerste opeis (hier is die hoofoogmerk 'n etiologiese reis na die oorspronklike teks self of na 'n weergawe van die oorspronklike teks)
- *Aanhaling,* wat verwys na 'n letterlike reproduksie van 'n vroeëre teks (as geheel of ten dele) in 'n latere teks
- *Brontekste,* wat 'n invloed op die inhoud, vorm, intrige, idee, taal en styl van latere tekste het

[155] Vir 'n bespreking van Van der Vyver se gebruik van sprokies as intertekste, kyk Gilfillan (1994).
[156] Kyk ook Erasmus-Alt (2016:150–151).

- *Tradisies,* waarvolgens die aanwesigheid van ’n oorspronklike teks deur middel van verskeie intermediêre en indirekte roetes sigbaar raak (dit kan deur middel van kommentaar, verwerking, vertaling en reïfikasie geskied)
- *Genre,* wat betrekking het op die wye keuse van sowel die implisiete as die eksplisiete verbande in die keuse van genre
- *Verhelderende tekste,* wat die intellektuele, sosiale, teologiese of politiese betekenisse in ander tekste belig of opklaar/verduidelik

Die volgende tabel bied ’n oorsig van die intertekstualiteitsverhoudings tussen Marita van der Vyver en ander skrywers, asook tussen *Griet skryf ’n sprokie* en ander tekste.

Tabel 6.4 *Griet skryf ’n sprokie*: intertekstualiteitsverhoudings

Interteks-tualiteits-verhouding	**Beskrywing van intertekstualiteitsverhouding**		**Deur wie word die verhouding aangedui/vermeld?**	**Met watter skrywer of watter teks word Van der Vyver en haar werk (*Griet skryf ’n sprokie*) vergelyk?**
Vertaling	Literêre glanspersone wat selfdood gepleeg het		Skrywer self	Virginia Woolf, Sylvia Plath, Ernest Hemingway
	Vroueakarakters wat selfdood gepleeg het		Skrywer self	Anna Karenina, Ophelia, Romeo en Juliet
Brontekste	Tematiek	“sterk, onafhanklike en intellektuele vrou se persoonlike soeke na (dalk veral seksuele) vryheid en sin”	Van Coller, Hennie (2016b:848)	Kate Millet se *Flying* (1974)
		“traumatiese lewensondervindinge”, “brose lyflikheid”	Scheepers, Riana (1992:13)	Sue Townsend se *The Secret Diary of Adrian Mole* (1982) en die opvolgboeke
		“oond” as metafoor vir baarmoeder	Van Coller, Hennie (2016b:850)	Jeanne Goosen se *Lou-oond* (1987)
		Die *ambience* van die tagtigerjare	Hambidge, Joan (1992a:11) Human-Nel, Marian (2009:249)	Etienne van Heerden se *Casspirs en compari’s* (1991)
		Seksuele “onderstrominge”	Botha, Johann (1992a:15)	Hettie Smit se *Sy kom met die sekelmaan* (1937)
		Seksuele openhartigheid	Botha, Johann (1992a:15)	Henry Miller se *Tropic of Capricorn* (1939)
			De Lange, Johann (1992:4) La Vita, Murray (1992:6) Rosenthal, Jane (1992:1) De Lange, Johann (in Hambidge, 1992b:3)	Erica Jong se *Fear of Flying* (1973)
			Isaacson, Maureen (1992:3)	Jack Nicholson se frase in die film *Prizzi’s Honour*: “‘great sex always makes me laugh’”
				Etienne van Heerden se *Casspirs and compari’s* (1991) “where the characters have sex on the desktop of an ad agency”
				Die werk van André P. Brink
		“[o]ntredderde (dolende?) vroue”	Steenberg, Dawie (2012:117)	Riana Scheepers se *Dulle Griet* (1991)

Interteks-tualiteits-verhouding	**Beskrywing van intertekstualiteits-verhouding**		**Deur wie word die verhouding aangedui/vermeld?**	**Met watter skrywer of watter teks word Van der Vyver en haar werk (*Griet skryf 'n sprokie*) vergelyk?**
Brontekste	Tematiek	Bevryding	Müller, Petra (1992:3)	Jeanne Goosen se *Lou-oond* (1987) en *Ons is nie almal so nie* (1990); R.R. Ryger se *Beertjie en sy Boytjies* (2006); Klaas Steytler se *In die somer van '36* (1991); Ingrid Winterbach se *Belemmering* (1990)
		"waar die gestorwe eggenoot ook eers laat in die roman begin 'lewe'"	Steenberg, Dawie (2012:119)	Anna M. Louw se *Wolftyd* (1991)
		Gebruik van psigoanalise om teks te verdiep Slim verwysingsraamwerk	De Lange, Johann (in Hambidge, 1992b:3) Van Coller, Hennie (2016b:848)	Erica Jong se *Fear of Flying* (1973)
			Van Coller, Hennie (2009:100)	Etienne Leroux se tekste, veral *18–44* (1967)
		'n "ligte geflankeer met die mitiese ondergronde"	Malan, Charles (1992:22)	Etienne Leroux se *Sewe dae by die Silbersteins* (1962)
		Eksperimentering met tradisies (gebruik van sprokies) en die benutting van die dubbelslagtige aard van die ou sprokies		G.R. Gilfillan; Riana Scheepers; Gretel Wybenga se *Sproke* (1995); Franci Phillips
			De Lange, Johann (1992:4)	Bruno Bettelheim se *The Uses of Enchantment* (1976)
		"Intersistemiese diskoers – gesien as die 'semiotische vierkant van normativiteit'". Volgens Human-Nel slaag Van der Vyver "daarin om dit wat in die verlede as verbode geag is, op so 'n wyse te sê/te vertel dat sy 'n dominante posisie in die Afrikaanse literatuursisteem inneem".	Human-Nel, Marian (2009:248)	Elsa Joubert se *Die swerfjare van Poppie Nongena* (1978)
				Dalene Matthee se Bos-romans
				Jeanne Goosen se *Ons is nie almal so nie* (1990)
			Steenberg, Elsabé (1992:118)	Werk van Oscar Wilde, Louis Couperus, Jacob Israel de Haan en Hennie Aucamp se *Hongerblom* (1972)
	Gesprek met ander skrywers	"Onvoltooide gesprek […] binne die Afrikaanse literatuursisteem"	Human-Nel, Marian (2009:249)	Hettie Smit se *Sy kom met die sekelmaan* (1937)
		"De vrouwelijke stem wijst de grove mannelijke stem terecht. Om het onverantwoord kort te zeggen: Marita van der Vyver corrigeert André Brink. Waaraan ik onmiddellijk moet toevoegen dat André Brink ook zichzelf corrigeert in zijn laatstverschenen roman *Sandkastele*."	Ester, Hans (1996:198)	André P. Brink
Genre	Genre	Belydenisroman	Human-Nel, Marian (2009:250) Van Coller, Hennie (2016b:847)	Hettie Smit se *Sy kom met die sekelmaan* (1937)

As "antwoord" op *Griet skryf 'n sprokie*, verskyn 'n teks, *Mot-op-Griet* (Mot, 1992).[157] Dit was in sy geheel op *Griet* gegrond, maar was 'n manlike reaksie daarop. Volgens De Jager

[157] Dit blyk dat die skrywer en radiopersoonlikheid Fanus Rautenbach onder die skuilnaam Mot geskryf het (OCLC Classify, s.j.:s.bl.).

(1993b:4) wou die skrywer, wat homself betekenisvol "(insek)-op-Griet" noem, met hierdie manuskrip "die terrein wat *Griet* oopgestoot het wéér […] dek". Van der Vyver noem dat Mot, die skrywer, twee briewe aan haar geskryf het – "nie sakebriewe nie – nader aan loveletters" (Terreblanche, 1993:18). Van der Vyver het sodanige manlike antwoorde as komplimente beskou: "mens moet maar filosofies wees. Nabootsing is tog die ultimate vorm van satire" (ibid.).

Vroeër (kyk 4.3i) is genoem dat 'n skrywer se posisionering in die literêre veld ook deur die selfonderskeiding van, of vergelyking met ander skrywers (soos hierbo aangedui) geskied en dat 'n skrywer, deur die verwysing na (die werk van) ander (literêre) akteurs kan aandui hoe hy/sy self graag ontvang (of voorgestel) sal wil word. Met betrekking tot haar verhouding tot akteurs in die veld, noem Van der Vyver dat sy dit moeilik vind om aan haarself as 'n skrywer te dink: "'n Skrywer is vir my iemand soos Olive Schreiner of Etienne Leroux. Ek beskou myself eerder as 'n joernalis wat probeer skryf" (Truter, 1992b:24; kyk ook Bellingan, 2017:10; Rautenbach, 2001:74; *Sarie*, 1997:36). Al kontak wat sy met ander skrywers het, is by skrywersberade: "Dié is vir my afgryslik. Hulle praat vir my te hoog, nie oor die gevoelsvlak van skryf nie" (Truter, 1992b:24). Op grond van hierdie uitlating sou die afleiding gemaak kon word dat, buiten die intertekstuele verhoudings tussen haar werk en ander tekste, Van der Vyver in haar selfvorming eerder van eksterne bemiddeling gebruik maak (kyk Girard (1966) se onderskeid tussen eksterne en interne mediasie; 4.3iii), waarvolgens die persoon en dít wat nageboots word (in hierdie geval die sprokie), tot verskillende wêrelde behoort en daar dus nie sprake van die gevaar van mededinging tussen die twee bestaan nie.

6.7 Samevatting

Marita van der Vyver se debuutroman *Griet skryf 'n sprokie* (1992) kan in meer as een opsig as 'n *fin de siècle*-teks beskryf word. Eerstens word die boek in die vroeë negentigerjare van die vorige eeu gepubliseer ten tye van groot politieke veranderinge in Suid-Afrika. In die teks self is daar ook talle verwysings na die politieke bevrydingstryd. Tweedens het die beskrywing van erotiek 'n nuwe era binne die Afrikaanse letterkunde ingelui. Voorts vertoon die teks – op grond van die oorvleueling tussen die goeie en die bose en die feit dat seksualiteit en 'kreatiwiteit' hand aan hand loop in Van der Vyver se teks – kenmerke van dekadensie. Deurdat Van der Vyver, binne hierdie oorgangstyd in die Suid-Afrikaanse geskiedenis, identiteitskwessies en die bestaansreg van die vrou aanspreek, word sy eksemplaar van 'die nuwe vrou' in die Afrikaanse letterkunde wat literatuur as 'n medium tot selfuitdrukking en selfvoorstelling gebruik.

Op grond van die seksuele beskrywings in die boek, wat ook in bemarkingspraktyke (oor)beklemtoon is, is die literêre posisionering van die skrywer egter aanvanklik verlees. Meer as ’n dekade ná die publikasie van *Griet skryf ’n sprokie* ervaar Van der Vyver (2006a:5) steeds dat die twee pole binne die literêre veld, naamlik die ekonomiese pool (die subveld van grootskaalse produksie) en die artistieke pool (die subveld van beperkte produksie), skynbaar nie versoenbaar is nie (kyk 1.1; 3.3):

> In ’n demokratiese Suid-Afrika het die kampe verander, maar die heinings word steeds in stand gehou deur die selfaangestelde herders van die literêre kudde. Deesdae, so klink dit my, is die belangrikste kampe die ‘populêre’ een (met ander woorde die skrywer verkoop baie boeke) versus die ‘ernstige’ een (die skrywer verkoop min boeke). […]. Jy kan nie literêr én populêr wil wees nie, so glo hierdie goeie herders.

As reaksie op die uitstekende verkope van die boek, verklaar Van Coller (Dedekind, 1992:6) dat ’n boek goed verkoop “as hy goed is en goed bemark word”: “‘Mense wil ’n lekker storie, lekker humor en seks lees. En die vrou se perspektief en openhartigheid oor seks, saam met die goeie humor, maak dit vars.’” Dus was “die literêre prestige wat Van der Vyver onder andere ook smaak op grond van die rekordverkoopsyfers wat die boek behaal” het, volgens Human-Nel (2009:247) nie net ’n aanduiding van gewildheid nie, maar ook van literariteit. Hierdie literariteit word ook weerspieël in die literêre pryse waarmee die roman bekroon is.

Uit resepsieprodukte wat na aanleiding van *Griet skryf ’n sprokie* verskyn het, het dit aan die lig gekom dat Van der Vyver se positiewe posisionering in die literêre veld hoofsaaklik toe te skryf is aan die feit dat daar van ‘vermeende’ norme afgewyk is. Op grond van die “sosialisering van storiemateriaal” (Steenberg, 2012:117–118), die talle intertekstuele verbande, die dekonstruksie van tradisionele sprokiegegewens, die selfrefleksiewe betreding van die teks deur die skrywer, die kritiek op tradisionele magsisteme en die vervaging van die grense tussen hoë- en lae kultuur (kyk 5.2.2), is die teks as postmodernisties geklassifiseer.

Van der Vyver skryf die sukses van die roman toe aan “‘the right book at the right time. Sometimes you are in tune with the *zeitgeist.*’” (Von Klemperer, 2000:9 [oorspronklike kursivering]). Met betrekking tot die tydsberekening stel Van der Vyver (ibid.) die volgende: “[a] couple of years earlier and it would not have been published; a few years later and it would have shocked no one”.

Deur die voortgesette lewering en beskikbaarheid van haar titels, sommige daarvan ook as vertaalde werke, verseker Marita van der Vyver dat sy haar posisie in die Afrikaanse literêre sisteem behou. Hierdie posisie is verstewig deur bekronings vir publikasies wat ná *Griet*

skryf 'n sprokie verskyn het: die Tienie Holloway-medalje vir kleuterlektuur in 1997 vir *Olinosters op die dak* (oorspronklik 1996; heruitgegee in 2015); die Sanlamprys vir jeuglektuur in 2002 vir *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* (2002); die IBBY Ererol vir Skryfwerk in Afrikaans in 2004 vir dieselfde werk; die M-Net-prys vir Afrikaanse teks in kort formaat in 2006 vir *Bestemmings* (2005); die MER-prys vir kinderliteratuur in 2006 vir *Mia se ma* (2005); *en die* ATKV-prosaprys in 2007 vir *Stiltetyd* (2006) (Terblanche, 2014:s.bl.).

Wanneer Van der Vyver haar latere werk met *Griet skryf 'n sprokie* vergelyk, beskryf sy haar debuutroman as "'n volwasse dogter wat van die oomblik van haar geboorte te veel aandag getrek het" en as "'n oorpresterende, aandaggrypende 'wonderkind'" (*Sarie*, 1997:37). Alhoewel Van der Vyver aanvanklik gesê het dat daar "BESLIS nie 'n *Griet II*" sal wees nie[158] (Truter, 1992b:26 [oorspronklike hooflettergebruik en kursivering]), word *Griet kom weer* in 2001 (met 'n tweede uitgawe in 2003) gepubliseer. Op die vraag "hoekom weer Griet en hoekom nou?" antwoord Van der Vyver:

> Ek het die afgelope dekade agtergekom karakters bly in my onderbewussyn spook lank nadat 'n boek gepubliseer is. Lank nadat ek dog ek is klaar met hulle. Dis hoe dit gebeur het dat Griet, en ook Mart van *Dinge van 'n kind*, weer opgeduik het as kameekarakters in *Wegkomkans* (Rautenbach, 2001:74).

Met betrekking tot *Griet kom weer* skryf Hambidge (2001:4):

> Weer is daar sprokies, en die hele mitologiese lading wat saampraat oor Griet se liefde vir Luca, 'n Italianer. Weer is daar seks en passie en liefde en *all the rest* (Hambidge, 2001:4 [oorspronklike kursivering]).

Alhoewel Van der Vyver nie die sukses van *Griet skryf 'n sprokie* met *Griet kom weer* kon herhaal nie,[159] blyk dit uit sowel self- as heterovoorstelling dat haar beeld steeds in terme van die sprokie beskryf word. Soos in die geval van die karakter Griet, kom Van der Vyver se narratiewe identiteit tot stand "deurdat sy in 'n verteltradisie (mimesis 1) staan, naamlik dié van sprokieskrywer en leser van letterkunde" en geskied beeldvorming – déúr die gebruik van handelingskomposisie (mimesis) 2 – in terme van sprokies (Jansen, 2003:1).

In 'n artikel wat handel oor die eienaarskap van sprokies vra Haase (1993:395) die vraag: "So who owns fairy tales? To be blunt: I do. And you do. We can each claim fairy tales for

---

[158] In 'n onderhoud met Shafto (1992:8) word Van der Vyver soos volg aangehaal: "'One thing is for sure, it won't be '*Griet Kom Weer*'!'"

[159] "Dit blyk egter dat geoefende skrywers selde die vuur van die oorspronklike roman of dokument ewenaar. Dit is nou maar eenmaal so dat skrywers op hul beste is wanneer hulle nie weet wat hulle doen nie, maar uit die hart skryf. […]. Op 'n plek in haar roman praat die verteller in *Griet kom weer* van retrospektiewe jaloesie in verhoudings. Dit kan egter verplaas word na die sukses van die eerste roman en die heimlike verlange om weer so 'n boek te skryf wat op almal se lippe sal wees" (Hambidge, 2001:4).

ourselves.” In sy seminale teks *The uses of enchantment* (1976:310) kom Bettelheim tot die gevolgtrekking dat, aangesien die sprokie, as draer van universele menslike waarhede, tyd en plek transendeer, dit as rigtingwyser vir die mens se lewe kan dien. Vir die moderne vrou dien die sprokie “as a site of struggle to develop new representations of themselves in society” (Walsh, 2015:227). Vir Marita van der Vyver verruim dit ook tot ’n posisionerings-middel en word die sprokie, op grond van die transendentale en universele waarhede daarin vervat, metafories van die kanon en van die gekanoniseerder skrywer, Marita van der Vyver.

HOOFSTUK 7

FRANCOIS SMITH: *KAMPHOER* (2014)

7.1 Inleiding

Francois Smith se debuutroman is op 31 Julie 2014 (*roekeloos.co.za*, 2014:s.bl.) onder die "skreinend-ironiese" [sic] titel *Kamphoer* vrygestel (ATKV, 2015:s.bl.).[160] In verskeie resepsieprodukte word die werk as "die beste debuutroman nóg in Afrikaans" beskryf (Britz, 2015:10; kyk ook Breytenbach, 2014a:24). Hierdie boek, wat in 2015 met die ATKV-prosaprys bekroon is, is selfs met van die top internasionale Engelse literêre werke van die onlangse dekade vergelyk (Lategan, 2014:s.bl.) en het reeds in die eerste jaar ná publikasie blitsverkoperstatus verwerf.[161]

As teksredakteur, vertaler, joernalis, gepubliseerde skrywer (ook van kortverhale), akademikus en dosent, is Francois Smith "'n gevestigde, betroubare en gerespekteerde naam in die Afrikaanse boekbedryf" (Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans, s.j.:s.bl.). Aangesien die posisie wat Smith in die Afrikaanse literêre sisteem inneem, verband hou met 'n reeks aktiwiteite binne die veld, naamlik literêre verwerking, resepsie, literêre produksie, asook literêre verspreiding (kyk 3.3.6), bied Bourdieu se veldteorie 'n nuttige raamwerk vir die ondersoek na hierdie skrywer se beeldvorming.

7.2 Habitus

In Afdeling is 3.3.4 is die begrip *habitus* beskryf as 'n langdurige proses van inprenting wat reeds in die vroeë kinderjare begin en wat mettertyd 'n durende tweede natuur word. Deur die verwerwing van kennis en bepaalde vaardighede, verkry die agent die kulturele kapitaal wat nodig is om die literêre veld te kan betree.

7.2.1 Vroeë kinderjare en inprenting

Francois Alwyn Harbin Smith, die oudste seun van Grietjie Mor en Hendrik Smith, is op 15 November 1964 op Aliwal-Noord gebore (Smith, 2019a:s.bl.). Hendrik Smith, 'n voormalige LP en ministeriële verteenwoordiger in die Vrystaat, het vir vyftig jaar op die plaas Mispa in die Rouxville-distrik geboer (Davids, 2015:4). Die name Francois Alwyn "is ou Fouché-name", terwyl die skrywer se laaste naam, Harbin, afkomstig is van sy groot-oumagrootjie,

[160] Volgens Smith (2019d:s.bl.) was daar geen amptelike bekendstelling van die boek nie.

[161] Om *Kamphoer* se sukses in perspektief te plaas, wys Britz (2015:10) op die agt drukke en meer as 25 000 verkoopte eksemplare van die boek in die eerste jaar ná publikasie en verduidelik sy dat 'n Afrikaanse boek waarvan 5 000 verkoop is, as 'n blitsverkoper bestempel word.

Emily Harbin, "wie se naam verewig is ná sy in 'n ossewa-ongeluk haar lewe opgeoffer het om haar babadogter te red" (*Rooi Rose*, 2015:139). Smith het drie broers, naamlik Charles, Hendrik en Chris, en 'n suster, Hanneke Maschke (Davids, 2015:4), nou Maschke-Lubbe. Smith se broer Charles is nuusredakteur van *Volksblad* (Britz, 2015:10), 'n Media24-koerant. Laasgenoemde verwys, soos reeds in 4.2.4.1i vermeld, na die gedrukte media van Naspers – die mediamaatskappy wat tans die publikasie van fiksie oorheers.

Volgens Smith het hy en die ander Smith-kinders in "'n uitsonderlike huis" grootgeword (Pienaar-Brink, 2014:8). Selfvoorstellings wat insiggewend is in die rekonstruksie van Smith se habitus – veral teen die agtergrond van die definiëring van habitus as "'durable' in that they last throughout an agent's lifetime" (kyk 3.3.4) – is Smith se vertelling dat sy ma nie toegelaat het "dat die kinders na enige radiostasie luister waarop advertensies uitgesaai is nie" en die beskrywing van sy ma as "taamlik kultuurbewus": "Ek dink sy het enigiets kommersieel aangevoel as 'n bietjie *common* en gelykstaande aan die lees van fotoverhale, wat in ons huis verbied is en wat ons dus baie graag gelees het" (ibid [oorspronklike kursivering]). Deur die verwysing na die inprenting van 'n kultuurbewussyn stel Smith in sy selfvoorstelling dus reeds (indirek) 'n outonoom literêre posisionering ("kuns ter wille van kuns"; kyk Bonthuys, 2016:29) in die vooruitsig.

7.2.2 Naskoolse studies: die uitbreiding van kognitiewe vaardighede[162]

Na voltooiing van sy skoolloopbaan aan die hoërskool op Rouxville, het Smith siviele ingenieurswese aan die Universiteit van Stellenbosch (US) studeer. Vroeg in die kursus het hy egter besef dat hy nie 'n wetenskaplike is nie. Aangesien hy 'n beurs gehad het, het hy deurgedruk en die graad voltooi. Die jaar ná sy studies is hy weermag toe, waarna hy sy beurs by die WNNR teruggewerk en hom op die ontwikkeling van 'n verbeterde geventileerde putlatrine toegespits het (Pienaar-Brink, 2014:8).

In 3.3.4 is genoem dat betreding tot en deelname aan die magspel binne die literêre veld 'n minimum vlak van kennis, vaardigheid of talent veronderstel. Gedurende die vyf jaar wat hy by die WNNR gewerk het, het Smith vir 'n B.A.-graad met literatuurwetenskap en Afrikaans-Nederlands as hoofvakke deur UNISA studeer en ook 'n onderwyskwalifikasie verwerf. Daarna is hy as wiskunde- en Afrikaansonderwyser by die Hoër Tegniese Skool Sasolburg en later vir 'n jaar by 'n akademiese skool op Aliwal-Noord aangestel. Ná hierdie tydperk, wat hy as "'erger as die weermag […]'" beskryf (Pienaar-Brink, 2014:8), het Smith teruggekeer

[162] Vroeër (kyk 3.3.4) beskryf as "a form of knowledge, an internalized code or a cognitive acquisition which equips the social agent with empathy towards, appreciation for and a competence in deciphering cultural relations and cultural artefacts" (Johnson, 1993:8).

na voltydse studie. In 1996 verwerf hy ’n honneursgraad aan die Universiteit van Kaapstad en kry in dieselfde jaar ook die geleentheid om met ’n beurs vir drie maande in Gent, België, te gaan studeer (ibid.; Universiteit van die Vrystaat, s.j.-b:s.bl.).

Om die pot aan die kook te hou, werk Smith van 1997 tot 2005 by *Die Burger* (Britz, 2015:10) – die eerste twee jaar in die nagkantoor as vryskutteksredigeerder, daarna as kunsredakteur en uiteindelik as boekeredakteur (La Vita, 2014:13). Onder studieleiding van Rolf Wolfswinkel verwerf hy in 1998 sy meestersgraad aan die Universiteit van Kaapstad met ’n verhandeling getiteld, “‘Wij zitten in een klem’: argetipiese verhoudingspatrone in ‘De verwondering’ deur Hugo Claus” (Smith, 2019b:s.bl.; Universiteit van die Vrystaat, s.j.-b:s.bl.).

Toe die geleentheid hom voordoen om vir ses maande op kontrak by Tafelberg Uitgewers af te los, het Smith dit aangegryp (La Vita, 2014:13; Smith, 2019d:s.bl.). As kontrakwerker by Tafelberg Uitgewers – soos reeds genoem, deel van NB Uitgewers en die boekafdeling van Media24 (kyk 4.2.4.1i) – was Smith dus deel van die span van die grootste algemene uitgewery in Suid-Afrika. Daarna was hy vir tien jaar vryskutboekeredakteur (Britz, 2015: 10).

Nadat sy eerste huwelik op die rotse geloop het (Pienaar-Brink, 2014:9),[163] trou Smith in 2004 met dr. Lisbé Smuts (Smith, 2019c:s.bl.). Smuts was ’n akademikus verbonde aan die Universiteit van Kaapstad. In die Verenigde Koninkryk is sy met ’n *Distinguished Teacher’s Award* vereer vir haar uitnemende klaswerk, terwyl haar doktorale tesis oor Breytenbach as ’n “monument” beskou word (Hambidge, 2005b:s.bl.). Soos wat later in hierdie hoofstuk aan die lig sal kom, was Smuts goed bevriend met belangrike hekwagters in die literêre veld. Deur hul huwelik het Smuts uiteraard tot sy sosiale kapitaal bygedra.

Op 7 Februarie 2005, slegs enkele maande ná hul troue, is Smuts in hul huis in Wellington vermoor. Hoewel Smith toe reeds besig was met sy doktorale proefskroef, het hy hom ná die dood van sy vrou daarin verdiep en hom as vryskutredakteur gevestig (La Vita, 2014:13). In 2007 verwerf hy sy doktorsgraad met ’n proefskrif getiteld “Letterkunde en die dood: onmoontlikheid en die moontlikhede van die teks”, aan die Universiteit van Kaapstad (Smith, 2019b:s.bl.; Universiteit van die Vrystaat s.j.-b:s.bl.). Volgens Jacobs (2016:62) is ’n titel (in Smith se geval *doktor*) wat die opvoedingspeil van sy draer aandui, as “’n geïnstitusionaliseerde vorm (*habitus*)”, een van die vorme van kapitaal binne die kulturele

[163] Uit al die bronne wat bekom kon word, is dit die enigste verwysing na Smith se eerste huwelik. Anders as met sy latere huwelike met Smuts en Babb, word geen verdere inligting omtrent dié huwelik verskaf nie.

veld. Smith se promotor was Henning Snyman, terwyl Hans du Plessis en Fritz Ponelis die eksaminatore van sy proefskrif was (Smith, 2019b:s.bl.).

Uit Smith se huwelik met Tania Babb, 'n keramiekkunstenaar, van wie hy intussen geskei is, is 'n seun, Francois Alwyn Harbin, gebore. Laasgenoemde is vernoem na sy pa en word as Harbin aangespreek (Britz, 2015:10; La Vita, 2014:13; Pienaar-Brink, 2014:8).

In 3.3.6 is genoem dat 'n skrywer se publikasiegeskiedenis deel van sy/haar trajek is en dat 'n trajek, op sy beurt, een van die produkte van 'n skrywer se habitus is. Alhoewel dit nie gepubliseer is nie, kan Smith se navorsing vir sy doktorsgraad tóg as 'n belangrike produk van sy habitus gereken word. Die slotsom waartoe Smith in sy proefskrif gekom het, was "'[…] dat die onkénbare, die gans andere – en by implikasie die dood – aan die bron van letterkunde lê, eerder as die lewe as sodanig […].'" (La Vita, 2014:13). Smith verduidelik dat "'[…] dít wat jy glad nie kan dink of jy jou glád nie kan voorstel nie, of wat ánderkant ons kennis of ons wete lê, […] eintlik die voedingsbron [is] van dít wat ons wil sê.'" (ibid.). Dit blyk dat Smith se proefskrif, as deel van sy habitus, onbewustelik uiteindelik 'n rol sou speel in die skryfproses van sy debuutroman, wat ook as traumaliteratuur beskryf kan word: "'Wanneer jy skryf […] speel alles wat jy ervaar 'n rol.'" (Rautenbach, 2014b:24). Smith vertel aan Pienaar-Brink (2014:8) dat hy by geleentheid met die digter en mediese dokter Gilbert Gibson oor sy doktorale studies gepraat het. "Gibson se reaksie was: 'Ek het al meermale agtergekom by sekere mense gebeur dit dat jy lank voordat jy dit rêrig nodig het, aan jou eie terapie werk.'" Volgens Smith (ibid.) "'is *Kamphoer* steeds deel van daardie onverklaarbare werk aan [sy] eie terapie.'"

'n Ander aspek van Smith se habitus wat handig te pas gekom het in die skryf van *Kamphoer*, is sy kennis van Sotho "wat deur sowel sy pa as sy ma in hulle as kinders geplant" is (Pienaar-Brink, 2014:8).

Volgens Smith het die sukses van *Kamphoer* 'n rol gespeel in sy aanstelling in 2015 as dosent aan die Universiteit van die Vrystaat (UV) waar hy die prosadeel van die meestersgraadkursus in kreatiewe skryfwerk, asook letterkunde vir voor- en nagraadse studente aanbied:[164]

> 'Die sukses van Kamphoer het my akademiese waarde verhoog en dit het bygedra tot 'n aanstelling aan die UV. Andersins is dit byna onmoontlik om die akademie te betree as jy nie ná jou studies daarin voortgegaan het nie […]' (Britz, 2015:10).

[164] Hier is dus 'n voorbeeld van oorvleueling tussen die skrywer se habitus en die twee produkte van habitus, naamlik strategie en trajek.

7.2.3 Vakmanskap

'n Predisposisie om die veld te betree, veronderstel, soos reeds genoem, sowel kennis as vaardigheid – iets waarvan Smith kennelik bewus is. In 'n gesprek met Amid (2014:s.bl.) wys hy op die uitdaging wat aan 'n skrywer gestel word om sy/haar vak na behore te hanteer. Dit blyk voorts dat Smith deeglik daarvan bewus was dat hy, as redakteur "wat soveel oor ander mense se werk te sê het", met hierdie teks moes wys "wat in [hom] steek" – veral omdat "baie min goeie redakteurs […] ook suksesvolle skrywers" is (ibid.). Hierdie stelling is egter aanvegbaar gedagtig aan mense soos Charles Fryer, Petra Müller, D.J. Opperman, Bertha Smith en selfs Jan Greshoff wat sowel gerespekteerde skrywers as redakteurs was.

Volgens Smith (ibid.) het sy werk as redakteur tot sy vakmanskap (kennis) bygedra: "As redakteur is ek wel in 'n posisie dat ek dikwels moet dink oor intrige (plot) en hoe dit werk. Met *Kamphoer* het ek langs my 'n skema gehad, 'n soort organogram, waarop ek visueel kon sien hoe die netwerk van tonele, temas en motiewe saamhang. Dit was 'n manier om te sorg dat alles sy plek het en aan 'n geheel verbind word."

7.2.4 Hexis-habitus

In 3.3.4 is Bourdieu se gebruik van die term *liggaamlike hexis* verduidelik as 'n "liggaamsgebonde toestand" wat verwys na "die individu se voortdurende liggaamlike ingesteldhede/handelinge van 'staan, praat, loop, voel en dink'" en wat "outomaties deel van die natuurlike sosiale orde is" (Jacobs, 2016:30, 62).

Benewens heterovoorstellings van Smith as 'n private (Rautenbach, 2014b:24) en beskeie mens (*Rooi Rose*, 2015:139), word daar nie veel oor hierdie aspek van sy habitus vermeld nie. In 'n onderhoud met Steyn (2016b:11) wys die artikelskrywer op Smith se "ingetoënheid en sy perfekte, genuanseerde en beheerste gebruik van Afrikaans […]". Soos in die geval van die vroulike skrywers, gaan Francois Smith se (aantreklike) voorkoms ook nie ongesiens verby nie. 'n Voorbeeld hiervan is die byskrif "Francois Smith, die skrywer van *Kamphoer*, is soos 'n rockster ontvang" by 'n foto wat Izak de Vries van die skrywer geneem het tydens 'n Woordfees-optrede (Universiteit van die Vrystaat, s.j.-a:s.bl.).

Soos wat ook in die bespreking in 7.3.1 genoem sal word, was skryfwerk vanuit die staanspoor deel van Smith se strategie.[165] Tog was daar vroeg in sy loopbaan reeds faktore

[165] Kyk 3.3.5 vir Bourdieu se gebruik van die woord *strategie* as 'n wetenskaplike term in sy veldteorie. In hierdie hoofstuk, soos ook in die res van die proefskrif, word die woord dus nie pejoratief gebruik nie.

wat beperkend op sy ideaal ingewerk het. In ’n hele paar onderhoude noem Smith dat, vanweë finansiële oorwegings, studiemoontlikhede beperk was. Studies was derhalwe net moontlik indien hy ’n beurs sou kry. Alhoewel hy eintlik in “boeke en goeters” belanggestel het, het hy, soos reeds vermeld, siviele ingenieurswese aan die US gaan studeer (La Vita, 2014:13; kyk ook Britz, 2015:10; Pienaar-Brink, 2014:8). As vryskutredakteur het finansiële oorwegings, volgens Smith, steeds ’n rol in sy skrywerskap gespeel:

> Ek verdien nie ’n gereelde salaris wat my in staat stel om iewers in die dag ’n tydjie vir skryf af te knyp nie. My bedryf is nie juis ’n geldmaakbesigheid nie en ek bly dikwels tot laat saans besig met die manuskripte wat sorg vir kos op die tafel. As ek net weer so drie maande grasie kan kry … net om vastrapplek te kry, want daar is iets in my kop wat wil uit (Amid, 2014:s.bl.).

Alhoewel Smith sedert sy aanstelling aan die UV ’n vaste maandelikse inkomste verdien, werk die kwessie van tyd egter steeds beperkend in op sy skryfaktiwiteit. In ’n onderhoud in 2015 met Britz (2015:10) het hy ’n tydperk van twee jaar in die vooruitsig gestel “voordat hy genoeg ingegrawe sal wees om tyd vir eie skryfwerk te vind”.

Met betrekking tot die ruimtelike aspek van sy *liggaamlike hexis*, wys Smith in meer as een artikel op sy liefde vir die Vrystaat: “Die Vrystaatse landskap is mý landskap.” Ook in ’n gesprek met La Vita (2014:13) beskryf hy die Vrystaat as sy “innerlike landskap” – “daardie óóptes, daardie kleur en daardie lig … En die klanke daarvan ook” (kyk ook Britz, 2015:10). Met sy aanstelling as dosent aan die UV in 2015 het Smith, ná ’n verblyf van twintig jaar in die Kaap, teruggekeer na die Vrystaat. Wanneer hy sy verblyf in Kaapstad met sy belewing van Bloemfontein vergelyk, noem hy dat hy in laasgenoemde “baie interessante en warm mense leer ken [het] op ’n skaal wat [hy] nie in Kaapstad ondervind het nie” (Steyn, 2016b:11).

7.3 Strategie

In die bespreking van Bourdieu se veldteorie is *strategie* beskryf as die spesifieke oriëntasie of plan van ’n agent met betrekking tot sy/haar *trajek* (die reeks posisies wat die agent binne die literêre veld kan beklee; kyk 3.3.5). As aspekte wat ’n rol in ’n agent se *strategie* kan speel, is verwys na vernuwing, diskontinuïteit, deurbreking, die verskil ten opsigte van ander produsente en ’n bemarkingsgeoriënteerde benadering.

7.3.1 Met 'n ompad na die uiteindelike doel – 'die skryfbesigheid'

Dit blyk dat skryfwerk vanuit die staanspoor deel van Smith se strategie was. In 'n onderhoud met La Vita (2014:13) vertel hy dat hy "in die boekbedryf is omdat hy wil skryf":[166]

> 'Ek dink die beste wat ek met my lewe kan doen, is om te skryf. Dis net nie so maklik om jou brood en botter daarmee te verdien nie; dís hoekom ek die meeste van my tyd redakteurswerk doen, manuskripontwikkeling … […]. Ek is dikwels 'n spookskrywer. [167] […]. En nou is daar uiteindelik 'n produk waarop mý naam staan' [my voetnoot].

Volgens Smith (*Rooi Rose*, 2015:139) het hy met "'n ompad (ingenieurswese, onderwys, joernalistiek) 'n redakteur geword omdat die skryfbesigheid [hom] so getrek het". Hierdie aspekte van Smith se trajek word in 7.4 breedvoeriger bespreek.

7.3.2 Verhouding tot ander agente

Nadat Smith aan Riana Barnard – reeds sedert 1999 uitgewer by Tafelberg[168] (*LitNet*, 2006:s.bl.) en dus een van Smith se kollegas by hierdie Naspers-beheerde maatskappy – vertel het van sy broer, Charles, se voorstel dat Nico Moolman[169] se *The Boer whore* (2011) in Afrikaans vertaal moes word, was haar "uitgewersinstink", volgens Smith, onmiddellik geprikkel (Amid, 2014:s.bl.). Smith (ibid.) beskryf Barnard se reaksie soos volg: "'Ons gaan hierdie boek doen,' het sy gesê. 'O, ja' het ek geantwoord. 'Maar ek dink nie 'n vertaling sal werk nie. […]. Nee, ons gaan 'n nuwe boek maak. En jý gaan dit skryf.'"[170] Barnard kon befondsing vir drie maande vir die skryf van die roman beding (Pienaar-Brink, 2014:8).

Smith vertel dat voordat hy aan die boek begin skryf het, Riana Barnard "eers die geloofwaardigheid, of dalk selfs die wenslikheid, van hierdie boek laat evalueer" het. Voorts het sy kundiges, onder andere Fransjohan Pretorius en Dan Sleigh[171] evalueringsverslae oor Nico Moolman se boek en die moontlikheid van 'n herskrywing laat skryf (Amid, 2014:s.bl.). Smith se weergawe van Susan Nell se verhaal is gegrond op Nico Moolman se *The Boer whore.* Moolman beskryf (2014:s.bl.) die verhaal soos volg:

---

[166] Kyk ook Smith aangehaal in Pienaar-Brink (2014:8): "'Ek is in die boekbedryf omdat ek die een of ander tyd wou skryf.'" Die *Sunday Times Books LIVE* (2014b:s.bl.) verwys ook daarna dat Smith ten tyde van die skryf en publikasie van *Kamphoer* "sy brood en botter as uitgewersredakteur" verdien het, maar dat hy, wanneer "hy die geringste kans kry, […] eerder sy eie werk" skryf.

[167] Kyk 7.4.1.1 vir tekste waarvan Smith die redakteur was.

[168] Riana Barnard is opgevolg deur Tertius Kapp. Die huidige redakteur is Solette Swanepoel (Smith, 2019b:s.bl.).

[169] Nico Moolman is sedert 2005 reeds bekend as skrywer van gewilde koffietafelboeke (Maré, 2016:s.bl.).

[170] Aangesien Linda Rode die redakteur van die boek was, verwys Barnard se gebruik van "ons" na die uitgewery, Tafelberg.

[171] Smith is van mening dat Sleigh "meer geweld" in die boek wou hê (Pienaar-Brink, 2014:8).

> […] it is the story of Susan Nell, the teenage rape victim in one of the British concentration camps in the final days of the Anglo-Boer War at the turn of the previous century who became one of the world's first female psychiatrists and champion of the women victims of the Second World War's Japanese comfort stations in their Asian campaigns. […].
>
> In this gripping historical novel Nico Moolman uses fiction to knit together well documented [sic] historical facts to tell the story of a 17-year old girl, betrayed by members of her own tribe in the Winburg concentration camp when she attempts to find medication for a desperately ill friend. She is handed over to her captors who rape and abuse her, then call her a Boer whore and leave her for dead.

Nell word deur 'n Basotho-man gered. Ten spyte van die gevaar wat dit vir hulself inhou, versorg die man en sy vrou vir Nell totdat sy uiteindelik na Bloemfontein gesmokkel word en van daar af per trein na Kaapstad ontsnap. Met die hulp van die bekende weldoener Marie Koopmans-De Wet word Nell na Nederland gestuur om daar te gaan studeer. Sy bekwaam haarself as 'n psigiater en spesialiseer in die behandeling van slagoffers van die Eerste Wêreldoorlog. Gedurende hierdie tydperk lei 'n terloopse ontmoeting met een van haar verkragters tot sy selfmoord (Moolman, 2014:s.bl.).

Die ondervinding wat Nell opgedoen het, neem haar daarna na Thailand waar sy op die rehabilitasie van slagoffers van die Tweede Wêreldoorlog fokus:

> As an expert witness during military hearings into the atrocities of the Japanese forces she becomes the champion of the women forced to work as comfort givers to Japanese soldiers.
>
> It also gives her another remarkable opportunity to take revenge on the main instigator of her own abuse at the hands of British soldiers in Balla Bosiu – where they cry at night (ibid.).

In die laat 1980's en die 1990's kom Moolman in Thailand in aanraking met mejuffrou Lucille van Ubon, "'who mentioned Susan's toll [sic] at the River Kwae hearings …'". Die verhaal eindig in die 1950's toe Nell, as 'n vrou van in haar sewentigs, na Suid-Afrika terugkeer en Winburg besoek waar sy ook weer die Basotho-egpaar wat haar versorg het, ontmoet (ibid.).

Alhoewel Smith se boek "die spesifieke aksente wat dit daarin kry" betrek, verskil dit tog van Moolman se boek. Met betrekking tot die ooreenkomste en verskille tussen die twee boeke skryf Smith (2018:s.bl.) die volgende:

> I had to consider how closely I was going to stick to the original version, which was in essence a story of revenge. What interested me from the outset, however, was not so much the historical truth of the story but the impenetrability of the encounter at the heart of this tale, namely that of the victim and the perpretator coming face to face.

Smith het dus dieselfde verhaal in 'n ander genre, die roman, herskryf (Celliers, 2015:s.bl.) en tweedens is Smith se boek "háár [Nell se] weergawe daarvan, 'n verhaal wat in alle opsigte háre is" (Amid, 2014:s.bl.).

Benewens die verwysing na Fransjohan Pretorius en Dan Sleigh se betrokkenheid by die voorafevaluering van die projek, word daar in verskeie koerantberigte en tydskrifartikels melding gemaak van die direkte hulpverlening deur dominante agente in die veld. In 'n onderhoud met Rautenbach (2014b:24) van *Rapport* is daar verwysings na die hulp wat Pretorius ten opsigte van die navorsing verleen het en van Sleigh se voorstel dat Smith Pat Barker se *Regeneration trilogy* (1991–1995), wat oor die psigiatriese werk van dr. W.H.R. Rivers handel, moes raadpleeg. Smith het verkies om dit nié te doen nie, omdat hy sy kop wou skoon hou van ander skrywersinvloede. Sleigh het ook weer, voor publikasie, die finale manuskrip deurgegaan (Pienaar-Brink, 2014:8). In verskeie tydskrif- en koerantartikels (Du Buisson, 2015:4; La Vita, 2014:13; Pienaar-Brink, 2014:8) word ook na Karel Schoeman se direkte betrokkenheid by die roman verwys. Smith noem dat hy tydens die skryf van die boek in druk korrespondensie met Schoeman was wat hom baie gehelp het met die historiese "stemtoon" en navorsing (Rautenbach, 2014b:24).

Die verwysing na hierdie agente, asook die vergelyking wat die skrywer tussen sy eie werk en dié van Karel Schoeman tref, verhoog uiteraard die simboliese waarde van die boek: "'Ek het met my heel eerste skryfsels al daarvan bewus geraak dat ek Karel Schoeman se stem moet dóódkry in myself … En sy ritmes. Die een ding wat ek dink ek ánders doen as Karel Schoeman, is dat ek 'n variasie van ritmes probeer.'" (La Vita, 2014:13). Schoeman was, volgens Smith, "glad nie oortuig van sy gebruik van 'n vroulike eerstepersoonsverteller nie" (Rautenbach, 2014b:24) en het sy bedenkinge uitgespreek dat dit "'n gedoemde projek'" was (Pienaar-Brink, 2014:8): "'Weet jy wat jy doen? Beséf jy dat jy as man probeer skryf oor 'n vrou wat verkrag is?'" (La Vita, 2014:13). Ten spyte hiervan, dra die bytrek van dominante figure tóg by tot 'n positiewe posisionering in die veld, veral aangesien die vestiging van 'n skrywersnaam (vergelyk 3.3.5) juis die erkenning van sy/haar verskil ten opsigte van ander produsente veronderstel. Vroeër is ook vermeld dat daar aan die een kant van die literêre veld die dominante agente is wat kontinuïteit, identiteit en reproduksie nastreef, terwyl die nuwelinge, aan die ander kant, diskontinuïteit, deurbreking, verskil en revolusie najaag. Deur hierdie vergelyking plaas Smith homself op die grens tussen twee pole – uiteraard 'n gunstige posisie.

7.3.3 Bemarkingstrategie

Die belang van die identifisering van verbruikersbehoeftes is reeds as een van die uitgangspunte in 'n bemarkingsgeoriënteerde benadering bespreek (kyk 3.3.5).

7.3.3.1 Die voorsiening in ’n bepaalde behoefte

In *Kamphoer* word die volgende universele temas aangespreek: skuld en onskuld; verwonding; genesing; vervreemding; beskawing; die kompleksiteit van menslike verhoudings (Amid, 2014:s.bl.); kollektiewe en individuele trauma; die psigiatrie (en die wyse waarop die Afrika- en Westerse psigiatrie by mekaar aanklank vind); tydspeling en ruimtelikheid; oorlog en ander teenstrydighede, soos die verhouding en spanning tussen lewe en dood, en die ego en alter ego; verwarde seksualiteit en veral ontnugtering, wat veroorsaak dat “in Nederland en ook hier […] heel regse bewegings tot stand kom, met uitsluitings, vervolging en rasgedrewe sienings” (Celliers, 2015:s.bl.). Die aanname dat hierdie teks, op grond van die universele tematiek, inderdaad ’n behoefte aanspreek, word bevestig deur Lategan (2014:s.bl.) se stelling dat *Kamphoer* ’n werk is “wat nog oor ’n honderd jaar by ons breekbare mens, en ons eie sin vir wat reg is gaan aanklank vind”. Volgens Smith (Amid, 2014:s.bl.) het die feit dat dit ’n “‘ware verhaal’” is (kyk Human-Nel se kritiek teen hierdie bemarkingstrategie in 7.5.3.1), bemarkingswaarde en verkoop Boereoorlogverhale tradisioneel goed.

(i) Die gewildheid van oorlogsliteratuur

Oor die redes vir die gewildheid van oorlogsliteratuur word dikwels bespiegel. Green (2014:s.bl.) noem dat daar van die vroegste tye af (“[s]elfs in die Bybel”) oor die groot veldslae geskryf word:

> Dis asof mense nabetragting wil hou in nie-fiksie: waarom het veldslae plaasgevind, hoe is dit geveg en wat was die afloop daarvan. […]. Dis asof die mens nie uitgeskryf kan raak aan die onderwerp nie, en dis te verstane. As jy dink hoeveel lewens geraak word deur die oorlog en die nalatenskap daarvan, dan wil mens sin probeer maak daarvan. Dit bly ’n emosionele onderwerp en een wat in baie gevalle ’n blywende letsel op die mensdom laat.

Met betrekking tot die volgehoue belangstelling in die Anglo-Boereoorlog stel Steenkamp (2011:8) die volgende vrae:

> Hoekom, meer as ’n eeu ná die ondertekening van die Vrede van Vereeniging, hou hierdie oorlog dan nog so ’n groot bekoring in vir Suid-Afrikaanse skrywers en lesers? Is dit ’n retrospektiewe, terapeutiese ontlading vir ’n kollektiewe trauma wat deur geslagte oorgeërf is? Of is dit net omdat die tydperk al die elemente bevat van ’n lékker storie, die hele spektrum van menslike drama – konflik, haat, verbode liefde, verraad, die dood, marteling, getrouheid, dapperheid, magswellus?

Volgens Steenkamp (ibid.) is die versoeking “groot om die opvatting van literatuur oor ’n sekere gebeurtenis bloot aan die nostalgie, ’n hunkering na ‘die goeie ou dae’” toe te skryf, maar moet die vraag of “’n mens werklik die voortgesette belangstelling in Anglo-Boereoorlogverhale as nostalgies [kan] bestempel?” nooit uit die oog verloor word nie.

Steenkamp wys op die feit dat dit immers een van die mees gewelddadige en traumatiese tydperke in die Suid-Afrikaanse geskiedenis was – 'n tydperk gekenmerk "deur die stelselmatige ontworteling en vernietiging van die Afrikaner – allesbehalwe 'goeie' dae". Die artikelskrywer wys op 'n tendens dat dit [t]óg wil […] voorkom of die idee van die ABO 'n gevoel van heimwee onder selfs baie jong Afrikaners meebring". Hiervan is "die ongelooflike opsweping van gevoelens van Afrikanertrots en -samesyn – en die gevolglike herrie wat Bok van Blerk se liedjie De la Rey 'n paar jaar gelede ontketen het", 'n voorbeeld.

In die voorwoord van die boek *Boereoorlogstories. 34 verhale oor die oorlog van 1899–1902* vra die redakteur, Jeanette Ferreira (1998:1), die vraag: "Hoe onthou 'n land sy geskiedenis?" en antwoord dan self soos volg:

> Een van die betroubaarste maniere is om stories daaroor te vertel. Want oorlog gaan oor mense. Party van hulle het dit tydens die oorlog in dagboeke aangeteken of jare daarna op hulle geheue staatgemaak om hulle oorlogsherinneringe te boekstaaf. Sommige hiervan is familiegoed, vergeelde sakboekies in ouderwetse skrif en taal, soortgelyk aan die briewe wat tydens die oorlog geskryf is – die meeste daarvan vandag in bêrelaaitjies of in argiefbewaarplekke. Dit sal waarskynlik nooit in druk verskyn nie.

(ii) Oorlogsliteratuur in die Afrikaanse letterkunde

Reeds meer as twee dekades gelede skryf Van Coller (1997:11) dat die hedendaagse Afrikaanse prosa gekenmerk word "deur 'n bykans obsessionele belangstelling in en bemoeienis met die persoonlike en kollektiewe geskiedenis".

In 'n artikel wat handel oor verhale van die Anglo-Boereoorlog in die Afrikaanse letterkunde, noem Van der Merwe (1998:86) dat daar aanvanklik 'n "relatiewe skaarste" was. Volgens hierdie outeur is een van die redes hiervoor die gevoel "dat die oorlogsgeskiedenis 'n verdelende uitwerking op die samelewing het en daarom liefs met rus gelaat moes word". In historiese romans en dramas wat in die eerste helfte van die twintigste eeu verskyn het, het Afrikaanse skrywers en digters, volgens Pretorius (2015a:62), wel die Anglo-Boereoorlog "as tema geneem om die heldedade van die slagveld te besing of die lyding en sterftes van die Boerevroue en kinders te betreur". As vroeë voorbeelde van "geskrifte wat die verlede lewend wou hou", word genoem D.F. Malherbe se *Vergeet nie* (1913) en Gustav Preller se *Oorlogsoormag en ander sketse en verhale* (1923). Gedurende die dertigerjare – die tydperk waarin daar 'n sterk oplewing van Afrikaner-Nasionalisme was, was daar 'n sterk toename in die publikasie van romans "oor en 'n mitologisering van die Anglo-Boereoorlog" (Pretorius, 2015a:62), asook 'n toename in die publikasie van dagboeke oor die oorlog (Van der Merwe, 1998:88). Voorbeelde van oorlogsromans uit hierdie tydperk sluit in *'n Wiel binne 'n wiel* (1935) van Miemie Louw-Theron, *'n Merk vir die eeue* (1937) van T.C. Pienaar,

Bittereinders (1935) van J.R.L. van Bruggen en N.P. van Wyk Louw se *Oorlogstories* wat in *Die Jongspan* van 4 Maart 1938 gepubliseer is (Van der Merwe, 1998:88). ’n Voorbeeld van ’n boek met konsentrasiekampgebeure as sentrale tema is *Helkampe* (1941) van Ewald Steenkamp. Op grond van “landsverdedigings-oorwegings” is hierdie boek egter deur die regering verbied (Van der Merwe, ibid.).

Skrywers wat gedurende die veertigerjare van die vorige eeu in gesprek getree het met die dominante tradisie (“die gangbare Afrikaner-denke oor die oorlog, oor morele skuld en Afrikaner-heldedom”; kyk Van der Merwe, 1998:89), is Johannes van Melle met *Begeestering* (1943) en J.R.L. van Bruggen met *Die gerig* (1942).

In latere verhale oor die Anglo-Boereoorlog “het die intensiteit van die emosies oor die oorlog afgeneem”; dit het dus nie meer “soseer oor die oproep van historiese gegewens” gegaan nie, maar eerder om “die gebruik van die geskiedenis vir die uitbeelding van temas van ’n algemene menslike aard” (Van der Merwe, 1998:92). Verhale en romans waarin oorlogsleed met die vraag na die sin van lyding verbind word, sluit in “Vrede” in J.C. Steyn se *Op pad na die grens* (1976) en Elsa Joubert se *Die reise van Isobelle* (1995).

Met die “triomf van Afrikanernasionalisme” het daar ’n “demitologisering van die Afrikaner se heroïese rol in die Anglo-Boereoorlog” in die Afrikaanse letterkunde begin posvat (Pretorius, 2015a:63) – ’n tendens wat veral in Etienne Leroux se *Magersfontein, o Magersfontein* (1976) sigbaar geword het en wat steeds voortduur. Rondom die eeuwending en met die herdenking van die Anglo-Boereoorlog in 1998 het daar ’n hele aantal belangrike historiese romans verskyn. In hierdie verband skryf Pretorius (ibid.) dat die eeuwending ’n belangrike tydperk in die geskiedenis van Suid-Afrika en van die Afrikaner was: “Met die koms van die demokratiese Suid-Afrika in 1994 het die Afrikaner die politieke beheer verloor wat hy bykans vyftig jaar lank geniet het.” Pretorius wys voorts op die Afrikaner se ontnugtering wat saam met “die openbaringe voor die Waarheids- en Versoeningskommissie van sekere regeringsvergrype teen teenstanders van apartheid” gekom het. As ’n gevolg daarvan dat sowel die ouer garde as die nuwe generasie nuuskierig was “om te verneem van ’n oorlog en sy lyding wat menige van hulle slegs van gehoor en min van geweet het”, het die herdenking van die Anglo-Boereoorlog, volgens Pretorius, enersyds gelei tot ’n hernieude belangstelling onder Afrikaners. Hulle het “met trots gevoel hulle kon bewys lewer dat swart mense nie die enigste oorlogslagoffers in die geskiedenis van Suid-Afrika was nie – die Afrikaner het óók in die proses gely” (Pretorius, 2015a:63–64). Andersyds het dit die weg gebaan “dat Afrikaners meer ontvanklik was vir ’n meer gebalanseerde skildering van die Anglo-Boereoorlog – om die Afrikaner te sien met beide sy deugde en sy vratte, en

om selfs verder te gaan en 'n 'alternatiewe' perspektief van die oorlog te omhels" (Pretorius, 2015a:64).

Tekste wat teen die draai van die eeu en in die eerste dekade van die een-en-twintigste eeu verskyn het en wat as "alternatiewe" historiese romans "'n meer genuanseerde blik op die verlede bied" (Pretorius, 2015a:65), sluit in Christoffel Coetzee se *Op soek na generaal Mannetjies Mentz* (1998); Engela van Rooyen se *Vuur op die horison* (2000); Ingrid Winterbach se *Niggie* (2002); en P.G. du Plessis se *Fees van die ongenooides* (2008), oorspronklik in Engels vir 'n televisiereeks geskryf. Alhoewel Schoeman se *Verliesfontein* (2008) nie heeltemal binne die kader van die historiese roman geplaas kan word nie (Pretorius, 2015a:70), word insidente uit die Anglo-Boereoorlog (die ware verhaal van Abraham Esau in Nieuwoudtville)[172] as deel van die verhaal (waarin 'n Boerekommando 'n bruinman, Adam Balie, doodmartel) aangebied (Pretorius, 2015b:99).

Rondom die eeuwending het daar ook heelparty historiese werke oor die Anglo-Boereoorlog verskyn. Voorbeelde hiervan is *Boer en Brit: Afrikaanse en Nederlandse tekste uit en om die Anglo-Boereoorlog* (1999) onder redaksie van Ena Jansen en Wilfred Jonckheere (1999), asook Fransjohan Pretorius se *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog* 1899–1902 (1991) en *Verskroeide aarde* (2001).

Die publikasie van historiese romans rondom die tydperk waarin *Kamphoer* uitgegee is, is 'n aanduiding van die hernieude belangstelling die afgelope agt jaar in die Anglo-Boereoorlog. Verhalende tekste waarin op uiteenlopende wyses op die oorlog teruggekyk word, is Sonja Loots se *Sirkusboere* (2011); Zirk van den Berg se *Halfpad een ding* (2014); 'n heruitgawe van *Ons oorlog: 'n familieroman uit die Anglo-Boereoorlog* (2014; oorspronklik 2000) deur Klaas Steytler; en Alexander Strachan se *Brandwaterkom* (2015), wat ook teen die agtergrond van die Tweede Vryheidsoorlog afspeel.

Historiese werke wat in hierdie tyd gepubliseer is, sluit in *De Boerenoorlog* (2012) deur die Nederlandse historikus Martin Bossenbroek,[173] ook in Afrikaans uitgegee as *Die Boereoorlog* (2014) en in Engels as *The Boer War* (2018); *Onthou! Kronieke van vroue- en kinderlyding, 1899–1902* (2012) deur A.W.G. Raath en Elria Wessels; *Die oorlog kom huis toe: vrouens en gesinne in die Anglo-Boereoorlog* (2013) deur Albert Grundlingh en Bill Nasson (in Engels uitgegee as *The war at home: women and families in the Anglo-Boer War,* 2013*)*; *Donker*

[172] Kyk ook Bill Nasson se *Abraham Esau's war: a black South African war in the Cape, 1899–1902* (1991).

[173] Bossenbroek het in 2013 die Nasionale Nederlandse Libris Geskiedenisprys gewen vir hierdie boek en in 2013 was die boek op die kortlys geplaas vir die AKO-Letterkundeprys (Wordsworth Books, s.j.:s.bl.). Lees ook Ena Jansen (2012:s.bl.) se kommentaar oor die boek.

Stroom: Eugène Marais en die Anglo-Boereoorlog (2015) deur Carel van der Merwe; die herpublikasie van Anna Barry se dagboek, *Ons Japie: die Boereoorlogdagboek van Anna Barry* (2016), onder redaksie van Ena Jansen; en Emily Hobhouse se biografie (*Geliefde verraaier* / *Beloved traitor*, (2016) deur Elsabé Brits.

(iii) Kamphoer – 'n wegbreek van die beheerde narratief oor die Anglo-Boereoorlog

Volgens Van Coller (2016c:236) vestig Smith se roman "weliswaar aandag op bepaalde vergete aspekte van dié oorlog", maar is "sy doel […] nie 'n dekonstruksie van die bekende Afrikanergeskiedenis nie". Tog word Smith se teks as 'n "'ander' vorm van Boereoorlog-teks" beskou (Amid, 2014:s.bl.) en word die vraag gestel of die skrywer daarmee "kommentaar [wou] lewer op die hedendaagse stryd[174] wat die Afrikanervrou (steeds) voer deur die horlosie terug te draai?" [my voetnoot]. As antwoord hierop noem Smith (Amid, 2014:s.bl.) dat "hierdie verhaal nie in 'n lugleegte gebeur nie" en dat die verhaal "ook nie vandag in 'n lugleegte gelees" word nie. Volgens Smith (ibid.) het die boek "baie beslis sekere polities-kulturele implikasies", maar het hy nooit gedink dat hy polities-betrokke werk wil skryf nie.

Wolf (2006:s.bl.) is van mening dat die tema van verkragting wat tydens oorlogstyd plaasgevind het, 'n moeilike en emosionele navorsingsgebied is:

> Deel van die problematiek is sowel die *verheerliking* as die *ontkenning* van die misbruik van vrouens as krygsbuit. Diegene teen wie die aantygings gerig is, probeer gewoonlik om die vergrype af te skaal as blote uitsonderings, en diegene wat aan die kant van die slagoffers is, kom dikwels in die versoeking om juis daardie leed te 'verheerlik' of as tema te instrumentaliseer om 'n lydensgeskiedenis (martelaarskap) te begrond. So 'n bewering is dus taamlik plofstof vir die verwerking van trauma deur latere geslagte […] [oorspronklike kursivering].

Met betrekking tot die kwessie van vergifnis in die boek noem Smith (Amid, 2014:s.bl.) dat hy "in 'n stadium […] bewus geraak [het] dat die slot afgestuur het op die behoefte van lesers (ook [sy] behoefte, dalk 'n tipies manlike fantasie) dat daar ten einde vergifnis moes plaasvind".

Die verkragtings wat tydens die Anglo-Boereoorlog plaasgevind het, is vir 'n lang tydperk verswyg. J. van der Merwe (2014:s.bl.) vermeld versamelings van oudminister Klasie Havenga wat in argiewe in die Vrystaat en in Pretoria bewaar word. Daarin is meer as 50 verklarings deur boere, vroue en kinders oor hul ontberings gedurende die Anglo-Boereoorlog vervat. As rede waarom Havenga nooit die saak na die Haagse Konvensie verwys het nie, word genoem die sensitiwiteit van die gedokumenteerde materiaal en omdat hy bang was dat die inhoud daarvan sy politieke loopbaan kon benadeel. Gevolglik

[174] In hierdie verband kan veral verwys word na geslagsongelykheid en geslagsgebaseerde geweld.

het Havenga 'n moratorium op sy private dokumente geplaas waarvolgens dit eers 25 jaar na sy dood vir die publiek beskikbaar gestel kon word. Daarom is die verklarings oor onder andere verkragtings eers in 1982, dus 25 jaar nadat hy in 1957 oorlede is, oopgestel.

In 'n lesing wat deel uitgemaak het van die Universiteit van die Vrystaat se reeks oor trauma, herinnering aan en herontleding van die verlede, het Antjie Krog "die oënskynlik skeefgetrekte verklarings van verkragte Afrikanervroue in die AngloBoereoorlog [sic]" ontleed (C. Smith, 2015:s.bl.). In haar lesing het Krog ook verwys na die embargo op die openbaarmaking van die Havengaversameling. Uit haar bestudering van 24 van hierdie verklarings het Krog (C. Smith, 2015:s.bl.) die volgende afleidings gemaak:

- Swart en bruin vroue is ook verkrag.
- In die narratief is daar eerder aanduidings van "heldedade" as van "grusame dade van verkragting".
- Baie van die verlarings is voor hul mans en aan mans afgelê.
- Die verklarings is deur mans gebruik "om hul eer te red toe vrede gemaak is".
- Ras is 'n kenmerk van die verklarings ("Dit is nodig om te sien al die pogings tot verkragtings sonder geweld is deur wit Britse offisiere gepleeg, maar die gewelddadige voorvalle word almal aan swartes toegeskryf.")
- Om "'n bittereinder te wees en die konsentrasiekampe te oorleef [was] vir Afrikaners soos 'n eretitel".

Oor die verklarings het Krog (ibid.) gesê "dit moet vasgestel word hoekom die narratiewe so deur die vroue verbuig is":

> 'Die stories moet hervertel word en nie weer gebruik word om te vertel van die arme Afrikaner-vroue en die res is almal boos nie. Daar was 'n stadium in die land toe dit aangepak kon word, maar toe eerder op vrede besluit is en dit weer in die kluis gebêre is.[175] Miskien is dit nou tyd om daaroor te gesels' (C. Smith, 2015:s.bl. [my voetnoot]).

As 'n teks wat verskil van die "beheerde narratief oor die ABO" noem Krog (ibid.) dan Smith se *Kamphoer* "waar 'n meisie in die Winburg-konsentrasiekamp deur 'n Britse offisier verkrag en vir dood agtergelaat is, maar deur 'n Sotho-egpaar gesond gedokter word".

Die manier waarop die Anglo-Boereoorlog opnuut in die Afrikaanse letterkunde onthou word, het dus ook, soos wat dit die geval in Smith se roman is, "nie noodwendig te doen

[175] "Die eerste roman in Afrikaans wat die Hertzog-prys gewen het (Totius se *Trekkerswee* in 1916; Pretorius, 2019:s.bl.), het in die vergetelheid verdwyn, omdat die Afrikaners te vriendelik hierin met die Britte was. 'Niemand weet hiervan nie. Ons wil hê iets moet goed of iets moet sleg wees.'" (Krog in C. Smith, 2015:s.bl.).

met die aanblaas van rassespanning en ou wrokke nie" (Steenkamp, 2011:9): "Dit het ook te doen met die erkenning van die rol wat verskillende bevolkingsgroepe in hierdie oorlog gespeel het. In hierdie opsig dra die hernude belangstelling by tot 'n meer inklusiewe blik op ons land se verlede en moontlik sy toekoms."

(iv) Ander projekte wat tot 'n hernieude belangstelling in die Anglo-Boereoorlog bygedra het

Die honderdjarige herdenking van die Anglo-Boereoorlog het uiteraard daartoe bygedra dat mense opnuut bewus gemaak is van die oorlog. In sy bewusmakingsveldtog het die Oorlogsmuseum in Bloemfontein van die volgende strategieë gebruik gemaak (Anglo-Boer War Museum, s.j.:s.bl.):

- Die Radio Rosestad Kersmark wat jaarliks by die Anglo-Boereoorlog Oorlogsmuseum aangebied word
- Die publikasie van 'n nuwe gedenkbundel deur die Oorlogsmuseum
- 'n Permanente uitstalling aan Sol Plaatjes gewy om die rol van ander bevolkings-groepe in die oorlog te erken

In die jare net vóór en ná die publikasie van *Kamphoer* was daar ook ander projekte en gebeure wat tot 'n hernieude belangstelling in die oorlog bygedra het:

- In 2012 is die film *Verraaiers* onder spelleiding van Paul Eilers bekendgestel. Bekende akteurs wat in die film te sien was, was onder andere Stian Bam, Hannah Borthwick, Nic de Jager, Gys de Villiers, Deon Lotz, Paul Lückhoff, Albert Maritz, Rika Sennett, Carel Trichardt en Marcel van Heerden (IMDb, s.j.-b:s.bl.).
- In 2014, die jaar waarin *Kamphoer* gepubliseer is en wat saamval met die herdenking van die Rebellie en die honderdjarige herdenking van die skietdood van generaal Koos de la Rey, het Kraal Uitgewers 'n projek getiteld "De Wet, Beyers … ek" van stapel gestuur. Die publiek is uitgenooi om nie net hul voorouers se rol in die Rebellie na te gaan nie, maar ook om hul families se stories rondom die Rebellie met die uitgewershuis te deel (Kraal Uitgewers, s.j.-b:s.bl.).
- Voorts was daar, óók in 2014, vir ses maande lank 'n kompetisie op facebook om swart-en-wit foto's uit die Anglo-Boereoorlog in te kleur. Die pryse het ingesluit 'n warmlugballonvlug, oorspronklike foto's uit die oorlog en USB-stokkies met meer as 2 000 foto's uit daardie tydperk (Le Riche, 2014:s.bl.).
- In 2015 is 'n kortfilm getiteld *The last boers of Patagonia* as dokumentêr deur die rolprentmaker Richard Finn Gregory vrygestel. Die film fokus op 'n groepie boere wat

ná die Anglo-Boereoorlog besluit het om Suid-Afrika vir Argentinië te verruil (*Die Burger*, 2014:s.bl.).[176]

- In 2015 word die eerste Anglo-Boereoorlogolimpiade vir skole van stapel gestuur (*Bloemfontein Courant,* 2015:s.bl.).
- In Oktober 2015 word in die parlement aangekondig dat almal oor die geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog moet leer en dat hierdie geskiedenis deel van die skoolleerplan moet word (B Mark SA, 2015:s.bl.).
- Tydens die bekendstelling van Versoeningsmaand by die Oorlogsmuseum in Bloemfontein in Desember 2015 kondig die toenmalige minister van kuns en kultuur, Nathi Mthethwa, aan dat die naam van die Anglo-Boereoorlog amptelik verander is na die Suid-Afrikaanse oorlog. Hierdie besluit het hewige kritiek uit sommige kringe ontlok en wye mediadekking ontvang (Breytenbach, 2015:s.bl.; De Bruin, 2015:s.bl.; Langner, 2015:s.bl.; Mulder, 2015:s.bl.; Strydom, 2015:s.bl.).
- In 2016 het die dramaprent *Modder en bloed* in teaters begin wys. In die rolverdeling was Suid-Afrikaanse rolprentsterre soos Jacques Bessenger, Deon Lotz, Albert Maritz, Albert Pretorius, Michael Richard, Altus Theart, Bok van Blerk, Edwin van der Walt, asook Britse akteurs, waaronder Patrick Connolly, Nick Cornwall, Josh Myers en Charlotte Salt (Rekord East, 2015:s.bl.).

7.3.3.2 Paratekstuele gegewens

Yampbell (2005:355) wys op die feit dat uitgewerye die gebruik van eenwoordtitels aanmoedig: "Publishers believe that the single word title is snappy and hip. The starkness of the single word enables an immediate focus on the title. The publishers hope a sparse title will generate curiosity and enhance the grabability factor." Teen hierdie agtergrond beskou, is die titel *Kamphoer* dus in die kol. Smith vertel aan Britz (2015:10) dat selfs sy ma ongemaklik oor die titel is (was): "As ek met my ma daaroor praat, noem ons liewer nie die titel nie. En lesers vra in boekwinkels vir '*Kamp* en daai watsenaam'."

Alhoewel die titel dus beskou kan word as 'n verbruikersgeoriënteerde bemarkingstrategie wat uiteraard op winsgewendheid ingestel is, was daar tog joernaliste en kritici wat die titel binne die outonome kader geplaas het. Elretha Britz (2015:10), wat as musiekresensent en kunsjoernalis 'n kollega van Smit se broer, Charles, by *Volksblad* is, skryf dat die sensasionele titel in wese "moeilik" is en dat dit "nie los [staan] van die inhoud nie, wat ook 'n moeilike onderwerp is". Met hierdie stelling plaas Britz die skrywer, Smith, in

[176] Met betrekking tot die gebruik (en verdwyning) van Afrikaans in Patagonië kan verwys word na Theresa Biberauer (Universiteit van Cambridge) se navorsing (kyk Biberauer, 2010).

Bourdieuaanse terme, binne die veld van beperkte produksie en is haar posisionering van hom dus outonoom literêr (vergelyk 7.7).

Met betrekking tot bemarkingstrategieë in voorbladontwerp noem Yampbell (2005:358) dat raaiselagtigheid, toespeling en sensasie produkte skep wat die "gryp-faktor" aanwakker. Deurdat die lettergreep HOER, in rooi hoofletters, die mees prominente gegewe op die voorblad is, is daar dus ook in die voorbladontwerp sprake van 'n verbruikersgeoriënteerde bemarkingstrategie. Soos in die geval van die titel, kan die bemarkingstrategie egter ook as 'n geïntegreerde benadering geïnterpreteer word. Terwyl die voorblad van *Kamphoer* enersyds (en eerstens) die nuuskierigheid van potensiële verbruikers prikkel, betrek dit terselftertyd ook die tematiek van selektiewe geheue – dit wat Susan Nell "wel in haar gedagtes kon sê: Kamp en **Hoer**. Dit is hoe sy haarself gesien het, skuldig, nikswerd, skaamte. As gevolg van trauma. Die jaartal is uitgekrap, want dis dubbelsinnig; haar sterfdatum en geboortedatum" (Celliers, 2015:s.bl. [oorspronklike vetdruk]).

Op die agterplat van die boek is 'n klein foto'tjie uit die Anglo-Boeroorlog waarop 'n vrouefiguur met 'n kruis doodgetrek is. Benewens 'n opsomming van die verhaalgebeure en 'n verwysing na die feit dat dit 'n ware verhaal is, word Smith se teks op die agterplat (die teks is deur Riana Barnard en die skrywer self geskryf; Smith, 2019b:s.bl.) as 'n "sielkundige riller" beskryf. Soos in 3.3.2 genoem, bring die genres wat die hoogste posisie in die hiërargie van genres beklee, uiteraard die grootste wins mee. Smith self beskou die werk eerder as historiese fiksie, maar erken dat die verwysing daarna as 'n sielkundige riller bemarkingswaarde het: "boekomslae word ontwerp om boeke te verkoop en, 'sielkundige riller is aantrekliker as Boereoorlogfiksie'" (Du Buisson, 2015:4).

Volgens Hambidge (2014b:s.bl.) is dit jammer dat die agterplat die boek met die volgende taal bemark: "En in die proses word sy teruggestamp in 'n bomkrater wat sy geglo het lank reeds toegegroei en veilig bedek was." Die beeld van die boek (as 'n outonoom literêre kunswerk) word verder aangetas deur die sin "Iets soos 'n warrelwind ruk deur haar" en die verwysing daarna as 'n boek "wat jou tot op die laaste bladsy in sy yskoue greep sal hou" (ibid.). Wanneer die twee perspektiewe (die populistiese en die outonome) wat uit die bespreking van die paratekstuele gegewens van *Kamphoer* aan die lig gekom het teen die agtergrond van die reeds genoemde vier "pilare" in die bemarkingskonsep beskou word ('n verbruiker- of kliënteoriëntasie, 'n geïntegreerde benadering, winsgewendheid en sosiale verantwoordelikheid; vergelyk 3.3.5), blyk dit dat hier eerder sprake van 'n geïntegreerde benadering was met die oog op die verwerwing van kapitaal in sowel die ekonomiese as in die artistieke pool van die veld.

7.3.3.3 Die optimale ontginning van ’n skrywersoeuvre

Die voortgesette stimulering van ’n oeuvre is reeds in 4.2.4.1ii as een van die take van die uitgewery genoem. In verskeie koerant- en tydskrifartikels word ’n nuwe roman in die vooruitsig gestel (Amid, 2014:s.bl.; Britz, 2015:10; Steyn, 2016b:11). In ’n gesprek met Pienaar-Brink (2014:8) noem Smith dat hy reeds vóór *Kamphoer* aan ’n nuwe teks begin werk het: “Maar dis allermins ’n historiese roman en ook glad nie oor die Anglo-Boereoorlog nie.” Voldoende tyd het egter ontbreek en Smith se versugting is daarom dat “[a]s hierdie boek één ding vir my moet regkry, is dit om tyd te koop om nóg ’n boek te skryf …” (ibid.).

7.4 Trajek

As die tweede produk van ’n agent se habitus is die begrip van *trajek* reeds beskryf as die reeks posisies wat opeenvolgens deur dieselfde agent (of skrywer) beklee kan word en wat insluit literêre verwerking, literêre produksie, literêre verspreiding en resepsie (vergelyk 3.3.6).

7.4.1 Literêre verwerking

7.4.1.1 Teksredakteur[177]

Smith, wat geloof word as “een van die beste teksredakteurs en ontwikkelaars van manuskripte in Afrikaans” (La Vita, 2014:13; kyk ook Pienaar-Brink, 2014:8; Rautenbach, 2014b:24; *Rooi Rose*, 2015:139; *Sunday Times Books LIVE*, 2014b:s.bl.) het al opgetree as redakteur vir die onderstaande skrywers en tekste:

- Dominique Botha se *Valsrivier* (2013). Die boek was die wenner van die Universiteit van Johannesburg se debuutprys vir skeppende skryfwerk, die Eugène Marais-prys (2014), die Jan Rabie Rapport-prys (2014), die kykNET-Rapport-boekprys en was ook ’n finalis in die *Sunday Times* Literary Prize (Dixon, s.j.:s.bl.).
- P.G. du Plessis se *Fees van die ongenooides* (2008) wat in 2009 die wenner was van die ATKV-prosaprys, asook van die Helgaard Steyn-prys in 2012 (Tafelberg, s.j.-b:s.bl.)
- Gilbert Gibson (al sy werk behalwe die laaste boek), dit wil sê, *Boomplaats* (2006), wat die Protea-prys vir die beste digbundel in 2006 gewen het, *Kaplyn* (2007) en *Oogensiklopedie* (2009) (Tafelberg, s.j.-c:s.bl.)
- Rachelle Greef se *Die naaimasjien en ander stories* (2015)
- Elsa Joubert se *’n Wonderlike geweld* (2005)

[177] Inligting verskaf deur Smith (2019c:s.bl.)

- Charl-Pierre Naudé (latere werke wat deur Tafelberg gepubliseer is), onder andere *Die ongelooflike onskuld van Dirkie Verwey* (2018) (kyk ook 7.4.2.2)
- Johann Nell se *Sondag op 'n voëlplaas* (2013)
- Deon Opperman, by name die literêre verwerking van sy werk tot dramas
- Johann Rossouw se *Verwoerdburg* (2014)
- Dan Sleigh se *Afstande* (2010) en *Wals met Matilda* (2010). Laasgenoemde was die wenner van die Universiteit van Johannesburg se prys vir kreatiewe skryfkuns in Afrikaans (NB Uitgewers, s.j.-b:s.bl.). Smith was ook gedeeltelik, tot en met sy aanstelling by die Universiteit van die Vrystaat, verantwoordelik vir die teksversorging van *1795* wat in 2016 gepubliseer is (Smith, 2019b).
- Alexander Strachan se *Dwaalpoort* (2010), wat in 2011 met die W.A. Hofmeyr-prys bekroon is (Terblanche, 2015a:s.bl.) en *Brandwaterkom* (2015), wat in 2016 die wenner was van die kykNET-Rapport-prys (kykNET-Rapport-boekpryse, 2016:s.bl.)
- Eben Venter se *Santa Gamka* (2009), wat in daardie jaar die wenner was van die M-Net-prys vir prosa (Tafelberg, s.j.-d:s.bl.) en *Wolf, Wolf* (2013), wat in 2014 die wenner was van die Rapport-boekprys in die fiksiekategorie (NB Uitgewers, s.j.-c:s.bl.)
- Ander skrywers wat genoem is (Smith, 2019b), is Kerneels Breytenbach se *Ester* (2014), Johann de Lange, Louis Esterhuizen, Danie Grobler, Mariël le Roux, Danie Marais, Loftus Marais, Petra Müller, Marita van der Vyver en Piet van Rooyen.

Soos hierbo aangetoon, is baie van die bogenoemde persone bekroonde skrywers wat reeds oor heelwat simboliese kapitaal beskik. Hier is dus sprake van 'n wisselwerking tussen verskillende agente se kapitaal. Aan die een kant is die aanvraag na Smith se vaardighede as teksredakteur 'n aanduiding van die vertroue wat uitgewers en skrywers in sy kulturele kapitaal het, terwyl sy betrokkenheid by gerekende skrywers weer bydra tot sy eie simboliese en sosiale kapitaal.

7.4.1.2 Vertaler

Smith se (bestaande) kulturele kapitaal het ook daartoe aanleiding gegee dat hy die vertaling van topverkopers, soos Ray Kluun se internasionale topverkoper, *'n Vrou gaan dokter toe*, behartig het. Die boek is gebaseer op Kluun, 'n eertyds suksesvolle sakeman met sy eie "hip" advertensie- en bemarkingsmaatskappy, se ervarings toe sy vrou met kanker gediagnoseer is en op hul laaste jaar saam (Petrick, 2011:s.bl.).

Vir sy vertaling van die bekroonde[178] sanger, komponis, dramaturg en musiekregisseur David Kramer – veral bekend vir die bevordering van Niestandaardafrikaans (of "Kaaps") deur musiek (ESAT, 2018:s.bl.) – se biografie getiteld *David Kramer: 'n biografie* (Slabbert & De Villiers, 2011) is Smith met 'n SALA-letterkundeprys bekroon (*Sunday Times Books LIVE*, 2014b:s.bl.). Hierdie bekroning het ook tot Smith se eie simboliese kapitaal bygedra.

7.4.2 Literêre produksie

Op Smith se curriculum vitae wat op die webblad van die UV (Universiteit van die Vrystaat, s.j.-b:s.bl.) verskyn, word die onderstaande literêre produkte vermeld:

7.4.2.1 (Literêre) navorsingsuitsette[179]

2009. Murder your darlings: Breytenbach, die dood en die vrou. *Tydskrif vir Letterkunde*, 46(2):97–110.
2007. Letterkunde en die dood: onmoontlikheid en die moontlikhede van die teks. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.
1998. 'Wij zitten in een klem': argetipiese verhoudingspatrone in "De verwondering" deur Hugo Claus. Ongepubliseerde magisterverhandeling. Kaapstad: Universiteit van Kaapstad.
1996. Argetipiese patrone in "De verwondering" van Hugo Claus. Referaat gelewer by jaarlikse internasionale konferensie van die Vereniging vir Neerlandistiek aan die Universiteit van Kaapstad.[180]
1996. Tussen Hades en Oostende: 'n Ondersoek na deurlopende temas in die prosa van Hugo Claus. Honneursverhandeling. Gent: Rijksuniversiteit.

Alhoewel bogenoemde op die webblad (onder die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans) as "Resente geakkrediteerde navorsingsuitsette" aangedui word, is slegs die 2009-artikel 'n geakkrediteerde navorsingsuitset. By navraag het Smith (2019d) in 'n persoonlike gesprek op 18 April 2019 ook genoem dat hy sy honneursgraad aan die Universiteit van Kaapstad en nie aan die Universiteit van Gent behaal het nie en dat hy net 'n deel van sy navorsing by laasgenoemde universiteit gedoen het.

[178] Bekronings sluit in 'n Fleur du Cap en 'n Laurence Olivier-toekenning (ESAT, 2018:s.bl.).
[179] Hier aangedui in dieselfde formaat as wat dit in die bronnelys gelys word
[180] Ook 'n vorm van literêre verspreiding (kyk 7.4.3)

7.4.2.2 Kreatiewe uitsette

2014. *Kamphoer.* Kaapstad: Tafelberg.

2013. "Die proefleser", 'n kortverhaal gepubliseer in die bloemlesing *Kosblik*, saamgestel deur Nicole Jaekel Strauss, uitgegee deur Queillerie.

2013. "Langafstandoproep", 'n kortverhaal gepubliseer in die bloemlesing *Skarlakenkoors*, saamgestel deur Karin Eloff en Peter van Noord, uitgegee deur Tafelberg

2012. "Die wit van jou oë" en "Die wit van jou oë 2", kortverhale gepubliseer in die bloemlesing *Bloots*, saamgestel deur Karin Eloff en Peter van Noord, uitgegee deur Tafelberg

Ook hier is die verwysing na die bogenoemde as "Kreatiewe of ander navorsingsverwante uitsette" op die webblad foutief omdat almal kreatiewe tekste is. Dit blyk voorts dat die inligting op die webblad verouderd is, aangesien Smith vir nog kreatiewe uitsette verantwoordelik was óf daarby betrokke was:

2017. "Portapool", 'n kortverhaal gepubliseer in die bundel *Op die spoor van*, saamgestel deur Rudie van Rensburg (2017), uitgegee deur Tafelberg

Nadat Charl-Pierre Naudé reeds vroeër ingeskryf was vir 'n meestersgraad in Kreatiewe Skryfkuns onder proff. H.P. van Coller en Bernard Odendaal, het hy die kursus onder die leiding van Francois Smith voltooi. Die roman wat hy as deel van die kursus geskryf het, *Die ongelooflike onskuld van Dirkie Verwey*, is in 2018 deur Tafelberg gepubliseer en is aangewys as die 2019-wenner van die Universiteit van Johannesburg se prys vir kreatiewe skryfwerk (*LitNet*, 2019a:s.bl.). As digter van *Die nomadiese oomblik* (1995), *In die geheim van die dag* (2005), *Against the light* (2007) en *Al die lieflike dade* (2014), medesamesteller (saam met Bibi Slippers) van *Nuwe stemme 6* (2017), resensent van boeke en films en as 'n rubriekskrywer, was Naudé egter reeds geen onbekende in die literêre veld nie (*LitNet*, s.j.-c:s.bl.). Dat Naudé sy meestersgraadstudie onder leiding van Smith voltooi het, is uiteraard 'n vorm van sosiale kapitaal wat terselfdertyd ook verstewigend bydra tot Smith se posisie as mentor in die begeleiding van ander skrywers se kreatiewe uitsette.

7.4.3 Literêre verspreiding

As deel van Smith se curriculum vitae word die onderstaande projekte op die Universiteit se webblad (Universiteit van die Vrystaat, s.j.-b:s.bl.) genoem, maar geen datums word verskaf nie:

- ’n Interdepartementele gespreksgroep oor visuele kuns, film, musiek en die letterkunde
- ’n Reeks Vrydagseminare oor aktuele gebeure op die taal- en kultuurfront

Smith tree gereeld as gespreksleier op by die populêre lesings wat die Departement Afrikaans en Nederlands, Duits en Frans aan die UV minstens twee keer per kwartaal aanbied. In 2015 het hy ’n lesing oor *Fifty shades of Grey* as verskynsel binne die ontwikkeling van die filosofiese denke aangebied (F. Smith, 2015b:s.bl.) en in Mei 2019 ’n lesing oor die mees onlangse werk van Eben Venter en Johann de Lange (Meiring, 2019:s.bl.). Vanaf 16 tot 25 September 2016 is die Week van die Afrikaanse roman, ’n inisiatief van die werkgroep *Afrinetwerk*, vir die tweede keer in Nederland en Vlaandere aangebied en was Smith een van die deelnemers (*Wêreldwyd*, 2016:s.bl.).

7.4.4 Resepsie

Smith se lidmaatskap van professionele organisasies (kyk Universiteit van die Vrystaat, s.j.-b:s.bl.) sluit, soos dit die geval is by baie dosente van Afrikaanse letterkunde, die onderstaande in:

- Die skrywersorganisasie *PEN Suid-Afrika*

PEN Suid-Afrika is een van baie *PEN*-sentrums van regoor die wêreld wat by *PEN Internasionaal* geaffilieer is. Die organisasie was een van die eerste niestaatsbeheerde organisasies wat hom op die beskerming van menseregte toegespits het en die eerste wêreldwye vereniging van skrywers wat aangedui het dat vryheid van uitdrukking en literatuur onskeibaar is (*Pen South Africa*, s.j.:s.bl.).

- Die *Literator*-vereniging

Literator is ’n ewekniebeoordeelde joernaal wat sedert 1988 navorsingsartikels en essays oor linguistiek en letterkunde publiseer. Die tydskrif fokus ook op studies en vergelykende studies met betrekking tot tale, literatuur en ander kulturele verskynsels óór taal-, media- en kultuurgrense heen (SAALT/SAVTO, s.j.:s.bl.).

- Die beoordelaarspaneel vir die Elisabeth Eybers-prys (kyk 4.2.4.4)[181]

[181] Dit is interessant om daarop te let dat Smith, as prosaskrywer, op die paneel vir die beoordeling van ’n digbundel is.

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat die skrywer Francois Smith inderdaad oor die habitus beskik het wat hom gepredisponeer het om die veld te betree. Ten einde 'n geheeloorsig oor hierdie "gevoel vir die spel" weer te gee, word dit skematies weergegee.



Figuur 7.1: Francois Smith: habitus

[182] Teen die agtergrond van die definisie van s*trategie* as 'n spesifieke oriëntasie of praktyk wat te make het met 'n agent se plan aangaande sy/haar trajek binne die literêre veld (kyk 3.3.5), sou nagraadse studies in wese ook reeds deel van 'n agent se strategie kon wees.

7.5 Hekwagters

Soos reeds by herhaling genoem, word kultuurprodukte eers deel van die kanon nadat hekwagters dit tot die literêre veld toelaat (kyk Hoofstuk 1; 4.2.4.1). Benewens die rolspelers waarna vroeër in hierdie hoofstuk verwys is (kyk 7.3.2), het ook die onderstaande agente 'n belangrike rol in Smith se posisionering binne die literêre veld gespeel, terwyl sommige dit steeds doen.

7.5.1 Die uitgewery: bemarkingstrategieë

In die bespreking van die uitgewery as 'n vorm van heterovoorstelling, is verwys na die invloed wat die naam van die organisasie op die resepsie van literêre werke het en dat 'n gerekende uitgewery, soos Tafelberg Uitgewers, die latere beeldvorming van die literêre werk kan beïnvloed (kyk 4.2.4.1i; 4.2.4.1ii; De Glas, 1992:296). Die volgende is as bemarkingstrategieë genoem waardeur die uitgewer die resepsie van die skrywer, die skrywer se oeuvre en titels kan beïnvloed: werwingstekste; niebetaalde verbruikergerigte publisiteit; die begeleiding van die skrywer by bemarkings-aktiwiteite (boekbekendstellings en -uitstallings, leesindabas, boeke-ontbyte en voorlesings deur die skrywer self); en die aanbieding van ruimte vir die letterkundige oordeelvorming in ander uitgewerspublikasies.

7.5.5.1 Resensies, artikels en (gepubliseerde) onderhoude

Tabel 7.1: *Kamphoer:* resensies, artikels en onderhoude in die jaar van en ná publikasie (2014–2015)

	Datum[183]	Media-produk	Koerant- of artikelopskrif	Resensent/ Artikel-skrywer	Tipe aanbie-ding	Media-maatskappy	Sosiale kapitaal: rolspelers en skrywer[184]
1	29.05.14	*Sunday Times Books LIVE*	Sielkundige riller gebaseer op ware verhaal uit Anglo-Boereoorlog: *Kamphoer* deur Francois Smith	Redaksio-neel *Sunday Times Books LIVE* (2014b: s.bl.)	Boek-aankon-diging	Onafhanklik	Geen
2	29.06.14	*Roekeloos*	Kamphoer	Redaksio-neel *Roekeloos* (2014:s.bl.)	Boek-aankon-diging	Onafhanklik (*roekeloos*, 2019:s.bl.)	Geen
3	18.07.14	*Die Burger*	Oor die stem van 'n vrou	La Vita, Murray (2014:13)	Onder-houd	Naspers	La Vita werk o.a. by *Beeld* en *Transvaler*; hy word in 2002 inhoudsredakteur by *Die Burger*. Uit sy pen verskyn *Gesprekke met merkwaardige mense* in 2011 by Tafelberg (*PressReader*, 2015b:s.bl.).

[183] In chronologiese volgorde

[184] Alhoewel die navorser geensins daarop wil sinspeel dat die verband wat daar tussen 'n skrywer en ander rolspelers in die literêre veld bestaan die objektiwiteit van die beeldvorming aantas nie, is die vermelding van bepaalde verbintenisse, as 'n vorm van sosiale kapitaal, tog belangrik in 'n ondersoek na beeldvorming.

	Datum	Media-produk	Koerant- of artikelopskrif	Resensent/ Artikel-skrywer	Tipe aanbie-ding	Media-maatskappy	Sosiale kapitaal: rolspelers en skrywer
4	24.07.14	*Rapport*	Debuut oor ware verhaal tref hard	Breyten-bach, Kerneels (2014a:24)	Resensie	Naspers	Smith, wat op vryskutbasis as redakteur by Tafelberg gewerk het, en Breytenbach was vir 'n tyd lank kollegas (kyk Terblanche, 2016:s.bl.) en is ook facebookvriende (kyk Francois Smith Facebookblad). Smith was ook redakteur van Breytenbach se boek *Ester* (2014) (Smith, 2019d).
Boekbekendstelling: 31 Julie 2014 (*roekeloos.co.za*, 2014:s.bl.)							
5	02.08.14	*Woorde wat weeg*	Francois Smith – Kamphoer (2014)	Hambidge, Joan (2014b: s.bl.)	Resensie	Onafhanklik[185]	Hambidge en Smith se ontslape vrou was nie net kollegas aan die Universiteit van Kaapstad nie, maar ook sedert 1992 hegte vriendinne. Hambidge se bundel *Ewebeeld* (1997) is aan Smuts opgedra en ná haar tragiese dood ook *En skielik is dit aand* (2005), die eerste afdeling van "Klaaggesange" in die bundel *Vuurwie*l (2009), asook die gedig "Tussen-in" (Hambidge, 2005b:s.bl.).
6	04.08.14	*Volksblad*	Woord vir woord hou jy op asemhaal	Van Rensburg, Cas (2014b:7)[186]	Resensie	Naspers	Soos Smith, het Van Rensburg sy joernalistieke loopbaan in Kaapstad by *Die Burger* (Naspers-koerant) begin waar hy ook later buitelandse korrespondent was (Terblanche, 2018:s.bl.).
7	17.08.14	*Rapport*	'n Storie in twee stemme	Rautenbach, Elmari (2014b:24)	Onder-houd	Naspers	Geen[187]
8	09.09.14	*LitNet: Biebouw-resensies* [188]	Biebouw-resensie: Kamphoer deur Francois Smith	Van den Heever, Alettie (2014:s.bl.)	Resensie	*LitNet* is 'n onafhanklike joernaal op die internet, maar het wel bande met Naspers en Media24[189]	Geen[190]

[185] 'n Blog deur Joan Hambidge waarin die reikwydte in terme van die bladsybesoeke in Mei 2019 op 457 583 gestaan het (*joanhambidge.blogspot.com*, s.j.:s.bl.)

[186] Van Rensburg se resensie (2014b:7) verskyn nie net in *Volksblad* nie, maar ook in ander koerante van Media24 (kyk Van Rensburg, 2014a:s.bl.).

[187] Rautenbach was van 2012 tot 2014 hoofredakteur by New Media Publishing wat 'n onafhanklike maatskappy is (Linkedin, s.j.-a).

[188] Hierdie webblad, wat deur Grapetown Capital (Pty) Ltd ondersteun word, lys die jongste toevoegings tot *LitNet* se resensiesblad en, anders as *LitNet Akademies* se resensies, akkommodeer dit minder formele gesprekke oor letterkunde (Alexander, 2016:53; *LitNet*, s.j.-b:s.bl.).

[189] *LitNet* is 'n onafhanklike joernaal op die internet en word as gesamentlike onderneming deur Ligitprops 3042 BK en Media24 bedryf met Etienne van Heerden as stigter-redakteur. Die *LitNet*-bestuurskomitee het bestaan uit Etienne van Heerden, gewese hoogleraar by die Skool vir Tale en Letterkundes aan die Universiteit van Kaapstad, en Bertie du Plessis, wat voor sy afsterwe by Naspers gewerk het. Die *LitNet*-node vir geakkrediteerde akademiese skryfwerk in Afrikaans, *LitNet* Akademies, is 'n maatskappy sonder winsbejag. In die direksie van *LitNet Akademies* dien Etienne van Heerden, Jos Floor (Floor Swart Inc) en Martin Geldenhuys (Media24) (*LitNet*, s.j.-j.:s.bl.).

[190] Geen; publiseer eers in 2018 haar debuut, *Stof,* by Queillerie, 'n drukkersnaam van NB Uitgewers.

	Datum	Media-produk	Koerant- of artikelopskrif	Resensent/ Artikel-skrywer	Tipe aanbie-ding	Media-maatskappy	Sosiale kapitaal: rolspelers en skrywer
9	01.10.14	*LitNet*	Onderhoud met Francois Smith: om *Kamphoer* te skryf	Amid, Jonathan (2014:s.bl.)	Onder-houd	Soos vorige	Geen[191]
10	01.10.14	*LitNet*	LitNet Akademies resensie-essay: Kamphoer deur Francois Smith	Van der Merwe, Chris (2014:s.bl.)	Resensie	Soos vorige	Van der Merwe was 34 jaar lank verbonde aan die UK (Alexander, 2016:51–52) in dieselfde departement waar Smith sy magister- en doktorsgrade verwerf het en waar Van der Merwe en Smith se oorlede vrou, Lisbé Smuts, kollegas was.
11	10.10.14	*Vrouekeur*	Willie Burger kyk na Francois Smith se boek *Kamphoer*	Burger, Willie (2014:45)	Resensie	Caxton	Burger se sketse en verhaaltjies oor vaderskap verskyn oor 'n tydperk van ses jaar in *Baba en Kleuter* (Naspers-tydskrif) en is onder die titel *Pa se stem* versamel (2002 en 2005; 2005-uitgawe by Lapa Uitgewers; Naspers-drukkersnaam). Burger het 8 jaar lank tot die "Kopstukke"-rubriek in *Beeld* bygedra (*LitNet,* s.j.-k:s.bl.).
12	24.10.14	*Vrouekeur*	'n Foltering maar ook terapie	Pienaar-Brink, Jackie (2014:8)	Onder-houd	Caxton	Geen[192]
13	31.10.14	*Sarie*	Oor oorlog	Green, Phyllis (2014:s.bl.)	Boekbe-spreking	Naspers	Boekeredakteur by *Sarie* (Sarie Facebookblad, 2016)
14	19.12.14	*Not now, darling*	Boekredak-teurs kies hulle beste vir die jaar	Schimke, Karin (2014:s.bl.)	Onder-houde met redak-teurs	Onafhanklik Blog	Geen[193]
15	Januarie 2015	*Rooi Rose*	Skrywer van die maand Francois Smith	Redaksio-neel *Rooi Rose* (2015:139)	Onder-houd	Caxton	Geen
16	28.01.15	*wordpress.com*	Notas by die bespreking van Kamphoer – Francois Smith	Celliers, Mariana (2015:s.bl.)	Lees-kring	Onafhanklik[194]	Geen
17	13.04.15	*Volksblad*	VS-skrywer ook na Lae Lande genooi	De Vries, Willem (2015b:8)	Artikel	Naspers	Lid van kunsredaksie by *Die Burger* (Media24) (*contactout.com*, s.j.)
18	12.06.15	*Vrouekeur*	Boekhoek: Kamphoer en Ester	Pakendorf-Schultz, Margot (2015:s.bl.)	Boekbe-spreking	Caxton	Geen[195]
19	30.06.15	*Volksblad*	Sy 'sieleheil' hang af van skryf	Britz, Elretha (2015:10)	Onder-houd	Naspers	Joernalis by *Volksblad*
20	30.06.15	*Volksblad*	Iets moet 'goed óf sleg wees': fout van ABO weer gemaak, sê Krog	Smith, Charles (2015:s.bl.)	Artikel waarin na *Kamp-hoer* verwys word	Naspers	Francois Smith se broer

[191] Amid is 'n vryskutjoernalis (*LitNe*t, s.j.-e:s.bl.).
[192] Pienaar-Brink is 'n vryskutskrywer, -proefleser en -vertaler (Linkedin, s.j.-b).
[193] Kyk *Not now darling* (2012:s.bl.).
[194] Ontwerp blogs, webbladsye, ens. (*wordpress.com*,s.j.:s.bl.)
[195] Pakendorf-Schultz is teksredakteur by *Vrouekeur* (*vrouekeur.co.za,*s.j.:s.bl.).

	Datum	Media-produk	Koerant- of artikelopskrif	Resensent/ Artikel-skrywer	Tipe aanbie-ding	Media-maatskappy	Sosiale kapitaal: rolspelers en skrywer
21	17.07.15	*Stronk*	Fiksie kleur geskiedenis in vir roman	Du Buisson, Theuns (2015:4)	Berig	*Netwerk24* (Naspers)	Geen[196]
22	18.09.15	Wynberg Residents and Rate-payers Associa-tion	Wynberg writer wins award	Redaksio-neel Wynberg Residents and Ratepayers Association (2015:s.bl.)	Berig	Onafhanklik	Geen
23	27.12.15	*Rapport*	Wat lees woordsmouse?	Anker, Willem (2015:20)	Onder-houde met verskil-lende skrywers	Naspers	Anker publiseer self by drukkersname van NB Uitgewers. In 2014, dieselfde jaar as dié waarin *Kamphoer* gepubliseer is, is *Buys* deur Kwela uitgegee.
24	Somer 2015	*Taal-genoot*	Kamphoer – Francois Smith (Tafelberg)	JJS (2015:s.bl.)	Resensie	Onafhanklik[197]	Onbekend
25	08.12.15	*LitNet*	Remembering and forgetting: reflections on Francois Smith's novel *Kamphoer*	Van der Merwe, Chris, Gobodo-Madikizela, Pumla & Smith, Francois (2015:s.bl.)	Semi-naar	Onafhanklike joernaal op die internet, maar het wel bande met Naspers	Van der Merwe en Gobodo-Madikizela het sáám met die skrywer die seminaar aangebied.

Soos verwag kan word, sal 'n uitgewery koerante en ander platvorms waarmee dit 'n standhoudende relasie (as 'n vorm van sosiale kapitaal) het, in die bemarking van die boek gebruik. Uit die tabel blyk dat daar vóór die amptelike bekendstelling van die boek 'n onderhoud met die skrywer, asook 'n resensie van die boek in Naspers-koerante verskyn het. Uit die 25 (bekombare) mediaprodukte waarin resensies of artikels (tot einde 2015) verskyn het, was daar in 14 van die gevalle (as die *LitNet*-resepsieprodukte bygereken word) bande tussen die uitgewery en die mediamaatskappy.

7.5.5.2 Televisieoptredes en YouTube-videos

Tabel 7.2: Digitale media: boekaankondigings en onderhoude met Smith in die jaar van publikasie (2014)

Datum[198]	Mediaproduk	Tema	Bron en web-adres	Tipe aanbieding	Sosiale kapitaal tussen uitgewery en mediaproduk
22.07.14	*Dagbreek* (televisieprogram)	Dagbreek: Boekmerk – Francois Smith	kyknettv (2014) https://www.youtube.com/watch?v=IJEnCZjRpvg	Televisieonderhoud (met Riaan Cruywagen)	M-Net, Naspers (M-Net Corporate, s.j.:s.bl.)
23.07.14	NB Uitgewers (op YouTube)	Varsgedruk 92: Kamphoer	NB Uitgewers (2014) https://www.youtube.com/watch?v=t5fqHhXL6jA	Boekaankondiging	Naspers

[196] Du Buisson is betrokke by mediaproduksie; het in 2014 by Exclusive Books gewerk (Linkedin, s.j.-c).
[197] Die *Taalgenoot* is die amptelike kwartaallikse kultuurtydskrif van die ATKV (s.j.:s.bl.).
[198] In chronologiese volgorde

Datum	Mediaproduk	Tema	Bron en web-adres	Tipe aanbieding	Sosiale kapitaal tussen uitgewery en mediaproduk
30.08.14	*DEKAT* (televisie-leefstylprogram)	Gerhard Scholtz gesels met Francois Smith, skrywer van Kamphoer	Gerhard Scholtz (2015) https://www.youtube.com/watch?v=FNXvfDwSvnM	Televisieonderhoud	kykNet vanaf 2011; vroeër SABC3 en sedert 2018 SABC2 (TV with Thinus, 2018:s.bl.)
17.09.14	*Kwêla* (televisieprogram op kykNET)	Program-aankondiging: Kwêla – Woensdag 17 September 2014	HuisgenootTV (2014) https://www.youtube.com/watch?v=9xkezHhp_po	Televisieonderhoud	M-Net, Naspers

7.5.2 Die redakteur: Linda Rode

Die keuse van 'n redakteur vir Smith se teks het op Linda Rode (kyk La Vita, 2014:13), self 'n bekende skrywer en vertaler, geval. Drie van haar boeke, *Goue fluit, my storie is uit* (1988), *Goue lint, my storie begint* (2000) en *In die nimmer-immer bos* (2010) is, sóós *Kamphoer*, deur Tafelberg uitgegee. In haar resensie van *In die nimmer-immer bos* skryf Riana Scheepers (2010b:s.bl.) die volgende: "Slaan sy haar hand aan 'n teks, of dit nou in die rol van samesteller, redakteur óf skrywer is, dan kan die leser maar weet: die resultaat is 'n deeglik, slim, energieke, vrygewige, pragtige boek" (NB Uitgewers, s.j.-a:s.bl.).

7.5.3 Resensente en/of literêre akademici

7.5.3.1 Bydraes in koerante, vaktydskrifte en op ander platvorms[199]

- Breytenbach, K. 2014a. Debuut oor ware verhaal tref hard. *Rapport*, 27 Julie: 24

Breytenbach ag Smith se *Kamphoer* as "een van die sterkste debuutwerke tot nog toe in Afrikaans". Die vergelyking wat Breytenbach tussen Smith se debuut en dié van gekanoniseerde skrywers tref, dien as aanduiding daarvan dat Breytenbach kanonisering in die vooruitsig stel:

> Die meeste prosaskrywers (Brink, Leroux, Schoeman, Van Niekerk) het eers versigtige treë gegee voordat hulle hul stempel afgedruk het. Smith kry dit met sy eerste roman reg – 'n indrukwekkende vermenging van verbeelding, feite en fyn berekende skryfwerk.

Anders as Smith, wat op vyftigjarige leeftyd debuteer,[200] debuteer André P. Brink reeds op 23 (in 1958) met *Die meul teen die hang* (Terblanche, 2015b:s.bl.), Etienne Leroux op 33 met *Die eerste lewe van Colet* (1955; opgeneem in die Silberstein-trilogie van Leroux, 1984) (Breuer, s.j.-a:s.bl.) en Karel Schoeman op 25 met *By fakkellig* (1964) (NB Uitgewers, s.j.-e:s.bl.).

[199] In chronologiese volgorde
[200] Ook T.T. Cloete debuteer in sy vyftigerjare (op 56) met die digbundel *Angelliera* (1980) (Du Plooy, 1995:3).

In sy positiewe beoordeling van die teks, maak Breytenbach hoofsaaklik van vernuwings-, strukturele en realistiese argumente gebruik. Hy beskryf Smith se debuut as "'n roman wat iets nuuts in Afrikaans bring". Volgens Breytenbach is die vernuwing veral toe te skryf aan "die manier waarop hy die struktuur koppel aan 'n genuanseerde emosionele bouwerk om 'n aktuele tema", naamlik "die debat oor geweld teen vroue".

- Hambidge, J. 2014b. Francois Smith – Kamphoer (2014). *Woorde wat weeg,* 2 Augustus: s.bl.

Hambidge het 'n reputasie as een van die mees omstrede figure in die Afrikaanse literêre veld – "altyd gereed om in die letterkundige bokskryt te klim om haar oortuigings te verdedig" (Terblanche, 2015d:s.bl.).

In haar resensie van *Kamphoer*, wat sy as 'n "pakkende roman op verskillende vlakke" beskryf, maak Hambidge van 'n spektrum van argumente gebruik. In die eerste instansie vind sy die teks vernuwend omdat dit die Anglo-Boereoorlog "op 'n nuwe wyse bekyk". Strukturele pluspunte sluit in die perspektief van waaruit vertel word ("'n manlike skrywer wat hom indink in die ervaringe van 'n vroulike subjek"). Aangesien die gegewe op die werklikheid gebaseer is, lig Hambidge noodwendig die realistiese aspekte van die teks uit. Ook emosionele argumente kom voor: enersyds ten opsigte van die inhoud ("Die hoogs emosionele onderwerp van verkragting") en andersyds ten opsigte van haar persoonlike indruk ("Dit is geskryf met 'n onuitwisbare pen. Vir my aangrypend […]"). Voorts is daar in Hambidge se resensie verwysings na meer kontemporêre teorieë (kyk Mudzanani, 1990:2–3). Dit sluit in intertekstualiteit (sy wys op die subtiele inspelings op D.J. Opperman se "Sprokie van die spikkelkoei" uit *Engel uit die klip*, 1950; kyk Opperman, 1987), die feministiese literatuurondersoek ("Vir genderteoretici is dit dan 'n belangrike blikhoek") en psigoanalitiese perspektiewe ("Die spanning tussen ego/alterego [sic] [Jung] en die verhouding met Tiisetso [en die voorvadergeeste]", die chora (fuik)"[201] en "die slim hantering van Freud").

- Van Rensburg, C. 2014b. Woord vir woord hou jy op asemhaal. *Volksblad*, 4 Augustus: 7

Met die woorde "selde, baie selde nog was daar in Afrikaans 'n debuut soos hierdie", plaas Van Rensburg Smith se skryfwerk binne die konteks van nasionale voorgangers en is daar onmiddellik sprake van 'n outonoom literêre posisionering. Benewens realistiese argumente

[201] "Fuik", wat soos aangedui, as metafoor vir die Kristeviaanse chora-begrip gebruik word, staan, soos in Plato se beskouing, in verband met moedersorg en die uterus as die plek waar die kind gekoester word (kyk Kristeva se hoofstuk "The subject in progress" (1998:133–178), waarin sy gebruik maak van Lacan se psigoanalitiese perspektiewe ten einde die evolusie van die onderwerp met die evolusie van taal te verbind).

("Weliswaar is daar drifsels van die ware verhaal, maar onder lê 'n diep kuil […]"), gebruik Van Rensburg ook strukturele argumente en wys hy veral op die verbeeldingryke beskrywings in die boek. Die outonoom literêre posisionering word versterk deur die verwysings na die talige aspek van die literêre werk. Alhoewel die prosa, volgens Van Rensburg, "miskien partykeer nog te selfbewus mooi" is, wys hy tog op "kragtige en beeldryke prosa soos wat 'n mens selde in Afrikaans vind".

Soos Van den Heever (2014:s.bl.) en C. van der Merwe (2014:s.bl.), beroep Van Rensburg hom in sy resensie van Smith se boek ook op die lesergerigte teorieë. Die eis "dat die leser móét kan voortskryf, byskryf" – 'n proses wat Smith, volgens Van Rensburg, "inderdaad vergemaklik" – sluit aan by Barthes se uitgangspunt dat die eenheid van 'n teks in die bestemming daarvan en nie in die oorsprong te vind is nie (kyk 2.3.4).

- Van den Heever, A. 2014. Biebouw-resensie: *Kamphoer* deur Francois Smith. *LitNet*, 9 September: s.bl.

Van den Heever begin haar oorwegend positiewe beoordeling van *Kamphoer* met 'n realistiese argument: "Die feit dat die roman op ware gebeure gebaseer is, dra dalk by tot die wyse waarop dit mens teen die bors tref." Die res van die resensie word aan die strukturele aspekte van die teks afgestaan. Daar is verwysings na die interessante wyse waarop temas "verpak" word, asook Smith se sensitiewe uitbeelding van die hoofkarakter. As punte van kritiek noem Van den Heever die soms oorbodige interpretasie en rasionalisering van die hoofkaraker se optrede en gevoelens deur haarself (die hoofkarakter), asook die vertelsituasie wat soms tot verwarring lei en terugflitse wat by tye as geforseerd oorkom.

Soos in die geval van Hambidge (2014b:s.bl.) se resensie, is daar 'n verwysing na die psigoanalitiese wins van die teks: "*Kamphoer* bly nie net as gevolg van die merkwaardige gegewe by die leser nie, maar ook omdat dit 'n mens konfronteer met die kompleksiteit van die psige en die onvoorspelbare effek van trauma." Hierdie tipe argument, wat ook in die slotsin van die resensie gebruik word ("Hierdie boek het iets te sê vir die sensitiewe sowel as die gedesensitiseerde leser"), sluit ongetwyfeld aan by die resepsie-estika wat, soos reeds genoem (kyk 2.3.4), drievoudig van aard is: die interaksie tussen literêre tekste met die ontvangers van die werk, die potensiële betekenis wat die teks vir die leser inhou en die rol wat aan die leser toegewys word.

- Van der Merwe, C. 2014. LitNet Akademies – resensie-essay: *Kamphoer* deur Francois Smith. *LitNet*, 1 Oktober: s.bl.

In hierdie resensie-essay van *Kamphoer* word temas soos die skepping van 'n eie verhaal; identiteitsvorming déúr die eie verhaal; traumaverwerking; 'n "[t]erugkeer na die verlede en wegkom van die verlede"; vergifnis en vergelding; vroulikheid en manlikheid; skuld en skande; helende figure; en die tydloosheid van die onbewuste bespreek. Teen die agtergrond van psigoanalitiese perspektiewe word die verantwoordelikheid vir die waardebepaling en interpretasie van die teks, in navolging van resepsieteoretici soos Bleich, Fish, Holland, Mailloux en Riffaterre (kyk 2.3.4), na die leser daarvan oorgedra:

> Die verhaal wat sy [Susan Nell] skep, is 'n gemaakte werklikheid; dit beteken, soos wat die postmodernisme ons geleer het, dat jy nooit by die oorspronklike, 'suiwer' waarheid kan uitkom nie – jy kan die werklikheid alleen deur die lens van jou eie, persoonlike perspektief waarneem […].
>
> Wanneer Susan haar ambivalente verhaal voltooi het, is die roman ook voltooi: haar soeke na 'n verhaal is die roman se verhaal. Maar die saak is nog meer kompleks as dit. Susan se eie verhaal is nie maar 'n persoonlike verhaal nie; dit is 'n verhaal wat in 'n roman omskep is. Daarom moet Susan se soeke gestruktureer word in 'n tydruimtelike verhaal wat *vir die leser* sin maak en sy belangstelling wek en behou.

Juis dít kry Smith, volgens Van der Merwe, "uitstekend reg".

- Burger, W. 2014. Willie Burger kyk na Francois Smith se boek Kamphoer. *Vrouekeur*, 10 Oktober: 45

Burger se aanprysing van Smith se roman, wat hy as "'n kragtoer" beskryf, word deur sowel realistiese argumente ("'n ware verhaal" en "'universele verhaal' wat almal se ervarings weergee") as strukturele argumente ondersteun. Burger gebruik 'n emosionele argument wanneer hy, op grond van strukturele aspekte, die teks as "'n onvergeetlike roman" beskryf. In hierdie verband word gewys op die vertelinstansie en die "ongelooflike manier" waarop traumaverwerking beskryf word. Burger se voorstelling van Smith as 'n outonoom literêre skrywer blyk egter veral uit sy verwysing na "die besondere taalgevoeligheid" en sy beskrywing van die roman as "'n triomfantelike regverdiging vir die bestaan van die romankuns".

- JJS. 2015. Kamphoer – Francois Smith (Tafelberg). *Taalgenoot*, Somer: s.bl.

Die resensent, net bekend as JJS, begin sy resensie met 'n samevatting van die verhaalgebeure. Die positiewe waardeoordeel dat dit "skryfwerk uit die boonste rakke" is – "'n stuk prosa wat onder die grootstes sal tel onder Afrikaanse letterkunde in 2014", dui op 'n outonoom literêre posisionering van die skrywer. Die waardeoordeel word hoofsaaklik deur strukturele argumente ondersteun. Daar word gewys op dele wat "poëties, liries en soms kragtig" is – "sekerlik van die beste wat ek onlangs gelees het". Voorts is daar 'n

aanprysing van die realistiese uitbeelding van Suid-Afrikaanse karakters. Volgens hierdie resensent is daar selde "al geskryf oor die gruweldade en seksuele wandade wat die Britse soldate gepleeg het teenoor Boere-vroue en -kinders" en is dit "iets wat die wêreld moet hoor".

In aansluiting by die skrywer se eie kritiek teen die beskrywing van die boek as 'n "sielkundige riller" (hoewel die skrywer, soos reeds genoem, medeverantwoordelik was vir die teks op die agterplat; kyk 7.3.3.2) is die resensent van mening dat die beskrywing misleidend is. Soos Hambidge (kyk 7.3.3.2) spreek sy/hy die mening uit dat die populistiese benadering afbreuk doen aan die boek.

- Human-Nel, M. 2016. 'n Leë plek in die Suid-Afrikaanse geskiedenis word gevul. *Historia*, 61(1), Mei: 176–178

In Human-Nel (2016:177) se resensie van *Kamphoer* word sowel die positiewe as die negatiewe waardeoordele deur mimetiese argumentasie gerugsteun. Volgens die resensent is veral die aankondiging van "'n ware verhaal" op die titelblad problematies:

> Geskiedenis soek die feite, realiteit en die waarheid, terwyl, wanneer letterkunde ter sprake is, daar altyd plek is vir die spel van verbeelding. Juis dít kan die lees van 'n teks soos hierdie vir die geskiedkundige problematies maak, want waar in die vertelling is die skeiding tussen die werklikheid en die verbeelding?

Dit is interessant om daarop te let dat Nico Moolman, op wie se boek *Kamphoer* gedeeltelik gebaseer is, self erken dat sý teks nie oral waarheidsgetrou is nie:

> Nico sal voor in die koor wees om te erken sy boeke berus nie in die eerste plek op klipharde historiese feite en interpretasie nie. Dis is nie die koue, kil geskiedenis van geskiedenisboeke nie, maar 'n geskiedenis wat op grondvlak leef en lesers se emosies aanspreek (Maré, 2016:s.bl.).

Human-Nel se doelbewuste vermyding van 'n outonoom literêre posisionering van die skrywer blyk duidelik uit 'n stelling soos "Waaraan die sukses van hierdie verhaal as prosawerk toegeskryf kan word, is egter 'n studie wat tuishoort by die bestudering van die Afrikaanse kanon deur letterkundiges" en die verwysing na die vrae van letterkundiges oor "die literêre waarde van die teks […] veral na aanleiding van die toekenning van pryse" (Human-Nel, 2016:178).

Soos reeds vermeld, lê die waarde van Smith se teks vir Human-Nel (ibid.) op die vlak van die mimesis:

> Vanuit 'n geskiedkundige oogpunt word met *Kamphoer* se sukses – veral op grond van die wye groep lesers wat die teks gelees het – bewys dat die leser se dors na die waarheid, die werklikheid of die geskiedenis, 'n natuurlike dryfveer in die leesproses is.

7.5.3.2 Bydrae by 'n simposium

- Van der Merwe, C., Gobodo-Madikizela, P. & Smith, F. 2015. Remembering and forgetting: reflections on Francois Smith's novel *Kamphoer. LitNet*, 8 Desember

Ten tyde van die bekendstellingsimposium van die navorsingsprojek "Wounds of history: transgenerational transmission of trauma in South Africa", 'n inisiatief van prof. Gobodo-Madikizela wat in 2015 aan die Universiteit van die Vrystaat van stapel gestuur is en wat tans organisatories deur die Universiteit van Stellenbosch bedryf word (trauma-memory-arts.org.za, s.j.:s.bl.), was Smith se debuutroman, *Kamphoer*, die onderwerp van bespreking. Die simposium is deur drie akademici aangebied, te wete Chris van der Merwe, Pumla Gobodo-Madikizela en die skrywer van *Kamphoer*, Francois Smith.

Hierdie projek het nie slegs gefokus op die gevolge van traumabelewing vir die slagoffers wat trauma direk ervaar het nie, maar ook op die effek daarvan op die nasate van oorlewendes in daaropvolgende generasies – dus enersyds op die brutale Engelse konsentrasiekampe gedurende die Anglo-Boereoorlog en andersyds op die skending van menseregte tydens die apartheidsera. Deur middel van 'n stiplees (die navorsers noem sélf dat hulle hierdie benaderingswyse gevolg het) is die volgende aspekte aangespreek: traumanarratief; onthou en vergeet; twee tipes mense (dié wat doodmaak en dié wat omgee); helingsprosesse as simbole van hoop; skuld en skande;[202] en empatie en morele verbeelding. In hierdie navorsingsprojek is derhalwe van die pragmatiese lesergerigte benadering gebruik gemaak. Soos in 2.3.4 beskryf, fokus hierdie benadering op individuele of kollektiewe historiese lesers en stel dit ondersoek in na die wyses waarop literêre tekste deur verskillende lesers in verskillende periodes en van verskillende sosiale klasse en nasionaliteite gekonkretiseer word. Die keuse van stiplees as metodologiese raamwerk vir die aanbieding is egter problematies. In die bespreking van die New Criticism (kyk 2.3.3) is genoem dat die skrywer in 'n stiplees na die agtergrond geskuif word ("the work and nothing but the work") en dat uitsprake van die skrywer oor sy/haar eie werk ten einde (elemente uit) die literêre werk te interpreteer, taboe is. Ten spyte daarvan dat Smith self deel van hierdie gesprek was, word hy, as die skrywer, op grond van die psigoanalitiese uitgangspunte wat in hierdie simposium gebruik is, deur sowel self- as heterovoorstelling outonoom literêr geposisioneer. As samevatting van die bespreking oor die posisionering van Francois Smith deur resensente, joernaliste en ander akademici, word die tipe

[202] "In psychology a distinction is made between guilt and shame. Guilt is linked to something you did that was wrong, an obnoxious deed. You must admit that wrong to be healed. Shame goes deeper. Shame is about who you are, not what you did. Shame makes you think that you are deplorable" (Van der Merwe et al., 2015:s.bl.).

argumente en literatuurbeskouings wat gebruik is, die waardeoordele wat uitgespreek is en die gevolglike posisionering in tabelvorm weergegee.

Tabel 7.3: *Kamphoer*: opsomming van argumente, waardeoordele en literêre posisionering (2014–2016)

Resensent[203]	Tipe argument	Literatuurbeskouings	Waarde-oordeel	Posisionering
Breytenbach, Kerneels (2014a:24)	Realisties Struktureel Vernuwing		Positief	Stel kanonisering in die vooruitsig
Burger, Willie (2014:45)	Realisties Struktureel		Positief	Outonoom
Hambidge, Joan (2014b:s.bl.)	Realisties Struktureel	Feministies Intertekstualiteit Psigoanalities Resepsieteorie	Positief	Outonoom Stel kanonisering in die vooruitsig
Human-Nel, Marian (2016:176–178)	Mimeties		Oorwegend negatief	Referensieel Die resensent weerhou haar van ’n (outonome) posisionering
JJS (2015:s.bl.)	Struktureel Realisties		Positief	Outonoom Referensieel
Van den Heever, Alettie (2014:s.bl.)	Realisties Struktureel	Psigoanalities Resepsie-estetika	Positief	Outonoom
Van der Merwe, Chris (2014:s.bl.)		Psigoanalities Resepsie-estetika	Positief	Outonoom
Van Rensburg, Cas (2014b:7)	Realisties Struktureel	Resepsie-estetika	Positief	Outonoom
Van der Merwe et al. (2015:s.bl.)		Lesergerigte teorie (stiplees) Pragmaties Psigoanalities	Alhoewel hierdie navorsingsprojek nie ’n waarde-oordeel veronderstel nie, kan dit op grond van die keuse daarvan as voorbeeldteks die stempel van ’n positiewe oordeel kry	Outonoom

Uit die bespreking en die voorgaande tabel het die volgende aspekte aan die lig gekom: Eerstens dat die agente wat hierbo genoem is, met die uitsondering van een, die boek oorwegend positief beoordeel. Tweedens is gesien dat die kritici nie net van tradisionele vorme van argumentasie gebruik maak nie, maar dat hulle ook meer kontemporêre teorieë betrek. Op grond van hierdie waarnemings word die afleiding gemaak dat die beeld wat kritici van die skrywer aanbied, oorwegend outonoom literêr is.

[203] In alfabetiese volgorde

7.5.4 Vertalers

Reeds in Februarie van die jaar ná publikasie is *Kamphoer* as *Een schuldig leven* (2015) deur Riet de Jong-Goossens in Nederlands vertaal en het Michiel Heyns ook reeds met die Engelse vertaling daarvan begin (Britz, 2015:10). Die Engelse vertaling van die roman, *The camp whore* (2017), is egter uiteindelik deur Dominique Botha gedoen en het op die kortlys vir die Barry Ronge fiksie-prys verskyn (*Sunday Times Books LIVE*, 2018:s.bl.). 'n Franse vertaling word tans (2019) deur Naòmi Morgan, 'n kollega van Smith aan die UV, onderneem. Morgan is 'n uitmuntende vertaler wat in 2015 deur die Franse regering tot ridder geslaan is. Van haar vernaamste vertalings sluit in 'n Éric-Emmanuel Schmitt se *Oscar et la dame rose* (Oskar en die pienk tannie) en *Monsieur Ibrahim et les fleurs du Coran* (Monsieur Ibrahim en die blomme van die Koran) na Afrikaans (iol.co.za, 2015:s.bl.). In 'n onderhoud met *Rooi Rose* (2015:139) vertel Smith dat Britse en Duitse uitgewers tydens die Frankfurtse boekeskou ook aan moontlike vertalings "geproe-proe" het.

7.5.5 Filmvervaardigers

In Oktober 2016 het Smith met Steyn (2016b:11) gesels oor die vooruitsig dat *Kamphoer* 'n film sou word. Niel van Deventer, wat ook verantwoordelik was vir die bekroonde[204] filmweergawe van Anchien Troskie (pseudoniem Elbie Lötter) se boek *Dis ek, Anna* (2005), sou die vervaardiger wees, terwyl Charlenè Brouwer die rol van Susan Nell sou vertolk. Alhoewel Smith (ibid.) tot in daardie stadium "meestal maar in die koerant oor die fliek gelees en nie self veel gehoor" het nie, het hy tog in hierdie onderhoud vertel dat die kontrak reeds onderteken was.[205] By navraag het Smith (2019a:s.bl.) genoem dat die verfilming "goed op stryk" was en dat die draaiboek reeds geskryf was, maar dat die projek volgens sy wete op die rotse geloop het. Van Deventer is tans besig om Jacques Pauw se boek *The President's keepers* (2017) tot 'n dramareeks te verwerk (Welsyn, 2018:s.bl.). Tog het die aanvanklike aankondigings oor die verfilming van *Kamphoer* bygedra tot die bemarking daarvan.

7.5.6 Akteurs en regisseurs

Tydens die 2019-Vrystaat Kunstefees debuteer *Kamphoer* as eenvroustuk met Sandra Prinsloo in die hoofrol. Nico Scheepers word aanvanklik as die regisseur vermeld (Pople, 2019a:3), maar Lara Foot word in 'n latere artikel oor dié produksie by die Vrystaat Kunstefees as regisseur genoem (Botha, 2019:3). In haar resensie van die produksie

[204] Die film is met ses SAFTA toekennings bekroon (Welsyn, 2018:s.bl.).
[205] Kyk ook Pople (2016:s.bl.).

beskryf Naòmi Morgan (2019:14) – soos reeds genoem, ’n kollega van Smith en die vertaler van die Franse weergawe van *Kamphoer* – dit as ’n “uithaler van ’n produksie”. Volgens Morgan is daar ook planne om die stuk in Engels te vertaal. In dieselfde uitgawe van *Volksblad* lui die opskrif van die berig deur Charles Smith (2019:3), die skrywer se broer, “‘Kamphoer’ op planke ‘gryp aan’”, met die subopskrif “Staande applous vir Sandra se kragtoer”. Na afloop van die kunstefees is die produksie genomineer as een van die beste Suid-Afrikaanse debuutproduksies (Vrystaat Kunstefees Facebookblad, 2019) en is dit uiteindelik tydens die fees se Blinker-toekennings as die wenproduksie in hierdie kategorie aangewys (*baxter.co.za*, s.j.:s.bl.).

7.5.7 Verwysings na ander dominante agente in die plaaslike en internasionale literêre veld

Daar is reeds by herhaling genoem (kyk 4.3iii; 5.3; 6.6) dat die selfonderskeiding van, of vergelyking met ander skrywers as aanduider van ’n geartikuleerde strewe na uitsonderlikheid en kanonisering kan dien. Soos uit die onderstaande tabel aan die lig sal kom, geskied hierdie vergelyking deur sowel die skrywer as ander agente in die literêre veld. Die gebruik van hoofsaaklik strukturele eienskappe as uitgangspunt vir die vergelyking tussen Smith se werk en dié van ander skrywers, dui dus ook op ’n outonoom literêre posisionering.

Tabel 7.4: *Kamphoer*: intertekstualiteitsverhoudings

Interteks-tualiteits-verhouding (kyk Miola (2004:14–24)	**Beskrywing van intertekstualiteits-verhouding**		**Deur wie word die verhouding aangedui/vermeld?**	**Met watter skrywer of watter teks word Smith en sy werk (*Kamphoer*) vergelyk?**
Brontekste	Ruimte	Vrystaatse landskap; Susan se terugkoms na Suid-Afrika	Die skrywer self (La Vita, 2014:13)	Karel Schoeman se *’n Ander land* (1984)
	Tematiek	Traumabehandeling	Breytenbach, Kerneels (2014a:24)	Ian McEwan se *Atonement* (2001)
		Mans wat seggenskap het oor vroue se liggame	Pakendorf-Schultz, Margot (2015:s.bl.)	Hilary Mantel se *Wolf hall* (2009) en *Bring up the bodies* (2012)
		Emosionele reaksie wat dit by die leser ontlok	Breytenbach, Kerneels (2014a:24)	Donna Tartt se *The secret history* (1992)
	Vertelinstansie	Manlike skrywers wat oor vroulike hoofkarakters skryf	Pakendorf-Schultz, Margot (2015:s.bl.)	Kerneels Breytenbach se *Ester* (2014)
Hersiening	Kanonisering	“inderdaad ’n letterkundige”	Celliers, Mariana (2015:s.bl.)	N.P. van Wyk Louw se *Raka* (1962) (“‘die fyn net van die woord’”)

7.6 Literêre pryse en benoemings as ’n vorm van simboliese kapitaal en (in sommige gevalle) ekonomiese kapitaal

In die bespreking van die outonome gedeelte van die literêre veld (die artistieke pool; kyk 1.1; 3.3) is verwys na die belangrike rol wat die skrywer se prestige, roem, verering, literêre pryse en vertalings in die verkryging van simboliese (en soms ekonomiese) kapitaal speel en dat die agente in hierdie deel van die veld (wat dus ook verantwoordelik is vir die toekenning van kulturele kapitaal en die voorstelling van ’n bepaalde skrywersbeeld) veral ingestel is op die artistieke gehalte van die letterkundige werk.

In 2015 word *Kamphoer* met die ATKV-prosaprys met ’n prysgeld van R25 000 bekroon (Naudé, 2019c:s.bl.). As beoordelaars[206] het opgetree Thys Human, Riana Scheepers en Kirby van der Merwe (Naudé, 2019a:s.bl.).

In die ATKV se kommentaar (ATKV, 2015:s.bl.) is verwys na die belang van die teks as ’n historiese dokument, die stilistiese vernuf waarmee die verhaal vertel word, die “intense psigologiese” spanning waartoe die intrige aanleiding gee, die feit dat dit op ’n ware verhaal gebaseer is en die deurleefde en toeganklike wyse waarop temas soos “trauma (in die huidige tyd in Suid-Afrika baie relevant en ’n emosionele knoppie), die nagevolge van oorlog op persone en gemeenskappe, asook Freud se sielkundestudies” aangebied word.

In 2016 is *Kamphoer* met die South African Literary Award vir beste debuutwerk bekroon (*sala.org.za*, s.j.). *Kamphoer* verskyn voorts op die kortlys vir die Nielsen-boekverkoperkompetisie (*PressReader,* 2015a:s.bl.). Ander boeke wat op die kortlys verskyn het, is Zelda la Grange se *Goeiemôre, mnr. Mandela,* Nataniël se versamelbundel *150 Stories*, Iné Reynierse se kosboek *Low carb is lekker* en Marguerite Poland se roman *The keeper*, wat as wenner aangewys is (*Die Burger*, 2015:s.bl.; *Volksblad*, 2015b:s.bl.). *Kamphoer* was ook benoem vir die Universiteit van Johannesburg se debuutprys. Op die kortlys was Henry Jack Cloete se *Draalnoot vir ’n janfiskaal*, Stephanus Muller se *Nagmusiek*, wat as wendebuut aangewys is en *Kamphoer* (*LitNet*, 2015b:s.bl.). Voorts was Kamphoer, saam met Kerneels Breytenbach se *Ester*, Harry Kalmer se *’n Duisend stories oor Johannesburg* en Willem Anker se *Buys*, wat as wenner aangekondig is, op die kortlys vir die W.A. Hofmeyr-prys (*Volksblad*, 2015a:s.bl.). Nóg twee pryse waarvoor *Kamphoer* die kortlys gehaal het, was die Jan Rabie-Rapport-prys en die kykNET-Rapport-boekprys. Vir

[206] Met betrekking tot die min of meer standhoudende relasies (sosiale kapitaal) tussen die uitgewery (Tafelberg, Naspers-drukkersnaam) en Riana Scheepers en Kirby van der Merwe, kan genoem word dat Scheepers van 1999 tot 2001 bemarkingsbestuurder by Tafelberg Uitgewers was en dat sy self by Tafelberg gepubliseer het (*LitNet*, s.j.-i:s.bl.; Bronnelys). Van der Merwe was joernalis by *Huisgenoot* en Media24-koerante (*LitNet*, s.j.-f:s.bl.).

eersgenoemde prys was Stephanus Muller se *Nagmusiek*, wat as wenner aangewys is, en Jaco van Schalkwyk se *Die alibi klub* op die kortlys (*Volksblad*, 2015c:s.bl.) en vir die kykNET-Rapport-boekprys *Kamphoer*, Willem Anker se *Buys*, Kerneels Breyenbach se *Ester*, Harry Kalmer se *'n Duisend stories oor Johannesburg* en Stephanus Muller se *Nagmusiek* (helenep, 2015:s.bl.; *Litnet*, 2015a:s.bl.). Anker se roman is as wenner aangewys (Human, 2015:s.bl.).

Benewens hierdie pryse was *Kamphoer* ook benoem vir 'n Tempo-toekenning (*LitNet,* 2015a:s.bl.; Marais, 2015:s.bl.; *Netwerk24,* 2016a:s.bl.; Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans*,* s.j.:s.bl.; *Sunday Times Books LIVE,* 2015:s.bl.; Universiteit van die Vrystaat, s.j.-b:s.bl.). Die Engelse vertaling, *The Camp Whore* (2017), deur Dominique Botha is ook benoem vir die Barry Ronge-prys (*Volksblad*, 2018:8).

7.7 Samevatting

Die rekonstruksie van Francois Smith se habitus toon aan dat sy kinderjare en opvoeding in 'n kultuurbewuste huis, waarin die aanhang van enigiets kommersieel ontmoedig is, die grondslag gelê het vir 'n latere outonome posisionering binne die artistieke pool van die literêre veld. As student in die letterkunde het Smith, deur die (strategiese) verwerwing van kennis en vaardighede gegrond op die literêre veld se *doxa* (kyk 1.1; 4.2.3.3), homself toegerus vir 'n trajek waarin hy opeenvolgens en soms gelyktydig verskillende rolle binne die literêre sisteem beklee het – en steeds doen. Met die publikasie van sy debuutroman, *Kamphoer*, was daar 'n drastiese versnelling in die groei van Smith se postuur.

Alhoewel publikasie, soos vroeër genoem (kyk 3.4.2), 'n noodsaaklike voorwaarde vir skrywerskap is, is dit nie die enigste doel waarna die literêre skrywer streef nie. Daar is ook 'n strewe na erkenning wat, in ooreenstemming met Heinich (2009:3) se beskouing, in die kunstenaarsberoepe van groter belang is as in meer markgeoriënteerde professies – iets wat vir die kunstenaar nooit tot die materiële gereduseer kan word nie. In hierdie verband is die definisie van wat 'n skrywer is, ter sake: "Is dit 'n individu wat talle boeke verkoop en dus skryf wat die massas wil lees, of die persoon wat skryf ter wille van 'kuns', al sou die werk slegs deur enkele gelees word?" (Bonthuys, 2016:34). Indien skrywerskap aan selfstandigheid gemeet word, kom daar, volgens Bonthuys (ibid.), selfs meer faktore ter sprake: "Wie is meer outonoom en dus 'n belangrike skrywer: die individu wat gevestig is aan 'n universiteit ter wille van sy (soos Bourdieu, 1993:43 dit noem) 'brood-en-botter-inkomste' of die persoon wat 'n lewe kan maak uit sy skryfwerk?" Met betrekking tot die materiële blyk dit dat Smith se uitgangspunt aansluit by Bourdieu se begrip van *omgekeerde ekonomie* (kyk 3.5), waarvolgens vergoeding benodig word om die aktiwiteit

uit te voer eerder as dat die aktiwiteit vergoeding produseer: "Maar ek hoop regtig hierdie boek koop vir my tyd om gou weer iets aan te pak" (Amid, 2014:s.bl.). In 'n ander artikel stel Smith die volgende:

> Skrywers gedy op erkenning, dit het ek nou aan eie bas gevoel, al moet 'n mens maar nugter bly dink oor enige lofprysing. Op 'n heel praktiese vlak het skrywers elke sent nodig wat hulle kan kry, bloot om te kan skryf en aan te hou skryf.
>
> Ek is nie seker hoe toekennings die Afrikaanse boekmark raak nie, of dit byvoorbeeld dieselfde hupstoot vir verkope gee as die Booker. Ek het 'n spesmaas dat die algemene leserspubliek dubbelsinnig daarop reageer: Hulle wantrou professore se smaak, maar hul sal daardie professore (of hul aanprysings) graag in die openbaar aanhaal (Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans, s.j.:s.bl.).

In ooreenstemming met 'n ware bemarkingsgeoriënteerde benadering waarin sowel die identifisering van die verbruiker se behoeftes as 'n sosiale verantwoordelikheid van groot belang is, het Smith se teks, deur die aansluiting by bepaalde aktuele temas, asook op grond daarvan dat dit as 'n ware verhaal bemark is, beslis 'n leserskorps gevind wat dit verstaan en waardeer – iets wat in die rekordverkope van die boek weerspieël word. Alhoewel daar in die bemarking van *Kamphoer* dus veral aanduidings van 'n verbruiker- of kliënteoriëntasie was, is die verlesing van die boek as "populisties" (Hambidge, 2014b:s.bl.) in verskeie resepsieprodukte deur dominante agente in die veld aangespreek en is daar aangetoon dat die bemarkingstrategie eerder op 'n geïntegreerde benadering dui. Wanneer sowel die ekonomiese as die kulturele pole van die literêre veld in die bemarkingstrategie betrek word, word daar ruimte gelaat vir die teks as outonome kunswerk – "kuns ter wille van kuns". Daar word dus nie net op kommersiële sukses staatgemaak nie – die skrywer word ook as outonome produsent beskou – iemand wat "meer gereken word binne die veld van kulturele produksie" (Bonthuys, 2016:29). Wat die sosiale kapitaal van die skrywer betref, blyk dit verhoog te wees deur persoonlike verbintenisse met belangrike rolpelers in die literêre veld, maar ook deur die verwysing na en vergelyking met ander dominante agente in die veld.

Die verskillende vorme van kapitaal wat Smith opgebou het, word in Figuur 7.2 skematies saamgevat.



Figuur 7.2: Francois Smith: vorme van kapitaal

[207] Slegs rolspelers met wie daar ’n direkte verbintenis is (of was) word aangetoon.

Soos in die ondersoek na die beeldvorming van Dalene Matthee genoem, is die posisionering van ’n skrywer binne ’n bepaalde literêre tradisie van groot belang (Van Coller, 2009:134; 4.2.4.3vi; 5.9). Alhoewel die boek slegs daarin kon slaag om ’n prys vir ontspanningsliteratuur (die ATKV-prys vir goeie gewilde prosa) te wen, wat as bevestiging dien van die standpunt dat *Kamphoer* as middelmootliteratuur geklassifiseer kan word, is Francois Smith (Amid, 2014:s.bl.) van mening dat sy boek nie “maklike of ontspanningslektuur” is nie. Met hierdie stelling plaas Smith hom, in Bourdieuaanse terme, binne die veld van beperkte produksie en is sy selfposisionering dus outonoom literêr. Aanduidings van ’n outonoom literêre posisionering deur heterovoorstelling is die klem wat in resepsieprodukte geplaas is op die talige aspek van *Kamphoer*, die verwysing na die psigoanalitiese perspektiewe in die teks (wat dit binne die sfeer van die kognitiewe plaas) en die houding wat die skrywer ten opsigte van die leser inneem. By Smith gaan dit oor sowel die interaksie tussen die literêre teks as die ontvanger (resepsie-estetika; kyk 2.3.4) en die konkretisering van die teks deur verskillende lesers in verskillende periodes en van verskillende sosiale klasse en nasionaliteite (pragmatiese lesergerigte benadering; kyk 2.3.4).

In sy verwysing na die vakmanskap van ’n skrywer, sluit Smith aan by die formalistiese beskouing, naamlik dat literariteit bepaal word deur ’n spesifieke gebruik van linguistiese materiaal (kyk 2.3.1). In sy selfvoorstelling maak Smith (Amid, 2014:s.bl.) dit verder duidelik dat hy homself outonoom literêr posisioneer: “Jy werk met taal, met woorde en sinne.” Later in dieselfde onderhoud vertel Smith dat “alles in die laaste instansie in taal plaasgevind” het. Ook in sy verwysing na sy pogings om “die aard en struktuur van wat in die onbewuste [van die hoofkarakter, Susan Nell] gebeur” weer te gee, gebruik Smith uitdrukkings waardeur die beeld van ’n skrywer vir wie die kunswerk as outonome artefak vooropstaan, gepropageer word (kyk teksgerigte benaderings en die simbolisme in 3.4.1). Voorbeelde hiervan is stellings soos “[d]roomtaal word dikwels gesien as ’n taal wat poëties verdig is” en “daarvan moes ek ’n kunswerk-in-taal probeer maak” (Amid, 2014:s.bl.). Smith se verwysings na sy outonomistiese werkwyse, waarin daar op die literêre veld se *doxa* (kyk 1.1; 4.2.3.3) gesteun word, is uiteraard aanduidings van ’n strewe na kulturele en simboliese kapitaal.

Soos in die geval van Dalene Matthee, is daar ’n spanning tussen die individuele en die kollektiewe. Aan die een kant tree Smith, déúr sy teks, as “spreekbuis vir die getraumatiseerde” op, terwyl hy aan die ander kant voorgestel word as ’n uiters private, ingetoë persoon.

Alhoewel Smith kort na die publikasie van *Kamphoer* ’n volgende boek in die vooruitsig gestel het, het daar, benewens kortverhale, nog nie weer ’n boek uit sy pen verskyn nie en blyk dit dat Smith se posisie in die literêre veld op die oomblik in stand gehou word deur die herskrywings (vertalings en die bekroonde toneelstuk) van *Kamphoer*, asook deur sy rol as dosent in letterkunde en sy lidmaatskap van professionele organisasies, maar veral uit die erkenning wat hy geniet. Volgens Heinich (2009:21) is erkenning binne die sfeer van roepingsgerigte aktiwiteite – soos reeds genoem (kyk 3.5) – ’n saak van *agting* wat op werklike interaksies en feite gebaseer is, is dit aan vergelyking onderworpe en word dit in beperkte hoeveelheid uitgedeel. Daarom kan die gevolgtrekking gemaak word dat, op grond van sy posisionering binne hierdie subveld van beperkte produksie (Bourdieu, 1996:121, 219; kyk 1.1), die skrywersbeeld wat daar van Francois Smith aangebied word, dié is van ’n produsent wat ingestel is op spesifieke legitimiteit en op dit wat algemeen as “hoë” kuns beskou word (Johnson, 1993:15; 1.1).

HOOFSTUK 8

BIBI SLIPPERS: *FOTOSTAATMASJIEN* (2016)

8.1 Inleiding

"Ons kort 'n helse donderslag om ons weer te laat glo in die poësie se krag." Só lui die naskrif uit Joan Hambidge (2000:51) se gedig, "E-pos aan DJ Opperman" wat deur Burger (2017:47) in sy resensie van Bibi Slippers se debuutdigbundel, *Fotostaatmasjien* (2016), gebruik is:

> Bibi Slippers se debuutbundel, ***Fotostaatmasjien***, is so 'n donderslag. Werklik kragtige poësie laat 'n mens nadink oor die aard van die digkuns, oor die krag van woorde, oor wat poësie nou eintlik is. En laat jou weer daarin glo [oorspronklike vetdruk].

Fotostaatmasjien word op 18 November 2016 in Johannesburg bekendgestel[208] (De Wet, 2017:s.bl.). Skaars ses maande later was daar minder as 'n honderd eksemplare van die "'baie stewige oplaag' vir 'n Afrikaanse digbundel" oor (ibid.).[209]

Nie net word kragtige metafore ingespan om dié literêre werk, *Fotostaatmasjien*, te beskryf nie, ook die skrywer, Bibi Slippers, word deur interessante metafore verbeeld. Cochrane (2017:12) beskryf haar as "die hofnar in die Koninklike Paleis van Poësie". In sowel self- as heterovoorstelling word egter veral in terme van die popsterkultuur na Slippers verwys. So beskryf De Wet (2017:s.bl.) haar as 'n "literêre hipster" en Odendaal (2016b:s.bl.) haar as 'n "opkomende literêre popster".

In hierdie hoofstuk sal ondersoek ingestel word na die beeldvorming van Bibi Slippers, sowel as (literêre) skrywer as glanspersoon, deur rolspelers en instellings wat vir haar voorstelling en resepsie verantwoordelik is. As metodologiese raamwerk waarbinne hierdie beeldvorming ondersoek kan word, word die konstruktivistiese variant van die sisteemteorie – soos verduidelik deur Siegfried J. Schmidt en Niklas Luhmann (kyk 3.2) – gebruik. 'n Aspek van Luhmann se beskouing wat veral van toepassing blyk te wees op 'n ondersoek na die beeldvorming van Bibi Slippers, is sy beskrywing van literatuur as 'n sisteem van kommunikasies wat op sigself outopoëtikaal is. Volgens Reinfandt (2001:276) dui dié term (kyk 3.2) op die durende reproduksie en transformasie van die onderliggende elemente van 'n sisteem. Die ondersoek in hierdie hoofstuk word binne die raamwerk van Schmidt (1997:124) se vyf strukturele dimensies, naamlik (literêre) akteurs; die mediasisteem en

[208] Kyk 8.5.3.
[209] Volgens Slippers (2017b:s.bl.) was die eerste oplaag sowat 'n 1 000 en is dit binne die eerste jaar herdruk.

media-aanbiedings; kommunikasie; die (nuwe) mediakultuur; en die simboliese ordening van kulturele kennis aangebied. Binne die gekose raamwerk word ondersoek ingestel na die mate waartoe Slippers voldoen aan die kenmerke van ’n handelsnaamskrywer en literêre glanspersoon (kyk 4.2.1.1; 4.2.1.2), asook die wyses waarop dit geskied.

8.2 Literêre akteurs

8.2.1 Skrywer

Beatrice Barbara Slippers, beter bekend as Bibi, is op 24 Oktober 1983 in Bloemfontein gebore (Slippers, 2019a; Van Tonder, 2018:5). Sy is die enigste dogter van Stephen, ’n dierevoedingskonsultant, en Betsie, ’n maatskaplike werker. Haar broer, Stephen, werk in logistiek. Slippers vertel dat albei haar ouers kreatief, uitstekende storievertellers en groot lesers is en dat daar aan moederskant ook ’n verlangse verbintenis met Langenhoven is (Salzwedel, 2017a:29) – selfvoorstellings wat insiggewend is in die rekonstruksie van Slippers se habitus.

Slippers het van ’n jong ouderdom van kulturele aktiwiteite soos drama en kunswedstryde gehou (ibid.). Sy vertel dat sy reeds as kind begin het om rympies en versies te skryf, al was sy “geen Antjie Krog nie” (N. Meyer, 2016a:s.bl.). Nadat sy aan die Hoërskool op Empangeni matrikuleer het, was sy vir ’n jaar lid van C-kruis, ’n musikale bediening. Voordat sy vir ’n B.A.-graad in beeldende kunste by die Universiteit van Pretoria ingeskryf het (Salzwedel, 2017a:29), het sy eers in 2005 ’n dramalisensiaat deur die SA Gilde vir Spraak en Drama voltooi (Slippers, 2019b; Steyn, 2016a:s.bl.). In die tweede jaar van haar B.A.-graad wou Slippers “summier opskop om rolprentkunde te studeer” (Salzwedel, 2017a:29), maar het toe eerder besluit om, op grond van haar belangstelling in visuele, konkrete en haptiese poësie, toestemming te kry om ekstra vakke by te neem (Salzwedel, 2017a:29; N. Meyer, 2016a:s.bl.). In haar vierde jaar het sy grootskaalse installasiekunswerke met letters, woorde en taal as haar boumateriaal geskep (N. Meyer, 2016a:s.bl.) – iets wat, volgens Slippers, die weg gebaan het vir *Fotostaatmasjien*. In 2007 het sy B.A.-grade in sowel[210] beeldende kuns as tale aan die Universiteit van Pretoria verwerf (Steyn, 2016a:s.bl.). Tydens haar studiejare was sy vryskutkunsresensent vir *Beeld*. Na haar studies is sy en haar destydse kêrel Nieu-Seeland toe, waar sy onder andere kopie geskryf het vir ’n radiostasie (Salzwedel, 2017a:29; Steyn, 2016a:s.bl.). Toe die verhouding beëindig is, is Slippers Australië toe. Sy vertel aan Steyn (2016a:s.bl.) dat sy daar “‘nie veel gedoen het nie behalwe om in biblioteke uit te hang’.” Gedurende hierdie tyd het sy

[210] By navraag het Slippers (2019a) bevestig dat dit twee afsonderlike grade was en nie een graad in twee rigtings nie.

aansoek gedoen om keuring vir ’n meestersgraad in kreatiewe skryfkuns aan die Universiteit van Stellenbosch. Slippers vertel dat sy elke oomblik van haar studies vir hierdie graad gehaat het:

> Noudat die wa deur die drif is, voel ek óngelooflik trots op die feit dat ek deurgedruk het. Who cares oor wat ek geskryf het, ek het weer en weer besluit ‘Not a f*k gaan ek ophou’. Sy [Marlene Van Niekerk, een van haar studieleiers] kan nog 60 000 keer vir my sê dis nie goed genoeg nie en soort van louwarm … dit was hardkoppigheid wat my laat besluit het: ‘Jy gaan my nie crush nie.’ (Steyn, 2016a:s.bl.).

In haar derde jaar neem sy ’n “blaaskans”, net om in haar vierde jaar “basically van voor af [te] begin” (ibid.) In 2015 voltooi sy haar meestersgraad. Gedurende hierdie tyd het sy ook by *LitNet* as joernalis gewerk (Salzwedel, 2017a:30). In haar skripsie het sy gefokus op die teorie en praktyke rondom sogenoemde kunstenaarsboeke, asook konkrete en ander vorme van visuele digkuns (Odendaal, 2016b:s.bl.). Nadat sy op universiteit aan meer kontemporêre stemme blootgestel is, begin Slippers self eksperimenteer en word van haar gedigte deur Jo Prins in *DigBy* gepubliseer. As mense wat haar aangemoedig het en wat ’n groot rol in haar uiteindelike sukses gespeel het, noem sy Charl-Pierre Naudé en haar studieleiers vir haar meestersgraad in kreatiewe skryfkuns, naamlik Marlene van Niekerk en Willem Anker. Ander waardevolle leerskole was die *DigBy*-werkswinkel, *LitNet* se aanlynskryfskool en die publikasie van Marais en Foster (2010) se *Nuwe stemme 4* (Meyer, 2016a:s.bl.).

Soos vroeër genoem, identifiseer Schmidt (1997:124) die volgende handelingsmoontlikhede by (literêre) akteurs, naamlik produksie, bemiddeling, resepsie en die postprosessering van literêre verskynsels.[211] Met betrekking tot die handelingsmoontlikhede van die (literêre) akteur Bibi Slippers skryf Prins (2018:13) soos volg:

> Eers was daar Bibi (eers was daar die woord …), dié het toe teks geword, toe verhoog toe en toe wéér verhoog toe, en boonop was daar visuele woordkuns van Slippers wat ook tydens die Woordfees verskyn het.

Teen die agtergrond van Luhmann se stelling dat literatuur uit ’n sisteem van kommunikasies bestaan, vertoon sowel die individuele ‘kunshandelinge’ waarby Slippers betrokke is as die hele spektrum van haar handelingsmoontlikhede ooreenkomste met Greenblatt se begrip en beskouing van *sosiale energie* in die kunste:

[211] Hierdie handelingsmoontlikhede toon uiteraard ooreenkomste met Bourdieu se begrip van *trajek* wat reeds in 3.3.6 beskryf is as die reeks posisies wat opeenvolgens deur dieselfde agent (of skrywer) beklee kan word en wat insluit literêre verwerking, literêre produksie, literêre verspreiding en resepsie.

> […] art […] is made up along with other products, practices, discourses of a given culture. (In practice, 'made up' means inherited, transmitted, altered, modified, reproduced far more than it means invented […].) (Greenblatt, 1997:13).

Alhoewel hierdie studie nie gerig is op 'n interpretatiewe ondersoek na die gesprek tussen Slippers se werk en ander kultuursisteme nie, is dit tog belangrik om begrippe wat verband hou met globalisering, kosmopolitisme en transnasionalisme kortliks te omskryf. Na aanleiding van Spencer se studie *Cosmopolitanism and postcolonial literature* (2011) beskryf Viljoen (2014b:32) 'n kosmopolitiese ingesteldheid as "'n besondere sensitiwiteit vir dit wat buite jou eie milieu lê en 'n verhoogde sin van morele en politieke verantwoordelikheid". Waar globalisering betrekking het op "'n poging om die wêreld ekonomies en kultureel te homogeniseer", streef kosmopolitisme eerder om positiewe waardes soos demokrasie, menseregte en regsoewereiniteit wêreldwyd uit te brei. Die begrip *transnasionalisme* verwys, soos reeds in 3.1.6 vermeld, op gedigte en ander kulturele werke wat op stilistiese, topografiese, intellektuele of op enige ander vlak nasionale grense oorsteek (Viljoen, 2017b:136). Soos wat deurlopend in hierdie hoofstuk aan die lig sal kom, is daar in die beeldvorming van sowel Slippers se persona as in die bundel *Fotostaatmasjien* aanduidings van 'n transnasionale poëtika.

'n Kunsvorm waarin sosiale energie 'n groot rol speel, is podiumpoësie – 'n subgenre wat wêreldwyd in veral die Amerikaanse, Nederlandse, Vlaamse en (Suid-)Afrikaanse kulture in gewildheid toeneem (Smit, 2018:1). Hierdie vorm van poësie, wat volgens Smit (2018:383) se definisie daarvan betrekking het op "alle vorme van poësie wat van die papier of bladsy af 'loskom'", is so oud soos die poësie self. Smit (2018:384) voer die ontstaan daarvan terug na die orale tradisie wat in alle antieke samelewings voorgekom het. Die toenemende gewildheid van hierdie globale fenomeen, "wat bedoel is om gehoor (en gesien) te word", is veral toe te skryf aan tegnologiese vooruitgang. As "gevolg van 'n globale beweging met die internet" is daar nou 'n groter wisselwerking tussen kultuursisteme en kan "kulturele en literêre sisteme van oor die wêreld heen met mekaar in gesprek tree" (Smit, 2018:384–385).

Smit (2018:383–384 [oorspronklike kursivering]) onderskei tussen sogenaamde 'gewone' digters en podiumdigters:

> [I]ndien 'n digter se werk deur homself of ander herinterpreteer en verwerk word vir 'n *nuwe* podium, maak dit van hom (haar) 'n podiumdigter. Daar kan dus onderskei word tussen podiumdigters wat per geleentheid op die podium verskyn en hul (meestal) gepubliseerde werk voorlees, en podiumdigters wat hul werk skep met die podium in gedagte.

Soos uit die volgende deel van die bespreking sal blyk, val Bibi Slippers binne albei hierdie kategorieë. Voorts beklee sy, sóós Marita van der Vyver (kyk 6.2) en Francois Smith, (kyk 7.4; 7.7), opeenvolgens en soms gelyktydig verskillende rolle binne die literêre sisteem.

(i) Produksie

Pfeijffer (2000:74) skryf baie van die nuwe generasie Nederlandse digters "waren al dichter voordat hun gedichten werden gepubliceerd" en dat die meeste van hierdie digters op die podium gebore word. Peeters (2005:11–12) is van oordeel dat die podium 'n minder omslagtige proses na erkenning bied: "Het podium biedt de mogelijkheid op te vallen zonder manifest of de programmatische polemiek. In plaats van een manifest te schrijven, manifesteert de dichter zichzelf op het podium […] de voordracht is middel, schrijven het doel."

Slippers het egter eers gedigte geskrýf – reeds as kind en ook gedurende haar verblyf in die buiteland (Salzwedel, 2017a:30). Voor die publikasie van haar debuutbundel, *Fotostaatmasjien*, in November 2016, het van haar skryfwerk op die Wêreldwye Web, in boekpublikasies soos *Nuwe stemme 4* (Marais & Foster, 2010)*, Nuwe stories 1* (Ferreira & Kotzé-Myburgh, 2012) en in die huldigingsbundel *Vi' Adam Small* (Naledi, 2012) verskyn (*LitNet*, s.j.-a:s.bl.; Odendaal, 2016b:s.bl.). Daarna het sy by verskeie feeste begin optree (kyk 8.2.1iii). Na haar debuut is dit duidelik dat sy nie net 'n 'papierdigter' is nie.

(ii) Bemiddeling

Slippers was voorheen 'n inhoudsbestuurder by *LitNet* (van 2010–2012) en artikelredakteur by die tydskrifte *My Tyd* (van 2012–2014) en *VISI* (in 2014) (*LitNet*, s.j.-a:s.bl.; Slippers, 2019b). Saam met Charl-Pierre Naudé was sy in 2016 verantwoordelik vir die keuring van gedigte vir *Nuwe stemme 6* (2017) (N. Meyer, 2016b:s.bl.). In 2018 tree Slippers as mentor op by Etienne van Heerden se veldsoirée wat by Cradock aangebied is (*etiennevanheerden.co.za*, s.j.:s.bl.). Sy figureer ook in 'n advertensieveldtog van die ATKV as superheld saam met die kletsrymer Hemelbesem, die musikant en akteur Bouwer Bosch, en die skrywer Piet Matipa.[212] Hierbenewens is sy ook in verskeie hoedanighede by televisie betrokke, onder meer as inhoudsregisseur van *Flits*, kykNET se program oor mode, kuns en vermaak. Sy tree ook op as televisieaanbieder van die boekeprogram *in die bed met bibi* op die DSTV-kanaal *Via* (*LitNet*, s.j.-a:s.bl.). Slippers is daagliks verantwoordelik vir die skryf van reklamekopie en ander tekste vir TV-uitsendings, asook bemarkingskopie vir Showmax. Wanneer die geleentheid hom voordoen, skryf sy ook artikels en boekresensies vir tydskrifte

[212] Kyk ook ATKV (2018) vir beeldmateriaal van die advertensie.

en koerante (N. Meyer, 2016a:s.bl.; Salzwedel, 2017a:29). Slippers is tans (2019) te sien in die satiriese nuusprogram *Die ware naarheid!* (*kyknet.dstv.com*, s.j.), wat deur die komediant Schalk Bezuidenhout aangebied word en waarin sy as een van sy 'korrespondente' optree.

(iii) Resepsie

Daar is reeds verwys na Slippers se bydrae tot die resepsie van literêre werke deur middel van boekresensies vir tydskrifte en koerante. Deur die argief van die webblad *indiebedmetbibi.com*, wat, volgens De Wet (2017:s.bl.) se beskrywing "'n bibiLIOTEEK / BIBI*LIOTEEK'" is, word boeke aanbeveel: "'n Eie klein kanon. Openbaar gedeel en bemark. Bedoel om impak te maak en terugvoer te kry.") By die 2016-Tuin van Digters[213] het Slippers aan verskeie gesprekke deelgeneem: *Kom ons praat anders saam met mekaar* (saam met Andries Bezuidenhout, Martjie Bosman, Ronel de Goede (Foster) , Diana Ferrus, die Mengelmoesdigters, Louis Esterhuizen, Gilbert Gibson, Daniel Hugo, Jitsvinger, Sisca Julies, Rustum Kozain, Danie Marais, Johann Lodewyk Marais, Bernard Odendaal, Desmond Painter, Alfred Schaffer, Susan Smith en Loit Sols); *Onbegryplike poësie is altyd beter as maklike poësie* (saam met Nèlleke de Jager, Louise Viljoen en Andries Visagie); en *Taalgesprek: Hoe het Breyten generasies ná hom beïnvloed* – ook saam met Nèlleke de Jager, Louise Viljoen en Andries Visagie (*sun.ac.za*, s.j.:s.bl.).[214] Tydens die 2017-Tuin van Digters het Slippers en Charl-Pierre Naudé gepraat oor die proses wat gevolg is in die samestelling van *Nuwe stemme 6* (2017) (*wellington.co.za*, 2017:s.bl.). Op kykNET se YouTube-kanaal is daar vanaf 5 Julie 2019 'n webreeks *Bibi se Boekrak* waarin Slippers boeke aanbeveel (kykNET, 2019).[215]

(iv) Die postprosessering van literêre verskynsels

As podiumdigter is Slippers uiteraard betrokke by die postprosessering van literêre verskynsels. Voorts kan 'n literêre werk, soos in 8.4 aangedui sal word, sélf ook (literêre) akteur gemaak word en beskik die literêre werk dus self ook oor handelingsmoontlikhede. Dit is veral waar in die geval van podiumtekste wat, volgens Smit (2018:384), net déél van

[213] Die Tuin van Digters, 'n projek wat deur Dagbreek Trust ondersteun word, is 'n digtersfees wat in 2012 vir die eerste keer aangebied is. Die fees vind gewoonlik gedurende die naweek naby aan 16 September, Breyten Breytenbach se verjaardag, plaas. Die doel van die fees, wat aangevul word deur liriekgedrewe musiek en Afrikaanse rymklets, is dat almal dit sal geniet. Die digkuns is immers nie 'n verhewe en eksklusiewe kunssoort nie (*breytenbachsentrum.co.za,* s.j.:s.bl.).

[214] Kyk ook *LitN*et (2017e) vir beeldmateriaal van *Taalgesprek: Hoe het Breyten generasies ná hom beïnvloed*.

[215] Kyk ook *Bibi se Boekrak* (kykNET*,* 2019).

die kunsproduk is en wat altyd vergesel word "deur ander performatiewe elemente soos ouditiewe en visuele bykomstighede".

Smit (2018:387) identifiseer die volgende subvorme van podiumkuns:

- Voorlesings by literêre feeste of die opname van die teks met musiekbegeleiding
- Toonsettings
- Lirieke wat deur musikante as poësie in boekvorm uitgegee word
- Die sogenaamde 'Oopmond'-geleenthede waartydens digters meeding in die skryf van kitsgedigte
- Kletsrym
- Teaterproduksies met poësie as kern en wat veral tydens kunstefeeste baie gewild is

Tydens die 2017 US Woordfees het Slippers gedigte uit *Fotostaatmasjien* voorgelees (*LitNet*, 2017a:s.bl.).[216] In die musiekproduksie *Fotostaatmasjien oorgeklank* word gedigte uit Slippers se debuutbundel gehoor met harp, klavier, elektriese en elektroniese klanke én, natuurlik, ook met die geluide van 'n fotostaatmasjien. Willemien Rust (klavier, elektriese instrumente en sang) en Jude van der Wat (harp, klavier en sang) is verantwoordelik vir die verwerkings en uitvoering daarvan. Wanneer Slippers nie self deel van die produksie is nie, word haar stem steeds gehoor en word beeldmateriaal van haar op video vertoon. Tydens die Tuin van Digters 2017 (16 September) het hierdie kunstenaars toonsettings van gedigte uit *Fotostaatmasjien* uitgevoer (*wellington.co.za*, 2017:s.bl.). Op 19 November 2017 is die produksie by die Zietsies-gastehuis van die sanger en akteur Elzabé Zietsman uitgevoer. By hierdie geleentheid het Slippers self van haar gedigte voorgelees (Opperman, 2017:s.bl.). Die produksie is al meermale in Johannesburg opgevoer en het in 2018 ook sy buiging op die hoofprogram van die Vrystaat Kunstefees in Bloemfontein gemaak (Opperman, 2018:19). *Fotostaatmasjien* is voorts ook in 'n verhoogproduksie omskep wat in 2018 tydens die Woordfees en die Klein-Karoo Nasionale Kunstefees opgevoer is. Prins (2018:13) berig dat, met die regie in die hande van Wessel Pretorius en met akteurs soos Anna-Mart van der Merwe, Schalk Bezuidenhout en Slippers self in die rolverdeling, die produksie keer op keer vol sale getrek het (kyk ook Theron, 2018:10).[217] Vorster (2018:s.bl.) het egter heelwat kritiek oor die produksie uitgespreek. Alhoewel die produksie, volgens Vorster (ibid.), visueel aantreklik is, "is die choreografie en bewegings wat elke begrip wil oordra of elke woord wil beklemtoom egter studentikoos". Voorts is dit genreloos ("dit wil sê nóg kabaret, komedie, klug, drama, tragedie, fisieke teater nóg dansdrama of dalk alles

[216] Kyk ook *LitNet* (2017a) vir beeldmateriaal van Slippers se optrede by die 2017 US Woordfees.
[217] Kyk ook kykNET (2018) vir beeldmateriaal van die produksie.

inkluis"), word daar gepoog "om hiper-eietyds te wees", terwyl daar tog vasgehaak word "in oerverouderde uitsprake soos 'poëzie' en 'wyze'", bederf "[t]e veel weefwerk […] die tapisserie", word "[t]e veel dinge […] in die teks en in die aanbieding as sulks van buite aangestryk" en dra "doelbewuste simboliek soos Bezuidenhout as wit gesig […] nie by tot verheldering of uitbouing van die teks nie". Vorster (ibid.) is van mening dat dit juis in Slippers se bewering dat alle letterkunde nageboots is en dat niks oorspronklik is nie "waar die perd die stang stukkend byt": "In haar oorspronklikheid om te bewys alles is onoorspronklik raak sy eweneens onoorspronklik. Dis 'n te doelbewuste poging om anders te wees."

Die portret- en figuratiewe kunstenaar Marié Stander se boek *Onse mense twee* (2016) wat tydens die Woordfees in 2016 in Stellenbosch bekendgestel is, bestaan uit 26 afdrukke van haar houtskoolsketse wat vergesel word deur gedigte van Bibi Slippers en ander digters (De Vries, 2017:52). Op die sosiale platvorm *roekeloos* (2018:s.bl.) kan ook gesien word hoe Slippers se "Fotostaatmasjien opgeknip en geherrangskik" word deur Sheridan Walter.

8.2.2 Elite

Schmidt (1997:123–124; kyk 3.2.1) se reeds genoemde beskrywing van *elite* as individue of groepe wat verantwoordelik is vir die stelling, verandering en stabilisering van sosiaalrelevante idees, verklarings en oriëntasies, asook van die simboliese sisteme wat 'n rol speel in die verkryging van kulturele kapitaal, het uiteraard betrekking op hekwagters (kyk 4.2.4.1). Op grond van die bevoorregde posisies van waaruit hulle optree, het hulle 'n groot invloed op die algemene publiek.

8.2.2.1 Studieleiers

In vele media-aanbiedings word verwys na Slippers se studieleiers vir haar meestersgraad in kreatiewe skryfkuns,[218] naamlik Marlene van Niekerk en Willem Anker. Alhoewel hierdie persone nie verantwoordelik was vir enige resepsieprodukte oor *Fotostaatmasjien* nie, dra hulle betrokkenheid by die bundel uiteraard by tot die skrywer se kulturele kapitaal. Deurdat Slippers in baie onderhoude na hierdie akademici (albei ook bekroonde skrywers en onder andere wenners van die Hertzog-prys)[219] verwys, maak sy hulle ook deel van haar sosiale en simboliese kapitaal.

[218] By navraag het Slippers (2019a) aangedui dat sy nie weet wie die eksaminatore vir haar meestersgraad was nie, omdat hulle gewoonlik anoniem bly.

[219] Van Niekerk wen die Hertzog-prys (benewens ander pryse) vir *Agaat* (2004), asook vir *Kaar* (2014) (NB Uitgewers, s.j.-g:s.bl.), terwyl Anker die Hertzog-prys vir *Buys* (2014) wen (S.A. Literary Awards, s.j.:s.bl.).

8.2.2.2 Resensente en/of literêre akademici

In Tabel 8.1 word ’n oorsig verskaf van resensies, artikels en onderhoude met die skrywer in die jaar van en ná publikasie. Soos uit die tabel afgelei kan word, het daar relatief min resepsieprodukte na aanleiding van Slippers se *Fotostaatmasjien* verskyn. Die volledigheid van hierdie data is gekontroleer met die databronne van NALN (Nasionale Letterkundige Museum) en ARCA (Archive for Contemporary Affairs), asook met inligting op Slippers se webblad (*bibislippers.com*, s.j.). Op die webblad word daar net na vyf resensente en resensies verwys: Jaco Barnard-Naudé (2016:s.bl.) vir *LitNet Akademies*; Willie Burger (2017:47) vir *Vrouekeur*; Neil Cochrane (2017:12) vir *Rapport*; Charl-Pierre Naudé (2016:17) vir Media24; en Bernard Odendaal (2016b:s.bl.) vir Versindaba. Benewens hierdie resensies het daar ook ’n resensie deur Joan Hambidge (2016:s.bl.) op haar internetblog, *Woorde wat weeg*, verskyn, asook ’n Engelse resensie deur Klara du Plessis (2017:s.bl.) in *Minor Literature[s]*. In ’n latere afdeling (Simboliese ordening deur die elite; kyk 8.6.2) word daar aandag geskenk aan die literatuuropvattings of teorieë wat deur hierdie resensente gebruik is in hul bespreking en beeldvorming van Slippers en haar bundel.

8.2.2.3 Prystoekenningsinstansies, beoordelaars en borge

Benewens akademici, kritici en resensente is die instansies en die beoordelaars betrokke by prystoekennings ook belangrike rolspelers in die kanoniseringsproses (kyk 4.2.4.1).

(i) Die Eugène Marais-prys

Op 30 Maart 2017 het die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (2017:s.bl.) in ’n persvrystelling bekendgemaak dat Slippers se *Fotostaatmasjien* met die Eugène Marais-prys bekroon word. Die prysgeld het R12 500 beloop (Engelbrecht, 2019:s.bl.). Die Letterkundekommissie van 2017 was verantwoordelik vir die beoordeling en het bestaan uit Willie Burger (Universiteit van Pretoria), Marius Crous (Nelson Mandela Metropolitan University – sekundus), Thys Human (Noordwes-Universiteit), Hennie van Coller (Universiteit van die Vrystaat – voorsitter), Anthea van Jaarsveld (Universiteit van die Vrystaat) en Andries Visagie (Universiteit Stellenbosch) (Brink, 2019a:s.bl.; Van Jaarsveld, 2019).

(ii) Die Universiteit van Johannesburg debuutprys

In Mei 2017 word aangekondig dat Slippers se *Fotostaatmasjien* ook met die Universiteit van Johannesburg se prys vir die beste kreatiewe debuut in Afrikaans bekroon word. Die

prysgeld het R30 000 beloop (Prins, 2017a:s.bl.) Die paneel beoordelaars het uit die volgende persone bestaan: Frederick Botha (Universiteit van Wes-Kaapland tot 2015; draaiboekskrywer), Bibi Burger (Universiteit Pretoria), Karin Cattell (Universiteit Stellenbosch), Jac Conradie (Universiteit van Johannesburg), Marius Crous (Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit), Karin de Wet (Universiteit van Johannesburg) (voorsitter), Ronél Johl (Universiteit van Johannesburg), Danie Marais (vryskutjoernalis; digter), Johan Myburg (digter) en Marné Pienaar (Universiteit van Johannesburg) (*LitNet*, 2017f:s.bl.). [220]

(iii) Die Elisabeth Eybers-prys

Op 22 Junie 2017 word in die media aangekondig dat Slippers ook met die Elisabeth Eybers-prys met ’n prysgeld van R35 000 bekroon word (*Netwerk24*, 2017:s.bl.; Pieterse, 2019b:s.bl.). Vir hierdie prys het Henning Pieterse (Universiteit van die Vrystaat), Louise Viljoen (Universiteit Stellenbosch), en Marius Swart (Universiteit Stellenbosch) as beoordelaars opgetree (Pople, 2017a:s.bl.).[221]

(iv) ATKV-Woordveertjie

Benewens die bogenoemde pryse het Slippers op 8 September 2017 ook ’n ATKV-Woordveertjie vir *Fotostaatmasjien* ontvang (ATKV, 2017a:s.bl.). Die prysgeld het R10 000 beloop en die volgende persone het in die beoordelaarspaneel gedien: Diana Ferrus (Universiteit van Wes-Kaapland; digter; uitgewer), Loftus Marais (digter) en Bernard Odendaal (Noordwes-Universiteit; digter; ATKV-skryfskool) (Naudé, 2019c:s.bl.).

Slippers is ook vir die Ingrid Jonker-prys benoem en hoewel die verwagting groot was dat sy hierdie prys sou wen (sien byvoorbeeld Pople 2017b:s.bl. se berig waarin die benoemdes alfabeties aan bod kom, met die meeste ruimte aan Slippers gewy), is Hilda Smits se bundel *Die bome reusagtig soos ons was* (2016) as wenbundel aangewys (Prins, 2017b:s.bl.). In die lig van die tydsverloop tussen die eerste aankondigings dat Slippers die Eugène Marais-prys gewen het (30 Maart 2017) tot die bekendmaking van die Ingrid Jonker-prys (op 31 Augustus) kon daar dus sprake wees dat die evalueringsbesluit van ’n spesifieke jurie – veral teen die agtergrond van die lang tydsverloop – die oordele van daaropvolgende pryskomitees kon beïnvloed. Tog is die navorser van mening dat die besluit eerder teruggevoer kan word na ’n jurie met ander kriteria. Anders as in die geval van die Eugène Marais-prys, die Universiteit van Johannesburg debuutprys en die Elisabeth Eybers-prys,

[220] Kyk ook University of Johannesburg official YouTube (2017) vir beeldmateriaal van die oorhandiging van die UJ-prys.
[221] Kyk ook *LitNet* (2017b) vir beeldmateriaal van die oorhandiging van die Elisabeth Eybers-prys.

was die beoordelaars vir die Ingrid Jonker-prys, naamlik Johann de Lange, Louis Esterhuizen en Nathan Trantraal, volgens die reglement, almal gepubliseerde digters (Pople, 2017b:s.bl.).

8.2.3 Literêre akteurs se sosiale handelinge

Soos in die bespreking van beeldvorming by die ander gevallestudies, wil die navorser geensins daarop sinspeel dat die verband tussen ’n skrywer en ander (literêre) akteurs die objektiwiteit van die resensie of toekenning van ’n prys aantas nie. Desondanks is die vermelding van bepaalde verbintenisse, as ’n vorm van sosiale kapitaal, tog belangrik in ’n ondersoek na beeldvorming. In hierdie verband is Schmidt (1997:123) se reeds vermelde stelling (kyk 3.2.1) wat lui dat die sosiale handelinge van akteurs altyd deur sosiale verhoudings ‘gekleur’ word, dus ook ter sake. Aangesien die verwysing na sosiale handelinge en verhoudings moontlik die idee kan skep dat hier net na vriendskaplike verbintenisse verwys word, is dit belangrik om te onthou dat sosiale kapitaal binne die literêre veld betrekking het op die sosiale netwerke waarvan die mens deel is (dus ook as kollegas en gespreksgenote by literêre aangeleenthede) en na die status wat mens op grond van daardie netwerke verkry (Jacobs, 2016:63; 3.3.1.3).

Soos reeds genoem, was Slippers gedurende haar voorgraadse studiejare ’n vryskutkunsresensent vir *Beeld* en later joernalis vir *LitNet* terwyl sy aan haar meestersgraad gewerk het (kyk 8.2.1). Met betrekking tot die verbintenis tussen Slippers en Willie Burger, een van die resensente van *Fotostaatmasjien* en ook ’n beoordelaar vir die Eugène Marais-prys in 2017, is dit interessant om daarop te let dat Burger reeds in Augustus 2016, vóór die verskyning van die resensie en die beoordeling vir die prys, ’n gas in Slippers se televisieprogram, *in die bed met bibi*, was (Slippers, 2016a:s.bl.) en dat hy die gespreksleier was tydens die bekendstelling van *Fotostaatmasjien* (*Sunday Times Books LIVE*, 2016:s.bl.). Nog ’n resensent, Neil Cochrane, was vir ses jaar, vanaf 2001 tot middel 2006 (*LitNet.* s.j.-h.) – as deeltydse dosent aan die Departement Afrikaans aan hierdie universiteit verbonde. By navraag het Slippers (2019c) bevestig dat Cochrane een van haar dosente was.[222] Soos in die geval van Slippers en Willie Burger, het Slippers ook reeds voor die verskyning van Joan Hambidge se resensie ’n onderhoud met haar gevoer (Hambidge & Slippers, 2011:s.bl.). Charl-Pierre Naudé, nog een van die resensente, het ook reeds ’n vroeëre verbintenis met Slippers gehad. Reeds in 2016 word melding gemaak van die feit

[222]Alhoewel Louise Viljoen en Marius Swart (dosente verbonde aan die Universiteit van Stellenbosch) albei as beoordelaars vir die Elisabeth Eybers-prys opgetree het, word hier (en in Figuur 8.1) slegs verwys na dosente met wie Slippers direk kontak gehad het.

dat hulle saam die keuring en samestelling van *Nuwe stemme 6* (2017) behartig het (N. Meyer, 2016b:s.bl.). In samewerking met Marius Crous, een van die beoordelaars vir die Eugène Marais-prys, was Slippers in Maart 2012 verantwoordelik vir die aanbieding van 'n resensiekliniek tydens die Woordfees in Stellenbosch (*slip.co.za*, 2012:s.bl.). Nog twee van die beoordelaars vir hierdie prys, Louise Viljoen en Andries Visagie, het saam met Slippers deelgeneem aan die 2016-Woordfeesaanbieding, *Onbegryplike poësie is altyd beter as maklike poësie* (*sun.ac.za*, 2016:s.bl.), asook aan die 2016 Tuin van Digters-aanbiedinge, *Onbegryplike poësie is altyd beter as maklike poësie* en *Taalgesprek: Hoe het Breyten generasies ná hom beïnvloed.* Tydens hierdie fees was Visagie en Slippers ook saam betrokke by die gesprek *Kom ons praat met mekaar* (kyk 8.2.1iii). Danie Marais, een van die beoordelaars vir die Universiteit van Johannesburg se debuutprys, was saam met Ronel Foster die samesteller van *Nuwe stemme* 4 (2010), waarin werk van Bibi Slippers gepubliseer is. Slippers en Danie Marais se paaie het ook vantevore gekruis toe Slippers 'n onderhoud met die digter gevoer het (*Sunday Times Books LIVE*, 2011:s.bl.) en toe hulle in 2014 medeaanbieders was van die ATKV/JIP-Gedigtewerkwinkel (ATKV Facebookblad, 2014:s.bl.). Voorts het hulle saam deelgeneem aan die gesprek *Kom ons praat anders saam met mekaar* tydens Die Tuin van Digters 2016 (kyk 8.2.1iii). Slippers en Loftus Marais, 'n beoordelaar vir die 2017-ATKV-Woordveertjie (wat op 8 September 2017 toegeken is; kyk 8.2.2.3iv), se verbintenis strek ook ver terug. Daar is verwysings na 'n onderhoud met die digter in 2011 (*Sunday Times Books LIVE*, 2011:s.bl.) en by Aardklop 2015 was Slippers, saam met onder andere Loftus Marais, deel van die produksie *Hardop* (*vrouekeur.co.za*, 2015:s.bl.). In Augustus 2016 was een van Loftus Marais se gedigte, "Liefdesvers", Slippers se keuse om voor te lees as deel van die projek, *Sewe gedigte, sewe Suid-Afrikaners, sewe dae*, wat deur *Netwerk24* en *afrikaans.com* van stapel gestuur is en waarin digters hul gunstelinggedig moes voorlees (*roekeloos*, 2016:s.bl.).[223] Voorts was Loftus Marais in April 2017 ook 'n gas in die program, *in die bed met bibi* (Slippers, 2017a:s.bl.). Dat die verbintenis verder as onderhoudvoering en die aanbieding van literêre geleenthede strek, blyk uit Slippers (2016b) se vermelding van Loftus Marais as raadgewer en vriend in die bedankingswoord van haar bundel: "Loftus Marais het die afgelope drie jaar gelees en gelees en weer gelees en was altyd eerlik en motiverend – 'n ware vriend in die verknorsing van die vers." Twee van die beoordelaars vir die ATKV-prys, naamlik Diana Ferrus en Bernard Odendaal, het tydens die 2016-Tuin van Digters saam met Slippers deelgeneem aan die gesprek *Kom ons praat anders saam met mekaar* (kyk 8.2.1iii).

[223] Kyk ook *Netwerk24* (2016b) vir beeldmateriaal van Slippers se voorlesing van "Liefdesvers" deur Loftus Marais.

Alhoewel daar in gedagte gehou moet word dat daar, soos wat uit die latere bespreking in 8.6.2 sal blyk, eenstemmigheid onder resensente was met betrekking tot waardetoekenning en dat daar dus ook ander faktore (sowel intrinsiek as ekstrinsiek) was wat 'n rol in die sukses van *Fotostaatmasjien* gespeel het, kan 'n skematisering van die sosiale handelinge tussen die skrywer en (literêre) akteurs wat betrokke was by die waardetoekenning aan die boek (wat óók 'n oorvereenvoudiging is), tóg aantoon dat daar wel sprake van sosiale handelinge was.



Figuur 8.1: Sosiale handelinge tussen Slippers en (literêre) akteurs betrokke by die waardetoekenning aan die boek

8.3 Mediasisteme en -aanbiedings

As een van die (literêre) akteurs wat tot die 'omgewing' van sosiale sisteme behoort (vergelyk 3.2), speel die media 'n groot rol in die kommunikering van sowel die beeld van die skrywer as die boek. Soos verwag kan word, lewer internetsoekenjins na glanspersoonlikhede (selfs plaaslike sterre) heelwat resultate op. Uit die groot hoeveelheid resultate onder die soektog na 'Bibi Slippers'en 'Fotostaatmasjien', is daar gefokus op mediaprodukte (resensies, artikels en onderhoude met die skrywer) wat in die eerste jaar na die publikasie geplaas is. Dit is aangevul met bronne wat uit die NALN-argiewe verkry is.

Tabel 8.1: *Fotostaatmasjien:* resensies, artikels en onderhoude met die skrywer in die jaar van en ná publikasie (2016–2017)

	Datum[224]	**(Literêre) akteur: mediaprodukt**	**Koerant- of artikelopskrif**	**Resensent/ artikelskrywer/ onderhoud-voerder**[225]	**Tipe aanbieding**	**Media-maatskappy**
1	25.08.16	*Via* (op die webblad van DStv-kanaal 147)	Leer ken Bibi Slippers, VIA se boekwurm	*Via* (2016:s.bl.)	Onderhoud	Media24 Naspers
2	03.09.16	*Beeld*	Hoekom doen ons dit?	Steyn, Pieter (2016a:s.bl.)	Onderhoud	*Beeld* Naspers
3	17.09.16	*Die Burger*	5 vrae aan Bibi Slippers	Marais, Anika (2016:s.bl.)	Onderhoud	Naspers
4	09.11.16	*LitNet*	Foto-onderhoud: Bibi Slippers oor *Fotostaatmasjien*	Meyer, Naomi (2016a:s.bl.)	Foto-onderhoud	Onafhanklike internetjoernaal, het wel bande met Naspers en Media24 (kyk 7.5.5.1)
5	13.11.16	*Woorde wat weeg*	Bibi Slippers – Fotostaatmasjien (2016)	Hambidge, Joan (2016:s.bl.)	Resensie	'n Blog deur Joan Hambidge (kyk Tabel 7.1)
6	14.11.16	Versindaba	Nuwe publikasie: Fotostaatmasjien (Bibi Slippers)	Redaksioneel Versindaba (2016:s.bl.)	Boekaankondi-ging Plaas gedig	Onafhanklike webjoernaal (Versindaba, s.j.:s.bl.)
7	15.11.16	*Sunday Times Books LIVE*	Kom vier die bekendstelling van Bibi Slippers se debuutbundel *Fotostaatmasjien* in Johannesburg	NB Uitgewers (*Sunday Times Books LIVE,* 2016:s.bl.)	Uitnodiging na boekbekendstel-ling	Naspers
8	16.11.16	*LitNet*	LitNet Akademies-resensie-essay: In die spieël met Bibi – *Fotostaatmasjien* (2016) deur Bibi Slippers	Barnard-Naudé, Jaco (2016:s.bl.)	Resensie	Onafhanklike internetjoernaal, het wel bande met Naspers en Media24
Boekbekendstelling: 18 November 2016 (*Sunday Times Books LIVE*, 2016:s.bl.)						
9	23.11.16	*Klyntji*	Bibi Slippers se Fotostaatmasjien	Redaksioneel *Klyntji* (2016:s.bl.)	Boekaankondi-ging Plaas enkele gedigte	Onafhanklike webjoernaal; fokus op diverse en progressiewe kuns en kultuur (*Klyntji*, s.j.:s.bl.)
10	05.12.16	*Beeld*	Digterlike afdruk van 'n lewe verbeeld	Naudé, Charl-Pierre (2016:17)	Resensie	Naspers
11	08.12.16	Versindaba	Resensie: Fotostaatmasjien (Bibi Slippers)	Odendaal, Bernard (2016b:s.bl.)	Resensie	Kollektiewe webjoernaal

[224] In chronologiese volgorde
[225] Die sosiale handelinge van (literêre) akteurs word in 8.2.4 uitgelig.

	Datum	(Literêre) akteur: mediaprodukt	Koerant- of artikelopskrif	Resensent/ artikelskrywer/ onderhoud-voerder	Tipe aanbieding	Media-maatskappy
12	08.01.17	*Rapport*	Gedigte verken Bibi se wêreld	Cochrane, Neil (2017:12)	Resensie	Naspers
13	06.02.17	*Vrouekeur*	Willie Burger kyk na Bibi Slippers se debuutbundel, *Fotostaatmasjien*	Burger, Willie (2017:47)	Resensie	Caxton
14	20.03.17	*Die Matie* Facebookblad	Bibi Slippers	*Die Matie* Facebookblad (2017)	Video-onderhoud	Onafhanklik
Eugène Marais-prys (persverklaring): 30 Maart 2017 (Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 2017:s.bl.)						
15	Maart 2017	*Die Matie*	Geen	Troskie, Elodi (2017:s.bl.)	Onderhoud	Onafhanklik Studentekoerant
16	08.04.17	*Beeld*	Ons spring weer in bed met Bibi	Redaksioneel *Beeld* (2017:29)	Onderhoud	Naspers
UJ-debuutprys (aankondiging): Mei 2017 (Prins, 2017:s.bl.)						
17	02.05.17	Versindaba	UJ-debuutprys aan Bibi Slippers vir Fotostaatmasjien	Redaksioneel Versindaba (2017a:s.bl.)	Aankondiging	Kollektiewe webjoernaal
18	08.05.17	*LitNet*	Bibi Slippers in gesprek met Andries Visagie: verslag en klankopname	Blignaut & Minnaar (2017:s.bl.)	Verslag oor 'n onderhoud	*LitNet* is 'n onafhanklike internetjoernaal, maar het wel bande met Naspers en Media24
Elisabeth Eybers-prys: 22 Junie 2017 (*Netwerk24*, 2017:s.bl.)						
19	06.07.17	*LitNet*	UJ-pryse 2017: commendatio oor Bibi Slippers se *Fotostaatmasjien*	De Wet (2017:s.bl.)	Commendatio	Soos bo
20	06.07.17	*LitNet*	UJ-pryse 2017: bedankingswoord deur Bibi Slippers	Slippers, Bibi (2017c)	Bedankings-woord	Soos bo
21	07.07.17	*Lowvelder*	Dié digter geen misverstane figuur	Korrespondent *Lowvelder* (2017:s.bl.)	Berig	Gemeenskaps-koerant
22	15.08.17	Versindaba	Persvrystelling. Ingrid Jonker-prys: Kortlys 2017	Redaksioneel Versindaba (2017b:s.bl.)	Persvrystelling	Kollektiewe webjoernaal
22	19.08.17	*Maroela Media*	Bibi Slippers 'n fotostaat vol foute en gemaklik daarmee'	Bezuidenhout, Leonie (2017:s.bl.)	Onderhoud	Onafhanklike mediahuis (*Maroela Media*, s.j.:s.bl.)
ATKV-Woordveertjie: 8 September 2017 (ATKV, 2017:s.bl.)						
23	15.09.17	Kraal Uitgewers webblad	Verloor jouself in die woord- en digkuns van toentertyd tot nou, van Langenhoven tot Bibi Slippers	Van Schalkwyk, Luan (2017:s.bl.)	Aankondiging van 10 dae van erfenis	Deel van die Solidariteit Beweging (Kraal Uitgewers, s.j.-a:s.bl.)
24	21.09.17	*Ionofm*	21 Sep 2017 Episode 6: Bibi Slippers	Bosch, Bouwer (2017:s.bl.)	Podsending Onderhoud	Iono Broadcasting (Pty) Ltd (Bosch, 2017:s.bl.)
25	19.10.17	*Sterre*	Bibi Slippers: die moderne digter	*Sterre* (2017:s.bl.)	Kort artikel	Digitale platvorm van Lightspeed Digital Media (*Sterre*, s.j.:s.bl.)
26	10.11.17	*Rooi Rose*	Bietjie meer oor Bibi Slippers	Salzwedel, Ilse (2017a:28–30)	Onderhoud	Caxton
27	10.12.17	*Rapport*	Kyk hoe lyk Anna-Mart nou	Venter, Suzanne (2017)	Onderhoud met Anna-Mart van der Merwe oor die verhoogstuk *Fotostaatmasjien*	Naspers
28	2017	*afrikaans.com*	Wie is Bibi Slippers?	Salzwedel, Ilse (2017b:s.bl.)	Onderhoud	Dabreek Trust (*afrikaans.com*, s.j.:s.bl.)

Uit die tabel kan gesien word dat ’n groot verskeidenheid mediavorme gebruik is in die beeldvorming van die skrywer en die boek. Dit sluit in resensies, artikels en onderhoude in koerante en tydskrifte, maar ook ander digitale platvorms soos joernale op die internet, podsendings en webjoernale.

8.4 Kommunikasie

Deurdat kommunikasie sigself waarneem, deurdat kommunikasie verdere kommunikasies op grond van verbindingsmoontlikhede ‘kies’ en kommunikasie sigself reproduseer deur outopoësis, word kommunikasie (teoreties), soos reeds genoem, dus self ’n (literêre) akteur gemáák (kyk 3.2.2). Aangesien die woord *media* die kardinale woord is vir hierdie bundel waarin “die mediavorme van vandag ’n metafoor word vir die aard van betekenis: iets wat bemiddelend bestaan, en wat omringende faktore nodig het om sin te maak, en selfs te bestaan” (Naudé, 2016:17), blyk dit dat Slippers inderdaad kommunikasie sélf tot akteur verhef. Soos wat in ’n latere bespreking (kyk 8.5.1.2iii) genoem sal word, is taal, kommunikasie en kultuur, volgens Slippers se (transnasionale poëtikale) beskouing, alles gelyk aan die aksie van duplisering of kopiëring.[226]

As ’n voorbeeld van die “ontstemmende ontmaskering van sowel die absurditeite en wanpraktyke wat die huidige Suid-Afrikaanse politieke bestel kenmerk” asook “van die ontoereikendheid wat talige en literêre kommunikasie” bedreig, verwys Odendaal (2016b:s.bl.) na die “Thamsanqa Jantjie” gedigreeks uit Slippers (2016b:104–114) se bundel. Hierdie gedig fokus op die tolk wat tydens die teraardebestelling van Nelson Mandela ten aanskoue van ’n wêreldwye gehoor sy onvermoë tot verstaanbare gebaretaaltolking openbaar het. Tipies van die podiumkunstenaar lewer Slippers in haar werk ook sosiopolitieke kommentaar op taalkwessies (Smit, 2018:389). In hierdie verband is daar by Slippers dus duidelike trekke van ’n kosmopolitiese ingesteldheid, wat in 8.2.1 beskryf is as ’n verhoogde sin van morele en politieke verantwoordelikheid.

8.5 Mediakultuur

In die bespreking van Schmidt se beskouing van die mediakultuur is aandag gevestig op die feit dat die literêre ingebed is in die mediasisteem van ’n samelewing en dat nuwe media poog om tradisionele konsepte van die skrywer, ontvanger, betekenis, verspreiding, inligting, kreatiwiteit, fiksie, ensovoorts te transformeer (kyk 3.3) – transformasies wat,

[226] Kyk ook De Goede se digbundel *Skoop* (1993) wat, volgens Kannemeyer (2005:753), met die beginsel “van herhaling en variasie werk en wat duidelik uit die masjinale moontlikhede van die woord voortkom”.

soos uit die volgende deel van die bespreking sal blyk, beslis waar is in die geval van Bibi Slippers en haar debuutbundel, *Fotostaatmasjien*.

8.5.1 Skrywer

8.5.1.1 Bibi Slippers as skrywershandelsnaam

Benewens aspekte soos die skrywer se biografiese besonderhede, wat reeds in 8.2.1 vermeld is, lys Sobol (2015:63–64) ook die volgende as vereistes vir die vestiging van 'n skrywershandelsnaam: prestasies en toekennings, die werklikheid wat in die literêre werk geïmiteer word, vernuwing en beïnvloeding (veral ten opsigte van die genre), 'n bemarkbare karakter (interessante voorkoms en/of persoonlikheid), wêreldbeskouing en ars poetica.

(i) Prestasies en toekennings

In 2012 wen Slippers se verhaal "Ikoon" die eerste plek in die Nuwe Stories-kortverhaalwedstryd (Steinmar, 2012:14). Dit was egter met haar debuutbundel, *Fotostaatmasjien*, wat sy die pryse begin inryg het: die Eugène Marais-prys, die Universiteit van Johannesburg se debuutprys, die Elisabeth Eybers-prys en 'n ATKV-Woordveertjie (kyk 8.2.2.3). Voorts was sy ook op die kortlys vir die Ingrid Jonker-prys (Bezuidenhout, 2017:s.bl.; Salzwedel, 2017a:30).

Slippers is egter nie slegs vir haar digkuns bekroon nie. Ook haar joernalistieke vernuf is al twee keer met ATKV-Mediaveertjies bekroon (Salzwedel, 2017a:29).

(ii) Die werklikheid wat in die literêre werk geïmiteer word

Die werklikheid wat in *Fotostaatmasjien* geïmiteer word, bestryk, in die woorde van Naudé (2016:17), "die lewe van 'n stadsmeisie in die Suid-Afrika van vandag, so in haar vroeg dertigs, haar liefdes en onliefdes, haar huislik- en onhuislikhede, en veral die aktiwiteite wat so 'n lewe tipies kenmerk: die sosiale (sowel as asosiale) media […] en die plasing van haarself binne die wyer tydsverloop van die land en die wyer *assorted* waansinnige omwentelinge van haar politieke lot" [oorspronklike kursivering]. Met betrekking tot die aktualiteit van die werk, wys Burger (2017:47) op polities-betrokke gedigte, die feit dat godsdiens aangeroer word, sosiale probleme "uitgagend aangepak" en "soms ligweg bespot" word, maar dat die speelsheid deurgaans deur ironie gebalanseer word.

(iii) Vernuwing en beïnvloeding, veral ten opsigte van genre

Slippers se digbundel word in verskeie resepsieprodukte as vernuwend bestempel. In sy antwoord op die vraag na wat Slippers se werk "so vars" maak, noem Naudé (2016:17) "die

resonerende en driedimensionele onderbou wat sy haar tema verskaf in terme van vars beelde, slim registeruitdrukkings, die aktivering van ’n aktuele wêreld, en veral ’n stemtoon waarin lakoniese humor hoogty vier”.

Volgens Odendaal (2016b:s.bl.) slaag Slippers daarin om “domeinonderskeidings wat soms ewe maklik aangelê word tussen (nie literêr geagte) liedtekste/lirieke aan die een en gedigte aan die ander kant [...] ter herbedinking” te stel. Odendaal beskryf *Fotostaatmasjien* voorts as “’n bundel waarin intensief, met erns maar ook nie sonder luimigheid nie, bemoeienis gemaak word met die vraag na die aard, vorme en funksies van digkuns in ’n era waarin die elektroniese media hul invloed as publikasie- en kommunikasiepodia laat voel”. Daarmee saam wys Odendaal op “die houdbaarheid van polêre teenstellings soos oorspronklikheid en repetisie/nabootsing, die poëtiese en die prosaïese, virtualiteit en werklikheid, en betekenisvolheid en absurditeit”. Hy toon ook die “beskoulike gesaghebbendheid aangaande vraagstukke soos hierdie” aan waarmee Slippers (2016b:76) in die slotstrofe van die gedig “Ons” (“Na Anne Carsons”, lui die subtitel) klaargespeel het. Daarmee het sy, volgens Odendaal (ibid.) bewys dat dit “ménse [is] wat saakmaak, nie kennersopinies nie”.

Vir Odendaal (ibid.) is Slippers se beïnvloeding en vernuwing ook te bespeur in die feit dat sy “opwindend voort[bou] op wat tot dusver in maar ’n handjie vol Afrikaanse bundels te bespeur was aan die ontginning van eietydse kommunikasietegnologie-verskynsels, dit wil sê op sowel stilistiese as vormlike en tematiese vlakke”.

Ook Burger (2017:47) wys op die vernuwende en grensverskuiwende aard van Slippers se werk:

> Sy laat ’n mens besef hoe kragtig woorde kan wees; sy verlê die grense van tradisionele poësie. Haar verse het ’n ligte en vars klank, maar wat haar werk eintlik opvallend maak en dit laat uitstaan bo baie ander *wannabe*-digters s’n wat wilde eksperimente met ‘nuwe media’ uitvoer en wat resensente na outydse woorde soos ‘eietyds’ of na hardlywige uitdrukkings soos ‘gedigte vir die sosiale media-generasie’ of die *millenials* laat gryp, is dat haar werk stewig in die tradisie gegrond is [oorspronklike kursivering].

Soos Van Coller (kyk 4.2.4.3vi), wys Burger (2017:47) daarop dat “[k]uns wat nie aan die tradisie deelneem waaruit dit kom nie”, nooit werklik vernuwend kan wees nie. Dat Slippers self deeglik hiervan bewus is, blyk uit haar antwoord op ’n vraag van Meyer oor wat Slippers, as keurder vir *Nuwe stemme 6* (2017), nié soek nie: “Mindere na-aapsels van Ingrid Jonker / Antjie Krog / Breyten Breytenbach / AG Visser. Daardie gedigte is reeds geskryf. ’n Nuwe stem moet bewys dat sy bewus is van die tradisie, maar iets daartoe byvoeg, nie bloot probeer naskryf nie.” Alhoewel *Fotostaatmasjien*, volgens Burger, vars is,

daar met nuwe media geëksperimenteer word en die bundel met die eietydse popkultuur se afdruk daarop spog, is dit tóg "slim bewus van die tradisie" en word die moontlikhede daarvan uitgebuit. In hierdie verband skryf Du Plessis (2017:s.bl.) soos volg:

> […] it is refreshing that Slippers' work is completely divorced from any hint of 'the anxiety of influence'. Instead of being restricted or intimidated by her literary predecessors, she invites them in, creating a social space in her work by deliberately engaging with that of other poets.

Ook Hambidge (2016:s.bl.) noem dat, "om die spot te dryf met die ikoon", sóós wat dit die geval in Slippers se bundel is, "jy daardie stylfigure van daardie digter goed [moet] begryp" en dat die skrywer oor 'n deeglike kennis van die kanon moet beskik.

Die geweldige bydrae wat Slippers gelewer het om poësie, die genre wat reeds beskryf is as aan die onderkant van die skaal (kyk 3.3.2), veral onder jongmense in gewildheid te laat toeneem, word goed deur Prins (2018:13) verwoord:

> Tussen die groot debute van die nou bekende en groot stemme uit die Vrystaat, die ivoortoringdigters en die belangrike dorpsdigters wat weet hoe om die woord 'oeuvre' reg te spel en die kodes van die akademie ken, het dié klein, geel boekie van Bibi meer gedoen om die vers na jong mense terug te bring.

(iv) 'n Bemarkbare karakter

In 'n era waarin popsterre verheerlik word, is Slippers, met haar interessante voorkoms en persoonlikheid, "[m]iskien so na aan 'n opkomende literêre pop-ster as wat jy in Afrikaans kan kry [...]" (Odendaal, 2016b:s.bl.). Tydens die oorhandiging van die UJ-debuutprys aan Bibi Slippers in 2017, beklemtoon De Wet (2017:s.bl.) in haar commendatio die bemarkbare karakter van hierdie digter:

> Vanaand is ons eksemplaar en toonbeeld van die literêre wêreld – wat wesenlik ook funksioneer soos wat die opset rondom sport- en popsterre funksioneer. Aanhangers bly aanhangers: Ons gee ook graag vleiende byvoeglike naamwoorde, in oortreffende trap, aan ons lieflinge en gunstelinge, ons helde en heldinne onder die skrywers. En ons doen dit omdat ons aanklank vind by 'n benadering, 'n houding, 'n klank, by 'n reël wat ons laat dink, tot stilstand laat kom of skok, wat ons laat sidder of versug: Ons wil ook só wees, so maak, so lyk, so klink, só dig. En só maak ons ikone.

Volgens De Wet (2017:s.bl.) is dit maklik om Slippers, binne die sisteem waarin sy funksioneer, as ikonies te eien: sy beskik oor die "aard en eienskappe van 'n ikoon", word beskou "as gereken en 'n verteenwoordigende simbool" en is die "verering werd". Met haar eksentrieke geel leesbril (Bezuidenhout, 2017:s.bl.) en nege speelse tatoëermerke van skape op haar arm (Salzwedel, 2017a:29) word Slippers beskou as iemand wat "die toon aangee" en "die mode stuur" (De Wet, 2017:s.bl.). Die beeld van 'n "literêre hipster" prikkel beslis die belangstelling: "Sy lees soos 'n masjien, sy kyk soos 'n kunstenaar, sy dink soos 'n dromer, sy droom soos 'n digter. Sy gaan swem in die see by Bakoven om haar UJ-

debuutprys te vier. Sy lyk soos 'n sagte (hans)lammetjie, maar sy is onwrikbaar rammetjie-uitnek en 'n onuitoorlêbare gladdebek […]" (ibid.). Ook in ander media-aanbiedings word Slippers as 'n hipster voorgestel. 'n Voorbeeld hiervan is die bekendstelling van 'n produksie by die Suidoosterfees van 2018[227] met die opskrif "Die hipsters van Afrikaanse digkuns" met daarnaas die name van Bibi Slippers, Churchil Naudé, Ryan Pedro, Frazer Barry, Jolyn Phillips, Marcel Spaumer en Annie Klopper (gespreksleier): "Van musiekfeeste tot straatkafees – digkuns is deesdae oral te sien en te hoor en in verskillende gedaantes. Die jong digters deel verhoë met rockers op groot musiekfeeste; lees verse in kroeë en is bykans so herkenbaar soos sepiesterre" (The Jakes Gerwel Foundation, 2018b:s.bl.).

In haar selfvoorstelling skets Slippers (Bezuidenhout, 2017:s.bl.) haar as iemand wat haarself nie te ernstig opneem nie: "'Ek hou daarvan om ernstig te wees oor 'n lawwigheid. Ek hou van speel en pret hê, maar ek was ook 'n hoofmeisie,' […]. 'Mens voer dit net met erns uit, dan lyk dit soos ernstige dinge waarmee jy besig is.'"[228] Slippers se verduideliking van die titelkeuse, *Fotostaatmasjien* (wat eers *Afskrif* sou wees), onthul eweneens 'n interessante, eksentrieke, gewoonte:

> 'Die reine waarheid is dat ek nog altyd gefassineer is deur fotostate. Ek hou daarvan hoe vinnig en onvolmaak dit is. Toe ek op universiteit was, het ek baie tyd deurgebring in 'n saal met omtrent 50 fotostaatmasjiene. Ander studente het hulle geld aan drank bestee en ek het fotostate gemaak. Ek het selfs rondgekrap in herwinningsblikke en die mooiste goed daar uitgevis wat ek vandag nog het, […] (Bezuidenhout, 2017:s.bl.).

(v) Wêreld(lewens)beskouing en ars poetica

In 2.2.1 is verwys na Sainte-Beuve se benadering, ook bekend as deterministiese biografisme, wat van die standpunt uitgaan dat 'n skrywer en sy/haar literêre werk 'n analitiese eenheid vorm. Die verband tussen Slippers se lewensbeskouing en "die procédé wat Bibi Slippers die digter volg, naamlik dat sy optelgedigte maak",[229] word soos volg deur De Wet (2017:s.bl.) beskryf:

> Dat sy uit die letterkunde, uit die lewe, uit leef en belewing, uit wat sy sien en lees, iets optel en daarvan iets anders maak. In die taal van die bundel: 'n fotostaat, 'n afskrif, 'n geskrif, 'n gedig. Soos 'n kunstenaar kuns uit found objects maak. Die found objects in Fotostaatmasjien is reëls uit gedigte, is gedigte, is digters, is foto's, is indrukke, is leesreaksies én dit is oopskryf van 'n eie siening van poësie en van die lewe. Só word dit deel van die digter se ars poetica: 'n benaderingswyse. Só word

[227] Kyk "Afrikaanse digkuns se nuwe gesig" (The Jakes Gerwel Foundation, 2018a).
[228] In die jaarblad van die Hoërskool Empangeni (2001:13) word 'n ander meisie as hoofmeisie vermeld en Slippers as 'n prefek.
[229] Optelgedigte word deur Huseby (2015:25) beskryf as pasklaar literatuur (readymades) wat hulself aan die digter openbaar in oomblikke van 'rendezvous'. Die term is deur Duchamp bekendgestel wat dit gebruik het om na artistieke objekte wat uit pasklaar objekte ontstaan het, te verwys.

> Fotostaatmasjien die boek, 'n dokument van 'n bepaalde benadering, van 'n bepaalde lewe en lewenswyse en blik op die lewe en poësie – op daardie stadium.

Ook Cochrane (2017:12) wys op die verband tussen Slippers se lewensbeskouing en haar werkswyse wanneer hy skryf dat dit vir Slippers nie slegs gaan "om oulike Instagram-foto's van hondjies en katjies nie", maar dat dit vir haar "'n soort lewensideaal [is] om na te streef, soos wat dit in "Normal" uit 15 Instagram-gedigte (Slippers, 2016b:67) verwoord word:

> *ek wil 'n ander lewe hê; een wat meer*
> *soos Instagram is: volkleur, vierkantig*
> *geraam, geredigeer, gemaklik-vervelig*
> *en ergonomies maar verslawend*

Hier is dus sprake van 'n outobiografiese werklikheid. In die woorde van De Wet (2017:s.bl.) "leef" Slippers die poësie en is "[d]ie weinig inligting oor haar persoonlike lewe waarmee sy die media en haar aanhangers in onderhoude voer" reeds in die gedigte. Hierdie outobiografiese benadering is uiteraard 'n vorm van selfvoorstelling. As voorbeelde hiervan noem De Wet (ibid.) die volgende:

- Slippers se hanslam ("my mak ram"; kyk Slippers, 2016b:17) maak sy buiging in "Tweede lewe: biografie" en wat, volgens De Wet (2017:s.bl.), ook terugroep na "Eerste lewe: Outobiografie" (Slippers, 2016b:12) waarin die jong Chester leer praat deur na te aap.
- 'n Afdruk van haar kleuterskoolrapport is afgedruk op die flapteks van die bundel
- Slippers se voorliefde vir fietsry en gedigte kry gestalte in die gedig "Die resiesfiets en die reier" (Slippers, 2016b:55).
- 'n Foto van haarself in 'n polkakolrok verskyn op die flap van *Fotostaatmasjien* – 'n beeld van haarself wat Slippers ook in die media sirkuleer. Hierdie beeld speel ook mee in die gedig "Ondersoek na die aard van obsessie met spesifieke verwysing na die polkakol-kunswerke van Yayoi Kusama" (Slippers, 2016b:44).

Wat haar werksomgewing betref, noem Slippers dat, aangesien sy "nie van nature stil van binne is nie" ("ek is soos daai Energizer-haas wat rondhardloop en op trommetjies slaan en dingetjies doen en êrens heen hardloop en almal irriteer"), sy haar foon moet afsit wanneer sy skryf, die internet moet blok "en net daar [moet] sit of lê of op en af stap tussen die lessenaar en die yskas". Ná dae daarvan "gebeur daar dalkies iets" (N. Meyer, 2016a:s.bl.). Sy noem voorts dat sy 'n diep band met Bakoven naby Kampsbaai in die Kaap voel: "Ek

gaan dompel myself gereeld daar in die see, en dan voel ek vol energie vir lewe en skep" (ibid.).[230]

Nog 'n interessante aspek van Slippers se wêreldbeskouing en ars poetica is die wyse waarop sy die titel van haar debuutbundel in verband met kritiek bring. In 'n onderhoud met Bezuidenhout (2017:s.bl.) verduidelik sy soos volg: "'Geen weergawe van 'n dokument is ooit dieselfde nie. Elke fotostaatmasjien het 'n fout. Dit het my laat besef dat ek die foute wat as kritiek in my werk aangespreek word, kan omarm en die foute vir my laat werk.'"

Ook in 'n gesprek met Naomi Meyer (2016a:s.bl.) wys Slippers daarop dat elke fotostaatmasjien aan sy unieke stel foute uitgeken word: "Die 'foute' in die fotostate is wat in forensiese ondersoeke gebruik word om die masjien te eien. Dit was vir my so 'n mooi metafoor vir die digter se stem: dat jy aan jou foute geken sal word, maar dat mens daardie foute kan inspan om jou stem te differensieer."

In ooreenstemming met Sainte-Beuve se klassifikasie van faktore waardeur die totstandkoming van literêre persoonlikhede verduidelik kan word (kyk 2.2.1), blyk dit dat veral twee van hierdie kategorieë van toepassing is in die beeldvorming van Bibi Slippers: eerstens haar intellektuele sosialisering wat betrekking het op die artistieke of intellektuele milieu waarin haar kreatiwiteit gevorm word, en tweedens die historiese (literêre) konteks wat, volgens Kaltenbrunner (2010:77), betrekking het op spesifieke literêre gebeurlikhede soos die status van 'n taal as 'n middel tot poëtiese uitdrukking, populêre motiewe, die invloed van dominante skrywers en die morele *Zeitgeist* van 'n epog.

8.5.1.2 Bibi Slippers as literêre glanspersoon

As literêre glanspersoon, 'n beeld wat uiteraard oor bemarkingswaarde beskik, blyk Slippers die voorloper te wees binne die Suid-Afrikaanse letterkundige wêreld. In 'n vergelyking van die gewildheid van Afrikaanse sangers teenoor dié van digters, skryf Cochrane (2017:12) die volgende:

> Afrikaanse digters is nie so gewild soos Kurt Darren, Jay of Lianie May nie. Hulle tree nie voor massagehore op nie en digbundels haal nie platinumverkope nie. Die meeste digters is hermiete wat jy ontmoet in knus boekwinkels of by intieme optredes iewers op 'n feesprogram. Met Bibi Slippers is dit anders gesteld. As installasiekunstenaar hang sy woorde tussen mure en bedryf taal in openbare Babeltorings. Sy praat oor boeke op haar televisieprogram In die bed met Bibi en deel haar passie vir skape en ander wollerige goedjies met baie volgelinge op sosiale media.

[230] Kyk Rock What You Got (2018a) en Rock What You Got (2018b) vir beeldmateriaal waarin Slippers oor haar skryfproses en kreatiwiteit gesels.

In vele media-aanbiedings word Slippers as 'n literêre popster[231] of ikoon voorgestel (Cochrane, 2017:12, De Wet, 2017:s.bl.; Odendaal, 2016b:s.bl.). In 'n opsomming (kyk 4.2.1.2) van die kenmerke van 'n literêre glanspersoon, word die volgende genoem: beeldvorming wat op herhaling steun; die erns waarmee die materiële produksie (ontwerp), asook die reklame van sy/haar werk benader word; verwysing na ander 'ware' skrywers en beroemdes se werk en lewensverhale in haar eie werk; en rondspeel tussen die selfvoorstelling, 'spesiaal' versus 'gewoon'.

(i) Beeldvorming wat op herhaling steun

Ten spyte van Slippers se voorneme om haarself elke kort-kort te vernuwe ("'My kort-kort is so drie jaar. Dis omtrent hoe lank my aandagspan is.'"; Salzwedel, 2017a:30), vind haar ars poetica, waarin die idee van duplisering sentraal staan (kyk 8.4; 8.5.1.2iii; 8.6.1; 8.7), ook neerslag in die herhalende beelde wat in die media gesirkuleer word. Een van hierdie beelde is die foto van haarself in 'n polkakolrok (De Wet, 2017:s.bl.; N. Meyer, 2016a:s.bl.). Dikwels is daar variasies op die polkakolle, soos op die foto's wat vir 'n *Rooi Rose*-artikel geneem is (Salzwedel 2017a:28).

Cochrane (2017:12) beskryf "Bibi se Wêreld" as 'n wêreld "van popsterre, alle soorte voëls, fietse, kussinggevegte, alpakkas en llamas" en wys ook op haar passie vir "skape en ander wollerige goedjies". Volgens Slippers het die skaapfantasie reeds in haar kindertyd gemanifesteer. Soos reeds genoem, is haar pa 'n veekundige en sy het grootgeword rondom plaasdiere en "op verskillende fases van [haar] lewe hanslammers grootgemaak" (Marais, 2016:s.bl.). Sy vertel dat haar ouers reeds voor haar geboorte hanslammers gehad het – "op 'n manier voel ek nog altyd skape is my ouer broers" (ibid.):

> Noudat my ouers op 'n plaas woon, is daar altyd 'n hanslam in die huis of op die werf. Die ouderling, Wolraad, is al vyf jaar oud en die jongste, Xerox, is maar net 'n week of wat oud. Ek het nou gesit en tel hoeveel tatoeërmerke ek het. Agt skape en die woorde 'Draw me a sheep' uit *The Little Prince*. Sal ons dus sê nege? (ibid.).

Benewens foto's van haar eie visuele kunswerke waarop skape figureer (N. Meyer, 2016a:s.bl.), is daar talle foto's van haar saam met hierdie wollerige diere (De Wet, 2017:s.bl.; N. Meyer, 2016b:s.bl.) en selfs foto's van haar ás 'n wollerige dier (Salzwedel, 2017b:s.bl.) Voorts skroom Slippers nie om die nege getatoëeerde skape op haar arm ten toon te stel nie (ATKV, 2017b; Badenhorst, 2017:s.bl.; Scholtz, 2017:s.bl.).

[231] In 'n onderhoud met *Beeld* (2017:29) vertel Slippers van 'n leser wat in 'n e-pos aan haar geskryf het dat sy 'n "'creative crush'" op *Fotostaatmasjien* het "soos sy laas gehad het op Nirvana se *In Utero*".

(ii) Die erns waarmee die materiële produksie (ontwerp) en reklame van haar werk benader word

Slippers (*Beeld*, 2017:29) se gunstelingskrywer, Anne Carson, was die inspirasie vir die voorkoms van *Fotostaatmasjien*. Met die eerste oogopslag is die heldergeel omslag – volgens De Wet (, 2017:s.bl.) die kleur van baie ander (dikwels bekroonde) digbundels en boeke (De Wet, 2017:s.bl.) – die opvallendste paratekstuele element van die bundel. As voorbeelde van ander geel digbundels noem De Wet (2017:s.bl.) Peter Blum se *Enklaves van die lig* (1958), P.J. Bosman se *Die ryp geel kring* (1992), 'n weergawe van Breytenbach se *Die ysterkoei moet sweet* (1964), Antjie Krog se drietalige kinderverseboek, *Voëls van anderste vere* (1992), André Letoit se *Die geel kafee* (1985), Petra Müller se *Om die gedagte van geel* (2012) en die postume *Sonklong oor Afrika* van Opperman en Kannemeyer (2000). Volgens De Wet was die meeste van hierdie digbundels pryswenners én omstrede. Ander boeke wat geel omslae het, is Breyten Breytenbach se *Hart-lam* (1991)*, Lady One* (2000) en *Die beginsel van stof* (2011); André Letoit se *Suidpunt jazz* (1989); Sonja Loots se *Sirkusboere* (2011); Deon Maas se *Melk die heilige koeie* (2016); en Marita van der Vyver se *Griet skryf 'n sprokie* (1992).

Wat die visuele kykpoësie in *Fotostaatmasjien* betref, bemerk Burger (2017:47) 'n ooreenkoms met Willem Boshof se *Kykafrikaans* (1980). Kempton (2005:s.bl.) beskryf kykpoësie as gedigte wat "saamgestel" of "ontwerp" word om doelbewus "gesien" te word. Die outeur verduidelik dat die moderne visuele gedig (kykpoësie) oor die algemeen deur gedekonstrueerde taalmiddele geskep word. Hierdie taalmiddele sluit ondere andere in woord, teks, kode, petroglief, letter, fonetiese karakter, tipe, syfer, simbool, piktograaf, grammatika, groepering, merkideogram, digtheid, patroondiagram, logogram, aksent, lyn, kleur en maat. Kempton noem voorts dat die hedendaagse minimalistiese visuele digter, of die na-WW2 konkrete digter, oor die algemeen saamgestelde taalmateriaal skep ten einde nuwe en vrye deeltjies/brokkies en/of klankpatrone, groeperings, digtheid en/of teksture te skep. Deur middel van hierdie tegnieke skep die visuele digter gewoonlik een of meer verskillende kunsvorme. Sodoende vervaag grense tussen kunsvorme en vind kunsskepping in 'n multimedia- of intermedia-omgewing plaas. Benewens die feit dat enige "kunsboek" (Cochrane, 2017:12) noodwendig die resultaat is van 'n skrywer wat die materiële ontwerp van sy/haar boek met erns benader, veronderstel dit ook 'n groot mate van kreatiwiteit – aspekte wat in 8.5.4 breedvoeriger bespreek sal word.

(iii) Verwysing na ander 'ware' skrywers en beroemdes se werk en lewensverhale in haar eie werk

In *Fotostaatmasjien* tree Slippers in gesprek met 'n groot aantal digters, te wete Adam Small, Antjie Krog, Barend J. Toerien, Breyten Breytenbach, C.M. van den Heever en Ingrid Jonker (De Wet, 2017:s.bl.; Du Plessis, 2017:s.bl.; Hambidge, 2016:s.bl.) Volgens Hambidge (ibid.) herinner Slippers se tegnieke aan dié wat deur Dan Roodt gebruik is in *Kommas uit 'n boomzol* (1980) toe hy gek geskeer het met die verskyning van D.J. Opperman se *Komas uit 'n bamboesstok* (1979). In die Jonker teëspraak "my pop val stukkend" (Slippers, 2016b:83), waarin ook N.P. van Wyk Louw se "Alleenspraak" opgestuur word, word die digter se siening van die letterkunde duidelik sigbaar in die ars poëtikale uitsprake in *Fotostaatmasjien* (De Wet, 2017:s.bl.).

Tydens 'n boekgesprek met Gielie Hoffman vertel Slippers dat sy eers haar eie stem gevind het nadat sy ander digters se woorde begin gebruik het (Bezuidenhout, 2017:s.bl.). Na aanleiding van Hoffman se grappie dat mens dit plagiaat sou kon noem, het Slippers verduidelik dat sy met "steel" bedoel dat haar gedigte op ander digters se werk gebaseer is. In *Fotostaatmasjien* is die aksie van fotostateer, volgens Slippers gelyk aan duplisering of kopiëring: "En alles van ons DNS tot die taal wat ons praat en die kultuur wat ons voortbring is 'n resultaat van hierdie proses" (N. Meyer, 2016a:s.bl.). Met betrekking tot hierdie werkswyse skryf Du Plessis (2017:s.bl.) die volgende:

> Slippers never replicates. She engages with a kind of slippage into influence tinged with individuality. It may be redundant to spell it out, but being influenced or inspired by another writer isn't the same as copying that writer's oeuvre, unless it is the positively inflected mode of copying that Slippers explores throughout this book.

Deur haar verwysing na die historiese figuur Chester Carlson, die uitvinder van "xerografie, droogskryf" (Slippers, 2016b:13), verweef Slippers Carlson se biografiese gegewens "met dié van die outobiografiese digspreker" (De Wet, 2017:s.bl.).

Dit is egter nie slegs in haar werk wat Slippers van "kopiëring" gebruik maak nie. Ook haar bedankingswoord by die ontvangs van die Universiteit van Johannesburg se debuutprys was op die idee van "kopiëring" geskoei:

> Ek wil my dankwoord begin waar my boek begin het, met 'n aanhaling uit Marcus Boon se boek *In Praise of Copying*: 'But suppose copying is what makes us human. What then?' […] en omdat Marcus Boon waarskynlik reg is en 'n namakery van ons mense maak, en omdat Noboby tans besonder desperaat voel, besluit ek om Ena [Jansen] woord-vir-woord na te praat […] (Slippers, 2017c:s.bl.).

Slippers verwys na Ena Jansen se toespraak by dieselfde geleentheid in 2016. Jansen se boek *Soos familie: stedelike huiswerkers in Suid-Afrikaanse tekste* (2015)[232] het in 2016 die Universiteit van Johannesburg se prys vir skeppende skryfwerk gewen (*LitNet*, s.j.-d:s.bl.). Die verwysing na Jansen kan geïnterpreteer word as óf die aansluiting by 'n tradisie, óf 'n vorm van "debunking" (ontlediging).

(iv) Rondspeel tussen die selfvoorstelling, 'spesiaal' versus 'gewoon'

In Slippers se bedankingswoord by die ontvangs van die Universiteit van Johannesburg se debuutprys, stel sy haarself, soos dit in die aanhaling hierbo voorkom, as 'n "nobody" voor:

> Ek steek telkens vas by 'n aanhaling van Rumi, iets wat die Sufi-digter êrens in die dertiende eeu kwytgeraak het: 'Have you not heard of my universal fame? I am nobody, nobody, nobody.' Wat kan Nobody nou eintlik sê oor poësie, pryse en die politiek van die oomblik? (Slippers, 2017c:s.bl.).

Soos in die selfvoorstelling van die ander twee vroulike skrywers wat in hierdie proefskrif ondersoek word, is daar by Slippers ook 'n rondspeel tussen die selfvoorstelling van 'n 'nobody' teenoor iemand wat 'spesiaal' is. In die geval van Matthee is daar byvoorbeeld gewys op die nederige, beskeie beeld wat Matthee in haar selfvoorstelling voorgehou het, teenoor dié van iemand wat, soos genoem, gespog het dat haar boek die mees gelese boek in Afrikaans sou wees (kyk 5.4). In die geval van Van der Vyver probeer sy ook in haar selfvoorstelling dikwels die stereotipiese beeld van 'n 'gewone' ma en huisvrou voorhou, alhoewel daardie beeld deurgaans aangevul word met elemente van 'n boheemse sprokieslewe (kyk 6.5.1).

In meer as een onderhoud word Slippers se selfvoorstelling as synde 'n 'nobody' deur haarself onomwonde omvergewerp. Ter stawing van die stelling dat daar niks 'gewoons'" aan hierdie 'nobody' is nie, word Slippers se antwoorde op enkele van die vrae wat tydens onderhoude aan haar gestel is, geplaas:

> **1. Wat is jou gunsteling- Afrikaanse woord/e?**
> Fnuik.
> Geut.
> WOKNAKWYF! *
> **5. Wat is jou idee van perfekte geluk?**
> Waterski / om 'n lam met 'n bottel te voer / om in die son te sit
> **10. Watter frases of woorde gebruik jy te veel?**
> Die f-woord in al sy variasies.
> **13. Wanneer en waar was jy op jou heel gelukkigste?**
> Elke keer as ek 'n hanslam met 'n bottel voer, of wanneer ek waterski.

[232] Die werk is in Nederlands vertaal as *Bijna familie* (2016) en in Engels as *Like Family* (2019).

14. Watter talent sou jy die graagste wou hê?
Ek sou graag werklik goed wou kon dans – soos die hip-hop-choreograwe op YouTube.
17. Wat is jou kosbaarste besitting?
Twee skilderye van skape. Een is deur Nina Torr (getiteld *Sire*) en die ander deur Katherine Meeding (getiteld *middagslapie*).
30. Wat is jou leuse?
'F** alles, ek's 'n panda!' (Salzwedel, 2017b:s.bl. [oorspronklike vetdruk en numerering]).

Taalgebruik soos hierbo word ook in ander onderhoude aangehaal. In gesprek met Steyn (2016a:s.bl.) gebruik sy frases soos "'n f*kken grap", "not 'n f*k" en "'n pot k*k".

Ook in 'n onderhoud met *Sarie* (2015:s.bl.) skets Slippers 'n ietwat onkonvensionele beeld van haarself:

Wat is jou stylmantra?
Net een woord: speel.
[…]
Wat is jou kosbaarste besitting?
My hanslam Wolraad.
Wat is jou gunsteling-kledingstuk?
My Converse-tekkies.
[…]
Wat is die grootste stylflater wat jy al begaan het?
Ek is 'n wandelende stylflater, maar op die oomblik is die 'lelikste' kledingstuk in my kas 'n pienk pajamaromp met 'n kat en 'n seemeeu op […] (*Sarie,* 2015:s.bl.).

Dikwels is daar aanduidings van doelbewuste pogings om te skok. In 'n gesprek met Steyn (2016a:s.bl.) vertel Slippers dat sy eintlik ballet wou doen en haar "werkbare plan om dit te kon doen, was om in Durban saans 'n stripper te wees en bedags te dans" (kyk ook Rock What You Got, 2018c).

Slippers poseer dikwels vir advertensieveldtogte.[233] Voorbeelde hiervan is foto's wat die fotograaf André Badenhorst (2017:s.bl.) vir *Taalgenoot* (ATKV, 2017b) geneem het en die foto van Slippers in 'n *superman*-uitrusting vir 'n advertensieveldtog van die ATKV (2018). Hierdie foto is ook te sien op Slippers se Instagram-profiel (@bibi_slippers). In 2017 was sy te sien in MOMO, "(the Making Of the Making Of)", 'n Afrikaanse wetenskapsfiksie-metarolprent.[234]

[233] Alhoewel Slippers soms in vreemde uitrustings poseer, is die foto's nooit eksplisiet soos dié van die Vlaamse skrywer Kristien Hemmerechts, wat byvoorbeeld in die bad saam met haar oorlede man, Herman de Coninck, deur die Vlaamse fotograaf Lieve Blancquaert afgeneem is (*Flanderstoday*, 2006:s.bl.) of die Nederlandse skrywer Heleen van Royen, wat nakend vir *Playboy* geposeer het nie (black and white photography, 2017:s.bl.).

[234] Kyk ook "MOMO teaser #1" (Topjoller Films, 2017a); "MOMO teaser #2 (Topjoller Films, 2017b).).

8.5.2 Ontvanger

In ’n bepreking van Loftus Marais (2008:40) se gedig “Die digter as rockstar”, skryf Bonthuys (2016:230) dat die digter “wie se taak gewoonlik uiters eensaam is en sy persoon relatief onbekend” is, nou ’n beroemde rockster word:

> Die digkuns wat normaalweg ’n ontoeganklike, ‘hoë’ kunsvorm is wat maar enkele aanhangers het, raak nou ’n vorm van massavermaak wat ‘sportstadions’ volpak, ‘groupies’ en ‘gevuisde skares’ trek – ’n oordrewe voorstelling van ’n tipe podiumdigter dus.

Volgens Smit (2018:2) is die artistieke betekenis van podiumpoësie ten nouste verbonde aan die aard en reaksie van die gehoor. Met betrekking tot ’n nuwe generasie van ontvangers skryf De Wet (2017:s.bl.) dat sy in drie dekades van uiteenlopende boekbekendstellings nog nooit soveel “hip jong mense (in hulle twintigs, dertigs, veertigs – professioneel, studente, Afrikaans) en soveel jong kinders (party in swaardvegterpakke, party met prinseskrone op) só aandagtig na só ’n lang voorlesing uit ’n digbundel sien luister het” as by die bekendstelling (kyk 8.2.4) van Slippers se bundel nie.

Soos reeds by herhaling genoem (kyk 2.3; 4.3; 5.9; 7.7), is ’n fokus op die houding van die skrywer vis-à-vis die leser belangrik in literêre posisionering. Odendaal (2016b:s.bl.) wys daarop dat Slippers in die bundelopdrag “[‘Vir ___ (*Gebruik asseblief slegs blokletters*)’] opsetlik ruimte laat vir die indiwiduele leser om as’t ware die eie naam daar in te vul – ’n persoonlike leeservaring tot stand te bring” [oorspronklike kursivering]. Hierdie vryheid om “in een gedicht te lezen wat hij wil” (Dera, 2012:469), is reeds in 4.3i as een van die aanduiders van ’n outonoom literêre posisionering genoem. Deur die uitnodiging om gedigte uit Slippers se digbundel voor te lees en ’n stemboodskap of video van die voorlesing op Instagram (@oorgeklank) of facebook (Fotostaatmasjien Oorgeklank) te plaas, word ontvangers ook deel van die bemarkingsproses (Van Tonder, 2018:5).

8.5.3 Verspreiding

As voorbeelde van die vereistes wat volgens uitgewerye nodig is vir die bemarking van die skrywer as handelsmerk, is daar vroeër (kyk 4.2.1.1) verwys na die verhouding met verbruikers (hoe sosiaal en sosiaal-aantreklik die skrywer is), algemene sigbaarheid en die toenemende belang van sosiale media. In ’n artikel oor Rupi Kaur se digbundel *The sun and her flowers*, wat sedert die publikasie daarvan in 2017 op *The New York Times* se topverkoperlys geboer het, vra Slippers (2017b:s.bl.) of só ’n eer al ooit die Afrikaanse poësie te beurt geval het. In die artikel noem sy dat 500 bundels ’n gemiddelde drukoplaag verteenwoordig, terwyl verkope tussen 100 en 300 bundels wissel. Positiewe resensies kan

verkope tot 500 opstoot. Slippers skryf voorts dat "[v]an die groot name – die Antjie Krogs, Breyten Breytenbachs en Marlene van Niekerks – […] oplae van 1 000 of meer gedruk" word. Dan verwys sy na haar eie bundel wat, met 'n eerste oplaag van sowat 1 000, binne die eerste jaar deur NB uitgewers herdruk is.

Fotostaatmasjien is op 18 November 2016 in Johannesburg by die restaurant The Whippet in Linden bekendgestel. By hierdie geleentheid het Willie Burger met die digter gesels, terwyl sy self gedigte uit *Fotostaatmasjien* voorgelees het (*Sunday Times Books LIVE*, 2016:s.bl.). Om haar bundel bekend te stel, het Slippers dertig kunstenaars genooi om kunswerke na aanleiding van gedigte uit *Fotostaatmasjien* te maak. Volgens De Wet (2017:s.bl.) was Slippers se boekbekendstelling die eerste "debuutbundelbekendstelling-met-kunsuitstelling-as-interteks" in Afrikaans.

De Wet (ibid.) skryf Slippers se gewildheid veral toe aan haar "energieke beeld" as "digter, leser en kunstenaar". Haar TV-program, *in die bed met bibi*, het ook 'n webwerf (*indiebedmetbibi.com*) en 'n eie boekklub (ibid.). Voorts neem sy deel aan literêre aande "soos Loftus Marais se inisiatief waar al die genooide digters oor Lucian Freud se windhond moes skryf" (ibid.), asook aan literêre aanbiedings tydens kunste- en woordfeeste (*Lowvelder*, 2017:s.bl.; Prins, 2018:13; *slip.co.za*, 2012:s.bl.; *sun.ac.za*, 2016:s.bl.; kyk ook 8.2.1iii). In 2017 het Slippers, saam met digters soos Antjie Krog en Andries Bezuidenhout "haar skelpienk hoëhakskoene vierkant volgestaan" tydens 'n digmarathon in die Atterbury Teater (Bezuidenhout, 2017:s.bl.) [235]

Alhoewel Slippers in 'n onderhoud met Salzwedel (2017a:29) vertel dat sy haarself glad nie as 'n openbare figuur beskou nie en dat dit vir haar moeilik was om aan mense se kommentaar oor haar op sosiale media gewoond te raak ("Toe delete ek myself op facebook en Twitter"; ibid. [oorspronklike kursivering]),[236] beskik sy tóg oor die vermoë om haarself sigbaar te maak. Volgens Hoffman (Bezuidenhout 2017:s.bl.) is "Bibi […] die hele internet vol". Cochrane (2017:12) beskryf Slippers as "'n internet-*junkie* in murg in been" wat haar tuisvoel "in die kuberparadys waarin sy ongebonde flankeer" [oorspronklike kursivering], terwyl De Wet (2017:s.bl.) haar met "'n ingeligte, goed geoliede media-masjien" vergelyk. Alhoewel Slippers nie 'n facebook- of Twitterprofiel het nie, is sy tog op Instagram waar sy (in Julie 2019) 4 147 plasings en 5 448 volgers gehad het. Die reeds genoemde uitnodiging

[235] Kyk digmarathon (BoekeJol, 2017; *LitNet*, 2017c, 2017d).
[236] Kyk ook Slippers se beskrywing van sosiale media as "op 'n massaskaal" en haar verwysing na "die leegheid van iets soos Facebook" wat, volgens haar, 'n teenpool vir kreatiwiteit is (Blignaut & Minnaar, 2017:s.bl.).

om gedigte uit die bundel voor te lees en dit dan op sosiale media te plaas, is uiteraard ook ’n vorm van verspreiding.

8.5.4 Kreatiwiteit

Deur Slippers (2017b:s.bl.) se verwysing na die rol wat die verpakking en bemarking in die sukses van digbundels speel, plaas sy (subtiel) haar eie digbundel, sóós die digter Rupi Kaur se topverkoper, binne die kader van suksesverhale:

> Die afname in poësieverkope (en die relatiewe sukses van digters met ’n meer visuele benadering tot die verpakking en bemarking van hul werk) moet gesien word binne die breër konteks van ’n grondverskuiwing in die volkskultuur wat beskryf kan word as ’n postdrukmedia-omgewing waarin tradisionele drukmedia en literêre teksprodukte al hoe meer opgeneem word in en vervang word deur allerlei nuwe media. Binne hierdie konteks is dit veral beelde wat voorrang geniet, omdat beelde ’n soort ‘snelskrif’ is wat dit moontlik maak om massas inligting waaraan ons elke dag blootgestel word te sorteer en kategoriseer.

Volgens Slippers (ibid.) is daar ’n duidelike behoefte aan “die reflektiewe en genuanseerde kommunikasie wat die digkuns verteenwoordig” – iets wat raak te lees is uit die sukses van Instagram-digters (soos sy self). Ten einde sukses te behaal, noem Slippers dat daar innoverend te werk gegaan moet word:

> Ek stel nie vir ’n oomblik voor plaaslike digters moet hul werk vervlak of vereenvoudig om die mark tegemoet te kom nie, maar eerder dat daar innoverend gedink moet word oor hoe om die werk binne die digitale sfeer aan te bied sodat dit aanloklik is vir ’n lesersmark wat primêr op hul fone lees en inligting filtreer. Die Suid-Afrikaanse publiek stel steeds belang in digters as meningsvormers en openbare figure. Die uitdaging is om hierdie belangstelling te kanaliseer in bundelverkope. Vir hierdie doeleinde is Instagram potensieel ’n land van melk en heuning vir digters – mits ons kan aanvaar dat daar in 2017 bykomende vaardighede van digters en uitgewers vereis word. Ons sal almal moet leer om, soos Rupi Kaur, die spreekwoordelike heuningstrik op sosiale media te stel.

In Slippers se digbundel word kreatief van konkrete poësie[237] en kykpoësie (kyk 8.5.1.2ii) gebruik gemaak (De Wet, 2017:s.bl.). Voorbeelde wat deur Burger (2017:47), De Wet (2017:s.bl.) en Odendaal (2016b:s.bl.) genoem word, is die heldergeel omslag en die buiteblad waarop al die gedigte in die bundel oor mekaar afgedruk is, die geel papierkleur van die eerste sewe-en-twintig bladsye, ander bladsye in pikswart met wit letters daarop en ander in die kenmerkende grys van fotostate. Laasgenoemde suggereer, in die woorde van Naudé (2016:17), “die onvolmaaktheid van die wêreld en sy voortplantings”. Verdere voorbeelde sluit in die reeks Instagram-gedigte (onder een titel, naamlik “15 instagram-gedigte”; Slippers, 2016b:67–71); yskasmagneetpoësie in die gedig “sewe klein fantasieë

[237] Volgens Hilder (2010:3) beywer digters wat konkrete poësie beoefen hulle vir ’n supranasionale, supralinguistiese digkuns waarin daar, deur die vooropplasing van die visuele karakter van woorde en letters bó die semantiese en fonetiese funksies daarvan, na ’n vermenging van vorm en inhoud gestreef word.

oor Breyten Breytenbach met fotostaatmasjien en skêr" (Slippers, 2016b:32–34); die tipografiese kolle wat telkens in plaas van die letter O gebruik word in die polkakolgedig (Slippers, 2016b:44); "klein krabbeltjies, skribbels, krappies" (De Wet, 2017:s.bl.) wat dwarsdeur die bundel aangetref word en waarvan Slippers ook uiteindelik 'n tipografiese eksperiment en 'n gedig maak; die voorstelling van "'n oënskynlik totaal mislukte fotostateringspoging" (Odendaal, 2016b:s.bl.) in die gedig "Paper jam" (Slippers, 2016b:98); en die oriëntasie van gedigte in sowel die gewone portret- as die landskapformaat (Bezuidenhout, 2017:s.bl.). Ook in haar (kreatiewe) aanbieding van die teks is daar 'n verband met Slippers se lewensbeskouing (en selfvoorstelling) te bemerk:

> Sy is 'n vroetelende kleuter wat knip, spoeg en plak uit 'n allegaartjie-argief van tekste – popliedjies, motto's, Instagram-foto's, kunswerke en gedigte. In dié opsig verwys sy na haarself as 'n 'skiewie in die skriptorium' en 'n afvallige amanuensis' (Cochrane, 2017:12).

8.6 Die simboliese ordening van kulturele kennis

In die vroeëre bespreking van die laaste van Schmidt se vyf strukturele dimensies, naamlik die simboliese ordening van kulturele kennis (kyk 3.2.5), is verwys na Fokkema (1997:180–181) se beskouing van kulturele kennis as die grondslag van estetiese konvensie. Vir die doel van hierdie ondersoek kan die simboliese ordening van kulturele kennis tweërlei geïnterpreteer word, te wete op grond van die skrywer se poëtika en deur die elite.

8.6.1 Simboliese ordening op grond van die skrywer se poëtika

Teen die agtergrond van Schmidt (2010:7) se beskrywing van die simboliese ordening van kulturele kennis as 'n raamwerk waardeur die semantiese oriëntasie van die lede met betrekking tot belangrike aspekte van die sosiale lewe moontlik gemaak kan word en wat in spesifieke terme beskryf is as die kollektiewe kennis van die lede van 'n samelewing, het hierdie strukturele dimensie dus betrekking op Even-Zohar se begrip *repertorium* (kyk 3.1.5). Dit word beskryf as 'n gereedskapskis waaruit konseptuele vaardighede gekonstrueer kan word. In die eerste plek kan die simboliese ordening van kulturele kennis in verband gebring word met die skrywer, Bibi Slippers, se beskouing dat "alles van ons DNS tot die taal wat ons praat en die kultuur wat ons voortbring" 'n resultaat is van die proses van duplisering of kopiëring (N. Meyer, 2016a:s.bl.). In *Fotostaatmasjien* is die aksie van fotostatering vir Slippers gelyk aan duplisering of kopiëring (ibid.):[238]

[238] Slippers noem dat die boek se werkstitel eers *Afskrif* was, maar dat haar uitgewer, Tertius Kapp, en raadgewer, Loftus Marais, albei gevoel het dat dit "outyds en koeklik" (N. Meyer, 2016a:s.bl.) is en dat daar toe op *Fotostaatmasjien* besluit is.

> Volgens Bibi dek haar digbundel verskeie onderwerpe, maar die tema wat alles saamvat is dat ons almal dinge 'kopieer'. 'Of dit nou is om te kyk na ander en hul gedrag, goed wat om jou aangaan, die DNS wat jy erf of die kulture wat jy beleef. […]' (Venter, 2017:3).

In verband met die begrippe van *afdrukke* en van *kopiëring* noem Burger (2017:47) dat die idee op verskeie maniere in Slippers se bundel ondersoek word en stel dan die volgende vrae: "Wat is oorspronklikheid? Wat is nie op een of ander manier gekopieer nie? Wat is die gevolge van afkyk, van afskryf, van naboots en kopieer?" Volgens Burger sluit Slippers haar hier aan by die eeueoue strydvraag oor afbeelding en waaroor Aristoteles en Plato "al haaks was".[239] Odendaal (2016b:s.bl.) noem dat die "ryke, opvallend gemaakte intertekstualiteit in *Fotostaatmasjien* […] 'n verdere manifestasie [is] van die digotomie-relativerings en die herhaling-met-variasie-effekte wat die bundel deurspek".

8.6.2 Simboliese ordening deur die elite[240]

Met betrekking tot simboliese ordening van kulturele produkte deur die elite is Fokkema (1997:180–182) se beskouing dat kulturele kennis die grondslag van estetiese konvensie vorm (kyk 3.2) en dat die sentrale aktiwiteite binne die literêre sisteem dus hoofsaaklik deur die estetiese konvensie[241] gekenmerk word, ter sake. Vervolgens word resepsieprodukte[242] en beoordelaarsverslae as vorme van simboliese ordening belig.

- Hambidge, J. 2016. Bibi Slippers – Fotostaatmasjien (2016). *Woorde wat weeg*, 13 November: s.bl.

In haar resensie van *Fotostaatmasjien* vestig Hambidge eweneens die aandag op die gedig as artefak en op Slippers se gebruik van intertekstualiteit. Volgens Hambidge gee hierdie werkwyse daartoe aanleiding dat "'n bekende teks nuut omraam en in 'n nuwe gedaante betekenis kry". Ander postmodernistiese perspektiewe is die uitwysing van "[f]oute, opsetlike spot met plagiaat, pastiches, copy & paste" wat "hier uitstekend aan die kaak gestel" word.

- Barnard-Naudé, J. 2016. LitNet Akademies-resensie-essay: In die spieël met Bibi – *Fotostaatmasjien* (2016) deur Bibi Slippers. *LitNet*, Resensies, 16 November: s.bl.

In sy resensie-essay van *Fotostaatmasjien* fokus Barnard-Naudé op die mimetiese aspekte in die bundel. Teen die agtergrond van Lacan se begrip van die spieëlfase, is die bespreking

[239] Op satiriese wyse span Slippers selfs die "vals tolk" by Nelson Mandela se roudiens in vir "nadenke oor vertaling en vertolking en probleme met die weergee van iets" (Burger, 2017:47).
[240] Kyk 8.2.2.
[241] Kyk ook die literêre veld se *doxa* wat in 1.1 en 4.2.3.3 beskryf is as algemeen aanvaarde feite, gekonstrueerde en vasgelegde persepsies.
[242] In chronologiese volgorde

veral op ’n psigoanalitiese verkenning van die bundel gerig. Met betrekking tot kulturele kennis, spreek Barnard-Naudé die mening uit dat Slippers wel deeglik bewus is “van die maniere waarop taal as simboliese orde kan faal (‘woorde is wegwysers/ maar kan mens lees/ terwyl jy ry?’ (116) – veral in hierdie nuwe millennium wat gekenmerk word deur die oorheersing van skerms, beelde en die Verbeelde domein van die narsis” [oorspronklike hooflettergebruik]. Barnard-Naudé ondersteun hierdie stelling deur daarop te wys dat die kubernetiese funksie van taal in die inligtingsera waarin ons leef, oortyd werk, dat taal, “as outentieke kommunikasie, as diskoers, al hoe meer op die agtergrond geskuif” word en dat ons binne dieselfde taal, nie meer dieselfde praat nie, dat misverstande gedy en woorde nie meer sin maak nie. In sy resensie-essay maak Barnard-Naudé dus van sowel psigoanalitiese perspektiewe as van Foucault – wat nie net literatuur nie, maar alle samelewingstrukture gedekonstrueer het – se uitgangspunte gebruik. Volgens Foucault se beskouings is die eienaarskap van die diskoers baie spesifiek en histories gekodifiseerd (kyk 2.3.5).

- Naudé, C.P. 2016. Digterlike afdruk van ’n lewe verbeeld. *Beeld*, 5 Desember: 17

Nóg ’n resensie waarin intertekstualiteit die hooffokus van bespreking is, is dié van Naudé. Alhoewel “alledaagse verwysings uit die reklamewêreld en popkultuur”, sóós die tema van intertekstualiteit, nie nuut in Afrikaans is nie, wys Naudé op die innoverende en “vars” wyse waarop Slippers hiermee te werk gaan (kyk 8.5.1.1iii).

- Odendaal, B. 2016b. Resensie: Fotostaatmasjien (Bibi Slippers). 8 Desember: s.bl.

In sy resensie van *Fotostaatmasjien* vra Odendaal, soos reeds genoem (kyk 8.5.1.1iii), vir die herbedenking ten opsigte van domeinonderskeidings soos liedtekste of lirieke aan die een kant teenoor gedigte aan die ander kant. Ander teenstellings wat belig word, is die herhaling/oorspronklikheid digotomie, die bemoeienis met die teenstellings van werklikheid teenoor virtualiteit, asook literêre skrywerskap teenoor “’n fopdossery á la pop”. Voorts word daar in die resensie aandag geskenk aan die ontwerp en tipografiese aspekte van die boek, Slippers se gebruik van intertekstualiteit, die ontginning van eietydse kommunikasie-tegnologieverskynsels en die houding wat Slippers teenoor die leser inneem.

- Cochrane, N. 2017. Gedigte verken Bibi se wêreld. *Rapport*, 8 Januarie: 12

Soos Burger, skenk Cochrane aandag aan die boek as materiële artefak en beskryf hy *Fotostaatmasjien* derhalwe as ’n “kunsboek”. Ander aspekte wat onder die soeklig kom in Cochrane se resensie, is die nawerking en interpretasie van bestaande tekste, Slippers se “verstaan” van die populêre kultuur en haar hantering van die “kuberparadys” as deel van haar poëtika (kyk 8.5.1.1v).

- Burger, W. 2017. Willie Burger kyk na Bibi Slippers se debuutbundel, Fotostaatmasjien. *Vrouekeur*, 6 Februarie: 47

In sy resensie wys Burger op die vernuwende aspekte in Slippers se werk (die eksperimentering met nuwe media), maar ook op die feit dat sy, soos vroeër genoem (kyk 8.4.1.1iii), “slim bewus” is van tradisie. Ander aspekte wat in Burger se resensie uitgelig word, is die kreatiwiteit wat in die bundel as materiële artefak gegaan het, die aktualiteit van die werk, asook die eeueoue strydvraag oor afbeelding wat in Slippers se teks opnuut onder die soeklig geplaas word.

- Du Plessis, K. 2017. Untranslated: the original copy / Fotostaatmasjien by Bibi Slippers. *Minor Literature[s]*, 17 Februarie: s.bl.

In haar resensie van die bundel maak Du Plessis van mimetiese perspektiewe gebruik en fokus sy spesifiek op die defekte wat met mimese gepaard gaan. In hierdie verband wys sy op die beskouings van Plato en Walter Benjamin, en noem ook as voorbeeld die Bernadette Corporation wat in ’n uitstalling van ’n gedig waarin die visuele en woordkuns (in ’n “awkwardly displayed document”) gekombineer is, geweier het om fotostate van die werk te sirkuleer:

> Whereas the Bernadette Corporation didn’t allow readability into their visual art project, Slippers welcomes the visual, the so-called imperfection of the copy, into her writing, including pages that resemble photocopies in her perfect bound collection of poems. Both visually and thematically, Slippers aims to redeem the reproduction, raises it up and dusts it off, embracing its imperfections and so also acknowledging its diversity. If every copy is a slight variant of its master document, then every copy is arguably also an original.

- Huldigingswoord: Eugène Marais-prys

In die huldigingswoord by die oorhandiging van die Eugène Marais-prys aan Slippers het Andries Visagie (2017:s.bl.) veral gefokus op die wyse waarop Slippers se bundel aan die eis van eenheid en ewewig (tussen tradisie en vernuwing) beantwoord: “*Fotostaatmasjien* laat ’n vars eietydse indruk sonder dat beproefde verstegniese stategieë [sic] in die wind geslaan word.”

- Commendatio: Universiteit van Johannesburg se debuutprys

In Karin de Wet (2017:s.bl.) se commendatio, wat reeds telkens as bron in hierdie hoofstuk gebruik is omdat dit spesifiek op Bibi Slippers se ikonisiteit fokus, word ook die materiële aspekte van die bundel belig. Dit sluit in "die [u]iteenlopende en interessante" aanwending van visuele en tipografiese elemente (kyk 8.5.4). Ander aspekte wat as grensverskuiwend beskryf word, is die outobiografiese benadering (kyk 8.5.1.1v) en intertekstualiteit.

- Commendatio: Elisabeth Eybers-prys

Louise Viljoen (2017a:s.bl.; verkry van Pieterse, 2019a) begin haar commendatio met die vraag na waar die grens tussen oorspronklikheid en nabootsing lê en trek dit dan deur na Slippers se bundel:

> Die beeld van 'n byna menslik-feilbare fotostaatmasjien is as't ware die enjin van die bundel en bind ook die verskillende ingewings, spekulasies en uitweidings stewig saam. Dié masjien genereer ook die talle voortdigtings op ander digters se werk, die spel met vertaling […] en die uitbuiting van die kreatiewe potensiaal van die fout […].

Ander aspekte wat belig word, sluit in Slippers se "spel met woorde", "die klem op die woord as ding" wat aanleiding gee "tot 'n soort kyk-afrikaans" en die paring "van die internet, die sosiale media en populêre kultuur" met die "medium van poësie".

- Kommentaar: ATKV-Woordveertjie

Die eerste deel van die kommentaar by die oorhandiging van die ATKV-Woordveertjie aan Slippers, is 'n duplisering van die kernparagraaf in Odendaal (2016b) se resensie (kyk 8.4.1.1iii). In die res van die kommentaar word tradisie- en vernuwingskriteria as basis vir die bekroning geneem wanneer die mening uitgespreek word dat dit "'n rare gebeurtenis is" wanneer "énige bundel – laat staan nog 'n debuut – die poësie-tradisie kan oproep en dan omvorm tot 'n hiperkontemporêre en relevante stuk literatuur" (ATKV, 2017a:s.bl.).

Die onderstaande tabel bied 'n opsomming van die tipes argumente wat in die beoordeling van Bibi Slippers se *Fotostaatmasjien* gebruik is, asook van die waardeoordele wat uitgespreek is.

Tabel 8.2: *Fotostaatmasjien:* opsomming van argumente en waardeoordele

Resensent[243]	Tipe argument	Literatuurbeskouings	Waardeoordeel
Barnard-Naudé, Jaco (2016:s.bl.)	Mimeties	Psigoanalities Dekonstruksie	Positief
Burger, Willie (2017:47)	Vernuwing Aktualiteit (realisties)		Positief

[243] In alfabetiese volgorde

Resensent	Tipe argument	Literatuurbeskouings	Waardeoordeel
Cochrane, Neil (2017:12)	Vernuwing	Intertekstualiteit	Positief
Du Plessis, Klara (2017:s.bl.)	Tradisie Vernuwing Mimeties	Intertekstualiteit	Positief
Hambidge, Joan (2016:s.bl.)		Intertekstualiteit Dekonstruksie	Positief
Naudé, Charl-Pierre (2016:17)	Vernuwing	Intertekstualiteit	Positief
Odendaal, Bernard (2016b:s.bl.)	Vernuwing	Intertekstualiteit Resepsieteorie (houding wat Slippers teenoor leser inneem)	Positief
Prysbeoordelaar	**Tipe argument**	**Literatuurbeskouings**	**Waardeoordeel**
ATKV (2017:s.bl.)	Tradisie Vernuwing		Positief
Elisabeth Eybers-prys Viljoen, Louise (2017a:s.bl.)		Intertekstualiteit	Positief
Eugène Marais-prys Visagie, Andries (2017:s.bl.)	Struktureel Vernuwing		Positief
UJ debuutprys De Wet, Karin (2017:s.bl.)	Vernuwing	Intertekstualiteit	Positief

Uit die opsommende verwysings na die perspektiewe wat in die resensering van *Fotostaatmasjien* gebruik is, blyk dit dat al die resensente en prysbeoordelaars in hoofsaak gebruik gemaak het van meer kontemporêre teorieë. Dit sluit in intertekstualiteit, dekonstruksie, psigoanalitiese literatuurondersoek, asook resepsieteorie. Ten spyte van die aanduidings van 'n outobiografiese werklikheid in *Fotostaatmasjien,* soos in 8.5.1.1v genoem, word daar glad nie van emosionele argumente gebruik gemaak nie. Met betrekking tot outobiografiese motiewe in die digkuns skryf Peeters (2005:10) soos volg:

> Een andere vervelende doctrine die het avant-gardistische strijdprogramma ons heeft nagelaten, is het taboe op zogenaamde 'gevoelspoëzie'. Dichters die over gevoelens schrijven zijn meestal niet bezig met het ontmantelen van de talige werkelijkheid. Als de werkelijkheid al onkenbaar is, zo redeneren de postmodernistische critici, dan moet de dichter de eigen emotie al helemaal als vals wantrouwen. Waar het in het moderne proza wel is toegestaan autobiografische motieven tot literatuur te verwerken […] geldt dit in de poëzie nog altijd als taboe.

Die voorkoms van tradisie- en vernuwingsargumente dui op 'n teenpool van die toeganklikheid wat dikwels as kenmerk van podiumkuns gestel word (Bonthuys, 2016:36, 147, 207, 239, 258; Peeters, 2005:11; Pfeijffer, 2000:s.bl.). Op grond van die argumentasie wat kritici in hul waardebeoordeling van Slippers se debuutbundel gebruik het, is daar dus onteenseglik sprake van 'n outonoom literêre posisionering – 'n stelling wat bevestig word die volgende uitsprake: "Dit is 'n ernstige bundel – die soort bundel wat my in poësie se krag en relevansie, in ons eie tyd, laat glo" (Burger, 2017:47); " agter die afdruk skuil daar baie kennis en navorsing" (Hambidge, 2016:s.bl.); en "[d]ie bundel maak 'n appél op die breë lesersmark sowel as op die fynproewerleser" (Naudé, 2016:17).

8.7 Samevatting

Uit die ondersoek na Bibi Slippers se beeldvorming het dit aan die lig gekom dat Slippers, in ooreenstemming met Schmidt (1997:121) se beskouing daarvan, kommunikasie sélf tot (literêre) akteur verhef. Vir Slippers, wat haar digbundel in een woord, naamlik "xerox", saamvat (N. Meyer, 2016a:s.bl.), is taal, kommunikasie en kultuur gelyk aan die aksie van duplisering. Met die reeds genoemde bewering "dat alle letterkunde nageboots is", dat niks oorspronklik is nie en dat selfs die Skepping "'n fotostatiese afdruk (uiteraard satiries bedoel)" is (Vorster, 2018:s.bl.), sluit Slippers aan by 'n transnasionale poëtika, wat soos in 3.1.6 beskryf (kyk Viljoen, 2017b:136), leen uit 'n stoorkamer van poëtikale opvattings, denkraamwerke, vorme, tegnieke, trope, beelde en verwysings wat nie aan bepaalde grense gebonde is nie en wat wêreldwyd gesirkuleer word.

In meer as een opsig is daar dus 'n verband tussen Slippers se lewensbeskouing, haar ars poetica en haar debuutbundel, *Fotostaatmasjien*. Hierdie outobiografiese werklikheid, waarin Slippers as't ware haar poësie "leef" (kyk 8.5.1.1v), asook die idee van duplisering, vind onder andere neerslag in haar eksperimentering met nuwe (massa)media, in die visueel-kreatiewe aanbieding van die teks, in die wyse waarop sy in haar bundel in gesprek tree met ander skrywers en in haar beskouing van kritiek. Ten opsigte van laasgenoemde gaan sy van die standpunt uit dat elke fotostaatmasjien aan sy unieke stel foute uitgeken word en dat die digter juis daardie foute kan inspan om 'n unieke stem te differensieer. Wat beeldvorming betref, word die idee van duplisering veral sigbaar in haar selfvorming wat in navolging van die popkultuur geskied, asook in die grootskaalse reproduksie en hersirkulering van bepaalde beelde.

Op grond van die noue verband tussen die persoon, Bibi Slippers, die literêre werk, *Fotostaatmasjien*, en haar ars poetica, is 'n 'uitwissing' van die skrywer se persoonlikheid in terme van die literêre werk – wat sedert die modernisme 'n inherente element van die diskoers oor literêre skrywerskap was en wat op die spits gedryf is in Roland Barthes se aankondiging van die "dood van die skrywer" – dus moeilik haalbaar. Smit (2018:388) noem tereg dat die persona van die podiumkunstenaar 'n belangrike deel van die kultuurvorm uitmaak: "Die kunstenaar verwys daarom na hom/haarself, vorige werke, die proses van skryf en die mag wat woorde het om sy/haar persona te vestig en ten toon te stel."

Alhoewel Slippers die tradisionele konsep van die skrywer transformeer en sy oor al die eienskappe van 'n literêre glanspersoon en 'n skrywershandelsmerk beskik, en "al wou jy", in die woorde van (Odendaal, 2016b:s.bl.), "'n fopdossery á la pop vermoed", is daar

"weldeeglik 'n digter in hierdie bundel te ontmoet". In hierdie verband skryf De Wet (2017:s.bl.) soos volg:

> Die feit dat sy sosiale media en popkultuur betrek en tipografies bewus en uitdagend skryf, dat sy aan die grense van genres torring, dat sy wyd gelees en populêr in aanvraag is, moet ons nie vir een oomblik laat dink dat hierdie gedigte eenvoudig of oppervlakkig is nie, óf dat haar lesers, wat wyer as die 'tradisionele' Afrikaanse poësieleser blyk te kring, nie intelligent, ingelig, byderwets en krities is nie.

Die dualistiese beeld van Slippers as literêre skrywer en literêre glanspersoon word dalk die beste verwoord deur Cochrane (2017:12) se beskrywing van haar as "'n wolf in skaapsklere wat baie slim te werk gaan" – 'n kunstig georkestreerde beeld wat, volgens Cochrane (ibid.), saamgevat kan word deur 'n frase uit die popsensasie Roxette se trefferlied, *Dressed for success*: "I'm gonna get dressed for success, hitting a spot for the big time, baby."

HOOFSTUK 9

VERGELYKING EN SAMEVATTING

In Hoofstuk 1 van hierdie proefskif is genoem dat die problematiek met betrekking tot waardetoekenning aan kunswerke op die keuse van die gestelde waardes, asook op die tyds- en groepsgebonde aard van die gekose waardes, berus. Die dinamiek wat globale markte in die sakewêreld kenmerk, vind ook neerslag in artistieke praktyke. Binne die samelewing is die doel van kuns nie net meer op estetiese bevrediging gerig nie – daar is ook ekonomiese (materiële) oorwegings. Gevolglik is daar ook in die kunsindustrie sprake van behoefte, aanbod en verspreiding wat deur komplekse bemarkingsprosesse in stand gehou word. In bemarkingsprosesse is die beeld van dít wat aangebied word, van groot belang.

Alhoewel die rol van die skrywer self (as ’n tipe kunstenaar-cum-entrepeneur) in die beeldvormingsproses nooit onderskat kan word nie, is beeldvorming ’n veelkantige proses wat deur verskillende rolspelers of bemiddelende agente beïnvloed word. Daarom was die soeklig in hierdie proefskrif op sowel die rolspelers as die instrumente wat hulle gebruik in die beeldvormingsproses. Aangesien die waarde van ’n kunswerk nie net meer op grond van intrinsieke oorwegings geskied nie, is daar vanuit ’n korporatief-ekonomiese uitgangspunt aandag geskenk aan aspekte van produksie en bemarking wat as ekstrinsieke oorwegings bygedra het tot die sukses van die gekose tekste.

Alhoewel verskillende sisteemteorieë aangewend is in die ondersoek na die beeldvorming van die gekose skrywers en boeke, het raakpunte tussen die teorieë vergelyking moontlik gemaak. In Matthee se geval is Kees van Rees en Gilles Dorleijn se geïntegreerde benadering gebruik. As vertrekpunt het gedien die institusionele inkadering van literatuuropvattings as ideologiese en maatskaplikgebonde standpunte. Gevolglik kon die ondersoek na die ideologie van die tagtigerjare, asook die opkoms van middelmootliteratuur geakkommodeer word. Voorts kon daar binne hierdie benadering ook ondersoek ingestel word na hoe die uitgewery, resensies, artikels in vakwetenskaplike tydskrifte, literatuurgeskiedenisse, keurders se verslae vir literêre pryse, vertalings en ander vorme van herskrywing die resepsie van haar roman, *Kringe in ’n Bo*s (1984), beïnvloed het. Die beeldvorming van Matthee as ‘veranderingsagent’, ‘natuuronderskrywer’ en ‘verteller van waarheid’ het geskied aan die hand van die realisme en die ekspressiewe tradisies binne Söteman se ‘verskuilde’ poëtikamodel. Hierdie model omvat vier poëtikale tradisies, naamlik die mimetiese, die pragmatiese, die ekspressiewe en die outonomistiese waaruit vier literêre

strominge of literêr-teoretiese rigtings, te wete die Romantiek, simbolisme, klassisisme en realisme afgelei is. In die ondersoek na die wyse waarop Marita van der Vyver die tradisionele sprokiegegewe dekonstrueer tot beeldingsmiddel, is Stephen Greenblatt se beskouing van selfvorming, wat as ’n kunstig-manipuleerbare proses beskryf is, as metodologiese raamwerk gebruik. Aangesien die gebruik van metafore soos ‘uitruiling’ en ‘sirkulering’ tipies van die Nuwe Historisme is, is daar dus ooreenkomste tussen die metodologiese beskouings van die aanhangers van Nuwe Historisme en dié van die veldteoretici. Derhalwe kon daar binne hierdie raamwerk ook aandag geskenk word aan die faktore wat betrokke was by die bemarking van Van der Vyver se trefferroman, *Griet skryf ’n sprokie* (1992). In die ondersoek na Francois Smith en sy debuutroman, *Kamphoer* (2014), en Bibi Slippers en haar debuutdigbundel, *Fotostaatmasjien* (2016), se beeldvorming is daar van twee veld- of sisteemteorieë gebruik gemaak, naamlik Pierre Bourdieu se sosiologiese benadering, en Siegfried J. Schmidt en Niklas Luhmann se konstruktivistiese variant. Albei teorieë het hul oorsprong in die formalistiese en strukturalistiese tradisie en beklemtoon sisteme as makrostrukture bokant menslike vlak. Daar was weliswaar klemverskille: in die geval van Smith is daar veral op sy trajek gefokus, terwyl die ondersoek na Slippers se beeldvorming veral haar voorstelling as literêre glanspersoon en haar gebruik van nuwe media benadruk het.

In aansluiting by ’n positivisties-funksionele paradigma wat gerig is op die vraag “*Who says what to whom and with what effect*”, is ’n aantal navorsingsvrae geformuleer (kyk 1.6). Aan die hand van hierdie vrae word daar in hierdie slothoofstuk bepaalde verskille en ooreenstemmende tendense uitgelig wat betrokke was by die beeldvorming van die gekose skrywers en tekste. Op grond van die voorkoms en frekwensie van gedeelde kenmerke kan sekere veralgemenende gevolgtrekkings gemaak word rakende die bydrae van nie-artistieke praktyke tot literêre sukses binne die Afrikaanse literêre sisteem.

9.1 Habitus

Dalene Matthee en Marita van der Vyver was albei reeds gepubliseerde skrywers toe hul trefferromans *Kringe in ’n Bos* (1984) en *Griet skryf ’n sprokie* (1992) gepubliseer is. Tog was dit eers met die verskyning van hierdie boeke dat die twee skrywers ongekende gewildheid begin geniet het en dat daar ’n drastiese groei in hul postuur was. ’n Paar dekades later verskyn daar weer twee boeke wat feitlik onmiddellik na publikasie uitsonderlike gewildheid geniet het, naamlik Francois Smith se *Kamphoer* (2014) en Bibi Slippers se *Fotostaatmasjien* (2016).

Uit die ondersoek na die onderskeie skrywers se habitus het dit geblyk dat, met die uitsondering van Matthee, ál die skrywers oor formele tersiêre kwalifikasies in óf die joernalistiek óf die Afrikaanse letterkunde beskik: Van der Vyver 'n meestersgraad in joernalistiek, Smith 'n doktorsgraad in Afrikaanse letterkunde en Bibi Slippers 'n meestersgraad in kreatiewe skryfkuns. Daarbenewens was hierdie drie skrywers reeds vóór die publikasie van die tekste wat as gevallestudies dien, aktief werksaam in die literêre veld – al drie as joernaliste en Smith en Van der Vyver ook as vertalers. Daarbenewens was Smith ook 'n teksredakteur en Slippers die medesamesteller van literêre publikasies. Voorts is daar by Van der Vyver, Smith en Slippers sprake van die voortgesette, gelyktydige vervulling van verskillende rolle binne die literêre veld (trajek): Van der Vyver, as aanbieder van skryfkursusse, artikelskrywer en beoordelaar van literêre pryse; Smith, as dosent in die letterkunde, studieleier in kreatiewe skryfkuns, aanbieder en gesprekleier by seminare en ander literêre geleenthede, en as beoordelaar van literêre pryse; en Slippers, as keurder en samesteller van digbundels, aanbieder van televisieprogramme waarin sy met skrywers gesels en boeke aanbeveel, deelnemer aan woordfeeste en ander literêre gespreksgroepe en as 'model' en 'akteur' in kultuurorganisasies se advertensieveldtogte.

9.2 Bemarking

9.2.1 Rolspelers, instellings en mediaprodukte betrokke by die voorstelling en resepsie

Al vier die tekste is deur Tafelberg, 'n drukkersnaam van Naspers, uitgegee. Aangesien die meeste van die media-aanbiedings van die betrokke skrywers en hul werk (in die vorm van resensies en koerant- en tydskrifartikels en sommige reeds vóór die amptelike bekendstelling van die boek) in Naspers-beheerde mediaprodukte verskyn het, kan die rol van markmeganismes in die beeldvormings- en kanoniseringsproses nie geïgnoreer word nie.

Terwyl daar geen amptelike bekendstelling van *Kringe en 'n Bo*s en *Kamphoer* was nie, het die bekendstelling van *Griet skryf 'n sprokie* en *Fotostaatmasjien* op nogal ongewone wyses geskied – eersgenoemde in die CNA, Tygervallei-inkoopsentrum, Bellville, wat aanvanklik die alleenreg tot die verkope van die boek gehad het, en *Fotostaatmasjien* by The Whippet, 'n restaurant in Linden. Tydens laasgenoemde geleentheid was daar ook 'n uitstalling van kunswerke wat op die een of ander wyse aansluiting by Slippers se gedigte gevind het.

Uit die ondersoek na die resepsieprodukte wat na aanleiding van die vier gevallestudies verskyn het, het dit aan die lig gekom dat veel minder resensies oor Smith en Slippers se

boeke verskyn het, ’n natuurlike gevolg van die feit dat die gedrukte deel Van Naspers se mediaprodukte sedert 2000 saamgegroepeer is as Media24 en dieselfde resensie dikwels in meer as een koerant verskyn. Die reikwydte van resensies is egter ná die opkoms van die internet in 1994 uitgebrei en daarom het die platvorms waarop resensies oor Smith en Slippers se boeke verskyn het, ook bygedra tot die resepsie en bemarking van *Kamphoer* en *Fotostaatmasjien*.

9.2.2 Faktore betrokke by die verkoop en aankoop van literêre produkte

In ooreenstemming met ’n ware bemarkingsgeoriënteerde benadering waarin die identifisering van die verbruiker se behoeftes van groot belang is, voldoen al vier literêre werke (die drie romans as goeie, gewilde prosa en Slippers se digbundel as podiumkuns) aan poëtikale verwagtings soos toeganklikheid. Voorts sluit al vier die werke by bepaalde aktuele temas aan: die bewaring van olifante in *Kringe in ’n Bos*, die seksuele bevryding van die vrou in *Griet skryf ’n sprokie*, geweld teenoor vroue, asook (rasse-)versoening in *Kamphoer* en die moderne mens se aangetrokkenheid tot sosiale media in *Fotostaatmasjien*. Op grond van hierdie faktore het Matthee, Van der Vyver, Smith en Slippers se boeke beslis ’n leserskorps gevind wat dit verstaan en waardeer – iets wat deur die rekordverkope van die boeke gereflekteer word.

9.2.3 Bemarkingstrategie ten opsigte van die materiële aanbieding van die boek

Deurdat die flapteks Matthee as ‘verteller van waarheid’ bemark, het hierdie voorstelling, wat as ’n merker van toeganklikheid kan dien, vanuit die staanspoor deel van haar beeldvorming geword. Soos in die geval van Matthee, staan die flapteks van Slippers se boek (maar ook die bundel as geheel wat in die vorm van kykpoësie aangebied word) in die teken van toeganklikheid en is daar dus sprake van ’n verbruikersoriëntasie in die bemarkingstrategie. Ook die afdruk van haar kleuterskoolrapport op die flapteks – as ’n voorbeeld van ’n egodokument – dui op toeganklikheid.

Alhoewel daar in die bemarking van veral *Griet skryf ’*n *sprokie* (op grond van die beklemtoning van die erotiek in die boek wat deur die stofomslag versterk is) en *Kamphoer* (op grond van die sensasionele titel en die beskrywing van die boek as ’n “sielkundige riller”) veral aanduidings van ’n verbruikers- of kliënteoriëntasie was, het verskeie kritici die mening uitgespreek dat die paratekstuele gegewens oorbeklemtoon is, omdat dit nie binne die breër tematiese konteks van die tekste beskou is nie. Die bemarkingsoriëntasie dui dus eerder op ’n geïntegreerde benadering met die oog op die verwerwing van kapitaal in sowel die ekonomiese as in die artistieke pool van die veld.

9.2.4 Die verband tussen rolspelers

Soos reeds genoem, is al vier voorbeeldtekste deur Tafelberg, 'n drukkersnaam van Naspers, gepubliseer en het die meeste van die media-aanbiedings van die betrokke skrywers en hul werk (sommige reeds vóór die amptelike bekendstelling van die boek) in Naspers-beheerde mediaprodukte verskyn. In die gevallestudies is daar voorts voorbeelde teëgekom van skrywers wat self in diens van Tafelberg of ander Naspers-beheerde organisasies en mediaprodukte was en van keurders wat sélf werke gehad het wat deur Tafelberg of ander Naspers-beheerde drukkersname uitgegee is.

9.3 Resepsie

9.3.1 Rolspelers betrokke by voorstelling en resepsie

Die meeste resensies is geskryf deur Joan Hambidge (*Griet skryf 'n sprokie*, *Kamphoer* en *Fotostaatmasjien*), Chris van der Merwe (*Griet skryf 'n sprokie* en *Kamphoer*) en Willie Burger (*Kamphoer* en *Fotostaatmasjien*). Hennie van Coller was die beoordelaar wat by die meeste prysbeoordelings betrokke was: die ATKV-prosaprys aan Dalene Matthee vir *Kringe in 'n Bos*, en die Eugène Marais-prys onderskeidelik aan Marita van der Vyver vir *Griet skryf 'n sprokie* en Bibi Slippers vir *Fotostaatmasjien.* Voorts is gevind dat 'n resensent van 'n boek soms ook later in die beoordelaarspaneel dien. 'n Voorbeeld hiervan is Hennie van Coller, wat nie net 'n resensie oor Van der Vyver se *Griet skryf 'n sprokie* geskryf het nie, maar wat ook op die paneel vir die beoordeling vir die Eugène Marais-prys was in die jaar toe dit aan haar toegeken is. Ook Willie Burger en Bernard Odendaal het nie net resensies oor Slippers se *Fotostaatmasjien* geskryf nie, maar ook in die paneel gedien vir die beoordeling van onderskeidelik die Eugène Marais-prys en die ATKV-Woordveertjie in die jaar toe Slippers hierdie pryse ontvang het. Voorts blyk dit dat dieselfde individue herhaaldelik as prysbeoordelaars optree. So byvoorbeeld was Marius Crous 'n beoordelaar vir sowel die Eugène Marais-prys as die UJ-Debuutprys toe Slippers met die genoemde pryse bekroon is. Van hierdie hekwagters, wat almal positiewe waardeoordele oor van die betrokke tekste uitgespreek het, is Van Coller en Hambidge waarskynlik die sterkste opinievormers en Van Coller, as die redakteur van literatuurgeskiedenisse waarin profiele oor Matthee en Van der Vyver opgeneem is, die vernaamste kanoniseerder.

In gevalle waar 'n beoordelaar in dieselfde jaar in meer as een pryskomitee dien, is daar uiteraard die moontlikheid tot meervoudige bekronings, veral as dit 'n senior of hoogaangeskrewe beoordelaar is. Afgesien van die UJ-Debuutprys, was daar in die jurie van die Elisabeth Eybers-prys (toe die prys aan Slippers toegeken is) kollegas van die

Universiteit van Stellenbosch. Alhoewel daar sprake kon wees van sosiale handelinge tussen akteurs (veral aangesien Slippers haar meestersgraad aldaar verwerf het), asook van moontlike beïnvloeding, beoordeel kollegas steeds teen die agtergrond van moontlike teenoorgestelde paradigmas.

9.3.2 Literatuuropvattings wat in die resepsie gebruik is

Literatuuropvattings is in die rekonstruksie van die beeldvorming van elk van die gekose skrywers en tekste aangewend. Ten opsigte van die argumentsoort wat die meeste gebruik is in die waardebepaling van Matthee se *Kringe in 'n Bos*, blyk dit dat strukturele en realistiese argumente die botoon gevoer het en dat die oorgrote meerderheid resensente die skywer referensieel literêr posisioneer het – 'n posisionering wat ondersteun word deur haar bekroning met die ATKV-prys vir goeie, gewilde prosa. Die instelling van hierdie toekenning (Matthee was die eerste ontvanger daarvan) het as bewys gedien van die verwagting – veral in die tagtigerjare – dat letterkunde 'n betrokke inslag moes hê.

In die geval van sowel Van der Vyver se *Griet skryf 'n sprokie* as Smith se *Kamphoer* word daar, benewens die gebruik van hoofsaaklik strukturele en vernuwingsargumente, ook van meer kontemporêre teorieë gebruik gemaak. Dit sluit in feministiese perspektiewe, verwysings na historiese geheue, intertekstualiteit, dekonstruksie, psigoanalitiese perspektiewe en resepsieteorie. Alhoewel albei tekste, sóós dié van Matthee, die ATKV-prys vir goeie, gewilde prosa ontvang het, dui die spektrum van argumente deur resensente in hul waardebepaling gebruik, nie net op 'n referensiële literêre posisionering nie, maar is die beeld wat gestel word ook dié van twee outonoom literêre werke (en skrywers). In die geval van Van der Vyver is hierdie beeld verder ondersteun deur haar bekroning met die Eugène Marais-prys.

Uit die ondersoek na die argumente en perspektiewe wat in die beoordeling van Slippers se *Fotostaatmasjien* gebruik is, was dit duidelik dat daar hoofsaaklik van vernuwings-argumente, asook van meer kontemporêre teorieë soos intertekstualiteit, dekonstruksie, resepsieteorie en psigoanalitiese literatuurondersoek gebruik gemaak is. Alhoewel dit óók met 'n ATKV-Woordveertjie bekroon is, word die teks op grond van hierdie beskouings binne die outonome kader van die veld geplaas. Bekronings wat die skrywer se outonoom literêre posisionering bevestig, sluit in die Eugène Marais-prys en die Elisabeth Eybers-prys.

Sowel die groot ooreenstemming in die tipe argumente wat in die resepsie gebruik is as die kommentaar en waardeoordele wat deur verskillende literatuurbeskouers oor die werk van dieselfde skrywer uitgespreek is, dien as bevestiging daarvan dat beeldvorming van literêre

werke deur orkestrasie gekenmerk word. In al vier die gevallestudies is die resensie wat eerste verskyn het deur belangrike figure binne die literêre veld geskryf. In die geval van *Kringe in 'n Bos* was André P. Brink die resensent; in die geval van *Griet skryf 'n sprokie* en *Fotostaatmasjien* is die eerste resensies deur Joan Hambidge geskryf en in die geval van *Kamphoer* deur Kerneels Breytenbach. Alhoewel nie een van die resensente na vorige resensies verwys het nie, sou die mening van 'n hoogaangeskrewe resensent tóg ander resensente kon beïnvloed.

9.3.3 Die houding van die skrywer ten opsigte van die leser

Aangesien die houding van die skrywer vis-à-vis die leser 'n belangrike rol in literêre posisionering speel, is daar in die proefskrif ook op hierdie verhouding gefokus. By Matthee gaan dit hoofsaaklik oor 'n houding van vertroue en word die leser in *Kringe in 'n Bos* as vertroueling en gespreksgenoot binnegenooi om as 'aanskouer van die waarheid' geheel en al by die romanwêreld betrokke te raak. Ook in die geval van Van der Vyver se *Griet skryf 'n sprokie* nooi die boek die leser binne wat dan, op grond van die vertrouensverhouding wat deur die openbare belydenis en die verkleining in die vertelafstand geskep word, ervaar hoe eensaamheid opgehef kan word. Teen die agtergrond van die pragmatiese, lesergerigte benadering waarvolgens die teks deur verskillende lesers in verskillende periodes, sosiale klasse en nasionaliteite gekonkretiseer word, blyk dit dat die psigoanalitiese perspektiewe met betrekking tot trauma in *Kamphoer* óók 'n beroep op die leser se eie binnelewe rig. By Matthee, Van der Vyver en Smith is daar dus 'n sosiale rol en die plig om namens 'n groter (kollektiewe) ideaal op te tree: Matthee as spreekbuis vir bewaring, Van der Vyver as spreekbuis vir die bevryding van die vrou en Smith as spreekbuis vir die getraumatiseerde. Wat betref die verhouding met die leser dui hierdie gedeelde werklikheidservarings uiteraard op 'n referensieel literêre posisionering. Alhoewel die interaksie tussen literêre tekste met die ontvangers van die werk – waarin daar, soos in Smith se teks, sprake is van individuele of kollektiewe historiese lesers – teen die agtergrond van die pragmatiek op 'n outonoom literêre posisionering van die skrywer kan dui, is dit veral Slippers wat in haar digbundel die interpretasie van die teks na die leser (en sy/haar verwagtingshorison) oordra en wat op grond van hierdie lesergerigte benadering outonoom literêr geposisioneer word. In haar digbundel word die leser eksplisiet genooi tot 'n persoonlike leeservaring en word daar selfs voor in haar digbundel ruimte gelaat vir die individuele leser om die eienaam in te vul. Slippers is deeglik daarvan bewus dat ten einde sukses as digter te behaal, sowel die skrywer as die kritikus onttroon moet word en dat poësie met die oog op verbruik geskep moet word. Ten einde sosiale energie te genereer, maak Slippers gebruik van

performatiewe elemente soos ouditiewe en visuele bykomstighede, bied sy haar werk binne die digitale sfeer aan en en skep sy werk met die podium in gedagte.

9.3.4 Verband tussen skrywer en rolspelers betrokke by die voorstelling en resepsie

Alhoewel bepaalde verbintenisse tussen skrywers en bemiddelaars in die veld nie noodwendig die objektiewe waardering van die literêre werk beïnvloed nie, speel sosiale kapitaal tóg 'n rol in beeldvorming. In die gevallestudies is daar voorbeelde teëgekom van resensente en prysbeoordelaars wat gedurende die tyd waarin hulle waardeoordele oor die literêre werk moes uitspreek, sélf werke gehad het wat deur Tafelberg of ander Naspers-beheerde drukkersname uitgegee is. Voorts is voorbeelde aangetref van 'n skrywer (as joernalis) wat vóór die resensering of bekroning van 'n teks onderhoude met prysbeoordelaars gevoer het. Daar is ook gewys op gevalle waar 'n skrywer en bemiddelaars (ook vóór die waardering van die betrokke teks) soms medesamestellers van 'n publikasie was of saam aan kunste- of woordfeeste deelgeneem het. In enkele gevalle was daar ook sprake van vriendskappe en selfs familieverbintenisse tussen skrywers en bemiddelaars.

9.4 Selfvoorstelling

Alhoewel die klem in hierdie proefskrif hoofsaaklik geplaas is op buitetekstuele faktore wat 'n invloed op die beeldvorming van die gekose skrywers gehad het, was dit tog belangrik om kennis te neem van die deterministiese biografisme wat van die standpunt uitgaan dat 'n skrywer en sy/haar literêre werk 'n analitiese eenheid vorm. Daarom is dit moontlik om die etos van 'n skrywer (gedeeltelik) op grond van die teks te rekonstrueer.

As 'verteller van die waarheid', 'n selfvoorstelling wat herhaaldelik in die media gesirkuleer is, resoneer die beeld van Matthee met dié van die karakter Saul Barnard, wat op grond van sy verbondenheid aan die Bos, 'n pligsbesef daarteenoor openbaar. In die geval van Marita van der Vyver is daar nie net 'n verband tussen die romankarakter, Griet Swart, en sprokieshelde met dieselfde naam nie, maar ook met die skrywer, wat as kind die bynaam 'Grietjie' gehad het en wat soms ook onder die skuilnaam 'Griet Swart' gewerk het. Aangesien Marita van Vyver se selfvorming in terme van die mimesis van die sprokiesverhaalmotief geskied – 'n motief wat beskryf is as die uiteindelike herstel van die miskende en nederige, en wat in wese dus op bevryding betrekking het, is daar in meer as een opsig verwysings na die werklike skrywer. Gevolglik staan die werk dig by die outobiografiese roman. Hierdie tegniek, waarvolgens die verteller – soos in die geval van die outobiografie – die skrywer se naam dra en die skrywer dus ook haarself fiksionaliseer, is

tipies van die postmodernisme. As die skrywer van ’n teks waarin die trauma van verkragting – wat vir ’n lang tyd in oorlogsliteratuur verswyg is – onder die soeklig kom en waarin daar erkenning gegee word aan die rol wat verskillende bevolkingsgroepe in hierdie oorlog gespeel het, resoneer Smith se beeld met dié van iemand wat gewetensvol, empatiek en versoenend is. Soos reeds genoem, is daar ook in die werk van Bibi Slippers sprake van ’n outobiografiese werklikheid en is hierdie outobiografiese benadering uiteraard ’n vorm van selfvoorstelling. Die idee van duplisering, wat in *Fotostaatmasjien* neerslag vind in Slippers se eksperimentering met nuwe (massa)media, in haar visueel-kreatiewe aanbieding van die teks en in die wyse waarop sy in haar bundel in gesprek tree met ander skrywers, word in haar selfvorming geëggo deur die navolging van die popkultuur en die grootskaalse reproduksie en hersirkulering van bepaalde beelde.

In die georkestreerde selfvorming van Marita van der Vyver en Bibi Slippers, waarin by eersgenoemde die sprokie as beeldingsmiddel gebruik word en by Slippers die fotostaat, is Aristoteles se begrip van *mimesis*, soos hierbo ook genoem, ter sake. In ooreenstemming met Aristoteles se beskouing dat mimesis as kreatiewe nabootsing nie soseer ’n saak van syn is nie, maar eerder van aksie, dra sodanige selfvorming uiteraard versterkend by tot die skrywer se postuur. Bonthuys (2016:227) wys daarop dat die literêre veld en beoordelaarspanele kennis neem van skrywers “met ’n sterk postuur en ’n bekende profiel” en dat dit veral die geval is by die toekenning van (debuut)pryse wat “dit wat op daardie tydstip in die literêre veld uitstaan” bekroon. Terwyl Matthee (vir *Kringe in ’n Bos*) met net een literêre prys bekroon is, is Van der Vyver, Smith en Slippers elk meervoudig bekroon vir onderskeidelik *Griet skryf ’n sprokie, Kamphoer* en *Fotostaatmasjien*.

Uit die ondersoek na die vier gekose skrywers se selfvoorstelling was dit duidelik dat Baert en Booth (2012:113) se bewering dat die teenstrydighede kenmerkend van die negentiende-eeuse openbare intellektueel in die afgelope eeu weer opgemerk word, op al vier skrywers van toepassing is. In die geval van Dalene Matthee, wat haarself as ‘spreekbuis vir die onderdruktes’ en ‘verteller van die waarheid’ voorstel, is daar ’n spanning tussen die plig om namens ’n groter (kollektiewe) ideaal op te tree en die neiging tot individualisme en selfs afsondering. Hierdie spanning is ook by Francois Smith bemerk wat, aan die een kant, déúr sy teks as ‘spreekbuis vir die getraumatiseerde’ optree, terwyl hy, aan die ander kant, voorgestel word as ’n uiters private, ingetoë persoon. By al drie vroueskrywers is daar ’n rondspeel tussen die selfvoorstelling van ‘gewoon’ versus ‘spesiaal’. Aan die een kant word Matthee voorgestel as nederig, beskeie en gewoon, terwyl sy aan die ander kant geen geheim van haar strewe na uitsonderlikheid gemaak het nie. Alhoewel Marita van der Vyver in haar selfvoorstelling dikwels die stereotipiese beeld van ’n ‘gewone’

ma en huisvrou probeer voorhou, word daardie beeld deurgaans aangevul deur elemente van ’n boheemse sprokieslewe. Ook Slippers se voorstelling van haarself as ’n ‘nobody’, ’n beeld wat lynreg in stryd is met haar beeld as televisiepersoonlikheid en literêre hipster, is – as ’n heel bewuste vertoon – ’n tipiese kenmerk van die literêre glanspersoon se beeldvorming.

9.5 Kanonaansluiting: aansluiting by literêre tradisies

Aangesien die posisionering van ’n skrywer binne ’n bepaalde literêre tradisie – of juis die afwyking daarvan – van groot belang is in ’n ondersoek na beeldvorming, is daar ook gekyk na die deurbreking van verwagtings en, indien dit wel die geval was, wát presies as vernuwende aspekte in die gekose tekste beskryf is. Dit wil voorkom asof die skrywers van al vier boeke in hoë mate op vernuwing ingestel is. In teenstelling met die politieke betrokkenheid van die sewentiger- en tagtigerjare, is daar tematies in Matthee se werk ’n ánder soort sosiale betrokkenheid, naamlik natuurbewaring. Voorts is *Kringe in ’n Bos*, wat tydens die hoogbloei van die sogenaamde betrokke letterkunde gepubliseer is, as een van die groeipunte van middelmootliteratuur beskou. Met *Griet skryf ’n sprokie* het Van der Vyver ’n nuwe era in die beskrywing van erotiek in die Afrikaanse letterkunde ingelui. Alhoewel die Sestigers die proses aan die gang gesit het, het die Afrikaanse letterkunde tot in die vroeë jare negentig in die teken van erns gestaan en het die humoristiese inslag in van der Vyver se teks, waarin juis ’n vrou humor met seksualiteit verbind, verwagtings gevolglik deurbreek. Smith se roman verskil van die tradisionele oorlogsliteratuur in die sin dat dit ook beskou kan word as kommentaar op die hedendaagse stryd wat die Afrikanervrou (soos alle ander vroue) steeds teen geslagsgeweld en geslagsongelykheid voer. Slippers word in verskeie resepsieprodukte geloof vir haar tegniek en die vernuwende aspekte in *Fotostaatmasjien.* Daar word melding gemaak van haar kennis van die tradisie, dat sy daarop voortbou en die moontlikhede daarvan uitbuit, maar dat haar werk, op grond van die eksperimentering met nuwe media, terselfdertyd baanbrekend is.

Tog deurbreek al drie die romans nie werklik verwagtings nie en sluit dit naatloos aan by wat as kenmerke van goeie, gewilde prosa gestel is (kyk 5.2.2). In *Kringe in ’n Bos* is daar die liefdesverhaalgegewe met ’n heldekarakter wat triomfeer oor alle struikelblokke. In *Griet skryf ’n sprokie* is daar ewenseens ’n ridder, ’n held en die tema van redding. Met *Kamphoer* sluit Smith aan by heersende diskoerse in die historiografie en word daar nie werklik ’n nuwe fase in die Afrikaanse letterkunde ingelui nie. Op haar beurt sluit Slippers in haar besinning oor representasie aan by internasionale tendense.

Nog ’n manier waardeur die skrywersbeeld binne ’n bepaalde tradisie geplaas kan word, is deur die selfonderskeiding van, of vergelyking met ander skrywers. Alhoewel kritici Matthee se skryfwerk binne die konteks van sowel nasionale as internasionale voorgangers geplaas het, was die meerderheid van die vermeldings en intertekstualiteitsverhoudings gebaseer op gedeelde werklikheids- en ervaringsaspekte – dus aanduiders van ’n referensiële posisionering. Voorts is daar by Matthee ’n drang tot *aemulatio* (kyk 4.3iii) te bemerk wat tekenend is van ’n geartikuleerde strewe na uitsonderlikheid en kanonisering. Alhoewel Van der Vyver in haar selfvoorstelling noem dat sy dit moeilik vind om aan haarself as ’n skrywer te dink en sy dus wegskram van selfvergelyking, is daar wel sprake van intertekstualiteit in haar werk. Sy sluit op die vlak van genre (die sprokie en die belydenisroman), ten opsigte van temas (sterk, onafhanklike vrou; traumatiese lewensondervindinge; vrouekarakters wat selfdood pleeg; die tema van bevryding) en met betrekking tot werkswyse (psigoanalise, mitiese verwysingsvelde, eksperimentering met tradisies en die benutting van die dubbelslagtige aard van die ou sprokies) aan by nasionale en internasionale voorgangers. Deurdat Francois Smith dominante figure in die literêre veld as raadgewers betrek het (agente wat kontinuïteit, identiteit en reproduksie nastreef), maar terselfdertyd, as nuweling wat diskontinuïteit, deurbreking, verskil en revolusie najaag, sy verskil met hierdie agente erken het, het hy homself op die grens tussen pole geplaas – uiteraard ’n gunstige posisie. Die kwessie van kontinuïteit en reproduksie kom egter veral voor in die werk van Bibi Slippers wat in *Fotostaatmasjien* met ’n groot aantal ‘ouer’ digters in gesprek tree. Voorts sluit sy aan by ’n transnasionale poëtika. Hierdie aksie van duplisering of kopiëring – wat nadruklik as ‘onvolledig’ en ‘vol foute’ aangedui word – en wat, volgens Slippers se beskouing, onderliggend aan alle skeppingsaktiwiteite is, is ’n integrale deel van haar ars poetica.

9.6 Die bestendiging en behoud van ’n posisie binne die veld

As posisioneringsmeganisme in die literêre veld word *postuur* nie slegs gebruik om ’n bepaalde posisie in die veld te verwerf nie, maar verwys die begrip ook na die wyse waarop (literêre) akteurs hul posisie in die literêre veld bestendig en dit behou. Reeds voordat die manuskrip van *Kringe in ’n Bos* in Afrikaans verskyn het, is Matthee se posisie-inname in die Afrikaanse literêre sisteem bespoedig deurdat die vertaalregte aan uitgewers van verskeie lande verkoop is. Haar posisie is bestendig deur etlike literêre bekronings – nie net deur die ATKV-prosaprys vir *Kringe in ’n Bos* nie, maar ook deurdat sy dié prys nog drie keer ontvang het: vir *Fiela se kind* (in 1986), vir *Moerbeibos* (1988) en vir *Susters van Eva* (in 1996) (*dalenematthee.co.za*). Die erkenning van Matthee se status as skrywer word bevestig deur

haar insluiting in Kannemeyer (1988:396) se literatuurgeskiedenis, *Die Afrikaanse literatuur 1652*–1987, die insluiting van 'n profiel oor haar in Van Coller se *Perspektief en profiel* van 1998 (Jooste, 1998:672–682), 'n kort bespreking van haar werk in die perspektiefdeel van *Perspektief en profiel* (1999) in die afdeling "Die Afrikaanse vroueskrywer: van egotekste tot postmodernisme (18e eeu – 1996)"[244] (Van Niekerk, 1999:425–426), verwysings na haar werk in Benson en Connoly (2004:841) se *Encyclopedia of post-colonial literatures in English*, Heywood se *A history of South African literature* (2004:185), Irele se *The Cambridge companion to the African Novel* (Warnes, 2009:80) en Chapman en Lenta se literatuurgeskiedenis, *SA Lit beyond 2000* (Wylie, 2011:366), asook haar insluiting in die 2016-uitgawe van *Perspektief en profiel* (Deel 2), waarin Jooste (1998:672–683) se profiel van Matthee deur Senekal hersien is (Jooste & Senekal, 2016:770–786). Ná haar dood word Dalene Matthee se posisie in die Afrikaanse literêre sisteem nie net deur die voortgesette publikasie van haar werk verseker nie, maar ook deur die wyses waarop sy, weens die opkoms van die ekokritiek, as ekoloog gehuldig word.

Deur die voortgesette lewering en beskikbaarheid van haar titels, sommige daarvan ook as vertaalde werke, verseker Marita van der Vyver dat sy haar posisie in die Afrikaanse literêre sisteem behou. Hierdie posisie is verstewig deur bekronings vir publikasies wat ná *Griet skryf 'n sprokie* verskyn het: die Tienie Holloway-medalje vir kleuterlektuur in 1997 vir *Olinosters op die dak* (oorspronklik 1996; heruitgegee in 2015); die Sanlamprys vir jeuglektuur in 2002 vir *Die ongelooflike avonture van Hanna Hoekom* (2002); die IBBY Ererol vir Skryfwerk in Afrikaans in 2004 vir dieselfde werk; die M-Net-prys vir Afrikaanse teks in kort formaat in 2006 vir *Bestemmings* (2005); die MER-prys vir kinderliteratuur in 2006 vir *Mia se ma* (2005); *en die* ATKV-prosaprys in 2007 vir *Stiltetyd* (2006) (Terblanche, 2014:s.bl.).

Voorts word die erkenning van Van der Vyver se status as skrywer ook bevestig deur die insluiting van 'n profiel oor haar in Van Coller se literatuurgeskiedenis *Perspektief en profiel* (Van Coller, 2006:481–506; 2016b:842–868), 'n kort bespreking van haar werk in die perspektiefdeel van *Perspektief en profiel* (1999) in die afdeling "Die Afrikaanse vroueskrywer: van egotekste tot postmodernisme (18e eeu – 1996)"[245] (Van Niekerk, 1999:429–430), 'n verwysing na haar in Heywood se *A history of South African literature* (2004:216), asook in Irele se *The Cambridge companion to the African novel* (Warnes,

[244] Hierdie hoofstuk kom onveranderd voor in die 2016-hersiene uitgawe van *Perspektief en profiel* (Deel 2) (kyk Van Niekerk, 2016:3–128).
[245] Hierdie hoofstuk kom onveranderd voor in die 2016-hersiene uitgawe van *Perspektief en profiel* (Deel 2) (kyk Van Niekerk, 2016:3–128).

2009:80) en, meer onlangs, haar insluiting in Van Beek en Van Niekerk se publikasie *My mother's mother's mother. South African women's writing from 17th-century Dutch to contemporary Afrikaans* (2019; kyk Pople, 2019b:s.bl.). Alhoewel Van der Vyver nie die sukses van *Griet skryf 'n sprokie* met *Griet kom weer* kon herhaal nie, word haar beeld in sowel self- as heterovoorstelling steeds in terme van die sprokie beskryf – ook in haar literêre werk, wat altyd dig by die outobiografiese roman staan.

Anders as in die geval van Matthee en Van der Vyver wat hul posisie in die veld deur die voortgesette stimulering van 'n oeuvre en die voortgesette lewering en beskikbaarheid van titels behou, is daar ná *Kamphoer* nog nie weer 'n roman uit Smith se pen gepubliseer nie. Dit blyk dat sy posisie in die veld op die oomblik in stand gehou word deur herskrywings (vertalings en 'n bekroonde toneelstuk) van die roman, maar veral deur die agting wat hy geniet op grond van sy trajek – die reeks verskillende posisies wat Smith in die literêre veld beklee het (en in sommige gevalle steeds doen). Dit sluit in: literêre produksie (as skrywer van *Kamphoer*), verspreiding (die aanbieding van en betrokkenheid by seminare en populêre lesings), resepsie (lidmaatskap van professionele letterkundige organisasies) en literêre verwerking (as teksredakteur en vertaler).

Sóós Francois Smith, het Bibi Slippers ná die verskyning van *Fotostaatmasjien* (2016) nog nie weer 'n publikasie die lig laat sien nie en word haar postuur in stand gehou, en floreer dit selfs, deurdat sy ook ander handelingsmoontlikhede ontgin. Hierdie moontlikhede sluit (tans) die volgende in: produksie (as skrywer van tekste vir TV-uitsendings, kopie vir reklame en bemarkingskopie vir Showmax), bemiddeling en resepsie (as aanbieder van die programme "in die bed met bibi" en "Bibi se boekrak", deur die webblad *indiebedmetbibi.com*, as mentor by skryfkursusse, as artikelskrywer en resensent vir tydskrifte en koerante en as deelnemer aan kunste- en woordfeeste) en die postprosessering van *Fotostaatmasjien* as 'n musiekproduksie waarby Slippers, as sy nie in persoon daaraan deelneem nie, se stem gehoor word en beeldmateriaal van haar op video vertoon word. Deur hierdie handelingsmoontlikhede bemark Slippers nie net literêre werke en skrywers nie, maar veral ook die self: die skrywershandelsnaam en literêre glanspersoon, Bibi Slippers.

9.7 Gedeelde kenmerke

Uit die ondersoek na die beeldvorming van Dalene Matthee (*Kringe in 'n Bos*), Marita van der Vyver (*Griet skryf 'n sprokie*), Francois Smith (*Kamphoer*) en Bibi Slippers (*Fotostaatmasjien*) het daar gedeelde kenmerke na vore gekom. Op grond van die feit dat die onderstaande telkens by ten minste twee van die skrywers as deel van hul postuur

waargeneem kan word, kan die afleiding gemaak word dat die volgende nie-artistieke praktyke moontlik ’n rol kon speel in die literêre sukses van die vier gevallestudies:

- Tersiêre kwalifikasies (veral in die joernalistiek of Afrikaanse letterkunde) waardeur die agent se ‘gevoel vir die spel’ of ’n ‘praktiese begrip’ gunstig geïnklineer is (Bourdieu se habitusbegrip)
- ’n Loopbaan (joernalis, teksversorger, samesteller van literêre publikasies) wat die skrywer reeds vóór publikasie as agent in die literêre veld geplaas het (habitus)
- Die voortgesette, gelyktydige vervulling van verskillende rolle binne die literêre veld (trajek)
- Markmeganismes (al vier tekste is deur Tafelberg, ’n drukkersnaam van Naspers, uitgegee)
- ’n Geïntegreerde bemarkingstrategie waarin daar enersyds (veral deur die wyse waarop die boek in die media en deur die paratekstuele elemente bemark is) sprake was van ’n verbruikersoriëntasie, maar waarin die teks andersyds, binne die breë tematiese konteks daarvan, ook binne die outonome kader geplaas kon word
- Resensente en prysbeoordelaars wat herhaaldelik betrokke was by die waardebepaling van dieselfde literêre werk
- Sosiale kapitaal in die vorm van kollegiale en selfs vriendskapsverhoudinge met bemiddelaars
- Vertalings en herskrywings in die vorm van toneelstukke en films
- Die selfonderskeiding van of vergelyking met ander agente in die veld
- ’n Duidelike verband tussen persona en ars poetica
- ’n Bemarkbare karakter
- Aktiewe, georkestreerde selfvorming

Al die bogenoemde kenmerke vertoon ’n inherente vorm van sosiale energie, maar ook van die onderhandeling en uitruiling van sosiale energie (Greenblatt,1997:12; kyk 2.3.6): kunsskepping as ’n **kreatiewe**, **motiefgedrewe** skeppingsproses; kunsuitdrukking in terme van ’n **van wie** en ’n **vir wie**, mimesis op grond van **kreatiewe nabootsing** en die kunstenaar (skrywer) as die produk van **kollektiewe uitruiling**. In die lig van die ooreenkomste tussen Greenblatt se beskouing van sosiale energie en die praktyke wat gelys is as moontlike rolspelers in die literêre sukses van Dalene Matthee se *Kringe in ’n Bos*, Marita van der Vyver se *Griet skryf ’n sprokie*, Francois Smith se *Kamphoer* en Bibi Slippers se *Fotostaatmasjien,* blyk dit dat beeldvorming inderdaad ’n kragtige vorm van sosiale energie is – “the half-hidden cultural transactions through which great works of art are

empowered" (Greenblatt, 1997:4). As deel van 'n literêre sisteem wat toenemend in die besigheids- en vermaaklikheidsindustrie (waarin ekonomiese oorwegings 'n groot rol speel) ingebed word, is die vestiging van skrywers as handelsmerke en literêre glanspersone van groot belang in die bereiking van sukses.

BRONNELYS

Abrams, M.H. 1953. *The mirror and the lamp: romantic theory and the critical tradition*. Londen: Oxford University Press.

Adams, T.R. & Barker, N. 1993. A new model for the study of the book. In N. Barker (red.). *A potencie of life: books in society. The Clark lectures 1986–1987.* Londen: The British Library. 5–43.

Adendorff, E. 2003. Digdebute teen die millenniumwending: 'n polisistemiese ondersoek. Ongepubliseerde magisterverhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

Adendorff, E. 2006. Die Afrikaanse poësiesisteem teen die milleniumwending. Beskikbaar: http://www.inletterland.net/in_letterland/2006/10/diestandvan.html [2017, Augustus 2].

afrikaans.com. s.j. Wie is ons? Beskikbaar: https://afrikaans.com/oor-ons/wie-is-ons/ [2019, Mei 26].

Aldridge, A.O. 1996. Dialoque on Babbit and epistemology: Babbit, literary positivism, and neo-positivism. *Humanitas*, (1):65–78. Beskikbaar: http://www.nhinet.org/humsub/aldr9-1.pdf [2018, Februarie 16].

Alexander, A.S. 2016. 'n Kritiese analise van die diskoers in resensies met die debuutroman *Kamphoer* deur Francois Smith as voorbeeldteks. Ongepubliseerde magisterverhandeling. Windhoek: Universiteit van Namibië.

Amid, J. 2014. Onderhoud met Francois Smith: om *Kamphoer* te skryf. *LitNet,* 1 Oktober. Beskikbaar: http://www.litnet.co.za/Article/oderhoud-met-francois-smith-... [2018, Desember 19].

Andrade, G. s.j. René Girard (1923–2015). *Internet Encyplopedia of Philosophy. A peer-reviewed academic resource.* Beskikbaar: www.iep.utm.edu [2018, April 4].

Anglo-Boer War Museum. s.j. Beskikbaar: https://www.wmbr.org.za/ [2019, Mei 17].

Anker, J. 1989. Kringe in 'n Bos en Bonga: 'n vergelyking. *Die Unie*, September:97–99.

Anker, W. 2014. *Buys*. Kaapstad: Kwela.

Anker, W. 2015. Wat lees woordsmouse? *Rapport*, 27 Desember: 20.

Antonissen, R. 1946. *Schets van den ontwikkeling der Zuid-Afrikaansche letterkunde.* Diest: Pro Arte.

Antonissen, R. 1955. *Die Afrikaanse letterkunde van die aanvang tot hede*. Pretoria: HAUM.

Antonissen, R. 1964. *Die Afrikaanse letterkunde van die aanvang tot hede*. Pretoria: HAUM.

Aristoteles. 1902. *The poetics of Aristotle*. Derde uitgawe. Vertaal uit Grieks deur S.H. Butcher. Londen: Macmillan. Beskikbaar: https://www.stmarys-ca.edu/sites/default/files/attachments/files/Poetics.pdf [2018, September 25].

Aristoteles. 2008. *The art of rhetoric*. Vertaal uit Grieks deur W. Rhys Roberts. Chicago: Megaphone eBooks. Beskikbaar: www.wendelberger.com/downloads/Aristotle_ Rhetoric.pdf [2019, Maart 24].

arnongrunberg.com. s.j. Arnon Grunberg. About. Beskikbaar: http:// www.arnongrunberg.com/about#l11 [2017, September 6].

artslink.co.za. 2018. Dalene Matthee novel set to hit the big screen. 17 April. Beskikbaar: https://www.artlink.co.za/news_article.htm?contentID=43592 [2019, September 6].

Asimaki, A. & Koustourakis, G. 2014. Habitus: an attempt at a thorough analysis of a controversial concept in Pierre Bourdieu's theory of practice. *Social Sciences*, 3(4): 121–131. Beskikbaar: https://www.researchgate.net/publication/269096946_ Habitus_An_attempt_at_a_thorough_analysis_of_a_controversial_concept_in_Pierre_Bourdieu's_theory_of_practice/stats [2019, Maart 22].

ATKV. 1985. Die ATKV-prosaprys 1984. 20 April. (Program).

ATKV. 2014. Facebookinskrywing. 7 Januarie. Beskikbaar: https://free.facebook.com/ ATKVSA/posts/75699607663229? rdc=1& rdr [2019, Maart 11].

ATKV. 2015. Woordveertjies 2015. ATKV-Prosaprys. Kamphoer – Francois Smith (Tafelberg). Kommunikasie per e-pos, 22 Januarie 2019. Beskikbaar: joanitaerasmus@gmail.com.

ATKV. 2017a. Prys vir poësie. Fotostaatmasjien – Bibi Slippers (Tafelberg). Kommunikasie per e-pos, 12 Maart 2019. Beskikbaar: joanitaerasmus@gmail.com.

ATKV. 2017b. Taalgenoot Winter 2017. Bibi Slippers. Beskikbaar: https://www.youtube. com/watch?v=-q5qPynLmdg [2019, Mei 23].

ATKV. 2018. #heldhaftig: Super Bibi. 17 Augustus. Beskikbaar: https://www.youtube. com/watch?v=tmjMBKq9oGQ [2019, Mei 23].

ATKV. 2019. ATKV-Woordveertjies 2019. Beskikbaar: https://atkv.org.za/neem-deel/toekennings/woordveertjies/atkv-woordveertjies-2019/ [2019, September 3].

ATKV. s.j. Taalgenoot. Beskikbaar: https://atkv.org.za/ons-storie/taalgenoot/ [2019, April 12].

Attwell, D. 2012. The many voices of South Africa's past. *Mail & Guardian*, 2 Maart: s.bl. Beskikbaar: https://mg.co.za/article/2012-03-02-the-many-voices-of-south-africas - past [2018, Julie 4].

Attwell, D. & Attridge, D. 2012. *The Cambridge history of South African literature*. Cambridge: Cambridge University Press.

Aucamp, H. 1972. *Hongerblom*. Kaapstad: Tafelberg.

Aucamp, H. 1980. *Papawerwyn en ander verbeeldings vir die verhoog*. Kaapstad: Tafelberg.

Aucamp, H. 1982. Die Judasbok is gehaltevermaak. *Die Transvaler*, 15 November: 9.

Austin, J.L. 1962. *How to do things with words.* Oxford: Clarendon Press.

Azar-Luxton, G. 2005. Dalene Matthee die skrywer: bekendes bring hulde … *Kaapse Bibl.*, Maart/April: 19–21. Beskikbaar: https://www.westerncape.gov.za/text/2005/6/mar_apr05_19-21.pdf [2019, Maart 27].

Babbie, E. 2007. *The practice of social research*. Belmont: Thomson Wadsworth.

Badenhorst, A. 2017. Bibi Slippers, Taalgenoot. Beskikbaar: http://andrebadenhorst.com/bibislippers/ [2019, Maart 16].

Baert, P. & Booth, J. 2012. Tensions within the public intellectual: political interventions from Dreyfus to the new social media. *International Journal of Politics, Culture, and Society*, 25(4), Desember: 111–126.

Balzac, H. 2013 (oorspronklik 1830). *Sarrasine*. Kalifornië: CreateSpace Independent Publishing Platform.

Barker, P. 1991. *Regeneration trilogy*. New York: Plume.

Barnard, R. 1998. Kanoniseringsprosesse in die Afrikaanse literatuursisteem: die rol van N.P. van Wyk Louw. Ongepubliseerde doktorale proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

Barnard-Naudé, J. 2016. LitNet Akademies-resensie-essay: In die spieël met Bibi – *Fotostaatmasjien* (2016) deur Bibi Slippers. *LitNet*, Resensies, 16 November. Beskikbaar: https://www.litnet.co.za/litnet-akademies-resensie-essay-die-spieel-met-bibi-fotostaatmasjien-2016-deur-bibi-slippers/ [2019, Maart 4].

Barry, A. & Jansen, E. 2016. *Ons Japie: die Boereoorlogdagboek van Anna Barry.* Pretoria: Protea.

Barthes, R. 1977 (oorspronklik 1968). *Image, music, text*. Vertaal uit Frans deur S. Heath. Londen: Fontana Press.

Bassnett, S. 1992. General editor's preface. In A. Lefevere. *Translation, rewriting, and the manipulation of literary fame.* Londen, New York: Routledge. vii–viii.

Bassnett, S. & Lefevere, A. (reds.). 2003 (oorspronklik 1992). *Translation/history/culture: a sourcebook*. Taylor & Francis e-Library.

baxter.co.za. s.j. Kamphoer. Beskikbaar: http://www.baxter.co.za/shows/kamphoer/ [2019, September 7].

Beauvais, P.J. 1993. Postmodernism and the ideology of form: the narrative logic of Joan Didion's *Democracy. The Journal of Narrative Technique,* 23(1):16–30. Beskikbaar: https://www.jstor.org/stable/30225373 [2016, Maart 17].

Beeld. 1985. Kringe in slapband. 8 Julie: 8.

Beeld. 1993. Griet steeds van krag tot krag. 22 April: 4.

Beeld. 2012. Die verstand, die geheue en veral die verbeelding. 25 Februarie: 4.

Beeld. 2017. Ons spring weer in die bed met Bibi. 8 April: 29.

Beeld. 2019. Kortlyste bekend vir Media24 se boekpryse. 14 Mei: s.bl. Beskikbaar: https://www.pressreader.com/south-africa/beeld/20190514/281818580278245 [2019, September 6].

Bekker, P. 1970. *Die titel in poësie.* Kaapstad: Tafelberg.

Bellingan, M. 2017. So baie stories, so min tyd. *Vrouekeur*, 20 Januarie: 10.

Benjamin, W. 2004 (oorspronklik 2000). The task of the translator. In L. Venuti (red.). *The translation studies reader*. Londen, New York: Routledge. Taylor & Francis e-Library. 15–25.

Bennet, J.A. & Boshoff, C. 1992. Kan die militêre strateeg baat vind by bemarking? *Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies*, 2(2):38–48.

Bennet, M. & Teague, D.W. 1999. *The nature of cities: ecocriticism and urban environments.* Tucson: The University of Arizona Press.

Benson, E. & Conolly, L.W. *Encyclopedia of post-colonial literatures in English.* New York: Routledge.

Berensmeyer, I. s.j. The production of the author on the edges of (modern?) communication. Beskikbaar: http:www.gradnet.de/papers/pomo2.papers/berensen 00.htm [2019, Junie 16].

Besselaar, G. 1914. *Zuid-Afrika in de letterkunde*. Amsterdam: J.H. de Bussy.

Bettelheim, B. 1976. *The uses of enchantment*. New York: Knopf.

Beukes, G.J. & Lategan, F.V. 1952. *Skrywers en rigtings*. Pretoria: J.L. van Schaik.

Beukes, M. & Gouws, T. 1999. Ginogenese as diskoers van mag: gestaltegewing van die Nuwe Vrou in *Griet skryf 'n sprokie* (Marita van der Vyver). *Tydskrif vir Letterkunde*, 37(1), Februarie:85-94.

Bezuidenhout, L. 2017. Bibi Slippers 'n fotostaat vol foute en gemaklik daarmee'. *Maroela Media*, 19 Augustus. Beskikbaar: https://maroelamedia.co.za/afrikaans/ boeke/bibi-slippers-n-fotostaat-vol-foute-en-gemaklik-daarmee/ [2019, Februarie 19].

Bhat, A.A. 2014. A critical note on New Historicism. *Galaxy: International Multidisciplinary Research Journal*, III(III), Mei:12–18. Beskikbaar: www.galaxyimrj.com [2018, Maart 6].

Biberauer, T. 2010. Impossible changes and impossible borrowings: the final-over-final constraint. In A. Breitbarth, C. Lucas, S. Watts & D. Willis (reds.). *Continuity and change in grammar.* Amsterdam, Philadelphia: John Benjamins Publishing Company. 35–60.

bibislippers.com. s.j. In die bed met Bibi. [2019, Junie 1].

Bibi Slippers (@bibi_slippers). 2019. https://www.instagram.com/bibi_slippers/?hl=af [2019, Julie 11].

Birkan-Baydan, E. 2015. The factor of author's reputation in retranslations: Edgar Allan Poe on the Turkish literary scene. *TranscUlturAl*, 7(1):148–165. Beskikbaar: http://ejournals.library.ualberta.ca/index.php/TC [2018, Mei 24].

Biznews, s.j. Marika Sboros. Beskikbaar: https://www.biznews.com/author/msboros [2019, Mei 11].

Black, M. s.j. Die skrywer as argeoloog. LitNet*.* Die mond is nie geheim nie. Beskikbaar: http://www.oulitnet.co.za/mond/matthee.asp [2018, September 4].

